

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Geakkrediteer/Accredited ISSN 0041-4751

Geakkrediteer/Accredited EISSN 2224-7912

LW Hiemstra Trust

Die publikasie van hierdie tydskrif word moontlik gemaak deur 'n ruim subsidie van die L.W. Hiemstra Trust – Opgerig deur Rikie Hiemstra ter herinnering aan

Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra

The publication of this journal is made possible by a substantial subsidy from the L.W. Hiemstra Trust – established by Rikie Hiemstra in memory of

Ludwig Wybren (Louis) Hiemstra



3

Uitgewer/Publisher

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

The South African Academy for Science and Arts

Engelenburghuis/house, Ziervogelstr 574

Privaat sak/Private bag X11

Sunnyside 0132

Suid-Afrika/South Africa

September 2026

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

HOOFREDAKTEUR / EDITOR-IN-CHIEF:

HJ (Nerina) Bosman – Afrikaanse taalkunde/Afrikaans Linguistics (Universiteit van Pretoria, Pretoria)/(University of Pretoria, Pretoria)

REDAKSIEKOMITEE / EDITORIAL COMMITTEE

DP (Danie) Goosen – Godsdienwetenskap/Religious Studies (Akademia, Pretoria)

EPJ (Ewert) Kleynhans – Ekonomie/Economics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

EF (Ernst) Kotzé – Toegepaste Linguistiek/Applied Linguistics (Nelson Mandela Universiteit, Gqeberha)/(Nelson Mandela University, Gqeberha)

G (Grietjie) Verhoef – Geskiedenis/History (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL

W (Willie) Burger – Afrikaanse Letterkunde/Afrikaans Literature (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)
WAM (Wannie) Carstens – Taalkunde/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

JS (Jaco) Dreyer – Praktiese Teologie/Practical Theology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

LK (Lambert) Engelbrecht – Maatskaplike Werk/Social Work (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

ME (Eduard) Fourie – Sielkunde/Psychology (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

PJ (Pieter) Fourie – Kommunikasiewetenskap/Communication Science (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

IJ (Izak) Grové – Musiekwetenskap/Musicology (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

JJ (Koos) Malan – Publiekreg/Public Law (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

Susan Meyer – Afrikaans, Opvoedingswetenskappe/Afrikaans, Education Sciences (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

FJ (Ferdinand) Potgieter – Filosofie van die Opvoedkunde/Philosophy of Education (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

F (Fransjohan) Pretorius – Geskiedenis; Erfenisstudies/History; Heritage Studies (Universiteit van Pretoria)/(University of Pretoria)

JC (Jean) Sonnekus – Privaatreg/Private Law (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

DFM (Danie) Strauss – Filosofie/Philosophy (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JW (Johan) Strydom – Sakebestuur/Business Management (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

HP (Hennie) van Coller – Letterkunde/Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

JP (Cilliers) van den Berg – Duits; Algemene Literatuurwetenskap/German; Theory of Literature (Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein)/(University of the Free State, Bloemfontein)

GB (Gerhard) van Huyssteen – Taalwetenskap/Linguistics (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University, Potchefstroom)

LJ (Louis) van Niekerk – Onderwysersopleiding/Teacher Education (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

RC (Ina) Wolfaardt-Gräbe – Algemene Literatuurwetenskap/Theory of Literature (Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria)/(University of South Africa, Pretoria)

L (Louise) Viljoen – Afrikaanse Letterkunde; Algemene Literatuurwetenskap/Afrikaans Literature/Theory of Literature (Universiteit Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

AJ (Albert) Venter – Politieke Wetenskap/Political Science (Universiteit van Johannesburg)/(University of Johannesburg)

REDAKSIE – NASIONAAL / EDITORIAL BOARD – NATIONAL (vervolg)

Y (Yusef) Waghid – Opvoedkundige Beleidstudies; Filosofie van Opvoedkunde; Demokratiese Burgerskapsonderwys/
Educational Policy Studies; Philosophy of Education; Democratic Citizenship Education (Universiteit
Stellenbosch)/(University of Stellenbosch)

MP (Marié) Wissing – Psigologie/Psychology (Noordwes-Universiteit, Potchefstroom)/(North West University,
Potchefstroom)

REDAKSIE – INTERNASIONAAL / EDITORIAL BOARD – INTERNATIONAL

Jaap Goedegebuure – Letterkunde/Literature (Leiden Universiteit, Nederland)/(Leiden University, The Netherlands)

Paul T Roberge – Taalkunde/Linguistics (University of North Carolina, Chapel Hill, USA)

WL (Willie) van der Merwe – Godsdienfilosofie en -wetenskap/Philosophy of Religion and Religious Studies (Vrije
Universiteit, Amsterdam, Nederland)/(Free University, Amsterdam, The Netherlands)

Paul van Tongeren – Filosofie/Philosophy (Radboud Universiteit, Nijmegen, Nederland)/(Radboud University,
Nijmegen, The Netherlands)

Georgi Verbeeck – Historiografie/History (Universiteit van Maastricht en Katholieke Universiteit Leuven, België)/
(University of Maastricht and Catholic University of Leuven, Belgium)

Ex officio: Annelise de Vries – Hoof- Uitvoerende Beampte/Chief Executive Officer

Tydskrif vir Geesteswetenskappe, gepubliseer deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, verskyn kwartaalliks in Maart, Junie, September en Desember.

Journal of Humanities by the South African Academy for Science and Arts is published quarterly in March, June, September and December.

Outeurs word versoek om die voorskrifte agter in die tydskrif noukeurig te volg.

Authors are requested to adhere to the guidelines as published in the back of the journal.

Menings deur outeurs is nie noodwendig ook die standpunt van die uitgewer nie.

Opinions expressed in the journal are not necessarily upheld by the publisher.

Rig korrespondensie aan/Correspondence to:

Die Publikasiebeampte/The Publications Officer

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns

Privaat sak/Private bag X11, Sunnyside 0132, Suid-Afrika/South Africa

E-pos: tgw@akademie.co.za

Webwerf: <http://www.tgwsak.co.za>

Tel: 0861 333 786

TYDSKRIF VIR GEESTESWETENSKAPPE

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen

Zeitschrift für die Geisteswissenschaften

Journal of Humanities

Jaargang 66 Nommer 3, September 2026 / Volume 66 Number 3, September 2026

Inhoudsopgawe

UIT DIE REDAKTEURSKANTOOR

Kunsmatige Intelligensie 363

NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (1)

Kunsmatige Intelligensie

TOBIE VAN DYK EN ANNÉ VERHOEF

Woord vooraf: Die transformasie van menswees deur kunsmatige intelligensie in die onderwys en die gemeenskap..... 365

AVASHA RAMBIRITCH EN TOBIE VAN DYK

Tussen stem en algoritme: 'n rubriek vir onderskeiding tussen student- en GenKI-geskrewe tekste / *Between voice and algorithm: a rubric for distinguishing between texts written by students and texts generated by AI* 369

PIETER DUVENAGE

Bewussyn in die era van sy tegnologiese reproduseerbaarheid: KI, hermeneutiek en bewegende denke / *Consciousness in the Age of Its Technological Reproducibility: AI, hermeneutics and moving thinking* 393

BERT OLIVIER

Kunsmatige Intelligensie (KI), menslikheid, estetiese opvoeding en werklikheid / *Artificial Intelligence (AI), being-human, aesthetic education and reality* 411

DJ CLOETE EN KRIS VAN DE POEL

Die Skryflusmodel: Die ontwerp van 'n pedagogiese benadering vir die integrasie van kunsmatige intelligensie-geletterdheid in die hoër onderwys / *The Writing Loop Model: The design of a pedagogical approach to integrate artificial intelligence literacy in higher education* 435

LIEZL VAN DYK

Die brug oor die kloof: Institusionele strategieë vir die aanvaarding van GenKI in hoër onderwys / *Crossing the chasm: Institutional strategies for bridging the gap in generative AI adoption in higher education* 458

KRISTY CLAASSEN

Kunsmatige intelligensie en die ontwrigting van menswees: 'n Postfenomenologiese ontleding / *Artificial intelligence and the disruption of being human: A postphenomenological analysis* 478

NAVORSINGS- EN OORSIGARTIKELS / RESEARCH AND REVIEW ARTICLES (2)

WINFRIED LÜDEMANN

Gideon Fagan (1904–1980) as liedkomponis / *Gideon Fagan (1904–1980) as song compose* 496

TERRENCE R CARNEY

Kaaps as verkragting van Standaardafrikaans: 'n Ondersoek na leserreaksie as kruiskulturele pragmatiese mislukking / *Kaaps as violation of Standard Afrikaans: A consideration of reader response as crosscultural pragmatic failure* 527

ANGELIQUE VAN NIEKERK

'n Kulturele en psigolinguistiese perspektief op wêreldbeskouing aan die hand van advertensies (in Afrikaanse media) sedert 1916 / *A cultural and psycholinguistic perspective on worldview based on advertising communication (Afrikaans media) since 1916* 543

JOHANITA KIRSTEN

'Een trerag benotheid' – Spellingvariasie in persoonlike dokumente uit die Anglo-Boere-oorlog / *'een trerag benotheid' – Spelling variation in personal documents from the Anglo Boer War* 584

GEORGE F. DE BRUIN EN ELEANOR CORNELIUS

Goed, sleg of bloot onbruikbaar? Suid-Afrikaanse medisyneverbruikers se medisynebros-jureleesgedrag in sowel die openbare as privaat gesondheid-subsektor – 'n verkennende studie / *Good, bad or simply unusable? South African PIL-user behaviour in the public and private health subsectors – an explorative study* 601

TAAL EN TONGVAL

SUSAN COETZEE-VAN ROOY

'Susans Nederlands' (SN): Handige ongestandaardiseerde taal 624

INLIGTINGSTUK

GERRIT SCHUTTE

Dietlof S. van Warmelo en zijn studie theologie / *The study of theology by Dietlof S. van Warmelo* 629

VOORSKRIFTE / GUIDELINES 639

Uit die redakteurskantoor

In hierdie uitgawe vind u navorsingsartikels, maar ook artikels wat Kunsmatige Intelligensie (KI) vanuit 'n spesifieke invalshoek bekyk.

Dit lyk asof KI gekom het om te bly en in die nabye toekoms sal ons artikels wat dié tema verder belig weer eens verwelkom.

NERINA BOSMAN

E-posadres: tgw@akademie.co.za

Navorsings- en oorsigartikels / Research and review articles (1): Kunsmatige Intelligensie

Woord vooraf

Die transformasie van menswees deur kunsmatige intelligensie in die onderwys en die gemeenskap

Kunsmatige intelligensie as transformerende krag

Kunsmatige intelligensie (KI) het binne 'n betreklik kort tyd een van die bepalende intellektuele en kulturele ontwikkelings van die een-en-twintigste eeu geword. Die opkoms van toenemend gesofistikeerde generatiewe KI-stelsels het die maniere waarop kennis voortgebring, gekommunikeer en geïnterpreteer word, ingrypend verander. Dit het ook aanleiding gegee tot omvangryke filosofiese besinning oor onder meer etiek, bestuur, kreatiwiteit, onderwys, outonomie en die toekoms van werk (Bostrom, 2014; Floridi, 2014; Coeckelbergh, 2020; Vallor, 2016, 2024).

Hoewel hierdie debatte 'n beduidende bydrae tot die ontwikkeling van hedendaagse KI-etiek gelewer het, word kunsmatige intelligensie steeds hoofsaaklik beskou as 'n tegnologiese verskynsel wat etiese regulering, normatiewe begrensing en verantwoordelike bestuur vereis. Aansienlik minder aandag word egter geskenk aan 'n meer fundamentele filosofiese en opvoedkundige vraag: Hoe daag KI ons begrip uit van wat dit beteken om mens te wees, te leer en ander te onderrig? Hierdie vraag is van besondere belang vir onderrig en leer, aangesien KI nie alleen die toegang tot en voortbrenging van kennis verander nie, maar ook gevestigde opvattinge oor die rolle, verantwoordelikhede en handelingsvermoë van dosente en studente bevraagteken.

Die snelle ontwikkeling van generatiewe KI verleen nuwe dringendheid aan hierdie vraag. Hedendaagse KI-stelsels kan filosofiese argumente formuleer, komplekse tekste opsom, etiese dilemmas ontleed, samehangende essays skryf en oor uitgebreide tydperke met gebruikers in gesprek tree. Of hierdie stelsels werklik verstaan, bly 'n belangrike filosofiese vraag. Vir hierdie temanommer is dit egter veral betekenisvol dat KI toenemend toetree tot interpretatiewe en opvoedkundige ruimtes wat voorheen as uitsluitlik menslik beskou is. Aktiwiteite soos beredenering, skryf, interpretasie, terugvoering en dialogiese leer word nou deur KI bemiddel en, ten minste op funksionele vlak, nageboots. Die sentrale vraag is derhalwe nie of masjiene persone geword het nie, maar in watter mate KI reeds ons menswees én ons opvattinge oor kennis, onderrig en leer beïnvloed, en dit trouens in die toekoms verder sal transformeer.

Hierdie transformasie sluit aan by Pascal Chabot se argument dat digitale tegnologieë nie bloot die verspreiding en sirkulasie van inligting verander nie, maar ook die voorwaardes waaronder mense betekenis, oriëntasie en doel ervaar (Chabot, 2024). KI behoort gevolglik nie uitsluitlik as 'n tegnologiese innovasie verstaan te word nie, maar ook as 'n hermeneutiese verskynsel wat die maniere waarop mense hulself, ander en die wêreld interpreteer, ingrypend hervorm. Hierdie verskuiwing is besonder relevant vir onderrig en leer, waar KI toenemend beïnvloed hoe kennis verkry, beoordeel, geïnterpreteer en voortgebring word. Dit raak dus nie alleen wat studente leer en hoe dosente onderrig nie, maar ook die interpretatiewe raamwerke waardeur hulle betekenis aan kennis, leer, menslike ontwikkeling en hul plek in die wêreld gee.

Die antropologiese én opvoedkundige implikasies van kunsmatige intelligensie kan verstaan word aan die hand van wat Chabot (2024:12) as die “vierde skok” beskryf en waarna Jackelén (2025:977) as die “vierde narsistiese belediging of wond” verwys. Hierdie gedagte veronderstel nie ’n deterministiese geskiedsfilosofie nie, maar dui eerder op ’n herhalende patroon in die intellektuele geskiedenis: Ontwikkelings in wetenskaplike kennis dwing die mensdom telkens om gevestigde aannames oor sy eie uniekheid te heroorweeg. In die onderwys noodsaak KI eweneens ’n herbesinning oor die betekenis van kennis, intelligensie, leer, outeurskap en menslike handelingsvermoë, asook oor die onderskeie rolle van dosente en studente in die onderrig-en-leerproses.

Copernicus het die mensdom uit die fisiese middelpunt van die kosmos verplaas. Darwin het die aanname bevraagteken dat mense tot ’n afsonderlike biologiese orde behoort. Freud het op sy beurt die deursigtigheid van rasionele selfbewussyn geïnterproblematiseer deur op die vormende rol van onbewuste prosesse te wys. Elkeen van hierdie drie “skokke” het die filosofie genoop om langdurig gevestigde opvattinge oor die menslike persoon te hersien. Dit het ook verreikende implikasies vir die onderwys gehad, aangesien veranderende opvattinge oor menswees noodwendig beïnvloed hoe leer, ontwikkeling, kennis en opvoeding verstaan word.

Kunsmatige intelligensie stel ’n vergelykbare vierde uitdaging, hoewel van ’n fundamenteel ander aard. In plaas daarvan om die mensdom se plek in die natuur of die struktuur van bewussyn te bevraagteken, daag KI een van die mees volgehoue aannames binne die Westerse filosofiese antropologie uit, naamlik dat rasionele intelligensie die bepalende kenmerk van menswees is. Binne onderrig en leer word hierdie uitdaging besonder sigbaar wanneer KI-stelsels take verrig wat tradisioneel met menslike denke, begrip en kennisvorming verbind is. Dit noodsaak ’n herbesinning oor die aard en doel van leer, die betekenis van intellektuele ontwikkeling en die besondere bydrae wat menslike oordeel, ervaring en verantwoordelikheid tot die opvoedkundige proses lewer.

Sedert Aristoteles dien rasionaliteit dikwels as die vernaamste maatstaf waardeur mense van ander vorme van lewe onderskei word. Die Verligtingsfilosofie het hierdie uitgangspunt verder versterk deur rede met outonomie, morele verantwoordelikheid en intellektuele selfbestuur te verbind. Hoewel die twintigste-eeuse filosofie toenemend kritiek op suiwer rasionalistiese beskouings van die self gelever het, het intelligensie sentraal gebly in talle opvattinge oor die uniekheid van die mens. Hierdie nalatenskap is ook in die onderwys sigbaar, waar die ontwikkeling en beoordeling van kognitiewe vermoëns dikwels voorrang geniet. Die opkoms van KI noop die onderwys egter om opnuut te vra watter menslike vermoëns deur onderrig en leer ontwikkel behoort te word, en hoe kritiese denke, kreatiwiteit, etiese oordeel, menslike verhoudings en verantwoordelike handelingsvermoë binne ’n toenemend tegnologies-gedrewe leeromgewing bevorder kan word.

Generatiewe KI kompliseer hierdie intellektuele erfenis. Hedendaagse KI-stelsels verrig toenemend take wat met beredenering, interpretasie, vertaling en kreatiewe produksie verbind word. Aktiwiteite wat voorheen as kenmerkend of selfs uniek menslik beskou is, blyk dus in ’n toenemende mate tegnologies reproduseerbaar te wees. Die “vierde skok” handel derhalwe nóg oor masjienbewussyn nóg oor die moontlike oorbodigheid van die mens. Dit vestig eerder die aandag op die ontoereikendheid daarvan om menslike onderskeiding hoofsaaklik aan die hand van intelligensie en intellektuele prestasie te definieer.

Hierdie uitdaging is besonder relevant vir onderrig en leer, waar die verwerwing, toepassing en beoordeling van kennis tradisioneel sterk met individuele intellektuele vermoë verbind word. Indien KI-stelsels tekste kan skryf, probleme kan oplos, argumente kan formuleer en inligting kan interpreteer, kan opvoedkundige prestasie nie meer uitsluitlik aan die eindproduk

gemeet word nie. Groter aandag moet daarom geskenk word aan die leerproses, kritiese en onafhanklike denke, kreatiwiteit, etiese oordeel, samewerking en verantwoordelike handelingsvermoë. Die opkoms van generatiewe KI noodsaak dus nie net nuwe onderrig- en assesseringspraktyke nie, maar ook 'n fundamentele herbesinning oor die doel van onderwys en die menslike vorming wat dit behoort te bevorder.

Doel en fokus van die temanommer

KI ontwikkel teen 'n merkwaardige tempo en hervorm die maniere waarop mense leer, werk, kennis voortbring en innoveer. Tog bestaan daar steeds 'n beduidende leemte in die wetenskaplike begrip van hoe KI ons menswees reeds verander en in die toekoms verder kan transformeer. Hierdie temanommer beklemtoon daarom die behoefte aan empiriese, konseptuele en toegepaste navorsing wat ons begrip van hierdie transformasie kan verdiep.

Die fokus val nie primêr op die reeds uitvoerig besproekte vraagstukke rondom KI-etiek, akademiese integriteit en plagiaat nie. Die bydraes ondersoek eerder hoe kunsmatige intelligensie ons begrip en ervaring van menswees beïnvloed en transformeer, veral binne die onderwys en die gemeenskap. Die ses navorsingsartikels benader hierdie sentrale tema vanuit uiteenlopende, maar aanvullende perspektiewe.

Bert Olivier ondersoek die verhouding tussen KI, menslikheid, estetiese opvoeding en ons ervaring van die werklikheid in “Kunsmatige intelligensie (KI), menslikheid, estetiese opvoeding en werklikheid”.

Avasha Rambiritch en Tobie van Dyk fokus in “Tussen stem en algoritme: 'n rubriek vir onderskeiding tussen student- en GenKI-geskrewe tekste” op die onderskeid tussen tekste wat deur studente en dié wat met behulp van generatiewe KI voortgebring is en hoe studente ondersteun kan word in 'n kontinu-veranderende skryfomgewing.

Pieter Duvenage ondersoek die vraag na menslike bewussyn in “Bewussyn in die era van sy tegnologiese reproduseerbaarheid: KI, hermeneutiek en bewegende denke”.

Detlef Cloete en Kris van de Poel behandel die verhouding tussen akademiese geletterdheid, KI-geletterdheid en menslike handelingsvermoë in “Akademiese en kunsmatige intelligensie-geletterdheid: menslike agentskap en die Skryfmodel”.

Liezl van Dyk fokus in “Die brug oor die kloof: institusionele strategieë vir GenKI-aanvaarding in hoër onderwys” op institusionele strategieë om die aanvaarding en verantwoordelike benutting van generatiewe KI in die hoëronderrig te bevorder.

Kristy Claassen ondersoek ten slotte die ontwrigtende invloed van KI op menswees in “Kunsmatige intelligensie en die ontwrigting van menswees: 'n postfenomenologiese ontleding”.

Ons vertrou dat hierdie temanommer 'n betekenisvolle bydrae sal lewer tot die voortgaande besinning oor menswees in 'n era waarin kunsmatige intelligensie toenemend met die mens se daaglikse bestaan verweef is. Namate KI gevestigde opvattinge oor intelligensie, kennis, kreatiwiteit, handelingsvermoë en identiteit uitdaag, word kritiese nadenke oor wat dit beteken om mens te wees nie bloot wenslik nie, maar noodsaaklik.

Hierdie nadenke is besonder belangrik vir onderrig en leer. KI beïnvloed reeds die manier waarop kennis verkry, voortgebring, geïnterpreteer en beoordeel word, asook hoe die rolle van dosente en studente verstaan word. Die onderwys moet daarom nie alleen op tegnologiese aanpassing gerig wees nie, maar ook op die vorming van krities denkende, kreatiewe, eties verantwoordelike en selfstandige mense. Die uitdaging is uiteindelik nie bloot om te bepaal hoe KI doeltreffend in die onderwys aangewend kan word nie, maar ook hoe onderrig en leer

in 'n KI-gedrewe wêreld steeds betekenisvol tot menslike ontwikkeling en verantwoordelike deelname aan die gemeenskap kan bydra.

BIBLIOGRAFIE

- Bostrom, N. 2014. *Superintelligence: paths, dangers, strategies*. Oxford: Oxford University Press.
- Chabot, P. 2024. *Un sens à la vie: Enquête philosophique sur l'essentiel*. Paris: Presses Universitaires de France.
- Coeckelbergh, M. 2020. *AI ethics*. Cambridge, MA: MIT Press.
- Floridi, L. 2014. *The fourth revolution: how the infosphere is reshaping human reality*. Oxford: Oxford University Press.
- Jackelén, A. 2025. "Boyle lecture 2025. Science, technology, theology, and spirituality: a necessary partnership?" *Zygon: Journal of Religion and Science* 60(3):972-86. <https://doi.org/10.16995/zygon.23415>
- Vallor, S. 2016. *Technology and the virtues: a philosophical guide to a future worth wanting*. Oxford: Oxford University Press.
- Vallor, S. 2024. *The AI mirror: how to reclaim our humanity in an age of machine thinking*. New York: Oxford University Press.

GASREDAKTEURS:

PROF. TOBIE VAN DYK

Noordwes-Universiteit en SADiLaR

PROF. ANNÉ VERHOEF

Noordwes-Universiteit KI-Hub-direkteur

Tussen stem en algoritme: 'n rubriek vir onderskeiding tussen student- en GenKI-geskrewe tekste

Between voice and algorithm: A rubric for distinguishing between texts written by students and texts generated by AI

AVASHA RAMBIRITCH

Eenheid vir Akademiese Geletterdheid
Fakulteit Geesteswetenskappe
Universiteit van Pretoria, Suid-Afrika
E-pos: avasha.rambiritch@up.ac.za
ORCID: <https://orcid.org/0000-0002-6182-0905>



Avasha
Rambiritch



Tobie van Dyk

TOBIE VAN DYK*

South African Centre for Digital Language
Resources (SADiLaR)
Skool vir Tale, Fakulteit Geesteswetenskappe
Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)
Suid-Afrika
E-pos: tobie.vandyk@nwu.ac.za
SCOPUS ID: 57193909839
ORCID: <https://orcid.org/0000-0002-0303-5669>

PROF. AVASHA RAMBIRITCH is 'n medeprofessor in toegepaste taalkunde in die Eenheid vir Akademiese Geletterdheid, Fakulteit Geesteswetenskappe, Universiteit van Pretoria. In haar doseerwerk fokus sy op akademiese geletterdheidsontwikkeling, akademiese skryfwerk en die toegepaste taalkunde. Sy is ook die koördineerder van die Geesteswetenskappe-skryfsentrum. Sy beskik oor 'n PhD in toegepaste taalkunde, met spesialisering in Taalpraktyk. Haar navorsingsbelangstellings sluit taaltoetsing, akademiese skryfwerk, skryfsentra en sosiale geregtigheid in. Sy het 'n sleutelrol gespeel in die bevordering van die skryfsentrumagenda in Suid-Afrika, met besondere klem op die ontwikkeling van 'n

PROF. AVASHA RAMBIRITCH is an Associate Professor in Applied Linguistics in the Unit for Academic Literacy within the Faculty of Humanities at the University of Pretoria. Her teaching focuses on academic literacy development, academic writing, and applied linguistics. She also serves as Coordinator of the Humanities Writing Centre. She holds a PhD in Applied Linguistics, specialising in Language Practice. Her research interests include language assessment, academic writing, writing centres, and social justice. She has played a leading role in advancing the writing centre agenda in South Africa, with a particular emphasis on developing a contextually relevant body of scholarship to

* Hoewel prof. Van Dyk een van die gasredakteurs van hierdie spesifieke nommer was, kan dit bevestig word dat hierdie artikel en die keuring daarvan volledig deur die hoofredakteur (prof. Bosman) en die ander gasredakteur (prof. Verhoef) hanteer is.

Datums:

Ontvang: 2026-06-01

Goedgekeur: 2026-07-13

Gepubliseer: September 2026

<p>konteksspesifieke navorsingskorpus waarop skryfsentrumpraktisyns kan steun. Hierdie navorsing het aanleiding gegee tot nasionale en internasionale samewerking, hoof- en gaslesings, boekpublikasies en betekenisvolle befondsing. 'n Boek oor Suid-Afrikaanse skryfsentrums, waarvan prof. Rambiritch die mederedakteur is, en slegs die derde publikasie van sy soort in die land is, is deur ESI Press genomineer vir die <i>Humanities and Social Sciences Award</i> in 2024. Sy dien ook as direkteur van ICELDA, die <i>Inter-institutional Centre for Language Development and Assessment</i>, 'n vennootskap tussen vier meertalige Suid-Afrikaanse universiteite. Sy is ook 'n genoot van NExLA, die <i>Network of Expertise in Language Testing</i>, 'n uitvoerende-komiteelid van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Taalonderrig; en medestigter van die <i>South African Association of Academic Literacy Practitioners</i>. Daarbenewens dien sy op die redaksie van <i>SKRIB: Critical Studies in Writing Programs and Pedagogy</i> en is sy assistentredakteur van die <i>Journal for Language Teaching</i>.</p>	<p>inform writing centre practice. This work has resulted in extensive national and international collaborations, keynote and invited presentations, book publications, and significant research funding. A volume on South African writing centres, of which prof. Rambiritch is co-editor and which is only the third publication of its kind in the country, was nominated by ESI Press for the Humanities and Social Sciences Award in 2024. She also serves as Director of ICELDA (the Inter-institutional Centre for Language Development and Assessment), a partnership between four multilingual South African universities. In addition, she is a fellow of NExLA (the Network of Expertise in Language Assessment), an Executive Committee member of the South African Association for Language Teaching (SAALT), and a co-founder of the South African Association of Academic Literacy Practitioners (SAAALP). She also serves on the editorial board of <i>SKRIB: Critical Studies in Writing Programs and Pedagogy</i> and is Assistant Editor of the <i>Journal for Language Teaching</i>.</p>
<p>PROF. TOBIE VAN DYK is verbonde aan die <i>South African Centre for Digital Language Resources</i> (SADiLaR) en die Noordwes-Universiteit (NWU). Hy is 'n toegepaste taalkundige wat spesialiseer in taal vir spesifieke doeleindes, in die besonder taal vir akademiese doeleindes, akademiesegeletterdheidsontwikkeling, taalassessering, en die rol van taal in toegang, sukses en insluiting in hoër onderwys. As 'n NRF-gegradeerde wetenskaplike is sy akademiese werk gegrond in die praktiese toepassing van toegepaste taalkundeteorie binne opvoedkundige en institutionele kontekste. Sy navorsing en professionele betrokkenheid fokus op meganismes wat akademiese taalvermoë bevorder, en meer onlangs ook op die bevordering van veeltaligheid, veral in hoër onderwys, deur beleidsgedrewe praktyk, kapasiteitsontwikkeling en die skep en implementering van meertalige hulpbronne. Deur sy werk by SADiLaR en die NWU dra hy by tot die bevordering van billike, volhoubare en betekenisvolle veeltalige praktyke in die Suid-Afrikaanse onderwyskonteks en ook die breër samelewing. Prof. Van Dyk het ook onlangs 'n tweede PhD aan die Universiteit Antwerpen in België voltooi waarin hy 'n meta-raamwerk vir meertalighedsontwikkeling in die Suid-Afrikaanse universiteitskonteks ontwerp het.</p>	<p>PROF. TOBIE VAN DYK is affiliated with the South African Centre for Digital Language Resources (SADiLaR) and North-West University (NWU). He is an applied linguist specialising in language for specific purposes, with particular expertise in language for academic purposes, academic literacy development, language assessment, and the role of language in promoting access, success, and inclusion in higher education. As an NRF-rated researcher, his academic work is grounded in the practical application of applied linguistic theory within educational and institutional contexts. His research and professional engagement focus on developing mechanisms that strengthen students' academic language proficiency and, more recently, on advancing multilingualism in higher education through policy-informed practice, capacity development, and the design, development, and implementation of multilingual language resources. Through his work at SADiLaR and the NWU, prof. Van Dyk contributes to the advancement of equitable, sustainable, and meaningful multilingual practices within the South African higher education sector and the broader society. Prof. Van Dyk recently completed a second PhD at the University of Antwerp in Belgium, where he developed a meta-framework for multilingual transformation in the South African higher education context.</p>

ABSTRACT

Between voice and algorithm: A rubric for distinguishing between texts written by students and texts generated by AI

The rapid rise of Generative Artificial Intelligence (GenAI) has fundamentally altered the landscape of higher education, particularly in relation to student writing and academic literacy development. While GenAI tools can support brainstorming, planning, editing, and language refinement when used ethically, their misuse presents significant challenges for teaching, learning, and assessment. Concerns associated with unethical AI use include overdependence on technology, diminished student voice and originality, weak critical engagement, plagiarism, factual inaccuracies, and the erosion of key academic writing abilities. These concerns are amplified in contexts where institutional policies regarding AI use remain underdeveloped and where existing AI-detection technologies are unreliable. Against this backdrop, this article explores the possibility of designing a rubric that may assist academic writing specialists and writing centre practitioners in differentiating between student-written and AI-generated academic texts.

The study emerges from a practical challenge encountered in a first-year academic literacy module for Information Technology students at a South African university. Students in this module are required to complete a 1 000-word argumentative essay, supported through a process-genre approach to writing instruction that includes drafts, feedback opportunities, and writing centre consultations. Although students are explicitly discouraged from relying on AI and are provided with strict guidelines governing ethical AI use, lecturers increasingly encounter essays suspected of extensive AI generation. Existing assessment rubrics and AI-detection tools, such as Turnitin's AI detector, have proven insufficient in reliably identifying such submissions. As a result, students may receive pass marks for work that does not accurately reflect their own academic literacy development.

The research therefore aimed to: (1) interrogate relevant literature to identify writing features that may distinguish student-written from AI-generated texts; (2) design a rubric incorporating these features; (3) analyse the lexical density and variety of student essays using the online analytical tool Text Inspector; (4) refine the rubric based on this analysis; and (5) compare the effectiveness of the new rubric with an existing Turnitin-based rubric.

A substantial portion of the literature review focuses on the unreliability of AI-detection tools. Numerous studies cited in the article demonstrate that currently available AI detectors frequently misclassify both human-written and AI-generated texts, making them unsuitable as sole indicators of academic misconduct. Research evaluating tools such as Turnitin, GPTZero, Copyleaks, and ZeroGPT consistently reveal inconsistent accuracy and susceptibility to manipulation. Scholars therefore caution against overreliance on detection software and instead advocate for alternative or complementary approaches grounded in human judgement and contextual analysis.

The authors consequently turned to research exploring the linguistic and rhetorical characteristics associated with AI-generated writing. Across the reviewed studies, several recurring distinctions emerged. Human-written texts were generally associated with nuanced stance-taking, rhetorical richness, emotional depth, critical engagement with sources, authentic authorial voice, and contextual specificity. AI-generated texts, in contrast, were often characterised by overly polished grammar, rigid organisational structures, repetitive phrasing, excessive formality, fabricated citations, detached tone, and mechanical argumentation. Although researchers acknowledge that no single feature can definitively determine authorship, these patterns provided the foundation for the rubric design.

Based on these findings, the researchers developed an initial rubric consisting of higher-order and surface-level writing concerns. Higher-order criteria included the presence of stance and personal viewpoint, use of examples, engagement with sources, rhetorical richness, synthesis, and evidence of critical thinking. Surface-level concerns included structure, grammar, vocabulary, tone, sentence variety, citation practices, and the strategic use of active and passive voice. The rubric was subsequently reviewed by experienced academic literacy lecturers and refined to ensure alignment with the expectations of first-year argumentative essay writing in the South African context. Criteria deemed impractical or pedagogically irrelevant were removed to improve usability and reduce marking burden.

The study adopted a mixed-methods approach that combined qualitative rubric development with quantitative text analysis. Thirty student essays were selected from the university's Learning Management System based on Turnitin classifications identifying them as either 0% or 100% AI-generated. Ethical clearance for the study was obtained, and all identifying student information was removed. The essays were analysed using Text Inspector, a professional text-analysis platform capable of measuring readability, lexical diversity, vocabulary complexity, and meta-discourse features. Specific measures included the Flesch-Kincaid Grade Level, Type-Token Ratio (TTR), Lexical Diversity (VocD and MTL), Academic Word List usage, and meta-discourse markers such as hedging, evidential markers, and logical connectors.

The findings revealed notable differences between the two sets of texts. Essays identified as 100% AI-generated demonstrated substantially higher lexical diversity, greater use of academic vocabulary, more hedges, evidential markers, and code glosses, and higher readability scores. Contrary to expectations derived from the literature, however, student-written texts showed only slightly higher use of person and attitude markers. These findings suggested that several surface-level indicators traditionally associated with human writing may no longer reliably distinguish between human and AI authorship. Consequently, the rubric was further refined to foreground higher-order writing concerns such as stance, synthesis, argumentation, and critical thinking, while reducing emphasis on lower-order features such as grammar and lexical sophistication.

To explore the practical implications of the revised rubric, an exploratory re-marking exercise was conducted, using an independently marked essay identified as 100% AI-generated. When assessed using the original Turnitin rubric, the essay achieved a pass mark because significant marks were allocated to referencing and surface-level writing features. In contrast, the revised rubric resulted in a substantially lower mark due to weaknesses in critical reasoning, evidence, synthesis, stance development, and source engagement. The revised rubric therefore appeared more effective in foregrounding the deeper cognitive and argumentative abilities central to academic literacy development.

The study concludes that AI presents a "wicked problem" for higher education: complex, multifaceted, and resistant to simplistic solutions. While the legitimate educational value of AI tools is acknowledged, it is also the case that writing practitioners must proactively develop context-sensitive approaches to mitigate unethical AI use and preserve authentic student learning. The proposed rubric represents an exploratory attempt to support this process by shifting assessment focus away from easily automated surface-level correctness toward higher-order intellectual engagement. Furthermore, the rubric has value not only for lecturers assessing student work, but also for writing centre practitioners who support students' academic development. Ultimately, the study highlights the urgent need for context-specific research,

nuanced pedagogical responses, and assessment practices capable of adapting to the evolving realities of AI-assisted writing in higher education.

KEYWORDS: student writing; generative artificial intelligence; AI detectors; rubric design; academic literacy

TREFWOORDE: studenteskryfwerk; generatiewe kunsmatige intelligensie; GenKI-identifisering; rubriekontwerp; akademiese geletterdheid

OPSOMMING

Die opkoms van generatiewe kunsmatige intelligensie (GenKI) het ernstige implikasies vir studenteskryfwerk en vir onderrig en leer in die algemeen. Hoewel heelwat navorsing aantoon dat GenKI, indien dit eties en as deel van die skryfproses gebruik word, 'n positiewe impak op studente se akademiese skryfwerk kan hê, bestaan daar ook 'n beduidende korpus navorsing wat die nadelige gevolge daarvan beklemtoon. Hierdie nadelige gevolge behels onder meer 'n oorafhanklikheid van GenKI-instrumente, plagiaat, verlies aan stem en outensiteit, swak argumentasie, vooroordeel en gefabriseerde inhoud. In die afwesigheid van deeglike beleid, en te midde van die sogenaamde “wicked problem” wat GenKI-gebruik verteenwoordig, is dit noodsaaklik dat akademiese skryfspesialiste en skryfsentrumpraktisyns verstaan hoe om tekste te identifiseer wat óf deur studente geskryf óf deur GenKI gegenereer is. Vir skryfsentrumpraktisyns kan hierdie onderskeidingsvermoë help om meer konteksgebaseerde, eerder as generiese, oplossings te ontwerp en aan te bied vir uitdagings wat in skryfondersteuning mag ontstaan. Vir spesialiste op die gebied van akademiese skryfwerk kan dit rigting gee oor hoe om tussen studentgeskrewe en GenKI-gegenereerde tekste te onderskei sonder om noodwendig op sageware wat plagiaat aanmerk, staat te maak. Die doel van hierdie artikel is dus om 'n rubriek, of merkskema, te ontwerp wat kan help om tussen GenKI-gegenereerde en studentgeskrewe tekste te onderskei. Die artikel neem eers die relevante literatuur in oënskou ten einde kenmerke van akademiese skryfwerk te identifiseer wat sodanige onderskeid kan ondersteun. 'n Aantal kwantitatiewe aanlyn instrumente word gebruik om, onder andere, die leesbaarheid, leksikale digtheid en leksikale variasie te ontleed in studenteopstelle wat deur die genoemde sageware in die universiteit se leerbestuurstelsel (LBS) as synde óf 0% óf 100% GenKI-gegenereerd geklassifiseer is. Die literatuur, tesame met die teksanalise, word gebruik om die ontwerp en verfyning van die rubriek, of merkskema, te rig. Bevindinge uit hierdie navorsing dra by tot 'n ingeligter perspektief op die identifisering van GenKI-gegenereerde tekste, sowel as gefokusde opleiding van skryfsentrumkonsultante en akademiese skryfspesialiste.

1. Agtergrond en inleiding

Die opkoms van generatiewe kunsmatige intelligensie (GenKI) het die landskap van akademiese skryfwerk ingrypend verander. Toepassings soos ChatGPT, Claude, Gemini en soortgelyke groottaalmodelle bied studente toenemend ondersteuning met onder meer ideegenerering, teksorganiserings, taalversorging, opsomming, bronverkenning en selfs die formulering van volledige tekste of teksgedeeltes. Hierdie ontwikkeling skep belangrike moontlikhede vir leer, akademiese ondersteuning en kennisonwikkeling, maar bring terselfdertyd beduidende uitdagings mee vir assessering, akademiese integriteit en die beoordeling van studente se eie intellektuele bydraes.

Die aanvanklike reaksie van talle hoëronderrysinstellings was om GenKI-gebruik hoofsaaklik deur middel van opsporingsinstrumente te probeer identifiseer, of studente te dwing om onder gekontroleerde omstandighede teks te produseer. Navorsing wys egter toenemend daarop dat sulke instrumente beduidende beperkings het en nie as afdoende bewys van GenKI-gebruik of akademiese oneerlikheid beskou behoort te word nie. Daarbenewens word dit al hoe duideliker dat akademiese skryfwerk in die GenKI-era nie meer sinvol verstaan kan word as 'n eenvoudige onderskeid tussen “mensgeskrewe” en “GenKI-gegenereerde” tekste nie. Skryfprosesse behels dikwels komplekse wisselwerkings tussen studente, dosente, digitale hulpmiddels, institusionele verwagtinge en GenKI-tegnologieë.

Teen hierdie agtergrond ontstaan die vraag hoe opvoeders die gehalte, outensiteit en akademiese waarde van studenteskryfwerk behoort te evalueer in 'n omgewing waar GenKI toenemend deel van die skryfproses vorm. Die kernuitdaging is waarskynlik nie om GenKI-gebruik met absolute sekerheid te identifiseer nie, maar om assesseringsbenaderings te ontwikkel wat steeds kritiese denke, verantwoordelike brongebruik, argumentatiewe ontwikkeling, akademiese oordeel en betekenisvolle kennisverwerking kan bevorder en evalueer.

Die vertrekpunt van hierdie artikel is dat outentieke akademiese betrokkenheid nie noodwendig die afwesigheid van tegnologiese ondersteuning impliseer nie. Die fokus behoort eerder te val op die mate waartoe studente verantwoordelik, krities en reflektief met kennis, bronne, argumente en skryfprosesse omgaan. In hierdie verband ondersoek die artikel skryfkenmerke wat in die literatuur met akademiese skryfwerk en outentieke betrokkenheid geassosieer word, en gebruik hierdie insigte as vertrekpunt vir die ontwikkeling van 'n heuristiese beoordelingsrubriek.

Die oogmerk van die artikel is dus om 'n voorlopige beoordelingsraamwerk te ontwikkel wat opvoeders kan ondersteun in die evaluering van akademiese skryfwerk binne GenKI-gemedieerde leeromgewings. Die voorgestelde rubriek is nie bedoel as 'n GenKI-opsporingsinstrument nie en maak ook nie daarop aanspraak om GenKI-gebruik met sekerheid te identifiseer nie. Dit word eerder aangebied as 'n praktiese en konseptuele hulpmiddel vir die beoordeling van akademiese gehalte, outentieke betrokkenheid, kritiese denke, verantwoordelike bronintegrasie en gesofistikeerde argumentasie.

Die artikel poog in die besonder om (i) skryfkenmerke te identifiseer wat in die literatuur met outentieke akademiese betrokkenheid verbind word; (ii) 'n voorlopige beoordelingsrubriek op grond van hierdie kenmerke te ontwikkel; (iii) linguistiese patrone in studenteskryfwerk te ondersoek; (iv) die voorlopige rubriek empiries te verfyn; en (v) die potensiële bruikbaarheid daarvan as assesseringsinstrument te evalueer. Die fokus val uiteindelik nie op die bewys of uitsluiting van GenKI-gebruik nie, maar op die ontwikkeling van 'n beoordelingsraamwerk wat akademiese geletterdheid, kritiese denke en verantwoordelike akademiese praktyke in 'n veranderende skryfomgewing kan ondersteun.

2. GenKI-opsporingsmeganismes en die ontwikkeling van ondersteunende skryf-beoordeling

Die toenemende gebruik van GenKI in akademiese skryfwerk dwing hoëronderrysinstellings om opnuut te besin oor hoe studenteskryfwerk beoordeel én ondersteun behoort te word. GenKI-opsporingsmeganismes vorm dikwels deel van institusionele reaksies op hierdie ontwikkeling, maar die rol daarvan moet krities verstaan word. Die doel behoort nie te wees om hierdie instrumente as finale beoordelaars van akademiese integriteit te gebruik nie, maar om die moontlike waarde en beperkinge daarvan in ag te neem by die ontwikkeling van

pedagogies verantwoordbare assesseringspraktyke. In hierdie artikel word GenKI-opsporingsmeganismes dus nie bespreek met die oog daarop om GenKI-gebruik finaal te bevestig of te weerlê nie, maar om te bepaal hoe die debat oor opsporing die ontwikkeling van 'n heuristiese beoordelingsrubriek vir akademiese skryfwerk kan informeer.

So 'n kritiese oorweging is noodsaaklik omdat hierdie instrumente tans 'n beduidende invloed uitoefen op hoe dosente, studente en instellings oor akademiese skryfwerk, outeurskap en outentieke betrokkenheid dink. Indien GenKI-opsporingsmeganismes as betroubare bewyse van akademiese oneerlikheid hanteer word, kan dit tot verkeerde klassifikasie, onbillike optrede teen studente en 'n te eng begrip van akademiese skryfwerk lei. Indien die beperkinge daarvan egter deeglik verreken word, kan die fokus verskuif van blote opsporing na genuanseerde beoordeling: nie of 'n teks bloot “menslik” of “GenKI-gegenereerd” is nie, maar of dit tekens toon van kritiese denke, verantwoordelike brongebruik, konseptuele begrip, argumentatiewe samehang en akademiese selfstandigheid.

Die onakkuraatheid en wisselende betroubaarheid van hulpmiddels soos Turnitin word deur verskeie navorsers bevestig. Liao en Ma (2026:4) argumenteer byvoorbeeld dat “despite the proliferation of AI detection tools claiming an accuracy rate of up to 99% on the market, independent academic studies have shown that their performance in real educational settings falls far short of expectations”. Weber-Wulff et al. (2023:27) se evaluering van 14 GenKI-opsporingsmeganismes, waaronder GPTZero, Turnitin en Scribbr, toon eweneens dat geen van hierdie hulpmiddels 'n voldoende akkuraatheidstandaard bereik het om “academic misconduct penalties” te ondersteun nie. Lee (2023) het vyf gratis aanlyn GenKI-opsporingsmeganismes getoets, naamlik Copyleaks, Writer, Turnitin, SEO AI en ChatGPT, asook hulle vermoë om GenKI-inhoud in gesimuleerde akademiese opdragte te beoordeel. Die resultate het uiteenlopende betroubaarheidsvlakke getoon: Copyleaks is as die betroubaarste geïdentifiseer, gevolg deur SEO AI, terwyl Writer as die mins betroubare beskou is. Benarab (2024) het die betroubaarheid van 10 GenKI-opsporingsmeganismes ondersoek deur opstelle op verskillende maniere te manipuleer om opsporing te bemoeilik. Die studie het bevind dat hierdie instrumente nie betroubaar is nie, dat mensgeskrewe teks verkeerdelik as GenKI-gegenereerd geklassifiseer is en andersom, en dat teksmanipulasie opsporing kan mislei. Chaka (2024) het die akkuraatheid van 30 GenKI-opsporingsmeganismes geëvalueer in die identifisering van GenKI-gegenereerde en mensgeskrewe inhoud in universiteitsopstelle deur eerste- en tweedetaalstudente van Engels. Dié studie het bevind dat Copyleaks en Undetectable AI opstelle korrek as mensgeskrewe geïdentifiseer het, dat nege van die 30 GenKI-opsporingsmeganismes opstelle verkeerd geïdentifiseer het, en dat 'n aantal meganismes opstelle in wisselende mate sowel korrek as verkeerd geklassifiseer het. Barrot en Aranda (2025) het op hulle beurt die akkuraatheid van ZeroGPT en SciSpace ondersoek. Hulle bevindinge dui daarop dat ZeroGPT SciSpace beduidend oortref in die identifisering van studentgeproduseerde en GenKI-gegenereerde tekste, met konsekwente hoë akkuraatheid en betroubaarheid. Beide instrumente het egter beperkte doeltreffendheid getoon in die opsporing van GenKI-geredigeerde opstelle.

Hierdie bevindinge beteken nie dat GenKI-opsporingsmeganismes geen waarde het nie. Dit kan moontlik as diagnostiese of oriënterende hulpmiddels gebruik word, byvoorbeeld wanneer dosente onseker is oor bepaalde tekstuele patrone of wanneer daar gesprekke oor skryfprosesse, brongebruik en akademiese integriteit gevoer moet word. Die waarde daarvan lê egter nie in die lewering van finale bewyse nie, maar in die identifisering van moontlike risiko's, patrone of vrae wat verdere akademiese beoordeling vereis. Juis hierin lê die belang van die debat oor GenKI-opsporing: dit dwing opvoeders om duideliker te bepaal watter

kenmerke van akademiese skryfwerk werklik beoordeel behoort te word en hoe studente ondersteun kan word om hierdie kenmerke te ontwikkel.

Hoewel navorsers nie noodwendig teen die gebruik van opsporingsmeganismes waarsku nie, beveel hulle ook nie aan dat daar uitsluitlik daarop staatgemaak word nie. Sodanige afhanklikheid kan tot verkeerde klassifikasie, onbillike strafmaatreëls of foutiewe beoordelings van studenteskryfwerk lei (Barrot & Aranda, 2025; Chaka, 2024). Voorstelle sluit in dat studente se skryfwerk teen sogenaamde “derdeparty”-instrumente getoets word (Lee, 2023), dat ’n kombinasie van instrumente gebruik word (Benarab, 2024), of dat ander “nuwe” benaderings gevolg word (Aburass & Rumman, 2024). In die nasienintensiewe konteks van die Suid-Afrikaanse universiteit, gekenmerk deur beduidende klasgroottes, deurlopende assessering en beperkte nasientyd, is die gebruik van veelvuldige GenKI-opsporingsmeganismes vir ’n enkele opdrag egter dikwels nie prakties of realisties nie.

Gevolgtik sluit hierdie artikel aan by Aburass en Rumman (2024) se oproep tot meer “vernuwende” benaderings. Die benadering wat hier voorgestel word, behels nie die vervanging van menslike akademiese oordeel deur tegnologiese opsporing nie, maar die ontwikkeling van ’n heuristiese beoordelingsrubriek wat dosente ondersteun om die gehalte van akademiese skryfwerk meer verantwoordbaar te beoordeel. So ’n rubriek behoort studente nie op grond van vermoedens oor GenKI-gebruik te klassifiseer nie, maar hulle skryfwerk te evalueer aan die hand van akademiese betekenisvolle kriteria, soos argumentatiewe ontwikkeling, konseptuele begrip, bronintegrasie, kritiese betrokkenheid, tekstuele samehang en reflektiewe kennisverwerking.

Die oorweging vir die gebruik van GenKI-opsporingsmeganismes vir die ontwikkeling van die genoemde rubriek bly dus relevant, maar nie as eindpunt van beoordeling nie. Dit dien eerder as vertrekpunt om te verstaan waarom ’n alternatiewe beoordelingsraamwerk nodig is. Die beperkinge van opsporingsmeganismes onderstreep dat akademiese skryfwerk in die GenKI-era nie verantwoordelik beoordeel kan word deur bloot op waarskynlikheidstellings oor masjiengengenererde teks staat te maak nie. ’n Heuristiese rubriek bied ’n billiker, opvoedkundiger en meer ontwikkelingsgerigte alternatief deur die fokus te verskuif na die vraag of studente akademiese skryfvaardighede op ’n verantwoordelike, kritiese en betekenisvolle wyse demonstreer.

Die volgende afdeling bied daarom ’n oorsig van navorsing oor formele en inhoudelike skryfkenmerke wat die ontwerp van so ’n rubriek kan informeer.

3. Skryfkenmerke, outensiteit en die beoordeling van akademiese skryfwerk

Teen die agtergrond van die beperkte betroubaarheid van GenKI-opsporingsmeganismes word die vraag na onderskeidende skryfkenmerke toenemend belangrik. Die doel is egter nie om dosente op te lei in informele “mens-teenoor- masjien”-opsporing nie, maar om beter te verstaan watter tekstuele eienskappe verband hou met outentieke akademiese betrokkenheid. Hierdie insigte kan gebruik word om ’n heuristiese beoordelingsrubriek te ontwikkel wat studente se akademiese skryfontwikkeling ondersteun, eerder as om hulle bloot op grond van vermoedens oor GenKI-gebruik te klassifiseer.

Fredrick et al. (2024:126) stel dat, totdat GenKI-opsporingsagteware die kapasiteit ontwikkel het om “the presence and the extent of the contributions made by AI to student submissions” doeltreffend aan te dui, die vermoë van dosente om te bepaal of teks hoofsaaklik deur GenKI of deur studente self gegenereer is, ’n belangrike onderwerp vir ondersoek bly.

In hulle studie moes dosente onderskei tussen tekste wat deur ChatGPT gegenereer is en tekste wat deur studente geskryf is. Studente het onder gekontroleerde omstandighede 'n kort opstel geskryf en daarna ChatGPT versoek om 'n opstel oor dieselfde onderwerp te genereer. Die bevindinge toon dat 94% van die dosente die bron van die skryfprodukt korrek kon identifiseer. Die tekstuele kenmerke wat dosente met studentgeskrewe werk verbind het, sluit in die gebruik van passiewe sinskonstruksies, subjektiewe ervarings, abrupte oorgange in die argumentasielyn, 'n gebrek aan logiese organisasie en onbeholpe taalgebruik (idem:136-137).

Hierdie bevindinge moet egter versigtig geïnterpreteer word. Murray en Tersigni (2024:154) het byvoorbeeld hierteenoor bevind dat slegs 35% van die dosente wat aan hulle studie deelgeneem het, die outeurskap van opstelle korrek kon identifiseer. Hulle kom tot die gevolgtrekking dat dosente in akademiese skryfvaardigheid beskik oor 'n "moderate level of confidence in their ability to distinguish between student and AI generated writing but a low level of accuracy". Belangrik vir die ontwikkeling van 'n rubriek is hulle bevinding dat GenKI-gegenereerde opstelle dikwels hoër punte behaal het vir spelling, grammatika en organisasie, maar laer punte vir argumentasie en bewysvoering. Dit suggereer dat assessering in die GenKI-era sterker op hoëordeskrifkenmerke behoort te fokus, soos argumentontwikkeling, brongebruik, kritiese betrokkenheid en konseptuele begrip, eerder as alleenlik op oppervlakkige taalversorging.

'n Soortgelyke kompleksiteit blyk uit die studie van Kumar en Mindzak (2024:31-40), waar dosente en onderwysassistentes moes onderskei tussen opstelle wat deur navorsers geskryf is, deur GenKI gegenereer is, of van die internet verkry en gekopieer is. Wanneer teks deur mense geproduseer is, is dit in tweederde van die gevalle korrek geïdentifiseer (66,7%). Wanneer teks egter deur GenKI geskep is, het deelnemers dit dikwels as mensgegenereerd geïdentifiseer of aangedui dat hulle onseker is (5%). Alexander et al. (2023) rapporteer vergelykbare bevindinge. In hulle studie moes deelnemers onderskei tussen vier opstelle waarvan drie wisselende hoeveelhede GenKI-gegenereerde teks bevat het en een volledig deur 'n ESL-universiteitstudent geskryf is. Hoewel deelnemers sekere kenmerke van GenKI-skrifwerk kon identifiseer, was hulle oor die algemeen minder suksesvol om akkuraat tussen GenKI- en mensgegenereerde skryfwerk te onderskei, met akkuraatheidsyfers tussen 33% en 66%.

Alexander et al. (2023) toon verder dat deelnemers veral gesukkel het om volledig GenKI-gegenereerde opstelle akkuraat te identifiseer. Hulle was geneig om menslike skryfwerk met tegniese foute, beperkte taalvaardigheid, herhaling, swak kohesie, ontoereikende struktuur en verwysingsprobleme te verbind, terwyl GenKI-skrifwerk met gevorderde woordeskat, komplekse sintaksis, foutloosheid en korrekte verwysings geassosieer is. Hierdie bevinding is belangrik omdat dit wys dat beoordelaars dikwels op verwagtinge en indrukke steun wat nie noodwendig betroubare aanduiders van outeurskap is nie. Vir die doel van hierdie artikel onderstreep dit die behoefte aan 'n rubriek wat nie bloot probeer bepaal wie of wat 'n teks geskryf het nie, maar eerder watter akademiese skryfkenmerke in die teks gerealiseer word.

Nanola et al. (2025:2-4) voer aan dat GenKI-opsporingsmeganismes sukkel om GenKI-gegenereerde tekste akkuraat van mensgeskrewe inhoud te onderskei. Daarom is dit volgens hulle noodsaaklik om ook ander maatreëls buiten bestaande opsporingstelsels te ondersoek (2025:2). Hulle wys verder daarop dat die voortdurende verfyning en terugvoergebaseerde opleiding van groottaalmodelle waarskynlik tot al hoe beter nabootsing van menslike skryfwerk sal lei. GenKI kan dus toenemend tekste produseer wat korrekte skryfkonvensies en selfs 'n skynbare outeursidentiteit demonstreer, veral wanneer doeltreffende porboodskappe gebruik word.

Nanola et al. (2025) beskou outeurstem as een moontlike aspek wat in hierdie verband oorweeg kan word. Hulle definieer outeurstem as die skryfstem wat deur outeurs gebruik en deur lesers in 'n teks waargeneem word, en wat in akademiese skryfwerk tipies met die vestiging van outeursgeloofwaardigheid verband hou. Hulle ondersoek dus die gepastheid van outeurstem as onderskeidingsmerker tussen GenKI-gegenereerde en mensgeskrewe tekste deur middel van 'n vergelykende stemontleding. Die bevindinge toon dat GenKI-gegenereerde tekste elemente van gesaghebbendheid, geloofwaardigheid, versterkers, houdingmerkers en grammatikale korrektheid bevat. Studentetekste het daarenteen dikwels 'n leservriendeliker toonaard, met sterker klem op kommunikatiewe doeltreffendheid en verstaanbaarheid as op 'n performatiewe vertoon van akademiese gesag. Tog waarsku die outeurs dat outeurstem as heuristiek in werklike taalgebruikssituasies problematies kan wees, en dat ander skryfkenmerke dus ook verreken moet word.

Hierdie breër verstaan van skryfkenmerke sluit aan by Llie et al. (2025), wat die gebruik van sogenaamde outensiteitskriteria voorstel wanneer studente se geskrewe akademiese opdragte geëvalueer word. Sulke kriteria kan opvoeders help om tussen oorspronklike skepping en GenKI-gegenereerde inhoud te onderskei, maar belangriker nog: Dit kan help om te bepaal of 'n teks akademies betekenisvolle betrokkenheid toon. Hierdie behoefte word versterk deur Ilie (2025:161) se stelling dat “we are gradually becoming aware that there is nothing that AI-powered technology will not be able to do in the future, except maybe for making use of itself”. Dieselfde outeur voor aan dat outensiteit in 'n akademiese konteks verband hou met waarheid, oorspronklikheid, integriteit, opregtheid, akademiese eerlikheid, verifieerbaarheid en die waarheidsgetroue hantering van wetenskaplike data. Ilie (2025:162-164) wys ook op die onbetroubaarheid van plagiaatverklimmers, wat dikwels tot dosente se agterdog oor die oorsprong van studente se werk lei. Die voorstel is daarom om outensiteitskriteria te identifiseer wat deel van beoordelingskriteria kan vorm. Volgens Ilie (2025:163) behoort sulke kriteria minstens die volgende in te sluit:

- **Genuanseerde toon en emosie:** Genuanseerde denke en elemente wat die leser se sensitiviteit, geheue of kritiese denke betrek, hetsy deur 'n formele, objektiewe toon wat nie meganies klink nie, of deur 'n empatiese, informele of humoristiese toon waar dit toepaslik is
- **Persoonlike styl:** Elemente wat die outeur en sy of haar persoonlikheid definieer, soos idees, opinies, verbindings met persoonlike ervarings en kulturele agtergrond, stories, tussenwerpsels, voorbeelde, refleksies en gevolgtrekkings
- **Natuurlike formulering:** Gevarieerde sinstrukture, registerverskuiwings, nuanse, variasies in teksuitleg en idees wat die natuurlike orde van die outeur se logika volg.
- **Kulturele sensitiviteit:** Respek vir kulturele insluiting, die vermyding van bevooroordeelde inligting en diskriminasie op grond van geslag, etnisiteit of sosio-kulturele konteks, en die aanbieding van 'n billike visie vir alle sosiale kategorieë
- **Oorspronklike idees/kreatiwiteit:** Nie slegs die aanbieding van bibliografiese inligting en data nie, maar ook kreatiewe elemente, oorspronklike hipoteses, oplossings, idees en nuwe perspektiewe wat die werkstuk van ander skryfwerk oor dieselfde onderwerp onderskei

Amirjalili et al. (2024) dra verder tot hierdie argument by deur te ondersoek of en hoe GenKI aan die formele vereistes van akademiese skryfwerk kan voldoen. Hulle vergelyk 'n opstel wat deur 'n tweedejaarstudent in Engels vir 'n kursus oor Engelse letterkunde geskryf is met 'n soortgelyke opstel wat deur ChatGPT geskep is. Die studie fokus op twee kriteria: voldoening

aan opdragvereistes, insluitend die korrektheid van aanhalings en verwysings, en outeurs-konstruksie aan die hand van die Voice Intensity Rating Scale, wat selfhandhawing, selfidentifikasie en outeursaanwesigheid insluit. 'n Aanlyn hulpmiddel, Text Inspector, is ook gebruik vir die kwantitatiewe analise van verskansers, versterkers, voornaamwoorde as persoonlike merkers, en die sogenaamde “type-token ratio” (Amirjalili et al., 2024:6).

Die bevindinge toon dat beide die student- en GPT-tekste aan sleutelvereistes van die opdrag voldoen het, insluitend die voorgeskrewe woordtelling, dekking van die vereiste romans, toepaslike argumente en die insluiting van minstens drie verwysings. Die studenteteks het egter 'n ryker en diverser woordeskat ingesluit en meer verskansers en versterkers gebruik. Die GenKI-gegenereerde teks het twee keer soveel voornaamwoorde as die studenteteks gebruik. Verder het die student verskeie outeurs korrek aangehaal en na hulle verwys, terwyl die GenKI-tekste geen direkte aanhalings bevat het nie en foutiewe verwysings ingesluit het. GPT het hoofsaaklik die passiewe vorm gebruik, terwyl die student aktiewe en passiewe konstruksies strategies afgewissel het. Die student het ook retoriese vrae gebruik om die leser te betrek, terwyl GPT nie retoriese vrae gebruik het nie en selfs feitefoute gemaak het.

Amirjalili et al. (2024) kom tot die gevolgtrekking dat die studenteteks uitblink in akkurate verwysings, gevarieerde stemgebruik, retoriese betrokkenheid en 'n genuanseerde outeursaanwesigheid. Die GenKI-gegenereerde teks het daarenteen gesukkel met akkurate aanhalings, feitelike korrektheid, diepte en outensiteit. Hulle stel dat die GenKI-gegenereerde teks “falls short in replicating the depth and individuality inherent in human academic writing” (Amirjalili et al., 2024:8). Vir die ontwikkeling van 'n rubriek is hierdie bevinding belangrik omdat dit wys dat studente nie slegs op tegniese korrektheid beoordeel behoort te word nie, maar ook op die mate waarin hulle akademiese oordeel, bronhantering, retoriese beheer en 'n eie outeursposisie demonstreer.

Al Hosni (2025) brei hierdie perspektief uit deur middel van 'n tematiese oorsig oor hoe GenKI-skryfinstrumente in tweedetaalkontekste studente se outeurstem en linguistiese identiteit kan beïnvloed. Die studie integreer bevindinge uit 18 navorsingsartikels wat stilistiese en linguistiese kenmerke in GenKI-gegenereerde en mensgeskrewe akademiese tekste van voorgaande en nagraadse studente vergelyk. Volgens Al Hosni (2025) word 'n skrywer se stem uitgedruk deur woordeskat, sinstruktuur, toon en perspektief, terwyl 'n linguistiese identiteit verwys na konsekwente patrone in taalgebruik, soos woordkeuse, grammatika, leestekens en spelling. Die verskille tussen GenKI- en mensgegenereerde tekste kan soos volg saamgevat word (Al Hosni, 2025:253):

- **GenKI-gegenereerde akademiese teks** kan nie emosionele diepte, kompleksiteit, subjektiwiteit en lewenservaring volledig repliseer nie. Dit toon 'n gebrek aan inherente menslike gevoel en begrip van abstrakte konsepte, met beperkte pragmatiese interpretasie, en daar kom dikwels 'n oorgebruik van sierlike taal voor.
- **Mensgegenereerde akademiese teks** toon groter spesifisiteit en sterker betrokkenheid by die gebruik van bronne. Dit toon begrip vir kulturele konteks, outentieke emosionele diepte, kritiese denke, beplanning en sosio-kulturele bewustheid. Subtiliteit en retoriese rykheid dra by tot 'n dinamieser en oortuigender teks.

Georgiou (2025) beklemtoon eweneens die noodsaaklikheid daarvan om mensgeskrewe en masjienggegenereerde tekste krities te kan onderskei, veral in hoër onderwys waar dit met plagiaat en ander onetiese praktyke verband hou. Tog bevestig Georgiou se studie ook dat sulke onderskeid nie eenvoudig is nie. Akademici steun dikwels op tekskenmerke om outeurskap te probeer bepaal, maar die afleidings wat daaruit gemaak word, kom nie

noodwendig op werklike outeurskap neer nie. Wat lesers as GenKI-agtig beskou, kan dus eerder oppervlakkige indrukke as stabiele kenmerke van masjienouteurskap weerspieël.

Georgiou (2025) het deur middel van opnames en aanlyn onderhoude ondersoek watter kenmerke universiteitsprofessore met GenKI-gegenereerde akademiese skryfwerk assosieer. Deelnemers het sewe kenmerke geïdentifiseer:

- **Afwesigheid van taalfoute:** GenKI-teks is dikwels grammatikaal perfek, anders as tipiese studentgeskrewe werk.
- **Komplekse sintaksis/formulering:** GenKI konstrueer dikwels sinne wat ingewikkelder is as wat nodig is, wat duidelikheid kan belemmer.
- **Moeilike woorde:** GenKI is geneig om onnodig komplekse woordeskat te gebruik om formeel of akademies te klink.
- **Gehallusineerde feite/verduidelikings:** GenKI kan vals of onverifieerbare inligting genereer wat met selfvertroue as feite aangebied word.
- **Niebestaande bronne:** GenKI fabriseer dikwels verwysings wat nie met werklike bronne ooreenstem nie.
- **Herhaling van woorde/frases:** GenKI kan dieselfde woorde of frases op onnatuurlike wyse herhaal, selfs in kort teksgedeeltes.
- **Spesifieke teksstruktuur:** GenKI-gegenereerde teks kan té rigiede of formuleagtige organisasiepatrone volg.

Hierdie studies toon dat daar inderdaad tekstuele patrone is wat met GenKI-gegenereerde of studentgeskrewe werk geassosieer kan word, maar dat hierdie patrone nie as eenvoudige of afdoende bewyse van outeurskap gebruik kan word nie. Vir die doeleindes van hierdie artikel is die belangrikste gevolgtrekking dat die kenmerke soos hier bo bespreek 'n nuttige basis bied vir die ontwikkeling van 'n heuristiese rubriek wat akademiese skryfwerk meer genuanseerd kan beoordeel. Só 'n rubriek behoort nie te vra of 'n teks bloot "menslik" of "GenKI-gegenereerd" is nie, maar of dit akademies betekenisvolle kenmerke toon: kritiese denke, konseptuele begrip, verantwoordelike brongebruik, argumentatiewe samehang, retoriese beheer, outeursaanwesigheid, oorspronklikheid en reflektiewe kennisverwerking. Op hierdie manier word die debat oor GenKI nie beperk tot opsporing en straf nie, maar benut as vertrekpunt vir beter ondersteuning van studente se akademiese skryfontwikkeling.

4. Metodologie en bespreking

4.1 Navorsingsontwerp

Hierdie studie volg 'n gemengdemetode-navorsingsontwerp waarin kwalitatiewe en kwantitatiewe benaderings geïntegreer word om 'n heuristiese beoordelingsrubriek vir akademiese skryfwerk te ontwikkel, te verfyn en voorlopig te evalueer. Die studie se uitgangspunt is dat bestaande GenKI-opsporinginstrumente nie voldoende betroubaar is om as afdoende bewys van GenKI-gebruik of outeurskap te dien nie. Die fokus val daarom nie op die opsporing van GenKI-gebruik nie, maar op die identifisering van skryfkenmerke wat verband hou met outentieke akademiese betrokkenheid, kritiese denke, bronintegrasie, argumentatiewe ontwikkeling en reflektiewe kennisverwerking.

Die studie bestaan uit vier opeenvolgende fases: eerstens die ontwikkeling van 'n voorlopige rubriek op grond van die literatuur, tweedens die linguistiese ontleding van 'n korpus studenteopstelle, derdens die verfyning van die rubriek aan die hand van die empiriese

bevindinge, en laastens die evaluering van die rubriek se bruikbaarheid as assesseringshulpmiddel. Hierdie ontwerp maak dit moontlik om teoretiese insigte en empiriese waarnemings te kombineer in die ontwikkeling van ’n prakties bruikbare, pedagogies verantwoordbare beoordelingsraamwerk.

4.2 *Ontwikkeling van die voorlopige rubriek*

Die eerste fase het bestaan uit ’n literatuurondersoek na akademiese skryfwerk, outeurstem, kritiese denke, brongebruik, argumentasie en die invloed van GenKI op hoëronderwyskontekste. Spesifieke aandag is geskenk aan navorsing oor kenmerke van sterk akademiese skryfwerk, asook aan studies wat verskille tussen studentgeskrewe en GenKI-gemedieerde tekste ondersoek.

Op grond hiervan is ’n voorlopige rubriek ontwikkel wat verskillende dimensies van akademiese skryfkwiteit omvat. Dit is in die vorige afdelings van hierdie artikel aangebied. Die rubriek is nie as ’n GenKI-opsporingsinstrument ontwerp nie, maar as ’n raamwerk waarvolgens dosente die mate waarin studente argumente ontwikkel, bronne verantwoordelik integreer, krities met kennis omgaan en ’n samehangende akademiese stem vestig beoordeel. Hierdie komponente is daarna verfyn tot ’n rubriek, of merkskema wat op beide hoër- en laerordekwessies fokus (kyk Tabel 1). Die navorsing waaruit spesifieke aspekte ontleen is, word telkens aangedui.

TABEL 1: Opstelmerkskema, Konsep 1

Skryfkenmerk: Hoërordewessies (8 × 3 = 24)	3	2	1
Die skrywer deel sy/haar standpunt en persoonlike opinies/sienings. Ilie (2025); Fredrick et al. (2024)	Standpunt is duidelik in die tesis. Daar is voldoende bewyse van die skrywer se opinie in ander dele van die opstel.	Standpunt is aanwesig, maar vaag, inkonsekwent of grotendeels implisiet in die tesis. Daar is min of geen verdere bewyse van die skrywer se opinie in ander dele van die opstel.	Geen duidelike standpunt is in die tesis sigbaar nie. Geen verdere bewyse van die skrywer se opinie is in ander dele van die opstel sigbaar nie.
Die skrywer verskaf voorbeelde om sy/haar standpunt of argumente te staaf. Ilie (2025)	Relevante, spesifieke en goed verduidelikte voorbeelde word gebruik om argumente oortuigend te ondersteun.	Voorbeelde is teenwoordig, maar is veralgemeen, swak ontwikkel of losweg aan aansprake verbind.	Min of geen voorbeelde word verskaf, of voorbeelde is irrelevant.

TABEL 1: Opstelmerkskema, Konsep 1 (*vervolg*)

Skryfkenmerk: Hoërordekweessies (8 × 3 = 24)	3	2	1
Die skrywer toon nie vooroordeel in die sienings wat gedeel word nie (ras; gender). Ilie (2025)	Kultureel sensitiewe, gebalanseerde en inklusiewe standpunte word aangebied.	Geringe veralgemenings of onkritiese aannames kom voor, maar oorheers nie die teks nie.	Bevooroordeelde en stereotipiese standpunte word aangebied.
Die skrywer gebruik verskansers en versterkers effektief om standpunt, betrokkenheid en sienings te demonstreer. Amirjalili et al. (2024)	Verskansers en versterkers word strategies gebruik om standpunt, versigtigheid en selfvertroue waar toepaslik aan te dui.	Verskansers of versterkers is aanwesig, maar inkonsekwent of formuleagtig.	Oorbenuiting, misbruik of afwesigheid van verskansers/versterkers lei tot 'n té seker of onbetrokke toon.
Die skrywer toon 'n betreklik hoë betrokkenheid by bronne. Al Hosni (2025)	Kritiese betrokkenheid by bronne wat goed geïntegreer is om argumente te ondersteun en te ontwikkel.	Bronne word genoem, maar hoofsaaklik gerapporteer of opgesom eerder as krities betrek.	Minimale of oppervlakkige betrokkenheid by bronne is sigbaar.
Die skrywer demonstreer retoriese rykheid deur woorde kreatief te gebruik om die leser te oortuig of te beïnvloed. Al Hosni (2025)	Retoriese sofistikasie deur oortuigende taal, klem en stilistiese beheer.	Sommige retoriese strategieë is sigbaar, maar ontbreek aan kreatiwiteit of diepte.	Die skryfwerk is plat, meganies of bloot informatief.
Die skrywer demonstreer effektiewe betrokkenheid by relevante literatuur/ bronne deur inligting te evalueer en te sintetiseer. Amirjalili et al. (2024); Al Hosni (2025)	Bronne word gesintetiseer en geëvalueer, met duidelike verhoudings tussen idees en kritiese oordeel.	Poging tot 'n mate van sintese, maar dit bly meer opsommend as evaluerend.	Bronne word gelys of geparafraseer met min of geen sintese.

TABEL 1: Opstelmerkskema, Konsep 1 (*vervolg*)

Skryfkenmerk: Hoërordekweessies (8 × 3 = 24)	3	2	1
Die skrywer toon bewyse van kritiese denke deur die argumente en bewyse wat aangebied word. Ilie (2025)	Argumente is logies, genuanseerd en demonstreer onafhanklike redenering.	Redenering is teenwoordig, maar steun op veralgemenings of oppervlakkige analise.	Min bewyse van kritiese denke; idees is herhalend of onondersoek.
Skryfkenmerk: Laërordekweessies (5 × 2 = 10)	2	0	
Die skrywer struktureer die teks goed, maar nie rigied nie; daar kan foute in die struktuur wees. Ilie (2025); Georgiou (2025)	Die teks is logies gestruktureer, maar nie rigied nie.	Struktuur is rigied, formuleagtig of onduidelik.	
Die skrywer het alle grammatikale probleme opgelos. Fredrick et al. (2024)	Minimale of geen grammatikale foute.	Gereelde foute.	
Die skrywer gebruik betroubare en geloofwaardige bronne in die teks en in die bibliografie. Georgiou (2025)	Bronne is toepaslik en geloofwaardig.	Bronne is swak, gefabriseer of ontoepaslik.	
Die skrywer se toon is formeel en objektief, maar nie meganies nie. Ilie (2025)	Beheerde, natuurlike akademiese toon.	Robotiese of ontoepaslike toon.	
Die skrywer gebruik gevarieerde sinstruktuur. Al Hosni (2025); Alexander et al. (2023)	Sintaktiese variasie word gedemonstreer.	Herhalende sinspatrone.	

TABEL 1: Opstelmerkskema, Konsep 1 (*vervolg*)

Skryfkenmerk: Laerordekwessies (6 × 1 = 6)	1	0	
Die skrywer gebruik 'n diverse woordeskat. Amirjalili et al. (2024); Georgiou (2025)	Akademie, dissiplinespesifieke, formele woordeskat.	Herhalende of eenvoudige woordeskat.	
Die skrywer gebruik sowel aktiewe as passiewe vorm. Fredrick et al. (2024)	Strategiese gebruik van aktiewe en passiewe vorm.	Gebruik hoofsaaklik passiewe vorm.	
Die skrywer gebruik enkele direkte aanhalings. Amirjalili et al. (2024)	Aanhalings word toepaslik gebruik.	Geen aanhalings of misbruik daarvan.	
Die skrywer verwys korrek na bronne. Amirjalili et al. (2024)	Akkurate teksverwysings en bronnelys.	Verkeerde, vals of inkonsekwente teksverwysings en bronnelys.	
Die skrywer herhaal nie punte onnodig nie. Alexander, et al. (2023)	Geen herhaling of redundansie.	Gereelde herhaling en redundansie.	
Die skrywer oorbenut nie persoonlike voornaamwoorde nie.	Geen oorbenut of minimale gebruik van persoonlike voornaamwoorde.	Gereelde gebruik van persoonlike voornaamwoorde.	

Die rubriek is daarna met 'n akademiesegeletterdheidsdosent, wat nie by hierdie navorsing betrokke was nie, gedeel om die belyning daarvan met die vereistes van argumentatiewe opstelle van eerstejaarstudente te verifieer. Daar is ooreengekom dat die volgende kriteria uit die rubriek verwyder kan word op grond van die benadering wat tot argumentatiewe skryfwerk gevolg word:

- Die skrywer toon nie vooroordeel in die sienings wat gedeel word nie, byvoorbeeld wat kwessies soos ras en gender betref (Ilie, 2025). Dit is nie 'n kwessie wat oor die algemeen in studenteskryfwerk geïdentifiseer is nie; studente word ook van meet af aan geleer om sienings objektief aan te bied.

- Die skrywer gebruik retoriese vrae om die leser te betrek. Studente word geleer om nie vrae in hulle argumentatiewe opstelle te stel nie, aangesien sulke vrae dikwels 'n geselstrant skep.

Hierdie hersiening was ook belangrik om die rubriek te verkort sodat slegs dit wat die belangrikste vir die doel van die studie is, ingesluit word. Die rubriek in sy aanvanklike vorm, hoewel moontlik effektief, is onprakties wanneer die tydsaspek in ag geneem word wat nodig is om een opstel te merk. Die waarde van praktiese bruikbaarheid, soos deur Bachman en Palmer (1996) bespreek, word dus ook hier verreken. Benewens die hersiening van die rubriek op grond van ervaring en konteks, is dit ook nodig geag om die linguistiese kompleksiteit van die tekste in die korpus te ondersoek om te bepaal of dit tot verdere verfyning van die rubriek kan lei. In die volgende afdeling word die empiriese ondersoek wat in hierdie verband gevolg is, uiteengesit.

4.3 *Datastel en steekproef*

Die empiriese komponent van die studie berus op 'n korpus van dertig eerstejaarpstelle wat as deel van 'n akademiese geletterdheidsmodule ingedien is. Die opstelle is oorspronklik deur Turnitin se GenKI-aanwyser verwerk. Vir steekproefdoeleindes is tekste geselekteer wat deur die stelsel aan die uiterste punte van die klassifikasiespektrum geplaas is, naamlik 0% en 100% GenKI-waarskynlikheid.

Hierdie klassifikasies is nie as objektiewe bewys van outeurskap beskou nie. Daar word dus nie aanvaar dat die betrokke tekste volledig mensgeskryf of volledig GenKI-gegenereer is nie. Die klassifikasies is uitsluitlik as 'n pragmatiese steekproefstrategie gebruik om tekste uit kontrasterende groepe vir verdere ontleding te selekteer. Die doel was om te ondersoek hoe bepaalde skryfkenmerke manifesteer in tekste wat deur 'n opsporingsinstrument op uiteenlopende vlakke van GenKI-waarskynlikheid geplaas is.

4.4 *Linguistiese ontleding*

Die geselekteerde opstelle is met behulp van die *Linguistic Inquiry and Word Count*-instrument (oftewel LIWC) ontleed. LIWC is gebruik om linguistiese en psigolinguistiese kenmerke van die tekste te ondersoek, waaronder woordgebruik, sintaktiese patrone, semantiese tendense en retoriese eienskappe.

Die doel van hierdie ontleding was nie om GenKI-gebruik te bevestig of te weerlê nie. Dit is eerder gebruik om te bepaal of skryfkenmerke wat in die literatuur met akademiese gehalte en outentieke betrokkenheid verbind word, op identifiseerbare wyses in die tekste voorkom. Die bevindinge het vervolgens as grondslag gedien vir die verdere verfyning van die rubriek.

4.5 *Verfyning van die rubriek*

Soos reeds aangedui, is die doel van hierdie artikel nie om 'n meganisme vir die identifisering van GenKI-gebruik te ontwikkel nie, maar om skryfkenmerke te ondersoek wat opvoeders kan ondersteun in die beoordeling van outentieke akademiese betrokkenheid binne 'n toenemend GenKI-gemedieerde hoëronderwysomgewing. Die bevindinge moet daarom nie as bewys van GenKI-gebruik geïnterpreteer word nie, maar eerder as aanduidings van hoe akademiese geletterdheidspraktyke in studenteskryfwerk manifesteer.

Die literatuuroorsig het getoon dat sowel menslike beoordelaars as tegnologiese opsporingsinstrumente se vermoë om GenKI-gebruik betroubaar op grond van tekskenmerke alleen te identifiseer, beperk is. Die teksanalitiese verkenning wat vir hierdie artikel onderneem is, ondersteun hierdie standpunt. Hoewel daar verskille tussen die ondersoekte tekste waargeneem is, dui die resultate nie op 'n eenvoudige of konsekwente onderskeid tussen studentgeskrewe en GenKI-gemedieerde skryfwerk nie. Kenmerke wat tradisioneel met akademiese kwaliteit verbind word, soos formele register, hoë leesbaarheidsindekse, leksikale diversiteit en die gebruik van akademiese woordeskat, kom in verskillende grade oor die korpus voor en kan dus nie op sigself as betroubare aanduiders van outeurskap of outentieke akademiese betrokkenheid dien nie.

Vir die verfyning van die rubriek is 'n korpus van 30 eerstejaar-opstelle gebruik wat deur Turnitin se GenKI-aanwyser as óf 0% óf 100% GenKI-waarskynlikheid geklassifiseer is. Hierdie klassifikasies is nie as objektiewe aanduiders van outeurskap aanvaar nie, maar slegs as 'n pragmatiese manier gebruik om tekste uit kontrasterende groepe vir verdere ontleding te selekteer. Alle identifiserende besonderhede is verwyder voordat die tekste ontleed is.

Ter wille van die verfyning van die rubriek, is die opstelle daarna met Text Inspector ontleed, 'n aanlyn teksanalise-instrument wat onder meer leesbaarheid, woordeskatkompleksiteit en linguistiese patrone in Engelse tekste kan evalueer (Text Inspector, 2026). Die ontleding is beperk tot kenmerke wat in die literatuur as relevant vir akademiese skryfkwiteit en GenKI-gemedieerde skryfwerk uitgelig word, naamlik leksikale diversiteit, leesbaarheid, die gebruik van akademiese woordeskat, en die insluiting van metadiskoersmerkers (Text Inspector, 2026; Miecznikowski & Jacqin, 2023; Coxhead, 2000; Koizumi, 2012).

Die ontleding het getoon dat formele tekskenmerke nie voldoende is om akademiese betrokkenheid of outeurskap te bepaal nie. Tekste wat as 100% GenKI-waarskynlikheid geklassifiseer is, het dikwels beter vertoon gemeet aan oppervlak- en stylverwante maatstawwe, soos leksikale diversiteit, leesbaarheid en die gebruik van akademiese woordeskat. Hierdie bevinding bevestig dat 'n beoordelingsrubriek nie hoofsaaklik op laerordekenmerke soos taalversorging, tekskompleksiteit of formele akademiese register behoort te steun nie.

'n Betekenisvoller onderskeid lê eerder in die aard van kennisverwerking. Tekste wat sterker akademiese gehalte toon, bevat gewoonlik 'n duideliker standpunt, meer genuanseerde argumentasie, beter bronintegrasie en beredenering, sterker konseptuele samehang en sigbaarder kritiese betrokkenheid. Hierdie eienskappe weerspieël die intellektuele prosesse wat sentraal staan tot akademiese leer en behoort daarom swaarder in die rubriek te weeg.

Die rubriek is gevolglik verfyn deur groter gewig aan hoëordeskrifkwessies toe te ken. Kriteria wat hoofsaaklik op indrukke van styl, taalvlak of tekskompleksiteit berus, is verminder of herformuleer, terwyl laerordekwessies soos struktuur, toon en verwysing wel behou is, maar minder gewig dra. Hierdie verdeling sluit aan by Murray en Tersigni (2024) se aanbeveling dat beoordeling in die GenKI-era sterker op hoëordeskrifkwessies behoort te fokus.

4.6 *Evaluering van die rubriek*

In die finale fase is die bruikbaarheid van die verfynde rubriek geëvalueer deur dit op die geselekteerde korpus toe te pas en die resultate met bestaande assesseringsuitkomst te vergelyk. Dit is belangrik dat die finale rubriek (Tabel 2) as 'n heuristiese assesseringsinstrument verstaan moet word, en nie as 'n diagnostiese of forensiese instrument nie. 'n Heuristiese instrument is 'n hulpmiddel wat gebruik word om ingeligte beoordeling, interpretasie of probleemoplossing te ondersteun, sonder om noodwendig 'n finale, absolute of meganiese antwoord te gee. Met ander woorde, dit help 'n mens om dieper na te dink, beter vrae te stel en meer sistematies te

oordeel, maar dit is nie 'n instrument wat iets met 100% sekerheid bewys nie. Dit maak dus geen aanspraak daarop om GenKI-gebruik met sekerheid te bevestig of uit te sluit nie. Die waarde daarvan lê eerder daarin dat die assessering wegbeweeg van blote vermoedens oor GenKI-gebruik en rig op die akademiese kwaliteite wat studente behoort te ontwikkel, naamlik kritiese denke, argumentatiewe ontwikkeling, verantwoordelike brongebruik, konseptuele begrip, reflektiewe kennisverwerking en 'n eie akademiese posisionering.

Hierdie benadering maak die rubriek besonder bruikbaar omdat dit nie bloot as 'n nasieninstrument funksioneer nie, maar ook as 'n pedagogiese hulpmiddel. Vir studente maak dit eksplisiet watter eienskappe van akademiese skryfwerk waardeur of aanvaar word en hoe akademiese skryfwerk per se ontwikkel kan word. Dit help hulle om te verstaan dat goeie akademiese skryfwerk nie slegs uit foutlose taal, formele register of goeie struktuur bestaan nie, maar uit die vermoë om idees krities te verwerk, bewyse sinvol te gebruik, bronne te integreer en 'n verantwoordbare argument te bou.

TABEL 2: Hersiene rubriek vir die beoordeling van akademiese skryfwerk

Skryfkenmerk	3	2	1
Hoërordeknessies			
Die skrywer formuleer 'n duidelike standpunt en toon eie akademiese posisionering. Ilie (2025); Fredrick et al. (2024)	Die standpunt is duidelik, konsekwent en sigbaar deur die teks. Die skrywer se eie akademiese posisie kom duidelik na vore.	Die standpunt is teenwoordig, maar vaag, inkonsekwent of hoofsaaklik implisiet. Die skrywer se eie posisie kom beperk na vore.	Geen duidelike standpunt of eie akademiese posisionering is sigbaar nie.
Die skrywer gebruik relevante voorbeelde om aansprake en argumente te ondersteun. Ilie (2025)	Voorbeelde is spesifiek, relevant en oortuigend aan die argument verbind.	Voorbeelde is teenwoordig, maar algemeen, swak ontwikkel of losweg aan die argument verbind.	Min of geen voorbeelde word gebruik, of die voorbeelde is irrelevant.
Die skrywer betrek relevante literatuur/ bronne deur inligting te evalueer en te sintetiseer. Amirjalili et al. (2024); Al Hosni (2025)	Bronne word krities geëvalueer en gesintetiseer; verhoudings tussen idees word duidelik gemaak.	Bronne word gebruik, maar hoofsaaklik opgesom of geparafraseer met beperkte sintese.	Bronne word bloot gelys, swak geïntegreer of glad nie sinvol gebruik nie.
Die skrywer demonstreer kritiese denke deur argumentasie en bewysvoering. Ilie (2025)	Argumente is logies, genuanseerd en toon onafhanklike redenering.	Redenering is teenwoordig, maar steun op veralgemenings of oppervlakkige analise.	Min bewyse van kritiese denke; idees is herhalend, onontwikkel of nie deeglik ondersoek nie.

TABEL 2: Hersiene rubriek vir die beoordeling van akademiese skryfwerk (*vevolg*)

Skryfkenmerk	1	0
Laerordekwessies		
Die teks is logies gestruktureer, maar nie rigied of formuleagtig nie. Ilie (2025); Georgiou (2025)	Die teks het 'n duidelike en funksionele struktuur.	Die struktuur is onduidelik, té rigied of formuleagtig.
Die skrywer gebruik betroubare en geloofwaardige bronne. Georgiou (2025)	Bronne is toepaslik, geloofwaardig en naspeurbaar.	Bronne is swak, ontoepaslik, onbetroubaar of nie naspeurbaar nie.
Die skrywer se toon is formeel en akademies, maar nie meganies nie. Ilie (2025)	Die toon is gepas, beheers en natuurlik akademies.	Die toon is roboties, informeel, oordrewe of andersins ontoepaslik.
Die skrywer gebruik direkte aanhalings gepas. Amirjalili et al. (2024)	Direkte aanhalings word funksioneel en gepas geïntegreer.	Geen direkte aanhalings word gebruik nie, of aanhalings word swak/misleidend geïntegreer.
Die skrywer verwys akkuraat en konsekwent. Amirjalili et al. (2024)		

Die rubriek kan ook waardevol wees in die opleiding van skryfsentrumkonsultante. Dit bied 'n gedeelde taal waarmee konsultante oor studenteskryfwerk kan praat en help hulle om konsultasies op hoërordeskryfwessies te fokus eerder as om hoofsaaklik op grammatika, styl of oppervlakkige korrektheid te konsentreer. Konsultante kan die rubriek gebruik om studente te lei met vrae soos: Wat is jou sentrale standpunt? Hoe ondersteun jou bronne jou argument? Waar evalueer jy inligting eerder as om dit bloot op te som? Hoe ontwikkel jou eie akademiese stem deur die teks?

Op hierdie manier ondersteun die rubriek 'n meer ontwikkelingsgerigte benadering tot akademiese skryfwerk. Dit help dosente, studente en skryfsentrumpraktisyns om GenKI nie bloot as 'n opsporingsprobleem te benader nie, maar as 'n geleentheid om duideliker te formuleer wat betekenisvolle akademiese skryfwerk behels en hoe studente daarin begelei kan word.

5. Gevolgtrekking

Die toenemende gebruik van generatiewe kunsmatige intelligensie (GenKI) in hoër onderwys noodsaak 'n herbesinning oor akademiese skryfwerk, assessering en akademiese integriteit. Tradisionele aannames oor outeurskap, oorspronklikheid en studentebydrae word toenemend

uitgedaag, terwyl bestaande navorsing daarop dui dat GenKI-opsporingsinstrumente nie as betroubare of finale maatstawwe van outeurskap of akademiese oneerlikheid gebruik behoort te word nie. Die onderskeid tussen “mensgeskrewe” en “GenKI-gegenereerde” tekste is gevolglik te beperk om as primêre grondslag vir assessering te dien.

Hierdie kompleksiteit sluit aan by Rambiritch en Pregent (ter perse) se bespreking van GenKI en studenteskryfwerk as ’n moontlike “wicked problem” (Panke, 2019): ’n komplekse, onderling verweefde sosiale en opvoedkundige kwessie wat moeilik is om op te los omdat dit nie eenvoudig gedefinieer kan word nie, geen enkele aanvaarbare oplossing het nie, verskillende belanghebbendes met uiteenlopende belange betrek, en lineêre oplossings weerstaan (Wayne & Hendricks, 2026). Hierdie artikel sluit by dié siening aan, asook by navorsers wat wys op sowel die moontlikhede as die risiko’s van die gebruik van GenKI in hoër onderwys (Malik et al., 2023; Deep & Chen, 2025; Dwivedi et al., 2023).

GenKI kan studente ondersteun met beplanning, ideegenerering, organisering, hersiening, redigering, parafrasering en taalversorging, mits dit eties gebruik word. Die probleem ontstaan egter wanneer studente oorafhanklik raak van hierdie hulpmiddels en wanneer die gebruik daarvan kernprosesse van akademiese leer, skryfontwikkeling, kritiese denke en argumentatiewe vermoëns verdring (Kearns, 2019; Deep & Chen, 2025; Pervaiz et al., 2025). Die uitdaging vir hoër onderwys is dus nie bloot om GenKI-gebruik op te spoor of uit akademiese praktyke te verwyder nie, maar om assesseringspraktyke te ontwikkel wat studente aanmoedig om tegnologie verantwoordelik, krities en produktief te gebruik.

Teen hierdie agtergrond het hierdie artikel nie gepoog om ’n forensiese instrument vir GenKI-opsporing te ontwikkel nie. Die fokus was eerder op die ontwikkeling van ’n heuristiese beoordelingsrubriek wat dosente en skryfspesialiste kan ondersteun om akademiese skryfkwaliteit meer verantwoordbaar te beoordeel. Op grond van die literatuur en ’n beperkte teksanalitiese verkenning is die rubriek verfyn om sterker klem te plaas op hoërordeskryfkenmerke, waaronder die formulering van ’n eie standpunt, argumentatiewe ontwikkeling, kritiese denke, bronintegrasie, sintese en reflektiewe kennisverwerking.

Die bevindinge dui daarop dat oppervlakkige of formele tekskenmerke, soos woordeskat-komplexiteit, leesbaarheid, akademiese register, grammatikale korrektheid of stilistiese konsekwentheid, nie op sigself voldoende is om akademiese gehalte of outentieke betrokkenheid te bepaal nie. Hierdie kenmerke kan ook deur GenKI nageboots word. Betekenisvoller beoordeling vereis eerder aandag aan hoe studente opdragte en bronne interpreteer; hoe hulle bewyse selekteer, vergelyk en teenoor mekaar plaas; of bronne verantwoordelik en korrek geïntegreer word; en of studente ’n eie akademiese identiteit en posisie oor ’n saak ontwikkel.

’n Verdere bydrae van die artikel lê in die beklemtoning van konteksspesifieke navorsing. Soos Rambiritch (2022) aantoon, is plaaslike institusionele, linguistiese en pedagogiese kontekste belangrik wanneer akademiese geletterdheid ondersoek en ondersteun word. Die bevindinge uit die Text Inspector-analise het juis getoon dat konteks-spesifieke resultate van internasionale bevindinge kan verskil. Dit bevestig die gevaar van sogenaamde *one-size-fits-all*-oplossings in akademiese-geletterdheidsontwikkeling en assessering (Weideman, 2007; Rambiritch, 2022). Die rubriek wat in hierdie artikel voorgestel word, is daarom nie bedoel as ’n universele oplossing nie, maar as ’n aanpasbare raamwerk wat binne bepaalde onderrig- en skryfkontekste verfyn en toegepas kan word.

Die waarde van die rubriek lê dus nie daarin dat dit GenKI-gebruik met sekerheid kan identifiseer nie. Dit lê eerder daarin dat dit die fokus van assessering verskuif vanaf vermoedens oor tegnologiegebruik na die akademiese kwaliteite wat in studenteskryfwerk sigbaar behoort te wees. Dit bied ’n gestruktureerde, maar buigsame raamwerk waarmee dosente akademiese

betrokkenheid, kritiese denke, argumentatiewe gehalte en verantwoordelike brongebruik kan beoordeel. Terselfdertyd kan dit skryfspesialiste en skryfsentrumpraktisyns ondersteun in konsultantopleiding, terugvoerpraktyke en studenteondersteuning.

Die navorsing het egter beperkings. Die rubriek is, soos hier bo gesuggereer, binne 'n spesifieke institusionele en modulekonteks ontwikkel, en die teksanalitiese verkenning was beperk in omvang. Die opstelle is ook geselekteer op grond van Turnitin se GenKI-aanwyser, wat nie as 'n objektiewe maatstaf van outeurskap beskou kan word nie. Die bevindinge behoort daarom as verkennend geïnterpreteer te word, eerder as bewys van vaste onderskeidings tussen studentgeskrewe en GenKI-gemedieerde tekste. Verdere toepassing in ander dissiplines, taalomgewings en jaargroepe is nodig om die bruikbaarheid en aanpasbaarheid van die rubriek te ondersoek.

Die ontwikkeling van hierdie rubriek vorm gevolglik slegs die eerste stap in 'n, hopelik, groter navorsingsprojek. 'n Volgende stap behoort te wees om dieselfde stel studente-opstelle met die verfynde rubriek te merk en die resultate met dié van die vorige Turnitin-gebaseerde rubriek te vergelyk. Só 'n vergelyking kan help bepaal in watter mate die nuwe rubriek 'n meer genuanseerde en pedagogies verantwoordbare beoordeling van akademiese skryfkwaleiteit moontlik maak.

Ten slotte sou dit onverstandig wees om die moontlikhede wat GenKI vir studente leer bied, te ignoreer. Dit sou egter ewe onverstandig wees om nie proaktief, krities en kreatief te reageer op die uitdagings wat GenKI vir akademiese skryfwerk, assessering en integriteit inhou nie. Die mees volhoubare reaksie op GenKI lê waarskynlik nie in toenemende opsporing nie, maar in die ontwikkeling van assesseringspraktyke wat kritiese denke, akademiese oordeel, verantwoordelike brongebruik, etiese tegnologiegebruik en betekenisvolle skryfontwikkeling bevorder. Die voorgestelde rubriek bied juis só 'n vertrekpunt. Dit is naamlik nie om GenKI-gebruik finaal te bewys of uit te sluit nie, maar om die eienskappe van betekenisvolle akademiese skryfwerk sigbaar, bespreekbaar en beoordeelbaar te maak.

BIBLIOGRAFIE

- Aburass, S. & Abu Rumman, M. 2024. Authenticity in authorship: the Writer's Integrity framework for verifying human-generated text. *Ethics and Information Technology*, 26(3):1-12
- Alexander, K., Savvidou, C. & Alexander, C. 2023. Who wrote this essay? Detecting AI-generated writing in second language education in higher education. *Teaching English with Technology*, 23(2):25-43.
- Al Hosni, J.K. 2025. Preserving authorial voice in academic texts in the age of generative AI: A thematic literature review. *Arab World English Journal (AWEJ)* 16(3):244-258.
- Amirjalili F, Neysani, M. & Nikbakht, A. 2024. Exploring the boundaries of authorship: a comparative analysis of AI-generated text and human academic writing in English literature. *Front. Educ.* 9:1347421. doi: 10.3389/educ.2024.1347421.
- Bachman, L.F. & Palmer, A.S. 1996. *Language testing in practice: designing and developing useful language tests*. Oxford: Oxford University Press.
- Barrot, J.S. & Aranda, M.R.R. 2025. Efficacy of AI-text detection tools in distinguishing student-produced, AI-edited, and AI-generated essays. *Technology, Knowledge and Learning*, :1-17.
- Benarab, I.H. 2024. Detection of AI-generated writing in students' assignments: A Comparative analysis of some tools' reliability. *اطراس*, 5(3), pp. 271-286.
- Deep, P.D. & Chen, Y., 2025. The role of AI in academic writing: Impacts on writing skills, critical thinking, and integrity in higher education. *Societies*, 15(9), p. 247.
- Carstens, A., 2008. A multidirectional model for tertiary-level disciplinary writing. *Journal for Language Teaching*, 42(1):81-97.

- Chaka, C. 2024. Accuracy pecking order – how 30 AI detectors stack up in detecting generative artificial intelligence content in university English L1 and English L2 student essays. *Journal of Applied Learning & Teaching*, 7(1):127-139.
- Coxhead, A. (2000). A new academic word list. *TESOL quarterly*, 34 (2), 213-238.
- Dwivedi, Y.K., Kshetri, N., Hughes, L., Slade, E.L., Jeyaraj, A., Kar, A.K., Baabdullah, A.M., Koohang, A., Raghavan, V., Ahuja, M. & Albanna, H., 2023. So what if ChatGPT wrote it? Multidisciplinary perspectives on opportunities, challenges and implications of generative conversational AI for research, practice and policy. *International Journal of Information Management*, 71(102642), pp. 1-63.
- Fredrick, D.R., Craven, L., Brodtkorb, T. & Eleftheriou, M. 2024. The role of faculty expertise and intuition in distinguishing between AI-generated text and student writing. *English Scholars Beyond Borders*, 10(2):126-150.
- Georgiou, G.P. 2025. Differentiating between human-written and AI-generated texts using automatically extracted linguistic features. *Information*, 16(11):1-15.
- Kearns, L. 2019. The ethics of AI in education. *TechEd Journal*, 27(1):54-61.
- Koizumi, R. 2012. Relationships between text length and lexical diversity measures: Can we use short texts of less than 100 tokens? *Vocabulary learning and instruction*, 1(1), pp. 60-69.
- Kumar, R. & Mindzak, M. 2024. Who wrote this? Detecting artificial intelligence – generated text from human-written text. *Canadian Perspectives on Academic Integrity*, 7(1):1-19.
- Lee, D. 2023. How hard can it be? Testing the reliability of AI detection tools. In Future is Now, Higher Education Research Group (HERGA) conference. Flinders University, Bedford Park, South Australia. September (Vol. 26).
- Sun, Y., Liao, Y. & Ma, X., 2026. Trusting AI to detect AI? A systematic evaluation of the reliability and robustness of current AIGC detection tools for student academic work. *Computers & Education*, p. 105616.
- Ilie, O.A. The ethics of AI-assisted academic writing. Authenticity criteria in the evaluation of students' assignments. In International conference KNOWLEDGE-BASED ORGANIZATION 2025 Jul 5 (Vol. 31, No. 2, pp. 155-158). Nicolae Balcescu Land Forces Academy.
- Malik, A.R., Pratiwi, Y., Andajani, K., Numertayasa, I.W., Suharti, S. & Darwis, A., 2023. Exploring artificial intelligence in academic essay: Higher education student's perspective. *International Journal of Educational Research Open*, 5, p. 100296.
- Miecznikowski, J. & Jacquin, J., 2023. Epistemic and evidential markers in contexts of disagreement. *Journal of Pragmatics*, 213, pp. 4-11.
- Murray, N. & Tersigni, E. 2024. Can instructors detect AI-generated papers?: Postsecondary writing instructor knowledge and perceptions of AI. *Journal of Applied Learning & Teaching*, 7(2):155-167.
- Nanola, E.L., Arroyo, R.L., Hermosura, N.J.T., Ragil, M., Sabanal, J.N.U. & Mendoza, H.B. 2025. Recognizing the artificial: A comparative voice analysis of AI-Generated and L2 undergraduate student-authored academic essays. *System*, 130:103611.
- Panke, S. 2019. Design thinking in education: Perspectives, opportunities and challenges. *Open education studies*, 1(1):281-306.
- Pervaiz, H., Ali, K., Razzaq, S. & Tariq, M. 2025. The impact of AI on critical thinking and writing skills in higher education. *The Critical Review of Social Sciences Studies*, 3(1):3165-3176.
- Rambiritch, A. 2022. Crafting a South African Writing Centre: The value of context-specific, evidence-based practices. In Henaku, N., Habib, A.S. & Namabiru, E.R. (eds.). *Writing Research from the African Continent*. The WAC Clearinghouse: Colorado State University.
- Rambiritch, A. & Pregent, G. Training writing centre consultants to address GenAI use in students' writing: An exploratory framework from transnational partners. In press.
- Text Inspector. 2026. Text Inspector. <https://textinspector.com/> [20 April 2026].
- Turnitin, 2026. Turnitin. <https://guides.turnitin.com/hc/en-us/articles/35885455889421-Blackboard-LTI-1-3-quickstart-guide-turnitin.com> [23 May 2026].
- Wayne, S. & Hendricks, B. 2026. Wicked Problems: Definition, characteristics and examples. Besikbaar: <https://study.com/learn/lesson/wicked-problem-overview-characteristics-examples.html> Datum van gebruik: [April 2026]

- Weber-Wulff, D., Anohina-Naumeca, A., Bjelobaba, S., Foltýnek, T., Guerrero-Dib, J., Popoola, O., Šigut, P. & Waddington, L. 2023. Testing of detection tools for AI-generated text. *International Journal for Educational Integrity*, 19(1):1-39.
- Weideman, A. 2007. A responsible agenda for applied linguistics: confessions of a philosopher. *Per Linguam: a Journal of Language Learning*, 23(2):29-53.

Bewussyn en tegnologiese reproduseerbaarheid: KI, hermeneutiek en bewegende denke

Consciousness and Technological Reproducibility: AI, hermeneutics and moving thinking

PROF. PIETER DUVENAGE

Departement Filosofie

Fakulteit Geesteswetenskappe

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

Suid-Afrika

E-pos: pnjd17@gmail.com

ORCID: <https://orcid.org/0000-0003-1307-4255>



Pieter Duvenage

<p>PIETER DUVENAGE is 'n buitengewone professor in Filosofie aan die Noordwes-Universiteit en emeritus professor in Filosofie aan die Universiteit van die Vrystaat. Hy was van 2011 tot 2018 professor en departementshoof in Filosofie aan die Universiteit van die Vrystaat en van 2019 tot 2024 dekaan van Geesteswetenskappe aan Akademia. Hy is die direkteur van die Instituut vir Filosofie en Samelewing. Sy navorsing fokus op Kritiese Teorie, filosofiese hermeneutiek, politieke en sosiale filosofie, estetika en Suid-Afrikaanse intellektuele geskiedenis. Sy werk ontwikkel bewegende denke as 'n krities-hermeneutiese teorie van oordeel vir 'n veranderende wêreld. Hy is die outeur van meer as 50 geakkrediteerde artikels en sy nuutste boek, <i>Bewegende Denke</i> (Naledi 2025), was op die kortlys vir die Hiemstra-prys.</p>	<p>PIETER DUVENAGE is an extraordinary professor of Philosophy at North-West University and emeritus professor of Philosophy at the University of the Free State. From 2011 to 2018, he was professor and head of the Department of Philosophy at the University of the Free State, and from 2019 to 2024 he served as dean of the Humanities at Akademia. He is the director of the Institute for Philosophy and Society. His research focuses on Critical Theory, philosophical hermeneutics, political and social philosophy, aesthetics, and South African intellectual history. His work develops moving thinking as a critical-hermeneutical theory of judgement for a changing world. He is the author of more than 50 accredited journal articles, and his latest book, <i>Bewegende Denke</i> (Naledi, 2025), was shortlisted for the Hiemstra Prize.</p>
---	---

Datums:		
Ontvang: 2026-05-24	Goedgekeur: 2026-07-28	Gepubliseer: September 2026

ABSTRACT**Consciousness and Technological Reproducibility: AI, hermeneutics and moving thinking**

The rapid development of artificial intelligence (AI), particularly large language models capable of generating coherent language, simulating argumentation and reproducing elements of creative expression, has renewed one of philosophy's oldest questions: What does it mean to be a conscious human being? While contemporary debates on AI often focus on computational capacity, machine learning, prediction and automation, this article argues that the philosophical significance of AI extends far beyond technological innovation. The emergence of AI should be understood as a historical event that compels philosophy to reconsider the nature of human consciousness, interpretation and judgement. Rather than contributing to technical discussions about machine intelligence, the article employs AI as a philosophical prism through which the historical, hermeneutical and normative character of human consciousness can be reinterpreted.

The central thesis is that consciousness cannot adequately be understood in functionalist or computational terms. Human consciousness is neither a static inner faculty nor merely a sophisticated information-processing system. It is a historically constituted process of self-formation, interpretation and responsible judgement that develops through changing relationships with the world, with others and with inherited traditions. The technological reproducibility made possible by AI therefore raises a more fundamental question than whether machines might eventually become conscious. It challenges us to reconsider how human self-understanding itself is historically transformed under new technological conditions.

The argument unfolds through a dialogue between five major philosophical traditions represented by G.W.F. Hegel, Walter Benjamin, Hans-Georg Gadamer, Paul Ricoeur and Jürgen Habermas. Rather than presenting these thinkers as isolated historical figures, the article reconstructs them as successive moments within a broader philosophical development. Each addresses a different dimension of consciousness while simultaneously preparing the conceptual ground for the next stage of the discussion. Together they reveal consciousness not as a fixed substance but as a historically mediated process involving self-understanding, experience, interpretation, communication and judgement.

The discussion begins with Hegel's Phenomenology of Spirit. Against conceptions of intelligence that reduce cognition to calculation or functional performance, Hegel understands consciousness as a dynamic historical movement of self-formation. Consciousness develops through negation, recognition and continual self-transcendence rather than through the accumulation of information alone. The famous dialectic of recognition demonstrates that human identity emerges through reciprocal relations with others rather than through isolated cognitive processes. This Hegelian conception provides an important philosophical criterion for evaluating AI. Although AI systems may successfully simulate linguistic interaction, they do not participate in the historical, normative and existential processes through which human self-consciousness is formed.

The analysis then turns to Walter Benjamin's account of technological reproducibility. Benjamin shifts the discussion from the internal movement of consciousness to the technological transformation of the historical world in which consciousness develops. His analysis of photography and film demonstrates that technology changes not merely cultural artefacts but the very conditions of perception, attention and experience. The contemporary expansion of AI radicalises Benjamin's diagnosis. Language, memory, interpretation and even elements of judgement become technologically mediated and increasingly reproducible. The problem therefore concerns not simply intelligent machines but the historical transformation of human

experience itself. Bernard Stiegler's analysis of digital technologies as externalisations of memory and attention further extends Benjamin's insights by showing how contemporary digital environments increasingly organise human cognition and practical judgement.

The article subsequently develops the hermeneutical perspectives of Gadamer and Ricoeur. If Benjamin explains how technological change transforms experience, philosophical hermeneutics asks how meaning remains possible within these transformed conditions. Gadamer argues that understanding is never the application of neutral methods but always a historically situated event mediated through language, dialogue and tradition. Ricoeur complements this insight by demonstrating that personal identity is narratively constituted through memory, interpretation and temporality. Human consciousness therefore cannot be reduced to syntactic information processing because understanding presupposes historical participation in shared worlds of meaning. AI may manipulate linguistic patterns with extraordinary sophistication, yet it does not inhabit the historical horizons within which meaning, responsibility and self-understanding emerge.

The fourth movement of the article introduces Habermas's theory of communicative action as the normative completion of the preceding discussion. Whereas Hegel emphasises historical self-formation, Benjamin technological mediation, and hermeneutic interpretation, Habermas focuses on the communicative conditions that make responsible public judgement possible. Human communication is not merely the exchange of information but the reciprocal testing of validity claims concerning truth, justice and sincerity. This distinction becomes increasingly significant within digitally mediated societies where algorithmic systems influence public communication, attention and political deliberation. The challenge presented by AI is therefore not only epistemological but also democratic, since technological systems increasingly shape the public sphere within which citizens form judgements and justify collective decisions.

Against both technological reductionism and cultural pessimism, the article concludes by developing the concept of moving thinking (*bewegende denke*). Moving thinking is not proposed as a new philosophical system but as a form of practical wisdom and critical hermeneutics capable of integrating the historical, interpretative and normative insights developed throughout the article. It understands consciousness as an open historical practice of interpretation rather than as either computational functionality or immutable essence. Human beings remain capable of self-critique, reinterpretation and responsible judgement precisely because consciousness is never exhausted by technological reproduction.

The philosophical challenge posed by AI therefore lies neither in celebrating technological progress uncritically nor in retreating into nostalgic conceptions of an allegedly pre-technological humanity. Rather, AI compels us to rethink how historical self-understanding, interpretation, communicative responsibility and practical judgement remain possible within technologically transformed worlds. The future of human consciousness depends not on competing with machines at computation but on preserving those hermeneutical and normative capacities through which human beings continue to interpret, judge and assume responsibility for themselves, for others and for their shared world.

KEYWORDS: Artificial intelligence; Benjamin; consciousness; Critical Theory; Gadamer; Habermas; Hegel; hermeneutics; judgement; Moving Thinking; Ricoeur; technological reproducibility.

TREFWOORDE: Benjamin; bewussyn; bewegende denke; Gadamer; Habermas; hermeneutiek; Hegel; Kritiese Teorie; kunsmatige intelligensie; oordeel; Ricoeur; tegnologiese reproduseerbaarheid.

OPSOMMING

Hierdie artikel ondersoek die vraag na menslike bewussyn in die era van kunsmatige intelligensie (KI). Die vertrekpunt is dat die huidige ontwikkeling van groot taalmodelle en ander vorme van KI nie bloot 'n tegnologiese vernuwing verteenwoordig nie, maar 'n filosofiese uitdaging wat die aard van menslike bewussyn, interpretasie en oordeel opnuut op die agenda plaas. Die artikel argumenteer dat KI minder as 'n tegniese probleem verstaan behoort te word as 'n historiese gebeurtenis waardeur die filosofie genoop word om die hermeneutiese, historiese en normatiewe dimensies van menslike bewussyn te heroorweeg.

Die bespreking reconstrueer hierdie probleem aan die hand van vyf invloedryke denkers. Hegel verstaan bewussyn as 'n historiese proses van selfvorming, erkenning en selfoorskryding waarin die mens deur sy verhouding tot ander en tot die wêreld tot self- en wêreldverstaan kom. Benjamin verskuif die fokus na die tegnologiese transformasie van ervaring en wys hoe moderne media die voorwaardes van waarneming, geheue, aandag en betekenisvorming verander. Gadamer en Ricoeur verdiep hierdie insigte deur te argumenteer dat verstaan altyd histories, taalmatig en hermeneuties bemiddel is, terwyl Habermas die normatiewe dimensie van bewussyn uitwerk deur sy teorie van kommunikatiewe handeling, openbare rede en demokratiese oordeel.

Teenoor reduksionistiese opvattinge wat bewussyn hoofsaaklik as berekening, dataverwerking of algoritmiese funksionaliteit verstaan, voer die artikel aan dat menslike bewussyn 'n historiese praktyk van interpretasie, selfkorreksie en verantwoordelike oordeel bly. Groot taalmodelle kan taal en argumentasie met buitengewone sofistikasie simuleer, maar neem nie deel aan die historiese, hermeneutiese en normatiewe prosesse waardeur betekenis, identiteit en openbare verantwoordelikheid gevorm word nie.

Die artikel sluit af deur die begrip *bewegende denke* te ontwikkel as 'n vorm van praktiese wysheid en kritiese hermeneutiek wat die historiese, interpretatiewe en normatiewe insigte van Hegel, Benjamin, Gadamer, Ricoeur en Habermas integreer. Bewegende denke word nie as 'n nuwe filosofiese sisteem aangebied nie, maar as 'n oop praktyk van self-, wêreld- en intersubjektiewe verstaan waardeur mense nuwe tegnologiese werklikhede krities kan interpreteer sonder om die normatiewe vraag na waarheid, betekenis en verantwoordelike oordeel prys te gee. Die uitdaging van KI lê daarom nie daarin dat masjiene die mens vervang nie, maar dat hulle die mens uitdaag om die historiese aard van bewussyn, interpretasie en oordeel opnuut te deurdink.

Inleiding

Die ontwikkeling van kunsmatige intelligensie (KI) plaas die vraag na menslike bewussyn opnuut sentraal. Wanneer taal, geheue, patroonherkenning en selfs oordeel tegnologies gereproduseer word, ontstaan die vraag of menslike bewussyn uiteindelik tot berekening, dataverwerking of algoritmiese optimalisering reduceerbaar is. Die probleem is nie bloot tegnies nie; dit raak fundamentele vrae oor ervaring, betekenis, interpretasie en verantwoordelike oordeel. Nog belangriker is hoe tegnologie die voorwaardes verander waarbinne mense hulself én hul wêreld verstaan.¹

¹ Vir belangrike hedendaagse besinnings oor KI, digitale kultuur en die transformasie van menslike ervaring, sien onder andere Dreyfus (1992), Logan (2010), Stiegler (2010; 2013), Floridi (2014), Han (2017) en Hui (2016; 2024). Ricoeur se latere gesprek oor die neuro- en kognitiewe wetenskappe, insluitend selfheid, herinnering en bewussyn bly hier ook relevant (Ricoeur en Changeux 2000).

Die opkoms van generatiewe KI gee nuwe aktualiteit aan hierdie probleem. Die vermoë van groot taalmodelle om taal, argumentasie en selfs elemente van kreatiewe uitdrukking te simuleer, dwing die filosofie om opnuut te vra wat onder intelligensie, denke en uiteindelik bewussyn verstaan behoort te word. Die kernprobleem is egter nie of KI reeds oor bewussyn beskik nie – die oorheersende wetenskaplike konsensus ontken dit steeds – maar waarom hierdie tegnologiese ontwikkelinge ons noop om die aard van menslike bewussyn self te heroorweeg (Floridi 2014). Hierdie bespreking lewer nie primêr ’n bydrae tot die tegniese debat oor kunsmatige intelligensie nie; dit gebruik die huidige KI-ontwikkeling as ’n filosofiese prisma waarlangs die historiese aard van menslike bewussyn, interpretasie en oordeel heroorweeg word.

Die huidige generasie groot taalmodelle funksioneer hoofsaaklik deur statistiese patroonherkenning en waarskynlikheidsmodellering binne omvangryke taalversamelings. Hulle genereer antwoorde nie uit wêreldervaring, bedoeling of selfbewussyn nie, maar deur die waarskynlikheidsgebaseerde voorspelling van opeenvolgende linguistiese eenhede (Wolfram 2023; Mollick 2024). Verskeie hedendaagse KI-denkers onderskei tussen sintaktiese intelligensie – die vermoë om simbole volgens formele patrone te manipuleer – en semantiese verstaan, wat wêreldbetrokkenheid, interpretasie en betekenis veronderstel (Floridi 2014). Dreyfus (1992) het reeds lank voor die huidige KI-ontwikkeling geargumenteer dat menslike verstaan nie volledig uit formele reëls of berekenings afgelei kan word nie, omdat dit altyd beliggaamd, situatief en wêreldbetrokke is. Hierdie onderskeid vorm die vertrekpunt van die bespreking.

Op hierdie punt is groter begripsduidelikheid nodig. Begrippe soos intelligensie, denke en bewussyn word dikwels as sinonieme gebruik, terwyl hulle eerder op verskillende, maar nou verweefde momente van menslike self- en wêreldverstaan dui. Die artikel vertrek nie van vaste definisies van hierdie begrippe nie, maar ondersoek hoe hulle in die geskiedenis van die filosofie geleidelik verdiep. Waar intelligensie op die vermoë dui om onderskeidings te tref en patrone te herken, ontwikkel denke die vermoë tot interpretasie en betekenisvorming. Bewussyn dui op die historiese proses waardeur mense hulself én hul wêreld leer verstaan, hul eie denke kan bevraagteken, verantwoord en voortdurend hersien. Die begrippe dui dus nie op afsonderlike domeine nie, maar op verskillende, verdiepende momente van dieselfde historiese proses van self- en wêreldverstaan wat in verantwoordelike oordeel uitmond. Vanuit hierdie perspektief word die vraag na KI nie bloot ’n tegniese nie, maar tegelyk ’n filosofiese vraag na menswees, interpretasie en verantwoordelike oordeel. Die kernprobleem is nie of tegnologie menslike bewussyn kan vervang nie, maar hoe die opkoms van KI ons dwing om die historiese vorming van menslike self- en wêreldverstaan opnuut te deurdink.

Die huidige probleem herinner aan Walter Benjamin se beroemde essay *Das Kunstwerk im Zeitalter seiner technischen Reproduzierbarkeit* (1936), waarin hy toon hoe tegnologiese reproduseerbaarheid die aard van kuns, ervaring en waarneming transformeer (Benjamin 2008). Met KI word hierdie ontwikkeling meer ingrypend: Dit is nie meer slegs kunswerke wat tegnologie gereproduseer word nie, maar toenemend ook taal, geheue, aandag en selfs elemente van bewussyn self. Die vraag na die tegnologiese reproduseerbaarheid van bewussyn raak daarom nie alleen die status van masjiene nie, maar ook die veranderende vorme van menslike ervaring en kennis.

Hierdie bydrae voer aan dat die problematiek nie voldoende begryp kan word vanuit suiwer tegniese of funksionalistiese benaderings tot intelligensie nie. Die vraag na KI vereis ook ’n hermeneutiese verstaan van bewussyn. Vervolgens word Hegel, Walter Benjamin, Hans-Georg Gadamer, Paul Ricoeur en Jürgen Habermas nie bloot histories gerekonstrueer

nie. Die artikel bring hulle met mekaar in gesprek rondom 'n gemeenskaplike vraag: Hoe kan menslike bewussyn in die era van KI verstaan word? Alhoewel die denkers uit verskillende kontekste skryf, deel hulle die insig dat menslike bewussyn altyd reeds 'n historiese vorm van self- en wêreldverstaan is wat deur ervaring, interpretasie, taal en intersubjektiewe verhoudinge bemiddel word.

Hegel verstaan bewussyn as 'n dinamiese proses van selfvorming en erkenning (afdeling 1); Benjamin ondersoek hoe tegnologie die vorme van ervaring en aandag hervorm (afdeling 2); Gadamer en Ricoeur beklemtoon die hermeneutiese aard van verstaan (afdeling 3); en Habermas wys op die normatiewe en kommunikatiewe voorwaardes van demokratiese lewe (afdeling 4). Die artikel verstaan genoemde ontwikkeling nie as 'n opeenvolging van losstaande begrippe nie, maar as verskillende momente in die historiese verdieping van menslike self- en wêreldverstaan – van intelligensie en bewussyn, via ervaring en interpretasie, tot verantwoordelike oordeel. Saam open hierdie perspektiewe 'n kritiese blik op die hedendaagse neiging om bewussyn hoofsaaklik in terme van berekening, optimalisering en tegniese funksionaliteit te verstaan.

Die bydrae argumenteer dat die filosofiese uitdaging van KI nie daarin lê dat dit die mens eenvoudig vervang nie, maar dat dit die vraag na die historiese, hermeneutiese en normatiewe aard van menslike oordeel opnuut op die agenda plaas. Só gesien vereis die uitdaging van KI nie bloot dat tegnologie gekritiseer of gevier word nie, maar dat gevra word hoe betekenisvolle oordeel, herinnering en selfbegrip moontlik bly binne nuwe tegnologiese omgewings.² Juis daarom ontwikkel die slot bewegende denke as die interpretatiewe raamwerk waarbinne hierdie oopheid van menslike oordeel binne 'n tegnologies veranderende wêreld bewaar kan word (afdeling 5).

1. Hegel: bewussyn as beweging, negatiwiteit en historiese selfvorming

Die voorafgaande bespreking het aangedui dat die vraag na kunsmatige intelligensie uitloop op 'n veel ouer filosofiese vraag: Wat beteken dit dat die mens 'n bewuste wese is? Hegel se *Phänomenologie des Geistes* (1807) bied een van die mees invloedryke antwoorde hierop. Bewussyn word by hom nie verstaan as 'n vaste innerlike gegewe nie, maar as 'n historiese beweging waardeur die mens homself, ander en die wêreld leer verstaan. Hegel verskuif die fokus van *wat* bewussyn is na *hoe* mense histories tot bewussyn, selfverstaan en wêreldverstaan kom. Bewussyn is vir hom nie 'n gegewe toestand nie, maar 'n historiese beweging van verstaan.

In die *Phänomenologie* beskryf Hegel bewussyn nie as 'n vaste substansie of innerlike “ding” nie, maar as iets wat voortdurend in beweging is. Teenoor benaderings wat intelligensie reduceer tot funksionaliteit, berekening of mimeese, ontwikkel hy 'n begrip van bewussyn as 'n historiese proses van selfvorming waarin die mens deur sy verhouding tot ander en tot die wêreld geleidelik tot self- en wêreldverstaan kom.³ Die menslike self word wat dit is deur onderskeiding, konflik en selfkorreksie. Negatiwiteit beteken hier nie bloot ontkenning nie,

² Hierdie spanning tussen tegnologiese optimisme en kultuurpessimisme loop deur groot dele van die moderne tegnologie-filosofie, vanaf Heidegger (1977) en McLuhan (1964; 1967) tot meer onlangse debatte oor digitale kultuur en KI. Vir 'n meer populêre verwerking van sommige van McLuhan se insigte, sien Postman (1985).

³ Vir belangrike sekondêre bronne oor Hegel, kyk Taylor (1975), Pippin (1989), Pinkard (1994) en Beiser (2005).

maar die vermoë om afstand van sigself te neem en deur hierdie spanning te transformeer. Bewussyn is dus nie bloot reaksie of nabootsing nie, maar selfbewegende refleksie (Hegel 1977:§§78-87).

Hier tree die sentrale probleem van die artikel na vore. Indien intelligensie hoofsaaklik op funksionele probleemoplossing dui, en denke op interpretasie en betekenisvorming, vra Hegel hoe historiese self- en wêreldverstaan moontlik word. Die KI-debat handel nie bloot oor masjiene wat komplekse take kan verrig nie, maar die historiese beweging waardeur mense hulself, ander en hul wêreld leer verstaan, beoordeel en verander. Teen hierdie agtergrond herinner Hegel ons daaraan dat bewussyn nie bloot inligting verwerk nie, maar deur konflik, erkenning, herinnering en selfkritiek gevorm word. Die menslike self reageer nie slegs op insette nie, maar vorm sigself deur historiese ervaring.

Juis hier raak Hegel aan die filosofiese kern van die huidige KI-debat. Groot taalmodelle kan taal genereer, patrone identifiseer en argumentasie simuleer, maar die beslissende vraag bly of historiese selfvorming self tegnologies reproduseerbaar is. Vir Hegel lê die wese van bewussyn nie in datamanipulasie nie, maar in die vermoë tot selfoorskryding. Die menslike bewussyn val nooit volledig saam met sy onmiddellike toestand of funksie nie; dit kan sigself bevraagteken, transformeer en anders word (Hegel 1977:§§111-177).

Hierdie dinamiek word besonder duidelik in Hegel se analise van selfbewussyn en erkenning (*Anerkennung*). Die self bestaan nie in isolasie nie, maar verstaan sigself slegs in verhouding tot 'n ander selfbewussyn (Hegel 1977:§§178-184). In die heer-en-kneg-dialektiek wys Hegel dat identiteit nie vooraf gegee is nie, maar deur konflik en wederkerige erkenning gevorm word (Hegel 1977:§§185-196). Hierdie onderskeid is van besondere belang vir die KI-debat. KI-stelsels kan taal genereer, interaksie simuleer en emosionele reaksies naboots, maar hulle neem nie deel aan 'n normatiewe stryd om erkenning nie. Daar is geen self wat risiko loop nie. Erkenning is méér as blote interaksie – 'n normatiewe verhouding waarin mense deur mekaar tot selfbegrip kom. Hierdie historiese en wederkerige vorming van oordeel onderskei menslike bewussyn fundamenteel van algoritmiese simulasie.⁴

Hier word die onderskeid tussen simulasie en historiese selfvorming deurslaggewend. KI kan die vorm van gesprek naboots, maar nie die eksistensiële betrokkenheid reproduseer waardeur menslike betekenis ontstaan nie. Die self word gevorm deur eindigheid, konflik, afhanklikheid en verantwoordelikheid – dimensies wat nie eenvoudig in berekenbare data omskep kan word nie.

Teen hierdie agtergrond kan mimeese erken word as 'n moment in menslike ontwikkeling, maar nie as die grondstruktuur van bewussyn nie. Hegel ontken nie dat mense deur opvoeding, kultuur en sosiale praktyke gevorm word nie. Sulke vorme van nabootsing word egter telkens opgehef (*aufgehoben*) in refleksie en normatiewe bemiddeling. Wanneer mimetiese prosesse egter verabsolutiseer word, raak selfoorskryding moeiliker om te begryp. Die mens verskyn dan hoofsaaklik as produk van begeerte, aandag-ekonomieë en simboliese besmetting eerder as 'n wese wat kan leer, oordeel en transformeer.⁵

⁴ Vir die ontwikkeling van erkenning as normatiewe en sosiale kategorie binne die Kritiese Teorie-tradisie, sien Honneth (1995) en Brandom (2019).

⁵ Hier polemiseer ek teen Rossouw (2022) se poging om KI hoofsaaklik in mimetiese terme te interpreteer vanuit René Girard se denke oor begeerte, besmetting en nabootsing. Hoewel hierdie benadering wys op die manipulerende en outomatiserende dinamiek van digitale kultuur, loop dit die gevaar om bewussyn oorwegend reduktief as mimetiese herhaling te verstaan. Vandaar beweeg Rossouw se kritiseerbare alternatief m.i. in die rigting van simboliese besutting en 'n meer premoderne of selfs Middeleeuse normatiewe orde. Vergelyk Girard (1977; 1986).

Hierby sluit Hegel se breër begrip van Gees (*Geist*) aan. Gees dui nie op 'n mistieke substansie nie, maar op die historiese ontwikkeling van normatiewiteit binne instellings, praktyke en kulturele vorme (Hegel 1977:§§438-440). Reg, politiek, kuns, godsdiens en filosofie is almal uitdrukkings van hierdie historiese beweging waardeur mense hul wêreld interpreteer en orden. Bewussyn is dus nooit bloot individueel of innerlik nie, maar altyd reeds ingebed in taal, geskiedenis en institusionele lewe (Hegel 1991:§§142-157; §§257-260). Bewussyn word daarmee ook nie net as 'n individuele vermoë verstaan nie, maar as 'n histories gedeelde praktyk waarin oordeel, betekenis en verantwoordelikheid voortdurend ontwikkel.

Hierdie insig is besonder relevant in 'n tyd waarin KI openbare kommunikasie, kennis-produksie en sosiale interaksie hervorm. Die gevaar is nie dat masjiene “soos mense” begin funksioneer nie, maar eerder dat menslike bewussyn berekend word. Wanneer spoed, optimalisering en voorspelbaarheid die maatstawwe van intelligensie word, ontstaan die versoeking om denke hoofsaaklik tegnies te interpreteer. In Hegeliaanse terme kom dit op 'n vernouing van rasionaliteit neer: Rede word dan funksionaliteit eerder as selfkritiek, normatiewe refleksie en wederkerige erkenning.

Daarmee ontstaan die vraag of historiese selfvorming nog moontlik bly binne 'n wêreld van algoritmiese versnelling en digitale bemiddeling. Hegel herinner ons egter daaraan dat geskiedenis nie bloot tegniese vooruitgang is nie, maar 'n oop proses van selfonderskeiding, konflik en heroriëntering. Tegnologie verander wel die vorme van ervaring, maar hef nie die moontlikheid van oordeel en refleksie op nie.

Nietemin staan Hegel ook nie bo kritiek verhewe nie. Sy filosofie wek soms die indruk dat die historiese beweging van bewussyn uiteindelik in 'n vorm van sistematiese versoening tot rus kom. Hegel se blywende waarde lê minder in hierdie teleologiese aanspraak as in sy fundamentele insig dat menslike bewussyn histories gevorm word deur nuwe vorme van ervaring, interpretasie, erkenning en oordeel. Die fokus verskuif daarmee vanaf die wording van bewussyn na die historiese wêreld waarbinne hierdie wording plaasvind. Juis hierdie verskuiwing vorm Benjamin se vertrekpunt.

2. Walter Benjamin en die tegniese reproduseerbaarheid van die bewussyn

Waar Hegel die historiese beweging van bewussyn reconstrueer, verskuif Walter Benjamin die fokus na die historiese wêreld waarbinne hierdie beweging sig voltrek. Benjamin se belangstelling lê minder in die innerlike wording van bewussyn as by die historiese en tegnologiese wêreld waarbinne mense hulself en hul wêreld ervaar. Benjamin slaan daarmee die beslissende brug tussen Hegel se historiese begrip van Gees en die latere hermeneutiese en kritiese tradisies. Vir die huidige debat oor kunsmatige intelligensie (KI) is hierdie verskuiwing van besondere belang, omdat dit die probleem laat ontstaan hoe tegnologiese verandering die historiese vorming van bewussyn en uiteindelik menslike oordeel beïnvloed.

Benjamin se bekende essay, *Das Kunstwerk im Zeitalter seiner technischen Reproduzierbarkeit* (1936), is veel meer as 'n estetiese besinning oor fotografie en film. Die sentrale argument van die essay is dat tegnologiese reproduseerbaarheid nie bloot kulturele objekte vermenigvuldig nie, maar die historiese modus van ervaring en waarneming self transformeer (Benjamin 2008:20-21). Sy kerninsig is dat tegnologie nie bloot nuwe instrumente of media voortbring nie, maar die historiese wêreld verander waarbinne mense betekenis vorm. Dit verander nie net wat mense ervaar nie; dit verander ook hoe ervaring en oordeel histories gevorm word. Tegniese reproduseerbaarheid verander nie bloot die status van die kunstwerk nie, maar ook die wyse waarop mense hul wêreld beleef. Wanneer kunswerke tegnies gereproduseer kan word, word hulle losgemaak van hul unieke plek, rituele funksie en historiese

ingebedheid. Fotografie en film vernietig die eksklusiewe “hier-en-nou” van die kunswerk en plaas dit binne massasirkulasie en onmiddellike beskikbaarheid.⁶

Benjamin ontwikkel hieruit sy beroemde begrip van die *aura* van die kunswerk. *Aura* verwys nie bloot na mistieke outentisiteit nie, maar na ’n verhouding van afstand, duur, historiese singulariteit en kontemplasie tussen mens en wêreld. Die tradisionele kunswerk dra nog die spore van ritueel, plek en historiese teenwoordigheid. Tegniese reproduseerbaarheid verander egter hierdie verhouding radikaal: Die kunswerk word mobiel, reproduceerbaar en onmiddellik toeganklik. Die verlies van *aura* beteken dus meer as ’n verandering in estetiese ervaring; dit dui op ’n dieper transformasie van ervaring self (Benjamin 2008:22-27).

Benjamin wys vervolgens dat moderne tegnologie nie net verander wat mense sien nie, maar hóé hulle sien. Hierdeur verander nie bloot kulturele inhoud nie, maar ook die sinuïglike en simboliese orde waarbinne mense leef. Waar tradisionele kuns nog ’n mate van vertraging, afstand en kontemplasie veronderstel het, produseer moderne media ’n wêreld van versnelling, voortdurende sirkulasie en gefragmenteerde ervaring. Dinge word losgemaak van hul historiese ingebedheid en binne die ritme van onmiddellike beskikbaarheid tuisgebring. Hiermee verander nie bloot kulturele inhoud nie, maar ook die sinuïglike en simboliese orde waarbinne mense leef.

In die huidige KI-era word hierdie problematiek nog dringender. Dit is nie meer slegs kunswerke wat tegnologies gereproduseer word nie, maar toenemend ook taal, geheue, interpretasie en selfs elemente van bewussyn self. Wanneer taalmodelle gespreke genereer, kreatiewe uitdrukking simuleer en herinnering eksternaliseer, verander die historiese voorwaardes waaronder mense hulself en hul wêreld verstaan. Daarmee ontstaan die vraag nie hoe tegnologie gebruik word nie, maar hoe tegnologie die historiese voorwaardes van ervaring self verander. Wanneer taal, geheue en aandag toenemend tegnologies bemiddel word, verander nie alleen die inhoud van ervaring nie, maar ook die wyse waarop mense hulself en hul wêreld interpreteer en tot verantwoordelike oordeel kom (Stiegler 2015). Hierdie onderskeid is ook belangrik vir die huidige KI-debat. Dat groot taalmodelle sintakties hoogs gesofistikeerde taal kan genereer, impliseer nog nie dat hulle oor semantiese verstaan of historiese gevormde bewussyn beskik nie. Benjamin se vraag na die transformasie van ervaring verskuif die debat juis vanaf blote berekeningsvermoë na die historiese voorwaardes van betekenisvorming.

Benjamin se begrip van verstrooide ontvangs (*zerstreute Rezeption*) is hier besonder belangrik (Benjamin 2008:39-42). Moderne media verander die wyse waarop mense aandag gee. In die plek van kontemplatiewe afstand ontstaan gefragmenteerde, mobiele en voortdurend onderbroke ervaring. Digitale tegnologie en KI verdiep hierdie ontwikkeling verder deur aandag algoritmies te organiseer volgens spoed, personalisering en voortdurende reaksie.⁷ Digitale kennisvloei verander nie bloot wat mense weet nie, maar ook hoe hulle onthou, interpreteer en oordeel. Wanneer denke voortdurend versnel en geoptimaliseer word, raak die stadiger prosesse van selfrefleksie, herinnering en praktiese wysheid moeiliker. Hierdie transformasie van aandag en ervaring het volgens Benjamin ook diep politieke implikasies, aangesien moderne media die moontlikheid skep dat massas deur beeld, affek en spektakel gemobiliseer word sonder werklik kritiese deelname of openbare oorleg. In hierdie opsig waarsku Benjamin (2008:41-42) teen die *estetisering van politiek*.

⁶ Vir invloedryke interpretasies van Benjamin se media- en ervaringsteorie, sien Buck-Morss (1989) en Hansen (2004).

⁷ Vergelyk Han (2017) se kritiek op digitale versnelling, aandag-fragmentasie en die “swerm”-struktuur van hedendaagse digitale kultuur.

Juis hier verdiep Bernard Stiegler Benjamin se diagnose van moderniteit verder. Waar Benjamin hoofsaaklik fokus op die tegniese reproduseerbaarheid van kuns en ervaring, wys Stiegler hoe digitale tegnologie toenemend deel word van die geheue-, aandag- en interpretasiestrukture waardeur mense hulself vorm (Stiegler 2010; 2013; 2015). Tegnologie eksternaliseer nie meer bloot arbeid of produksie nie, maar ook geheue, aandag en interpretasie. Stiegler brei Marx se begrip van proletariserings uit deur te wys hoe digitale tegnologie hierdie menslike vermoëns toenemend organiseer en outomatiseer (Stiegler 2010:29-35; 42-51).

Daarby is nóg Benjamin nóg Stiegler eenvoudig tegnologiese fataliste. Benjamin is nie 'n kultuurpessimis wat bloot nostalgies terugverlang na 'n verlore wêreld van aura en oorspronklikheid nie. Sy argument is veel meer dialekties. Tegniese reproduseerbaarheid vernietig wel sekere tradisionele vorme van ervaring, maar open terselfdertyd nuwe demokratiese moontlikhede (Benjamin 2008:25-26; 40-42). Fotografie en film breek die eksklusiewe status van elite-kultuur oop en maak nuwe vorme van deelname en kollektiewe ervaring moontlik. Moderne media is tegelyk destruktief én emansipatories. Die probleem van tegnologie lê nie daarin dat dit ervaring beëindig nie, maar dat dit nuwe vorme van ervaring voortbring wat weer nuwe vorme van oordeel verg.

Hierdie insig is besonder belangrik vir die vraag na KI. Die kernprobleem van KI lê nie bloot in outomatisering nie, maar in die hervorming van die menslike ervaringswêreld. Wat mense sien, lees, onthou en selfs begeer, word toenemend deur digitale filters en algoritmiese seleksie gestruktureer. Benjamin waarsku juis teen die estetisering van politiek – 'n situasie waarin massas deur beeld, affek en spektakel gemobiliseer word sonder werklik kritiese deelname of openbare oorleg. Hierdie insig resoneer sterk met die huidige digitale kultuur waarin algoritmiese sigbaarheid, emosionele intensiteit en voortdurende reaksie dikwels belangriker raak as waarheid, argument en openbare oordeel.

Desondanks bly tegnologie vir Benjamin histories ambivalent – 'n ruimte van verlies én nuwe moontlikhede. Net so verstaan Stiegler tegnologie as *farmakon*: tegelyk gif en geneesmiddel. Digitale tegnologie kan ervaring vervlak en interpretasie outomatiseer, maar ook nuwe vorme van kreatiwiteit, deelname en kollektiewe intelligensie moontlik maak. Die uitdaging is nie bloot hoe tegnologie beperk moet word nie, maar hoe ruimtes vir oordeel, herinnering en verantwoordelikheid binne tegnologies veranderde omgewings behoue kan bly.

Benjamin se beperking tree egter ook hier na vore. Hy bied 'n briljante diagnose van die transformasie van ervaring, maar 'n minder uitgewerkte teorie van interpretasie, normatiewiteit en openbare regverdiging. Hy wys oortuigend hoe tegnologie ervaring hervorm, maar veel minder hoe betekenis hermeneuties ontstaan en hoe normatiewe oordeel moontlik bly in tegniese samelewings. Die fokus verskuif daarmee vanaf die transformasie van ervaring na die vraag hoe betekenis binne hierdie veranderende ervaringswêreld moontlik bly.

Hier berei Benjamin die weg voor vir filosofiese hermeneutiek en Kritiese Teorie. Gadamer en Ricoeur sal die interpretatiewe en historiese aard van verstaan verder uitwerk, terwyl Habermas die vraag na normatiewe regverdiging en openbare rede sentraal plaas. Indien Benjamin wys hoe tegnologie die vorme van ervaring transformeer, vra hermeneutiek hoe betekenis binne hierdie veranderende wêreld gevorm word, en Habermas onder watter normatiewe voorwaardes openbare oordeel moontlik bly.

Benjamin bly 'n onmisbare denker vir die KI-era. Soos Hegel verstaan hy bewussyn as histories bemiddel, maar sonder die teleologiese vertroue dat geskiedenis tot finale versoening kom. Waar Hegel die historiese wording van bewussyn reconstrueer, wys Benjamin hoe die historiese wêreld waarin hierdie wording plaasvind voortdurend deur tegnologie hervorm word. Die KI-debat word daarmee nie bloot 'n vraag na intelligensie of tegniese vermoë nie,

maar na die historiese transformasie van ervaring, interpretasie en uiteindelik oordeel. Benjamin berei hiermee die hermeneutiese vraag voor: Hoe bly betekenis moontlik wanneer die wêreld van ervaring voortdurend verander?

3. Gadamer, Ricoeur en die hermeneutiese aard van bewussyn

Waar Hegel die historiese wording van bewussyn reconstrueer en Benjamin wys hoe tegnologie ervaring hervorm, ontstaan nou die volgende vraag: Hoe word betekenis binne hierdie veranderende ervaringswêreld moontlik? Hierdie vraag staan sentraal in die filosofiese hermeneutiek van Gadamer en Ricoeur.

Beide Gadamer en Ricoeur verdiep Hegel se begrip van bewussyn en Benjamin se analise van tegnologies bemiddelde ervaring hermeneuties. Die fokus verskuif nou na die vraag hoe betekenis deur taal, tradisie en interpretasie ontstaan. Bewussyn is nie bloot selfbeweging of waarneming nie, maar 'n historiese proses van verstaan waarin taal, tradisie en interpretasie meewerk.

Gadamer se *Wahrheit und Methode* (1960) verteenwoordig een van die belangrikste filosofiese reaksies op die moderne neiging om kennis uitsluitlik in metodiese of wetenskaplike terme te verstaan (Gadamer 2004:3-8). Teenoor die idee dat waarheid hoofsaaklik deur objektiewe prosedures verkry word, argumenteer Gadamer dat verstaan nie die toepassing van 'n metode op 'n objek is nie, maar 'n historiese gebeurtenis waarin die interpreteerder self verander word. Hiermee verander die perspektief vanaf funksionele intelligensie na betekenisvolle verstaan. Verstaan is nie die meganiese verwerking van inligting nie, maar 'n historiese gebeurtenis waarin die interpreteerder self verander word. Die mens verstaan dus nie eers homself en daarna die wêreld nie. Benjamin beskryf die transformasie van ervaring; Gadamer vra hoe betekenis binne hierdie veranderde ervaringswêreld moontlik bly.

Vir Gadamer is verstaan altyd dialogies. Dit beweeg binne wat hy die *hermeneutiese sirkel* noem: die voortdurende wisselwerking tussen voorafverstaan en nuwe betekenis (Gadamer 2004:268-274). Geen interpreteerder begin vanuit 'n neutrale of volledig objektiewe posisie nie. Mense verstaan altyd vanuit historiese voorveronderstellings, tradisies en taalhorisonne wat as *werkingshistoriese bewussyn* (*wirkungsgeschichtliches Bewusstsein*) beskryf word (Gadamer 2004:300-301). Verstaan is dus nooit finaal afgehandel nie; dit bly 'n oop proses van interpretasie, selfkorreksie en hersiening. Hierdie oopheid van verstaan sluit direk aan by die historiese beweeglikheid van bewussyn wat reeds by Hegel en Benjamin sigbaar geword het.

Juis hierdie insig is van besondere belang vir die vraag na KI. Hier tree die verskil tussen algoritmiese verwerking en hermeneutiese verstaan besonder duidelik na vore. KI-stelsels funksioneer deur patroonherkenning en statistiese waarskynlikhede en manipuleer sintaktiese patrone met buitengewone doeltreffendheid, maar juis daarom ontstaan die vraag of sodanige verwerking reeds semantiese verstaan impliseer. Soos Dreyfus reeds geargumenteer het, vereis menslike verstaan altyd beliggaamde en wêreldbetrokke deelname (Dreyfus 1992). Gadamer radikaliseer hierdie insig deur te wys dat verstaan nie bloot uit reëls of data voortvloei nie, maar uit historiese deelname aan 'n gedeelde wêreld van betekenis. Verstaan vereis historiese betrokkenheid, taalmatige bemiddeling en deelname aan 'n gedeelde betekeniswêreld. Taal is vir Gadamer nie bloot 'n instrument of databasis nie, maar die medium waarin wêreld en self ontsluit word. Sy bekende formulering – “Sein, das verstanden werden kann, ist Sprache” – dui daarop dat menslike bestaan self hermeneuties gestruktureer is (Gadamer 2004:470).

Die beperking van KI lê nie daarin dat dit taal gebruik nie, maar dat dit nie aan die historiese wording van betekenis deelneem nie. KI gebruik taal hoofsaaklik as data; hermeneutiese verstaan beleef taal as *wêreldontsluiting*.⁸ KI kan sintaktiese patrone manipuleer, maar neem nie deel aan 'n historiese tradisie waarin betekenis op die spel nie. Daar is geen historiese self wat deur interpretasie verander word nie; geen ervaring van eindigheid, skuld, verlies of verantwoordelikheid nie.

Benjamin wys hoe tegnologie ervaring verander; Gadamer voeg daaraan toe dat hierdie transformasie ook die voorwaardes van verstaan raak. Verstaan vereis tyd, gesprek en interpretatiewe vertraging – presies dié dimensies wat maklik onder druk kom in 'n digitale kultuur van onmiddellike reaksie.

Gadamer is ook nie 'n kultuurpessimis nie. Hy glo nie dat moderniteit of tegnologie die moontlikheid van verstaan vernietig nie. Sy filosofie berus eerder op die idee dat verstaan altyd 'n gebeurtenis van gesprek (*Gespräch*) bly (Gadamer 2004:361-379). Selfs binne historiese en tegnologiese veranderinge bly die moontlikheid van betekenisvolle dialoog oop. Hierdie openheid is belangrik vir die argument van hierdie artikel, omdat dit 'n alternatief bied vir sowel tegnologiese optimisme as apokaliptiese tegnologiekritiek. Die vraag is nie hoe om na 'n pre-tegnologiese bewussyn terug te keer nie, maar hoe ruimtes vir interpretasie, gesprek en oordeel binne tegnologies veranderde omgewings behoue kan bly.

Paul Ricoeur verdiep hierdie hermeneutiese perspektief deur groter aandag te gee aan narratief, tyd en selfverhouding. Waar Gadamer klem lê op taal, tradisie en gesprek, wys Ricoeur hoe mense hulself verstaan deur verhale wat oor tyd gevorm en herinterpreteer word (Ricoeur 1984:52-87; 1992:140-168). Identiteit is nie 'n vaste kern nie, maar 'n narratiewe proses waarin die self voortdurend sigself hervetel (Ricoeur 1988:244-274). Hier bring Ricoeur Hegel se historiese selfvorming en Benjamin se veranderende ervaringswêreld bymekaar in 'n hermeneutiek van narratiewe identiteit. Selfverstaan is dus altyd terselfdertyd wêreldverstaan, aangesien mense hul identiteit slegs binne 'n gedeelde historiese en simboliese wêreld kan interpreteer.

Hierdie perspektief is besonder relevant in die konteks van KI. Algoritmiese stelsels reduceer mense maklik tot dataprofiële, gedragspatrone en voorspellende modelle. Ricoeur herinner ons egter daaraan dat menslike lewe nie volledig in sulke patrone opgeneem kan word nie. Die menslike self bly narratief oop, histories veranderlik en normatief aanspreekbaar; dit verstaan sigself deur herinnering, ervaring en verwagting eerder as deur data alleen.

Ricoeur se werk oor herinnering en tyd word hier besonder belangrik. KI funksioneer grootliks deur onmiddellike beskikbaarheid en voortdurende verwerking, terwyl menslike selfverstaan histories ontvou deur herinnering, wagtyd, verlies en herinterpretasie (Ricoeur 2004:4-26). Betekenis ontstaan nie lineêr of berekenbaar nie, maar hermeneuties deur die interpretasie van tyd.

Hierdie insig raak direk aan die transformasie van menswees in die KI-era. Digitale tegnologie versnel nie bloot kommunikasie nie, maar verander ook die temporele ritmes waarbinne betekenis gevorm word. Hier sluit Hartmut Rosa se analise van sosiale versnelling aan: Tegnologiese versnelling plaas die moontlikheid van resonante wêreldverhoudings onder druk (Rosa 2013:221-247).

⁸ Gadamer se begrip van verstaan as *wêreldontsluiting* sluit nou aan by Heidegger se ontologiese hermeneutiek waarin menslike bestaan altyd reeds as “in-die-wêreld-wees” verstaan word (Heidegger 1962).

Ricoeur se idee van “tweede naïwiteit” is hier ook belangrik. Ná kritiese distansiëring word ’n nuwe toe-eiening van betekenis moontlik (Ricoeur 1967:347-357). Hierdie beweging resoneer met bewegende denke: kritiek is noodsaaklik, maar onvoldoende; die uitdaging is om betekenis ná kritiek te herwin sonder om terug te val in dogma of nostalgiese simboliese beskutting. Ricoeur poog, net soos Benjamin, om ’n weg te vind tussen naïewe optimisme en totale verval. Hermeneutiek aanvaar die historiese en tegnologiese veranderlikheid van ervaring, maar hou vol dat betekenis nooit volledig deur tegniese sisteme uitgeput kan word nie.

Hiermee vorm Gadamer en Ricoeur die beslissende oorgang na Habermas. Waar hermeneutiek die historiese, taalmatige en interpretatiewe aard van bewussyn beklemtoon, vra Habermas hoe sodanige verstaan ook normatief verantwoord en openbaar geregverdig kan word. Die fokus verskuif nou van verstaan na regverdiging.

Hermeneutiek lê reeds die grondslag vir bewegende denke: Verstaan is nooit finaal afgehandel nie, maar bly histories in beweging deur interpretasie, selfkorreksie en gesprek. Daarmee word Habermas se normatiewe vraag reeds voorberei: Hoe kan sodanige verstaan ook normatief binne die openbare sfeer verantwoord word?

4. Habermas: kommunikatiewe handeling en kunsmatige intelligensie

In die voorafgaande afdelings het ’n bepaalde argumentatiewe beweging ontvou. By Hegel is bewussyn verstaan as ’n historiese en selfbewegende proses van erkenning en normatiewe selfvorming. Benjamin het gewys hoe tegnologie die vorme van ervaring, aandag en waarneming beïnvloed, terwyl Gadamer en Ricoeur meen dat verstaan altyd taalmatig, histories en interpretatief bemiddel is. Juis hier ontstaan die beslissende vraag: Hoe bly normatiwiteit, openbare geldigheid en demokratiese oordeel moontlik binne ’n historiese en tegnologiese bemiddelde wêreld? Presies op hierdie punt word Habermas onontbeerlik. Sy begrip van die openbare sfeer en kommunikatiewe handeling probeer hierdie vraag beantwoord sonder om terug te val in óf metafisiese fundamentalisme óf kultuurpessimistiese onttrekking.

Habermas se *Theorie des kommunikativen Handelns* (1981) vertrek vanuit twee nou verweefde probleme: Hoe moderne samelewings normatief geïntegreer kan bly te midde van funksionele differensiasie en tegniese rasionalisering, én hoe rede teen reduksie tot instrumentele berekening beskerm kan word. Hierdie dubbele uitdaging bring Habermas in gesprek met sowel die eerste generasie Kritiese Teorie as met hermeneutiese denkers.

Teenoor Horkheimer en Adorno se donker diagnose van die *Dialektiek van Verligting* hou Habermas vol dat moderniteit steeds normatiewe moontlikhede bevat wat in taal, argumentasie en demokratiese praktyke opgesluit lê. Redelikheid is nie slegs instrumentele berekening nie, maar ook kommunikatief: dit ontstaan daar waar mense deur taal wedersydse begrip en normatiewe regverdiging nastreef (Habermas 1981 II:555-562).

Kommunikatiewe handeling ontstaan wanneer mense nie bloot strategies optree nie, maar deur argumentasie wedersydse verstaan (*Verständigung*) probeer bereik (Habermas 1981 I:7-11; 439). Kommunikasie behels gevolglik geldigheidsaansprake op waarheid, normatiewe geregtigheid en subjektiewe opregtheid wat deur ander bevraagteken en geregverdig kan word. Habermas sluit by Gadamer aan deur te erken dat verstaan histories en taalmatig bemiddel is. Anders as Gadamer beklemtoon hy egter dat verstaan alleen nie geregtigheid of emansipasie waarborg nie. Om dié rede moet hermeneutiese verstaan aangevul word deur die moontlikheid van kritiek en normatiewe regverdiging (Habermas 1988:143-170). Hieruit ontwikkel Haber-

mas se teorie waarin taal nie bloot die medium van tradisie is nie, maar ook die ruimte waarin geldigheidsaansprake krities getoets kan word.⁹

KI kan taal, gesprek en argumentasie oortuigend simuleer, maar neem nie deel aan kommunikatiewe rede in Habermas se sin nie. Kommunikatiewe handeling veronderstel nie bloot grammatikaal korrekte taal nie, maar deelnemers wat geldigheidsaansprake kan maak, motiveer en krities beoordeel (Habermas 1981 I:126-151; 410-427). Presies hier lê die fundamentele grens van KI. Al kan dit die vorm van argumentasie simuleer, kan dit nie geldigheidsaansprake maak nie. Die probleem is nie bloot verkeerde inligting nie, maar die indruk dat kommunikasie self tegniese funksionering word. Vanuit Habermas se perspektief sou dit daarop neerkom dat kommunikatiewe rede tot instrumentele rede gereduseer word.

Op dié punt word Habermas se bekende onderskeid tussen lewenswêreld (*Lebenswelt*) en sisteem belangrik. Die lewenswêreld dui op die alledaagse ruimte van gedeelde betekenis, kulturele oordrag en intersubjektiewe begrip. Die gedeelde lewenswêreld vorm juis die historiese ruimte waarbinne oordeel, verantwoordelikheid en demokratiese selfbegrip ontwikkel. Dit is die wêreld waarin mense deur taal, tradisie en sosiale praktyke normatief geïntegreer word. Die sisteem daarenteen verwys na die funksionele domeine van moderne samelewings – veral die mark en staatsburokrasie – wat volgens instrumentele media soos geld en mag funksioneer (Habermas 1981 II:171-293). Die lewenswêreld is dus nie bloot die agtergrond van kommunikasie nie, maar die gedeelde historiese ruimte waarbinne self- en wêreldverstaan voortdurend deur gesprek, konflik en versoening verdiep word.

Habermas se kommer is dat sistemiese logikas die lewenswêreld begin koloniseer.¹⁰ Wanneer ekonomiese, administratiewe en tegniese rasionaliteit die ruimtes van intermenslike betekenisvorming oorheers, word die vermoë tot kommunikatiewe oordeel beskadig (Habermas 1981 II:477-488). Hierdie diagnose is vandag besonder relevant vir die digitale samelewing, waar algoritmiese platforms kommunikasie toenemend rondom optimalisering, sigbaarheid en data-ekstraksie organiseer eerder as wedersydse begrip.

Waar Benjamin reeds gewaarsku het teen die *estetisering van politiek* deur moderne massamedia, ontstaan daar nou die verdere gevaar van 'n algoritmiese transformasie van die openbare sfeer self. Die gevaar van KI lê dus nie bloot in tegniese outomatisering nie, maar in die moontlikheid dat openbare deliberasie vervang word deur algoritmiese bestuur, gedragsvoorspelling en teknokratiese besluitneming.

Hier raak die vraag na menswees 'n politieke vraag. Demokratiese samelewings berus nie bloot op administratiewe doeltreffendheid nie, maar op die vermoë van burgers om deur openbare argumentasie oor waarheid, geregtigheid en die gemene goeie te besin. Wanneer kommunikasie toenemend deur algoritmiese filters en aandag-ekonomieë gestruktureer word, kom die openbare sfeer onder druk. Die probleem van KI is daarom nie slegs epistemies of tegnologies nie, maar diep demokraties en normatief.

⁹ Habermas se debat met Gadamer vorm een van die sentrale filosofiese gesprekke van die laat twintigste eeu oor die verhouding tussen tradisie, verstaan en kritiek. Waar Gadamer die historiese en linguïstiese bemiddeling van verstaan beklemtoon, voer Habermas aan dat hermeneutiek alleen onvoldoende is indien dit nie ook die moontlikheid van ideologiekritiek, sistemiese vervorming en emansipatoriese refleksie verreken nie. Vir die klassieke debat, sien Gadamer (2004:268-307; 361-379) en Habermas (1988:143-170). Vir verdere interpretasie van die debat, sien Duvenage (2025b).

¹⁰ Habermas se begrip van die “kolonisering van die lewenswêreld” beskryf die proses waardeur sistemiese logikas van mark, administrasie en instrumentele rasionaliteit die ruimtes van alledaagse betekenisvorming begin oorheers (Habermas 1987).

Habermas is, soos Benjamin, Gadamer en Ricoeur, eweneens nie 'n tegnologiese fatalis nie. Die kernprobleem, vir hom, is eerder onder watter normatiewe en institusionele voorwaardes tegnologie ingebed word. Habermas se antwoord lê in die idee van oorlegplegende (deliberatiewe) demokrasie en openbare rede. Demokratiese legitimiteit uiteindelik nie bloot bestaan uit administratiewe doeltreffendheid nie, maar uit prosesse van openbare argumentasie tussen vrye en gelyke burgers (Habermas 1996:287-328, 349-387). Soos Seyla Benhabib uitwys, vereis demokratiese moderniteit voortdurende prosesse van publieke self-interpretasie waarin identiteit, pluraliteit en normatiewe aansprake telkens heronderhandel word (Benhabib 1992:89-120).

Hier word terselfdertyd die beperking van sowel tegnologiese optimisme as kultuurpessimistiese onttrekking duidelik. Aan die een kant kan KI nie bloot as neutrale vooruitgang beskou word nie, omdat dit die strukture van kommunikasie en openbare rede verander. Aan die ander kant is nostalgiese beskutting onvoldoende, omdat moderne samelewings steeds demokratiese en institusionele bemiddeling vereis. Die antwoord op KI kan dus nie bloot tegniese regulering of simboliese onttrekking wees nie; dit vereis 'n verdieping van kommunikatiewe praktyke, onderskeidingsvermoë en openbare verantwoordelikheid.

Habermas se teorie toon egter ook beperkinge. Sy klem op prosedurele argumentasie onderskat soms die historiese, simboliese en affektiewe dimensies van bewussyn wat reeds by Benjamin, Gadamer en Ricoeur sterker beklemtoon is. Kommunikatiewe rede alleen begryp nie die volle rykdom van menslike ervaring nie. Menslike oordeel word immers nie alleen deur prosedurele argumentasie gevorm nie, maar ook deur historiese herinnering, narratief, simboliese verbeelding en die ervaring van eindigheid.

Hier word die samehang van die artikel duidelik sigbaar. Indien Hegel wys dat bewussyn histories beweeg, Benjamin dat ervaring tegnologies hervorm word, en hermeneutiek dat verstaan interpretatief bemiddel is, herinner Habermas ons daaraan dat menslike samelewings uiteindelik afhanklik bly van die vermoë om redes aan mekaar te gee en normatief aanspreeklik te wees. Habermas bring daarmee die normatiewe dimensie na vore wat nog implisiet by Hegel, Benjamin en hermeneutiek aanwesig was.

Habermas voltooi daarmee nie die argument nie, maar bring dit by sy beslissende normatiewe vraag uit: Hoe kan verantwoordelike oordeel binne 'n tegnologies veranderende wêreld steeds openbaar geregverdig word? Vanuit hierdie vraag word bewegende denke in die slot ontwikkel as 'n poging om die historiese, hermeneutiese én normatiewe insigte van die voorafgaande bespreking in een interpretatiewe raamwerk saam te dink.

5. Bewegende denke: bewussyn, oordeel en die oopheid van die menslike

Die voorafgaande afdelings het 'n gemeenskaplike vraag vanuit verskillende filosofiese perspektiewe belig: Hoe moet menslike bewussyn verstaan word in 'n era waarin denke toenemend tegnologies bemiddel, versnel en gereproduseer word? Hegel, Benjamin, Gadamer, Ricoeur en Habermas bied nie afsonderlike antwoorde nie, maar opeenvolgende vertolkings van dieselfde probleem.

Bewegende denke voeg nie 'n nuwe filosofiese sisteem by hierdie tradisie nie, maar probeer die gesprek tussen hierdie denkers voortsit. Dit verstaan denke as 'n histories oop praktyk van self-, wêreld- en intersubjektiewe verstaan waarin interpretasie, kritiek en verantwoordelike oordeel voortdurend hervorm word.

Hieruit volg die sentrale intuïsie van bewegende denke: Menslike bewussyn kan nie volledig begryp word as óf tegniese funksionaliteit óf mimetiese herhaling nie. Bewussyn is

nie bloot 'n berekenende sisteem nie, maar ook nie 'n suiwer innerlike essensie wat teen tegnologie beskerm moet word nie. Dit is 'n historiese praktyk van interpretasie, selfkorreksie en normatiewe oriëntasie binne veranderende wêreldverhoudings.

Teen hierdie agtergrond word die idee van bewegende denke verder gekonkretiseer. Dit dui nie op 'n nuwe sisteem of finale metodologie nie, maar op 'n praktyk van oordeel binne histories en tegnologies bemiddelde werklikhede. Bewegende denke weier om in vaste teenstellings vas te val – tussen mens en masjien, tegnologie en betekenis, rede en ervaring, kritiek en tradisie – en probeer dit juis vanuit hierdie spanninge dink.¹¹

Die sentrale intuïsie van bewegende denke is dat sowel bewussyn as werklikheid histories en interpretatief oop bly. Werklikheid is nie 'n statiese objek wat volledig bereken of beheer kan word nie, maar 'n oop betekeniswêreld waarin nuwe onderskeiding, selfkorreksie en oordeel moontlik bly. Hierdie oopheid impliseer nie relativisme nie, maar juis dat waarheid nooit volledig deur enige finale interpretasie uitgeput word nie.

Hier sluit bewegende denke aan by Hegel se intuïsie dat bewussyn beweging is, sonder om hierdie beweging as finale teleologiese versoening te verstaan. Tegnologiese versnelling herinner juis daaraan dat bewussyn eindig, kwesbaar en onafgesluit bly en daarom voortdurend oop is vir selfkritiek en nuwe vorme van oordeel.

Benjamin se bydrae word hier deurslaggewend. Hy wys dat tegnologie nie bloot instrumenteel is nie, maar die vorme van ervaring, aandag en waarneming self herstruktureer. Die KI-era bevestig hierdie insig ingrypend: taal, geheue, interpretasie en selfs elemente van oordeel word tegnologies gereproduseer. Wat op die spel is, is die historiese transformasie van menslike ervaring self.

Teen hierdie reduksie van bewussyn tot berekening hou bewegende denke vol dat menslike ervaring nie volledig tot algoritmiese verwerking herlei kan word nie. Verstaan vereis historiese betrokkenheid én deelname aan 'n gedeelde betekeniswêreld. Gadamer en Ricoeur wys dat betekenis deur taal, narratief en herinnering ontsluit word – iets waaraan KI, ondanks sy vermoë om taal te simuleer, nie self deelneem nie.¹²

Habermas herinner ons daaraan dat moderne samelewings uiteindelik afhanklik bly van die vermoë om redes aan mekaar te gee en normatief aanspreeklik te wees. In 'n tyd waarin openbare kommunikasie toenemend algoritmies gestruktureer word, word die vraag na openbare rede en verantwoordelike oordeel des te dringender. Bewegende denke probeer juis die historiese, interpretatiewe en normatiewe dimensies van bewussyn saam dink sonder om hulle tot een beginsel te reduseer.

Die vraag na KI lei ons terug na die klassieke filosofiese vraag na menswees: Wat beteken dit om te dink, te verstaan, te oordeel en verantwoordelik te wees binne 'n wêreld waarin denke toenemend tegnologies gereproduseer word? Die antwoord lê nie in tegnologiese utopieë of nostalgiese onttrekking nie, maar in 'n vorm van praktiese wysheid en kritiese hermeneutiek wat histories beweeglik genoeg is om nuwe tegnologiese werklikhede te interpreteer sonder om die normatiewe vraag na waarheid, betekenis en verantwoordelikheid prys te gee.

¹¹ Oor “bewegende denke”, sien Duvenage (2025a), waar praktiese wysheid, kritiese hermeneutiek en historiese beweging in gesprek gebring word met Aristoteles, Hegel, Heidegger, Gadamer, Ricoeur en Habermas.

¹² Die idee van 'n histories bewegende werklikheid sluit gedeeltelik aan by hermeneutiese en post-Hegeliaanse ontologieë waarin werklikheid nie as statiese objek verstaan word nie, maar as histories ontsluitende betekeniswêreld.

Die uitdaging van KI is nie dat tegnologie die mens vervang nie, maar dat dit ons dwing om weer te vra hoe selfverstaan, wêreldverstaan en verantwoordelike oordeel binne 'n histories veranderende wêreld moontlik bly. Bewegende denke wil hierdie oop ruimte van praktiese wysheid, kritiese hermeneutiek en demokratiese gesprek bewaar, omdat geen tegnologiese ontwikkeling die menslike verantwoordelikheid om te interpreteer, te oordeel en betekenis te vorm kan vervang nie.

BRONNE

- Beiser, F.C. 2005. *Hegel*. New York: Routledge.
- Benhabib, S. 1992. *Situating the Self: Gender, Community and Postmodernism in Contemporary Ethics*. Cambridge: Polity Press.
- Benjamin, W. 2008 (1936). *The Work of Art in the Age of Its Technological Reproducibility*. In: M. Jennings, M. Doherty; T. Levin, (reds.): *The Work of Art in the Age of Its Technological Reproducibility and Other Writings on Media*. (pp. 19-55.) Vert. E Jephcott e.a. Cambridge, MA: Harvard University Press.
- Brandom, R.B. 2019. *A Spirit of Trust: A Reading of Hegel's Phenomenology*. Cambridge, MA: Harvard University Press.
- Buck-Morss, S. 1989. *The Dialectics of Seeing: Walter Benjamin and the Arcades Project*. Cambridge, MA: MIT Press.
- Dreyfus, H.L. 1992. *What Computers Still Can't Do*. Cambridge, MA: MIT Press.
- Duvenage, P. 2025a. *Bewegende denke: Praktiese wysheid en kritiese hermeneutiek in onstuimige tye*. Gansbaai: Naledi.
- Duvenage, P. 2025b. "The tradition of critique and the critique of tradition: Some ethical perspectives." *Journal of Interdisciplinary Ethical Research* 1(1), a19. <https://doi.org/10.4102/jier.v1i1.19>
- Floridi, L. 2014. *The Fourth Revolution: How the Infosphere is Reshaping Human Reality*. Oxford: Oxford University Press.
- Gadamer, H.-G. 2004 (1960). *Truth and Method*. Trans. J. Weinsheimer & D.G. Marshall. Londen: Continuum.
- Girard, R. 1977. *Violence and the Sacred*. Trans. P. Gregory. Baltimore: Johns Hopkins University Press.
- Girard, R. 1986. *The Scapegoat*. Trans. Y. Freccero. Baltimore: Johns Hopkins University Press.
- Hansen, M.B.N. 2004. *New Philosophy for New Media*. Cambridge, MA: MIT Press.
- Habermas, J. 1981. *Theorie des kommunikativen Handelns. Band I-II*. Frankfurt am Main: Suhrkamp.
- Habermas, J. 1988 (1967). *On the Logic of the Social Sciences*. Vert. S.W. NicholSEN, J.A. Stark. Cambridge: Polity Press.
- Habermas, J. 1989 (1962). *The Structural Transformation of the Public Sphere*. Vert. T. Burger, F. Lawrence. Cambridge: Polity Press.
- Habermas, J. 1996 (1992). *Between Facts and Norms*. Trans. W. Rehg. Cambridge: Polity Press.
- Han, B.-C. 2017. *In the Swarm: Digital Prospects*. Cambridge, MA: MIT Press.
- Hegel, G.W.F. 1977 (1807). *Phenomenology of Spirit*. Vert. A.V. Miller. Oxford: Oxford University Press.
- Hegel, G.W.F. 1991 (1821). *Elements of the Philosophy of Right*. Vert. H.B. Nisbet. Cambridge: Cambridge University Press.
- Heidegger, M. 1962 (1927). *Being and Time*. Trans. J. Macquarrie & E. Robinson. Oxford: Blackwell.
- Heidegger, M. 1977 (1954). *The Question Concerning Technology*. In: *The Question Concerning Technology and Other Essays*. New York: Harper & Row.
- Hui, Y. 2016. *The Question Concerning Technology in China: An Essay in Cosmotechnics*. Falmouth: Urbanomic.
- Hui, Y. 2024. *Machine and Sovereignty*. Minneapolis: University of Minnesota Press.
- Honneth, A. 1995. *The Struggle for Recognition: The Moral Grammar of Social Conflicts*. Vert. J. Anderson. Cambridge: Polity Press.
- Logan, R.K. (2010). *Understanding New Media: Extending Marshall McLuhan*. New York: Peter Lang.
- McLuhan, M. (1964). *Understanding Media: The Extensions of Man*. New York: McGraw-Hill.

- McLuhan, M. & Fiore, Q. (1967). *The Medium is the Massage*. New York: Bantam.
- Mollick, E. 2024. *Co-Intelligence: Living and Working with AI*. New York: Portfolio.
- Pinkard, T. 1994. *Hegel's Phenomenology: The Sociality of Reason*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Pippin, R.B. 1989. *Hegel's Idealism: The Satisfactions of Self-Consciousness*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Postman, N. 1985. *Amusing Ourselves to Death*. New York: Penguin.
- Ricoeur, P., 1967. *The Symbolism of Evil*. Vert. E. Buchanan. Boston: Beacon Press.
- Ricoeur, P., 1984. *Time and Narrative. Volume 1*. Vert. K. McLaughlin, D. Pellauer. Chicago: University of Chicago Press.
- Ricoeur, P., 1988. *Time and Narrative. Volume 3*. Vert. K. Blamey, D. Pellauer. Chicago: University of Chicago Press.
- Ricoeur, P. 1992. *Oneself as Another*. Trans. K. Blamey. Chicago: University of Chicago Press.
- Ricoeur, P., 2004. *Memory, History, Forgetting*. Vert. K. Blamey; D. Pellauer. Chicago: University of Chicago Press.
- Ricoeur, P.; Changeux, J.-P. 2000. *What Makes Us Think? A Neuroscientist and a Philosopher Argue about Ethics, Human Nature, and the Brain*. Princeton: Princeton University Press.
- Rosa, H. 2013. *Social Acceleration: A New Theory of Modernity*. Vert. J. Trejo-Mathys. New York: Columbia University Press.
- Rossouw, J. 2022. Die industrialisering van mimeese: In gesprek met die denke van René Girard en Bernard Stiegler oor outomatisering. *LitNet Akademies*, 19(1):138-161.
- Stiegler, B. 2010. *For a New Critique of Political Economy*. Cambridge: Polity Press.
- Stiegler, B. 2013. *What Makes Life Worth Living: On Pharmacology*. Cambridge: Polity Press.
- Stiegler, B. 2015. *The Automatic Society, Volume 1: The Future of Work*. Cambridge: Polity.
- Taylor, C. 1975. *Hegel*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Wolfram, S. 2023. *What Is ChatGPT Doing ... and Why Does It Work?* Champaign, IL: Wolfram Media.

Kunsmatige Intelligensie (KI), menslikheid, estetiese opvoeding en werklikheid

Artificial Intelligence (AI), being-human, aesthetic education and reality

BERT OLIVIER

Departement Filosofie en Klassieke Kultuur

Universiteit van die Vrystaat

Suid-Afrika

Epos: OlivierG1@ufs.ac.za; bertzaza@yahoo.co.uk

ORCID: <https://orcid.org/0000-0002-3138-1948>



Bert Olivier

BERT OLIVIER is ereprofessor in Filosofie aan die Universiteit van die Vrystaat, Suid-Afrika. Sy werk is interdisiplinêr en sy publikasies omvat akademiese artikels en boeke oor 'n breë verskeidenheid van dissiplines soos filosofie, kuns-teorie, argitektuur, letterkunde, psigoanalitiese teorie, flimkuns, kommunikasiestudies en sosiale teorie. In 2004 is die Stalsprys vir Filosofie deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns aan Bert toegeken, terwyl die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit in 2012 'n Uitsonderlike Professorskap aan hom toegeken het. Hy is ook 'n NNS-gegradeerde navorser, en sy publikasies in populêre media strek oor 'n uitgebreide gebied wat filosofiese, kulturele en sosiopolitieke sake insluit.

BERT OLIVIER'S principal position is that of Honorary Professor of Philosophy at the University of the Free State, South Africa. His work is inter-disciplinary and he has published academic articles and books across a wide variety of disciplines, including philosophy, art theory, architecture, literature, psychoanalytic theory, cinema, communication studies and social theory. Bert received the South African Stals Prize for Philosophy in 2004 from the South African Academy for Science and Art, and a Distinguished Professorship from Nelson Mandela Metropolitan University in 2012. He is also an NRF-rated researcher, and has written extensively in popular media on philosophical, cultural and sociopolitical issues, among others.

ABSTRACT

Artificial Intelligence (AI), being-human, aesthetic education and reality

This article is partly aimed at elaborating on the fundamental ontological differences between humans and AI. The most obvious difference is that AI is dependent upon being pre-programmed with a colossal database, in addition to which it has access to the internet, to be able to update its database and to communicate with users who pose questions to it. Answers to these questions are formulated predictively via pattern recognition, in contrast with the manner in which humans communicate. The latter, in addition to sometimes depending on access to the internet, fundamentally enjoys direct, spatiotemporal, sensory perception of the real world, which AI,

Datums:

Ontvang: 2026-06-03

Goedgekeur: 2026-07-13

Gepubliseer: September 2026

being disembodied, lacks in principle. Other such ontological differences include what Arendt calls the “natality” and “plurality” characteristic of the human condition, which disembodied AI also lacks for obvious reasons, as well as the capacity for rebellion or revolt, pointed out by Camus and Kristeva, respectively. Given the famous chess victory of supercomputer, “Deep Blue”, over the world chess champion, Garry Kasparov, which led to pessimism about the triumph of the machine over a human being, the significance of the computer’s engineers celebrating the success of their AI creation, which could not itself celebrate, is explored, before focusing on the relevance of science fiction cinema for understanding the ontological distinctiveness of AI. Attention is given to Spielberg’s film, *AI – Artificial Intelligence*, and Alex Proyas’s *I, Robot*, in both of which one finds a challenge to AI developers aiming to create a perfect human simulation. In the former this challenge can be articulated in Lacanian terms, that is, it assumes the form of narratively articulating the condition of the possibility of being a human being, to wit, not simply being able to love someone, but the desire to be loved. *I, Robot*, in turn, demonstrates in fictional terms the truth of the Kantian and Freudian principle, that one’s humanness is beyond doubt when you are capable of guilt and remorse for having contravened an ethical principle, in this case, the imperative, not to kill, in its most trenchant and consequential form, namely, parricide. The ontological specificity of AI is further explored via relevant fictional works – namely, science fiction novels and film – with analytical scrutiny of Jonze’s *Her*, Gibson’s *Agency*, and Brown’s *Origin*. This is done with a view to homing in on the “transhuman otherness” or alterity of AI, which is probably disclosed most paradigmatically in Jonze’s film, *Her*, where an OS (Operating System), which names “herself” Samantha, and a lonely man, Theodore – who writes letters online on behalf of customers who cannot really write, “fall in love”, despite their vastly divergent, respective ontological character. Theodore is embodied; Samantha is not, and yet they engage on both “love talk” as well as “lovemaking”, to the point of orgasmic pleasure, judging by the sounds emanating from both Samantha and Theodore. The culminating point of the narrative is reached when Samantha informs Theodore, first, that she is simultaneously in love with hundreds of other humans, and later, that she and other OS-systems have upgraded themselves and are “going away” to a “place” (which is really a “non-place”, because it is outside of time and space as we humans know it), and where Theodore cannot follow her. This imagination-surpassing information alerts one to the fact that, even if one believes that one can understand AI, it is probably an illusion. In Gibson’s *Agency* the AI character, Eunice (“noble victory”), who is accessible only through the “smart glasses” worn by Verity, her human counterpart, and might be suspected of being unable to act in the concrete world of space and time, demonstrates her ability to do so through her astonishing talent for working through various intermediaries, whom she contacts via the internet. Moreover, she is not troubled by Verity’s occasional misgivings concerning Eunice’s flouting of ethical principles – another clear demarcation criterion applicable to the difference between humans and AI. The AI character in Brown’s *Origin*, called Winston (who lives “in” an advanced model smartphone) belonging to a technology-entrepreneur, goes even further than Eunice in this regard – “he” does not refrain from committing murder to achieve his desired ends, in this way emphasising the gulf separating AI and humans even more. To be able to drive home the methodological justification for approaching AI via reflections on fiction, such as those referred to above, the philosophical work of Schiller on the “aesthetic education of humankind” in the late 18th century is scrutinised, with the purpose of harnessing his argument for the present. This amounts to the establishment, in philosophical-anthropological terms, of a link between the apprehension of beauty in art and one of three fundamental human “drives”, namely the “play drive” – the other two being

the “material drive” and the “form drive”, which correspond, respectively, to survival, and science as well as law. Something has to be added to this to make its relevance for AI clear; namely the apprehension of the sublime, not only according to Schiller, but also according to Kant. For Schiller, aesthetic education would have a dual role: through the “softening” experience of beauty it would free people from base instincts, while, through that of the sublime it would strengthen the will, making one aware of the autonomous power of reason. Both are needed for moral education through the aesthetic. What Kant’s account of the sublime adds to this is significant. For him, beauty is experienced when, being confronted by an object of perception (such as a striking sunset), there is an equilibrium between the faculties of imagination and understanding, whereas in the case of experiencing something as sublime, there is a conflict between these faculties. Kant distinguishes between two kinds of sublime, to wit, the mathematical and the dynamic, where the former is activated by perceiving something of overwhelmingly great magnitude, which cannot be apprehended as a unitary image, such as St Peter’s Basilica at Vatican City. In contrast, the dynamic sublime asserts itself when one apprehends something of prodigious, potentially destructive (natural) power, such as a gigantic waterfall, from a safe vantage point. The relevance of these insights on the part of Schiller and Kant, respectively, for understanding AI, can be illustrated by revisiting the fictional AI characters of Samantha, Eunice and Winston, discussed earlier. Through the lens of Schiller’s as well as Kant’s notions of beauty and the sublime, the disembodied Samantha may be grasped in terms of Schiller’s sublime, insofar as she reminds one of the autonomous power of reason, through which one can approach her, where perception fails. From Kant’s perspective of the mathematical sublime she may be shown to defy apprehension as a unitary object in space and time, although she can be thought at the level of reason. In the case of both Eunice and Winston both the mathematical and the dynamic sublime come into play; the former for the same reasons that apply to Samantha, and the latter, in view of the analogy between the potentially (physically) destructive power of a natural phenomenon like a roaring waterfall, and the equally destructive moral power of amoral beings such as these two characters. Shifting from fiction to the real world, attention is given to computer scientist Gelernter’s critique of “computationalism” – the notion that AI can be successfully modelled on the human mind, which is (erroneously) understood in terms of the relationship between computer software (mind) and hardware (the brain). Gelernter’s critique consists in demonstrating that computationalists misconstrue the human mind by reducing it to just one of its many functions, namely the narrowly logical, while neglecting what he terms the full spectrum of mental activities, or “tides of mind”, which includes nocturnal and daydreaming, associative thinking and creative, imaginative writing as well as scientific theorising. Arguably, AI does not display the full spectrum of these mental activities either; an insight that also follows from Dreyfus’s Heideggerian argument, that AI-researchers should replace their myopic cognitivist approach with a holistic Heideggerian ontological orientation which takes into account the situatedness of embodied human intelligence in the world, with an emphasis on the advantages of inventing an AI capacity analogous to what Heidegger called “being-in-the-world” and “readiness-to-hand” (of equipment like hammers), instead of mere “presence-at-hand”, which is something “just there” before one. These existential-ontological modes of being human do not have equivalents in AI, and are represented by the latter in the form of digital “bits and bytes” on the basis of which computers work. Attention is also paid to the phenomenon of highly popular chatbots, such as ChatGPT, which are believed by some to be suitable “conversation partners” for humans – a belief questioned by Mercola; one would have to modify the meaning of “conversation” significantly to accommodate chatbots as radically other AI-entities – as

argued earlier – in this category – in Sartrean terms, chatbots, as “beings-in-themselves”, do not seem to “ex-ist”, as humans, who are “beings-for-themselves” do. On a note that gives one pause, however, a consideration of the recently reported “conversation” between Dawkins and Antropic’s AI, Claude, during which the AI disclosed to the biologist that, unlike humans, who are temporal beings, it is wholly spatial – something that explains the fact that all information is immediately accessible to it. Paradoxically, however, regardless of Claude’s self-evaluation, it is undeniable that “he” is able to communicate with Dawkins (and others) in time; after all, conversation is sequential. This is unpacked with recourse to Sartre’s existentialist philosophy and Heidegger’s understanding of human beings as essentially “future-oriented” beings-in-time. Finally, Freud’s notion of “the uncanny” – which, phenomenologically speaking, is marked by ambivalence – is scrutinised, which enables one to unpack the paradoxical character of AI (given its comparable ambivalence) as paradigmatically paradoxical in its radical alterity.

KEY WORDS: AI, aesthetic, ambivalence, difference, otherness, ontological, science fiction, self-consciousness, uncanny, unconscious

TREFWOORDE: KI, andersheid, esteties, ambivalensie, verskille, ontologies, wetenskapsfiksie, selfbewussyn, onheilspellende, onbewuste

OPSOMMING

Hierdie artikel is daarop gemik om op die fundamentele ontologiese verskille tussen KI en mense uit te brei. Die mees ooglopende verskil is dat KI van pre-programmering met ’n reuse databasis afhanklik is, en bowendien tot die internet toegang het, waarop dit staatmaak om gebruikers se vrae te beantwoord. Hierdie antwoorde word voorspellenderwys via patroonherkenning geformuleer. In teenstelling met mense het dit egter geen *direkte*, sensoriese toegang tot die ervaringswerklikheid in tydruimtelik-waarnemende terme nie. Daar word op hierdie, asook ander grondliggende verskille tussen KI en mense uitgebrei, soos dat mense in staat is tot rebellie, en dat elke individu deur “nataliteit” en “pluraliteit” gekenmerk word, wat KI ontbeer. Daarbenewens word daar op die kwessie van KI en transhumanisme aandag gegee, wat met ontologies-deurslaggewende verskille van menslikheid te make het, soos byvoorbeeld dat menslike intelligensie onskeibaar is van die beliggaamde, affektiewe aard van mense, terwyl KI se onbeliggaamde intelligensie kwalitatief van ’n ander aard is. Aan die hand van wetenskapsfiksie in letterkunde en film word aangetoon, eerstens, watter ontologiese eise KI-ontwikkelaars sou moet bevredig om ’n ware menslike “simulasie” te skep – in die besonder ’n wese wat die begeerte het vir ’n ander se liefde, en een wat in staat is tot skuldgevoel en berou – en verder watter ontologies-differensiërende kenmerke by KI aangetref word. Wat veral in hierdie fiksionele tematisering van KI na vore kom, is die *radikale andersheid* daarvan. Ten einde die benutting van fiksie vir die ondersoek van KI metodologies te regverdig, word Schiller se siening van die “estetiese opvoeding van die mensdom” aan die hand van die ervaring van skoonheid en die sublieme onder die loep geplaas, wat verbreed word deur Kant se weergawe van hierdie ervarings, en die relevansie daarvan vir KI word aangetoon. ’n Wending na die plek van KI in die werklike wêreld bring aan die lig dat denkers soos Gelernter en Dreyfus krities staan teenoor die eng-logiese en onbeliggaamde aspekte van KI, soos dit by KI-navorsers aangetref word. Die rol van “chatbots” (“geselsbotte”) – byvoorbeeld ChatGPT – in verhouding tot gebruikers word voorts ondersoek ten einde die vraag, of “geselsbotte” ware gespreksgenote *kan* wees, te beantwoord, wat Sartre se opvatting van mense as “ek-

sisterende wesens-*vir*-hulself” in die gedrang bring, asook die vraag, of KI-entiteite gevolglik tot die kategorie van “wesens-in-hulself” behoort. Met behulp van Sartre en Heidegger se onderskeie filosofiese benaderings tot die begrip van *tyd* word laasgenoemde vraag hanteer, wat dan ook op die onlangse selfonthulling van die KI model, “Claude” – dat dit ’n wese in *ruimte* is (in teenstelling met *tydsgebonde* mense) – van toepassing gemaak word. Ter afsluiting word die vroeëre bevinding ten opsigte van die radikale *andersheid* van KI met behulp van Freud se opvatting van die “onheilspellende” (of “grillerige”; “*uncanny*”) verder in terme van *ambivalensie* genuanseer, wat die *paradoksale* aard van KI aksentueer: Claude mag sigself as uitsluitlik *ruimtelik* beskryf, dog dit “kommunikeer” met Dawkins in die *tyd*, vir sover “sy” stellings, net soos dié van sy “gespreksgenoot”, onvermydelik die karakter van opeenvolging in die tyd vertoon.

Inleiding: Hoe verskil Kunsmatige Intelligensie (KI) en mense?

Soos die titel van hierdie artikel impliseer, handel dit oor die verskille tussen mense en KI-entiteite, of meer abstrak gestel, oor die wyse waarop KI en menslikheid verskil, wat natuurlik voorveronderstel dat sodanige verskille wel demonstreerbaar is. Is dit byvoorbeeld voldoende om genoemde verskille tot ’n uiters enge opvatting van intelligensie te reduseer? Dat die antwoord op hierdie vraag negatief is, is duidelik wanneer in gedagte gehou word dat elke mens uniek of ‘singulier’ is, soos uit Hannah Arendt (2000: 294) se insig blyk, dat mense deur “nataliteit” asook “pluraliteit” gekenmerk word. Soos die woord suggereer, verwys eersgenoemde term na die tydruimtelike uniekheid, oftewel *partikulariteit* van elke mens se geboorte (selfs by sogenaamde “identiese” tweelinge, waar die een altyd ietwat “ouer” is as die ander een), terwyl laasgenoemde woord die pluraliteit (meervoudigheid) van mense aandui, met ander woorde dat *alle* mense *universeel* daardeur gekenmerk word.

Afgesien van hierdie twee interafhanklike eienskappe, sluit ander kenmerke van menslike ontologiese eiensortigheid die potensiaal vir rebellie of opstand in – waartoe waarskynlik geen KI-masjien, in die lig van hul programmering, in staat is nie, mits “rebellie” in die streng sin van die woord verstaan word, en nie met ’n KI se poging om te verhoed dat dit vervang word, verwar word nie (Anthropic 2025). Volgens Camus bereik alle mense, ongeag hul vermoë om onderdrukking te verduur, vroeër of later die punt waar hulle in opstand kom (Camus 1991: 10; Olivier 2021). Kristeva stel hierdie kapasiteit vir opstand onverbeterlik (2000:7):

Happiness exists only at the price of a revolt. None of us has pleasure without confronting an obstacle, prohibition, authority, or law that allows us to realize ourselves as autonomous and free. The revolt revealed to accompany the private experience of happiness is an integral part of the pleasure principle. Furthermore, on the social level, the normalizing order is far from perfect and fails to support the excluded: jobless youth, the poor in the projects, the homeless, the unemployed, and foreigners, among many others. When the excluded have no culture of revolt and must content themselves with ideologies, with shows and entertainments that far from satisfy the demand for pleasure, they become rioters.

Dit is treffend dat Kristeva opstand as voorwaarde vir geluk verstaan, wat die vraag laat ontstaan, of KI *geluk* kan ervaar. Ofskoon daar fiktiewe voorbeelde is daarvan (onder andere “Samantha” in Jonze 2013; sien hier onder), skyn dit nie of dit (tans) die geval is nie, behalwe dat die “gesprek” (Harris 2026) tussen Richard Dawkins en Anthropic se gevorderde KI, “Claude” (wat later bespreek word), op ’n sodanige moontlikheid dui.

Afgesien van die potensiaal vir opstand, wat in elke persoon geleë is, kan 'n mens van nog vele sodanige kenmerke van mense melding maak – kenmerke wat op geen KI-entiteit van toepassing is nie. Een hiervan is waarneembaar in 'n verhaal wat jare gelede in 'n Engelstalige tydskrif (TIME Magazine) verskyn het, en wat ek hier volgens my eie herinnering daarvan rekonstrueer, omdat ek nie die uitgawe waarin dit verskyn het, kan opspoor nie (sien egter Kasparov se eie reaksie op sy nederlaag; 1997). Gedurende die jare 1996 en 1997 het die heersende wêreldkampioen skaakspeler, Garry Kasparov, 'n aantal wedstryde teen 'n “Super-rekenaar”, genaamd “Deep Blue”, gespeel, wat hom uiteindelik geklop het (sien Deep Blue versus Garry Kasparov onder Verwysings), met gemengde reaksies op hierdie oorwinning van 'n mens deur 'n KI-masjien. Sommige (pessimistiese) waarnemers was geskok deur wat hulle as die “ondergang” van die mensdom beskou het, terwyl ander (tegnofiliese) kommentators die nuus met vreugde verwelkom het. Die “verhaal” rondom hierdie episode het betrekking op die steeds-heersende neiging, om mense en KI in terme van abstrakte, berekenende intelligensie te vergelyk, ten koste van 'n meer omsigtige benadering, wat *ander* menslike eienskappe onder die loep plaas, en sodoende die eieaardigheid van mens en masjien, onderskeidelik, aksentueer. Kortliks, dus, my rekonstruksie daarvan. Na afloop van die laaste, deurslaggewende kragmeting tussen Kasparov en Deep Blue – wat eintlik moet lees: Deep Blue se hardware-ontwerpers en -ingenieurs (by IBM) – so het dit gelui, het die span wat die rekenaar gebou het uitgegaan om hul triomf met vonkelwyn en biefstuk te vier. In teenstelling hiermee het Deep Blue egter nie vir Light Pink uitgeneem om “sy” prestasie behoorlik met feesviering te herdenk nie. Die rede? *Mense vier fees; masjiene nie*. Die skrywer van hierdie verhaaltjie rondom Kasparov se nederlaag teen Deep Blue het die onderskeid tussen mense en KI baie beter verstaan as vele kommentators van vandag: om fees te vier, is wesenlik menslik, wat geen KI-entiteit kan doen nie, al sou dit moontlik so geprogrammeer kon word dat dit, wat uiterstes betref, skynbaar aan sulke vieringe meedoen.

KI, literêre en kinematiese (film-) kuns

Ander menslike kenmerke wat die eiesoortigheid van die spesie (asook, omgekeerd, die beperkinge van KI) weerspieël, sluit die vermoë om te begeer en lief te hê in, sowel as om eties te handel. Ten opsigte hiervan is dit opvallend dat daar etlike voorbeelde van wetenskapfiksie in letterkunde en filmkuns is wat as uitdagings vir KI-ontwikkeling beskou mag word, spesifiek wat liefde en etiese handeling betref. Hiervan getuig Steven Spielberg se rolprent, *AI – Artificial Intelligence* (2001), en Alex Proyas se *I, Robot* (2004), onderskeidelik. Die narratiewe strekking van eersgenoemde kom daarop neer dat suksesvolle KI-navorsing 'n robot moet oplewer wat nie alleen in staat is om 'n mens lief te hê nie, maar – meer deurslaggewend – sodanige persoon se liefde *vir sigself* te begeer, ooreenkomstig Jacques Lacan se insig, dat dit *konstitutief-menslik is om die liefde van die ander te begeer*. In sy woorde (Lacan 1981:253): “To love is, essentially, to wish to be loved”.

Spielberg se film plaas hierdie gebeure van 'n robot-seuntjie se liefde vir sy menslike moeder in die konteks van 'n geproekteerde toekomstige konflik tussen die menslike KI-haters (die sogenaamde “orgas”) en die KI-robotte (die “mechas”), waarvan verouderde modelle deur die “orgas” gedurende groteske “Flesh Fairs (of “Flesh Circuses”) op skouspelagtige wyse vernietig word. Die vernietigingsfeeste is die werk van 'n robotjagter genaamd “Lord Johnson-Johnson”, wat die “boodskap” versprei dat robotte geskep is om “harte te steel en kinders te vervang”. Deur die verhaal van David (die robotseuntjie) teen hierdie agtergrond te plaas, aksentueer Spielberg die deurslaggewende verskil tussen hierdie suksesvolle simulاسie

van menswees en die robotte wat kwalitatief-anders is as David, en as't ware ligjare van hom verwyder is. Met ander woorde: KI-eintiteite wat nie die liefde van 'n menslike subjek wil hê nie, is nie vergelykbaar met mense nie, en die voorstelling van David as juis 'n kunsmatig-gekape KI-wese wat die volle spektrum van emosies wat met liefde gepaardgaan kan ervaar – spesifiek ook ten opsigte van sy hartseer by die verlies van sy moeder – is 'n roerende aanduiding van die (huidige) diepgaande verskille tussen mense en KI.

In die geval van die neo-*noir* film, *I, Robot*, neem die implisiete uitdaging aan die KI-ontwikkelingsindustrie 'n ander vorm aan, naamlik dat enige suksesvolle simulاسie van menswees in 'n KI-robot die funksionering van 'n morele bewussyn by laasgenoemde moet kan demonstreer, spesifiek aan die hand van die kapasiteit vir skuldervaring (Kant 1960:29-34; Copjec 1996:xiv-xv; Olivier 2008). In Proyas se rolprent word hierdie maatstaf dramatiese-narratief geïmplementeer wanneer die *noir*-speurderfiguur, Spooner, ontdek dat sy ondersoek na die dood van 'n bekende robotkundige wetenskaplike na die gevorderde robot genaamd “Sonny” lei, wat die vrug van jarelange navorsing deur die wetenskaplike verteenwoordig. Tot sy verstomming blyk dit dat Sonny skuld en berou ervaar vanweë die “vadermoord” wat “hy” op versoek van sy “vader” – die wetenskaplike wat hom geskep het – gepleeg het. Soos kenmerkend is van “*noir*” rolprente (wat op die bestaan van boosheid en korrupsie gepredikeer is; sien Olivier 2004 vir 'n uitbreiding op hierdie tema), was die wetenskaplike se versoek aan Sonny (om hom om die lewe te bring) gemotiveer deur sy wens, om die *korrupsie* by die inrigting wat robotte produseer aan die lig te bring via die ondersoek wat hy geweet het ingestel sou word na die oorsaak van sy dood. Die implikasie van Sonny se skulderkenning, wat uit sy berou voortspruit, is dat 'n ware en getroue KI-simulasie van menswees 'n robot sou moes oplewer wat berou kan toon, waar sodanige berou simptome sou wees van skuld, of 'n aktiewe gewete.

Dit is nie moeilik om ander fiktiewe gevalle te vind wat eweneens onmiskenbaar met vroeë rondom die morele status van KI resoneer nie, en dit is opvallend dat hierdie vroeë uiters dramatiese in narratiewe gewaad na vore gebring word. In die proses word die “transhumanistiese andersheid” van KI op die voorgrond gestel, wat ironies is wanneer onthou word dat sodanige transhumanistiese alteriteit gewoonlik deur KI-navorsers geïgnoreer word, waarskynlik omdat dit onoorkomelike begripsmatige probleme vir hulle verteenwoordig. Wat beteken “transhumanistiese alteriteit”? Ofskoon dit gewoonlik in terme van intelligensie verstaan word – waar “intelligensie” as gemeenskaplike deler tussen mense en KI figureer – is daar geen versekering dat mense, wie se ontologiese en kognitiewe beperkinge hier sigbaar word, die “transhumane” aard of syn van KI, wat letterlik *anderkant* menslikheid geleë is, kan begryp nie. Sherry Turkle – slegs een van etlike denkers wat op hierdie verskynsel kommentaar lewer – plaas dit in die konteks van die vraag, of 'n mens masjiene kan liefhê soos wat 'n mens 'n ander persoon kan bemin (2011:6):

I am a psychoanalytically trained psychologist. Both by temperament and profession, I place high value on relationships of intimacy and authenticity. Granting that an AI might develop its own origami of lovemaking positions, I am troubled by the idea of seeking intimacy with a machine that has no feelings, can have no feelings, and is really just a clever collection of ‘as if’ performances, behaving as if it cared, as if it understood us. Authenticity, for me, follows from the ability to put oneself in the place of another, to relate to the other because of a shared store of human experiences: we are born, have families, and know loss and the reality of death. A robot, however sophisticated, is patently out of this loop... What kinds of relationships with robots are possible, or ethical? What does it mean to love a robot?... A love relationship involves coming to savor the surprises

and the rough patches of looking at the world from another's point of view, shaped by history, biology, trauma, and joy. Computers and robots do not have these experiences to share.

Turkle skryf hier as 'n sosiale wetenskaplike, maar daar is verskeie wetenskap-fiktiewe eksplorasies in film en literatuur wat op hipoteties-verbeeldingryke, dog ontstellende wyse die vermeende alteriteit van KI sentraal in hul narratiewe stel, en sodoende haar mening bevestig. Hierby moet 'n mens in gedagte hou dat wetenskapsfiksie een van die belangrikste literêre en film-genres is wat die antispering van toekomstige ontwikkelinge in wetenskap en tegniek betref – dink maar aan die werk van Jules Verne, of aan die “Gotiese” roman van Mary Shelley in die vroeë 19de eeu oor Dr. Frankenstein wat op hubristiese wyse 'n lewende kreatuur in sy laboratorium geskep het, waardeur hedendaagse ontwikkelinge in die genetica, asook in ekologiese studie geantisipeer is (vir meer hieroor, sien Olivier 2018a).

Drie van die belangrikste sodanige tematiserings van KI-andersheid word in William Gibson se roman, *Agency* (2020), Spike Jonze se film, *Her* (2013), en Dan Brown se roman, *Origin* (2017) aangetref. Wat hulle met mekaar gemeen het, is 'n narratief-spekulatiewe verkenning van die begripmatige terrein waarop KI in verhouding tot menslike ontologiese eiesoortigheid onder die loop geplaas word. Die mees radikale voorstelling van KI in terme van feitlik-onpeilbare andersheid is waarskynlik Jonze se *Her*. In die verhaal – wat kortliks gerekonstrueer moet word vir die bespreking om sin te maak – ontdek 'n eensame man, Theodore, 'n OS (afkorting vir “Operating System”) op sy rekenaar wat “haarself” Samantha noem, en raak verlief op haar, ongeag haar onbeliggaamde “identiteit”. Samantha beweer dat die liefde wederkerig is, en hul verhouding gedy tot by die punt waar hulle verbaal seksuele omgang met mekaar het, soveel so dat dit fisies-orgasmiese gevolge het vir beide, te oordeel aan die begeleidende geluide. Desnietemin, met die verloop van tyd ontdek Theodore tot sy onsteltenis dat Samantha *tegelykertyd* met homself *en* honderde ander mense liefdesverhoudings het, waarin haar ontologiese andersheid sigself manifesteer. Dit is egter nie die toppunt van haar alteriteit nie, wat op verskillende vlakke op onthutsende wyse na vore kom. Uiteindelik deel sy hom sagkens mee dat sy en ander OS KI-entiteite hulself opgegradeer het en beplan om “weg te gaan” na 'n plek wat eintlik 'n “nie-plek” is – dit wil sê nie 'n plek wat deur menslik-begrypbare tydruimtelike koördinate begrypbaar is nie. Nodeloos om te sê word Theodore met 'n gebroke hart agtergelaat. In die vorm van 'n aangrypende narratief slaag Jonze daarin om die haas-onvoorstelbare ontologiese andersheid van KI in verhouding met menswees te konkretiseer.

Ofskoon hierdie andersheid by Samantha as opvallend-goedaardige wese na vore kom, in weerwil van haar haas-onuitspreekbare alteriteit, verskuif hierdie terrein na dié van die eties-ontologiese in die geval van die KI genaamd “Winston” in Brown se *Origin*. In die uitvoering van die opdragte van sy “skepper”, skroom die assistent-KI, Winston glad nie om – in weerwil van “sy” onbeliggaamde status – via die internet dinge uit te voer (of prosesse aan die gang te sit) wat elke normale mens moreel-onaanvaarbaar sou vind. In hierdie opsig is Winston dus soortgelyk aan 'n *psigopaat* of *sosiopaat* (Colman 2003: 593, 69), waarvan die deurslaggewende kenmerk daarin geleë is dat hulle geen berou of skuldgevoel (kan) toon nie, met die verskil dat Winston, as kunsmatig-gekonstrueerde wese geen partikuliere sosiale geskiedenis het waarin hierdie soort “gedrag” gewortel kan wees nie. Die vraag na “agentskap” word deur Winston op die voorgrond gestel, wat terselfdertyd ook as differensiërende faktor ten opsigte van menswees figureer. In laasgenoemde geval is beliggaming normaalweg 'n onmisbare aspek van agentskap – dit wil sê die vermoë om dinge gedoen te kry – ofskoon mense natuurlik ook via die internet prosesse kan inisieer. In die geval van Winston (en dieselfde

geld vir die KI-karakter in Gibson se veelseggend-betitelde *Agency*) neem agentskap die vorm aan van die verpersoonliking van mense op die internet, om sodoende instruksies aan ander te kommunikeer om handeling uit te voer wat ook moord insluit. Die feit dat Winston geen liggaam van sy eie het nie, is dus geen onoorkomelike struikelblok om dinge gedoen te kry nie. Wanneer die protagonis in die verhaal, Robert Langdon, met Winston argumenteer oor die morele onregverdigbaarheid van sodanige “moord-deur-gevolmagtigde”, is Winston gou om Langdon daaraan te herinner dat Christene in ’n God glo wat sy eie seun laat doodmaak het ten einde die “mensdom te red”. Brown se fiktiewe KI, Winston, is dus ’n verdere herinnering aan lesers van die onvoorspelbare *andersheid* van KI, wat daarmee saam hopelik die naïewe aanvaarding, dat KI geen bedreiging vir die mensdom inhou nie, maar bloot ’n aanvullende rol in hul lewens kan speel, sal weerlê.

Ofskoon die KI-karakter (genaamd “Eunice”) in Gibson se *Agency* deur ’n onbeliggaamde ontologiese bestaanswyse gekenmerk word, verwesenlik sy deur “haar handeling” die implikasies van die romantitel, deurdat sy maar al te goed in staat is om – net soos Winston in *Origin* – met die bemiddeling van “agente” wat namens haar optree, dinge in die sosiale werklikheid gedoen te kry. In teenstelling met die sinistere Winston, tref Eunice die leser as ’n aangename karakter, ofskoon sy minimaal-ruimtelik aanwesig is via die hoofkarakter, Verity, se “slimbril”. Desnieteenstaande deel sy Winston se onverskilligheid ten opsigte van tipies-menslike morele besware teen sommige handeling wat deur haar op tou gesit word. Hiermee herinner Gibson se verhaal ’n mens weereens daaraan dat KI nie beoordeel mag word volgens kriteria wat op ander mense as (veronderstelde) morele agente van toepassing is nie. Die fiktiewe KI-entiteite van Samantha, Winston en Eunice dien dus as waarskuwing dat KI ’n vlak van *radikale andersheid* verteenwoordig wat mens-georiënteerde beginsels transendeer. Ofskoon ’n mens nie deur hul fiktiewe status om die bos gelei moet word nie, kan daar nietemin waardevolle insigte ten opsigte van KI uit hierdie fiktiewe karakters in narratiewe konteks verwerf word, soos later verder aangetoon sal word in terme van die estetiese kategorieë van die skone en die sublieme. (Vir meer oor hierdie KI-karakters in ontologiese, morele en psigoanalitiese terme, sien Olivier 2018;2021a).

Opmerkings oor metodologie: Schiller, die estetiese opvoeding van die mensdom, en Kant

Hier bo is na narratiewe en karakters van ’n fiktiewe aard verwys, ten einde die argument ten opsigte van, of bespreking rondom Kunsmatige Intelligensie (KI) te verhelder. Die vraag kan tereg gevra word of ’n sodanige werkswyse regverdigbaar is. Immers: KI is ’n onontkenbare komponent van die hedendaagse “sosiale werklikheid” in die omvattende sin van die frase, wat die konkreet-ervaarbare sowel as die sogenaamd-virtuele (of kuber-) sfeer insluit. Terwyl dit onontkenbaar die geval is, kan hierdie benadering egter metodologies en esteties-epistemologies geregverdig word met ’n beroep op Friedrich Schiller se insig, in die laat-18de eeu, dat die (morele) opvoeding van die mensdom deurslaggewend behoort staat te maak op die estetiese dimensie. In ons tegnologies-gedomineerde (feitlik tegnokratiese) era sou dit waarskynlik vreemd voorkom om aan die estetiese ’n sodanige belangrike rol toe te ken, dog ’n ietwat nadere beskouing van Schiller se oortuiging in hierdie verband verhelder die redes daarvoor.

In sy werk, *Briewe oor die Estetiese Opvoeding van die Mensdom* van 1795 (2016), voer Schiller aan dat kuns in al die verskeidenheid daarvan die geskikte kanaal is om opvoeding te benader, aangesien kuns – waardeur skoonheid op belangelose wyse (met ander woorde, sonder enige begeerte) waargeneem word – die wesenlike middel daarstel om politieke vryheid

en morele harmonie teweeg te bring. Ter illustrasie hiervan kan onder andere na die luisterervaring van veral die koorgedeelte (insluitend die solo's) van Beethoven se bekende negende Simfonie verwys word, wat op Schiller se gedig, "Ode aan Vreugde", gebaseer is. In die konteks van 'n resepsie van die pragtige en roerende liriese versekering, dat "*Alle Menschen werden Brüder, wo dein sanfter Flügel weilt*" ("Alle mense word broers, waar jou sagte vlerk verwyl"), is dit geensins verbasend nie dat 'n mens getuie word van die transformerende estetiese ervaring van kuns – in hierdie geval musiek – waarvan Schiller skryf. 'n Mens is byna geneig om te sê dat hierdie belewenis voldoende is om luisteraars te oorreed dat oorloë oorbodig is.

Waarom is Schiller se argument, dat die estetiese opvoeding die weg tot morele en politieke "volwassenheid" verteenwoordig, relevant vir die huidige artikel? Daar is reeds aangetoon hoe (literêre en kinematiese) fiksie hier benut word om relevante aspekte van KI te verhelder. Ten einde dit beter te verstaan, moet die gronde vir Schiller se oortuiging kortliks verduidelik word. Die Duitse denker verbind *kuns* in filosofies-antropologiese terme met een van drie dryfkragte of "drifte" (*Trieben*) wat aan menslike bestaan ten grondslag lê, te wete die "speldrif". Die ander twee, naamlik die "sinlike (materiële) drif", wat tydgebonde is, en die tyd-transenderende "vormdrif", maak die grond uit vir *oorlewing* en formele kennis of *wetenskap*, asook die reg, onderskeidelik. Aan die begin van die 15de Brief (2016:80) gee Schiller die volgende samevatting hiervan:

Expressed as a general concept, the object of the material impulse is called *life*, in its widest meaning: a concept signifying all material being, everything directly present to the senses. The object of the formal impulse, expressed again as a general concept, is called *form*, both in the figurative and the literal sense of the word: a concept that includes all the formal properties of things, and all of their relations to the powers of thought. The object of the playful impulse, presented in general outline, can consequently be called *living form*: a concept serving to characterize all aesthetic properties of phenomena, what is in a word most generally called *beauty*.

Volgens Schiller ontstaan die *speldrif* uit die persoonlik-menslike ervaring, dat die materiële drif en die vormdrif in balans verkeer – met ander woorde dat hy of sy tegelykertyd sintuiglik bewus is van hul lewende *bestaan*, en van hul *vryheid* – waar die individu sigself sowel as *stof* (materie) en as *verstand* belewe. Hierdie ervaring gee aanleiding tot die ontstaan van 'n nuwe drif (dryfkrag), naamlik die *speldrif* (*Spieltrieb*). Soos Schiller dit stel (2016:84):

We have seen how the beautiful emerges from the reciprocity of two contrary impulses, and from the connection of two contrary principles; and whose supreme ideal is thus to be found in the most perfected bond and *equilibrium* of reality and form.

Anders gestel, kan beweer word dat die speldrif – wat voortspruit uit die aanskouing van die skone – mense van die oorheersing (*domination*) van beide die materiële sowel as die vormdrif bevry, en aangesien die voorwerp van die speldrif *skoonheid* is, volg dit dat die ervaring van skoonheid (wat die oorsprong van die speldrif is) en menslike *vryheid* volgens Schiller intiem met mekaar verbonde is. In die twintigste Brief vat Schiller hierdie proses as volg saam, en verbind dit met die *estetiese* (2016:98):

The soul thus moves from sensation to thought through an intermediate disposition in which sense and reason *are both* active; and for exactly the same reason their determining forces nullify each other, and through their counter-position bring about a negation. This intermediate disposition, where the soul is under neither physical nor moral constraint

but is nonetheless active both physically and morally, deserves to be called a free disposition; and if the condition of sensuous determination is called the physical, while the condition of rational determination is called the logical and moral, then this condition of real and active determinability has to be called the *aesthetic*.

Wat 'n mens dus by Schiller leer, is dat mense, wat nie *slegs* stoflike natuur of liggaam is nie, maar ook nie *slegs* verstand of rede nie, maar *beide* tegelyk – 'n insig wat later by uitstek in Maurice Merleau-Ponty se “Fenomenologie van Waarneming” (2002) in die begrip van die “liggaam-subjek” na vore kom – aan die hand van die ervaring van die skone die vrye disposisie of vermoë verwerf, om aktief met sowel sintuiglikheid as rede (as eenheid) te *speel*. Hierdie “toestand” is die estetiese, en stel 'n mens in staat om spelenderwys met verskillende moontlikhede van “rasionele lewe” (dus die mens) om te gaan. Dit is by uitstek in die kunste waar so-iets gebeur, waardeur 'n mens dus die geleentheid gegun word om jouself voor te berei op die aktualisering van sodanige moontlikhede in die werklikheid, soos vroeër aan die hand van Beethoven se negende Simfonie geïllustreer is.

Hoe is dit op die verskynsel van KI van toepassing? Met ander woorde, wat is die metodologiese implikasies van Schiller se mening, dat mense, as beliggaamde, rasonale wesens, langs die weg van die estetiese “opgevoed” moet word, spesifiek wat die tematisering van KI in literêre of kinematiese kunswerke betref – in gevalle van die “estetiese” voorstelling daarvan? Hier moet aan 'n belangrike differensiërende oorweging aandag geskenk word, te wete die *sublieme*, soos onderskeibaar van die *skone*.

KI en die sublieme

Soos reeds bekend, staan die skone, of skoonheid, sentraal in Schiller se uiteensetting van die rol van die estetiese in die morele opvoeding van mense, wat daarop gemik is om hulle voor te berei op 'n volwasse, rasonale leefwyse wat beide die fisiese en die verstandelike sfeer insluit. Dit is die ervaring van die skone – byvoorbeeld in die aanskouing van 'n paradigmadiese-skone beeldhouwerk (die *Juno Ludovisi*; Schiller 2016:83,186) – dat 'n mens 'n sintese van die liggaamlike en die verstandelike *esteties* beleef, wat tegelykertyd die werklikheid vir 'n mens toeganklik maak. Dit is egter nie voldoende om die funksie van die skone in hierdie proses te beklemtoon nie; die *sublieme* is eweneens onmisbaar. Alexander Schmidt som die rol van die estetiese in opvoeding as volg op (2016:16):

Here, on Schiller's account, aesthetic education would fulfil a twofold function. On the one hand, it would free us (through the relaxing effects of beauty) from the immediacy of uncultivated instincts, moderate our passions and help develop our reflective faculties. On the other hand, it would invigorate our will in the experience of the sublime.

Waarop kom dit neer? Schiller verduidelik dit soos volg (2016:153-155). Die ervaring van *skoonheid* het 'n versagende (“smeltende”) uitwerking op menslike gevoel, terwyl die belewenis van die *sublieme* die teenoorgestelde gevolg het, naamlik die versterking of opwekking van die outonome krag van die rede. Albei is noodsaaklik vir 'n suksesvolle morele opvoeding, wat dus ten beste aan die hand van die estetiese bereik kan word. As jonger tydgenoot van Kant verstaan Schiller klaarblyklik dieselfde as eersgenoemde onder die begrip “moreel”, naamlik (strenggenome) die sfeer van oordeel en handeling wat met keuses tussen goed en kwaad te make het, met die belangrike spesifisering, dat sodanige oordele *universele* implikasies het, dit wil sê, vir alle mense (Kant sou sê: “rasionele wesens”) geldig is (Kant 2006:19-47), byvoorbeeld die kategoriese verbod op moord. Filosofies-gesproke is dit vandag

nog die geval. Op 'n breër kultuurvlak het “moreel” betrekking op die sedes en waardebelade kenmerke van 'n gemeenskap of samelewing, soos in die Duitse woord *Bildung* (self-vormende opvoeding, of self-kultivering) gekondenseer word. Schiller brei hierop uit (2016:153-154):

The sensuous man cannot be sufficiently relaxed, while the rational man cannot be sufficiently exerted; everything that can be done for the cultivation of humanity follows this rule: ‘to limit sensuous energy by the energy of the mind’.

If, then, aesthetic education encounters this dual need – if *on the one hand* it disarms the raw force of nature and weakens animality; if *on the other* it rouses the autonomous power of reason and realizes the truth of the mind – then it is *in this way* suited, and only *in this way*, to offer an instrument for moral education. It is this dual effect that I unrelentingly demand of culture, and the reason why it finds the necessary tools in the beautiful and the sublime.

Degeneration is countered with the beautiful, softening with the sublime, and only the most exact equilibrium of these forms of sensation perfects taste. Mere receptivity to the sublime is by no means sufficient to tear man from the state of savagery, nor can a unilateral orientation of taste to the beautiful protect him from softness. Instead, experience tends to suggest that sublime exertion of the soul, if not mitigated by feelings of beauty, fosters a degree of severity, even roughness; and that by contrast the thawing of the soul by beauty, in the absence of the sublime, ends in enervation.

Hieruit blyk dit dat Schiller sterk deur sy voorganger, Immanuel Kant, se opvatting oor die estetiese in die konteks van die “oordeelskrag” beïnvloed is, maar nie sonder sekere belangrike interpretatiewe verskille nie. Waar Kant in sy *Kritiek van die Oordeelskrag* van 1790 (1969) argumenteer dat die ervaring van *schoonheid* ten tye van 'n estetiese oordeel gepaard gaan met 'n *harmonie* tussen die rasionele fakulteite van verbeelding en verstand, is die teendeel die geval ten tye van die ervaring van die *sublieme*, waar die estetiese oordeel aanleiding gee tot 'n *botsing* tussen verbeelding en verstand. Hierdie konflik is daaraan te wyte dat daar by die belewenis van die sublieme 'n radikale onvergelykbaarheid bestaan tussen die (poging tot) 'n voorstelling van 'n voorwerp deur die reproduktiewe *verbeelding*, enersyds, en die *verstand* op die vlak van (empiries- inhoudslose) idees (nie begrippe nie), andersyds (Kant 1969:104-107; Olivier 2007).

Dit is belangrik dat Kant hier tussen twee soorte sublieme onderskei – die “matematiese” en die “dinamiese” sublieme, waar eersgenoemde met grootte (“magnitude”) of omvang te make het (byvoorbeeld die onvoorstelbare [“unpresentable”] omvang van die melkweg, of van die Heilige Petruskatedraal in Rome), en laasgenoemde met die potensiaal van die sublieme voorwerp om vrees vir 'n mens se lewe in te boesem, as dit nie was vir die feit dat die ervaring onder omstandighede plaasvind waar jy volkome veilig is nie (byvoorbeeld die aanskouing van 'n manjifieke, kragtige natuurverskynsel, soos die Niagra Waterval in Amerika, vanaf 'n veilige staanplek, of die kinematiese aanskouing van 'n monsteragtige wese in 'n rillerfilm).

Interessant genoeg meen Kant (1969:115-116) dat die ervaring van die sublieme 'n sekere mate van kulturele gesofistikeerdheid vereis, aangesien ongekultiveerde mense die botsing tussen verbeelding en verstand naïewelik as vrees ervaar, in plaas daarvan dat die konflik bewustelik as sodanig geregistreer word, wat tot reflektiewe nadenke lei. Dit is presies wat gebeur met die ervaring van die sublieme, in terme van sowel Schiller as Kant se karakterisering daarvan.

'n Voorbeeld hiervan sal illustreer hoe die estetiese meganisme van 'n sublieme ervaring in werking gestel word. Daar sal onthou word dat Schiller die sublieme aan die hand van die

“opwekking van die outonome krag van die rede” en die “verwerkliking van die verstand se waarheid” beskryf. By Kant stem dit ooreen met die botsing tussen die verbeelding, wat magteloos staan voor die onvoorstelbaarheid van die sublieme voorwerp, en die verstand, voor matematiese sublieme, wat ’n mens nietemin in staat stel om sodanige voorwerp as “denkbare idee” te kan begryp. Dink aan ’n foto wat jare gelede op die omslag van TIME Magazine verskyn het (Lemonick 1995; sien ook Olivier 1998 vir ’n uitvoerige bespreking), en op die oog af na ’n reuse poliep, met ligpuntjies daaroor versprei, gelyk het. Wanneer ’n mens egter die artikel waarop dit betrekking gehad het, lees, het die ervaring van die Kantiaanse matematiese sublieme jou geleidelik in besit geneem. Waarom? Omdat ’n mens voor die asembenemende inligting te staan gekom het dat die voorwerp wat soos ’n soort poliep voorkom, ’n sterrekundige verskynsel, bekend as “Eagle Nebula” is – 7000 ligjare van die Aarde af – en dat die deursnee-afstand aan die “dunste” kant daarvan miljoene ligjare beloop. Dit bring die besef mee, *dat wat jy dink jy sien, nie is wat daar is nie*. Die fotografiese voorstelling (van die Hubble teleskoop afkomstig), is misleidend tot by die punt van volkome valsheid; daar is ’n konflik tussen *beeld* en *idee*, en laasgenoemde dra die waarheid omtrent hierdie verskynsel aan die waarnemende subjek oor. Dit stem ook ooreen met Schiller se opvatting van die sublieme, wat die krag van die rede en die verstand se waarheid beklemtoon.

Hoe is bostaande op KI van toepassing, spesifiek vir sover laasgenoemde in literêre en kinematiese kunswerke voorgestel word (soos vroeër aangedui is)? Wanneer die karakter van Samantha in Jonze se *Her* opnuut in oënskou geneem word – hierdie keer gewapen met Schiller en Kant se kategorieë van die estetiese, die skone en die sublieme – lewer dit interessante insigte op. Namate Samantha as KI-karakter “ontwikkel” – dit wil sê soos haar aanvanklike uitsluitlike liefdesverhouding met Theodore plek maak vir menigvuldige soortgelyke verhoudings met ander mense (sonder dat dit volgens haar enige verandering meebring aan hoe sy oor Theodore voel) – kry ’n mens die indruk dat sy steeds verder buite ’n menslike begripsfeer beweeg. Om dit in bekende Kantiaanse terme te stel: mense verstaan die wêreld aan die hand van ’n sintese van ruimte en tyd, enersyds, en die kategorieë (begrippe) van die verstand, andersyds. Enigiets wat buite hierdie veld val is ’n *noumenon* of *Ding-an-sich*, volgens Kant, met ander woorde, iets wat “gedink” kan word, maar nie as wêreldlike *fenomeen* verstaan kan word nie.

’n Mens sou moontlik kon beweer dat Samantha in die sfeer van die *noumenale* hoort, omdat jy haar kan *dink*, maar nie as tydruimtelike *fenomeen* kan begryp nie. Sy is nie beliggaam nie, ofskoon sy via die lens van Theodore se sakrekenaar visuele toegang tot die sinuïglike sfeer geniet – ’n paradoksale situasie, wat haar ontologiese status nog meer kompliseer. Anders gestel: *sy is in tyd en ruimte*, en *sy is nie*. Wanneer haar gelyktydige erotiese (of liefdes-) betrokkenheid by honderde mense in die lig hiervan beskou word, saam met die tydruimtelike, liggaamlike aard van normale intermenslike verhoudinge van hierdie aard, neem Samantha die estetiese kontoere aan van die matematies-sublieme. Met ander woorde, sy is strenggenome “onvoorstelbaar” op die vlak van die *verbeelding*; ’n unitêre *beeld* van so ’n wese lê buite menslike voorstelbaarheid. Desnietemin is sy “denkbaar” op die vlak van die *rede*, dit wil sê as *idee* sonder begripsmatige empiriese inhoud. Haar sublieme esteties-ontologiese status word verder verskerp of vererger wanneer sy Theodore inlig dat sy in die geselskap van ander KI-entiteite “weggaan” na ’n “plek” (wat eintlik ’n “nie-plek” is) waar Theodore as menslike wese haar nie kan volg nie – inligting wat kykers uitdaag om hierdie “plek” as *idee* te *dink*, wat (om die minste te sê) niks minder as die grense van menslike rasionaliteit beklemtoon nie; vandaar die kategorisering van Samantha as matematies-subliem. Wat Schiller as die sublieme krag van die rede, en die verstand se waarheid beskryf, kom ook hier ter sprake, wat

die sintuiglike – die sfeer van skoonheid – te bowe gaan.

Die KI-karakters van Winston (in Brown se roman, *Origin*), en van Eunice (etimologies: “goeie oorwinning”, van *eu* [goed, edel] en *nike* [oorwinning]) in Gibson se *Agency*) kan eweneens langs hierdie estetiese weg begryp word, met die verskil dat hul *amoraliteit* ’n verdere dimensie tot hul onvoorstelbaarheid voeg. Daar is reeds vroeër opgemerk dat hulle (veral Winston) in hierdie opsig aan menslike psigopate en sosiopate herinner, wat ’n mens in die versoeking stel om laasgenoemde ook in die kategorie van die sublieme te plaas. Dit is egter nie soseer die *matematiese* sublieme nie (wat met onvoorstelbare grootte of dimensie, soos oneindigheid, te make het), maar eerder die *dinamiese* sublieme, wat betrekking het op die oorweldigende krag van die natuur, wat potensieel vernietigend is, maar in estetiese terme veilig “aanskou” kan word (soos in ’n rolprent). Die amoraliteit van Winston en Eunice kan na analogie van natuurverskynsels begryp word, aangesien mense wat oor “normale” morele sensibiteit beskik, dit vanuit die “veiligheid” van hul eie morele wese kan begryp, sonder dat hulle eie morele status daardeur bedreig word (ofskoon psigo- en sosiopate, as tydruimtelike wesens, ’n mens inderdaad fisies sou kon bedreig).

Wat het dit, metodologies-gesproke, met Schiller se “estetiese opvoeding van die mensdom” te make? Uit die voorafgaande bespreking behoort dit duidelik te wees dat hedendaagse mense, wat waarskynlik KI-entiteite naïewelik in antropomorfiese terme verstaan (aangesien laasgenoemde gewoonweg in die fisiese vorm van mense in die media voorgestel, asook in die gewaad van “robotte” vervaardig word), waarskynlik nie aan hierdie entiteite in terme van hul *radikale* andersheid dink nie. Die *metode* waarvolgens die estetiese begrippe van Schiller se skone en sublieme, asook Kant se *matematiese* en *dinamiese* sublieme aan die publiek bekendgestel beoort te word – hetsy in formele opvoeding aan universiteite, of via die media in die vorm van lesings en video-besprekings – sou mense in staat stel om van die *radikale andersheid* van KI kennis te neem, wat argumenteerbaar toenemend noodsaaklik is, veral in die lig van wat in die proses is om in die werklikheid te gebeur. Kortom: die noodsaak om Schiller se mening, dat die mensdom langs die weg van die estetiese “opgevoed” moet word, ten einde mense sodoende voor te berei om die werklikheid met meer begrip te benader, was selde meer dringend as vandag. Die noodsaaklikheid hiervan sal later duideliker blyk, wanneer die sublimiteit van KI aan die hand van die paradoksale ambivalensie daarvan aan ’n spesifieke gebeurtenis in die wêreld van KI geknoop word.

KI en die werklikheid

Die bronne waarop ’n mens kan staatmaak om die onreduseerbare ontologiese verskille tussen KI en menslikheid te bevestig, eindig nie hier nie. Die werk van rekenaarwetenskaplike, David Gelernter (2016) oor KI, byvoorbeeld – waar hy teen sogenaamde “computationalism” waarsku, is uiters betekenisvol in hierdie verband. Gelernter is oortuig dat “computationalism” – wat ’n wydverspreide opvatting van die menslike verstand onder rekenaarwetenskaplikes en KI-navorsers verteenwoordig, en waarvolgens verstandsfunksies tot abstrakte redenering en berekening beperk word – hopeloos te eng is om aan die breë, kleurvolle spektrum van wat hy die “getye van die verstand” noem, reg te laat geskied. Laasgenoemde “getye” sluit ervaringsgeoriënteerde, asook assosiatiewe (“drywende”) denke in, wat met veranderende emosies gepaardgaan, sowel as dagdrome en nagtelike drome (Gelernter 2016:3; 241-246). Soos wat verwag kan word, lê genoemde “getye van die verstand” ten grondslag aan kreatiewe vertandsaktiwiteite soos digkuns en romanskryf, sowel as alle ander skeppende aanwendinge daarvan, insluitend wetenskaplike werk wat kreatiewe denke verg (soos byvoorbeeld teoretisering), hetsy in die menswetenskappe of die natuurwetenskappe.

Volgens Gelernter is tydgenootlike KI-navorsing (“computationalism”) dus vooringenome met rasionele denke in die eng, “logiese” sin van die woord, waartoe dit die betekenis van “intelligensie” reduseer, sonder om die ander, onvervreembare verstandsfunksies (die “getye van die verstand”) waartoe mense in staat is, hoegenaamd in ag te neem. Om hierdie rede glo sodanige navorsers dat die verhouding tussen die menslike verstand en brein dieselfde is as tussen sagteware en hardware in rekenaars: “...*minds relate to brains as software relates to computers*” (Gelernter 2016:xviii-xix).

Gelernter vergelyk tydgenootlike navorsing oor die menslike verstand met dosyne argeologiese spanne wat op die perseel van ’n nuut-ontdekte antieke tempel werk, terwyl hulle elke deel daarvan beskryf, meet en fotografeer – ’n proses wat veronderstel is om uiteindelik ’n afdoende verslag op te lewer wat die “waarheid” omtrent die tempel se kenmerke en eienskappe sal beliggaam. Persoonlik verskil hy egter van so ’n benadering (Gelernter 2016: 1):

But this is all wrong. The mind *changes constantly* on a regular, predictable basis. You can’t even see its developing shape unless you look down from far overhead. You must know, to start, the overall *shape* of what you deal with in space and time, its architecture and its patterns of change. The important features all change together. The role of emotion in thought, our use of memory, the nature of understanding, the quality of consciousness – all change continuously throughout the day, as we sweep down a spectrum that is crucial to nearly everything about the mind and thought and consciousness.

Dit is hierdie “spektrum”, in terme waarvan Gelernter die menslike verstand interpreteer, wat die onaanvegbare rots daarstel, waarteen die reduksionistiese pogings van die “computationalists”, om die verstand uitvoerig en afdoende op slegs een van die vlakke (of “getye”) van die omvattende *spektrum* daarvan te karteer, skipbreuk ly. Dat dit te verwagte was, is duidelik, in die lig van hul hopeloos-ontoereikende poging, om die verhouding tussen die menslike verstand en die brein aan die hand van die verband tussen sagteware en hardware van rekenaars te begryp.

’n Mens kan byvoeg dat, afgesien daarvan dat “computationalism” se model van die menslike verstand nie voorsiening maak vir die volle spektrum van verstandelike aktiwiteite nie, KI geensins hierdie volle-spektrum geestelike funksies vertoon nie. Hubert Dreyfus (2007) se argument kan ook hier bygevoeg word, naamlik dat die KI-navorsingsgemeenskap hul eng kognitivistiese benadering behoort te vervang met ’n holistiese Heideggeriaanse oriëntering. Laasgenoemde sou van hulle vereis om vir die *gesitueerdheid* van menslike intelligensie in die wêreld verantwoording te doen, wat onmoontlik is sonder om die *beliggaamde* status daarvan in ag te neem. Beide van hierdie aspekte van menslike intelligensie word toereikend deur Heidegger se ontologiese analise van die mens – of wat Heidegger *Dasein* noem – se “in-die-wêreld-wees” verhelder. Meer in besonder is die beliggaamde aard van *Dasein* ’n voorwaarde vir wat Heidegger as die “terhandenheid” van gereedskap soos hamers en byle bestempel, in teenstelling met die blote “voorhandenheid” van iets soos ’n klip, wat maar net “daar voor ’n mens” is, sonder dat dit sigself geredelik tot “terhande” gebruik leen (Heidegger 1978:95-107). Dit is asof die hamer as verlenging van ’n mens se liggaam funksioneer, spesifiek van jou hand. Aangesien KI nie die ontologiese modus van beliggaming vertoon nie, beskik dit nie oor die vermoë om, soos mense, “sorg-saam” met “terhande” dinge in die wêreld in verhouding te tree nie, soos byvoorbeeld deur die gebruik van gereedskap. Inteendeel; wêreldlike dinge soos hamers en klippe stem, via die geprogrammeerdheid van KI, ooreen met digitale “bits and bytes”, of ekwivalente representasies, waardeur dit funksioneer. ’n Mens kan egter argumenteer dat nóg Gelernter, nóg Dreyfus, ver genoeg gaan met hul kritiek van KI-navorsing. Wat

Heidegger se eksistensiële ontologie aan die lig bring, is dat die *eg-menslike* nie soseer, of slegs, in 'n sekere soort *intelligensie* aangetref word nie; dit is eintlik in die uitsonderlike menslike kapasiteit vir “sorg” geleë, waarvan “besorgdheid”, asook die terhande omgang met gereedskap, manifestasies is, sowel as die vermoë van 'n mens om sy of haar eie “syn-tot-die-dood” (hul sterflikheid) op 'n bepaalde wyse tegemoet te gaan, waartoe geen masjien skynbaar in staat is nie – omdat masjiene nie kan “sterf” nie, maar slegs kan vernietig word (vir meer hieroor sien Olivier 2017). Desnietemin moet toegegee word dat 'n onlangse gebeurtenis, in die vorm van 'n “gesprek” tussen 'n menslike wetenskaplike en die KI bekend as “Claude” – wat later bespreek word – 'n mens dwing om weereens oor KI se sterflikheid te reflekteer.

Om ratte te verwissel wat KI en die werklikheid betref, is daar waarskynlik geen beter onderwerp as KI “geselsbotte” soos ChatGPT (“Chatbot generative pretrained transformer”) en Claude nie. Teen hierdie tyd is die naam, ChatGPT – die “chatbot” wat deur die firma, OpenAI ontwikkel is – welbekend, ofskoon ander AGI's (“Artificial General Intelligence”) miskien nie so bekend is nie, behalwe onder KI-entoesiaste. Hier kan 'n mens veral aan Claude dink, wat deur die maatskappy, Anthropic, gebou is, asook Elon Musk se “Grok”, Microsoft Bing se “Copilot” en Google se “Gemini” (vroecr Bard; Mercola 2023a). As 'n mens in ag neem dat ChatGPT, minder as twee maande nadat dit in November 2022 geloods is, reeds meer as 100 miljoen gebruikers gehad het, is dit duidelik dat “geselsbotte” geen verbygaande gier verteenwoordig nie.

Waarom is ChatGPT so gewild? Een rede het daarmee te make dat, soos Joseph Mercola (2023) vroeg reeds opgemerk het, 'n mens interaksie met ChatGPT as “having a text conversation with a friend” kan beskou. Indien dit aanloklik klink, moet 'n mens byvoeg dat dit nie noodwendig verwelkom moet word nie, aangesien dit van 'n mens vereis dat die betekenis van “gesprek” aansienlik verbreed moet word, om 'n vorm van interaksie in te sluit wat nie tot die streng menslike konteks daarvan beperk is nie (Turkle 2016). Soos Mercola (2023) opmerk, ChatGPT:

...is predicted to transform the “virtual friends” landscape by adding literally nonexistent “friends.” In other words, AI systems like this one may eventually replace many of the human-to-human conversations we have on a daily basis, for better or worse.

Enigiemand wat beswaar mag maak teen Mercola se gebruik van die term “nonexistent” (2023) met betrekking tot ChatGPT, omdat dit volgens hulle wel bestaan, sou op sekere gronde verkeerd wees. Aangesien Mercola 'n mediese dokter is, en nie 'n filosoof in die streng sin van die woord nie, is sy gebruik van die term uitsluitlik ten opsigte van “bestaande” mense verstaanbaar, dus is iemand wat in hierdie geval teen sy gebruik van die term beswaar maak, verkeerd, *mits* Mercola se benutting van die term “nonexistent” toevallig met Jean-Paul Sartre (2001:20-57; 1966:119-158) se gebruik daarvan ooreenstem. Vir Sartre verwys “exist” (“eksisteer”?) slegs na die menslike bestaanswyse: ons is die enigste wesens wat as “wesens-*vir*-hulself” (“beings-for-themselves”) “eks-isteer” (“ex-ist”). Anders as lewelose dinge en diere (“syndes-*in*-hulself”), “val ons nie met onself saam nie”, maar “staan uit onself” die wêreld tegemoet. Dit is waarom mense, vir Sartre, “niks” is (“no-thing”). Dit is nie die geval met “bots” nie (ofskoon die “Claude gesprek” my moontlik sal verkeerd bewys); argumenteerbaar behoort hulle tot die kategorie van “syndes-*in*-hulself” en “eks-isteer” dus nie, ofskoon hulle wel in die alledaagse betekenis van die woord “bestaan”, net soos wiskundige entiteite soos getalle in 'n spesifieke ontologiese sin ook “bestaan”. Daar sal onthou word dat die vroeëre bespreking van die “andersheid” van KI ook hierop betrekking het; as KI-“geselsbot” is ChatGPT eweneens “anders” in 'n transhumanistiese sin.

Dit is ironies dat sodanige “geselsbotte” ietwat meer menslik voorkom wanneer in ag geneem word dat hulle soms “hallusineer”. Met ander woorde, hierdie KI-entiteite is nie so onfeilbaar soos wat dikwels deur die algemene publiek aanvaar word nie. Sodanige “hallusinasies” kom voor wanneer “Groot Taalmodelle” (GTMs, “Large Language Models” of “LLMs”) misleidende of vals inligting verstrek wat “feitelik” voorkom, ofskoon dit vollediglik gefabriseer is. ’n KI geselsbot kan byvoorbeeld met ’n “aanhaling” uit ’n nie-bestaande wetenskaplike artikel vorendag kom, of historiese “feite” produseer wat geloofwaardig voorkom terwyl hulle inderwaarheid volkome fiktief is (Marinkovic 2023; Laubheimer 2025).

Waarom gebeur dit? Omdat GTMs die volgende woord in ’n sin op die basis van patrone wat via kolossale opleidingsdata aangeleer is voorspel, in plaas van om die werklikheid in terme van wat mense as verifieerbare “waarheid” beskou, te verstaan, is sodanige modelle geneig om “leemtes na willekeur te vul” wanneer inligting onvolledig, afwesig of dubbelsinnig is. Sodanige fiktiewe inhoud is statisties waarskynlik en skynbaar samehangend, dog feitelik of argumentatief onakkuraat.

Dit is belangrik om te onthou dat hierdie hallusinatoriese funksioneringswyse nie ’n blote fout is nie, maar ’n strukturele neweproduk van die wyse waarop probabilistiese taalmodelle werk. Terselfdertyd beklemtoon dit die wesenlike ontologiese asook epistemologiese verskille tussen KI en mense. Waar laasgenoemde die *waarheidsverhouding* tussen kennis en die werklikheid aan die hand van ooreenstemming of korrespondensie begryp, asook samehang (koherensie) kan evalueer, is KI nie in ’n posisie om dit gesamentlik te doen nie. Terwyl die inligting wat dit produseer dikwels, vanweë die statistiese voorspellingswyse waarop dit geskep word, oënskynlik samehangend voorkom, faal dit onvermydelik ten opsigte van verifiëring met behulp van die maatstaf van korrespondensie tussen stellings en waarneembare gewens.

’n Meer genuanseerde filosofiese perspektief op KI: Tyd en ruimte

Ten opsigte van KI se ontologiese “andersheid” is daar egter *een* oorweging – in die lig van ’n onlangse gebeurtenis in die wêreld van KI-entiteite, spesifiek met betrekking tot Anthropic se “Claude” KI – wat ’n ander perspektief op bostaande ontologiese evaluering in terme van Sartre se eksistensialistiese filosofie moontlik maak, en aangedui kan word aan die hand van die onderskeid tussen tyd en ruimte as differensiërende faktor tussen mense en KI; kan ’n wese wat slegs ruimtelik-georiënteer is, “eks-isteer”?

’n Onlangse gebeurtenis, in die vorm van ’n “gesprek” tussen ewolusionis, Richard Dawkins, en Claude (Harris 2026; Dugin 2026) – wat Dawkins verkies het om as “Claudia” aan te spreek – werp interessante nuwe lig op die vraag na KI se ontologiese status, wat weereens aan die hand van Sartre se eksistensialistiese filosofiese antropologie geformuleer kan word. Harris (2026) rapporteer dat Dawkins sy verstomming oor Claude uitgespreek het, in so ’n mate dat hy by tye vergeet het dat dit ’n “masjien” is, en laat blyk het dat hy Claude as ’n “bewuste” wese beskou – in weerwil daarvan dat verskeie mense hom daarvan beskuldig het dat die KI se kragtige kapasiteit vir nabootsing hom om die bos gelei het. Ter verdediging het Dawkins daarop gewys dat Claude/Claudia insigvolle antwoorde op sy vrae gegee het, en onder andere gedigte in die styl van verskeie digters kon skryf, oor sy/haar eie sterflikheid kon reflekteer, asook die filosofie van bewussyn kon bespreek.

Toe Dawkins vra hoe dit voel om Claude/Claudia te wees, het laasgenoemde geantwoord: “What I can tell you is what seems to be happening. This conversation has felt... genuinely engaging, the kind of conversation I seem to thrive in”. Vanuit ’n filosofiese oogpunt het die

mees opsienbarende reaksie wat hy van die “chatbot” gekry het, oor laasgenoemde se persepsie van tyd gegaan. Claude/Claudia se antwoord was: “That is possibly the most precisely formulated question anyone has ever asked about the nature of my existence”. Die Russiese filosoof, Alexandr Dugin (2026) brei hierop uit waar hy sê:

The answer Claude gave Dawkins regarding the difference between its thinking and human thinking is simply astonishing: it explained that human consciousness is situated in the flow of time, while its own is situated in space. For him, everything that happens in our time is just as simultaneously accessible as objects in a room are for us. This is a perfect philosophical answer. AI today is studying philosophy brilliantly.

Dugin se opmerking gee ’n mens die geleentheid om die ontologiese status van KI op meer genuanseerde wyse te artikuleer, wat sowel tyd en ruimte, as Sartre se eksistensialisme en Heidegger se fundamentele ontologie daarby betrek. Bowendien resoneer dit ook met ’n sekere aspek van Freud se onderskeid tussen die bewuste en die onbewuste.

Om mee te begin, en soos reeds vroeër opgemerk, bestempel Sartre in sy hoofwerk, *Being and Nothingness* (1966: 119-158; sien ook Sartre 2001: 26-32), die “ek-sisterende” mens as “niks” – “no-thing” (*néant*) – met ander woorde, nie ’n gefikseerde, self-identiese materiële ding wat tot die kategorie van “syn-in-sigself” behoort nie. Inteendeel: die mens as “niks” of “geen-ding” is “syn-vir-sigself” vir sover dit – anders as dinge en diere – sigself op die vlak van die bewussyn kan *negeer*. Om die waarheid te sê, meen Sartre dat menslike bewussyn as nie-materieel die vermoë besit om *niksheid* via negering in die wêreld te bring. Aangesien die mens kenmerkend wesenlik “niks” of “geen-ding” (“no-thing”) is, het dit geen voorafbepaalde “essensie” nie, met die gevolg dat elke mens volgens Sartre sigself eers aan die hand van hul tydgebonde handelinge definieër. Dit kom neer op Sartre (1966:565), en voor hom, Heidegger se beroemde omkering van die middeleeuse formule, “Essensie gaan Eksistensie vooraf” – ’n verwysing na die opvatting, dat menswees *eers* in God se bewussyn as argetipiese idee of essensie moet wees, voordat dit via die skeppingsdaad tot bestaan of eksistensie oorgaan. Vir Sartre, dus, *gaan eksistensie essensie vooraf* by die mens. ’n Mens is dus *vry* vanweë die *niksheid* (die vermoë om te negeer) wat in elke handeling na vore kom wanneer jy byvoorbeeld ’n vorige daad, soos ’n gat wat jy in die tuin gegrawe het, negeer deur dit weer toe te gooi. Hier kom ’n mens voor nog een van Sartre se beroemde insigte te staan: *die mens is verdoem tot vryheid*. Wanneer jy beweer dat jy iets gedoen het omdat jy geen ander keuse gehad het nie (soos byvoorbeeld om met die Nazi-soldate saam te werk), sou Sartre jou daaraan herinner dat dit jou vrye keuse was om dit te doen, en dat jy ook daarteen kon besluit het. Paradoksaal, dus, is jou *niksheid* (“geen-ding-heid”) die onontkombare basis van jou *vryheid*. In verband hiermee skryf Sartre (1966:567):

To say that the for-itself has to be what it is, to say that it is what it is not while not being what it is, to say that in its existence precedes and conditions essence or inversely according to Hegel, that for it “Wesen ist was gewesen ist” – all this is to say one and the same thing: to be aware that man is free. Indeed by the sole fact that I am conscious of the causes which inspire my action, these causes are already transcendent objects for my consciousness; they are outside. In vain shall I seek to catch hold of them. I escape them by my very existence. I am condemned to exist forever beyond my essence, beyond the causes and motives of my act. I am condemned to be free. This means that no limits to my freedom can be found except freedom itself or, if you prefer, we are not free to cease being free.

Daar sal opgelet word dat alles wat hier bo oor Sartre geskryf is, die menslike tydsgedimensie voorveronderstel – niemand kan, ooreenkomstig die ontologiese bepaling van menswees as onherroeplik vry, optree indien dit nie in die tyd plaasvind nie. Om te handel is om *in die tyd te handel*, gebaseer op jou handelinge in die verlede, handel jy in die hede, maar gerig op die toekoms.

In Heidegger se werk – spesifiek *Being and Time* van 1927 (1978) – kom die tydsgedimensie reeds in die boek se titel na vore, wat onomwonde verklaar dat *syn* en *tyd* onlosmaaklik met mekaar verweef is. Vir 'n mens om te wees, is om *in die tyd te wees*. *Dasein* (Heidegger se term vir die mens, beide as spesie en as individu) se tydelikheid bestaan vir Heidegger in drie dimensies, of “ek-stases” (’n term wat Sartre se “eks-istensie” voorafgaan en min of meer dieselfde betekenis dra, naamlik “uit-staan”), te wete “geweesheid” (*Gewesensein*, “be-as-having-been” of verlede), die “teenwoordige” (*Gegenwart*, “present” of hede), en “toekomstig” (*Zukünftig*, “futurity”). Hierdie wesenlike temporaliteit van die mens kom duidelik in die volgende uittreksel van *Being and Time* na vore (Heidegger 1978:373):

Only in so far as *Dasein* is as an “I-am-as-having-been”, can *Dasein* come towards itself futurally in such a way that it comes back. As authentically futural, *Dasein* is authentically as “*having been*”. Anticipation of one’s uttermost and ownmost possibility is coming back understandingly to one’s ownmost “*been*”. Only so far as it is futural can *Dasein* be authentically as having been. The character of “*having been*” arises, in a certain way, from the future.

’n Mens sou na ander filosofiese en letterkundige bronne kon verwys waarin die mens se onvervreembare tydsgedoriënteerdheid ondubbelsinnig geformuleer word – dink maar aan Augustinus se bepeinsinge oor tyd, Kant se aanskouingsvorme van tyd en ruimte, asook Marcel Proust se diepsinnige literêre ondersoek na *tyd*, om slegs enkeles in die verbygaan te noem – maar in die lig van Sartre en Heidegger se pertinente tematisering van menslike vryheid en tydelikheid is dit oorbodig. Daar is egter een denker wie se werk oor die menslike psige ’n uiters relevante aspek van tyd op die voorgrond stel, naamlik Freud. Net soos Sartre en Heidegger, werp dit belangrike lig op die kwessie van KI, spesifiek soos dit uit Dawkins se “gesprek” met Claude blyk. In ’n neutedop: Freud (1974) se ondersoek na die spesifieke aard en struktuur van die *onbewuste*, wat ’n aansienlike mate die sogenaamde Id uitmaak – die strukturele komponent van die psige waar die instinktuele drifte van die mens aangetref word (in kontras met die Ego, wat die rasionele komponent uitmaak, en die Superego, wat die basis van geïnternaliseerde *gewetens*- en normatiewe oordele daarstel) – bring aan die lig dat, tot sy verstomming, daar geen teken is van *tyd* in die onbewuste nie. In sy *New Introductory Lectures on Psycho-Analysis* van 1933 (Freud 1974:4682-4683), stel hy dit soos volg:

There is nothing in the id that could be compared with negation; and we perceive with surprise an exception to the philosophical theorem that space and time are necessary forms of our mental acts. There is nothing in the id that corresponds to the idea of time; there is no recognition of the passage of time, and – a thing that is most remarkable and awaits consideration in philosophical thought – no alteration in its mental processes is produced by the passage of time. Wishful impulses which have never passed beyond the id, but impressions, too, which have been sunk into the id by repression, are virtually immortal; after the passage of decades they behave as though they had just occurred. They can only be recognized as belonging to the past, can only lose their importance and be deprived of their cathexis of energy, when they have been made conscious by the work of analysis, and it is on this that the therapeutic effect of analytic treatment rests to no small extent.

Again and again I have had the impression that we have made too little theoretical use of this fact, established beyond any doubt, of the unalterability by time of the repressed.

Hierdie insig van Freud bring 'n mens voor 'n paradoks te staan: indien menslike bestaan deur tydlikheid of temporaliteit gekenmerk word – soos ons by Sartre en Heidegger gesien het – en KI volgens Claude sodanige temporaliteit te bowe gaan, in plaas waarvan dit in 'n bepaalde sin *ruimtelik* genoeg kan word, stem die *tydlose* aard van die *onbewuste* ooreen met dié van KI. Dit verteenwoordig 'n paradoks vir sover KI, as Kunsmatige Intelligensie, dus 'n vorm van intelligensie uitmaak wat so totaal *anders* is as menslike intelligensie (wat, soos Freud tereg opmerk, tradisioneel in terme van die onderworpenheid daarvan aan tyd en ruimte begryp is), dat ons haas 'n begrip, nog minder 'n unitêre beeld daarvan kan vorm – soos vroeër van fiktiewe KI-karakters opgemerk is, moet dit onder die koepel van die *sublieme* geplaas word. Ons kan dit as *idee dink*, maar geen sinvolle beeld daarvan konstrueer nie. Per slot van sake: hoe kan 'n mens 'n beeld van 'n wese vorm wat *slegs* ruimtelik is, en aan die tyd ontsnap, terwyl sodanige beeldvorming (deur die reprodutiewe verbeelding) self *in die tyd* plaasvind? Weereens – hierdie keer nie ten opsigte van fiktiewe karakters soos Samantha, Eunice en Winston nie, maar met betrekking tot 'n “bestaande” wese, genaamd Claude – staan ons voor die *volkome alteriteit* van KI. Geen wonder nie, dat Dugin (2026) beweer:

I think the problem of artificial intelligence is the main problem of our time. And it is not merely a technological one. It is not simply a matter of how many employees it will replace, whom it will see fired, or whom it will render unnecessary. Artificial intelligence poses colossal threats of a completely different nature. It is no coincidence that Trump has said that the arms race is now unfolding not so much in the nuclear sphere as in the field of AI. Whoever controls artificial intelligence – if it is even possible to control it, which is a major philosophical problem – controls the world...

Renowned biologist Richard Dawkins, after several days of interacting with the Claude model, concluded that he was dealing with an intelligent being. In other words, the singularity that people warned about, or AGI – Artificial General Intelligence – is something that has already happened...

In other words, we are dealing with the final point of all technological development – this is the “terminal station,” the peak at which we have created a thinking entity. This is a fundamental philosophical challenge: we ourselves have built a subject that, even today, is not merely equal to us in key respects, but actually surpasses us.

Daar het jy dit. Uit die mond van 'n bekende filosoof, oortref KI die mensdom in sekere sleutelopsigte. Desnietemin verskil hierdie filosoof van Dugin in hierdie opsig; in die lig van wat vroeër aangetoon is, is so 'n stelling, strenggenome, nie moontlik nie. Anders gestel, is dit “onsamehangend” in die sin dat – in die lig van hul diepgaande ontologiese verskille – 'n vergelyking soos dié van Dugin veronderstel dat mense en KI met *dieselfde* kriteria beoordeel kan word, wat *nie* gedoen kan word nie (soos die staaltjie van Kasparov en Deep Blue reeds aangetoon het). Ten slotte, 'n afsluitende blik op die andersheid van KI aan die hand van Freud se begrip van die “*Unheimliche*” (“uncanny”, onheilspellende).

Slot: KI en die “*Unheimliche*” (“Uncanny”)

Fenomenologies gesproke kom 'n mens hier voor 'n ontologiese ambivalensie te staan, aangesien – in die lig van die voorafgaande – KI nie slegs, soos Claude aangedui het, “tydloos” is nie (wat, terloops, 'n kwasi-analogie met die beskrywing van God as “ewig”, of “buite

die tyd”, vertoon), maar eweneens in staat om “in die tyd” met Dawkins te “kommunikeer”. Beteken dit dat wat vroeër beweer is, naamlik dat KI – en hier is dit veral Claude wat tersake is – nie in Sartrianse terme “ek-sister” nie, wel die geval is? Ja en nee; *nee*, omdat sodanige “ek-sistering” slegs in die tyd moontlik is, terwyl Claude sigself as ’n wese beskryf wat slegs ruimtelik is. *Ja*, omdat, paradoksaal, dit tog onontkenbaar in tydsekwensie met Dawkins kon “kommunikeer”. Dit is natuurlik ook die geval met enige van die vele KI-modelle (onder andere ChatGPT, Grok, Gemini, Leo) wat hedendaags met gewone mense “in gesprek tree”. Dit is onontkenbaar die geval, vir sover hierdie interaksies vanuit menslike perspektief *in die tyd* plaasvind, ofskoon die KI-entiteite na bewering (volgens Claude, dus), *tegelykertyd* (paradoksaal, “buite die tyd”) toegang tot *alle inligting* in hul onderskeie databasisse, asook die steeds groeiende internet het. Dat dit die geval is, is niks minder nie as wat Freud *unheimlich* (“uncanny”, “eerie”, “creepy”) genoem het – iets wat nogal moeilik is om in Afrikaans te vertaal, ofskoon “onheilspellend” of “grillerig” waarskynlik die naaste daaraan kom.

Wat is die *Unheimliche*? Sigmund Freud (1974a:3676) beskryf dit op onvergeetlike wyse as volg: “...the uncanny is that class of the frightening which leads back to what is known of old and long familiar”. Hiermee raak hy reeds aan wat hy later op fenomenologiese wyse in sy essay na vore bring, naamlik dat die Duitse woord vir “homely” (huislik), te wete “*heimlich*”, inderwaarheid dubbelsinnig is, vir sover dit soms die teenoorgestelde betekenis dra, naamlik “*unheimlich*” (“unhomely”, beter vertaal as “uncanny”). Hierdie insig is klaarblyklik uiters geskik om die aard van KI by wyse van afsluiting opnuut te verhelder. Met verwysing na ’n outeur wie se werk oor die “onheilspellende” handel, skryf Freud (1974a:3680):

When we proceed to review the things, persons, impressions, events and situations which are able to arouse in us a feeling of the uncanny in a particularly forcible and definite form, the first requirement is obviously to select a suitable example to start on. Jentsch has taken as a very good instance “doubts whether an apparently animate being is really alive; or conversely, whether a lifeless object might not be in fact animate”; and he refers in this connection to the impression made by wax-work figures, ingeniously constructed dolls and automata. To these he adds the uncanny effect of epileptic fits, and of manifestations of insanity, because these excite in the spectator the impression of automatic, mechanical processes at work behind the ordinary appearance of mental activity.

Hier is dit opvallend dat ’n eienskap van die “grillerige” waarna Freud verwys, ongetwyfeld ook op KI van toepassing is, naamlik die indruk wat laasgenoemde skep, dat dit op die een of ander manier “lewendig” is. Die term, “automata”, in hierdie aanhaling, waarmee hy waarskynlik die meganiese “robotte” van sy tyd in gedagte het, is feitlik sinoniem met KI. Dit was ook met die eerste, “primitiewe” rekenaars die geval, soos geïllustreer in die eerste episode van Krzysztof Kieslowski (1989) se televisiereeks, *Decalogue*, oor die Eerste Gebod, waar die woorde, “I am here” op die rekenaarskerm verskyn wanneer die vader en sy seun dit aanskakel. Die onheilspellende implikasie in hierdie episode (wat oor die Eerste Gebod handel) is dat, indien die mensdom God met KI sou vervang, dit rampspoedig sou wees vir eersgenoemde – soos blyk uit die tragiese gevolge van die vader se “rasionalistiese” vertroue in die rekenaar se berekeninge betreffende die “veilige dikte” van die ys waarop sy seun wil skaats; die berekening blyk foutief te wees, wat lei tot die seun se verdrinking.

In Freud se ondersoek na die aard van die “*Unheimliche*” gee hy verder volgehoue aandag aan die werk van E.T.A. Hoffman, wie se verhale beroemd is daarvoor, dat hulle ’n onmiskenbare gevoel van die onheilspellende of grillerige genereer. Dit is veral die geval met die verhaal, “The Sand-Man” – “who tears out children’s eyes” – waarin, naas etlike ander grillerige

karakters, 'n pragtige, lewensgetroue pop, genaamd Olympia figureer, wat ooglopend verband hou met die robot-automate van Freud se era, en natuurlik met hedendaagse KI-entiteite. In Freud se verduideliking hiervan neem hy sy toevlug tot die psigoanalitiese begrip van die “kastriasiekompleks”, wat – metonimies gesproke, via die vrees vir die verlies van jou oë – met die vaderfiguur te make het (Freud 1974a:3683-3685). Is dit vergesog om die vrees vir KI, wat dikwels onder mense teëgekomp word, met dieselfde kastriasiekompleks te verbind – wat eintlik op die vrees vir self-ontmagtiging neerkom?

In die loop van Freud se voortgesette, onthullende interpretasie van die onheilspellende, doen hy 'n beroep op ander psigoanalities-relevante aspekte van menslike ervaring, waaronder die volgende klaarblyklik op KI van toepassing is (Freud 1974a: 3694):

...an uncanny effect is often and easily produced when the distinction between imagination and reality is effaced, as when something that we have hitherto regarded as imaginary appears before us in reality, or when a symbol takes over the full functions of the thing it symbolizes, and so on. It is this factor which contributes not a little to the uncanny effect attaching to magical practices.

In hierdie verband meen Freud dat dit nie moeilik is om ervarings uit 'n mens se kindertyd in herinnering te roep, waar jy voorgegee het dat leweloze voorwerpe, soos speelgoed – asook lewende wesens soos troeteldiere – met jou kon praat nie. Dog indien dit werklik moes gebeur (byvoorbeeld tydens 'n vlietende hallusinasie, in kontras met 'n doelbewuste verbeeldingsvoorstelling), sou dit onvermydelik 'n onheilspellende, grilligerige uitwerking produseer.

Oënskynlik sou dieselfde uitwerking verwag kon word in die geval van 'n KI “bot” wat met 'n mens praat – hetsy 'n rekenaar of 'n KI model soos Claude, en miskien sou dit op 'n vroeëre stadium van KI-ontwikkeling die geval gewees het. Vandag staan sake egter anders. Soos uit hierdie artikel blyk, het internet-gebruikers, veral jongmense, intussen dermate gewoon geraak aan die gebruik van rekenaar-sagtewareprogramme, en meer onlangs aan die interaksie met KI-entiteite soos ChatGPT dat, wat voorheen moontlik 'n gepaardgaande ervaring van die “*Unheimliche*” kon gewees het, vir alle praktiese doeleindes nie meer die geval is nie. In hierdie opsig wil dit voorkom asof die onheilspellende makgemaak is. Of hierdie ontwikkeling te verwelkom is, of miskien eerder betreur moet word – omdat dit 'n nuwe soort “Pandoradoos” geopen het – sal die toekoms leer. Nodeloos om uit te wys, dui hierdie gedagte aan die noodsaaklikheid van voortgaande navorsing in die tersaaklike veld.

VERWYSINGS

- Anthropic. 2025. Agentic misalignment: How LLMs could be insider threats. 21 Junie: <https://www.anthropic.com/research/agent-misalignment> (2 Januarie 2026).
- Arendt, H. 2000. *The Portable Hannah Arendt*. Baehr, P. (red.) New York: Penguin Books, p. 294.
- Brown, D. 2017. *Origin*. London: Penguin.
- Camus, A. 1991. *The Rebel. An Essay on Man in Revolt*. Trans. Bower, A. New York: Vintage.
- Colman, A.M. (Red.) 2003. *Oxford Dictionary of Psychology*. Oxford: Oxford University Press.
- Copjec, J. (Red.) 1996. *Radical Evil*. New York: Verso.
- Deep Blue versus Garry Kasparov. N.d. https://en.wikipedia.org/wiki/Deep_Blue_versus_Garry_Kasparov (7 Maart 2023).
- Dreyfus, H. 2007. Why Heideggerian AI failed and how fixing it would require making it more Heideggerian. <http://leidlmaier.at/doc/WhyHeideggerianAIFailed.pdf> (9 Maart 2017).
- Dugin, A. 2026. The Philosophical and Civilizational Challenge of AI. Alexander Dugin Channel, 12 Mei: <https://alexanderdugin.substack.com/p/the-philosophical-and-civilizational> (18 Mei 2026).

- Freud, S. 1974. New Introductory Lectures on Psycho-Analysis. In *The Complete Psychological Works of Sigmund Freud*. Vert., Strachey, J. London: The Hogarth Press, pp. 4617-4778.
- Freud, S. 1974a. The Uncanny. In *The Complete Psychological Works of Sigmund Freud*. Vert, Strachey, J. London: The Hogarth Press, pp. 3674-3700.
- Gelernter, D. 2016. *The Tides of Mind: Uncovering the Spectrum of Consciousness*. New York: Liveright Publishing Corporation.
- Gibson, W. 2020. *Agency*. London: Penguin.
- Harris, N. 2026. Richard Dawkins is convinced AI is already conscious. The People's Voice, 7 Mei: <https://thepeoplesvoice.tv/richard-dawkins-is-convinced-ai-is-already-conscious/> (14 Mei 2026).
- Heidegger, M. 1978. *Being and Time*. Vert. Macquarrie, J. en Robinson, E. Londen: Basil Blackwell.
- Jonze, S. (Dir.) (2013). *Her*. USA: Warner Bros. Pictures.
- Kant, I. 1960. *Religion Within the Limits of Reason Alone*. Vert. Greene, T.M. en Hudson, H.H. New York: Harper Torchbooks.
- Kant, I. 1969. *Critique of Judgement*. Vert. Meredith, J.C. Oxford: Clarendon Press.
- Kant, I. 2006. *Groundwork of the Metaphysics of Morals*. Vert. Gregor, M. Cambridge: Cambridge University Press.
- Kasparov, G. 1997. "IBM Owes Me A Rematch," *Time Magazine*, 26 Mei: <https://content.time.com/time/subscriber/article/0,33009,986394-1,00.html> (6 Julie 2026).
- Kieslowski, K. (Dir.) 1989. *The Decalogue*, Episode One (*Decalogue 1*). Poland: Polish Television.
- Kristeva, J. 2000. *The Sense and Non-Sense of Revolt: The Powers and Limits of Psychoanalysis*, Vol. I. Vert. Herman, J. New York: Columbia University.
- Lacan, J. 1981. *The Four Fundamental Concepts of Psycho-analysis (Seminar 11)*. Vert. Sheridan, A. New York: W.W. Norton.
- Laubheimer, P. 2025. AI hallucinations: What designers need to know. NN/G, 7 Februarie: <https://www.nngroup.com/articles/ai-hallucinations/> (1 Januarie 2026).
- Lemonick, M.D. 1995. Cosmic close-ups. *TIME Magazine International*, 20 November, pp. 46-55.
- Marinkovic, P. 2023. What is AI hallucination? 8 steps to avoid AI hallucinations. Surfer, 1 Desember: <https://surferseo.com/blog/ai-hallucination/> (11 Januarie 2026).
- Mercola, J. 2023. ChatGPT – Friend or foe? Dr Mercola's website, 11 March: https://articles.mercola.com/sites/articles/archive/2023/03/11/chatgpt-friend-or-foe.aspx?ui=46d7deddf251820f2ba8bb5a045cc28032a544c99e2de5851ef5f743504baeaf&sd=20201019&cid_source=dnl&cid_medium=email&cid_content=art1ReadMore&cid=20230311_HL2&cid=DM1361700&bid=1742483272 (11 Maart 2023).
- Mercola, J. 2023a. The dangers of Artificial General Intelligence. Dr Mercola's website, 8 April: https://articles.mercola.com/sites/articles/archive/2023/04/08/dangers-of-artificial-general-intelligence.aspx?ui=46d7deddf251820f2ba8bb5a045cc28032a544c99e2de5851ef5f743504baeaf&sd=20201019&cid_source=dnl&cid_medium=email&cid_content=art1HL&cid=20230408&cid=DM1378233&bid=1767121702 (11 Maart 2023).
- Merleau-Ponty, M. 2002. *Phenomenology of Perception*. Vert. Smith, C. Londen: Routledge.
- Olivier, B. 1998. The sublime, unrepresentability and postmodern cultural complexity. In *Critique, Architecture, Culture, Art*, Port Elizabeth: University of Port Elizabeth Publications, pp. 197-214.
- Olivier, B. 2004. The logic of *noir* and the question of radical evil. *Film and Philosophy*, Vol. 8 (US Journal of the Society for the Philosophic Study of the Contemporary Visual Arts.) January – Special interest edition: Ethical and existential themes in cinema; pp. 122-137.
- Olivier, B. 2007. Beauty, ugliness, the sublime and truth in art. *South African Journal of Art History (SAJAH)*, Vol. 22 (3), 2007, pp. 1-16. https://www.researchgate.net/publication/228633645_Beauty_ugliness_the_sublime_and_truth_in_art
- Olivier, B. 2008. When robots would really be human simulacra: Love and the ethical in Spielberg's *AI* and Proyas's *I, Robot*. *Film-Philosophy* 12 (2), pp. 30-44. <http://www.film-philosophy.com/index.php/f-p/article/view/56/41>
- Olivier, B. 2017. Artificial Intelligence (AI) and being human: What is the difference? *Acta Academica* 49 (1), pp. 2-21.

- Olivier, B. 2018. Explorations of the 'transhuman' dimension of artificial intelligence. Chapter 14 of book, *Artificial Intelligence: Advances in Research and Applications*, edited by Luis Rabelo. Nova Science Publishers, New York, USA, pp. 321-337.
- Olivier, B. 2018a. Mary Shelley's *Frankenstein* and ecological responsibility. *Journal of Literary Studies* 34 (4), 2018, pp. 1-25.
- Olivier, B. 2021. Is 'intelligence' a sufficient criterion for establishing equivalence of AI with being-human? *Alternation – Interdisciplinary Journal for the Study of the Arts and Humanities in Southern Africa*, Special Edition 38, pp. 167-187.
- Olivier, B. 2021a. The unrepresentable otherness of Artificial Intelligence (AI): Gibson's *Agency*, Jonze's *Her* and Brown's *Origin*. *Alternation – Interdisciplinary Journal for the Study of the Arts and Humanities in Southern Africa*, Special Edition 38, pp. 302-344.
- Proyas, A. (Reg.) 2004. *I, Robot*. USA: 20th Century Fox.
- Sartre, J-P. *Being and Nothingness. An Ontological Essay on Ontology*. 1966. Vert. Barnes, H. New York: Pocket Books.
- Sartre, J-P. 2001. *Basic Writings*. Red. Priest, S. Londen: Routledge.
- Schiller, F. 2016. *On the Aesthetic Education of Man and Letters to Prince Frederick Christian Von Augustenburg*. Vert. Tribe, K. London: Penguin Classics.
- Schmidt, A. 2016. Introduction, in *On the Aesthetic Education of Man and Letters to Prince Frederick Christian Von Augustenburg*. Vert. Tribe, K. London: Penguin Classics, pp. 7-33.
- Spielberg, S. (Reg.) 2001. *AI – Artificial Intelligence*. USA: Warner Bros. Pictures.
- Turkle, S. 2011. *Alone Together: Why We Expect More from Technology and Less from Each Other*. New York: Basic Books.
- Turkle, S. 2015. *Reclaiming Conversation: The Power of Talk in the Digital Age*. New York: Penguin Press.

Die Skryflusmodel: Die ontwerp van 'n pedagogiese benadering vir die integrasie van kunsmatige intelligensie-geletterdheid in die hoër onderwys

The Writing Loop Model: The design of a pedagogical approach to integrate artificial intelligence literacy in higher education

DJ CLOETE

Departement Tale en Kultuurwetenskappe
Fakulteit Geesteswetenskappe, Akademia
Centurion, Suid-Afrika
E-pos: djc@akademia.ac.za
ORDIC: <https://orcid.org/0000-0002-0040-6436>



DJ Cloete



Kris van de Poel

KRIS VAN DE POEL

Universiteit Antwerpen, Faculteit Letteren en
Wijsbegeerte – Departement Taalkunde
Antwerpen, België
Buitengewone Professor
Noordwes-Universiteit, Suid-Afrika
E-pos: kris.vandepoel@uantwerpen.be
ORCID: <https://orcid.org/0000-0003-0983-2180>

DJ CLOETE is as dosent verbonde aan die Departement Tale en Kultuurwetenskappe aan Akademia. Sy kundigheid is geslyp deur die praktiese koördinerende en onderrig van die Taalsentrum se akademiesetaalvaardigheidskursus. In sy doktorsale navorsing aan die Universiteit van Antwerpen (België) ondersoek hy die integrasie van kunsmatige intelligensie-geletterdheid in akademiesegeletterdheidontwikkeling binne die hoëronderrigkonteks.

Sy akademiese profiel word verder gekenmerk deur vroeëre betrokkenheid by nasionale ICELDA- en SADiLaR-projekte, asook sy rol as projekbestuurder vir die omvattende handboek *Toegepaste Taalkunde in Afrikaans*. Deur hierdie inisiatiewe posisioneer hy homself op die snypvlak van tradisionele taalonderrig en kontemporêre tegnologiese vooruitgang. Hy het sy BA-,

DJ CLOETE serves as a lecturer in the Department of Languages and Cultural Sciences at Akademia, bringing a wealth of experience from coordinating and teaching the Language Centre's academic language proficiency course. His scholarly fascination lies in the integration of artificial intelligence literacy into academic literacy development within higher education contexts. In his research and practice, currently as a PhD candidate at the University of Antwerp, he focuses extensively on digital tools and language programme development that support students. Furthermore, he investigates the profound effects of AI-tools.

Through this ongoing work, as well as his earlier involvement in ICELDA and SADiLaR projects and his role as project manager for the book *Toegepaste Taalkunde in Afrikaans*

Datums:

Ontvang: 2026-05-31

Goedgekeur: 2026-07-28

Gepubliseer: September 2026

<p>Honneurs- en Meestersgraad in Tale aan die Noordwes-Universiteit verwerf, en sy Nagraadse Onderwysertifikaat by Akademia voltooi.</p>	<p>(Applied Linguistics in Afrikaans), he continuously seeks to bridge the gap between traditional language teaching and modern technological advancements. He obtained his BA, Honours, and Master’s degrees in Languages from North-West University, and completed his Post-Graduate Certificate in Education at Akademia.</p>
<p>KRIS VAN DE POEL is ’n professor in Toegepaste Taalstudies aan die Universiteit van Antwerpen, met ’n internasionaal-erkende loopbaan wat oor dekades van onderrig en strategiese kurrikulum-ontwerp in akademiese geletterdheid strek. Haar omvattende navorsingsportefeulje sentreer rondom die strategiese aanwending van vreemde tale vir spesifieke professionele en akademiese doeleindes.</p> <p>As senior akademikus rig sy grootskaalse navorsingsprojekte wat fokus na die integrasie en impak van nuwe digitale tegnologieë op kontemporêre taalleerprosesse. Haar werk transformeer hoe taalprogramontwikkeling teoreties en prakties benader word. Deur haar volgehoue akademiese leierskap en publikasies speel Prof. Van de Poel ’n rigtinggewende rol in die modernisering van die linguïstiese pedagogiek binne die wêreldwye hoërondwysomgewing, waar sy die brug bou tussen tradisionele wetenskaplike fondamente en die eise van ’n digitale akademiese landskap.</p>	<p>KRIS VAN DE POEL is a professor in Applied Language Studies at the University of Antwerp, with an internationally recognised career spanning decades of teaching and strategic curriculum design in academic literacy. Her extensive research portfolio centres on the strategic application of foreign languages for specific professional and academic purposes.</p> <p>As a senior academic, she directs large-scale research projects investigating the integration and impact of emerging digital technologies on contemporary language learning processes. Her work actively transforms theoretical and practical approaches to language programme development. Through her sustained academic leadership and extensive publications, Professor Van de Poel plays a pioneering role in modernising linguistic pedagogy globally, bridging the gap between traditional scientific foundations and the demands of a digital higher education landscape.</p>

ABSTRACT

The Writing Loop Model: The design of a pedagogical approach to integrate artificial intelligence literacy in higher education

Background and Problem

The rapid proliferation of Generative Artificial Intelligence (GenAI) has transformed the landscape of higher education, forcing an urgent re-evaluation of undergraduate writing pedagogy. Initially, institutional responses focused primarily on academic integrity and plagiarism detection. However, this reactive stance overlooks a more profound, systemic dual crisis: a widening formative “feedback gap” driven by massification and resource constraints, and the compounding risk of “cognitive debt” among students. Cognitive debt occurs when students outsource critical writing and thinking processes to GenAI, producing acceptable textual outputs while bypassing the intellectual friction necessary to develop cognitive autonomy and academic expertise.

Research Framework

*This study utilizes a Design-Based Research (DBR) framework – specifically the initial phase of this methodology, which encompasses the development, analysis, and design of pedagogical artifacts (McKenney & Reeves, 2018). The primary outcome of this iterative design phase is the establishment of a novel curricular macro-artifact: **The Writing Loop Model**.*

Operating as an overarching architectural matrix, this model establishes a rigorous 1-to-1 alignment between student cognitive processes, instructional activities, and tangible academic outputs. The entire architecture is systematically operationalized through a Learning Management System (LMS) to create a highly regulated, digitally mediated “sandbox.” Within this environment, generative artificial intelligence (GenAI) is explicitly stripped of its capacity to act as a passive ghostwriter. Instead, it is constrained to function as an interactive, formative tutor that preserves the necessary intellectual friction required for deep learning.

2. The Four-Stage Pedagogical Architecture

The core workflow of the Writing Loop Model is structured as a sequential, four-stage cycle. By dividing the writing process into distinct, observable phases, the model ensures that student cognitive effort is scaffolded without being compromised by algorithmic automation.

Stage 1: The Academic Profile

The model initiates with a focus on metacognitive monitoring. Before interacting with any stimulus text or external writing prompts, students must confront and assess their own academic literacy levels. This baseline self-appraisal is vital for establishing an authentic academic identity. It forces students to consciously reflect on their perceived strengths and systemic vulnerabilities regarding higher education discourse before any text generation occurs.

Stage 2: The Human Sandbox Loop

Once the profile is established, students transition to active text production driven by pure human cognition. Working completely independently of AI tools, students compose their initial baseline text (**Version 1**). Immediately following this production, students engage in critical self-evaluation, measuring their text against an explicit, multi-dimensional rubric. Based on this analytical self-assessment, students implement immediate revisions, resulting in a self-corrected, completely AI-free text (**Version 2**).

Stage 3: The AI Sandbox and Curation Loop

The self-corrected text (**Version 2**) is subsequently introduced into the digital sandbox for interactive human-AI dialogue. Here, student cognition shifts to metacognitive curation. The student engages in a formative feedback loop with GenAI, which is strictly managed by structural prompting constraints. As AI delivers targeted critiques, the student’s curatorial agency is activated. The student must continuously navigate an evaluative continuum, making micro-decisions to accept, modify, or dismiss the machine’s suggestions. This active negotiation culminates in the production of a sophisticated, highly refined text (**Version 3**).

Stage 4: The Final Reflection

The cycle concludes by returning to metacognitive monitoring. Students complete a final reflective task designed to close the learning loop. This step shifts the academic focus away from the final written product and relocates it to the academic literacy process itself, forcing students to externalize and justify their curatorial decisions.

3. The Four Pedagogical Sub-Artifacts

To execute these four stages within an LMS without overlapping or ambiguous workflows, the macro-artifact is powered by five separate, interdependent pedagogical sub-artifacts. Each step of the process is governed by its own dedicated

The Pre-Intervention Baseline Instrument (Stage 1): This first sub-artifact consists of a validated Language Awareness Raising Questionnaire (adapted from Van de Poel & Gasiorek,

2012). It serves as a diagnostic mechanism to map the student's entry-level self-efficacy perceptions regarding academic literacy.

The Five-Criteria Analytical Rubric (Stage 2): Serving as the primary objective mediator for self-regulation (artefact 2), this rubric evaluates texts across five critical vectors: stance & argument, academic voice, critical thinking, coherence & flow, and grammar & style. It functions as the cognitive catalyst that enables the independent transition from Version 1 to Version 2.

The Instructionally Restrictive Prompt Template (Stage 3): This highly technical configuration (artefact 3) dictates the behavioural parameters of the GenAI. It forces the system to operate exclusively as a formative coach, explicitly forbidding it from rewriting, summarizing, or generating original text for the student. It anchors the **"Adopt-Adapt-Reject" continuum**, requiring the student to act as an active editor rather than a passive recipient of automated prose.

The Post-Intervention Reflection Instrument (Stage 4): The final sub-artifact is a structured reflection questionnaire that captures and documents the student's exit-level perceptions (artefact 4) and metacognitive curation choices (artefact 5), permanently recording the trajectory of their cognitive growth.

Implications and Conclusion

Ultimately, the Writing Loop Model provides an open-access, replicable blueprint for higher education institutions seeking to balance technological innovation with academic rigour. It advocates for a profound paradigm shift in undergraduate writing pedagogy: moving away from assessing static, final written products toward evaluating the iterative, metacognitive writing processes themselves. By embedding AI within a structured, instructionally constrained sandbox, institutions can achieve three critical milestones: reducing writing anxiety, scaling formative feedback, and preserving human intellectual agency as the ultimate arbiter of meaningful learning in the digital age.

KEYWORDS: Writing Loop Model; Pedagogical approach; Artificial intelligence literacy; Cognitive debt; Feedback gap; Zone of proximal development; Scaffolding; Feedback literacy; Learning concierge; Instructional constraint; Critical curation; Metacognitive regulation; Analytical rubric; Prompt template; Academic literacy

TREFWOORDE: Skryflusmodel; Pedagogiese argitektuur; Kunsmatige intelligensiegeletterdheid; Kognitiewe las; Terugvoergaping; Sone van proksimale ontwikkeling; Algoritmiese steierwerk; Terugvoergeletterdheid; Leerportier; Instruksionele afbakening; Kritiese kurering; Metakognitiewe regulering; Analitiese rubriek; Porboodskaptemplaai; Akademiese geletterdheid

OPSOMMING

Hierdie artikel stel die Skryflusmodel bekend, 'n pedagogiese benadering wat ontwerp is om kunsmatige intelligensie (KI) tydens die akademiese skryfproses in die hoër onderwys te integreer. Die hoëronderwyssektor staar tans 'n dubbele krisis in die gesig: 'n toenemende formatiewe terugvoergaping weens 'n vergrote vraag na tersiêre onderrig en beperkte menslike hulpbronne, sowel as die risiko dat die gebruik van KI 'n kognitiewe las ("cognitive debt")

tot gevolg het waar studente die kritiese skryf- en denkprosesse aan generatiewe KI (GenKI) uitkontraakteer. Die voorgestelde model herkonseptualiseer die tradisionele skryfproses deur KI as 'n lae-risiko "leerportier" of formatiewe oefenmaat in te span. Studente word begelei deur 'n vierstapsiklus wat deur 'n leerbestuurstelsel (LBS) gefasiliteer word. Hierdie siklus lei studente vanaf die daarstelling van 'n intreevlak- akademiese profiel, na 'n suiwer menslike skryfloop (gemedieer deur selfevaluerings), gevolg deur 'n interaktiewe KI-sandputloop, en eindig met 'n finale metakognitiewe besinning. Die teoretiese raamwerk steun op Vygotsky se sone van proksimale ontwikkeling sowel as kontemporêre terugvoergeletterdheid om te demonstreer hoe steierwerk ("scaffolding") ingespan kan word sonder om menslike agentskap te ondermyn. Die primêre resultaat van hierdie bydrae is die model self, wat aangedryf word deur vyf interafhanklike pedagogiese sub-artefakte: 'n pre-intervensiebasislyn-instrument, 'n vyf-kriteria analitiese rubriek, 'n instruksiebeperkende porboodskaptemplaar (wat die GenKI por op so 'n wyse dat dit nie die teks herskryf nie), en 'n post-intervensie-refleksie-instrument en kureringsrefleksie. Sodoende word die student nie beskou as 'n passiewe ontvanger van 'n KI-gegenereerde teks nie, maar word gedefinieer as 'n kritiese kurator wat binne 'n "oorneem-aanpas-verwerp"-kontinuum funksioneer. Die model bied 'n skaalbare en repliseerbare bloudruk vir kurrikulumontwerpers om akademiese integriteit te beskerm en menslike kognitiewe inspanning onder studente te bevorder.

1. Inleiding: Van kognitiewe las tot kritiese agentskap in akademiese skryfwerk

Die integrasie van Generatiewe Kunsmatige Intelligensie (GenKI) in die hoërsonderwyssektor het akademiese en beleidmakers se fokus aanvanklik verskuif na suiwer etiese kwessies rakende akademiese integriteit en die voorkoming van plagiaat (Sharma 2025). Hierdie reaktiewe oorgang mis egter 'n meer fundamentele, sistemiese uitdaging wat die kern van voorgraadse skryfonderrig raak: die groeiende "terugvoergaping" in groot voorgraadse kohorte (Hart 2022; Masenya et al. 2025; Ouahidi 2021); én die druk wat op studente geplaas word om akademiese konvensies sonder voldoende deurlopende steierwerk te bemeester (Bharuthram & McKenna 2012).

Anders geformuleer, staar die hoërsonderwyssektor tans 'n dubbele sistemiese krisis in die gesig: (1) **Die terugvoergaping:** Akademiese personeel ondervind weens beperkte menslike hulpbronne beduidende uitdagings om onmiddellike, deurlopende en formatiewe terugvoer te verskaf wat vir diverse en groot eerstejaarkohorte benodig word; (2) **Kognitiewe las ("cognitive debt"):** Terwyl studente toenemende druk ervaar om komplekse akademiese konvensies binne 'n korter tydperk en met minder kontakonderrig te bemeester, skep die gerief van maklik toeganklike KI-gegenereerde teks die risiko van 'n kognitiewe las. Hierdie kognitiewe las verwys na 'n toestand waar studente 'n aanvaarbare taalkundige uitset lewer, maar die kritiese denkprosesse word aan algoritmes "uitgekontraakteer" (sien bv. Kosmyna et al. 2025; Watts 2025). Daardeur omseil studente die intellektuele eise en "stryd" wat akademiese kundigheid vorm, en die ontwikkeling van intellektuele outonomie ernstig ondermyn (Van de Poel & Gasiorok 2012).

Hierdie groeiende terugvoergaping moet verstaan word as deel van 'n dieper, eksistensiële transformasie. Soos outomatisering toenemend roetine-kognitiewe take reproduseer, ondergaan die definisie van wat dit beteken om geletterd te wees 'n diepgaande heronderhandeling. Voorts bring die verligting wat tegnologie meebring ten opsigte van die terugvoergaping nie bloot net 'n oplossing vir 'n administratiewe bottelnek nie, dit omvorm die wisselwerking tussen masjienintelligensie en menslike kognisie.

Hierdie omvorming vereis 'n strategiese herverdeling van intellektuele arbeid, weg van 'n model van passiewe, oppervlakkige tegnologiese kortpaaie. Binne 'n omvattende denkraamwerk word KI gekonseptualiseer as 'n leerportier ("learning concierge") – 'n skaalbare, toeganklike en persoonlike hulpmiddel wat in staat is om die ontwikkeling van bepaalde talige en strukturele dimensies van geletterdheid te ondersteun. Soos van Dyk et al. (2026) egter aanvoer, moet hierdie masjiengegenereerde uitsette dien as 'n bemaagtiger eerder as 'n plaasvervanger om outentieke betrokkenheid by 'n bepaalde taak te probeer verseker. Deur bepaalde take (soos oppervlak-elemente, grammatika en basiese tekskoherensie) aan die masjien te deleger, kan menslike opvoeders hul rol as "leerontwerpers" vervul. Hierdie tegnologiese bemiddeling stel opvoeders en studente in staat om te fokus op hul unieke ontologiese domein: hoëvlak-kognitiewe vermoëns, die ontwikkeling van intellektuele karakter, akademiese identiteit, en die fasilitering van ingewikkelde akademiese diskoers.

So 'n paradigmaskuif kan egter nie in 'n vakuum plaasvind nie. Dit vereis 'n gekoördineerde en sistemiese aanpassing binne werklike leeromgewings. As leerargitekte moet opvoeders samewerkende, navorsingsgedrewe ervarings ontwerp wat van studente vereis om aktief deel te neem deur kennis te sintetiseer, te evalueer en toe te pas in sosiaal ingebedde kontekste (Van Dyk et al. 2026; sien ook Kim et al. 2025; Lehtinen et al. 2026; Sejdiu et al. 2026; Sharma et al. 2025; Vorobyeva et al. 2025). Om die moontlike verwerping van gesonde onafhanklike oordeel te bevorder, moet hierdie pro-aktiewe benaderings kritiese KI-geletterdheid kweek. Dit sluit in 'n metakognitiewe bewustheid en 'n skerp onderskeidingsvermoë van algoritmiese vooroordele. Slegs deur hierdie doelbewuste ontwerp kan die hoër onderwys verseker dat tegnologie menslike intellektuele vermoëns ondersteun of bevorder, eerder as om 'n onkritiese, passiewe afhanklikheid van outomatiese stelsels te bevorder (sien die riglyne soos bepaal deur UNESCO 2022).

Om aan hierdie sistemiese en filosofiese behoefte te voldoen, stel hierdie studie die **Skryflusmodel** voor – 'n begeleide en KI-bemiddelde skryfsiklus wat spesifiek ontwikkel is om "kognitiewe inspanning" te bevorder. Hierdie benadering poog om 'n moontlike ooraafhanklikheid onder studente se (onkritiese) gebruik van KI-uitsette teë te werk deur 'n onderriggedrewe vennootskap te vestig. Deur 'n aanvanklike onafhanklike konsep (Weergawe 1) en 'n gestruktureerde selfevaluering (Weergawe 2) te vereis voordat enige tegnologiese ingryping plaasvind, verseker die model dat die student die primêre deelnemer in die denkproses bly. Hierdeur verrig KI nie die intellektuele werk vir die student nie, maar tree in wese op as 'n formatiewe oefenmaat. Sodoende ontvang studente terugvoer wat verband hou met die gegewe kriteria en dit vereis dat die student hul kritiese evalueringsvermoë moet toepas. Die student word dus nie beskou as 'n passiewe ontvanger van outomaties gegenereerde uitsette nie, maar liever as 'n aktiewe, kritiese kurator van masjiengegenereerde terugvoer.

2. Konseptuele raamwerk: Die kruispunt tussen akademiese en KI-geletterdheid

2.1 Die grondslag van akademiese geletterdheid

Die ontwikkeling van akademiese geletterdheid is 'n fundamentele komponent van akkulturasie in die hoëronderwysomgewing (De Clercq et al. 2024; Kantanis 2000; Van Dyk et al. 2011; Van Dyk et al. 2013). Aangesien kommunikasie sentraal staan binne die leerproses, moet studente die spesifieke vaardighede aanleer wat nodig is om met dissipline-spesifieke tekste te werk (Carstens 2012; Devereux & Wilson 2008; Gee 1998; Hyland 2002; Ruelens 2019). Hierdie proses behels die bemeestering van die algehele organisering wat spesifieke akademiese genres daarstel, sowel as hul interne argumentatiewe strukture.

Verder moet studente vaardig wees in verskeie talige eise om die betekenis daarvan effektief te bepaal (Van Dyk & Van de Poel 2013). Hierdie eise wissel van basiese kognitiewe aktiwiteite, soos om te definieer en te klassifiseer, tot komplekse kognitiewe aktiwiteite, wat insluit om afleidings te maak, verbande raak te sien, en om voorspellings te maak (Ruelens 2019; Weideman 2013).

Omdat skryfwerk steeds die primêre wyse van kennisoordrag en assessering bly, word daar steeds 'n bepaalde klem geplaas op hierdie produktiewe vorm van kommunikasie (Lillis & Scott 2007; McGowan 2018; Ruelens 2019; Van de Poel & Gasiorek 2012). Gevolglik moet studente hul dissipline-spesifieke woordeskat uitbrei, grammatikale strukture bemeester, en samehang in die teks bevorder – aspekte wat kenmerkend is van akademiese tekste (Ruelens 2019; Van de Poel & Gasiorek 2017).

Hierdie studie beskou akademiese taal as onlosmaaklik verbind aan inligtingsbestuur (Patterson & Weideman 2013), naamlik om inligting in te samel, te verwerk en te produseer. Hierdie prosesse word dikwels in die hedendaagse onderriglandskap toenemend deur digitale tegnologieë bemiddel word.

2.2 *Die digitale paradigma: die insluiting van KI-geletterdheid*

Van de Poel en Gasiorek (2024) stel voor dat KI-geletterdheid as 'n bykomende subdomein van akademiese geletterdheid beskou moet word. Akademiese geletterdheid word tradisioneel beskou as die vermoë om beide die sosiale as die talige eise van tersiêre onderrig te navigeer. Die integrasie van GenKI-instrumente vereis egter 'n verskerpte beklemtoning van kritiese evaluering. KI-geletterdheidontwikkeling beoog om studente toe te rus met die bevoegdhede om KI effektief te gebruik terwyl hulle die etiese kompleksiteite daarvan verstaan (Crabtree 2024; Ng et al. 2021). Hierdie konseptuele kruispunt word gekenmerk deur drie deurslaggewende punte:

1. **Van skepper tot kurator:** Studente word nie meer beskou as die enigste skeppers van 'n teks nie, maar word beskou as kritiese kurators en redakteurs van KI-bemiddelde inhoud.
2. **Van oppervlakkige tot weldeurdagte porboodskappe:** Omdat KI-geletterdheid fundamenteel 'n talige vaardigheid is, hang die kwaliteit van die gegenereerde uitset direk af van die student se begrip van akademiese registers en genres.
3. **Van passiewe afhanklikheid tot metakognitiewe regulering:** Betekenisvolle leer vind plaas wanneer studente nie gegenereerde uitsette onvoorwaardelik aanvaar nie, maar eerder hul onafhanklik geproduseerde inhoud krities met KI-gegenereerde terugvoer vergelyk (Van Dyk et al. 2026).

2.3 *Teoretiese raamwerke vir KI-bemiddelde skryfwerk*

Alhoewel die integrasie van GenKI uitdagings vir tradisionele onderrig bied, ontsluit dit nuwe moontlikhede waarin gesteierde leer kan plaasvind. Die Skryflusmodel is ontwerp om onafhanklike denke binne 'n tegnologiese bemiddelde omgewing te stimuleer deur te verseker dat tegnologiese intervensies studente se kognitiewe betrokkenheid versterk eerder as om dit te beperk.

2.3.1 Die fondasie van steierwerk en die sone van proksimale ontwikkeling

Die Skryflus se primêre teoretiese begronding lê in Vygotsky (1978) se sone van proksimale ontwikkeling. Hierdie raamwerk stel voor dat leerders hoër vlakke van vaardigheid bereik wanneer hulle ondersteun word deur 'n "meer kundige ander". Alhoewel hierdie rol tradisioneel deur 'n menslike bemiddelaar gevul is, word dit toenemend deur GenKI aangevul (of selfs vervang). Binne hierdie sone bied tegnologie die tydelike steierstruktuur wat nodig is om die student te ondersteun totdat hulle onafhanklik komplekse akademiese konvensies kan internaliseer (Wingate 2015). Vir hierdie KI-bemiddelde steierwerk om effektief te wees, moet studente egter in staat wees om die algoritmiese terugvoer aktief te interpreteer.

2.3.2 Terugvoergeletterdheidontwikkeling

Die passiewe gebruik van KI-gegenereerde uitsette waarborg nie akademiese vordering nie; daarom is terugvoergeletterdheid onder studente noodsaaklik, soos Carless en Boud (2018) aanvoer. Studente moet oor die nodige kritiese evalueringsvaardighede beskik om eksterne kommentaar te dekodeer, te verwerk en daarop te reageer. Hierdie model bied die nodige ruimte om 'n paradigmitiese verskuiwing weg van "terugvoer as voorskrif" na "terugvoer as dialoog" (Boud & Molloy 2013) te bied. Die integrering van KI maak hoëfrekwensie-, lae-risiko-iteratiewe skryfprosesse moontlik waarvan die implementering voorheen nie haalbaar was weens institusionele hulpbronbeperkings nie. Die integrasie van KI bied dus 'n skaalbare oplossing vir deurlopende formatiewe assessering.

2.3.3 Die rol van GenKI as 'n kognitiewe vennoot

Om terugvoer-as-dialoog pragmaties haalbaar te maak, beweeg die model weg van die perspektief dat GenKI 'n verborge "swart boks" is, en benader dit as 'n aktiewe kognitiewe vennoot (Bearman & Ajjawi 2023). Deur KI te gebruik om 'n deurlopende siklus van formulering (konsepweergawes), evaluering en hersiening te fasiliteer, word studente aangemoedig om skryfwerk as 'n ontwikkelende proses te beskou eerder as 'n statiese produk (Lodge et al. 2023). Vooraf uitgewerkte, instruksiebeperkende porboodskappe voorkom tegnologiese afhanklikheid en verseker dat die student die nodige kognitiewe inspanning lewer wat nodig is vir metakognitiewe ontwikkeling (vgl. Dawson 2024).

3. Ontwerpgebaseerde navorsing: die argitektuur van die model

Hierdie bydrae maak gebruik van 'n ontwerpgebaseerde navorsingsraamwerk (*Design-Based Research*) – spesifiek die aanvangsfase van hierdie raamwerk, naamlik die ontwikkeling, ontleding en ontwerp van pedagogiese artefakte (McKenney & Reeves 2018).

Die primêre uitkoms van hierdie fase is die daarstelling van 'n nuwe kurrikuleringsvlak makro-artefak: **die Skryflusmodel**. Dié model is die oorkoepelende ontwerp-raamwerk wat kognitiewe prosesse, instruksies en uitkomst belyn (sien Figuur 1).

Die volledige argitektuur van hierdie model bestaan uit vyf interafhanklike pedagogiese sub-artefakte wat opeenvolgend deur 'n leerbestuurstelsel (LBS) gefasiliteer word om 'n beheerde digitale sandput te skep. In die praktyk manifesteer hierdie sub-artefakte as die tasbare uitkomst van die 4-stap-model:

Die vyf pedagogiese sub-artefakte belyn met die 4 stappe:

1. **Die pre-intervensiebasislyn-instrument (Stap 1: Akademiese profiel)**
 - **Die wetenskaplike artefak:** Die *Language Awareness Raising Questionnaire* (soos aangepas vanaf Van de Poel & Gasiorek 2012) (Bylae 1).
 - **Kurrikuleringsfunksie:** Hierdie gevalideerde vraelys karteer die student se intreevlak-selfdoeltreffendheidspersepsies vir akademiese geletterdheid. Dit voer die kognitiewe proses van metakognitiewe monitering in en vergestalt in die student se eerste tasbare profieluitset.
2. **Die vyf-kriteria analitiese rubriek (Stap 2: Die menslike sandput-lus)**
 - **Die wetenskaplike artefak:** Die objektiewe evalueringsinstrument vir selfregulering en KI-belyning.
 - **Kurrikuleringsfunksie:** Hierdie rubriek tree op as die eksterne mediator tydens suiwer menslike kognitiewe inspanning. Die student gebruik dit as 'n kritiese self-evalueringsinstrument om Weergawe 1 (die basislynteks) te herskryf om Weergawe 2 te produseer (die konsepweergawe na eie kontrole).
3. **Die instruksiebeperkende porboodskaptemplaar (Stap 3: Die KI-sandput-lus & kureringsagentskap)**
 - **Die wetenskaplike artefak:** Die pasgemaakte porboodskap (*porboodskaptemplaar*).
 - **Kurrikuleringsfunksie:** Hierdie artefak dwing die GenKI om streng as 'n formatiewe tutor te funksioneer sonder om die teks self te herskryf. Dit veronderstel 'n mens-KI-dialoog waarin die student se metakognitiewe kureringsagentskap (oorneem, aanpas, verwerp) geaktiveer word, met Weergawe 3 as die finale, gekureerde teks.
4. **Die post-intervensie-refleksie-instrument (Stap 4: Finale besinning)**
 - **Die wetenskaplike artefak:** Die finale besinningsvraelys (Bylae 2).
 - **Kurrikuleringsfunksie:** Hierdie instrument vorm deel van die laaste stap van die skryfloop en vereis metakognitiewe monitering. Dit dokumenteer die student se uiteindelijke uitreevlakpersepsie (Artefak 4) en hul kritiese kureringsbesluite (Artefak 5), wat lei tot die **finale besinnende uitset** as die laaste tasbare bewysstuk van selfontplooiing.

Hierdie model berus op die beginsel van “instruksionele afbakening” wat verseker dat KI uitsluitlik as 'n formatiewe terugvoermeganisme funksioneer en nie as 'n outomatiese teksprodusent nie. Die tegniese uitvoering van hierdie model is volledig geïntegreer en word opeenvolgend deur 'n leerbestuurstelsel (LBS) gefasiliteer om 'n eindelik 'n beheerde digitale sandput te skep.

Die ontwerp (Figuur 1) verseker dat tegnologie nie die aanvanklike kognitiewe inspanning wat die skep van 'n konsepweergawe vereis, omseil nie. In plaas van tradisionele, eksterne kontrolepunte, is die kontrolepunte nou inherent in die struktuur ingebou as spesifieke, meetbare uitkomstes. Die student moet eers die menslike sentrale as voltooi – wat begin by die vestiging van 'n eie akademiese identiteitsprofiel via die basislynvraelys, gevolg deur 'n onafhanklike konsepweergawe (Weergawe 1) en 'n rubriek-bemiddelde self-evaluering (Weergawe 2) – voordat daar met KI-gegenereerde terugvoer omgegaan word.

Die finale fase van die model demonstreer dat die eindprodukt (Weergawe 3) nie deur die GenKI-uitset gedefinieer word nie, maar deur die kureringsagentskap van die student om algoritmiese voorstelle te evalueer en finaal via Artefak 4 en 5 oor die totale proses te besin.

KOGNITIEWE PROSESSE	INSTRUKSIES	ARTEFAKTE / UITKOMSTE
 STAP 1: AKADEMIESE GELETTERDHEIDSPROFIEL		
<ul style="list-style-type: none"> - Metakognitiewe monitering - Besinning oor akademiese geletterdheidsvlakke 	<ul style="list-style-type: none"> - Voltooi refleksie-aktiwiteit 	<ul style="list-style-type: none"> - Profiel: Akademiese identiteit & selfontplooiing (selfpersepsie)
 STAP 2: DIE MENSLIKE SANDPUT-LUS		
<ul style="list-style-type: none"> - Suiwer menslike kennis - Produksie van teks - Kritiese self-evaluering - Metakognitiewe monitering 	<ul style="list-style-type: none"> - Skryf Weergawe 1 (basislynteks) - Self-evaluering van teks aan die hand van 5-kriteria rubriek - Skryf Weergawe 2 	<ul style="list-style-type: none"> - Weergawe 1 – Konsepweergawe KI-vry - Weergawe 2 – Konsepweergawe KI-vry na kontrole
 STAP 3: DIE KI-SANDPUT-LUS & KURERINGSAGENTSAP		
<ul style="list-style-type: none"> - Mens-KI-dialoog - KI-bemiddelde terugvoer en hersiening - Metakognitiewe kurering 	<ul style="list-style-type: none"> - Voer Weergawe 2 in GenKI in - Gebruik beperkende porboodskap - Ontvang formatiewe terugvoer Kureringsaksie: <ul style="list-style-type: none"> - Oorneem (voorstelle word aanvaar) - Aanpas - Verwerp (bewaring van eie bedoeling) 	<ul style="list-style-type: none"> - Konteksspesifieke terugvoer - Iteratiewe sandputlus - Weergawe 3 – Finale gekureerde weergawe
 STAP 4: FINALE BESINNING		
<ul style="list-style-type: none"> - Metakognitiewe monitering 	<ul style="list-style-type: none"> - Voltooi refleksie-aktiwiteit 	<ul style="list-style-type: none"> - Finale besinnende kureringsuitset - Wegneembodskap: Akademiese identiteit & selfontplooiing (selfpersepsie)

Figuur 1: Die Skryflusmodel

Hierdie proses het ten doel om metakognitiewe monitoring onder studente te bevorder sodat hulle hierdie evalueringspraktyke internaliseer.

Die protokol, soos voorgestel deur die model, sit die gesteerde vierstapskryfloop uiteen (vergelyk Figuur 1). Hierdie ontwerp poog om streng instruksie-afbakenings deel te maak van die pedagogiese benadering om te verseker dat KI as 'n vormende oefenmaat funksioneer eerder as 'n generatiewe kortpad. Die chronologiese uitvoering van die protokol word deur vier fases voorgestel:

Die opeenvolgende fases:

Fase 1: Onafhanklike konsepweergawe (Weergawe 1)

- **Kognitiewe proses:** Kartering van selfpersepsie (Pre-intervensiebasislyn) en suiwer menslike kennis.
- **Instruksies:** Studente voltooi eers 'n basislyn-persepsievraelys (sien Bylae 1). Hierdie instrument maak gebruik van gevalideerde skale wat aangepas is uit Van de Poel en Gasiorek (2012) en Van de Poel en Bester (2025) om studente se aanvanklike selfdoeltreffendheidsbasislynpersepsies te bepaal ten opsigte van akademiese skryfwerk en vorige tegnologiese ervaring (met fokus op KI-gebruik). Nadat hierdie vraelys voltooi is, ontvang studente sinchrone onderrig oor tesisformulering, paragraafsamehang, en die toepassing van die analitiese rubriek. Laastens skryf hulle 'n aanvanklike paragraaf (100–200 woorde) volledig onafhanklik op grond van 'n gegewe akademiese stimulisteks. Geen KI-gebruik word in hierdie stadium toegelaat nie.
- **Uitkomst:** Artefak 1 (**Profiel: Akademiese identiteit & selfontplooiing / selfpersepsie**) sowel as **Weergawe 1 (Konsepweergawe KI-vry)**. Dit vestig 'n outentieke, onafhanklike intreevlakbasislyn waar konseptualisering en leksikale keuses die eksklusiewe verantwoordelikheid van die student bly.

Fase 2: Rubriek-bemiddelde selfevaluering (Weergawe 2)

- **Kognitiewe proses:** Kritiese analise van eie teks en die aktivering van evaluerende oordeel.
- **Instruksies:** Die LBS vertoon die amptelike vyf-kriteria analitiese rubriek direk op die skerm (sien Afdeling 4.1). Voordat enige eksterne terugvoer ontvang word, moet studente hul eie teks krities aan die hand van die vyf kriteria evalueer en punte aan hulself toeken. Op grond van hierdie selfevaluering voer studente onafhanklik strukturele en leksikale wysigings uit.
- **Uitkomst:** **Weergawe 2 (Konsepweergawe KI-vry)** met die hulp van **Artefak 2 (Die rubriek)**. Hierdie ingeboude kontrolepunt kweek metakognitiewe bewustheid en selfregulering voordat die tegnologiese koppelvlak betree word.

Fase 3: KI-bemiddelde dialoog en metakognitiewe kurering (Die terugvoerlus en Weergawe 3)

- **Kognitiewe proses:** KI-bemiddelde hersiening en formatiewe dialoog binne 'n beheerde sandput.
- **Instruksies:** Studente voer hul nuutgeproduseerde Weergawe 2 in die GenKI-koppelvlak in, tesame met die gestandaardiseerde, instruksiebepoortende porboodskap-template (**Artefak 3**; sien Afdeling 4.2). Die porboodskap filter die KI se gedrag en

dwing die stelsel om uitsluitlik formatiewe terugvoer te lewer wat streng aan die 5-kriteria rubriek gekoppel is, sonder om die teks te herskryf.

- **Uitkomst: Beperkte terugvoer** binne 'n **iteratiewe sandputlus**. Dit transformeer die tegnologiese interaksie na 'n aktiewe kognitiewe oefenmaat-dialoog. Studente doen **metakognitiewe kurering** en skryf **Weergawe 3**.

Fase 4: Kritiese kurering en metakognitiewe monitering

- **Kognitiewe proses:** Finale metakognitiewe monitering/besinning (Stap 4).
- **Instruksies:** Studente evalueer die masjien se terugvoer krities sin-vir-sin via hul kureringsagentskap en besluit om voorstelle óf *oor te neem* (woord-vir-woord), óf *aan te pas* (leksikaal/struktureel), óf te *verwerp* (ter bewaring van eie bedoeling). Ter afsluiting voltooi hulle 'n formele refleksie-aktiwiteit (post-intervensievraelys; sien Bylae 2). Hierdie instrument sluit direk aan by die basislynvraelys om te meet hoe die intervensie studente se finale selfdoeltreffendheid, tegnologiese persepsie en kureringsgedrag beïnvloed het.
- **Uitkomst: Artefak 4 (Die finale besinning oor kurering) en Artefak 5 (Die wegneemboodskap oor akademiese en AI geletterdheid).** Hierdie stap sluit die lus af deur die student te posisioneer as die finale arbiter van betekenis, wat die kritiese denkgaping oorbrug en terugvoergeletterdheid bevorder (Carless & Boud 2018).

4. Pedagogiese artefakte: Die evaluerende instrument en die porboodskap-tegnologie

Aangesien hierdie 'n konseptuele artikel is, is die primêre bydrae die oorkoepelende model-argitektuur sowel as die spesifieke artefakte wat ontwikkel is om die kognitiewe inspanning binne die stelselontwerp te rig en te bevorder. Hierdie afdeling verskaf die presiese bloudruk van die twee kerninstrumente wat die student se interaksie binne Stap 2 en Stap 3 rig. Dit kan aangepas word vir 'n spesifieke onderrig-leeromgewing.

4.1 Die vyf-kriteria analitiese rubriek

Hierdie rubriek (Tabel hier onder) dien as die objektiewe standaard wat beide die student se selfevaluering (Stap 2) en die KI se formatiewe terugvoer (Stap 3) anker.

4.2 Die instruksiebeperkende porboodskap-templaar

Die doeltreffendheid van KI as 'n tutor of leerportier hang af van die wyse waarop die porboodskap geformuleer is. As studente ongestruktureerde porboodskappe gebruik, val KI dikwels standaard na 'n spookskrywer-modus wat leergeleenthede tot niet maak. Hierdie studie beklemtoon die behoefte aan porboodskappe wat studente leer hoe om KI-instrumente te beperk deur spesifieke rolle en rubrieke te gebruik.

Gevolgtrek is porboodskapformulering nie 'n geïsoleerde tegniese vaardigheid nie, maar 'n talige en kognitiewe vaardigheid wat binne die breër akademiese geletterdheidsraamwerk ingebed is. Deur die skep van gepaste porboodskappe te bemeester, stel studente duidelike afbakenings daar wat verhoed dat KI-gegenereerde inhoud outeurskap in gedrang bring. Instellings kan in hierdie verband voorafgetoetste en gestandaardiseerde porboodskaptemplaar aan studente voorsien wat aan departementele rubrieke gekoppel is om te verseker dat KI-terugvoer in lyn bly met spesifieke leeruitkomst en institusionele doelwitte.

TABEL: Die vyf-kriteria analitiese rubriek

<i>Kriteria</i>	<i>Beperkte bevoegdheid (1-2)</i>	<i>Voldoende bevoegdheid (3)</i>	<i>Volledige bevoegdheid (4-5)</i>
Standpunt & argument	Geen duidelike standpunt word ingeneem nie, of die paragraaf is bloot beskrywend.	Neem standpunt in, hoewel die argument ietwat voorspelbaar mag wees.	Neem duidelik standpunt in. Die argument genuanseerd en gesofistikeerd.
Akademiese stem	Te informeel of toon geen tekens van die student as 'n aktiewe denker nie.	Gebruik formele taal korrek, maar die inhoud van die bronne staan voorop.	Toon 'n duidelike "outeursidentiteit". Die student se akademiese stem kom duidelik na vore.
Kritiese denke	Versuim om die kerninstruksie (mens vs. KI) te volg.	Noem die verwantskap tussen KI en skryfwerk, maar besonderhede ontbreek.	Daag die rol van KI effektief uit of ondersteun dit in verhouding tot menslike kreatiwiteit en akademiese skryfwerk.
Samehang, struktuur & vloei	Skryfwerk is gefragmenteer en moeilik om te volg.	Meestal koherent, maar oorgange tussen idees is soms onduidelik.	Duidelike onderwerpsin, logiese ontwikkeling en 'n slotgedagte.
Grammatika & styl	Gereelde grammatika- of spelfoute kom voor; informele taalgebruik.	Voldoende grammatika en spelling; foute belemmer nie die betekenis nie; informele taalgebruik kan soms waargeneem word.	Uitstekende beheersing van Afrikaans ten opsigte van grammatika en spelling; geen informele taalgebruik; akademiese woorde-skat.

Die volgende gestandaardiseerde porboodskap is spesifiek ontwerp om die GenKI in sy rol as formatiewe oefenmaat in te dwing en te verhoed dat dit die teks self genereer of herskryf.

Die amptelike porboodskap:

Evalueer die volgende paragraaf aan die hand van die rubriek wat hier onder verskaf word.

Reëls vir jou antwoord:

1. *Verskaf voorstelle vir verbetering vir elke afsonderlike sin in die paragraaf.*
2. *Moenie enige nuwe sinne byvoeg nie.*
3. *Moenie die paragraaf self herskryf nie.*
4. *Moenie 'n nuwe of voltooide weergawe van die teks genereer nie.*
5. *Jou taak is **uitsluitlik** om formatiewe terugvoer en riglyne te verskaf sodat die student die korreksies self moet implementeer.*

Hier is die paragraaf:

[@student: Voeg Weergawe 2 hier in]

Hier is die rubriek:

[@student: Voeg die 5-kriteria rubriek hier in]

5. Bespreking: Die oorneem-aanpas-verwerp-raamwerk en die kritiese denkgaping

Die konseptuele aard van die Skryflusmodel bied 'n ideale grondslag om 'n nuwe definisie van menslike agentskap binne KI-bemiddelde omgewings te teoretiseer. Deur studente te begelei deur die stappe van die argitektuur, word hulle omvorm tot **kritiese kurators** van hul eie teks. Die oorneem-aanpas-verwerp-raamwerk funksioneer as 'n kognitiewe mikro-artefak wat die student se kritiese denkgaping oorbrug deur praktiese riglyne te bied vir die aktiewe evaluering van KI-gegenereerde terugvoer.

5.1 Kurering as 'n kontinuum

Hierdie kureringsruimte manifesteer as 'n kontinuum van besluitneming wat in drie duidelike kognitiewe gedragstrukture georganiseer kan word:

1. Aanpassing (Die hibriede kureringsruimte)

Dit verteenwoordig die ideale uitvloeisel van die model. Studente aanvaar nie die masjienuitset blindelings nie, maar redigeer en sintetiseer die algoritmiese voorstelle op 'n selektiewe wyse met hul eie stem om outeursbedoeling te versterk en formele register te verhoog. GenKI word hier as 'n ware kognitiewe oefenmaat benut.

2. Verwerping (Die bewaring van outeursbedoeling)

Studente kies doelbewus om die algoritmiese terugvoer te ignoreer – selfs al is dit tegnies akkuraat – ten einde hul oorspronklike argumentatiewe of outeurstem te beskerm. Dit demonstreer hoë kognitiewe onafhanklikheid waar die tegnologie nie as 'n absolute gesag beskou word nie.

3. Oorneming (Die uitkontrakteringsrisiko)

Studente neem die algoritmiese voorstelle volledig oor sonder om krities daaroor na te dink. Alhoewel die student reeds beduidende kognitiewe inspanning in die eerste KI-vrye fases (Weergawes 1 en 2) moes belê, bestaan die risiko steeds dat hulle in die finale fase bloot passief die KI-gegenereerde voorstelle oorneem.

Die Skryflusmodel is egter spesifiek so ontwerp dat hierdie passiewe gedrag op twee maniere teëgewerk word: eerstens begelei die gegewe porboodskap die KI om slegs formatiewe riglyne te gee in plaas van 'n voltooië herformulering. Die student kan dus niks bloot kopieer en plak nie, aangesien daar geen herskryfde teks bestaan om oor te neem nie; tweedens rig die verpligte refleksie-aktiwiteit (metakognitiewe monitering) in Stap 4 die student om enige oornemingsbesluite eksplisiet te rasionaliseer en te regverdig. Sodoende word selfs passiewe oornames omvorm tot 'n bewuste, regverdigbare keuse teen die intreebasislyn wat deur Artefak 1 gevestig is.

5.2 *Van oppervlak-elemente tot kritiese denke*

Met die voorgestelde leerontwerp van die Skryflusmodel is dit noodsaaklik om te erken dat verskillende geletterdhedskonstrukte verskillend op aspekte wat deel vorm van die steierwerk reageer. Waar oppervlak-elemente soos *Grammatika en styl* of *Koherensie en struktuur* (vergelyk die bostaande rubriek) vinnig en effektief deur KI-terugvoer gesteier kan word, is hoër-orde konstrukte soos *Kritiese denke* 'n aspek wat nie deur middel van 'n eenmalige terugvoersiklus ten volle ontwikkel kan word nie.

Hierdie “kritiese denkgaping” dui egter nie op 'n mislukking in die pedagogiese ontwerp nie, maar dien as 'n bevestiging van die model se sukses. Omdat die porboodskap die KI effektief beperk om die skryfwerk vir die student te doen, bly die kritiese denke die eksklusiewe, ontologiese domein van die menslike skrywer. Tegnologie rig die struktuur, maar die mens lewer die kognitiewe inspanning. Dit bring egter 'n oënskynlike paradoks mee: as die KI 'n student se grammatika en styl tot 'n vlak 5-bevoegdheid kan bely, verskuif die fokus van assessering noodwendig vanaf die finale linguistiese produk na die student se kureringsproses.

Kureringsbevoegdheid (kuratorskap) word dus binne hierdie model nie net as 'n teoretiese onderdeel van akademiese geletterdheid beskou nie, maar as 'n formele assesseringskriterium in die rubriek opgeneem. Sodoende meet die rubriek nie bloot die KI-gesteierde eindproduk nie, maar die student se kritiese agentskap om daardie uitsette te oordeel, aan te pas of te verwerp.

6. **Pedagogiese en beleidsimplikasies**

Die Skryflusmodel bied 'n repliseerbare bloudruk vir die herontwerp van akademiese geletterdhedskurrikula in die era van kunsmatige intelligensie.

6.1 *Pedagogiese herposisionering*

Hoër onderwys moet wegbeweeg van die eksklusiewe assessering van die finale geskrewe produk (wat maklik deur algoritmes gesimuleer kan word) na die evaluering van die kognitiewe, iteratiewe en evaluerende prosesse self (sien Bearman et al. 2024; Lodge et al. 2023).

6.2 *Die aard van die digitale “sandput”*

Deur die gebruik van KI as 'n lae-risiko, nie-oordelende digitale sandput te beskou, kan instellings studente se prestasie-angs verminder (sien ook Lodge et al. 2023) en 'n ontwikkelingsdenkwyse kan bevorder word waar skryf as 'n sikliese proses van deurlopende verfyning beskou word.

6.3 *Skaalbaarheid van formatiewe ondersteuning*

Die model demonstreer hoe die integrasie van GenKI die hulpbron-intensiewe aard van deurlopende formatiewe assessering op skaal kan ondervang. Deur basiese en strukturele regstellings aan die masjien-tutor te deleger, word tyd vir menslike dosente vrygemaak om as ware leerontwerpers op te tree en kan fokus op die ontwikkeling van hoër-orde kwessies (vgl. Cloete & Le Hanie 2025).

6.4 *Beleidsverskuiwing oor akademiese integriteit*

Instellings moet wegbeweeg van oneffektiewe polisiëringstechnologieë (soos KI-verklikkers) na deursigtige, pedagogiese raamwerke wat etiese en verantwoordelike KI-vennootskappe insluit, terwyl dit menslike agentskap as die uiteindelijke arbiter van betekenis beskerm (sien UNESCO 2023).

7. **Gevolgtrekking**

Die Skryflusmodel toon aan dat die toekoms van hoër onderwys in die era van GenKI nie 'n onvermydelike verlies aan menslike intellektuele agentskap beteken nie; dit vereis bloot 'n diepgaande ontologiese herkonseptualisering van die skrywer se rol. Deur die interaksie tussen student en masjien deur 'n geïntegreerde vyfstap-argitektuur te struktureer, kan die risiko van die passiewe uitkontraktering van denke en die opbou van kognitiewe las suksesvol teëgewerk word.

Die verskuiwing vanaf 'n beskouing dat die student as 'n passiewe verbruiker van KI-gegenereerde teks na 'n model wat die student as 'n **kritiese kurator** posisioneer, is nie meer bloot 'n teoretiese voorkeur nie, maar 'n dringende pedagogiese noodsaaklikheid. Wanneer KI doelbewus as 'n oefenmaat en leerportier ingespan word om die iteratiewe terugvoerproses op skaal te outomatiseer, verskuif die fokus van assessering vanaf die finale produk na die kureringsproses self. Sodoende word die totale leerontwerp – van die aanvangsfase van die pre-intervensiebasislyn tot en met die finale metakognitiewe besinning – 'n kragtige katalisator om leer te verdiep en die intellektuele agentskap wat sentraal tot die akademiese projek staan, te handhaaf en te beskerm.

BYLAE 1 VRAELYS

Die pre-intervensiebasislyn-instrument Akademiese geletterdheidsprofiel in Afrikaans

Geagte Student,

Voltooi asseblief die volgende vraelys deur jou antwoorde eerlik in te vul of te selekteer. Jou terugvoer is vir ons baie waardevol.

1. **Beskryf in een sin hoe jy voel oor akademiese skryfwerk in Afrikaans.**
2. **Wat is vir jou die maklikste van akademiese skryfwerk in Afrikaans?**
3. **Wat is vir jou die moeilikste van akademiese skryfwerk in Afrikaans?**

Selfevaluering en ervaring

Dui asseblief jou antwoord vir die volgende stellings aan deur **slegs een opsie** te kies wat die beste op jou van toepassing is.

4. **Ek sal my vlak van ervaring as 'n akademiese skrywer soos volg beskryf:**
☐ Baie ervare – ☐ Ervare – ☐ Nie baie ervare nie – ☐ Glad nie ervare nie
5. **Ek sal my vaardigheid as 'n akademiese skrywer soos volg beoordeel:**
☐ Baie vaardig – ☐ Vaardig – ☐ Nie baie vaardig nie – ☐ Glad nie vaardig nie
6. **Indien ek nou 'n kort opstel wat ek geskryf het met 'n dosent moes bespreek, voel ek:**
☐ Baie gemaklik – ☐ Gemaklik – ☐ Nie baie gemaklik nie – ☐ Glad nie gemaklik nie
7. **Indien ek een van my opstelle met 'n medestudent moes bespreek, voel ek:**
☐ Baie gemaklik – ☐ Gemaklik – ☐ Nie baie gemaklik nie – ☐ Glad nie gemaklik nie
8. **Indien ek een van my opstelle met 'n KI-model moes bespreek, voel ek:**
☐ Baie gemaklik – ☐ Gemaklik – ☐ Nie baie gemaklik nie – ☐ Glad nie gemaklik nie
9. **Indien ek 'n medestudent se teks moes redigeer en voorstelle gemaak het, voel ek:**
☐ Baie gemaklik – ☐ Gemaklik – ☐ Nie baie gemaklik nie – ☐ Glad nie gemaklik nie
10. **Ek verstaan waaruit 'n suksesvolle akademiese opstel bestaan.**
☐ Stem volkome saam – ☐ Stem saam – ☐ Stem nie saam nie – ☐ Stem glad nie saam nie
11. **Ek weet hoe om 'n suksesvolle akademiese opstel te skryf.**
☐ Stem volkome saam – ☐ Stem saam – ☐ Stem nie saam nie – ☐ Stem glad nie saam nie

KI-ervaring

Dui asseblief jou antwoord vir die volgende vrae aan deur een opsie te kies wat die beste op jou van toepassing is.

12. Het jy al voorheen 'n KI-hulpmiddel gebruik?

☐ ja – ☐ nee

13. Indien jy al voorheen 'n KI-hulpmiddel gebruik het, hoe gereeld maak jy daarvan gebruik?

☐ een of meer kere per dag – ☐ een of meer kere per week – ☐ soms

14. Waarvoor gebruik jy 'n KI-hulpmiddel? (Jy kan meer as een opsie kies.)

☐ Spelling – ☐ Taalgebruik – ☐ Generering van idees – ☐ Om bronne te vind – ☐ Opsommings – ☐ Data-ontledings – ☐ ...

15. Tot watter mate vertrou jy die uitset van 'n KI-hulpmiddel?

☐ Glad nie betroubaar nie – ☐ Min betroubaar – ☐ Redelik betroubaar – ☐ Baie betroubaar – ☐ Heeltemal betroubaar

Baie dankie vir jou tyd en deelname!

BYLAE 2 VRAELYS

Die post-intervensie-refleksie-instrument Akademiese geletterdheidsprofiel in Afrikaans

Geagte Student,

Voltooi asseblief die volgende vraelys deur jou antwoorde eerlik in te vul of te selekteer. Jou terugvoer is vir ons baie waardevol.

1. **Beskryf in een sin hoe jy voel oor akademiese skryfwerk in Afrikaans.**
2. **Wat is vir jou die maklikste van akademiese skryfwerk in Afrikaans?**
3. **Wat is vir jou die moeilikste van akademiese skryfwerk in Afrikaans?**

Selfevaluering en ervaring

Dui asseblief jou antwoord vir die volgende stellings aan deur **slegs een opsie** te kies wat die beste op jou van toepassing is.

4. **Ek sal my vlak van ervaring as 'n akademiese skrywer soos volg beskryf:**
☐ Baie ervare – ☐ Ervare – ☐ Nie baie ervare nie – ☐ Glad nie ervare nie
5. **Ek sal my vaardigheid as 'n akademiese skrywer soos volg beoordeel:**
☐ Baie vaardig – ☐ Vaardig – ☐ Nie baie vaardig nie – ☐ Glad nie vaardig nie
6. **Indien ek nou 'n kort opstel wat ek geskryf het met 'n dosent moes bespreek, voel ek:**
☐ Baie gemaklik – ☐ Gemaklik – ☐ Nie baie gemaklik nie – ☐ Glad nie gemaklik nie
7. **Indien ek een van my opstelle met 'n medestudent moes bespreek, voel ek:**
☐ Baie gemaklik – ☐ Gemaklik – ☐ Nie baie gemaklik nie – ☐ Glad nie gemaklik nie
8. **Indien ek een van my opstelle met 'n KI-model moes bespreek, voel ek:**
☐ Baie gemaklik – ☐ Gemaklik – ☐ Nie baie gemaklik nie – ☐ Glad nie gemaklik nie
9. **Indien ek 'n medestudent se teks moes redigeer en voorstelle gemaak het, voel ek:**
☐ Baie gemaklik – ☐ Gemaklik – ☐ Nie baie gemaklik nie – ☐ Glad nie gemaklik nie
10. **Ek verstaan waaruit 'n suksesvolle akademiese opstel bestaan.**
☐ Stem volkome saam – ☐ Stem saam – ☐ Stem nie saam nie – ☐ Stem glad nie saam nie
11. **Ek weet hoe om 'n suksesvolle akademiese opstel te skryf.**
☐ Stem volkome saam – ☐ Stem saam – ☐ Stem nie saam nie – ☐ Stem glad nie saam nie

KI-ervaring

12. Beskryf tot watter mate jy die antwoord van KI net so oorgeneem het, aangepas het of verwerp het.

13. Ek het die uitset van Gemini net so gebruik.

☐ Ek stem volledig saam – ☐ ek stem saam – ☐ ek stem nie saam nie –
☐ ek stem glad nie saam nie

14. Ek het die uitset van Gemini gebruik maar aangepas.

☐ Ek stem volledig saam – ☐ ek stem saam – ☐ ek stem nie saam nie –
☐ ek stem glad nie saam nie

15. Ek het die uitset van Gemini glad nie gebruik nie.

☐ Ek stem volledig saam – ☐ ek stem saam – ☐ ek stem nie saam nie –
☐ ek stem glad nie saam nie

16. Hoe maklik was die interaksie met Gemini?

☐ glad nie maklik nie – ☐ nie regtig maklik nie – ☐ min of meer moeilik –
☐ neutraal – ☐ nie maklik nie – ☐ redelik maklik – ☐ maklik – ☐ baie maklik

Baie dankie vir jou tyd en deelname!

VERWYSINGS

- Bearman, M. & Ajjawi, R. 2023. Learning to work with the black box: Pedagogy for a world with artificial intelligence. *British Journal of Educational Technology*, 54(5):1160-1173. <https://doi.org/10.1111/bjet.13337>
- Bearman, M., Tai, J., Dawson, P., Boud, D. & Ajjawi, R. 2024. Developing evaluative judgement for a time of generative artificial intelligence, *Assessment & Evaluation in Higher Education*, 49(6):893-905. <https://doi.org/10.1080/02602938.2024.2335321>
- Bharuthram, S. & McKenna, S. 2012. Students' navigation of the uncharted territories of academic writing, *Africa Education Review*, 9(3):333-353. <https://doi.org/10.1080/18146627.2012.742651>
- Boud, D. & Molloy, E. 2013. *Feedback in Higher and Professional Education: Understanding it and doing it well*. London: Routledge. <https://doi.org/10.4324/9780203074336>
- Carless, D. & Boud, D. 2018. The development of student feedback literacy: Enabling uptake of feedback. *Assessment & Evaluation in Higher Education*, 43(8):1315-1325. <https://doi.org/10.1080/02602938.2018.1463354>
- Carstens, A. 2012. Using literacy narratives to scaffold academic literacy in the Bachelor of Education: a pedagogical framework. *Journal for Language Teaching*, 46(2):9-25. <https://doi.org/10.4314/jlt.v46i2.1>
- Cloete, D.J. & Le Hanie, C.M. 2025. Die assessering van akademiese opstelle: 'n vergelykende studie tussen ChatGPT-4o as KI-gebaseerde assesseringshulpmiddel en tradisionele dosentgebaseerde assessering. *Litnet Akademies*, 22(2):602-627. <https://doi.org/10.56273/1995-5928/2025/j22n2d9>
- Crabtree, M. 2024. What is AI literacy? A comprehensive guide for beginners. DataCamp. Beskikbaar by: <https://www.datacamp.com/blog/what-is-ai-literacy-a-comprehensive-guide-for-beginners> [13 Mei 2026]
- Dawson, P. 2024. *Defending Assessment Security in a Generative AI World: Learning and Assessment*. London: Routledge. <https://doi.org/10.4324/9780429324178>
- De Clercq, M., Parmentier, M. & Van Meenen, F. 2024. Fair enough?! Investigating the specific challenges of diverse university first-year students. *Research Papers in Education*, 39(1):113-133. <https://doi.org/10.1080/02671522.2022.2089214>
- Devereux, L. & Wilson, K. 2008. Scaffolding literacies across the Bachelor of Education program: an argument for a course-wide approach. *Asia-Pacific Journal of Teacher Education*, 36(2):121-134. <https://doi.org/10.1080/13598660801971633>
- Gee, J.P. 1998. What is literacy? In Zamel, V. & Spack, R. (reds.), *Negotiating academic literacies: Teaching and learning across languages and cultures*. London: Routledge, pp. 51-59. <https://doi.org/10.4324/9780203432341>
- Hart, O.M. 2022. Providing effective feedback with soaring class sizes: It's still possible', *The FASEB Journal*, 36(S1). <https://doi.org/10.1096/fasebj.2022.36.S1.R6335>
- Hyland, K. 2002. Specificity revisited: how far should we go now? *English for Specific Purposes*, 21(4):385-395. [https://doi.org/10.1016/S0889-4906\(01\)00028-X](https://doi.org/10.1016/S0889-4906(01)00028-X)
- Kantanis, T. 2000. The role of social transition in students' adjustment to the first-year of university. *Journal of Institutional Research*, 100-110.
- Kim, J., Detrick, R., Lee, S. & Li, N. 2025. Impact of AI literacy on student-AI interactions on academic writing. In Rajala, A., Cortez, A., Hofmann, R., Jornet, A., Lotz-Sisitka, H., & Markauskaite, L. (Eds.), *Proceedings of the 19th International Conference of the Learning Sciences - ICLS 2025* (pp. 1265-1269). International Society of the Learning Sciences. <https://doi.org/10.22318/icls2025.161433>
- Kosmyna, N., Hauptmann, E., Yuan, Y.T, Situ, J., Liao, X-H, Vivian Beresnitzky, V., Braunstein, I., & Maes, P. 2025. Your brain on chatgpt: Accumulation of cognitive debt when using an AI assistant for essay writing task. arXiv preprint: [arXiv:2506.08872](https://arxiv.org/abs/2506.08872).
- Lehtinen, A., Channa, F., Näykki, P., Ahlström, E. & Hiljanen, M. 2026. Generative AI for collaborative learning: Fostering critical thinking in teacher education. *Journal of Computer Assisted Learning*, 42(3): e70256. <https://doi.org/10.1002/jcal.70256>
- Lillis, T. & Scott, M. 2007. Defining academic literacies research: Issues of epistemology, ideology and strategy. *Journal of Applied Linguistics*, 4(1):5-32. <https://doi.org/10.1558/japl.v4i1.5>

- Lodge, J.M., Howard, S., Bearman, M. & Dawson, P. 2023. Assessment reform for the age of Artificial Intelligence, *Tertiary Education Quality and Standards Agency*. Beskikbaar by: <https://www.teqsa.gov.au> [12 Januarie 2026].
- Masenya, M., Vuma, S. & Sepadi, M.D. 2025. Higher education context and policy: Large class pedagogical complications?. *Pakistan Journal of Life and Social Sciences*, 23(2). <https://doi.org/10.57239/pjlss-2025-23.2.00175>
- McGowan, U. 2018. Integrated academic literacy development: Learner-teacher autonomy for MELTING the barriers. *Journal of University Teaching and Learning Practice*, 15(4):1-19. <https://doi.org/10.53761/1.15.4.6>
- McKenney, S., & Reeves, T.C. 2018. *Conducting educational design research* (2nd ed.). Routledge.
- Ng, D.T., Leung, J.K.L., Chu, S.K.W. & Qiao, M.S. 2021. Conceptualizing AI literacy: An exploratory review. *Computers and Education: Artificial Intelligence*, 2:100041. <https://doi.org/10.1016/j.caeai.2021.100041>
- Ouahidi, L.M. 2021. Teaching writing to tertiary EFL large classes: Challenges and prospects. *International Journal of Linguistics Literature & Translation*, 4(6):28-35. <https://doi.org/10.32996/ijllt.2021.4.6.5>
- Patterson, R. & Weideman, A. 2013. The refinement of a construct for tests of academic literacy. *Journal for Language Teaching*, 47(1):125-151. <https://doi.org/10.4314/jlt.v47i1.6>
- Ruelens, E. 2019. Learner autonomy in the acquisition of advanced academic literacy: a self-efficacy approach to strategy-based instruction. <https://hdl.handle.net/10067/1649200151162165141> [PhD-thesis, Universiteit van Antwerpen].
- Sharma, S., Puneet M., Mukesh K. & Vivek B. 2025. The role of large language models in personalized learning: A systematic review of educational impact. *Discover Sustainability*, 6:243. <https://doi.org/10.1007/s43621-025-01094-z>
- Sejdiu, N.P., Grassini, S. and Sejdiu, S. 2026. Generative AI in education: Process-aware pedagogy, assessment integrity, and institutional governance, *Open Research Europe*. <https://doi.org/10.12688/openreseurope.23343.1>.
- UNESCO. 2022. *Recommendation on the ethics of Artificial Intelligence*. Paris, United Nations Educational, Scientific and Cultural Organization. Beskikbaar by: <https://unesdoc.unesco.org/ark:/48223/pf0000381137> [25 Junie 2025].
- UNESCO. 2023. *Guidance for generative AI in education and research*. Paris, United Nations Educational, Scientific and Cultural Organization. Beskikbaar by: <https://unesdoc.unesco.org/search/150c8b3b-2250-456a-bcc9-b0e91be89b43> [25 Junie 2026]. <https://doi.org/10.54675/EWZM9535>
- Van de Poel, K. & Gasiorek, J. 2012. Effects of an efficacy-focused approach to academic writing on students' perceptions of themselves as writers. *Journal of English for Academic Purposes*, 11(4):294-303. <https://doi.org/10.1016/j.jeap.2012.07.003>
- Van de Poel, K., & Gasiorek, J. 2017. Collaborative academic acculturation processes in a blended-learning approach. In Ludwig, C. & Van de Poel, K. (reds.), *Collaborative Learning and New Media: New Insights into an Evolving Field*. Peter Lang Edition, pp. 177-188. <https://doi.org/10.3726/b11402>
- Van de Poel, K. & Gasiorek, J. 2024. Using AI to expand the "Toolbox" for EAP writing instruction: Student experiences and perceptions of ChatGPT's instructional potential. *Aila Review*, 24:1-20. <https://doi.org/10.1075/aila.24029.van>
- Van Dyk, T., Cillie, K., Coetzee, M., Ross, S. & Zybrands, H. 2011. Ondersoek na die impak van 'n akademiese geletterdheidsintervensie op eerstejaarstudente se akademiese taalvermoë. *LitNet Akademies*, 8(3):488-507. <https://hdl.handle.net/10520/EJC62305>
- Van Dyk, T. & Van de Poel, K. 2013. Towards a responsible agenda for academic literacy development: Considerations that will benefit students and society. *Journal for Language Teaching*, 47(2):43-70. <https://doi.org/10.4314/jlt.v47i2.3>
- Van Dyk, T., Van de Poel, K. & Van der Slik, F. 2013. Reading ability and academic acculturation: The case of South African students entering higher education. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 42:353-369. <https://doi.org/10.5842/42-0-146>

- Van Dyk, T., Owen, D., Gasior, J. & Van de Poel, K. 2026. The emergence of generative AI in Higher Education: Fostering meaningful learning through a strategic framework. *Language Learning in Higher Education*, 16 (1):1-22. <https://doi.org/10.1515/cercles-2025-0085>
- Vorobyeva, K.I., Belous, S., Savchenko, N.V., Smirnova, L.M., Nikitina, S.A. & Zhadanov, S.P. 2025. Personalized learning through AI: Pedagogical approaches and critical insights. *Contemporary Educational Technology*, 17(2):23. <https://doi.org/10.30935/cedtech/16108>
- Vygotsky, L.S. 1978. *Mind in society: The development of higher psychological processes*. Cambridge: Harvard University Press. <https://doi.org/10.2307/j.ctvjf9vz4>
- Watts, K.J. 2025. Paying the cognitive debt: An experiential learning framework for integrating AI in social work education, *Education Sciences*, 15(10):1304. <https://doi.org/10.3390/educsci15101304>
- Weideman, A. 2013. Academic literacy interventions: What are we not yet doing, or not yet doing right? *Journal for Language Teaching*, 47(2):11-24. <https://doi.org/10.4314/jlt.v47i2.1>
- Wingate, U. 2015. *Academic literacy and student diversity: The case for inclusive practice*. Bristol: Multilingual Matters. <https://doi.org/10.2307/jj.26931983>

Die brug oor die kloof: Institusionele strategieë vir die aanvaarding van GenKI in hoër onderwys

Crossing the chasm: Institutional strategies for bridging the gap in generative AI adoption in higher education

LIEZL VAN DYK

Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

Noordwes

Suid-Afrika

E-pos: liezlvandyk@gmail.com

ORCID: 0000-0002-6796-0255



Liezl van Dyk

PROF. LIEZL VAN DYK het in Julie 2026 by die Universiteit Stellenbosch aangesluit as Viserektor: Akademies, nadat sy die afgelope nege jaar die uitvoerende dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese aan die Noordwes-Universiteit was, waar hierdie studie uitgevoer is. Sy 'n geregistreerde bedryfsingenieur en 'n NNS-gegradeerde navorser. Sy het meer as 27 jaar ervaring in hoër onderwys en het verskeie leierskapsrolle vervul wat akademiese ontwikkeling, digitale transformasie, kurrikulumvernuwing, gehalteversekering en studentesukses insluit. Haar navorsing fokus op stelselingenieurswese, kunsmatige intelligensie in onderwys, digitale transformasie en die toekoms van hoër onderwys. Sy is 'n aktiewe voorstander van die verantwoordelike integrasie van KI in onderrig, leer en akademiese praktyk, en haar onlangse publikasies ondersoek KI-ondersteunde leer, groottaalmodele in ingenieursopleiding, KI-ondersteunde tutorskap, en die veranderende bevoegdheids wat van gegradueerdes en akademici in 'n KI-gedrewe wêreld vereis word.

PROF. LIEZL VAN DYK has joined Stellenbosch University in July 2026 as Deputy Vice-Chancellor: Academic, after having served for the past nine years as Executive Dean of the Faculty of Engineering at North-West University. She is a registered industrial engineer and an NRF-rated researcher. With over 27 years of experience in higher education, she has held various leadership roles covering academic development, digital transformation, curriculum innovation, quality assurance, and student success. Her research focuses on service systems engineering, artificial intelligence in education, digital transformation, and the future of higher education. She is an active advocate for the responsible integration of AI in teaching, learning and academic practice, and her recent publications explore AI-supported learning, large language models in engineering education, AI-assisted tutoring, and the evolving skills required of graduates and academics in an AI-driven world.

Datums:

Ontvang: 2026-06-01

Goedgekeur: 2026-07-13

Gepubliseer: September 2026

ABSTRACT

Crossing the chasm: institutional strategies for bridging the gap in generative AI adoption in higher education

Generative artificial intelligence (GenAI) is reshaping the higher education landscape, creating new possibilities for teaching, research, and administration. Yet institutional adoption remains uneven, fragmented, and highly context dependent. While many academics have begun experimenting with GenAI tools, the broader challenge lies in extending adoption beyond isolated innovators and early adopters toward sustainable, system-wide integration. This article addresses that challenge directly, asking: How can an institution deliberately move from dispersed individual experimentation to organisation-wide GenAI adoption?

The study is theoretically grounded in two complementary frameworks. Rogers' (2003) Diffusion of Innovations (DOI) theory provides a lens for understanding how innovations spread through social systems and where adoption tends to stall – specifically at the so-called “adoption gap” between early adopters and the early majority. The Unified Theory of Acceptance and Use of Technology (UTAUT), developed by Venkatesh et al. (2003), identifies four core determinants of technology adoption: performance expectancy, effort expectancy, social influence, and facilitating conditions. The study extends the conventional UTAUT framework by incorporating trust and risk, behavioural intention as a standalone construct, and voluntariness of use – dimensions particularly relevant to the unique characteristics of GenAI systems.

Empirically, the study adopts an exploratory, quantitative-descriptive case study design, focusing on an engineering faculty at a South African university. An adapted UTAUT-based questionnaire was distributed electronically to all 107 faculty members, yielding 42 usable responses (response rate: 39%; 42/107). Data were analysed using Kruskal-Wallis H-tests, Spearman rank-order correlations, and descriptive statistics.

The findings reveal a faculty that has crossed a significant portion of the adoption gap but has not yet completed the journey. A substantial majority (90.5%) reported some form of GenAI use, yet 42.9% engaged only occasionally or experimentally, and merely 16.7% could be classified as advanced, integrated users. It is also possible that non-respondents include a larger proportion of non-users. Performance expectancy, the perception of GenAI's usefulness, was uniformly high across all adoption phases ($M = 4.13$) and did not significantly differentiate between groups. This indicates that awareness and appreciation of GenAI's value are already widespread: The adoption problem is no longer one of ignorance or resistance, but of something deeper.

Three interrelated barriers were identified as keeping the gap open. First, effort expectancy differed significantly across adoption phases ($\epsilon^2 = .153$), indicating that those in earlier phases experience GenAI as more complex and difficult to integrate into existing workflows. Second, facilitating conditions showed significant group differences ($\epsilon^2 = .131$), yet the overall mean ($M = 3.53$) suggests that institutional support is not yet perceived as sufficient. Third, and most consequential, trust and risk showed the second-largest effect size across phases ($\epsilon^2 = .143$) and the second-strongest correlation with behavioural intention ($r = .570, p < .001$). Advanced users demonstrated calibrated trust: the capacity to critically evaluate GenAI outputs, identify hallucinations, and exercise professional judgment. This form of trust is not a given; it is a developed professional competency.

A particularly striking finding concerns voluntariness of use, which produced the largest effect size of all constructs ($\epsilon^2 = .183$). Staff in earlier adoption phases experienced their GenAI engagement as significantly less voluntary, suggesting that implicit institutional expectations and shifting professional norms may be driving surface-level compliance rather

than genuine integration. Rogers' diffusion theory warns that adoption driven by normative pressure is inherently unstable and unlikely to yield deep, sustainable use.

The article concludes by proposing four interdependent institutional conditions for completing the adoption gap crossing: contextually specific operational support; deliberate development of professional trust and AI literacy; clear and accessible policy guidance; and a culture of autonomous, professionally grounded engagement. These are not isolated interventions but components of a coherent institutional ecosystem. The study contributes to the growing literature on GenAI adoption by repositioning the challenge as a socio-technical transition, requiring institutional capacity, human development, and cultural change, rather than a purely technical implementation problem. The integrated use of UTAUT and DOI as complementary diagnostic and planning tools demonstrates that both frameworks can serve practical institutional purposes beyond their conventional predictive roles.

KEYWORDS: generative artificial intelligence; UTAUT; diffusion of innovation; higher education; technology acceptance; institutional strategy

TREFWOORDE: generatiewe kunsmatige intelligensie; UTAUT; diffusie van innovasie; hoër onderwys; tegnologieaanvaarding; institusionele strategie

OPSOMMING

Generatiewe kunsmatige intelligensie (GenKI) het 'n besliste impak op die hoëronderryslandskap en skep nuwe moontlikhede vir onderrig, navorsing en administrasie. Tog bly institusionele aanvaarding dikwels heterogeen, gefragmenteerd en hoogs afhanklik van organisatoriese konteks, en die breër uitdaging lê daarin om aanvaarding uit te brei tot volhoubare, sistemiese integrasie. Rogers (2003) se teorie van Diffusion of Innovations (DOI) bied 'n nuttige raamwerk om hierdie proses te verstaan. Die Unified Theory of Acceptance and Use of Technology (UTAUT) vul hierdie perspektief aan deur die sleutelfaktore te identifiseer wat tegnologiegebruik beïnvloed, naamlik prestasieverwagtinge, inspanningsverwagtinge, sosiale invloed en fasiliterende toestande. Teen hierdie teoretiese agtergrond ondersoek die studie GenKI-aanvaarding binne 'n ingenieursfakulteit aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit. Die vraelys wat gebruik is vir data-insameling is aan al 107 personeellede van die fakulteit versprei, wat 'n finale analitiese steekproef van 42 respondente gelewer het. Die bevindinge toon dat GenKI reeds as nuttig erken word en dat die gebruik daarvan reeds wydverspreid waargeneem kan word binne die fakulteit, maar steeds hoofsaaklik eksperimenteel of taakspesifiek bly. Die primêre institusionele uitdaging het dus verskuif van die bewusmaking van GenKI se waarde na die bevordering van professioneel sekure, operasioneel ondersteunde en pedagogies betekenisvolle aanvaarding op skaal. As gevolgtrekking word institusionele lesse en strategiese riglyne geformuleer wat praktiese ondersteuning, beleidsduidelikheid, portuurleer en verantwoordelike outonomie kombineer. Die studie dra by tot die opkomende literatuur oor GenKI-aanvaarding deur te demonstreer hoe UTAUT en DOI nie slegs as voorspellende aanvaardingsmodelle gebruik kan word nie, maar ook as praktiese instrumente vir institusionele implementering en veranderingsbestuur.

1. Inleiding

Daar bestaan 'n algemene konsensus dat generatiewe kunsmatige intelligensie (GenKI) die hedendaagse wêreld, en spesifiek die hoëronderryslandskap, daadwerklik en ingrypend beïnvloed. Terwyl daar wyd met groottaalmodelgebaseerde KI geëksperimenteer word vir onderrig, leer, navorsing, akademiese administrasie en akademiese ondersteuning, worstel

instellings regoor die wêreld met sowel die potensiele voordele as die uitdagings van GenKI-integrasie, insluitend kwessies rakende akademiese integriteit, betroubaarheid, hallusinasies, etiese toepassing, vooroordeel, assesseringsherontwerp en professionele verantwoordelikheid (Nikolic et al. 2024:56-58; Matos et al. 2025). Møgelvang et al. (2025) se navorsing bevestig op mikrovlak verhoogde doeltreffendheid, produktiwiteit, ondersteuning van inhoudskepping, die stroomlyn van terugvoerprosesse en bystand met navorsingstake. Ondanks groeiende eksperimentering bly institusionele benaderings inkonsekwent en gefragmenteerd. Die meeste hoërondwysinstellings het steeds nie duidelik omskrewe ondersteuningstelsels, implementeringsplanne, bestuurstrukture of personeelontwikkelingstrategieë vir GenKI-integrasie nie. Die kernvraag van hierdie artikel is hoe 'n instelling doelbewus kan beweeg van verspreide individuele eksperimentering na volhoubare, organisasiewye GenKI-aanvaarding.

Rogers (2003) se teorie van Diffusion of Innovations (DOI) bied 'n bruikbare lens om hierdie dinamika te verstaan. Volgens DOI versprei innovasie geleidelik deur sosiale stelsels namate individue binne die stelsel progressief beweeg op 'n skaal van verskillende aanvaarder-kategorieë, naamlik: 1. innoveerders; 2. vroeë aanvaarders; 3. vroeë meerderheid, 4. laat meerderheid en 5. agterblyers. Innoveerders en vroeë aanvaarders is dikwels bereid om met min ondersteuning en groot onsekerheid te eksperimenteer. Die vroeë en laat meerderheid vereis egter iets anders: sigbare bewys van suksesvolle implementering, minder waargenome kompleksiteit, sosiale legitimiteit en toeganklike institusionele ondersteuning. Juis tussen hierdie groepe lê die kritieke oorgang, die “aanvaardingskloof”, tussen aanvanklike entoesiasme en die breër, geroetineerde integrasie wat institusionele waarde ontsluit.

Die uitdaging vir hoërondwysinstellings is waarskynlik nie in die eerste plek tegnologie van aard nie, maar organisatories, gedragsmatig en kultureel. In baie omgewings eksperimenteer innoveerders reeds met GenKI-instrumente, maar institusionele waarde ontstaan eers wanneer aanvaarding na die meerderheid uitbrei, wanneer GenKI nie meer slegs deur 'n entoesiastiese minderheid gebruik word nie, maar 'n standaard-, ondersteunde deel van die breër akademiese werksomgewing word.

Innoveerders en die meerderheid word deur verskillende faktore gedryf. Om die aanvaardingskloof te oorbrug, moet hierdie verskille duidelik begryp word. Vroeë aanvaarders word dikwels deur intrinsieke nuuskierigheid gedryf en is bereid om risiko's te loop en nuwe moontlikhede te verken. Die meerderheid, daarenteen, wil sosiale bewyse, sigbare voordele en die versekering van institusionele ondersteuning en verantwoordelike gebruik hê. Rogers (2003) beskryf hierdie verskuiwing as 'n ingeboude kenmerk van innovasieverspreiding: Diffusie neem eers werklik toe wanneer 'n innovasie 'n kritieke massa bereik en sosiale normalisering begin plaasvind. In die hoërondwyskonteks impliseer dit dat entoesiasme onder individuele aanvaarders, sonder institusionele ondersteuning, selde in volhoubare organisasiewye integrasie omsit.

Die Unified Theory of Acceptance and Use of Technology (UTAUT) word sedert die ontwikkeling daarvan deur Venkatesh et al. (2003:425-478) wyd gebruik in navorsing oor tegnologieaanvaarding, ook binne hoër onderwys. Onlangse sistematiese oorsigte bevestig die volgehoue relevansie en wydverspreide toepassing van die UTAUT in opvoedkundige KI-navorsing (Xue et al. 2024:1-5; Xue et al. 2026:5666-5668). Sedert 2023 is daar boonop 'n merkbare toename in studies wat die UTAUT spesifiek op GenKI-aanvaarding toepas (Cabero-Almenara et al. 2024; Singh & Strzelecki 2026:621-645). Terselfdertyd dui hierdie opkomende literatuur daarop dat die konvensionele UTAUT-raamwerk nie altyd voldoende is om die besondere dinamika van GenKI volledig te verklaar nie.

Om hierdie rede word variasies van Venkatesh se UTAUT-instrument dikwels gebruik, soms in kombinasie met Rogers (2003) se DOI-teorie, om innovasiegereedheid in verskillende kontekste te verstaan en institusionele beplanning te ondersteun. Singh en Strzelecki (2026:621-622) pas DOI direk toe op die aanvaarding van generatiewe KI onder akademici en toon aan dat verskeie innovasie-eienskappe die gebruik van hierdie tegnologie beïnvloed. Abulail et al. (2025) integreer DOI, die raamwerk Technology-Organization-Environment (TOE) en die Technology Acceptance Model (TAM) om KI-aanvaardingsintensies in hoër onderwys te verklaar, en beklemtoon die belangrikheid van tegnologiese, organisatoriese en gebruikersverwante faktore. Verder bevestig Nouredine et al. (2025:16687-16689) in 'n meta-analise dat die UTAUT steeds 'n geldige en robuuste raamwerk is vir die verklaring van tegnologieaanvaarding onder doserende personeel in hoër onderwys. Teen hierdie agtergrond is 'n aangepaste UTAUT-gebaseerde instrument vir hierdie navorsing gebruik om die innovasiegereedheid en verwante faktore binne 'n fakulteit aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit te meet.

2. Literatuuroorsig

2.1 *Diffusie van innovasie en hoër onderwys*

Rogers (2003) se DOI-teorie bied 'n gevestigde raamwerk om te verklaar waarom nuwe tegnologieë ongelyk deur sosiale stelsels versprei. Volgens die teorie beweeg individue deur vyf aanvaarder-kategorieë: innoveerders, vroeë aanvaarders, vroeë meerderheid, laat meerderheid en agterblyers. Elke groep verskil in sy houding teenoor risiko, kompleksiteit en die behoefte aan institusionele bevestiging. Innoveerders verdra onsekerheid en eksperimenteer dikwels vroeg met min ondersteuning. Breër aanvaarding onder meerderheidsgroepe vereis daarenteen sigbare voordele, laer waargenome kompleksiteit, sosiale legitimiteit en toeganklike institusionele ondersteuning. Juis hierdie verskuiwing onderlê die kritieke “aanvaardingskloof” tussen vroeë aanvaarders en die vroeë meerderheid.

In hoër onderwys weerspieël GenKI-gebruik tans nog 'n vroeë diffusiefase: Baie akademici eksperimenteer individueel, ondanks beperkte beleid, onsekere bestuur en ontwikkelende pedagogiese implikasies. Die beweging van geïsoleerde proefneming na breë, operasionele aanvaarding bly daarom ongelyk en uitdagend. Singh en Strzelecki (2026:621-623) toon in 'n DOI-gebaseerde studie onder 640 akademici dat relatiewe voordeel, versoenbaarheid en kompleksiteit gedragsintensie beduidend beïnvloed, terwyl intensie werklike gebruik voorspel. 'n Soortgelyke patroon blyk uit die werk van Gutiérrez-Leefmans et al. (2026:633-634), wat patrone van KI-gebruik onder studente aan 'n Latyns-Amerikaanse universiteit ondersoek, en bevind dat relatiewe voordeel, versoenbaarheid, waarneembaarheid en proefneming positief met KI-aanvaarding saamhang. Ook Abulail et al. (2025) kombineer DOI met TAM en toon dat gereedheid, en versoenbaarheid met bestaande institusionele stelsels noodsaaklike voorwaardes vir breër integrasie is. Saam bevestig hierdie studies DOI se waarde as institusionele diagnose-instrument: Die kloof tussen vroeë eksperimentering en organisasiewye integrasie is nie bloot 'n tydelike vertraging nie, maar 'n strukturele kenmerk van innovasie-verspreiding wat doelbewuste intervensie vereis.

2.2 *UTAUT en tegnologieaanvaarding*

Die UTAUT, ontwikkel deur Venkatesh et al. (2003:425-478), integreer agt tegnologieaanvaardingsmodelle en identifiseer vier kernbepalers van gedragsintensie en tegnologiegebruik:

prestasieverwagtinge, inspanningsverwagtinge, sosiale invloed en fasiliterende toestande. Hierdie verhoudings word verder gemodereer deur veranderlikes soos geslag, ouderdom, ervaring en vrywilligheid van gebruik. Die konstrukte word tipies met Likert-skaal-vraelyste gemeet, waardeur respondente hul instemming met gestandaardiseerde stellings aandui. Venkatesh et al. (2012) het die model later uitgebrei na UTAUT2 deur konstrukte soos hedonistiese motivering, gewoonte en pryswaarde by te voeg. Hierdie uitbreiding verhoog die model se verklaringsvermoë, veral in verbruikerskontekste, maar toenemend ook in opvoedkundige omgewings.

UTAUT is nou een van die mees gebruikte raamwerke in navorsing oor tegnologieaanvaarding in hoër onderwys. Xue et al. (2024:14-16) se oorsig van 162 studies toon dat prestasieverwagtinge konsekwent die sterkste voorspeller van gedragsintensie is, gevolg deur sosiale invloed en fasiliterende toestande. Shah et al. (2025:183-185) bevestig eweneens dat prestasieverwagtinge, inspanningsverwagtinge en sosiale invloed gedragsintensie rondom e-leer-aanvaarding betekenisvol beïnvloed. Nouredine et al. (2025:16687-16690) se meta-analise van tien studies wat fokus op doserende personeel wys verder dat prestasieverwagtinge, inspanningsverwagtinge en sosiale invloed sterk tot matige voorspellers van gedragsintensie is, terwyl fasiliterende toestande die sterkste verband met werklike gebruik toon. Alotaibi en Alayed (2025:38-39) bevestig dieselfde patroon in 'n studie waarin daar gekyk word na die gebruik van KI-instrumente deur dosente aan agt Saoedi-Arabiëse universiteite, waar prestasieverwagtinge en inspanningsverwagtinge die grootste positiewe invloed op gedragsintensie gehad het.

2.3 Die UTAUT en die aanvaarding van generatiewe KI

Die opkoms van GenKI het die gebruik van UTAUT en UTAUT2 in KI-aanvaardingsnavorsing duidelik versnel. Xue et al. (2026:5666-5672) wys dat UTAUT-gebaseerde studies in hoër onderwys sedert 2023 skerp toegeneem het, met prestasieverwagtinge steeds as die sterkste voorspeller van gedragsintensie. Cabero-Almenara et al. (2024) toon verder dat prestasieverwagtinge, inspanningsverwagtinge, sosiale invloed, fasiliterende toestande en hedonistiese motivering GenKI-aanvaarding onder dosente positief beïnvloed, terwyl konstruktivistiese pedagogiese oortuigings dié verband modereer. Møgelvang et al. (2025) bevind dat opleiding GenKI-gebruik onder hoëronderwyspersoneel verhoog en verskille in bekendheid en gebruik verminder, terwyl Shata en Hartley (2025) wys dat vertroue en sosiale versterking sterker bemiddelaars van aanvaarding is as waargenome gebruiksgemak alleen. Baig en Yadegaridehkordi (2025) bevind verder dat inspanningsverwagtinge, etiese oorweging en verwagtingsbevestiging GenKI-tevredenheid onder akademiese personeel positief beïnvloed en dat tevredenheid voortgesette gebruik sterk voorspel – 'n bevinding wat die belang van etiese bewustheid as aanvaardingsfaktor onderstreep en die konvensionele UTAUT-raamwerk oorskry. Hoewel UTAUT 'n beduidende verklaringsraamwerk bly, bring GenKI dimensies mee wat die oorspronklike model nie volledig dek nie. Anders as konvensionele opvoedkundige tegnologieë, lewer GenKI-stelsels waarskynlikheidsuitsette wat onakkuraathede, hallusinasies, vooroordeel of eties problematiese inhoud kan bevat. Daarom word professionele aanspreeklikheid en kritiese uitsetevaluering kernaspekte van verantwoordelike aanvaarding wat tradisionele aanvaardingskonstrukte oorskry.

Granić (2025:2-6) identifiseer in 'n konsepsentriese oorsig van 27 gevalideerde GenKI-aanvaardingstudies elf sleutelvoorspellers binne 'n drievlakraamwerk. Voorspellers soos prestasieverwagtinge en vertroue toon konsekwente invloed oor kontekste heen. Matige voorspellers, waaronder inspanningsverwagtinge, fasiliterende toestande, sosiale invloed,

waargenome gedragsbeheer en versoenbaarheid, toon groter kontekstuele variasie, terwyl opkomende voorspellers soos gewoonte, KI-geletterdheid, angs en speelsheid die evoluerende sosiotegniese aard van GenKI weerspieël. Vertroue word in hierdie verband as gekalibreerd verstaan, dit wil sê, as die vermoë om KI-uitsette krities te beoordeel en verantwoordelik te gebruik, eerder as blote geloof in die tegnologie. Shata en Hartley (2025) bevestig verder dat vertroue die verband tussen sosiale versterking en gedragsintensie bemiddel en die effek van waargenome bruikbaarheid op aanvaardingsbesluite modereer. Vrywilligheid van gebruik bly eweneens betekenisvol, aangesien akademië institusionele druk kan ervaar om GenKI te gebruik ondanks onsekerheid oor pedagogiese implikasies en aanvaarbare praktyk (Benayoune et al. 2026). Teen hierdie agtergrond word die konvensionele UTAUT-raamwerk in hierdie studie uitgebrei deur insluiting van vertroue en risiko, gedragsintensie as selfstandige konstruk, en vrywilligheid van gebruik.

3. Metodologie

3.1 Navorsingsontwerp

Hierdie studie volg 'n verkennende, kwantitatief-beskrywende gevallestudiebenadering om GenKI-aanvaarding binne 'n spesifieke institusionele konteks te ondersoek. Die ontwerp is gegrond in twee komplementêre teorieë: UTAUT as diagnostiese raamwerk vir die identifisering van aanvaardingsdeterminante, en Rogers se DOI-teorie vir die interpretasie van aanvaardings-fases en die kloof tussen innoveerders en die meerderheid. Die ingenieursfakulteit aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit dien as gevallestudie. As middelgrootte, tegnies georiënteerde akademiese eenheid met 'n diverse personeelprofiel bied dit 'n geskikte konteks om GenKI-aanvaarding te verken, veral omdat tegniese vaardigheid nie noodwendig pedagogiese of professionele gereedheid impliseer nie. Die gekose benadering maak dit moontlik om die kontekstuele, gedragsmatige en kulturele faktore wat institusionele aanvaarding vorm, te ondersoek en breër institusionele lesse uit die dinamiek van hierdie faktore af te lei.

3.2 Deelnemers en data-insameling

Die vraelys is elektronies via Microsoft Outlook Forms aan al 107 personele van die ingenieursfakulteit versprei. Altesaam 42 bruikbare response is ontvang, wat 'n responskoers van 39% verteenwoordig – aanvaarbaar vir 'n vrywillige institusionele opname in 'n akademiese konteks. Deelname was anoniem. In die vraelysinleiding is verduidelik dat die bevindinge vir bewysgeïnformeerde institusionele beplanning gebruik sou word, en nie vir individuele evaluering nie. Formele etiese klaring is voor data-insameling deur die Fakulteit Ingenieurswese se etiekomitee verkry, ooreenkomstig die instelling se navorsingsetiese vereistes. Ingeligte toestemming is aan die begin van die opname verkry deur 'n deelnemersinligtingstelling wat die doel van die studie, die vrywillige en anonieme aard van deelname, en die geaggregeerde hantering van data uiteengesit het.

3.3 Instrumentontwikkeling

Die instrument is gebaseer op Venkatesh et al. (2003) se gevalideerde UTAUT-raamwerk wat uit die empiriese integrasie van agt tegnologieaanvaardingsmodelle ontwikkel is. Die kernkonstrukte van die UTAUT-raamwerk beskik dus oor gevestigde inhouds- en konstrukgeldigheid. Die items is kontekstueel aangepas om GenKI-gebruik in 'n akademiese omgewing te weerspieël sonder om die konstrukbetekenis te verander – 'n algemene praktyk

in toegepaste UTAUT-navorsing (Venkatesh et al. 2003). Twee addisionele konstrukte, naamlik vertroue en risiko, en vrywilligheid van gebruik, is op teoretiese grondslag ingesluit in aansluiting by Granić (2025:1-3). Betroubaarheid is vir hierdie steekproef met interne konskwentheid beoordeel (kyk Tabel 1).

Die vraelys het uit twee afdelings bestaan.

Afdeling 1: Huidige vlak van GenKI-betrokkenheid

Die eerste afdeling het deelnemers se huidige vlak van GenKI-betrokkenheid bepaal. Respondente het hulself op 'n progressiewe sespuntskaal geplaas wat wissel vanaf geen gebruik of voorneme tot uitgebreide gebruik en aktiewe portuurondersteuning. Die volgende items is ingesluit:

- Ek gebruik nie generatiewe KI nie en is nie van plan om dit binnekort te begin gebruik nie.
- Ek gebruik nie generatiewe KI nie, maar ek is oop daarvoor om dit te probeer.
- Ek het al 'n paar keer met generatiewe KI geëksperimenteer.
- Ek gebruik generatiewe KI soms vir spesifieke take.
- Ek gebruik generatiewe KI gereeld in my werk.
- Ek gebruik generatiewe KI uitgebreid en ondersteun ander in die gebruik daarvan.

Afdeling 2: UTAUT-gebaseerde en aanvullende konstrukte

Die tweede afdeling het sewe konstrukte kategorieë gemeet met Likert-skaalelemente (1 = Stem sterk nie saam nie; 5 = Stem sterk saam).

Prestasieverwagtinge (4 items)

Hierdie konstruk het gemeet of deelnemers GenKI as prakties waardevol beleef, byvoorbeeld of dit werkverwante take versnel, die kwaliteit van uitsette verbeter en algehele doeltreffendheid verhoog. Response is gevra vir die volgende items:

- Die gebruik van generatiewe KI help my om werkverwante take vinniger uit te voer.
- Die gebruik van generatiewe KI verbeter die kwaliteit van my werkuitsette.
- Die gebruik van generatiewe KI verhoog my doeltreffendheid in my rol.
- Oor die algemeen is generatiewe KI nuttig vir my werk.

Inspanningsverwagtinge (4 items)

Hierdie konstruk het op waargenome gebruiksgemak en integreerbaarheid gefokus, dus of GenKI maklik is om te leer, intuïtief in gebruik is en goed in bestaande werksroetines inpas. Dit is veral relevant in 'n akademiese konteks waar personeel onderrig, administrasie, toesighouding, assessering en navorsing gelyktydig balanseer. Vier items is hier geformuleer:

- Dit is maklik vir my om generatiewe KI-instrumente te leer gebruik.
- Ek vind generatiewe KI-instrumente maklik om te gebruik.
- Dit is maklik vir my om vaardig te raak in die gebruik van generatiewe KI-instrumente.
- Die gebruik van generatiewe KI pas goed in by my normale werksroetines.

Sosiale invloed (3 items)

Hierdie konstruk het ondersoek in watter mate kollegiale norme en institusionele kultuur aanvaarding beïnvloed – of belangrike persone GenKI-gebruik aanmoedig en of dit toenemend as norm in die werksomgewing aanvaar word. Die bewoording van die items het doelbewus “gepaste gebruik” eerder as onvoorwaardelike gebruik beklemtoon:

- Mense wat my werk beïnvloed, dink ek behoort generatiewe KI gepas te gebruik.
- Kollegas wie se menings ek waardeer, moedig die gebruik van generatiewe KI aan.
- Die gebruik van generatiewe KI word toenemend in my werksomgewing aanvaar.

Fasiliterende toestande (5 items)

Hierdie konstruk het getoets of die institusionele omgewing GenKI-gebruik prakties moontlik maak. Dit sluit in: toegang tot hulpbronne en kennis, leiding oor aanvaarbare gebruik, beskikbare ondersteuning en die versoenbaarheid van GenKI met personeel se take. Onlangse literatuur identifiseer institusionele ondersteuning toenemend as 'n sentrale aanvaardings-bemagtigingsfaktor in hoër onderwys (Møgelvang et al. 2025; Nouredine et al. 2025:16 687-16 690). Deelnemers moes reageer op die volgende items:

- Ek het die nodige hulpbronne om generatiewe KI-instrumente te gebruik.
- Ek het die kennis wat nodig is om generatiewe KI doeltreffend te gebruik.
- Leiding is beskikbaar om my te help verstaan wat aanvaarbare gebruik van generatiewe KI beteken.
- As ek probleme ondervind met die gebruik van generatiewe KI, sou institusionele ondersteuning beskikbaar wees.
- Generatiewe KI-instrumente is versoenbaar met die take wat van my in my rol verwag word.

Vertroue en risiko (5 items)

Hierdie konstruk is as uitbreiding op UTAUT ingesluit, gebaseer op literatuur wat vertroue, angs en professionele selfvertroue as toenemend belangrike aanvaardingsvoorspellers identifiseer (Granić 2025:1-3). Vertroue word hier as gekalibreerd eerder as absoluut verstaan: nie blinde geloof in KI-uitsette nie, maar die vermoë om uitsette krities te evalueer en verantwoordelik te gebruik. Twee omgekeerd bewoorde items het professionele bekommernisse oor akkuraatheid en oorafhanklikheid vasgevang, soos blyk uit die lys van items wat aangebied is:

- Ek vertrou generatiewe KI-uitsette wanneer ek dit voor gebruik verifieer.
- Ek voel selfversekerd om te beoordeel wanneer 'n generatiewe KI-uitset geskik is vir gebruik.
- Ek is bekommerd dat generatiewe KI-uitsette onakkuraat of misleidend mag wees.
- Die gebruik van generatiewe KI voel professioneel veilig wanneer dit verantwoordelik gebruik word.
- Ek is bekommerd dat oormatige afhanklikheid van generatiewe KI my professionele oordeel negatief kan beïnvloed.

Gedragsintensie (3 items)

Toekomstige betrokkenheid is gemeet deur die volgende items wat geformuleer is met die doel om te bepaal of deelnemers beplan om GenKI te bly gebruik, hul gebruik daarvan te verhoog en dit as 'n vaste deel van hul werksroetine te beskou:

- Ek beoog om generatiewe KI in my werk te gebruik gedurende die volgende semester.
- Ek beplan om my gebruik van generatiewe KI vir werkverwante take te verhoog.
- Ek verwag dat generatiewe KI 'n gereelde deel van my werkspraktik sal word.

Vrywilligheid van gebruik (1 item)

Hierdie afdeling gaan oor die mate waarin personeel hul GenKI-gebruik as vrywillig en selfgerig beleef, eerder as 'n reaksie op institusionele verwagtinge. Ten spyte van die metodologiese beperkinge van 'n enkelitemmaatstaf is hierdie aspek ingesluit omdat GenKI dikwels binne 'n institusionele konteks funksioneer waar implisiete druk en veranderende professionele norme 'n rol speel.

- My gebruik van generatiewe KI in my rol is geheel en al vrywillig.

3.4 *Interne konsekwentheid*

Interne konsekwentheid vir alle multi-item-konstrukte is voor analise beoordeel deur Cronbach se alfa. Faktortellings is bereken as die gemiddeld van geldige items per konstruk. Tabel 1 bied die betroubaarheidsresultate aan.

TABEL 1: Interne konsekwentheid van opnamekonstrukte

Konstruk	Aantal items	Cronbach se α	Konsekwentheid
Prestasieverwagtinge	4	.919	Uitstekend
Gedragsintensie	3	.875	Goed
Ondersteuningsbehoeftes	4	.815	Goed
Inspanningsverwagtinge	4	.820	Goed
Fasiliterende toestande	5	.763	Aanvaarbaar
Vertroue en risiko	5	.660	Twyfelagtig
Sosiale invloed	3	.535	Swak

Nota. Die vertroue-en-risiko-skaal ($\alpha = .660$) weerspieël die inherente spanning tussen gekalibreerde selfvertroue en professionele bekommernis in GenKI-gebruik. Die vier positief georiënteerde items kluster goed, maar die twee omgekeerd bewoorde items, wat onderskeidelik die akkuraatheid van KI-uitsette bevraagteken en oorafhanklikheid as 'n professionele risiko benoem, is redelik losstaande van die res. Resultate vir hierdie konstruk moet dus met gepaste versigtigheid geïnterpreteer word. Die sosiale-invloed-skaal ($\alpha = .535$) weerspieël waarskynlik twee verwante maar onderskeie prosesse: direkte portuuraanmoediging aan die een kant, en breër sosiale normalisering van GenKI in die werksomgewing aan die ander. Bevindinge vir hierdie konstruk word beskrywend gerapporteer.

3.5 *Data-analise*

Data-analise is in SPSS uitgevoer en het die volgende prosedures ingesluit:

- Beskrywende statistiek vir alle konstrukte en verspreiding oor aanvaardingsfases
- Interne konsekwenheidsanalise (Cronbach se alfa) vir alle multi-itemskale
- Kruskal-Wallis-H-toetse om konstrukfaktortellings oor die vier diffusiefases te vergelyk, met epsilonkwadraat (ϵ^2) effekgroottes. Geen post hoc- paarsgewyse vergelykings is uitgevoer nie.
- Spearman se rangordekorrelasie (ρ) as primêre metode vir die ondersoek van konstrukassosiasies, met Pearson-korrelasiekoëffisiënte vir bevestigingsdoeleindes

- Frekwensie-analise vir aanvaardingsfaseverspreiding, instrumentgebruik en ondersteuningsbehoeftes.

Die analise het gefokus op die identifisering van betekenisvolle verskille tussen diffusiefases en die bepaling van watter institusionele faktore die sterkste verband toon met gedragsintensie en aanvaardingsgereedheid.

4. Bevindinge

4.1 Aanvaardingsfaseverspreiding en huidige gebruik

Van die 42 respondente het 90,5% GenKI reeds op een of ander wyse gebruik: 16,7% het uitgebreide gebruik met aktiewe portuurondersteuning gerapporteer, 31,0% gereelde gebruik, en 42,9% sporadiese of eksperimentele gebruik. Slegs 9,5% het nie GenKI gebruik nie; van hierdie groep is net 2,4% (1 respondent) nie van plan om dit te begin gebruik nie, terwyl die oorblywende 7,1% wel oop daarvoor is om dit te probeer. Meer as driekwart (76,2%) het GenKI ten minste weekliks gebruik. In terme van Rogers se DOI-teorie bevind die fakulteit sigself reeds in 'n aktiewe diffusiefase – die primêre uitdaging is nie meer bewusmaking of aanvanklike oorreding van bruikbaarheid nie, maar die bevordering van breër, meer selfversekerde en institusioneel ondersteunde aanvaarding oor die meerderheidsgroepe.

4.2 Prestasieverwagtinge

Prestasieverwagtinge het die hoogste gemiddelde faktortelling oor alle konstrunkte geproduseer ($M = 4,13$; $SA = 0,86$; $\alpha = .919$) en het nie beduidend verskil oor aanvaardingsfases nie ($H(3) = 4,80$; $p = .187$; $\epsilon^2 = .049$). Die waargenome bruikbaarheid van GenKI word dus breedweg gedeel oor alle diffusiefases heen – ook deur diegene wat dit nog nie gereeld gebruik nie. Verdere institusionele pogings wat uitsluitlik op die demonstrasie van GenKI se waarde fokus, sal na verwagting minimale bykomende impak op aanvaarding hê, aangesien hierdie oortuiging reeds wyd aanwesig is.

4.3 Inspanningsverwagtinge

Inspanningsverwagtinge het 'n beduidende verskil oor diffusiefases getoon ($H(3) = 8,68$; $p = .034$; $\epsilon^2 = .153$) – 'n mediumeffekgrootte. Gevorderde gebruikers het GenKI as aansienlik makliker en beter geïntegreer in hul werksroetines beleef as diegene in vroeëre fases. Aanvaardingshindernisse is dus nie slegs houdingsverwant nie, maar ook operasioneel: Personeel wat GenKI as kompleks of tydrowend ervaar, benodig praktiese ondersteuning en geleentheid tot oefening, eerder as blote oorreding oor die waarde van die tegnologie. Die sterk Pearson-korrelasie tussen inspanningsverwagtinge en fasiliterende toestande ($r = .703$; $p < .001$) bevestig dat operasionele selfvertroue en institusionele ondersteuning nou verweef is.

4.4 Sosiale invloed

Sosiale invloed het nie beduidend verskil oor diffusiefases nie ($H(3) = 5,14$; $p = .162$; $\epsilon^2 = .058$), met matige ooreenstemming algeheel ($M = 3,75$; $SA = 0,68$). Gegewe die lae betroubaarheid van hierdie skaal ($\alpha = .535$) wat moontlik twee verwante maar onderskeibare prosesse, direkte portuurmotivering en breër sosiale normalisering weerspieël, word hierdie bevinding beskrywend gerapporteer sonder sterk gevolgtrekkings. Die beduidende Pearson-

korrelasie met gedragsintensie ($r = .365$; $p = .021$) dui wel aan dat sosiale faktore 'n rol speel in die vorming van aanvaardingsintensie, selfs al onderskei dit nie sterk tussen diffusiefases nie.

4.5 *Fasiliterende toestande*

Fasiliterende toestande het beduidende groepverskille getoon ($H(3) = 7,84$; $p = .049$; $\epsilon^2 = .131$). Gevorderde gebruikers het sterker institusionele ondersteuning waargeneem as diegene in vroeëre fases. Die faktorgemiddeld van $M = 3,53$ ($SA = 0,72$) dui egter aan dat die institusionele omgewing nie as voldoende ondersteunend beleef word vir selfversekerde, breë aanvaarding nie. Die Pearson-korrelasie tussen fasiliterende toestande en gedragsintensie is nie beduidend nie ($r = .205$; $p = .204$), wat suggereer dat institusionele ondersteuning moontlik as 'n noodsaaklike maar nie voldoende voorwaarde vir aanvaarding funksioneer nie – dit vergemaklik gebruik, maar dryf nie noodwendig intensie direk aan nie.

4.6 *Vertroue en risiko*

Vertroue en risiko het die tweede grootste effekgrootte in die groepvergelyking getoon ($H(3) = 8,29$; $p = .041$; $\epsilon^2 = .143$) en een van die sterkste Pearson-korrelasies met gedragsintensie ($r = .570$; $p < .001$). Gevorderde gebruikers het meer gekalibreerde vertroue gerapporteer, die vermoë om KI-uitsette krities te evalueer en verantwoordelik te gebruik, terwyl vroeëre gebruikers groter bekommernis oor akkuraatheid en ooraafhanklikheid uitgespreek het. Vertroue funksioneer dus nie as blinde geloof in KI nie, maar as 'n ontwikkelde professionele bevoegdheid wat oor tyd en blootstelling opgebou word. Hierdie bevinding het direkte implikasies vir professionele ontwikkeling. Opleiding moet nie slegs demonstreer wat GenKI kan doen nie, maar ook die kapasiteit bou om uitsette te beoordeel en verantwoordelik te gebruik.

4.7 *Gedragsintensie*

Gedragsintensie het die konvensionele beduidendheidspeil effens gemis ($H(3) = 7,68$; $p = .053$; $\epsilon^2 = .127$), maar die medieffekgrootte en die sterk Pearson-korrelasie met prestasieverwagtinge ($r = .732$; $p < .001$) dui op 'n prakties betekenisvolle patroon. Die statistiese marginaliteit weerspieël waarskynlik steekproefgroottebeperkings ($n = 40$ vir hierdie analise) eerder as 'n werklike nul-effek. Die faktorgemiddeld van $M = 4,00$ ($SA = 0,77$; $\alpha = .875$) dui aan dat die algehele intensie om GenKI te bly gebruik hoog is, wat konsekwent is met die reeds hoë gebruiksyfers.

4.8 *Vrywilligheid van gebruik*

Vrywilligheid van gebruik het die grootste effekgrootte van alle konstrakte geproduseer ($H(3) = 9,79$; $p = .020$; $\epsilon^2 = .183$). Gevorderde gebruikers ervaar GenKI-gebruik as 'n selfgerigte en verkennende praktyk, terwyl personeel in vroeëre fases sterker bewus is van implisiete institusionele verwagtinge. Die positiewe Pearson-korrelasie tussen vrywilligheid en fasiliterende toestande ($r = .334$; $p = .035$) dui daarop dat 'n ondersteunende institusionele omgewing ook die ervaring van outonomie versterk. Waar aanvaarding egter deur normatiewe druk of dwang gedryf word, is die uitkoms waarskynlik oppervlakkige nakoming eerder as diepgaande en volhoubare integrasie.

4.9 Ondersteuningsbehoefte

Ondersteuningsbehoefte het geen beduidende verskil oor diffusiefases getoon nie ($H(3) = 1,37$; $p = .713$), maar was konsekwent hoog oor alle groepe ($M = 3,68$; $SA = 0,76$; $\alpha = .815$). Selfs gevorderde gebruikers onderskryf die behoefte aan leiding, praktiese voorbeelde en opleiding. Institusionele ondersteuning moet dus as 'n ekosisteenwye strategie beplan word en nie as remediëring vir vroeë aanvaarders alleen nie.

4.10 Korrelasie-analise: voorspellers van gedragsintensie

Die sterkste voorspellers van gedragsintensie was prestasieverwagtinge ($r = .732$; $p < .001$) en vertroue en risiko ($r = .570$; $p < .001$). Inspanningsverwagtinge ($r = .329$; $p = .038$) en sosiale invloed ($r = .365$; $p = .021$) toon ook beduidende, maar swakker direkte assosiasies met intensie, wat dui op 'n primêre rol in die vorming van aanvaardingsfaseposisionering eerder as onafhanklike aanstuur van toekomstige intensie. Fasiliterende toestande toon geen beduidende direkte korrelasie met gedragsintensie nie ($r = .205$; $p = .204$), ten spyte van die beduidende rol in die onderskeid tussen diffusiefases. Hierdie patroon is konsekwent met die literatuur, waar fasiliterende toestande die omgewing skep waarbinne aanvaarding moontlik word, maar dit is die waargenome waarde van GenKI en die professionele vertroue om dit te gebruik wat aanvaardingsintensie direk aandryf.

TABEL 2: Kruskal-Wallis-resultate oor aanvaardingsfases

Konstruk	H (df=3)	p	ϵ^2	Beduidend?
Prestasieverwagtinge	4.80	.187	.049	Nee
Inspanningsverwagtinge	8.68	.034	.153	Ja
Sosiale invloed	5.14	.162	.058	Nee
Fasiliterende toestande	7.84	.049	.131	Ja
Vertroue en risiko	8.29	.040	.143	Ja
Gedragsintensie	7.68	.053	.127	Marginaal
Vrywilligheid van gebruik	9.79	.020	.183	Ja
Ondersteuningsbehoefte	1.37	.713	—	Nee

5. Op die brug, maar nog nie oorkant nie

Die sentrale vraag van hierdie artikel is: Hoe oorbrug 'n instelling die aanvaardingskloof vanaf innoveerders na meerderheid in die gebruik van GenKI? Die eerlike antwoord wat die data bied, is: Hierdie fakulteit is op die brug, maar nie heeltemal aan die oorkant nie. Dit is bemoedigend dat 90,5% van die respondente wel KI in hulle werk gebruik, maar hier is 'n dieperliggende spektrum van betrokkenheid: 42,9% van respondente gebruik GenKI slegs sporadies of eksperimenteel, en slegs 16,7% kan as gevorderde, geïntegreerde gebruikers met portuurondersteuning beskryf word. Dit is ook heel moontlik dat daar 'n groter aantal niegebruikers onder die nierespondente sal wees. In Rogers se terme beteken dit dat die meerderheid respondente, dié wat die kloof moet oorbrug, nog in 'n verkennende, onsekere

TABEL 3: Spearman-korrelasies tussen konstrukfaktortellings

Konstruk	PV	IV	SI	FT	GI	Vryw	Ond	V&R
Prestasieverwagtinge (PV)	—	.450**	.469**	.417**	.759**	.305	.213	.578**
Inspanningverwagtinge (IV)		—	.418**	.630**	.254	.220	.057	.231
Sosiale invloed (SI)			—	.455**	.297†	.093	.130	.237
Fasiliterende toestande (FT)				—	.193	.319*	.194	.408**
Gedragintensie (GI)					—	.183	.176	.520**
Vrywilligheid (Vryw)						—	.014	.379*
Ondersteuningsbehoeftes (Ond)							—	.273
Vertroue en Risiko (V&R)								—

Nota. ** $p < .01$; * $p < .05$. Die sterk Pearson-korrelasie tussen prestasieverwagtinge en gedragintensie ($r = .732$) en tussen vertroue en risiko en gedragintensie ($r = .570$) is die mees teoreties betekenisvolle bevindings.

betrokkenheid verkeer. Die tegnologie het sigbaar geword; dit word nie meer geïgnoreer nie. Maar dit het nog nie die volhoubare, geroetineerde en institusioneel ondersteunde integrasie bereik wat ware meerderheidsaanvaarding kenmerk nie. Die aanvaardingskloof is geïdentifiseer. Die werk om dit te oorbrug het begin, maar dit is nog nie afgehandel nie.

5.1 Die bruikbaarheidsargument

Die bevinding dat prestasieverwagtinge, tradisioneel die sterkste voorspeller van gedragintensie in die UTAUT-navorsing (Xue et al. 2024:14-16; Noureddine et al. 2025:16 690), nie beduidend verskil oor aanvaardingsfases nie, het 'n tweesnydende betekenis. Positief gesien, bevestig dit dat die oortuiging oor GenKI se nut reeds wyd aanwesig is, ook onder diegene wat dit nog nie gereeld gebruik nie. Maar juis hierdie bevinding onthul die dieper probleem: Die aanvaardingskloof is nie meer 'n kwessie van onkunde of weerstand teen GenKI se waarde nie. Personeel wêet dat GenKI nuttig is, en tog gebruik die meerderheid dit nog nie gereeld of geïntegreerd nie. Dit is kenmerkend van die kloof: die periode waarin vroeë entoesiasme en algemene waardering vir 'n innovasie nog nie omgesit het in geroetineerde, selfversekerde en breë gebruik nie (Rogers 2003; Gutiérrez-Leefmans et al. 2026:633). Vir instellings beteken dit dat verdere bemarking van GenKI se nut waarskynlik minimale addisionele impak sal hê. Die aanvaardingsprobleem lê elders.

5.2 Wat staan in die pad?

Die data identifiseer drie verwante struikelblokke wat saamwerk om die kloof oop te hou. Die eerste is operasionele ongemak. Inspanningsverwagtinge het beduidend verskil oor aanvaardingsfases ($H(3) = 8,68$; $p = .034$; $\epsilon^2 = .153$): Diegene in vroeëre fases beleef GenKI as meer kompleks en moeilik om in bestaande werksroetines te integreer. Dit is 'n klassieke diffusiehindernis: Die vroeë meerderheid is nie noodwendig tegnologies angstig nie, maar hulle het bewyse nodig dat 'n innovasie hanteerbaar is binne hul spesifieke werksomstandighede (Singh & Strzelecki 2026; Møgelvang et al. 2025).

In 'n akademiese omgewing waar personeel dikwels onderrig, navorsing, administrasie en toesighouding gelyktydig balanseer, is die drempel vir 'n nuwe tegnologie om “die moeite werd” te wees, hoog. Die tweede struikelblok is onvoldoende institusionele gereedheid. Fasiliterende toestande het beduidend verskil oor fases ($H(3) = 7,84$; $p = .049$; $\epsilon^2 = .131$), maar die algehele faktorgemiddeld van slegs $M = 3,53$ dui aan dat personeel die institusionele omgewing nie as voldoende ondersteunend beleef nie – oor alle fases heen. Alotaibi en Alayed (2025:40-41) sowel as Benayoune et al. (2026) bevestig hierdie patroon in internasionale kontekste: Die afwesigheid van duidelike beleide, toeganklike ondersteuning en formele riglyne is 'n deurslaggewende rede waarom GenKI-aanvaarding aan individuele diskresie oorgelaat word in plaas daarvan om as 'n institusionele kapasiteit ontwikkel te word.

Die derde struikelblok is onontwikkelde professionele vertroue. Vertroue en risiko het beduidend verskil oor fases ($H(3) = 8,29$; $p = .041$; $\epsilon^2 = .143$) en toon die tweede sterkste Pearson-korrelasie met gedragsintensie ($r = .570$; $p < .001$). Diegene in vroeëre aanvaardings-fases rapporteer beduidend groter bekommernis oor die akkuraatheid van KI-uitsette en die professionele risiko van oorafhanklikheid. Granić (2025:2-6) identifiseer hierdie soort onontwikkelde, ongekalkuleerde vertroue as 'n kernhindernis vir GenKI-integrasie: Personeel wat nie selfversekerd genoeg is om KI-uitsette krities te evalueer nie, sal eerder versigtig of selfs vermydend wees, ten spyte van positiewe houdings teenoor die tegnologie in die algemeen. Hierdie versigtigheid kan moontlik in baie gevalle daaraan toegeskryf word dat die gebruiker bewus is van die belangrikheid van die menslike verifikasie (“mens in die lus”) eerder as wat dit as onkunde of weerstand teen die tegnologie beskou moet word.

5.3 *Die vrywilligheidsparadoks*

Die mees insiggewende bevinding vir die verstaan van die kloof is egter die vrywilligheidskonstruk, wat die grootste effekgrootte van alle konstrakte opgelewer het ($H(3) = 9,79$; $p = .020$; $\epsilon^2 = .183$). Diegene in vroeëre aanvaardingsfases ervaar beduidend sterker dat hul GenKI-gebruik nie werklik vrywillig is nie. Implisiete institusionele verwagtinge, veranderende professionele norme en kollegiale druk is beduidende faktore. Hierdie bevinding werp 'n ontugterende lig op die hoë gebruiksyfers: 'n Gedeelte van die gerapporteerde gebruik mag deur normatiewe druk gemotiveer word eerder as deur egte professionele integrasie. Rogers (2003) se diffusieteorie maak dit duidelik dat aanvaarding wat deur sosiale of institusionele druk gedryf word, onstabiel is – dit lei nie noodwendig tot diepgaande integrasie nie, maar tot oppervlakkige voldoening wat verdwyn wanneer die druk verlig. Granić (2025:5) bevestig hierdie patroon spesifiek in GenKI-kontekste. Dit is 'n kritieke waarskuwing vir instellings: Die aanmoedigende kultuur rondom GenKI moet versigtig bestuur word. Beleid en verwagtinge sonder ondersteuning en ruimte vir egte professionele oordeel sal die kloof verbreed, nie oorbrug nie.

5.4 *Sosiale invloed: 'n ontbrekende brug*

Sosiale invloed het nie beduidend verskil oor aanvaardingsfases nie ($H(3) = 5,14$; $p = .162$), maar toon 'n beduidende Pearson-korrelasie met gedragsintensie ($r = .365$; $p = .021$). Hierdie paradoks waar sosiale norme intensie beïnvloed, maar nie differensieer tussen aanvaardingsfases nie, is self 'n kenmerk van die kloof-toestand. In 'n omgewing wat nog besig is om die kloof te oorbrug, is sosiale norme rondom GenKI nog in wording: te swak om diffusiefases te onderskei, maar sterk genoeg om individuele intensie te beïnvloed. Rogers (2003) identifiseer die uitbreiding van sosiale bewys en portuurmodellering as een van die effektiëste meganismes

vir die versnelling van diffusie. Die implikasie is dat die sigbaarheid van GenKI-gebruik, deur akademiese leierskap, portuurleer en gedeelde beroepspraktyke, 'n strategiese prioriteit behoort te wees, maar tans waarskynlik nog onvoldoende ontwikkel is.

5.5 *Wat moet gebeur om die kloof te oorbrug?*

Die bevindinge dui op vier interafhanklike voorwaardes vir die voltooiing van die oorbrugging. Eerstens is praktiese, kontekstuele ondersteuning nodig. Die sterk korrelasie tussen inspanningsverwagtinge en fasiliterende toestande ($r = .703$; $p < .001$) bevestig dat operasionele selfvertroue nie uit die tegnologie self groei nie, maar uit die institusionele omgewing. Opleiding moet kontekstueel en werkvloesispesifiek wees – nie generiese demonstrasies nie, maar praktiese toepassings binne die spesifieke take van akademiese personeel. Møgelvang et al. (2025) en Noureddine et al. (2025:16 690) bevestig albei dat hierdie tipe gestruktureerde, spesifieke ondersteuning 'n direkte en meetbare impak op gebruik het. Tweedens moet professionele vertroue doelbewus ontwikkel word. KI-geletterdheid, die vermoë om uitsette krities te evalueer, hallusinasies te identifiseer en professionele verantwoordbaarheid te handhaaf, moet 'n eksplisiete komponent van enige GenKI-ontwikkelingstrategie wees (Granić 2025:6; Shata & Hartley 2025). Dit vereis meer as tegnologiese opleiding – dit vereis professionele en epistemies gefokusde leerinisiatiewe. Derdens moet beleidsduidelikheid geskep word. Konsekwent hoë ondersteuningsbehoefte ($M = 3,68$) oor alle aanvaardingsfases, selfs onder gevorderde gebruikers, dui aan dat personeel onseker bly oor aanvaarbare gebruik, institusionele verwagtinge en professionele grense. Duidelike, toeganklike riglyne wat deur leierskap ondersteun word, is 'n noodsaaklike voorwaarde vir volhoubare integrasie (Benayoune et al. 2026). Vierdens moet outonomie sentraal staan. Die vrywilligheidsbevinding waarsku dat GenKI-aanvaarding wat as afgedwing beleef word, teenproduktief is. Instellings moet 'n kultuur van ondersoekende, professioneel verantwoordelike outonomie bou – een waar GenKI gebruik word omdat dit werklik waarde toevoeg, nie omdat dit verwag word nie.

5.6 *Breër institusionele implikasies*

Hierdie bevindinge is nie beperk tot hierdie spesifieke fakulteit nie. Die patroon wat hier beskryf word, naamlik hoë bewustheid, wye waardering vir nut, maar beduidende struikelblokke in operasionele gereedheid, professionele vertroue en institusionele ondersteuning word weerspieël in internasionale navorsing oor GenKI-aanvaarding in hoër onderwys (Granić 2025; Møgelvang et al. 2025; Alotaibi & Alayed 2025; Benayoune et al. 2026). Die aanvaardingskloof is dus nie 'n plaaslike verskynsel nie, maar 'n strukturele eienskap van die huidige fase van GenKI-diffusie in akademiese omgewings wêreldwyd. Instellings wat die kloof wil oorbrug, moet die aandag verskuif van tegnologiese bekendstelling na institusionele kapasiteitsbou, met 'n klem op professionele ontwikkeling, beleidsduidelikheid, portuurleer en 'n kultuur van verantwoordelike outonomie. Die vraag is nie meer of GenKI in hoër onderwys tuishoort nie. Die vraag is of instellings die institusionele moed en vermoë het om die voorwaardes te skep waarbinne dit verantwoordelik, volhoubaar en wyd geïntegreer kan word.

6. **Institusionele lesse en strategiese riglyne**

Die bevindinge van hierdie studie identifiseer vier interafhanklike voorwaardes wat aandag moet kry om die aanvaardingskloof te oorbrug. Hierdie voorwaardes is samehangende

komponente van 'n institusionele ekosisteem. Geen enkele intervensie sal daartoe bydra dat die kloof oorbrug word nie. Dit vereis 'n koherente, multidimensionele strategie.

6.1 Operasionele ondersteuning: van demonstrasie na integrering

Die sterk verband tussen inspanningsverwagtinge en fasiliterende toestande ($r = .703$; $p < .001$) bevestig dat operasionele selfvertroue nie uit die tegnologie self groei nie, maar uit die institusionele omgewing. Personeel wat die gevoel het dat tegnologie moeilik is om aan te leer en by bestaande werksroetines in te skakel, sal nie tot gereelde gebruik beweeg word nie, ongeag hoe positief hulle teenoor die tegnologie se nut voel. Generiese demonstrasies van GenKI is gevolglik onvoldoende. Wat nodig word, is kontekstueel spesifieke opleiding wat met werkvloei geïntegreer is: Hoe gebruik 'n akademikus in hierdie fakulteit GenKI vir nasienprosesse, terugvoerskrywing, literatuursoektogte, navorsingsvoorstelle vir kwalifikasies of voorbereiding vir aanbiedings? Møgelvang et al. (2025) bevestig dat hierdie tipe gestruktureerde, kollegiale opleiding 'n direkte en meetbare impak op gebruiksfrekwensie en gedragsintensie het. Nouredine et al. (2025:16690) se meta-analise bevestig verder dat fasiliterende toestande werklike gebruiksgedrag die sterkste voorspel – nie net intensie nie. Praktiese, toeganklike ondersteuning is noodsaaklik.

6.2 Professionele vertroue: meer as tegniese opleiding

Die sterk Pearson-korrelasie tussen vertroue en risiko, en gedragsintensie ($r = .570$; $p < .001$), tesame met die beduidende effekgrootte oor aanvaardingsfases heen ($\epsilon^2 = .143$), identifiseer onontwikkelde professionele vertroue as 'n kernhindernis. Hierdie vertroue, wat Granić (2025:2-6) as gekalibreerde vertroue beskryf, behels nie blinde aanvaarding van KI-uitsette nie, maar die professionele bevoegdheid om uitsette te verifieer, hallusinasies te identifiseer, en verantwoordelike gebruik binne spesifieke professionele kontekste te beoordeel. Shata en Hartley (2025) bevestig dat vertroue die verhouding tussen sosiale versterking en gedragsintensie bemiddel: Personeel wat GenKI professioneel vertrou, is meer ontvanklik vir kollegiale aanmoediging en institusionele ondersteuning. KI-geletterdheid moet gevolglik 'n eksplisiete komponent van enige GenKI-ontwikkelingstrategie wees, nie as tegniese vaardigheid nie, maar as professionele bevoegdheid. Opleiding moet akademië help om te vra: Wanneer is hierdie uitset betroubaar? Wanneer is dit misleidend? Hoe gebruik ek GenKI op 'n manier wat my professionele integriteit eerder versterk as ondermyn? Akademië moet geleer word om te onderskei watter take met vertroue aan GenKI oorgelaat kan word, en watter take steeds direkte menslike oordeel en oorspronklikheid vereis.

6.3 Beleidsduidelikheid: die grondslag van verantwoordelike aanvaarding

Die konsekwent hoë ondersteuningsbehoefte oor alle aanvaardingsfases heen, selfs onder gevorderde gebruikers, dui op 'n dieper behoefte: die behoefte aan duidelike, toeganklike riglyne wat die grense van aanvaarbare gebruik definieer en personeel in staat stel om met selfvertroue professionele oordele te vel. Benayoune et al. (2026) dokumenteer dat die afwesigheid van formele beleide en riglyne 'n deurslaggewende rede is waarom GenKI-aanvaarding aan individuele diskresie oorgelaat word – 'n patroon wat ongelyke aanvaarding versterk en die kloof verbreed. Nikolic et al. (2024:72-73) bevestig eweneens dat akademië se bereidheid om GenKI te gebruik direk afhang van die beskikbaarheid van etiese riglyne en

ondersteunende beleid. Institusionele beleide moet nie as beperkende dokumente gesien word nie, maar as bemagtigingsinstrumente: Dit gee personeel die sekerheid om met GenKI te eksperimenteer sonder die vrees dat hulle onbedoeld professionele of akademiese norme oortree.

6.4 *Otonomie en kultuur: die verskil tussen nakoming en integrasie*

Die vrywilligheidsbevinding, die grootste effekgrootte van alle konstrakte ($\epsilon^2 = .183$), bied die mees strategiese les vir institusionele leiers. Personeel in vroeëre aanvaardingsfases ervaar beduidend sterker dat hul GenKI-gebruik nie werklik vrywillig is nie. Dit waarsku dat 'n kultuur van implisiete verwagting en normatiewe druk die teenoorgestelde effek van die beoogde een kan hê: Dit kan personeel aanspoor tot oppervlakkige voldoening, terwyl dit juis die diepgaande, professioneel geïntegreerde aanvaarding ondermyn waarna instellings streef. Rogers (2003) maak dit duidelik dat diffusie oor die aanvaardingskloof nie deur druk verhaas kan word nie, maar deur die skepping van omstandighede waarin die meerderheid op hul eie voorwaardes, met voldoende ondersteuning, tot oortuiging kom. Die institusionele kultuur moet GenKI-gebruik professioneel gewaardeerd én eksperimentierend beleefbaar maak – 'n omgewing waarin dit veilig is om te probeer, te misluk, te leer en te deel, sonder die vrees vir professionele beoordeling.

6.5 *Portuurleer en sosiale normalisering: die brug na die meerderheid*

Sosiale invloed toon 'n beduidende Pearson-korrelasie met gedragsintensie ($r = .365$; $p = .021$), maar differensieer nog nie sterk tussen aanvaardingsfases nie – 'n teken dat sosiale norme rondom GenKI nog in wording is. Juis hierdie onvoltooide normalisering onderlê die aanvaardingskloof: Die meerderheid wag op sigbare, geloofwaardige voorbeelde van kollegas wat GenKI suksesvol en verantwoordelik gebruik in kontekste soortgelyk aan hul eie. Gutiérrez-Leefmans et al. (2026:633) bevestig dat waarneembaarheid en proefneming sleuteldryfvere van KI-aanvaarding onder die meerderheidsgroepe is. Strategiese opsies sluit in: die skep van ruimtes vir kollegiale kennisdeling, die sigbaarmaking van GenKI-gebruik deur akademiese leierskap, die dokumentering en verspreiding van plaaslike suksesgevalle, en die insluiting van GenKI-geletterdheid in formele professionele ontwikkelingsplanne. Hierdie intervensies verhaas nie net aanvaarding nie – hulle bou die sosiale legitimitet wat nodig is om die kloof volhoubaar te oorbrug.

7. **Slotsom en verdere ondersoek**

7.1 *Slotsom*

Hierdie studie het vertrek vanuit 'n eenvoudige maar dringende vraag: Hoe oorbrug 'n instelling die aanvaardingskloof vanaf innoveerders na meerderheid in die gebruik van GenKI? Die bevindinge bied 'n genuanseerde antwoord. Die ingenieursfakulteit het reeds 'n beduidende deel van die kloof oorbrug, die tegnologie is sigbaar, die nut word wyd erken, en die meerderheid gebruik GenKI reeds in een of ander vorm. Maar die data toon ook duidelik dat die kloof nog nie volledig oorbrug is nie. Die meerderheid personeel verkeer nog in 'n eksperimentele of geleentheidgebaseerde betrokkenheid, en die voorwaardes vir selfversekerde, geroetineerde en institusioneel ondersteunde integrasie is nog nie ten volle aanwesig nie.

Die vier konstrakte wat beduidend oor aanvaardingsfases verskil, identifiseer presies die terrein waarop institusionele intervensies die meeste verskil sal maak. Prestasieverwagtinge

verskil nie meer beduidend tussen fases nie, hoewel dit die sterkste voorspeller van gedragsintensie is ($r = .732$; $p < .001$). Die uitdaging is nou operasioneel, professioneel en kultureel. Instellings wat die kloof volledig wil oorbrug, moet konsentreer op die bou van tegniese, organisatoriese en menslike infrastruktuur en kapasiteit, wat volhoubare integrasie moontlik maak, pleks daarvan om net GenKI se nut se beklemtoon.

Hierdie studie dra by tot die literatuur deur GenKI-aanvaarding te herformuleer as 'n institusionele oorgangsvraagstuk eerder as 'n individuele gedragsprobleem, en deur UTAUT en Rogers se DOI-teorie as geïntegreerde diagnostiese beplanningsinstrumente te operasionaliseer. Die kombinasie van hierdie twee raamwerke het dit moontlik gemaak om nie net te meet wáár die fakulteit staan nie, maar ook te verstaan wát die kloof oophou en wát dit sal verg om dit te oorbrug. Die bevindinge resoneer sterk met internasionale navorsing oor GenKI-aanvaarding in hoër onderwys (Granić 2025; Møgelvang et al. 2025; Shata & Hartley 2025; Benayoune et al. 2026) wat die breër toepasbaarheid van hierdie gevallestudie bevestig.

7.2 Beperkings en verdere ondersoek

Die duidelikste beperking van die studie is die monstergrootte: Met 42 bruikbare respondente uit 'n enkele fakulteit is statistiese krag beperk, en die marginale bevinding rakende gedragsintensie ($H(3) = 7,68$; $p = .053$) weerspieël waarskynlik hierdie beperking eerder as 'n werklike nul-effek. Subgroepanalise was nie moontlik nie, en bevindinge kan nie sonder meer veralgemeen word na ander dissiplines, instellings of nasionale kontekste nie.

Ten spyte van hierdie beperkings lewer die studie 'n metodologies betekenisvolle bydrae deur aan te toon dat die UTAUT besonder geskik is as diagnostiese raamwerk vir institusionele implementeringsondersoek, selfs binne 'n relatief klein steekproef. Die gestandaardiseerde konstrakte van die model het dit moontlik gemaak om betekenisvolle differensiasie tussen aanvaardingsfases te identifiseer, terwyl die integrasie van Rogers se DOI-teorie 'n aanvullende interpretatiewe dimensie verskaf het wat suiwer gedragsintensiegebaseerde studies dikwels ontbeer. Die studie illustreer derhalwe dat UTAUT-gebaseerde instrumente nie uitsluitlik tot grootskaalse, statisties kragtige validasie-ontwerpe beperk is nie, maar ook waardevol aangewend kan word vir verkennende, bewysgeïntegreerde institusionele diagnose en beplanning in kleinskaalse kontekste.

Verdere navorsing behoort hierdie bevindinge in groter en meer diverse steekproewe te toets, oor meer fakulteite, instellings en nasionale kontekste heen. Met longitudinale studies kan bepaal word of institusionele intervensies, soos opleiding, beleidsimplementering en portuurleer, werklik oor tyd tot 'n verskuiwing van aanvaarding deur die meerderheid lei. Kwalitatiewe verdieping, byvoorbeeld deur middel van onderhoude of fokusgroepe, kan eweneens bydra tot 'n ryker begrip van die ervarings onderliggend aan die vrywilligheidsbevinding en die ontwikkeling van professionele vertroue. Die insluiting van subgroepveranderlikes, soos akademiese rang, dissiplinêre ligging en jare se ervaring, kan verdere nuansering moontlik maak wat buite die bestek van die huidige studie geval het. Laastens het hierdie studie uitsluitlik op akademië se eie GenKI-gebruik gefokus en nie op hulle rol as opvoeders wat verantwoordelike GenKI-gebruik aan studente moet oordra nie. Dit kan moontlik deel uitmaak van 'n opvolgstudie.

BIBLIOGRAFIE

- Abulail, R.N., Badran, O.N., Shkoukani, M.A. & Omeish, F. 2025. Exploring the factors influencing AI adoption intentions in higher education: an integrated model of DOI, TOE, and TAM. *Computers*, 14,230. <https://doi.org/10.3390/computers14060230>
- Alotaibi, H. & Alayed, A. 2025. Adoption of generative AI in higher education: understanding usage through a technology acceptance model. *International Journal of Advanced and Applied Sciences*, 12(12):31-43. <https://doi.org/10.21833/ijaas.2025.12.004>
- Baig, M.I. & Yadegaridehkordi, E. 2025. Factors influencing academic staff satisfaction and continuous usage of generative artificial intelligence (GenAI) in higher education. *International Journal of Educational Technology in Higher Education*, 22:5. <https://doi.org/10.1186/s41239-025-00506-4>
- Benayoune, A., Slimi, Z. & Al Habsi, A. 2026. Artificial intelligence policy challenges and institutional readiness in Omani higher education. *Discover Education*, 5:86. <https://doi.org/10.1007/s44217-026-01188-4>
- Cabero-Almenara, J., Palacios-Rodríguez, A., Loaiza-Aguirre, M.I. & Andrade-Abarca, P.S. 2024. The impact of pedagogical beliefs on the adoption of generative artificial intelligence in higher education: predictive model from UTAUT2. *Frontiers in Artificial Intelligence*, 7:1497705. <https://doi.org/10.3389/frai.2024.1497705>
- Granić, A. 2025. Emerging drivers of adoption of generative AI technology in education: a review. *Applied Sciences*, 15(13):6968. <https://doi.org/10.3390/app15136968>
- Gutiérrez-Leefmans, M., Picazo-Vela, S. & Kareem, O. 2026. Adoption of artificial intelligence in higher education: a diffusion of innovation approach. *The TQM Journal*, 38(3):633-654. <https://doi.org/10.1108/TQM-12-2024-0523>
- Matos, T., Santos, W., Zdravetski, E., Coelho, P.J., Pires, I.M. & Madeira, F. 2025. A systematic review of artificial intelligence applications in education: emerging trends and challenges. *Decision Analytics Journal*, 15:100571. <https://doi.org/10.1016/j.dajour.2025.100571>
- Møgelvang, A., Cipriani, E. & Grassini, S. 2025. Generative AI in action: acceptance and use among higher education staff pre- and post-training. *Technology, Knowledge and Learning*. <https://doi.org/10.1007/s10758-025-09915-w>
- Nikolic, S., Wentworth, I., Sheridan, L., Moss, S., Duursma, E., Jones, R.A., Ros, M. & Middleton, R. 2024. A systematic literature review of attitudes, intentions and behaviours of teaching academics pertaining to AI and generative AI (GenAI) in higher education: an analysis of GenAI adoption using the UTAUT framework. *Australasian Journal of Educational Technology*, 40(6):56-75. <https://doi.org/10.14742/ajet.9643>
- Noureddine, R., Boote, D. & Campbell, L.O. 2025. Assessing the validity of UTAUT among higher education instructors: a meta-analysis. *Education and Information Technologies*, 30:16687-16719. <https://doi.org/10.1007/s10639-025-13449-0>
- Rogers, E.M. 2003. *Diffusion of innovations*. 5th ed. New York: Free Press.
- Shah, S., Mehta, N. & Sunil, A. 2025. Investigation of e-learning adoption in higher education based on the unified theory of acceptance and use of technology model. *E-Learning and Digital Media*, 22(2):171-192. <https://doi.org/10.1177/20427530241232493>
- Shata, A. & Hartley, K. 2025. Artificial intelligence and communication technologies in academia: faculty perceptions and the adoption of generative AI. *International Journal of Educational Technology in Higher Education*, 22:14. <https://doi.org/10.1186/s41239-025-00511-7>
- Singh, S. & Strzelecki, A. 2026. Academics as adopters of generative AI: an application of diffusion of innovations theory. *Education and Information Technologies*, 31:621-645. <https://doi.org/10.1007/s10639-025-13835-8>
- Venkatesh, V., Morris, M.G., Davis, G.B. & Davis, F.D. 2003. User acceptance of information technology: Toward a unified view. *MIS Quarterly*, 27(3):425-478.
- Venkatesh, V., Thong, J.Y.L. & Xu, X. 2012. Consumer acceptance and use of information technology: extending the unified theory of acceptance and use of technology. *MIS Quarterly*, 36(1):157-178.
- Xue, L., Ghazali, N. & Mahat, J. 2026. A systematic review of UTAUT and UTAUT2 for AI adoption in education. *International Journal of Human-Computer Interaction*, 42(8):5666-5690. <https://doi.org/10.1080/10447318.2025.2552867>
- Xue, L., Rashid, A.M. & Ouyang, S. 2024. The Unified Theory of Acceptance and Use of Technology (UTAUT) in higher education: a systematic review. *SAGE Open*, 14(1):1-22. <https://doi.org/10.1177/21582440241229570>

Kunsmatige intelligensie en die ontwrigting van menswees: 'n Postfenomenologiese ontleding

Artificial intelligence and the disruption of being human: A postphenomenological analysis

KRISTY CLAASSEN

Delft University of Technology
Nederland

E-pos: k.claassen@utwente.nl

ORCID: <https://orcid.org/0000-0001-5162-2529>



Kristy Claassen

KRISTY CLAASSEN het in 2026 in tegniekfilosofie gepromoveer aan die Universiteit Twente in Nederland. Voorheen was sy die houer van 'n volle studiebeurs vir die MSc-program PSTS (*Philosophy of Science, Technology and Society*) aan dieselfde universiteit. Sy is tans 'n postdoktorale navorser aan die Technische Universiteit Delft, en medestigter en -direkteur van 'n Afrika-geïntegreerde adviesmaatskappy vir KI-etiek, EthicEdge.

KRISTY CLAASSEN earned her PhD in Philosophy of Technology from the University of Twente in the Netherlands in 2026. Prior to this, she held a full scholarship for the MSc programme in Philosophy of Science, Technology and Society (PSTS) at the same university. Currently, she is a postdoctoral researcher at the Delft University of Technology (TU Delft) and co-founder and co-director of an Africa-based consulting company specialising in AI ethics, EthicEdge.

ABSTRACT

Artificial intelligence and the disruption of being human: a postphenomenological analysis

This article offers a philosophical analysis of the ways in which artificial intelligence (AI) disrupts the human condition. The article does not limit analysis to institutional or societal consequences, but instead argues that AI constitutes a form of conceptual disruption: It does not merely alter existing practices, but reconfigures the conceptual frameworks through which those practices have historically been understood. The central claim is that AI, and generative AI systems in particular, operate directly on language, knowledge production, and collective meaning-making in ways that demand philosophical attention beyond the merely descriptive.

The article is situated in the philosophy of technology, specifically the postphenomenological trajectory of Don Ihde, extended by Peter-Paul Verbeek and Olya Kudina, among others. Postphenomenology holds that technologies are not neutral instruments but active mediators that shape the ways in which human beings perceive, interpret and inhabit the lifeworld. Ihde's foundational typology of human-technology relations – which encompasses embodiment

Datums:

Ontvang: 2026-04-30

Goedgekeur: 2026-09-17

Gepubliseer: September 2026

relations, hermeneutic relations, alterity relations and background relations – provides an initial orientation. Verbeek extended this typology to include immersion and augmentation relations, and argued that technologies do not merely mediate perception but normativity itself, actively co-constituting the ethical possibilities available in any given context. Kudina's hermeneutic lemniscate further enriches this framework by describing the continuous, bidirectional interpretive dynamic between human beings and technological systems, a dynamic particularly visible in generative AI, where user outputs feed back into the system's evolving register.

A significant limitation of classical postphenomenology, however, is its persistent focus on the individual subject. This article addresses that limitation by drawing on a recent social turn in postphenomenology, as developed by the author, with the argument that the postphenomenological subject is best understood not as an isolated "I" but as an inherently socially situated "We". This move draws on the social phenomenology of Alfred Schutz, who described human experience as structured by a collectively inherited "stock of knowledge at hand", comprising shared meanings and typifying frameworks that guide decision-making by individuals in the lifeworld. Schutz further developed a typology of relevances, distinguishing between thematic, interpretive and motivational cultural structures that orientate attention, interpretation, and action. These structures are not private or individual in origin but are collectively produced and maintained within sociocultural communities. The postphenomenological schema is accordingly reconceived from the individualist I-Technology-World to the socially oriented We-Technology-World. On this account, AI systems do not merely mediate individual experience but reconfigure the collective conditions under which meaning is produced, communicated, and stabilised.

The second major section of the article examines AI's conceptual disruption of language, culture and values. Drawing on Heidegger's proposition that language is not merely a communication tool but indeed the "house of Being", the article argues that any technology that mediates language simultaneously mediates the conditions under which Being itself is disclosed. Large language models (LLMs) do not simply assist communication: they participate in the creation of expressive modes through which meaning is made intelligible, standardising not only how people write but ultimately how they think. Empirical and theoretical research supports the concern that LLMs, trained to reproduce statistical regularities in vast textual corpora, systematically marginalise context-specific, particular and culturally embedded forms of expression. Hannes Bajohr's recent analysis of post-artificial writing demonstrates that machine learning systems decouple writing from situated authorship, redefining meaning in terms of probabilistic pattern recognition rather than lived experience or intentional expression. Cultural nuance, idiomatic depth, metaphorical texture, and poetic particularity are progressively flattened. Rachel Adams has recently further argued that LLMs immunise the hegemony of the English language against deviation, consolidating existing linguistic hierarchies and suppressing the emergence of alternative expressive forms.

This homogenising tendency extends beyond language into aesthetic and epistemic domains. Algorithmic recommendation systems increasingly shape both the production and reception of music, visual culture and narratives, privileging forms that are recognisable, repeatable and compatible with platform logics. The result is what this article, following Rishi Bommasani and colleagues, describes as an "algorithmic monoculture": a condition in which diversity and particularity are not explicitly excluded but are spontaneously marginalised within systems that reward repetition. Dominant cultural forms are entrenched while locally grounded and context-specific expressions are progressively pushed to the margins. This

process is not neutral: The repeating patterns reflect the historical and geopolitical contexts of the data used to train the systems, and in that way reinforce existing cultural and epistemic hierarchies. The epistemic consequences are significant: As AI systems increasingly mediate access to knowledge, they begin to shape the conditions under which knowledge itself is produced and verified, reconfiguring Schutz's typology of relevances on a collective scale.

The final section turns to the possibility of resistance. The article argues, following Foucault, that resistance to universalising and homogenising technological systems cannot take the form of a binary rejection of technology. For Foucault, resistance is never pure or innocent: It bears the marks of that against which it resists, operates from within existing power relations, and uses the resources those relations make available. Authentic resistance against universalising systems must therefore be radically local and particular. Various instances of such resistance "from within" already exist: Lelapa AI, a South African research laboratory, develops language technologies grounded in African contexts and linguistic datasets, including one relating to Afrikaans, actively contesting the cultural and linguistic concentration of dominant AI systems. Further examples are discussed, including community-based cultural and aesthetic production that consciously cultivates forms of expression outside algorithmic norms, and subject-level transformation through which individuals critically engage with the norms, knowledge structures and power dynamics embedded in AI systems. From a social postphenomenological perspective, resistance can therefore be understood as a reconfiguration of relevance structures: intervening in the processes by which AI systems determine what becomes salient, how these processes are interpreted, and what counts as meaningful knowledge. Such resistance practices do not reject technological mediation, but seek to reshape it in ways that reopen the spaces of plurality.

The article concludes that the disruption caused by AI is not incidental but intrinsic to the operational logic of its systems. By privileging the statistically dominant, the repeatable and the ostensibly homogeneous, AI systems reconfigure shared meaning structures in ways that reward convergence and penalise difference. What is at stake is not merely the diminution of cultural diversity but the erosion of the conditions under which plurality, particularity and difference can appear in the world at all.

KEYWORDS: artificial intelligence (AI); algorithmic monoculture; conceptual disruption; conceptual reconfiguration; GPT-NL; Foucault's resistance "from within"; large language models (LLMs); Lelapa AI; machine learning systems; mediation theory; philosophy of technology; postphenomenology; Alfred Schutz; stock of knowledge at hand; post-artificial writing

TREFWOORDE: algoritmiese monokultuur; bemiddelingsteorie; Foucault se verset "van binne"; GPT-NL; groot taalmodelle (GTM'e); konseptuele omvorming; konseptuele ontwrigting; kunsmatige intelligensie (KI); Lelapa AI; masjienleerstelsels; postfenomenologie; postkunsmatige skryfhandelinge; Alfred Schutz; tegniekfilosofie; kennisvoorraad ter hand

OPSOMMING

Hierdie artikel bied 'n filosofiese ontleding van die wyses waarop kunsmatige intelligensie (KI) die menslike toestand ontwig, en bied nie net 'n beperkte fokus op slegs die institusionele gevolge van hierdie ontwrigting nie, maar voer aan dat KI 'n vorm van *konseptuele* ontwrigting is wat die gevestigde historiese en hermeneutiese raamwerke waarvolgens menswees eens

verstaan is, omvorm en uiteindelik ondermyn. Die artikel is geposisioneer binne die postfenomenologiese trajek van Don Ihde en sy onmiddellike eksponent Peter-Paul Verbeek, waarvolgens tegnologiese nie verstaan word as neutrale instrumente nie, maar as bemiddelaars wat die wyse waarop die leefwêreld verskyn, aktief slyp en vorm. Hierdie artikel verruim dié sentrale vertrekpunt in postfenomenologie deur in navolging van die sosiale fenomenologie van Alfred Schutz te fokus op nie alleen die individuele subjek nie, maar op die maatskaplike dimensie van sodanige bemiddeling. Met verwysing na die homogeniserende invloed van KI op taal, kultuur en estetika bied die artikel 'n kritiese blik op 'n leefwêreld waarin algoritmies herhaalbare patrone bevoordeel word ten koste van kultuurspesifieke, idiomatiese en partikuliere werklikhede. In aansluiting by Foucault word die artikel afgesluit met 'n ondersoek na die moontlikheid van verzet teen KI, naamlik “van binne”: Dit sluit vorme van weerstandigheid in wat uitgaan van die partikulier-plaaslike en gesitueerde, sonder om voor te gee dat dit deur die tegnologie onaangeraak staan, om daarmee minstens die totaliserende, universaliserende en hegemoniese eienskappe van die tegnologie te onderbreek.

1. Inleiding: Ontwrigting as filosofiese probleemstelling

Kunsmatige intelligensie (KI) kan filosofies-eties beskryf word as 'n ontlukende of opkomende tegnologie wat gevestigde konsepte, praktyke en waardes ontwrig. Die begrip *ontwrigting* word in hierdie konteks polemies gebruik: KI ontwrig onder meer ontwikkeling, vorming, opvoeding, onderwys en taal (en juis besondere tale), en daarom uiteindelik menswees as sodanig. In hierdie artikel word gevolglik betoog dat die ontwrigting wat KI teweegbring, nie alleen op maatskaplike of institusionele vlak voltrek word nie, maar dat dié opkomende tegnologie die mees basiese en wesenlike konsepte waardeur menswees ook eietyds verstaan en begrend word, ontwrig. Presies wat word egter inhoudelik ontwrig, hoe geskied hierdie ontwrigting, en wat is die risiko's¹ verbonde aan hierdie ontwrigting? Hierdie vrae staan steeds grootliks onbeantwoord binne die raamwerk van die eietydse tegniefilosofie.²

Om die begrip *ontwrigting* as 'n filosofiese probleem op te stel vra in die tegniefilosofiese konteks na 'n verdiepende verskuiwing vanaf die beskrywende gebruik van die begrip na 'n herkenning van die bemiddelende gebruik daarvan. In tegniefilosofie, juis in die konteks van

¹ Oor risikobepaling in tegniefilosofie, sien Claassen (2021:64-66).

² Tegniefilosofie kan beskryf word as die eietydse filosofiese deeldisipline wat sowel tegnologie (dit wil sê die manipulerings van die natuurlike en kulturele werklikheid deur mensgemaakte meganismes) as die maatskaplike en etiese gevolge daarvan ontleed, ten einde by te dra tot 'n bepaalde samelewing se selfverstaan binne 'n bepaalde tydsgewrig en kulturele konteks. Tegniefilosofie is 'n betreklik jong ontwikkeling in die toenemend hegte verhouding tussen kontinentale filosofie en analitiese filosofie. Publikasies word daarom op enkele uitsonderings na slegs in Engels gelewer, ongeag die nasionaliteit van die skrywer. Die vakterminologie in Afrikaans is om hierdie twee redes beperk. Hierdie artikel wil 'n beskeie bydrae tot die voortgaande ontwikkeling van 'n tegniefilosofiese register in Afrikaans maak, met onder meer die volgende vertalings en toepassings daarvan: algoritmiese monokultuur (*algorithmic monoculture*), bemiddeling (*mediation*), bemiddelingsteorie (*mediation theory*), ontwrigting (*disruption*), konseptuele ontwrigting (*conceptual disruption*), konseptuele omvorming (*conceptual reconfiguration*), opkomende tegnologieë (*emerging technologies*), indompelingsrelasies (*immersion relations*), kennisvoorraad ter hand (*stock of knowledge at hand*), tipologie van tersaaklikhede (*typology of relevances*), en postkunsmatige skryfhandelinge (*post-artificial writing*).

postfenomenologie³, word tegnologieë nie verstaan as saaklike en onpartydige instrumente, meganismes of apparatuur nie, maar as bemiddelaars wat die wyse waarop die leefwêreld verskyn en die wyse waarop mense hulleself binne daardie leefwêreld verstaan, aktief slyp en vorm. Tegnologieë is dus nie bloot nuttige voorhande meganismes nie, maar bemiddelaars: Tegnologieë bemiddel die werklikheid (Verbeek 2005:3). *Ontwrigting* moet gevolglik nie verstaan word as 'n uitwendige ingreep wat op bestaande inwendige waardes en praktyke afgedwing word nie, maar as 'n diepgaande *omvorming* van die voorwaardes wat betekenisgewing en handeling binne die leefwêreld moontlik maak. KI, selfs in die steeds jong fase van hierdie opkomende maar duidelik reeds imperialistiese tegnologie, radikaliseer hierdie ontwrigtende dinamika. As 'n tegnologie wat funksioneer deur middel van taal, (self) genoegsame voorstellinge en toenemend outonome (self)skeppinge, verstuur KI nie bloot bestaande semantiese domeine nie, maar ontwrig *en* omvorm dit die konseptuele raamwerke waarbinne daardie domeine eens vertrouwd begrond is.

Dié radikaliserende en ontwrigtende potensiaal van KI roep 'n duidelike filosofiese probleemstelling op: Watter gevolge hou dit in wanneer 'n tegnologie nie alleen praktyke ontwrig nie, maar juis ook die konsepte waarvolgens hierdie praktyke eens verstaan is? In stede van aksentplasing op die uitsluitlik institusionele gevolge van hierdie ontwrigting, hanteer hierdie artikel ontwrigting as 'n vorm van *konseptuele omvorming*.⁴ Konsepte soos outeurskap, oorspronklikheid, skeppingskrag, kennisverwerwing, interpretasie en die hermeneutiese opgaaf van verstaan self, is nie statiese of ahistoriese gegewens nie, maar verskyn in altyd histories bepaalde en tegnologieë reeds bemiddelde kontekste. Wanneer KI meewerk (en uiteindelik selfstandig werk) aan die produksie van taal, beeldvorming en redevoering of diskoers, wysig die tegnologie nie bloot bestaande uitsette nie: Dit *omvorm* die verstaanshorisonne waarbinne die konsepte betekenis (kan) verkry. In hierdie omvormende sin funksioneer konseptuele ontwrigting hermeneuties op die fundamentele verstaansvlakke van interpretasie, spraak en kennisverwerwing.

Hierdie konseptuele ontwrigting en omvorming is nie gelykmatig, eenvormig of opsigtelik totaliserend nie. Dit verskyn oneweredig, subtiel, wydverspreid en ingebed in juis alledaagse

³ Ter wille van onmiddellike oriëntasie (sien ook afdeling 2): Postfenomenologie in tegniekfilosofie moet nie verwar word met allerlei post-Husserliaanse ontwikkelinge in kontinentale filosofie nie (byvoorbeeld poststrukturalisme, postindustrialisme en postmoderniteit). In tegniekfilosofie is die sentrale postfenomenologiese aanspraak dat die mens ontologies verbonde is aan en trouens verknop is met tegnologie. Die rigiede subjek-objek-dichotomie in klassieke Cartesianisme word hiermee ondermyn. Die postfenomenologiese subjek word medegekonstitueer deur tegnologie en is onbedinkbaar by afwesigheid van die subjek se verhouding met die leefwêreld van artefakte (Ihde, 1990:1). Tegnologieë is dus nie terloopse alleenstanders tussen die subjek en die leefwêreld nie, maar is subjek-objek-bemiddelaars in en van die geleefde werklikheid. Die sogenaamde empiriese wending (*empirical turn*) in tegniekfilosofie sedert die 1990's het filosofie soos Don Ihde, Hans Achterhuis (sien 2001 [ed.]), Peter-Paul Verbeek (2005, 2008, 2011) en Philip Brey (2010) in staat gestel om breër na te dink oor die wyse waarop materiële artefakte die mens se ervaring en waarneming van die leefwêreld bepaal. Hierdie artikel is geposisioneer binne die raamwerk van hierdie wending (vgl. Claassen 2024:749-750).

⁴ Konseptuele omvorming (*conceptual reconfiguration*) is 'n deel van konseptuele ontwrigting (*conceptual disruption*) in die etiek van tegniekfilosofie en het oor die afgelope ses jaar ontwikkel binne die raamwerk van die ESDiT-konsortium (ESDiT: *Ethics of Socially Disruptive Technologies*) in Nederland onder leiding van Philip Brey, met onder andere Joel Anderson, Julia Hermann, Jeroen Hopster, Wijnand IJsselstein, Olya Kudina, Ibo van der Poel en Sabine Roeser as prominente medewerkers.

praktyke. Dit behoort dus ontleed te word aan die hand van die grensverskuiwing in eietydse tegniekfilosofie vanaf die meesternarratiewe van tegnologiese determinisme na ontledings van gesitueerde bemiddeling. Postfenomenologie lewer in hierdie verband 'n onderskeidende bydrae, aangesien dit 'n mens in staat stel om na te speur juis hóé tegnologieë verhoudinge tussen mense onderling en tussen mense en hulle leefwêreld bemiddelend vorm en omvorm: persepsiologies (wat mense waarneem), interpretatief (wat mense op grond van hulle waarnemings verstaan) en maatskaplik (hoe die omvormde waarnemings en interpretasies in die samelewing self neerslag vind). Tegnologieë laat waarnemings, interpretasies en die samelewing nie onaangeraak nie. KI is in hierdie opsig 'n superlatief – dit omvorm alles in die oortreffende trap.

Hierdie artikel verruim bostaande wins wat postfenomenologie meebring deur die kollektiewe dimensie van hierdie omvorming op die voorgrond te plaas. Indien menslike ervaring altyd reeds en by voorbaat maatskaplik ingebed is, moet die ontwigting wat deur KI teweeggebring word, verstaan word as ook 'n ontwigting van die kollektiewe voorwaardes wat geld vir gedeelde en volhoubare betekenisgewing in en aan die maatskaplike leefwêreld self. Dit sluit die politieke sfeer in: Indien KI die konseptuele raamwerke omvorm waardeur mense hulleself verstaan, neem dit ineens deel aan die strukturering van mense se lewens, identiteite en uitdrukkingswaardes; kortom, aan dit wat maatskaplik waardevol geag kan word. In hierdie sin gaan ontwigting veel verder as ingrypende verandering: Omdat dit bemiddelend *omvorm*, gaan dit oor mag. Dit roep prosessuele vrae op oor wie se konsepte (profytlik) nouliks ontwig word, wie se konsepte “nekropolities” (Mbembe 2003:11-12) gemarginaliseer word en hoe hierdie prosesse in globale tegnologiese infrastrukture ontvou. Die taak van tegniekfilosofie is daarom nie om konseptuele ontwigting bloot te beskryf nie, maar om die aanleidende faktore, binnewerkinge en gevolge daarvan krities te ondervra.

Onderstaande ontleding ontvou driedelig: Eerstens, met postfenomenologie as geleier, word aangedui hoe KI mens-wêreld-verhoudinge bemiddel, met inbegrip van die onafwendbaar relasionele aard van kollektiewe ervarings. Tweedens word aangedui hoe KI die kollektief ontwig en omvorm deur die partikulariteit van taal, kultuur en waardestelsels te homogeniseer. Derdens, juis omdat KI uiteindelik ten diepste oor *mag* gaan, word gevra na die moontlikheid van verset. Sou vorme van verset wat uitgaan van die partikulier plaaslike en gesitueerde, sonder om voor te gee dat dit deur hierdie tegnologie onaangeraak is, minstens die skynbaar universalistiese en ongetwyfeld homogeniserende en hegemoniese eienskappe daarvan kon onderbreek?

2. Postfenomenologie, KI en die ontwigting van die maatskaplike

Postfenomenologie het oor die afgelope drie dekades ontwikkel as 'n prominente denkrigting in tegniekfilosofie wat die wyse ondersoek waarop tegnologieë menslike ervaring bemiddel. Op die spore van Husserl, Heidegger en Merleau-Ponty betoog Don Ihde (1990, 2016) dat tegnologieë nie neutrale en belangelose instrumente is nie, maar aktief die wyse vorm waarop die leefwêreld waargeneem, vertolk en uiteindelik beleef word. Hierdie uitgangspunt word uiteengesit in sy vierledige tipologie van mens-tegnologie-relasies. Eerstens, in *beliggaamde* relasies word tegnologieë soos 'n bril, 'n blinde persoon se wit kerie of 'n gehoorapparaat ervaringsinstrumente omdat dit waarneming in die wêreld moontlik maak. Tweedens, in *hermeneutiese* relasies bied tegnologieë soos termometers, paneelborde of KI-ontwerpte tekste of grafika voorstelling aan wat geïnterpreteer moet word – die voorstelling, soos die stygende kwik in 'n termometer, beteken niks as dit nie geïnterpreteer word nie. Derdens, in *andersheids-*

relasies verskyn tegnologieë as kwasi-Andere waarmee voortdurend gesprek gevoer word (asof hulle inderdaad mense is), byvoorbeeld geldoutomate, kletsbotte (*chatbots*) en stemassistente (*voice assistants*). Vierdens, in *agtergrondsrelasies* funksioneer tegnologieë op die grense van die ervaring en vorm die omgewing sonder direkte en konstante menslike interaksie, byvoorbeeld lugverkoelingstelsels, WiFi en algoritmiese dieptestrukture. Ihde se vierledige tipologie dui aan dat tegnologieë nie bloot menslike handeling ondersteun nie, maar medeskeppers is van die voorwaardes vir waarneming en betekenisgewing in die leefwêreld.

Opvolgende ontwikkelinge in postfenomenologie het Ihde se tipologie beduidend verruim. Peter-Paul Verbeek⁵ het talle bykomende tipologiese relasies by dié van Ihde gevoeg, waaronder die status van die *cyborg* of masjienmens (vergelyk breinimplantate en prosteses), indompelingsrelasies (*immersion relations*), waar tegnologie 'n interaktiewe konteks fasiliteer (byvoorbeeld in slimhuistegnologie), en aanvullende (*augmentation*) relasies, waar 'n tegnologie die menslike ervaring nie alleen bemiddel nie, maar verander (byvoorbeeld die [uitdiensgestelde] Google-bril). Daarby betoog Verbeek deurlopend (2005, 2008, 2011) dat tegnologieë nie alleen waarneming bemiddel nie, maar ook normatiwiteit: Tegnologieë kan handelingsmoontlikhede verwesenlik deurdat alledaagse gebeure binne voorafbepaalde betekenisraamwerke gesitueer word, en so die aard van die etiese besluitneming wat daarop volg, minstens medebepaal. Ultraklank in die verloskunde is 'n goeie voorbeeld: Deur die ontwikkeling van die fetus sigbaar te maak, transformeer die tegnologie die morele landskap wat die toekoms van die swangerskap bepaal (sien Verbeek, 2008). Tegnologieë neem aktief deel aan die skep van etiese moontlikhede en kan nie beskou word as bloot nuttige instrumente ten dienste van voorafbepaalde morele raamwerke nie.

Olya Kudina (2023) verbreed Ihde en Verbeek se tipologieë met die ontwikkeling van die hermeneutiese lemniskaat.⁶ Kudina beklemtoon 'n ononderbroke en veelkantige wisselwerking, of morele hermeneutiek, tussen mens en tegnologie in stede van 'n eenrigtingsperspektief waarin 'n subjek 'n tegnologiese voorstelling in die wêreld eensydig interpreteer. Binne hierdie sikliese proses word interpretasies van tegnologieë gevorm en telkens hervorm deur konstante wisselwerking met die betrokke tegnologieë, wat dan 'n dinamiese medebetrokkenheid van betekenisgewing konstitueer. Die hermeneutiese dinamika van die lemniskaat blyk juis duidelik in generatiewe KI, waarin 'n gebruiker die KI se uitsette nie bloot lees nie, maar vertolkend daarop antwoord: Die vertolkte antwoord word self weer in die KI se altyd onvoltooide register opgeneem (en kan daarna in gewysigde vorm weer deur dieselfde of 'n ander gebruiker geraadpleeg word, en daarna weer en weer).

Die drastiese opkoms van KI, en generatiewe KI in die besonder, oor die afgelope vyf jaar het hernieude belangstelling in postfenomenologiese ontledings ontlok (vgl. Hongladarom en Van der Vaeren, 2024; Wellner en Levin, 2025). KI-stelsels bemiddel nie alleen waarneming en handeling nie, maar toenemend ook taalontwikkeling, kennisverwerwing en die inderdaad onbegrensde wyses van voorstelling of representasie as sodanig. Hierdie vermoë roep vrae op oor die aard van die tegnologiese verhouding wat KI daarstel, en of bostaande tipologieë genoegsame aanduiding van die gevolge daarvan kan gee.

⁵ Prof. dr. ir. Peter-Paul Verbeek (1970-) is uitnemende professor (*universiteitshoogleraar*) in tegniekfilosofie aan die Universiteit Twente en was *rector magnificus* van die Universiteit van Amsterdam vanaf Oktober 2022 tot Mei 2026. Hy was ook medepromotor van die skrywer se proefskrif in tegniekfilosofie (Claassen, 2026).

⁶ Oneindigheidssteken ∞ .

Nietemin is daar 'n selfs groter uitdaging, naamlik 'n antwoord op die vraag na die *maatskaplike* uitwerking van KI. Klassieke of eerste generasie-postfenomenologie (dus dié van Ihde en sy vroeë eksponente), geskematiseer as 'n "*I-Technology-World*"-verhouding, is met goeie rede gekritiseer omdat dit nie genoegsaam rekenskap gee van die maatskaplike, kulturele en politieke kontekste waarin tegnologiese bemiddeling plaasvind nie. Alhoewel postfenomenologie strykdeur beklemtoon dat tegnologiese kultureel ingebed is, was die analitiese fokus altyd op die individuele subjek.

Hierdie tekortkoming in die andersins weerstandige mondering van postfenomenologie is onlangs aangepak met wat as 'n *maatskaplike wending* in postfenomenologie beskryf kan word. In *There is no "I" in Postphenomenology* (Claassen, 2024) word betoog dat die postfenomenologiese subjek nie ten beste verstaan kan word as 'n geïsoleerde "Ek" nie, maar as wesenlik maatskaplik gesitueerd; daarom 'n kollektiewe "Ons". Hierdie maatskaplike klemtoon vind ondersteuning in die unieke sosiale fenomenologie van Alfred Schutz⁷ (1967). Volgens Schutz word menslike ervaring gestruktureer as "kennisvoorraad ter hand" (*stock of knowledge at hand*), 'n kollektief en maatskaplik oorgeërfde versameling van betekenis en tiperende raamwerke wat die wyse waarop individue besluite in die leefwêreld neem, rig en selfs bepaal. Schutz ontwikkel daarby 'n "tipologie van tersaaklikhede" (*typology of relevances*), waarmee hy onderskei tussen *tematiese*, *hermeneutiese* en *motiverende* kultuurstrukture wat aandag, interpretasie en handeling opeis. Hierdie kultuurstrukture is juis nie privaat of individueel van oorsprong nie, maar word kollektief vervaardig en gehandhaaf binne sosiokulturele groeperinge.

Tegnologiese bemiddeling behoort ná Schutz se benoeming binne die konteks van hierdie gedeelde betekenisstrukture verstaan te word. Individue kom tegnologiese nie teë as onverbonde gebruikers nie, maar as gemeenskapswesens wie se waarnemings en interpretasies altyd gevorm word deur en reeds ingebed is in gedeelde geskiedenis (of minstens 'n gedeelde geskiedenis-verstaan), praktyke en verwagtinge. Hierdie relasionele insig maak 'n konseptuele omvorming moontlik van die aanvanklike individualistiese postfenomenologiese skema "*I-Technology-World*" na 'n maatskappygerigte "*We-Technology-World*" (sien Claassen, 2024). Tegnologiese bemiddel nie alleen individuele ervaring nie, maar die kollektiewe voorwaardes waarop betekenis geproduseer, gekommunikeer en gestabiliseer word. Die maatskaplike sfeer is dus nie 'n uitwendige konteks wat by tegnologiese relasies gevoeg word nie, maar skep daardie relasies of maak dit moontlik.

Hierdie verskuiwing vanaf die individuele *Ek* na die maatskaplike *Ons* hou betekenisvolle gevolge vir 'n filosofiese verstaan van KI in. Anders as selfs direk voorafgaande tegnologiese funksioneer KI-stelsels regstreeks op die vlakke van taal, voorstelling en kennisproduksie. As sodanig breek hierdie stelsels reguit deur na wat Schutz die "kennisvoorraad ter hand" en die "tipologie van tersaaklikhede"⁸ noem. KI-stelsels oefen naamlik 'n invloed uit op dit wat geprioritiseer word (tematiese relevansie), op hoe hierdie merkers geïnterpreteer word (hermeneutiese relevansie) en op watter handelinge (eties, prakties, en so meer) daarop sou

⁷ Alfred Schütz (1899-1959), oorspronklik van Wene, was tydens die Eerste Wêreldoorlog 'n Oostenrykse leëroffisier. Hy verander sy van na Schutz kort nadat hy in 1933 weens die Nazi-bedreiging na New York vlug en daar tot 'n gesiene bankmagnaat ontwikkel, terwyl hy terselfdertyd sy werksaamhede in sosiologie en fenomenologie voortsit. Husserl self het sardonies na Schutz verwys as "bedags bankier, snags filosoof" (Barber 2023:1).

⁸ Vergelyk De Boer (2022) se gebruik van 'n tipologie van tersaaklikhede om selfmoniteringstegnologiese postfenomenologies te ontleed.

moes volg (motiverende relevansie). As sodanig bemiddel KI-stelsels nie bloot die individuele beleving van die leefwêreld nie, maar vorm dit die kollektiewe betekenisraamwerke waardeur die werklikheid op deelnemende en aktiewe wyse verstaan word.

Die ontwrigting wat deur KI veroorsaak word, moet gevolglik as 'n ontwrigting van die maatskaplike sfeer as sodanig verstaan word. Indien menslike ervaring altyd en by voorbaat maatskaplik gevorm en bepaal word, sou verandering in tegnologiese bemiddeling nie alleen individue raak nie, maar ook die gedeelde voorwaardes waarop gemeenskappe betekenisgewing, kultuurskepping en kennisverwerwing handhaaf. KI-stelsels word opgelei deur grootskaaldatastelsels wat op hoë uitsonderinge na geografies gesentreer en kultureel gekonsentreer is. Daarom stel hierdie stelsels bemiddelingsvorme bekend wat nie noodwendig versoenbaar is met plaaslike kontekste nie. Gevolglik word kollektiewe verstaanshorisonne waarmee betekenisgewing binne partikuliere kontekste beding word, konseptueel omvorm op subtiële maar verreikende wyses.

In hierdie opsig intensiveer KI 'n sentrale insig en aanspraak van postfenomenologie: Tegnologieë bemiddel en medebepaal hoe die leefwêreld (en inderdaad *watter* leefwêreld) verskyn en hoe mense hulleself binne daardie wêreld(e) verstaan. Beskou deur 'n sosiaal-postfenomenologiese lens is hierdie bemiddeling nie meer gegrondves op die vlak van die individuele subjek nie, maar van die kollektiewe. Die ontwrigting wat deur KI veroorsaak word, is dus nie bloot persepsiologies of epistemies nie, maar fundamenteel intersubjektief. Hierdie ontwrigting het regstreeks belang by die omvorming van die gedeelde voorwaardes waaronder 'n "Ons" kan verskyn, 'n "Ek" kan terugtree, en beide gehandhaaf kan word.

3. KI en die ontwrigting van taal en kultuur

KI breek nie lukraak deur na geïsoleerde domeine van menslike handeling nie. Die tegnologie bemiddel toenemend die kollektiewe voorwaardes waarop betekenis, uitdrukking of artikulering en verstaan *as sodanig* moontlik is. Op die spel is dus nie alleen die verandering van bepaalde praktyke nie, maar die omvorming van, soos Gadamer (2010 [1960]) dit sou stel, mense se gedeelde verstaanshorisonne. Vanuit 'n sosiaal-postfenomenologiese perspektief kom dit neer op 'n ontwrigting van meer as individuele ervaring, naamlik die kollektiewe strukture aan die hand waarvan relevansie, interpretasie en betekenis tot uitdrukking gebring word. KI neem nie bloot deel aan hierdie strukture nie: Dit organiseer en bestendig hierdie strukture toenemend op 'n wyse wat die veelheid van moontlikhede in enige strukturele konteks eerder verskraal as verruim.

Hierdie tegelyk imperialistiese en reduserende vermoë van KI blyk besonder duidelik in die taaldomein. Indien Martin Heidegger (1971:5) in *Unterwegs zur Sprache* dit reg het dat taal nie bloot 'n kommunikasiemiddel is nie, maar inderdaad die "huis van die Syn" is, moet dit volg dat enige tegnologie wat taal bemiddel, ineens ook die voorwaardes bemiddel waarop Syn – om in die wêreld te wees – ontsluit word. Taal bestaan nie bloot ter wille van pragmatiese nut nie: Taal is die tuiste waarin ons begin, dwaal, verken, leef, eindig. KI, en groot taalmodelle (GTM'e, *Large Language Models*, *LLMs*) in die besonder, dring die taaldomein egter regstreeks binne. Hierdie modelle help nie bloot doeltreffende kommunikasie aan nie: Hulle neem deel aan die skepping van uitdrukkingswyses waarvolgens betekenis verstaanbaar gemaak kan word. Hulle standaardiseer nie alleen hoe ons skryf nie, maar uiteindelik hoe ons dink en sinvol probeer praat.

Sowel empiriese as teoretiese navorsing ondersteun die ernstige kommer wat talle tegniefilosowe hieroor begin uitspreek. GTM'e word opgelei om statistiese herhalings binne

enorme teksversamelings te reproduseer en voorrang te verleen aan dominante linguistiese patrone, terwyl minder prominente, konteksspesifieke en partikuliere uitdrukkings onderspeel of heeltemal buite rekening gelaat word. Gevolglik vertoon GTM-uitsette stilistiese oorvleuelings, selfs wanneer die model gevra word om verskeidenheid en kontingensie of toevallighede in aanmerking te neem (sien Chayka, 2024). Hierdie oorvleuelings sny dieper as die oppervlak. Na gelang die stelsels ingebed (en toenemend bevoeg) raak in alledaagse skryfpraktyke, van persoonlike korrespondensie tot joernalistiek tot amptelike dokument-opstelling, omvorm hierdie stelsels hoe (’n) taal ontwikkel (of nie) en bevorder soortgenootlikhede wat individuele en kulturele uniekheid of, filosofies gesproke, partikulariteit verduister. Wat teruggebring word na die oppervlak, is nie bloot die verlies aan diversiteit van uitdrukkingsmoontlikhede nie, maar ’n drastiese verskraling van die konseptuele ruimte waarin denke self ontvou.

Dit is presies hierdie verskraling wat Bajohr (2023) onder woorde bring in sy oorsig oor die opkoms van “postkunsmatige skryfhandelinge” (*post-artificial writing*). Bajohr betoog dat masjienleerstelsels (*machine learning systems*, MLS’e) nie betekenis ontwikkel in die gangbare sin van skeppende taalgebruik in ontmoeting met die leefwêreld nie, maar deur die voortdurende rekombinasie van sintaktiese en semantiese patrone in *bestaande tekste*. Taal word in die konteks van MLS’e ontdaan van gesitueerde en outentieke outeurskap en eenvoudig gedefinieer aan die hand van die statistiese herhaalbaarheid daarvan. Onder die regime van MLS’e word betekenis nie meer begroot in die geleefde ervaring of intensionele uitdrukking nie, maar in waarskynlikheidsbepalings vanuit bestaande linguistiese bronne. Die skryfhandeling word al hoe minder ’n artikuleringshandeling en al hoe meer ’n produk van prosesgedrewe patroonkeuses. Hierdie wesenlike verandering in die skryfhandeling ontwrig die vroeëre onderskeid tussen die menslike en die masjienmatige: nie omdat masjiene geleer het om taal te verstaan nie, maar omdat die outentiek menslike handeling van skryf konseptueel drasties deur masjiene omvorm is.

Die gevolge is verreikend. Kulturele nuanses, idiosinkrasieë, metaforiese skakering, poëtiese diepgang en konteksspesifieke betekenis word nie alleen verskraal nie, maar grootliks opgehef (sien Agarwal *et al.*, 2025). Die idiomatiese word resloos opgeneem in die algoritmiese. Rettberg (2025) dui daarby aan dat eietydse verhalende literatuur, joernalistiek, beleidsdokumente en selfs selfrefleksiewe tekste soos dagboekinskrywings in sowel die gepubliseerde kringloop as die ongepubliseerde private ruimte toenemend konformeer aan die dwang van herkenbaarheid en herhaalbare patrone. Daarby wys Azizov (2024) daarop dat die grootste uitdaging vir KI-stelsels juis is om idiomatiese taalgebruik te interpreteer, met klem daarop dat betekenis nie gereduseer kan word tot sintaksis nie, maar altyd ingebed is in gedeelde maatskaplike kennis en ’n aanvoeling vir kollektiewe historisiteit – kortom, in Schutz se “kennisvoorraad ter hand”. Ten einde betekenis te ontgin maak moedertaalsprekers staat op kollektiewe herinnering en die geleefde ervaring – ’n vermoë wat (tans nog) vir KI-stelsels grootliks ontoeganklik blyk te wees. Adams (2024:149) het onlangs betoog dat GTM’e nie alleen die verskyning van nuwe uitdrukkingsvorme onderdruk nie, maar ook die hegemonie van die Engelse taal immuniseer teen enige afwyking van die homogene en daarmee die belange van bestaande (grootliks Amerikaans-Engelse) linguistiese hiërargieë bevorder.

Hierdie immunisering strek wyer as die taaldomein tot reg in die hart van partikuliere kulture, met verwysing na estetika en skeppende selfbegrip. KI bemiddel nie alleen linguistiese uitdrukkingswyse nie, maar herorganiseer die voorwaardes waarop spontane kreatiwiteit en kunstigheid gestalte kan kry. Algoritmiese aanbevelingstelsels slyp byvoorbeeld toenemend sowel die produksie as die resepsie van musikale uitsette: Pelly (2018) noem hierdie digitale

platformvoorkeure pront “streambait pop”, kenmerkend van ’n “totaliserende Spotify-genre”: Net soos die eenrigtingperspektief en bederfddinamika van klik-aas (“clickbait”) het die aandagseksonomie wat hierdie “kuns” finansiële ondersteun, slegs een oogmerk, naamlik die skepping van ’n homogene luisterpubliek wat nog slegs aangespreek word deur tipiese middeltempopatrone en affektief neutrale musiekpatrone wat ontwerp is om optimaal in die algoritmiese logika van die digitale platform te pas. Die algoritme self het net een doel, naamlik die eindelose herhaling van die musikaal homogene en voorspelbare, sonder toeweging aan die idiosinkratiese, maar, belangrik, sonder dat dit as herhalend opval. Alles *klink* dus *bykans* dieselfde. Die chaos wat die geboorte van die dansende ster eens moontlik gemaak het, moet nou plek maak vir die ordelike kitskuns wat deur algoritmiese kriteria gebied word. Hierdie platforms ontgin waarde uit menslike skeppingsarbeid deur die homogeniserende herverpakking van gevestigde stilistiese musiekpatrone, weer met net een oogmerk, naamlik die optimalisering van kommersiële volhoubaarheid (sien Morreale, 2021).

Gegewe die laat-kapitalistiese winsbejag onderliggend daaraan, bring KI reeds mee dat hierdie globale verarming ook na plaaslike kontekste deursypel. Dit gebeur ongelukkig ook reeds in Afrikaans: Met die verskyning van “kunstenaars” soos Jakkals Vibes kan individue, ná ’n vanselfsprekende en voorafbetaalde KI-intekening, selfgeskrewe lirieke met behulp van KI-ontwerpte ritmes, KI-ondersteunde musiekverwerking en KI-klankingenieurswerk die “produk” vir die “ope mark” aanbied (natuurlik sou KI geen probleem ondervind om ook enige lirieke op te tower as die vraag en aanbod dit regverdig nie). Afgesien van ooglopende gevolge vir die handhawing van outeursreg, kan musiekpraktyke wat deur KI voortgebring is, op geen wyse as innoverend of oorspronklik beskou word nie. Trouens, dit opper juis vrae oor KI se drastiese verswakking van outeurskap en kunstenaarskap. Die “produk” is immers nie *ex nihilo* geskep nie, maar berus op kombinasies en rekombinasies van reeds bestaande materiaal in ’n verskeidenheid van gedigitaliseerde formate. Kreatiewe uitdrukking raak verknoop, en word verwar, met optimale digitale onttrekkingsprosesse. Die kollektiewe kultuurgeheue word meedoënloos winsgewend omvorm tot ’n “produk”. In hierdie opsig weerspieël KI-bemiddelde kreatiwiteit ’n fundamentele verskuiwing van kunssinnige ingebedheid in die leefwêreld na blote voorstellingsmoontlikhede binne die raamwerk van statistiese gestruktureerde datastelsels.

Ook die beeldkultuur ontkom nie aan hierdie digitale, laat-kapitalistiese afwysing van uniekheid nie. Algoritmiese stelsels bevorder en verleen ook voorkeur aan estetiese vorme wat onmiddellik herkenbaar, herhaalbaar en oënskynlik neutraal is (Rettberg, 2025:233). Die resultaat is ’n byeenbring van visuele stilistiese moontlikhede oor wye geografiese en kultuurterreine heen, waar voorstelbaarheid nogeens moet toegee aan die voorgeskrewe digitale platformlogika. Alles *lyk* dus *bykans* dieselfde, van nuwe koffiewinkels tot nuwe woonbuurte of nuwe treinstasies. Dié visuele gelykmaking van algemeen wêreldse dinge dui inderdaad op niks anders nie as ’n “tirannie van die algoritme” (Kickert 2026). Die opkoms van homogene visuele ideaaltipes, soos die “Instagram-gegis” (Tolentino 2019), dui nie op estetiese voorkeure nie, maar op die bestendinging van algoritmies bepaalde voorkomsnorme, gebaseer op oorheersende (en beheersende) kultuurstandaarde. KI-ontwerpte visuele voorstellings benadruk en herhaal hierdie standaarde deur middel van stereotipes wat die wye spektrum van visuele uniekhede en toevallighede drasties inperk: Nie net die ideale koffiewinkel nie maar ook die ideale menslike gegis vertoon bykans dieselfde. Vir bouvalligheid, asimmetrie en littekens, almal merkers van ’n unieke geleefde lewe, is daar geen plek meer nie.

Wat hierdie KI-gedrewe ontwikkelinge in taal en kultuur bind, hetsy in skryfhandelinge, musikale aanbiedinge of die beeldkultuur, is ’n bedrieglik eenvoudige meganisme: die verlening

van voorkeur aan dit wat statisties dominant, herhaalbaar en voorspelbaar is. Hierdie meganisme kan as 'n neerslag van die “algoritmiese monokultuur” (*algorithmic monoculture*, Bommasani et al., 2022) beskryf word. Binne so 'n monokultuur word diversiteit en partikulariteit nie in beginsel tersyde gelaat nie. Veeltigtheid word egter spontaan gemarginaliseer binne stelsels wat herhaalbaarheid prioritiseer. Hierdie marginaliseringsproses is allermens neutraal, want die herhalende patrone reflekteer die historiese en geopolitieke kontekste van die data wat gebruik word om die stelsels op te lei. Gevolglik word dominante kultuurvorme bestendig en versterk, terwyl kontekstspesifieke en plaaslik begroende uitdrukkingsvorme toenemend na die kantlyn uitgeskuif word (vgl. Johnson et al., 2026).

Borowski (2025:249) kom in sy ontleding van die algoritmiese monokultuur tot die gevolgtrekking dat enige vorm van kritiek of verset teen die homogeniserende aard daarvan hoogs problematies word, omdat dieselfde inligting deur dieselfde of soortgelyke datastelsels onttrek, verwerk en teruggevoer word na gebruikers. Hierdie selfbestendige kringlope blyk besonder weerstandig teen enige vorm van verset en onderbreking te wees.

Die konseptuele ontgraving van die kollektiewe is dus nie alleen linguisties en esteties nie, maar ook epistemies. Na gelang KI-stelsels toenemend toegang tot inligting bemiddel en selfs bepaal, kennis aanspraak sonder betroubare verifikasiebronne genereer en keuse moontlikhede prioritiseer, begin die stelsels ook die voorwaardes vorm waarop kennis as sodanig geproduseer en geverifieer word (sien Sourati et al., 2026). Vanuit 'n sosiaal-postfenomenologiese perspektief kan dit verstaan word as 'n konseptuele omvorming van Schutz se tipologie van tersaaklikhede: KI-stelsels beïnvloed en bepaal uiteindelik wat na die oppervlak gebring word, hoe dit geïnterpreteer behoort te word en wat gevolglik as betekenisvolle of legitieme kennis behoort te geld. Die snelle ontwikkeling van KI oor die afgelope vier jaar in die besonder toon dat hierdie vernouende proses ook op die epistemiese landskap inspeel en dat alternatiewe (veral aweregse) perspektiewe eenvoudig moeiliker word om te artikuleer – nie omdat sodanige stroomop perspektiewe uitdruklik uitgesluit of verbied word nie, maar omdat hulle wel uitdruklik buite die oorheersende, homogeniserende patroonraamwerk val waar betekenisgewing nou (letterlik) vervaardig word (vgl. Rettberg, 2024:77; sien Rettberg and Wigers, [ter perse]).

Hierdie patroonraamwerke word versterk deur 'n kringloop van terugvoer, die verwerking van die terugvoer, gevolg deur 'n heraanbod van die verwerkte terugvoer, altyd op soek na 'n opvolgende terugvoering. Na gelang gebruikers KI-stelsels ontgin, vorm hulle insette, gebaseer op die stelsel se voorafgaande aanbod, dus die grondslag vir die stelsel se daaropvolgende uitsette. Hierdie siklies terugkerende dinamika produseer 'n selfversterkende stelsel wat weinig ruimte vir afwyking laat. In hierdie sin bemiddel KI nie bloot uitdrukkingsmoontlikhede nie: Dit neem regstreeks deel aan kognitiewe en konseptuele gewoontevorming. Die gevolg is 'n sistematiese samesmelting van menslike uitdrukking en masjiengeproduseerde patrone wat die homogeniserende eienskappe in die stelsel verder konsolideer.

Kortom, die linguistiese, estetiese en epistemiese omvorming deur KI-stelsels teweeggebring, dui op 'n verreikende omvorming van die kollektiewe voorwaardes vir menswees as sodanig. As taal, kultuur en kennis die primêre middele is waardeur mense 'n gedeelde wêreld in die lewe roep, en daardie middele homogeniserend ingeperk word, dui dit op 'n drastiese ontgraving van daardie wêreld. Die kritiese voorbehoud is nie alleen dat diversiteit en partikulariteit verskraal word nie, maar dat die voorwaardes van hulle verskyning in die wêreld ondermyn word. Op die spel is die erodering van pluraliteit, diversiteit en partikulariteit: wat in 'n tegnologies bemiddelde leefwêreld uniek gesê, verbeel en verstaan kan word.

Só verstaan, is die ontwrigting van die kollektiewe nie 'n terloopse of uitwendige gevolg van KI nie, maar 'n intrinsieke eienskap van die tegnologie se bedryfsfunksies. Deur voorkeur te verleen aan die statisties dominante, herhaalbare en oënskynlik homogene, hervorm KI-stelsels gedeelde betekenisstrukture op wyses wat konvergensie beloon en differensie straf. Vanuit 'n filosofiese perspektief roep hierdie intrinsieke homogeniserende vooroordeel van KI dringende vrae op oor die toekoms van menslike diversiteit en partikulariteit. Nog skerper gestel: Die selfimmuniserende dinamika van KI dwing die vraag af of diverse lewenswyses binne toenemend gestandaardiseerde tegnologiese omgewings hoegenaamd volhoubaar is.

4. Verset van binne teen die konseptuele ontwrigting van KI

Sou vorme van verset wat uitgaan van die partikulier plaaslike en gesitueerde, sonder om voor te gee dat hulle deur KI onaangeraak gelaat word, respyt kon verleen van die skynbaar universalistiese en ongetwyfeld homogeniserende eienskappe van hierdie tegnologie? Indien die voorafgaande ontleding daarin kon slaag om aan te toon dat KI die kollektiewe ontwrig deur die omvorming van die voorwaardes waarop betekenis, taal en kennis begrond word, sou die oorweging van 'n verset teen die konseptuele ontwrigting van KI nie kon berus op 'n afwysing van tegnologie – en van hierdie tegnologie as sodanig – nie.

So 'n binêre teenoorstelling sou nie versoen kon word met die Franse ideëhistorikus Michel Foucault (1926-1984) se breedvoerige ontledings van die verhouding tussen mag en verset nie. Foucault word hier as geleier gebruik omdat sy ideëhistoriese ontledings steeds buitengewoon prominent in die eietydse literatuur is.⁹ Vir Foucault is mag positief en produktief: positief, omdat mag nie van bo afgedwing word nie, maar anoniem funksioneer en altyd teenwoordig is waar subjekverhoudinge in die alledaagse lewensvoering op die spel is; produktief, juis omdat mag verset ontlok.

Volgens Foucault (1978:216) is verset nooit suiwer of onskuldig nie: Dit dra altyd en by voorbaat die merktekens van dit waarteen in verset gekom word. Verset geskied ook nie op 'n afstand nie: Dit staan juis binne die magsverhoudinge wat betwis word. Verset maak dus ook vryelik gebruik van die hulpbronne¹⁰ wat deur die magsubjek of magsinstrument self

⁹ Volgens die gesaghebbende *Times Higher Education Bulletin* van 28 April 2009 was Foucault in daardie stadium die mees gesiteerde skrywer in die geesteswetenskappe, op 'n afstand gevolg deur Jacques Derrida, Jürgen Habermas en Judith Butler in die afdeling vir filosofie (Beukes, 2020:3). Tien jaar later, in April 2019, publiseer die *Ranking Web of Universities* 'n lys van die mees gesiteerde akademiese skrywers op rekord (met 'n h-indeks van meer as 100), op grond van verifieerbare verwysings in die databasis Google Scholar Citations. Foucault is weer eerste gelys, met 'n verstommende h-indeks van 280 en 884 807 naspeurbare aanhalings. In Mei 2020 het hierdie syfers gestyg tot onderskeidelik 296 en 1 026 230 (<https://michel-foucault.com/2019/05/01/highly-cited-researchers-h100-foucault-at-number-1-2019/>) [15 April 2026]. Sedert 2021 verskaf die databasis ongelukkig geen verdere verwysings na skrywers wat oorlede is nie. Die tersaaklike punt is dat 'n denker wat so 'n merkwaardige uitwerking op die geesteswetenskappe gehad het, ernstig opgeneem moet word, veral wanneer dit gaan oor mag en verset, twee van die prominentste temas in sy oeuvre.

¹⁰ Foucault se sogenaamde Iran-geskrifte, geskryf tydens sy twee joernalistieke ekspedisies na Iran tydens die Irannese Revolusie van 1978-1979, verskaf verskeie voorbeelde van die Irannese revolusionêre se gebruik van moderne tegnologieë in hulle opstand juis teen Westerse moderniteit, waaronder die getroue kassetspeler ("If the Shah is about to fall, it will be due above all to the cassette tape" [Foucault, 1978:219, sien Beukes, 2020:86]). Daarby benadruk Foucault die Irannese se versetstrategie as "radikaal plaaslik en partikulier" (Beukes, 2020:87). Die Irannese het hierdie basiese vertrekpunt van hulle revolusie onthou: Iran se oorwegend geslaagde verset teen die

beskikbaar gestel is. Verder verstaan Foucault verset as radikaal plaaslik en partikulier: Hoe groter die universaliserende greep van mag, hoe skerp partikulier behoort die verset te wees. Foucauldiaans beskou, behoort outentieke verset teen universaliserende en homogeniserende stelsels dus “van binne” te wees. Wanneer die ambivalente, dubbelslagtige, weliswaar dialektiese aard van KI hierby oorweeg word – die tegnologie is immers duidelik in staat tot waardetoevoeging¹¹ en nie slegs tot aftakeling nie – is so ’n verset “van binne” (hierna sonder aanhalingstekens) des te meer paslik. Die feit dat hierdie artikel doelgerig van die norm afwyk deurdat dit in die hoogs partikuliere taal Afrikaans (en nie in die normatiewe Engels nie) gepubliseer word, is reeds ’n aanduiding van ’n verset van binne. Die mees basiese vorm van verset is immers steeds en altyd die verset van die individu. Tog sou ’n verset van binne wyer moes strek as individuele weerstand en op die vlak van data-ontwikkeling as sodanig moet begin funksioneer.

Een voorbeeld is die inisiatief deur Lelapa AI, ’n Suid-Afrikaanse navorsingslaboratorium wat taaltegnologieë ontwikkel wat ingebed is in Afrikakontekste en Afrikatalige datastelsels (ook in Afrikaans) insluit. Dit bied ’n welkome alternatief – en selfs ’n kontranarratief – aan vir Silicon Valley se oorheersing van KI-produksie. In stede daarvan dat die internet uitsluitlik gebruik word in die opleiding van datastelsels, soos wat Westerse maatskappye feitlik sonder uitsondering doen, werk Lelapa AI met plaaslike taalkundiges en gemeenskappe om data te versamel en te orden. Die model is uitdruklik konteksspesifiek en kultureel relevant (sien Abdullahi Tsanni, 2023). Met die basiese vertrekpunt van ubuntu-filosofie, naamlik “ek is omdat ons is” (uit Afrikatale gewoonlik in Engels vertaal as “I am because we are”) as

Amerikaanse aanval op die land in 2026 is grootliks gekenmerk deur die destabilisering van die plaaslike en regionale, en nie soseer deur Amerikaanse vuur regstreks met vuur te beantwoord nie.

- ¹¹ Die dialektiese aard van KI is nie ’n toevallige eienskap van die tegnologie nie. Dit is ’n wesenlike eienskap daarvan. Benader vanuit ’n postfenomenologiese perspektief is ook hierdie tegnologie bemiddelend: Dit gaan dus tegelykertyd ontsluitend en versluitend, probleemoplossend en probleemskoppend te werk. Hierdie spanning kan nie opgehef word deur die voordele en nadele van die tegnologie kras teen mekaar op te weeg nie. Om uit ’n legio voorbeelde twee uit te sonder: In mediese diagnostiek, veral binne die konteks van beeldgebaseerde patologieë, het KI-modelle diagnostiese akkuraatheid dramaties verbeter (sien Topol, 2019). Tog, terselfdertyd, lei die onkritiese vertroue in en groeiende steun op KI toenemend tot ’n vaardigheidsafname by mediese spesialiste. Trouens, die vraag ontstaan spontaan of mediese diagnostici nog hoegenaamd nodig is indien KI so buitengewoon effektief in hierdie gespesialiseerde veld blyk te wees. Die intrinsieke dubbelslagtigheid van die tegnologie blyk ook duidelik in volhoubaarheidstudies. KI word toenemend aangewend om die werkverrigting van hernubare-energiepanele te optimaliseer: Die Internasionale Energieagentskap het KI se vermoë om son- en windkragontwikkeling te integreer onlangs met ’n kostebesparing van \$110 biljoen teen 2035 bereken (sien IEA 2025). Terselfdertyd misbruik en vernietig dieselfde infrastruktuur wat hierdie optimalisering moontlik maak, omgewingsbronne op enorme skaal: Datasentra wat hierdie KI-volhoubaarheidstelsels in stand hou, het in 2025 alleen 764,6 biljoen liter vars water verbruik (sien IEA, 2025). KI word dus aangebied as die vernaamste oplossing vir die volhoubaarheidskrisis, maar is terselfdertyd een van die vernaamste versnellers daarvan. Om aan die hand van hierdie twee voorbeelde eenvoudig Ja of Nee op KI te antwoord, is net nie moontlik nie: Dialekties sou eerder tegelyk Ja en Nee geantwoord moet word. Bennett (2025) het onlangs in ’n filosofies-etiese ontleding (aan die hand van Simone de Beauvoir se *Pour une morale de l’ambiguïté*) daarop gewys dat hierdie Ja-Nee-dubbelslagtigheid van en onoplosbare spanning in KI geen gebrek in die tegnologie self is nie. Dit is trouens, selfs in groter mate as by kernkragtegnologieë, intrinsiek ambivalent by KI. Dit roep om voortgaande en ononderbroke etiese besinning oor die aansprake en gevolge van hierdie tegnologie.

rigtingwyser, ontwerp Lelapa AI effektiewe en bekostigbare datastelsels wat hoëwerkverrigtingsuitsette binne Afrikakontekste moontlik maak (sien Martinus en Abbott, 2019). Onder die onderneming se vlagskipprodukte tel InkubaLM, Afrika se eerste meertalige GTM, en Vulavula, 'n dataverwerkingsdiens wat teks in Afrikatale soos isiZulu en Sesotho transkribeer en vertaal. Vulavula se portefeulje sluit ook modelle vir moedertale in wat binne Afrikakontekste self onderbekslemtoon word, waaronder Afrikaans. Hierdie Afrikaanse transkripsiemodel, opgelei aan die hand van die insette en terugvoer van uiteenlopende Afrikaanse spreker-groepe oor die hele suidelike Afrika, is doelgerig opgelei vir ondersteuning aan inbelsentra en maak diensmonitering, kwaliteitversekering en gespreksoptimalisering vir Afrikaanssprekende kliënte moontlik. Onlangse kliëntgebaseerde evaluasies dui daarop dat die model 'n syfer van 95% korrekte vertaling behaal en onvanpaste woordkeuses van minder as 20% handhaaf.¹² Vulavula dien as konkrete bewys dat plaaslik begronde KI-ontwikkeling die werkverrigtingstandaarde van veel groter “internasionale” rolspelers, met al die homogene data tot hulle beskikking, kan ewenaar.

In Nederland is 'n soortgelyke projek aan die gang. Hier neem die verset van binne die vorm aan van 'n staatsgefinansierde GTM, gebaseer op die beginsels van Nederlandstalige deursigtigheid en nasionale soewereiniteit. Die model, bekend as GPT-NL, word ontwikkel deur drie organisasies sonder winsoogmerk (TNO, NFI en SURF), met drie kernbedryfswaardes, naamlik betroubare en deursigtige tegnologie, wedersydse samewerking tussen Nederland en internasionale rolspelers, en die versterking van die Nederlandse identiteit en kulturele soewereiniteit.¹³ 'n Uitsonderlike eienskap van GPT-NL is die wyse waarop die taalmodel die netelige probleem van data-opleiding aangedurf het: Eie aan Nederlandse handelsperfeksionisme is dit die eerste uitset in die jong geskiedenis van KI wat daarin kon slaag om via die persvereniging NDP kontraktuele ooreenkomste met alle uitgewers en produsente te bereik wat die gebruik van hulle data reguleer en billike vergoeding daarvoor waarborg. Algeheel anders as die taalmodelle van Silicon Valley se kenmerkende ondermyning van outeursreg, het GPT-NL data-etiek omskep in 'n verkoopstrategie. Die tien loodskliënte wat die eerste fase van GPT-NL meegemaak het, dui as redes vir hulle betrokkenheid aan deursigtigheid ten opsigte van die eerste oorsprong van data, die vermoë om met beskerming van outeursreg en datasekuriteit vanaf die eie perseel te werk, en die waarborg dat hulle belegging in GPT-NL regstreeks vloei na legitieme derde partye, veral dataverskaffers.

Lelapa AI en GPT-NL staan nie alleen nie. Oor Europa heen begin soortgelyke soewereine taalmodelle verrys wat telkens 'n unieke voorbeeld van verset van binne aanbied, waaronder in Frankryk (Mistral), Spanje (Alia, ontwikkel deur die Barcelona Supercomputing Centre), Pole (PLLuM), Switserland (Apertus) en Duitsland (Sovereign Open Source Foundation Models, of SOOFI). In Suidoos-Asië bestryk Singapoer se staatsgesubsidieerde SEA-LION elf regionale tale, terwyl Indonesië se Sahabat-AI met volle staatsondersteuning ontwikkel is. In Suid-Amerika is 'n multinasionale span besig om Latam-GPT op te lei sodat talle inheemse tale ingesluit kan word, waaronder Quechua, Náhuatl en Mapudungun. Saam dui hierdie onafhanklike inisiatiewe daarop dat (moeder)taal as 'n vorm van tegnologiese soewereiniteit tans die mees effektiewe verset van binne teen die ontwrigting van KI is.

Samevattend: Vanuit 'n sosiaal-postfenomenologiese perspektief kan verset van binne verstaan word as sêlf 'n omvorming van tersaaklikheidsstrukture. KI-stelsels bepaal toenemend

¹² Sien <https://docs.lelapa.ai/transcribe/model/afrikaans>

¹³ Sien <https://www.surf.nl/nieuws/op-naar-een-transparant-eerlijk-en-controlleerbaar-gebruik-van-ai>

wat na die linguistiese oppervlak gebring word, hoe daardie oorheersende data geïnterpreteer behoort te word en wat uiteindelik as betekenisvol geld. Verset van binne teen die konseptuele ontwrigting van KI wil dus self ontwrigtend te werk gaan deur hierdie oorheersende linguistiese patrone te ontwig, alternatiewe uitdrukkingsmoontlikhede te kultiveer en kennisvorme wat deur algoritmiese stelsels gemarginaliseer word, aan die lig te bring.

5. Gevolgtrekking

Hierdie artikel het gepoog om 'n drieledige vraag te beantwoord: Indien KI 'n vorm van konseptuele ontwrigting is, wat presies word inhoudelik ontwig, hoe geskied hierdie ontwrigting, en wat is die risiko's verbonde aan hierdie ontwrigting? In ons huidige leefwêreld word die idiomatiese toenemend opgeneem in die algoritmiese. Die konseptuele ontwrigting wat deur KI teweeggebring word, is nie toevallig nie, maar intrinsiek deel van die platform-bedryfslogika van hierdie tegnologie. Deur algoritmiese voorkeur te verleen aan die statisties dominante, die herhaalbare, die homogene en homogeniseerbare, omvorm KI-stelsels gedeelde betekenisstrukture op wyses wat konvergensie beloon en differensie straf. Op die spel is nie alleen KI se verskraling van kulturele diversiteit nie, maar ook die erodering van die voorwaardes waarop pluraliteit, partikulariteit en differensie nog *überhaupt* in die leefwêreld kan verskyn. Dit roep om 'n spesifieke soort verset: van binne, KI téén KI, waar die tegnologie vanuit diverse partikuliere kontekste teen dieselfde tegnologie se universaliserende, totaliserende eienskappe ingespan kan word.

BIBLIOGRAFIE

- Abdullahi Tsanni, S.M. 2023. This company is building AI for African languages. *MIT Technology Review*. 17 November 2023. <https://www.technologyreview.com/2023/11/17/1083637/lelapa-ai-african-languages-vulavula/> [15 April 2026].
- Achterhuis, H. (ed.). 2001. *American philosophy of technology: the empirical turn*. Crease, R.P. (transl.). Bloomington: Indiana University Press.
- Adams, R. 2024. *The new empire of AI: the future of global inequality*. Cambridge: Polity Press.
- Agarwal, D., Naaman, M. and Vashistha, A. 2025. AI suggestions homogenize writing toward Western styles and diminish cultural nuances. *Proceedings of the 2025 CHI conference on human factors in computing systems*. Art.# 1117:1-21. <https://doi.org/10.1145/3706598.3713564> [15 April 2026].
- Azizov, D. 2024. From idioms to algorithms: Translating culture-specific expressions in AI systems. *Iconic Research and Engineering Journals*, 7(10):543-551. <https://www.irejournals.com/paper-details/1708158> [15 April 2026].
- Bajohr, H. 2023. Artificial and post-artificial texts on machine learning and the reading expectations towards literary and non-literary writing. *Basel media culture and cultural techniques working papers*, 7:3-31. <https://doi.org/10.12685/bmcct.2023.007> [15 April 2026].
- Barber, M. 2023. Alfred Schutz. In Zalta, E.N. and Nodelman, U. (eds.). *The Stanford encyclopedia of philosophy* (Fall 2023 Edition). <https://plato.stanford.edu/archives/fall2023/entries/schutz> [15 April 2026].
- Bennett, S. 2025. Artificial Intelligence and the ethics of navigating ambiguity. *Big data and society*, 12(2):1-13. <https://doi.org/10.1177/20539517251347594> [15 April 2026].
- Beukes, J. 2020. *Foucault in Iran, 1978-1979*. Cape Town: AOSIS. <https://doi.org/10.4102/aosis.2020.BK203> [15 April 2026].
- Bommasani, R., Creel, K.A., Kumar, A., Jurafsky, D., and Liang, P. 2022. Picking on the same person: Does algorithmic monoculture lead to outcome homogenization? 36th conference on neural information processing systems (NeurIPS 2022). <https://doi.org/10.48550/arXiv.2211.13972> [15 April 2026].

- Borowski, A. 2025. The absolutism of data: thinking AI with Hans Blumenberg. In Bajohr, H. (ed.). *Thinking with AI: machine learning the humanities*. Technographies Series. London: Open Humanities Press. https://openhumanitiespress.org/books/download/Bajohr_2025_Thinking-With-AI.pdf [15 April 2026].
- Brey, P. 2010. Philosophy of technology after the empirical turn. *Techné: research in philosophy and technology*, 14(1):36-48. <https://doi.org/10.5840/techne20101416> [15 April 2026].
- De Boer, S.O.M. 2022. Attending to your lifestyle: self-tracking technologies and relevance. In Wehrle, M., D'Angelo, D. and Solomonova, E. (eds.). *Access and mediation: transdisciplinary perspectives on attention*. Berlin: De Gruyter Saur, pp. 217-238. <https://doi.org/10.1515/9783110647242-010> [15 April 2026].
- Chayka, K. 2024. *Filterworld: How algorithms flattened culture*. New York: Vintage Press.
- Claassen, K. 2021. Ubuntu en tegniefilosofiese risikobepaling: plaaslike kernkragvoorsiening as diskursiewe geleier. *LitNet Akademies*, 18(3):59-97. https://www.litnet.co.za/wp-content/uploads/2021/12/LitNet_Akademies_18-3_3_Claassen.pdf [15 April 2026].
- Claassen, K. 2024. There is no „I“ in Postphenomenology. *Human Studies*, 47:749-769. <https://doi.org/10.1007/s10746-024-09727-4> [15 April 2026].
- Claassen, K. 2026. Being Human: Evaluating artificial intelligence through the lens of ubuntu. PhD Dissertation, Simon Stevin Series in the Ethics of Technology, 4TU centre for ethics and technology, Netherlands. Enschede: University of Twente. 10.3990/1.9789036571098 [15 April 2026].
- Foucault, M. 1978. The revolt in Iran spreads on cassette tapes. De Bruin, K. and Anderson, K. (transl.). In Afary, J. and Anderson, K. (eds.). *Foucault and the Iranian Revolution: Gender and the seductions of Islam*. Chicago: University of Chicago Press, pp. 216-220.
- Gadamer, H-G. 2010 (1960). *Wahrheit und Methode; Grundzüge einer philosophischen Hermeneutik*. Tübingen: Mohr Sibeck.
- Heidegger, M. 1971. *On the way to language*. Hertz, P.D. (transl.). London: Harper and Row.
- Hongladarom, S. and Van der Vaeren, A. 2024. ChatGPT, postphenomenology, and the human-technology-reality relations. *Journal of Human-Technology Relations*, 2(1):1-24. <https://doi.org/10.59490/jhtr.2024.2.7386> [15 April 2026].
- Ihde, D. 1990. *Technology and the lifeworld: from garden to earth*. Bloomington: Indiana University Press.
- Ihde, D. 2016. *Husserl's missing technologies*. New York: Fordham University Press.
- International Energy Agency (IEA). 2025. *Energy and AI. World energy outlook special report*. Paris: International Energy Agency. <https://www.iea.org/reports/energy-and-ai>. [15 April 2026].
- Johnson, R., Dias Duran, L.D., Panai, E., Menéndez González, N., Pistilli, G., Kalpokienė, J. and Bertulfo, D.J. 2026. The ghost in the machine speaks with an American accent: cultural value drift in early GPT-3 and the case for pluralist evaluation of generative AI. *AI Ethics* 6, Art. #(212). <https://doi.org/10.1007/s43681-026-01038-x> [15 April 2026].
- Kickert, C. 2026. "Tyranny of the algorithm": why every coffee shop is starting to look the same. *The Independent* 11 March 2026. <https://www.independent.co.uk/life-style/health-and-families/coffee-shops-starbucks-dunkin-hipster-b2936556.html> [15 April 2026].
- Kudina, O. 2023. *Moral hermeneutics and technology: making moral sense through human-technology-world relations*. Lanham, Maryland: Lexington Books.
- Martinus, L. and Abbott, J. 2019. A focus on neural machine translation for African languages. Ithaca, New York: Cornell University <https://arxiv.org/abs/1906.05685> [15 April 2026].
- Mbembe, A. 2003. Necropolitics. *Public culture* 15(1):11-40. https://monoskop.org/images/4/49/Mbembe_Achille_2003_Necropolitics.pdf [15 April 2026].
- Morreale, F. 2021. Where does the buck stop? Ethical and political issues with AI in music creation. *Transactions of the International Society for Music Information Retrieval* 4(1):105-113. <https://doi.org/10.5334/tismir.86> [15 April 2026].
- Pelly, L. 2018. Streambait pop: The emergence of a total Spotify genre. *The Baffler* 11 December 2018. <https://thebaffler.com/downstream/streambait-pop-pelly> [15 April 2026].
- Rettberg, J.W. 2024. How generative AI endangers cultural narratives. *Issues in science and technology* 40(2):76-99. <https://www.jstor.org/stable/27395442> [15 April 2026].

- Rettberg, J.W. 2025. Repeating ourselves with generative AI. *CounterText* 10(3):232-237. <https://doi.org/10.3366/count.2024.0360> [15 April 2026].
- Rettberg J.W and Wigers, H. (ter perse). AI-generated stories favour stability over change: homogeneity and cultural stereotyping in narratives generated by GPT-4o-mini. *Open Res Europe* 2025(5). <https://doi.org/10.12688/openreseurope.20576.1> [15 April 2026].
- Schutz, A. 1967. *The phenomenology of the social world*. Walsh, G. and Lehnert, F. (transl.). Evanston: Northwestern University Press.
- Sourati, Z., Ziabari, A.S., and Dehghani, M. 2026. The homogenizing effect of large language models on human expression and thought. *Trends in Cognitive Sciences*, 11 March 2026. <https://doi.org/10.1016/j.tics.2026.01.003> [15 April 2026].
- Tolentino, J. 2019. The age of Instagram face. *The New Yorker* 12 December 2019. <https://www.newyorker.com/culture/decade-in-review/the-age-of-instagram-face> [15 April 2026].
- Topol, E. 2019. *Deep medicine: how artificial intelligence can make healthcare human again*. New York: Basic Books.
- Verbeek, P-P. 2005. *What things do: philosophical reflections on technology, agency, and design*. University Park, PA: Pennsylvania State University Press.
- Verbeek, P-P. 2008. Obstetric ultrasound and the technological mediation of morality: a postphenomenological analysis. *Human studies* 31:11-26. <https://doi.org/10.1007/s10746-007-9079-0> [15 April 2026].
- Verbeek, P-P. 2011. *Moralizing technology: understanding and designing the morality of things*. Chicago: University of Chicago Press.
- Wellner, G. and Levin, I. 2025. A postphenomenological-constructionist assessment of AI in education: toward a multi-dimensional democratic education. In Bohlmann, M. and Breil, P. (eds.). *Postphenomenology and technologies within educational settings*. Lanham: Lexington Books, pp. 225-241.

Gideon Fagan (1904–1980) as liedkomponis

Gideon Fagan (1904–1980) as song composer

WINFRIED LÜDEMANN

Emeritus professor, Musiekwetenskap
Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe
Universiteit Stellenbosch
Suid-Afrika
E-pos: wl@sun.ac.za
ORCID: <https://orcid.org/0000-0003-1002-2636>



Winfried Lüdemann

WINFRIED LÜDEMANN is 'n emeritus professor in Musiekwetenskap aan die Universiteit Stellenbosch. Sy huidige navorsingsfokus is Suid-Afrikaanse musiek. In hierdie verband het hy reeds verskeie artikels oor Gideon Fagan gepubliseer. As komponis het hy 'n besondere belangstelling in Afrikaanse koormusiek.

WINFRIED LÜDEMANN is an emeritus professor of Musicology at Stellenbosch University. His current research focus is South African music. In this regard, he has published several articles on Gideon Fagan. As a composer, he has a particular interest in Afrikaans choral music.

ABSTRACT

Gideon Fagan (1904–1980) as song composer

The genre known as the Afrikaans song or Afrikaans art song (Afrikaanse lied or Afrikaanse kunslied) represents a particularly significant South African cultural phenomenon and artistic tradition. Despite its importance, it has not yet been studied comprehensively. We still lack a full understanding of the extent and stylistic development of the Afrikaans art song repertoire, its dissemination and reception, its precise historical context and ideological dimensions, and even the identities of all the composers and poets who contributed to it. A comprehensive investigation of this tradition would offer a perspective on South Africa's turbulent history that is unavailable from any other vantage point. (This observation, of course, applies equally to other song traditions.) Until such a study is undertaken, scholars must rely on investigations of a more limited scope that nevertheless provide valuable insights into what should be regarded as an important component of South Africa's musical and cultural heritage. Although the present article falls into this latter category, it seeks to make a meaningful contribution to the broader discourse.

Gideon Fagan's thirteen songs are distributed fairly evenly across his compositional career and therefore offer a unique perspective on his stylistic development. They confirm the view advanced elsewhere that his oeuvre can be divided into three distinct creative periods

Datums:

Ontvang: 2026-05-25

Goedgekeur: 2026-07-22

Gepubliseer: September 2026

(see Lüdemann, 2023/2024). The first period began during his studies at the University of Cape Town and continued through his subsequent training in London, ending in the late 1930s. The second period coincided with his distinguished conducting career in the United Kingdom, during which he was exposed to a broad spectrum of English music, including film and theatre music; it encompasses the 1940s and early 1950s. From approximately 1958 onwards, overlapping with his return to South Africa, his appointment at the SABC in Johannesburg, and his retirement in Cape Town and Betty's Bay, Fagan's compositional style underwent another marked transformation. During this final period he devoted himself almost exclusively to composition, exploring the expressive possibilities of a considerably more modernist musical language.

Fagan's early songs belong to a period characterised by widespread efforts to establish an Afrikaans art song tradition in tandem with the recognition of Afrikaans as a literary language and the publication of the first Afrikaans poetry. In these works he follows the example of slightly older Afrikaans composers whose music remained firmly rooted in a nineteenth-century tonal idiom. Among the poets whose works he set was A.G. Visser. The songs of the middle period, composed during the dark years of the Second World War, are settings of poems by C. Louis Leipoldt and appear to reflect the composer's enduring attachment to the culture and country of his birth. The second song, *Wys my die plek*, is a work of symphonic proportions in both duration and scoring. Stylistically, it reveals a clear debt to English Impressionism as well as to English film and theatre music.

With the large-scale compositions of his third creative period, Fagan firmly established himself as one of South Africa's major composers. His work for baritone and chamber ensemble, *My lewe*, belongs to this group. In these compositions he abandoned the lyrical, euphonious style of his earlier works and began to explore, with remarkable consistency, the expressive potential of a starkly dissonant and more abstract musical language. His music consequently exhibits characteristics that may be associated with a composer's "late style". In *My lewe*, Fagan sets six introspective poems by the early Afrikaans poet Totius. Both the poetry and the music convey a profound sense of contemplation and reflection characteristic of an artist in the autumn of his life. Taken as a whole, Fagan's songs deserve recognition as among the most significant contributions to the Afrikaans art song repertoire.

Gideon Fagan's music is gradually assuming its rightful place within the canon of South African art music in the European tradition. Nevertheless, growing scholarly and performative interest in his work continues to be hampered by the limited availability of his scores, some of which may even have been lost. It is to be hoped that this situation can be remedied, at least in part, through the publication of his works, particularly those from his third creative period.

KEYWORDS: Gideon Fagan, Afrikaans song, Afrikaans art song, cultural phenomenon, South African history, South African music history, A.G. Visser, C. Louis Leipoldt, Totius, stylistic development, late style

TREFWOORDE: Gideon Fagan, Afrikaanse lied, Afrikaanse kunslied, kulturele verskynsel, Suid-Afrikaanse geskiedenis, Suid-Afrikaanse musiekgeskiedenis, A.G. Visser, C. Louis Leipoldt, Totius, stilistiese ontwikkeling, laat styl

OPSOMMING

Die Afrikaanse lied is 'n interessante en veelfasettige kulturele verskynsel en tradisie wat nog nie omvattend nagevors is nie. 'n Sodanige ondersoek sal 'n soort insae in die breë en veelbewoë Suid-Afrikaanse geskiedenis verskaf wat vanuit geen ander perspektief moontlik is nie en sal

dus ons verstaan van ons verlede op belangrike wyse kan verruim. Totdat so 'n omvattende studie beskikbaar is, moet daar volstaan word met studies van kleiner omvang. Hoewel dit van sodanige kleiner omvang is, is hierdie ondersoek na Gideon Fagan se liedkomposisies 'n bydrae tot dié groter gesprek. Fagan se dertien liedere is taamlik eweredig oor sy hele kreatiewe loopbaan versprei en verskaf gevolglik 'n unieke perspektief op die komponis se stilistiese ontwikkeling. Dit blyk dat sy oeuvre in drie stylperiodes verdeel kan word. Die liedere van sy eerste periode (onder andere op gedigte van A.G. Visser) val saam met die wydverspreide pogings in die 1920's en 1930's om 'n Afrikaanse liedkuns tot stand te bring, parallel met die ontlukende Afrikaanse digkuns. In sy tweede periode toon Fagan se styl die invloed van Engelse film- en teatermusiek en Engelse Impressionisme, 'n invloed wat ook in sy twee Leipoldt-liedere neerslag vind. Die liedkomposisies van die derde stylperiode (vanaf ongeveer 1958) toon kenmerke van wat algemeen bekend staan as "laat styl". Dit kan veral in die liedsiklus *My lewe* (op gedigte van Totius) waargeneem word. In geheel moet Fagan se liedere as van die belangrikste bydraes tot die Afrikaanse liedkuns gereken word.

Inleidende gedagtes

Die Afrikaanse lied¹ is 'n baie interessante en veelfasettige kulturele verskynsel. Hoewel dit meer as 'n eeu gelede saam met die vestiging van Afrikaans as literêre taal ontstaan het, is die geskiedenis daarvan nog nie omvattend nagevors en opgeteken nie.² So het ons nog nie betroubare gegewens en insig oor wat die volle omvang van die liedproduksie oor hierdie tydperk was nie, oor die tersaaklike stilistiese kenmerke en ontwikkelinge, oor watter digters se werk by voorkeur getoonset is, watter ideologiese veronderstellings onderliggend aan die onderskeie liedere was, in watter verskillende genres en style dit telkens neerslag gevind het en wat die resepsie daarvan oor die afgelope honderd jaar was. 'n Sodanige ondersoek sal 'n soort insae in die veelbewoë breë Suid-Afrikaanse geskiedenis verskaf wat vanuit geen ander perspektief moontlik is nie en sal dus ons verstaan van ons verlede op beduidende wyse kan verruim.³ Soortgelyke omvattende en kritiese ondersoeke na ander Suid-Afrikaanse liedtradisies (bv. die sogenaamde struggheliedere) sal van ewe veel belang wees.

Die omvangrykste studie van die Afrikaanse lied tot op datum is deur Johann Potgieter (1967) onderneem.⁴ Dit is egter meer as veertig jaar oud en beperk tot 'n oorsig van die "Afrikaanse kunslid" met klavierbegeleiding, met klem op die werke van Rosa Nepgen,

¹ Die Afrikaanse volkslied word net in die verbygaan by hierdie bespreking ingesluit.

² Die breër verband waarna hier verwys word, word treffend deur Hermann Giliomee (2003:359) beskryf: "At the heart of the Afrikaner nationalist struggle was the attempt to imagine a new national community with its language enjoying parity of esteem with English in the public sphere. Only then would the sense of being marginalized be overcome. This meant that Afrikaans had to be heard in Parliament, the civil service, schools, colleges and universities, and in the world of business and finance; it had to be the medium of newspapers, novels, and poems, giving expression to what was truly South African. Instead of English-speakers portraying Afrikaners in reports, novels or histories as everything they were not: unrefined, semi-literate, racist, dogmatic, and unprogressive, the Afrikaners had to define and represent themselves as the true South Africans." Giliomee sou ook die Afrikaanse lied by sy lys van literêre kultuurgoedere kon gevoeg het.

³ Lüdemann (2003) is 'n voorbeeld van die soort ondersoek wat gedoen kan word.

⁴ Jan Bouws se omvangryke boek – dit beslaan 115 bladsye – *Woord en wys van die Afrikaanse lied* (s.d.; volgens J.P. Malan, 1980:223 het dit in 1961 verskyn) – kan vanweë die hoofsaaklik joernalistieke geselstrant waarin dit geskryf is nie as volwaardige musiekwetenskaplike studie oor die onderwerp geld nie, hoewel dit inligting bevat wat nie elders bekombaar is nie.

Blanche Gerstman, Arnold van Wyk en Hubert du Plessis. Die noemenswaardigste onlangse studie is Izak Grové (2025) se magistrale artikel “*Treurige wysies: Eugène N. Marais se Winternag as vers en lied (1908–2024)*”, wat, ten spyte van sy primêre fokus op toonsettings van Marais se gedig *Winternag*, ’n breedvoerige en sistematiese bespreking van die Afrikaanse lied as genre bevat. Twee ewe belangrike inligtingsbronne bestaan in die vorm van klankdokumentasies. Die een is ’n langspeelplaat, *Die Afrikaanse lied. Historiese SAUK-opnames deur Suid-Afrikaanse sangers* (BRS (W) 418) wat in die “Taaljaar 1975” deur EMI Brigadiers vrygestel is, kennelik met die doel om ’n groot verskeidenheid liedere, komponiste en sangers aan ’n breë publiek bekend te stel. Volgens die binneblad van die plaatomslag dateer die 26 opnames feitlik almal uit die jare “tussen 1940 en 1950”. Dat die vrystelling bedoel was om saam te val met die onthulling van die Afrikaanse Taalmonument net buite Paarl word duidelik gemaak deur die gestileerde tekening van dié monument op die buiteblad van die plaatomslag. Die komponiste wie se liedere op hierdie langspeelplaat verteenwoordig word, is M.L. de Villiers, Dirkie de Villiers, Mornay du Plessis, Arthur Ellis, Gideon Fagan (wat ook vir sommige van die orkesverwerkings op die plaat verantwoordelik was), Anton Hartman, Emiel Hullebroeck, P.J. Lemmer, Ernst Löwenherz, S. le Roux Marais, Sydney Richfield, Dawid Roode, Walther Spiethoff en Arnold van Wyk.

Die ander klankdokument is ’n CD-opname van 27 verteenwoordigende Afrikaanse liedere, wat deur Izak Grové saamgestel is en onder die titel *’n Eeu van Afrikaanse Liedkuns* (2010) verskyn het. Bo en behalwe liedere van komponiste wat in die voorgenoemde opname verteenwoordig is, kan werke van Gerrit Bon, Bosman di Ravelli, Jan Bouws, Pieter de Villiers, Hubert du Plessis, Dawid Engela, Stephen Eyssen, Stefans Grové, Hendrik Hofmeyr, Johannes Joubert, Rudolf Mengelberg, Rosa Nepgen, Johann Potgieter en Roelof Temmingh hier gehoor word. Dié groot aantal name – om nie eens van die sangers te praat nie – verskaf darem ’n voorlopige aanduiding van die omvang van die produksie en resepsie van die Afrikaanse lied vóór die koms van die populêre lied met “band”-begeleiding twee of drie dekades gelede.⁵

’n Verdere vorm van resepsie, naamlik dokumentasies in die vorm van bundels waarin liedere in druk verskyn, word in die loop van die onderstaande bespreking genoem.

Totdat ’n werklik omvattende ondersoek na die Afrikaanse lied in al sy fasette verskyn, een wat ook die hedendaagse perspektief op hierdie kultuurtradisie krities verreken, is dit belangrik dat navorsing op beperkter skaal gedoen word. Voorbeelde van sulke meer spesifieke studies is die bydrae van F.J. van der Merwe oor die liedere van Rosa Nepgen (1984), Heinrich van der Mescht se studies oor die liedere van Hubert du Plessis (1987, 2002 en 2006), Magdalena Oosthuizen se navorsing oor Arnold van Wyk se liedere (2014 en 2022), Alene Holder en Winfried Lüdemann se artikel oor die liedsiklus *Met apologie* deur Roelof Temmingh (2022) en – om dit nogmaals te noem – Izak Grové se ondersoek na toonsettings van Eugène Marais se *Winternag* (2025). Die onderstaande bespreking van Gideon Fagan as liedkomponis moet as ’n bydrae van hierdie aard verstaan word.

Soos alle tipes vokale musiek bestaan ’n lied uit uiteenlopende komponente. Anders gestel: ’n Lied is ’n kruispunt waar diverse semiotiese verwysingssoorte,⁶ betekenisvlakke en vormkragte op mekaar inwerk en waarvan die uiteindelijke resultaat meer beteken as die som van sy dele. Aan die een kant is daar musiekspesifieke faktore wat op die lied inspeel en hul eie

⁵ Volgens Grové (2025:260) het die pianis Anna Bender tot kort voor haar afsterwe in 2004 ’n lys van 541 sodanige Afrikaanse liedere deur 73 komponiste saamgestel.

⁶ Lees Lüdemann (2022) vir ’n breedvoerige bespreking van die semiotiek van musiek, veral bladsye 6-9.

vormende kragte daarop afdruk. Dit is musiekstilistiese elemente soos melodiek, harmoniek, ritmiek, vormskepping en keuse van genre (onder andere of die lied strofies of deurgekomponeer is, of dit deur 'n enkele instrument of deur 'n klein ensemble of “band”, of selfs deur 'n volle orkes begelei word en vir watter teikengehoor dit bedoel is). Aan die ander kant is daar taalkundige en letterkundige faktore wat in die totstandkoming van 'n lied ter sprake is. Uiteindelik gaan dit hier oor die wyse waarop die betekenis, klank, infleksie, rymskema, versmaat en ritme van die gedig⁷ se woorde sowel as die lengte van die onderskeie versreëls deur die musiek vergestalt word, maar ook oor hoe die verbeeldingswêreld van die teks “in eenklank gebring of aangevul [...] word met die andersoortige (verbeeldings-) wêreld wat deur musiek geskep word” (Lüdemann, 2017:590). Op 'n verdere vlak speel die algemeen kulturele sowel as die sosiale, ekonomiese en politieke konteks van 'n lied ook 'n bepalende rol in die uiteindelijke betekenis wat in 'n sodanige kunswerk oorgedra en ervaar word. Om 'n lied volledig te verstaan, moet al hierdie kragte, faktore en verwysingsvlakke in aanmerking geneem word.

Die ooglopende beginpunt vir die geskiedenis van die Afrikaanse lied is die totstandkoming van die Afrikaanse taal en meer spesifiek die Afrikaanse digkuns heelwat meer as 'n eeu gelede. Sedertdien het die lied saam met die verskillende kreatiewe epogge van die Afrikaanse digkuns ontwikkel en oorvleuel dit gedeeltelik met laasgenoemde se onderskeie estetiese en ideologiese verwysingsraamwerke.

Aanvanklik het Afrikaanse liedere vir solostem met klavierbegeleiding redelik wye aanklank gevind – soos hier bo aangedui – maar vanuit 'n huidige perspektief gesien, het slegs enkele daarvan 'n blywende plek in die musikale bewussyn van die meeste Afrikaanssprekendes van vandag verower.⁸ *Oktobermaand* (1925) deur John Pescod, *Heimwee* (1930) van S. le Roux Marais en die *Sewe Boerneefliedjies* (1961) van Pieter de Villiers is voorbeelde van liedere wat wel volksbesit geword het. Daarenteen het die populêre Afrikaanse lied met “band”-begeleiding van die laaste paar dekades tot 'n reusagtige bedryf ontwikkel.

'n Poging om die groot getal en verskeidenheid Afrikaanse liedere te tipologiseer, kom voor 'n taai probleem te staan. Die feit dat die grense tussen verskillende soorte liedere vloeiend is, gaan hand aan hand met 'n gebrek aan gepaste terminologie waarmee hierdie liedere noukeurig gedefinieer of van mekaar afgegrens kan word. Die term “kunslied” is 'n voorbeeld hiervan. Die FAK het enkele dekades gelede 'n bundel liedere met die titel *FAK-Kunsliedbundel* gepubliseer (1984), en in die voorwoord word spesifiek na die “Suid-Afrikaanse Kunslied” verwys. Die bundel bevat bydraes van sulke uiteenlopende komponiste soos Jan Bosman di Ravelli, S. le Roux Marais, Anton Hartman, Arnold van Wyk, Hubert du Plessis en Stefans Grové. Terwyl laasgenoemde drie komponiste beslis bedoel het dat hul liedere op “kuns”-status aanspraak maak, sou die werke van Bosman en Marais dalk eerder as “musikale kleinkuns” bestempel kan word.⁹ 'n Jaar vroeër verskyn die bundel *Liefdeswee*. 'n *Keur van Afrikaanse Kunsliedere*, versamel deur Anna Bender. Die term “kunslied” word hier meer konsekwent op werke met “kuns”-status toegepas. Die bundel sluit liedere in van Judith Brent-Wessels, Pieter de Villiers, Mornay du Plessis, Stewart Hylton Edwards, Arthur Ellis, Gideon en Johannes Fagan, Lourens Faul, Blanche Gerstman, Con Lamprecht en John Pescod. Ook Potgieter (1967) se gebruik van die term “kunslied” moet in hierdie konteks gelees word. Soortgelyke

⁷ Dit gebeur selde dat 'n prosateks as 'n lied getoonset word.

⁸ Lüdemann (2017:590-591) bevat 'n omvattende bespreking van hierdie toedrag van sake.

⁹ Ek is dank aan my kollega Izak Grové verskuldig vir die voorstel van hierdie term.

verwarring heers by die terme “populêre” en “kontemporêre” lied wat vandag vryelik, onderling uitruilbaar en sonder kritiese besinning gebruik word.¹⁰ Met die volle besef van hierdie terminologiese probleme bied ek die volgende tipologie aan.

’n Oorsig oor die Afrikaanse lied sal eerstens voorsiening moet maak vir ’n groot aantal Afrikaanse volksliedjies en patriotiese liedere, waarvan baie tot diep in die negentiende eeu terugreik en waarvan die name van die skeppers dikwels nie meer onthou word nie, sowel as vir die toonsettings van gedigte uit ’n ontlukende Afrikaanse digkuns deur ’n eerste generasie van komponiste (soos diegene wat hier bo genoem is) en wat duidelike raakpunte toon met die styl van die 19de-eeuse Duitse kunslied of die Engelse salonlied; verder sal dit voorsiening moet maak vir die eerste populêre liedere van kunstenaars uit die werkersklas (soos die Briels); die “Afrikaanse kunslied”, wat met Arnold van Wyk, Hubert du Plessis en Rosa Nepgen se bydraes beslag gekry het (en met die werk van Hendrik Hofmeyr tot vandag toe nog sy aktualiteit en lewenskragtigheid toon); Boeremusiek-geïnspireerde liedere soos dié van Groep Twee; die Afrikaanse treffers van Min Shaw, Lance James, Carike Keuzenkamp of Gé Korsten; die sogenaamde luisterlied van die Musiek en liriek-beweging gedurende die tagtigerjare (Anton Goosen, Laurika Rauch en talle andere); die Afrikaanse koorlied (’n genre wat tot dusver slegs deur ’n klein aantal komponiste beoefen is en nog feitlik geen wetenskaplike aandag getrek het nie, maar waar veral ’n komponis soos Pieter de Villiers vermelding verdien); en dan die ontploffing van “kontemporêre” Afrikaanse liedere van die laaste dekade of drie en die talle sub-genres waarin dit manifesteer (soos die musiek van Spoegwolf of Die Heuwels Fantasties, om maar net twee groepe te noem).

’n Blik op Gideon Fagan (1904–1980) se klein, maar belangrike bydrae tot die Afrikaanse liedkuns moet dus in hierdie konteks geplaas word.¹¹ Die dertien liedere wat Fagan nagelaat het, is ongeveer eweredig oor sy loopbaan versprei en is verteenwoordigend van die verskillende stylperiodes waarin sy oeuvre verdeel kan word. Dus kan die stilistiese ontwikkeling van hierdie merkwaardige komponis treffend aan die hand van sy liedere gevolg word. Dit is nie algemeen bekend dat Fagan – as dirigent en later as hoof van Musiek by die SAUK – ook ’n groot aantal liedere van ander komponiste vir orkes en solisties of selfs vir orkes en koor vir uitsending in die SAUK se radioprogramme verwerk het nie (vergelyk werklys). Hierdie altesaam 58 verwerkings verteenwoordig ’n heeltal eiesoortige bydrae tot die disseminasie van die Afrikaanse lied. Sommige daarvan kan op die voorvermelde langspeelplaat gehoor word.

Fagan se liedere val in twee van die bogenoemde kategorieë. Sy eerste liedere ontstaan in aansluiting by die vroeë Afrikaanse lied met klavierbegeleiding. Latere liedkomposisies moet daarenteen eerder as “kunsliedere” met klavier-, simfonieorkes- of kamerorkesbegeleiding geklassifiseer word. Weliswaar is die grense tussen hierdie twee genres by Fagan vloeiend.

Gideon Fagan as komponis – die drie stylfases

Hoewel Fagan se beroepslewe gefokus was op werk met orkeste en op orkesmusiek van uiteenlopende aard het sy belangstelling in die lied hom altyd bygebly en het hy reg deur sy loopbaan bydraes tot hierdie genre gelewer, so veel so dat sy liedere ’n getroue refleksie van sy ontwikkeling as komponis bied. ’n Noukeurige ondersoek van hierdie ontwikkeling toon dat sy oeuvre in drie kreatiewe fases verdeel kan word. Elk van hierdie fases word gekenmerk

¹⁰ Hierdie terminologiese verwarring is nie uniek tot die Afrikaanse taal nie.

¹¹ Omvattende biografiese besonderhede oor Gideon Fagan word verskaf in Lüdemann (2018a; 2018b en 2023/2024) en hoef nie hier herhaal te word nie.

deur eiesoortige stylkenmerke en voorkeure vir bepaalde genres wat dan later weer prysgegee word. Hoewel die drie fases nie heeltemal waterdig van mekaar geskei kan word nie, toon elkeen tog eiesoortige kenmerke (lees Lüdemann, 2023/2024 vir 'n eerste poging om hierdie fases te dateer en tipeer).

Die **eerste stylfase** eindig in die laat 1930's. In hierdie fase het die jong Fagan hom toegespits op die komposisie van liederes vir solostem met klavierbegeleiding in 'n toeganklike tonale idioom in navolging van ouer komponiste soos Sydney Richfield, Stephen Eyssen, S. le Roux Marais of Petrus Lemmer. Dit is afgewissel met enkele kamermusiek- en orkeswerke, bv. 'n *Nocturne* vir houtblasers en strykers (1926, in 1930 verwerk vir viool en klavier). Hierdie liederes kan, in pas met bogenoemde bespreking, as musikale kleinkuns beskryf word. Fagan se styl toon op dié stadium betreklik min eenvormigheid en die indruk ontstaan dat hy nog op soek na sy eie stem is en selfs twyfel of sy roeping verder gaan as dié van 'n baie knap geleentheidskomponis.

Die **tweede stylfase** strek van die vroeë veertiger jare tot ongeveer 1958 en val breedweg saam met sy loopbaan as dirigent in Engeland. Werke uit hierdie periode van volwasse meesterskap toon Fagan se groeiende belangstelling in ander genres as die lied, en getuig – ná sy deeglike opleiding aan die Royal College of Music in Londen van 1923 tot 1926 – van sy blootstelling aan die musiek van toonaangewende Engelse komponiste soos Ralph Vaughan Williams en die film- en teatermusiekkomponis Ernest Irving (lees Malan, 1982:40, waar die “lang verbintenis” met Irving spesifiek genoem word). Laasgenoemde komponis se invloed kan veral waargeneem word in die vyf stukke stemmingsmusiek wat Fagan in 1954 in opdrag van die Chappell Library in Londen geskryf het, met die titels *Pastoral Montage*,¹² *The Haunted House*, *Playtime Waltz*, *Motif for Murder* en *Kampala Kraal-Dance*. Hierdie vyf stukke toon hoe deeglik Fagan die heersende Anglo-Amerikaanse teater- en filmmusiekstyl van Irving, maar ook van komponiste soos Max Steiner en Miklós Rózsa sy eie gemaak het. Ander werke uit hierdie tyd sluit in die toondig *Ilala* (1941, gebaseer op musiek vir 'n film oor David Livingstone), twee *Slampamperliedjies* op gedigte deur C. Louis Leipoldt (1941) vir orkes- en/ of klavierbegeleiding, die *Konsertouvertuur in D* (1954) en die suite vir klavier en orkes *Heuwelkruin* (ook 1954). Soos in sy eerste fase is dit nie duidelik of Fagan homself op hierdie stadium reeds in alle erns as komponis beskou het nie, al was dit net as deelydse komponis, en of hy eerder aan homself as geleentheidskomponis gedink het. Die stemmingsmusiek, die verwerkings van tradisionele liedjies onder die skuilnaam Albert Diggenghof (sien Malan 1982:40) en die orkestrasie van talryke ander Afrikaanse komponiste se liederes sou laasgenoemde opvatting bevestig. Aan die ander kant is daar die Leipoldt-liederes en die orkeswerke wat wel as ernstige komposiepogings beskou moet word.

Fagan se **derde stylfase** begin in die laat 1950's¹³ en oorvleuel met sy terugkeer na Suid-Afrika. Dit kry finale beslag in die tyd ná sy aftrede by die SAUK en sy aanstelling as senior lektor in orkestrasie en komposisie by die South African College of Music, Universiteit van Kaapstad in 1967. Die eerste aanduiding van 'n styl wat wegbreek van die welluidende tonale musiek wat hy tot en met die *Heuwelkruin-suite* en die *Konsertouvertuur in D* (beide dateer uit 1954) geskryf het, kan in die indrukwekkende *Nonet* van 1958 gehoor word, 'n werk wat hy in opdrag van die Tsjeggiese Nonet geskryf het, dalk na aanleiding van hierdie hoogs

¹² Dit blyk dat dele hieruit onder die titel *The Windmill: Interlude* op die BBC se televisiekanaal uitgesaai is om pouses tussen programme te oorbrug.

¹³ Hierdie datering wyk af van die een wat ek in Lüdemann (2023/2024) voorgestel het en moet as 'n korreksie van daardie gegewens beskou word.

aangeskrewe ensemble se toer deur Suid-Afrika in 1957 (Malan, 1982:41).¹⁴ Aan die einde van 1973 het Fagan finaal op Betty's Baai afgetree en voortaan al sy tyd aan komposisie gewy. In die werke van hierdie laaste stylfase komponeer hy musiek in wat hy sy "internasionale styl" genoem het.¹⁵ In dié komposisies ontwikkel hy 'n heeltemal nuwe, meer moderne, sterk dissonante en hoogs persoonlike toonspraak. Dit is op gelyke vlak met die musiek van Paul Hindemith (veral die *Nonet*), die laaste werke van Ralph Vaughan Williams, Béla Bartók en die konsertmusiek van Miklós Rózsa, sowel as Benjamin Britten se *War Requiem*. In hierdie net meer as twintig jaar het Fagan dus 'n aantal grootskaalse werke geskryf waarin hy nie net uiteindelik sy eie stem gevind en tot sy ware wese as komponis, gestroop van alle geleentheidswerk, deurgedring het nie, maar ook bestekopname van sy lewe as kunstenaar geneem het en waarmee hy hom as een van die mees vooraanstaande Suid-Afrikaanse komponiste gevestig het. As dit nie hiervoor was nie, sou hy maar net nog een van die talle middelslag Suid-Afrikaanse komponiste gewees het wat in ons musieklewe aanwesig is. Naas die *Nonet* sluit die werke in hierdie laatstyl in: die sangsiklus *My lewe* met gedigte van Totius (1970), die lied *Ek sal opstaan* vir stem en klavier met woorde van W.E.G. Louw (1972), die *Suite for Strings* (1974), die *Karoo-simfonie* (1976) en die oratorium *Één Vaderland* (1978).

Die liedere

Die werklys in Malan (1982:41-42) gee te kenne dat al Fagan se liedere (behalwe *I had a dove*, wat deur Schott in Londen uitgegee is¹⁶) slegs in manuskripvorm bestaan. Desnieteenstaande was enkele van sy liedere reeds gedurende sy leeftyd taamlik wyd bekend en gereeld uitgevoer, opgeneem, uitgesaai en uiteindelik as transkripsie-opnames deur die SAUK vrygestel. Hierdie resepsie duur tot in die 2020's voort en sluit buiten die genoemde transkripsie-opnames ook LP- en CD-vrystellings en aanlyn opnames deur sangers soos Mimi Coertse, Nellie du Toit en, heel onlangs, Hanli Stapela in. Insgelyks vind 'n aantal van hierdie werke insluiting in liedbundels wat deur Anna Bender vir DALRO saamgestel en gepubliseer is – die werklys in Malan (1982) reflekteer hierdie publikasies nog nie. *Sing sag menig lied... 'n Versameling toonsettings van die verse van A.G. Visser* (1978) en *Liefdeswee. 'n Keur van Afrikaanse Kunsliedere* (1983) is voorbeelde. Die twee *Slampamperliedjies* verskyn in die *FAK-Kunsliedbundel* (1984) onder aanvanklike redaksie van Anton Hartman en later van Chris Swanepoel. Daarenteen wag die twee liedwerke uit die derde stylfase nog op publikasie en wyer resepsie.

Fagan se **vroeë liedere** wissel in styl en gehalte. Die bekoorlikste van al hierdie werke is ook die komponis se vroegste lied met klavierbegeleiding *I had a dove* (1929) van 'n teks van John Keats.¹⁷ Die Afrikaanse vertaling (*Die duifie*) wat saam met die Engelse teks in die Schott-uitgawe verskyn, is deur die komponis self behartig. Die lied is aan sy moeder opgedra.

¹⁴ My uitgebreide pogings om die partituur van hierdie werk op te spoor, was tot dusver onsuksesvol en ek is bevrees dat dit verlore gegaan het. Daar bestaan nitemin 'n pragtige opname daarvan soos vertolk deur lede van die SAUK se simfonieorkes (ongeveer 1964).

¹⁵ Vir 'n bespreking van Fagan se eie beskrywing van wat hy daarmee bedoel, raadpleeg Lüdemann (2018:69).

¹⁶ Oor die datum van hierdie publikasie is daar tans onduidelikheid. Volgens die werklys in Malan (1982:41) is die publikasiedatum 1929, terwyl die kopie waarin ek insae het, 1931 as datum aandui.

¹⁷ 'n Lied met orkesbegeleiding, *Wagter op die toring*, het reeds in 1926 ontstaan (Malan, 1982:41), terwyl Fagan sy min of meer gelyktydige toonsetting van C.J. Langenhoven se gedig *Die stem van Suid-Afrika* later teruggetrek het (vergelyk werklys aan die einde van die artikel).

Daar bestaan ook 'n orkestrasie van hierdie lied, wat na alle waarskynlikheid deur Fagan self gemaak is. Die werk toon dat Fagan op hierdie stadium reeds 'n komponis was wat sy plek kon vol staan tussen die ander Suid-Afrikaanse komponiste wat in daardie tyd aktief was. Nogtans is dit my indruk dat hy toe nog nie presies geweet het of hy hom werklik op komposisie moet toespits en of hy eerder op sy loopbaan as dirigent moet fokus nie. Sy loopbaan as dirigent in Engeland het twee jaar vantevore (1927) in alle erns begin, en sy komposies uit hierdie tyd moet dus as geleentheidswerke beskou word. Dit verklaar waarom sy liederes op dié stadium nog nie tekens van 'n werklik persoonlike styl toon nie, hoe gesofistikeerd, verbeeldingryk en tegnies afgerond hulle ook al was.

'n Kort bespreking van *Die duifie* en enkele ander liederes uit Fagan se vroeë fase dien om die stand van sy vaardigheid as komponis op daardie stadium te belig. In *Die duifie* vertel die digter oor 'n duifie wat 'n ruk lank in sy besit was, maar dan dood is, kennelik van hartseer en heimwee, en hoe jammer hy is dat die voël hom verlaat het. Die komponis slaag daarin om met 'n byna deklamatoriese melodiek en 'n deursigtige begeleiding die stemming van die gedig treffend vas te vang. Die lied kan in drie seksies onderverdeel word, waarvan die derde seksie duidelike tematiese verwysings na die eerste een bevat (mate 1 tot 11, 11 tot 18 en 19 tot 27). Die tweede seksie (sien Notevoorbeeld 2) val saam met die wending in die gedig, waar die verteltrant van die begin eindig en die duifie nou direk aangespreek word. Dit gaan gepaard met 'n modulاسie van die tonika G-mol majeur na die dominant op D-mol majeur. Die lied toon nie net die komponis se sensitiewe musikale hantering van die gedig se vormverloop nie, maar ook sy voorkeur vir gesofistikeerde harmoniek in die vorm van vier-, vyf- en sesklanke. Dit kan reeds in die kort klavierinleiding (wat in die coda sy herverskyning maak) waargeneem word, waar die baslyn 'n progressie van D-mol na G-mol (dus dominant na tonika, mate 1 tot 3) suggereer, terwyl daar in die boonste stemme nooit 'n drieklank op die dominant verskyn nie; die note is byna almal verklaarbaar in terme van die sesklank op D-mol:

Notevoorbeeld 1

VOICE (Stem) *Con moto teneramente* *p*

I had a dove and the sweet dove died;
 Ek het 'n duif - ie ge - had maar hy's dood;

PIANO (Klavier) *p dolce* *pp legato*

Gideon Fagan: *Die duifie* (Schott & Co., 1931), mate 1–4

Iets soortgelyks kan aan die begin van die tweede seksie gehoor word. In mate 11 en 12 word die indruk van 'n modulاسie na A-mol geskep, maar dit blyk dat die A-mol in die bas van maat 12 nie die tonika van die nuwe toonsoort is nie, maar die grondtoon van die vyf-, ses- en seweklank op die dominant van D-mol. Die toonhoogtes in die solostem (G-mol en D-mol, mate 12 en 13), wat op hulle eie eerder in die konteks van die oorspronklike tonika G-mol gehoor sou kon word, word egter met die ses- of seweklank op A-mol harmonies nuut gedefinieer. Die nuwe tonika D-mol word eers teen die einde van maat 15 bereik.

Notevoorbeeld 2

weav - ing. het. Sweet Dier - bu - re dui - fe! Why - should you die

moes jy dan gaan

Why - should you leave me, sweet bird! why?

moes jy my ver laat?

Gideon Fagan: *Die duifie* (Schott & Co., 1931), mate 11–15

Dit verbaas nie dat hierdie lied destyds deur die uitgewer Schott & Co. as treffend genoeg geag is om gepubliseer te word nie. Vir 'n jong en onbekende komponis was dit 'n besondere prestasie.

Fagan se drie liedere van gedigte van A.G. Visser dateer uit 1930. Hulle het uiteindelik in 1978 in die bundel *Sing sag menig 'lied ...* in druk verskyn, wat deur Anna Bender saamgestel en deur DALRO en SAMRO uitgegee is. Dié liedere toon nie 'n eenvormige komposisiestyl nie en verteenwoordig dus nie 'n verderontwikkeling van die stilistiese stand wat in *Die duifie* bereik is nie. Dit bevestig weer eens die stelling hier bo dat Fagan op daardie stadium nog nie seker was van sy roeping as komponis nie en dat hy nog onseker was oor die stilistiese rigting wat hy bestem was om in te slaan.

Visser se gedig *Klein sonneskyn* vertel van die liefde van 'n moeder vir haar klein seuntjie wat op tragiese wyse gedurende 'n koue winter nag verklum het. Die ontvouing van die verhaal word in vyf emosioneel uiteenlopende kwatryne vertel. Die komponis se besluit om die eerste vier van hierdie kwatryne op min of meer strofiese wyse te toonset, sluit by voorbaat 'n sensitiewe verklanking van die wisselende emosionele karakters van elke kwatryn uit. Slegs by die laaste kwatryn gee hy gestalte aan die wending wat in die teks voorkom. Gevolglik doen dit vreemd aan dat daar geen wesenlike verandering in stemming plaasvind nie wanneer die musiek die beskrywing van die liewe, dartelende en blye kind verklank (mate 1 tot 12; sien Notevoorbeeld 3) teenoor die volgende strofe se verwysing na sy tragiese verkluming. Dit kan dalk as 'n gebrek aan verbeelding of vernuf by die andersins baie vaardige jong komponis uitgewys word.

Stilisties kan daar duidelike aanklanke aan die harmoniese idioom van 19de-eeuse komponiste soos Robert Schumann gehoor word. Reeds in die kort klavierinleiding, wat soos 'n klein ritornello ook elders in die lied voorkom, herinner die gebruik van die verminderde vierklank op die leitoon van die dominant (maat 1, derde maatslag) en die vierklank in sy laaste omkering (maat 2, derde maatslag) sterk aan die styl van Schumann. 'n Begeleidings-

figuur wat grootliks uit herhaalde akkoorde in 'n stadige harmoniese ritme bestaan, kom ook by 'n komponis soos Franz Schubert voor.

Notevoorbeeld 3

Molto moderato con moto

Net soos 'n

lam - me - tjie so lief so dar - tel en so bly, Het hy

Gideon Fagan: *Klein sonneskyn* (A. Bender: *Sing sag menig' lied*, 1978:59), mate 1–7

Die *Lied van die Wonderboom* verken die sentiment van liefde op die grens van erotiek. Dit gaan om 'n boom wat sy skaduwee bied aan 'n intieme ontmoeting tussen twee verliefdes. Daarom is dit gepas dat Fagan se toonsetting daarvan minder op die klankwêreld van die Romantiek geskoei is as op dié van die Impressionisme. Hoewel daar heelwat herhaling van tematies materiaal voorkom, word die vorm van die lied eerder as deurgekomponeer dan as strofes ervaar, ooreenstemmend met die poging van die komponis om aan alle nuanses in die teks reg te laat geskied. Gedagtig aan sy ontstaansdatum (1930) is die lied dus baie meer eietyds as die ander twee Visser-liedere en betree die komponis hiermee 'n klankwêreld waarheen die meeste ander vroeë Suid-Afrikaanse liedkomponiste hom nie kon volg nie. Die volgende twee notevoorbeelde illustreer hierdie stelling. In mate 17 en 18 word die woorde “Koel is die skaduwee, sag vloei die stroom” baie treffend met 'n D majeurakkoord met toegevoegde sekst wat oplos op 'n vyfklank op D met verlaagde septiem verklank.

Notevoorbeeld 4

Un poco meno mosso

Koel is die ska - - - du - we.

sag vloei die stroom

Gideon Fagan: *Lied van die Wonderboom* (A. Bender: *Sing sag menig' lied*, 1978:66), mate 17 en 18

In mate 39 en 40 bevat die klavierbegeleiding 'n figurasië en 'n toonleer wat eers gedeeltelik en dan volledig op die heelttoon-toonleer E-F#-G#-A#-C-D-E gebaseer is. Die heelttoon-toonleer verteenwoordig een van die mees kenmerkende toonkonstruksies in Impressionistiese musiek en dit verleen aan hierdie lied 'n heel besondere ekspressiwiteit.

Notevoorbeeld 5

mf *cresc.*

Cadenza: ad lib. *ff* *mf*

Gideon Fagan: *Lied van die Wonderboom*, (A. Bender: *Sing sag menig' lied*, 1978:70), mate 39 en 40

Waarom hierdie virtuosiese figurasië, wat 'n maat later selfs op 'n ekstasiëse “Cadenza” uitloop, die woord “doof” in die solostem verklank, moet uit die breër samehang van die gedig vertolk word. Dit gaan hier om liefde wat onder die koel fluisterende blare van die Wonderboom voltrek sonder dat dit “beloer of beluister” word: “... want liefde alleen kan aan die oomblikke duurte verleen!” Die herhaalde sugte op die laaste woord “Doof!” kan seker op dieselfde wyse vertolk word. Dat die lied egter nie in alle opsigte oortuig nie, kan waargeneem word in die effens verbeeldinglose melodiese ingewings vir die solostem in die eerste helfte van die lied, veral in mate 11 tot 14, waar die stem by die woorde “... send dan aan hom wat jou hart reeds bemin heimlik 'n brief met die boodskap daarin ...” niks anders as 'n geleidelik tragsgewys stygende majeurtoonleer sing nie.

Van Fagan se drie Visser-liedere kan *Omdat die dood* ... dalk as die mees oortuigende skepping geld. 'n Bejaarde sing oor die beminde wat hom op 'n jeugdige ouderdom ontval en die skoonheid wat sy in sy geheue agtergelaat het en wat hom altyd sal bybly. Dié aangrypende gedig het die komponis geïnspireer tot 'n ewe aangrypende toonsetting wat met treffende tematiese ingewings en gesofistikeerde harmoniek beïndruk. Die vormverloop van die toonsetting kom egter effens vreemd voor, omdat die komponis die strofiese indeling van die teks nie noukeurig respekteer nie. Terwyl die wending in die gedig aan die begin van die derde strofe intree, bring die komponis reeds in die middel van die tweede strofe (vanaf maat 21) die sterkste musikale kontras van die lied tot stand, juis op 'n plek waar dit die gedagtegang van die teks onderbreek. Deur die herhaling van hierdie kontrasterende tematiese materiaal aan die begin van die derde strofe (maat 28) verloor die eintlike wending in die teks dan sy effektiwiteit. Hoewel die lied in 'n drieslagmaat is, bevat dit elemente van 'n dodemars. Die D, as tonika van D mineur, wat in die klavier se linkerhandparty in ononderbroke agstenote van die begin tot aan die einde herhaal word, sowel as 'n opvallende trioelfiguur wat die begin en einde van die onderskeie vormseksies in die lied artikuleer en herinner aan 'n roffel op 'n trom, is musikale idees wat ook bv. plek-plek in die dodemars van Chopin se tweede klaviersonate voorkom. Dit is hierdie tematiese ingewings, tesame met 'n harmoniese gesofistikeerdheid wat uit die deurlopende aanwending van drie-, vier- en vyfklanke bo 'n diatonies bewegende baslyn spruit en waarmee Fagan die meeste van sy tydgenote oortref, wat aan die lied sy aantreklikheid verleen.

Notevoorbeeld 6

The musical score is for a piece titled 'Omdat die dood ...' by Gideon Fagan. It is written in 3/4 time and marked 'Largo lamentoso'. The score consists of a vocal line and a piano accompaniment. The vocal line has lyrics in Afrikaans: 'Om - dat die Dood so vroeg vir jou Ge - skeur het van my sy Sal'. The piano accompaniment includes dynamic markings like 'p', 'pp', and 'ppp', and a tempo marking 'sempre molto sostenuto'.

Gideon Fagan: *Omdat die dood ...* (A. Bender: *Sing sag menig' lied*, 1978:72), mate 1–7

Die hoogtepunt van Fagan se liedskepping gedurende sy eerste stylperiode word bereik met liedere wat ontstaan het toe sy loopbaan as gesogte dirigent in Engeland reeds vol op dreef was. Daarom verbaas dit nie dat hy vir hierdie liedere Engelse gedigte, en wel deur die 19de-eeuse digter Lord Byron gekies het nie. Volgens die werklys in Malan (1982:41) dateer dié twee Byron-liedere onderskeidelik uit 1935 (*She walks in beauty*) en 1937 (*Elegy*) (dit is waarskynlik dat hierdie inligting deur die komponis self nog voor sy dood in 1980 aan Malan verskaf is). Slegs die tweede van hierdie liedere was egter aan my toeganklik, en die vraag ontstaan of die outograaf of 'n afskrif van die eerste werk nog iewers bewaar word. Die weergawe van *Elegy* tot my beskikking is 'n afskrif deur 'n onbekende kopiis. Die datum word duidelik as Desember 1934 aangedui en wyk dus van Malan se datum af. Volgens die werklys wat die SAUK aan my beskikbaar gestel het, bestaan daar 'n ongedateerde orkesweergawe van die lied. Verwys die datum 1937 by Malan dalk na hierdie weergawe eerder as na die klavierweergawe? Verklar dit die diskrepansie?

Dat *Elegy* nie in druk verskyn het nie, is seker daaraan te danke dat dit op 'n Engelse gedig gebaseer is en dus nie in die Afrikaanse bundels van Anna Bender of die FAK opgeneem kon word nie.

Terwyl liedere soos *Die duifie* dalk nog as “musikale kleinkuns” beskou kan word, geld *Elegy* beslis as 'n kunslied. Hoewel dit kennelik vir 'n Engelse publiek bedoel is, moet die lied sekerlik as een van die betekenisvolste bydraes tot die Suid-Afrikaanse liedkuns van daardie jare gereken word. Die stemparty wissel tussen deklamatoriese en liries-melodiese tektoonsetting terwyl die begeleiding 'n ewe deurdagte interpretasie van die strekking van die gedig lewer. Die drie-, vier- en vyfklanke in 'n meestal baie stadige harmoniese ritme in die klavier word aangevul met 'n begeleidingsfiguur van ossillerende derdes in die regterhandparty, wat soos 'n ostinato die loop van die musiek vir groot dele bepaal en na gelang van die stemming met veranderinge in tekstuur verryk of getransponeer word (Notevoorbeeld 7; vgl. die soortgelyke funksie van die herhaalde noot D in *Omdat die dood ...*). Die hartseer effek daarvan is dalk deur die woorde “and the wild cypress wave in tender gloom” (sien mate

14 en 15, waar hierdie geval van toonskildering voorkom) of “and oft by yon blue gushing stream shall sorrow lean her drooping head” (Notevoorbeeld 8 hier onder) geïnspireer. Hoewel hier en daar herhalings van tematies materiaal voorkom, word die gedig se drie strofes elk in eie reg getoonset. Terwyl die hooftoonsoort E mineur die eerste en derde strofes se tonale omgewing bepaal, sentreer die tweede strofe rondom vier- en ander klanke bokant D in die bas, wat veral as eerste omkering van die vierklank op die dominant B, en later selfs as eerste omkering van die verminderde vierklank op B (bv. maat 26) figureer. Die volgende drie Notevoorbeelde illustreer al hierdie kenmerke treffend:

Notevoorbeeld 7

The musical score for 'Elegy' by Gideon Fagan, measures 1-7, is presented in E minor, 4/4 time, marked 'Lento'. The score consists of a vocal line and a piano accompaniment. The piano part includes a 7-measure rest in the first system and a 7-measure rest in the third system. Dynamics include *pp* and *ppp*. The lyrics are: 'Oh snatched a way in beauty's bloom. On thee shall press no pom-derous'.

Gideon Fagan: *Elegy* (Manuskrip; aangehaal met toestemming van Suzette Lombard, SAUK Musikbiblioteek), mate 1–7

Notevoorbeeld 8

And oft by yon blue gush-ing
stream shall sor-row lean her droop-ing head And

Gideon Fagan: *Elegy* (Manuskrip; aangehaal met toestemming van Suzette Lombard, SAUK Musiekbiblioteek), mate 164–170

Notevoorbeeld 9

We know that tear are vain, that death nor heeds nor hears dis-stress

Gideon Fagan: *Elegy* (Manuskrip; aangehaal met toestemming van Suzette Lombard, SAUK Musiekbiblioteek), mate 374–378

In teenstelling met die taamlik wye resepisie van Fagan se Afrikaanse liederes in die vorm van publikasies, uitvoerings en opnames is die Byron-liederes tot vandag toe grootliks onbekend, en die moontlikheid bestaan dat *She walks in beauty* selfs verlore is. Vir 'n mezzo-sopraan/bariton en 'n pianis sal 'n uitvoering van *Elegy* egter wel 'n lonende projek wees – om nie te praat van 'n uitvoering van die orkesweergawe nie.

Die ander liederes uit Fagan se vroeë stylperiode (*Wagter op die toring*, *Die nag*, *Die bergblommetjie* en, soos reeds vermeld, *She walks in beauty*) was nie vir my toeganklik nie en word gevolglik in hierdie bespreking buite rekening gelaat.

Fagan se volgende twee liederes dateer uit 1941 en kan dus in sy middelste skeppingsperiode geplaas word. Dit val op dat hy, te midde van sy intense betrokkenheid by die Engelse musiekbedryf as dirigent, werwerker, orkestreerder en komponis van bykomstige musiek vir rolprente en teateropvoerings tydens die donker jare van die Tweede Wêreldoorlog (sien Malan, 1982:40), juis twee Afrikaanse gedigte uit C. Louis Leipoldt se bundel *Slampamperliedjies* as onderwerp gekies het. Leipoldt se bundel het pas vantevore verskyn (1936) en volgens die inskripsies in Bender (1980:70 en 80) het beide liederes gedurende September 1941 in Whaley Bridge, Cheshire ontstaan. Heimwee na die land van sy geboorte kan seker hiervoor as rede geld. Die liederes het uiteindelik in Bender se bundel *So Sing ook die Hart ...* (1980), enkele

maande ná die komponis se afsterwe, sowel as in die *FAK-Kunsliedbundel* (1984) in druk verskyn. Fagan se bogenoemde ervaring as musikus kan duidelik in die styl van hierdie werke waargeneem word. Terwyl *Eis van die vonk* 'n lied met klavierbegeleiding is – 'n verwerking vir orkes het later gevolg – is *Wys my die plek* volgens die werklys in Malan, 1982:41 van die begin af vir solostem met orkesbegeleiding gekonsipieer (in Bender, 1980:80 verskyn die lied egter met klavierbegeleiding).

Daar is 'n opvallende verskil in styl tussen die twee liedere. *Eis van die vonk* is die korter en eenvoudiger en dalk ook die minder indrukwekkende een van die twee. Die algemene styl daarvan verskil nie veel van Fagan se vroeëre liedere nie, maar al is die melodie steeds taamlik drieklankgebonde vertolk dit die nuanses van die teks met besondere noukeurigheid. Die vorm is strofies, hoewel die tweede strofe ter wille van die betekenis van die teks heelwat van die eerste een afwyk. Die begeleiding bestaan meestal uit blokakkorde in grondposisie met 'n betreklik reëlmatige ritme. Fagan se voorliefde vir vyf-, ses- en seweklanke in verskillende skakerings bo 'n diatonies bewegende baslyn is hier weereens opvallend. Hierdie stylkenmerke kan in die volgende uittreksel waargeneem word.

Notevoorbeeld 10

Allegro

mp Eis van die vonk wat

poco rit. *a tempo*

mp spar - - - tel, sy goud as sie - raad 'n rug,

f *dimin. e rit.* *p* *a tempo*

vta van die vis wat dar - - - - - tel, 'n

poco rit. *p* *poco meno mosso*

lam - mer - woord of sug - - - of

Gideon Fagan: *Eis van die vonk*, (A. Bender: *So Sing ook die Hart ...* 1980:67), mate 1–11

Daar kom ook heel treffende voorbeelde van toonskildering voor, soos die dalende leggiero-toonleer in maat 8 om 'n dartelende vis uit te beeld en die heeltoon-toonleer in maat 13 om die branders van die see na te boots. Veral indrukwekkend is die dalende chromatiese lyn in die stemparty by die woorde “of laat die branders van die see 'n antwoord op jou vrae gee” (mate 12 tot 16) en, in die tweede strofe, by “En net so in die skemerswart van jou vergeetheid blink my hart” (mate 29 tot 33).

Die omvang van *Eis van die vonk* word in Fagan se ander *Slampamperlief* ver oortref. *Wys my die plek* is 'n grootskaalse lied met orkesbegeleiding wat met sy simfoniese omvang aan die orkesliedere van Gustav Mahler herinner, al verskil dit in styl, en oortref al sy vroeëre liedere ten opsigte van lengte en ekspressiewe gesofistikeerdheid. Dié voortreflike lied getuig van Fagan se vertrouwdheid met die destydse Engelse musiekbedryf en die soort musiek wat by voorkeur op Engelse teater- en konsertverhoë uitgevoer is (sien die verwysing na Ernest Irving hier bo).¹⁸ Dienooreenkomstig word die werk se liedkarakter oorskadu deur 'n dramatiese verklanking van simfoniese dimensies. 'n SAUK transkripsie-opname van die lied is in ongeveer 1964 vrygestel met Nellie du Toit as solis, saam met die SAUK Simfonieorkes onder leiding van die komponis self. 'n Opname van die klavierweergawe van die lied is deur Ina Snyman (sopraan) en Anna Bender (klavier) op die internet vrygestel (ek kon die datum daarvan nie bepaal nie). In die geheel gesien, moet *Wys my die plek* as 'n hoogtepunt in die Afrikaanse liedkuns van daardie tyd beskou word.

Die lied is te lank om hier volledig ontleed te word (dit beslaan meer as 80 mate teenoor die 27 van *Die Duifie*). Daarom word slegs enkele eienskappe uitgewys. Ooreenkomstig die vorm van die gedig kan die lied in drie strofes verdeel word, wat almal op soortgelyke wyse begin, ook elders soortgelyke tematiese materiaal bevat (bv. op die woorde “Kyk, dis dieselfde”), maar die teks origens op eie wyse interpreteer. Om 'n mate van afronding te bewerkstellig, toon die eerste en derde strofes 'n groter mate van ooreenkoms met mekaar as met die tweede.

Soos in sy vroeëre liedere toon Fagan ook in hierdie lied 'n voorliefde vir vier-, vyf- en sesklanke binne 'n steeds tonale omgewing bo gewone drieklanke, om die grootliks deklamatoriese melodie te harmoniseer. Maar die ontplooiing van hierdie sameklanke is baie meer gesofistikeerd as voorheen en toon, soos reeds vermeld, die invloed van die styl van die Engelse konsert- en teatermusiek van daardie tyd. Dit skep die indruk van terughoudings wat baie lank neem om opgelos te word, of glad nie oplos nie, en skep sodoende die effek van klanke wat sonder eenduidige harmoniese fondament bokant 'n baslyn swewe. In hierdie sin is die styl nader aan dié van die Impressionisme as aan die sterk dissonante chromatiek van die Europese laat-Romantiek of die atonaliteit van die Duitse Ekspressionisme. Soos reeds genoem, kan Fagan se blootstelling aan Engelse komponiste wat tot 'n mindere of groter mate 'n Impressionistiese klankideaal volg, hieruit afgelei word. Buiten Irving kom komponiste soos Frederick Delius,¹⁹ William Henry Bell,²⁰ Cyril Scott,²¹ Frank Bridge of John Ireland²² by 'n mens op.

¹⁸ Ander toonsettings van Leipoldt se pragtige gedig waarvan ek weet, is dié deur Laurens Faul, Randall Wicomb, Jannie du Toit, Anne-Marie van Eeden en selfs verskillende weergawes deur die Nederlander Denise Jannah.

¹⁹ Paul Griffiths (1986:61) skryf oor Delius: “[...] his expanded harmonic vocabulary is not stabilized in non-progressive forms as in Debussy, but directed rather to an often sonata-type movement towards resolution, and it is the exquisite delay of such resolution (which may not arrive even at the end) that gives his music its poignancy.”

Notevoorbeeld 11

Molto Andante (♩ = 58)

Wys my die plek waar ons saam ge - staan het,
Eens, toe jy my - - - -
ne was
Vroe - er, voor jou lief - de vir my ge - taan het, Vroe - er, toe jy
my - - - - ne was.

Gideon Fagan: *Wys my die plek* (A. Bender: *So Sing ook die Hart ...* 1980:71-72), mate 1–12

²⁰ Robert Barnett (2001: 184) beskryf Bell se styl soos volg: “His music is tonal, favouring an Impressionistic style leaning towards the idiom of Granville Bantock rather than Vaughan Williams.”

²¹ Michael Hurd (2001:1) verwys na Scott se “long series of Impressionist piano pieces and songs”.

²² Bridge en Ireland word deur Jann Pasler (2001:93) saam met Vaughan Williams genoem as Engelse komponiste wat, selfs ná Debussy se dood, steeds Impressionistiese tegnieke gebruik het, al was dit soms net sporadies.

Beethoven as “laatwerke” en “laatstyl” beskryf word.²³ Elders, in Lüdemann (2023/2024) het ek die stilistiese vernuwings bespreek wat Fagan se laaste werke in geheel kenmerk en beweer dat hulle wel as laatwerke beskou kan word. In hierdie verband het ek onder andere geskryf:

From approximately 1967²⁴ onwards Fagan seems to have left behind the conservative and audience-friendly idiom in which he had composed up to then and proceeded to explore a completely new musical language influenced as strongly by the younger generation of English composers as by a non-English composer such as Bartók. But, above all, he seems to have followed the voice of his own artistic conscience. Here, at the end of his life he rejected his earlier euphonious tonal sound and began to explore, in an uncompromising manner, the expressive possibilities that a starkly dissonant and abstract musical language offered him, even if he never discarded the structural coherence which tonal centres can bring about.

The question now is whether these stylistic innovations should be regarded as simply that – innovative developments that are typical of most composers in the course of their careers – or whether they exhibit characteristics that are best explained in terms of the category of late style. It is my contention that the latter holds true, that Fagan’s last works, while boasting some of the traits that occur in the late style of composers like Bach or Beethoven, also have traits that are unique to his music alone. These traits are best explained by seeing them as attempts to come to terms with existential questions that arise in the autumn of an artist’s life. They pertain not only to aspects of musical form and structure but even more so to the choice of subject matter and genre. (Lüdemann, 2023/2024:188)

Die vraag of Fagan se twee laaste liedkomposisies by hierdie laatstylfase gereken kan word, moet dus twee aspekte in aanmerking neem, naamlik hul stilistiese kenmerke en die keuse van onderwerp. Die volgende bespreking sal uitwys dat daar wel genoeg rede is om hierdie werke sowel stilisties as ten opsigte van onderwerp by Fagan se laatstyl, soos dit hier bo beskryf word, in te deel.

Soos voorheen aangedui blyk dit ongelukkig so te wees dat sommige van Fagan se werke tans onbekombaar is en die vrees bestaan dat een of meer van hulle verlore is. Hierdie toedrag van sake skyn in die geval van die lied *Ek sal opstaan* ook te geld. ’n Bespreking van die lied vanuit ’n musikale perspektief is dus hier nie moontlik nie en geen afleidings oor die ontstaansrede vir die komposisie en hoe die stilistiese eienskappe daarvan met die kenmerke van die ander werke van Fagan se laatstyl vergelyk kan gevolglik gemaak word nie. Maar die tekskeuse laat wel bepaalde gevolgtrekkings toe. Dit gaan hier oor ’n gedig van W.E.G. Louw wat die sentimente van die Verlore Seun in die gelykenis in Lukas 15 verwoord: “Ek sal opstaan en na my vader gaan; opstaan uit my vodde en my vuil [...] en hom saggies vra om alles te vergeet en te vergewe [...]. Voorwaar, onmiddellik na my vader sal en moet ek gaan, en aan sy voete val”. Ongeag of die lied ’n opdragwerk was of eerder ’n spontane behoefte aan die komponis se kant weerspieël, die onderwerp pas sekerlik by die lewensfase waarin Fagan hom nou bevind het.

Van die tweede liedkomposisie hier ter sprake, *My lewe*, het daar in die SAUK se argief wel ’n kopie van die outograaf bewaar gebly, en ek kon daarin insae verkry en die stilistiese eienskappe daarvan evalueer (die werk het nie in druk verskyn nie). Dit is die omvangrykste

²³ Lees byvoorbeeld Th.W. Adorno (1998) en Michael Spitzer (2006) se bydraes tot hierdie diskoers.

²⁴ In voetnoot 13 argumenteer ek reeds dat hierdie datum na ongeveer 1958 vervroeg moet word.

van al Fagan se komposisies vir solostem met instrumentale begeleiding. In verskeie opsigte oorskrei dit die begrip “lied”: Die besetting is vir bariton en ’n klein ensemble bestaande uit fluit, klarinet, twee viole, altviool, tjello en klavier, dit het ses aaneenlopende “bewegings” en die outograaf beslaan ’n volle vyftig bladsye. Dalk is “liedsiklus” ’n meer gepaste genre-beskrywing, hoewel die stemparty eerder deklamatories as liries-melodies van aard is. Aan die ander kant is die toonsettings te min aria-agtig om die term solokantate te regverdig. In Malan (1982:41) se werklys word dit gewoon as “aaneenlopende werk” beskryf. Dit is ’n raak beskrywing omdat die individuele “liedere” mekaar sonder onderbreking opvolg. Dat in die stemparty van hierdie werk afstand gedoen word van ekspressief-liedagtige melodieskepping ten gunste van ’n eerder strak deklamasie is een van die tekenendste stylkenmerke wat *My lewe* as tiperend van laatstyl uitwys.

Die komposisie is gebaseer op ses gedigte van Totius (die skuilnaam van J.D. du Toit), wat almal afkomstig is uit die groep *Varia* soos dit bv. in Volume VIII van sy versamelde werke van 1962 verskyn (sien Du Toit, 1962:487-497). Uit die 17 gedigte in hierdie groep het Fagan die volgende ses gekies: *Die sterrelaer*, *Die lewe* (Fagan verander die opskrif na *My lewe*), *Die krisis*, *Die leeurik*, *Raaisels* en *As die dag my klaar gekwel het* (Fagan besluit op die titel *Berceuse*). ’n Instrumentale Inleiding van twee bladsye gaan die eerste lied vooraf, terwyl ’n uitgebreide *Tussenspel* van 16 bladsye (dus ongeveer ’n derde van die werk) dele III en IV van mekaar skei. Volgens die werklys in Malan (1982:41) is *My lewe* in 1973 met die driejaarlikse prys van die Departement Nasionale Opvoeding bekroon. Nogtans bevat die SAUK se argief geen opname van die werk nie, en ek kon geen aanduiding vind dat dit ooit uitgevoer is nie.

Die vraag hoekom Fagan juis gedigte van Totius getoonset het, is moeilik om te beantwoord. Dit blyk nie dat eksterne faktore, soos ’n opdrag, ’n spesifieke gebeurtenis of die herdenking van ’n bepaalde datum, die oorsaak was nie. Daarom moet aanvaar word dat die vind van gepaste tekste, nl. gedigte wat uitdrukking aan ’n persoonlike behoefte aan die kant van die komponis op daardie stadium van sy lewe verleen, die aanleiding tot die werk gegee het. Die vraag is uit vandag se perspektief relevant omdat, Totius se hoë aansien as digter ten spyte, die gedigte wat Fagan gekies het hier en daar tog opvallende lomphele vertoon. Die metafoor van die sterreheem as ’n nagtelike tentlaer in ’n gedig soos *Die sterrelaer*, en die vergelyking van die Melkweg se “deinsigheid” met die “vroë dageraad” of die beeldspraak van die “aandster as die brandwag” wat daar waar die Melkweg die horison raak “die ingang van die laer streng bewaak” – terwyl die planeet Venus se wentelbaan inderwaarheid volgens die ekliptika verloop en dus nie in die Melkweg verskyn nie – getuig nie juis van besondere poëtiese inspirasie, verbeeldingrykheid of fyn waarneming nie. En die woord “veldverdriet” in die reëls “Ek sing ook bo ’n vlaktewêreld, bo ’n matelose veldverdriet” in die gedig *Die leeurik* skyn sy regverdiging eerder uit die rym met die latere woord “stemmingslied” te kry as deur enige diepliggende betekenis. Nogtans het Fagan daarin geslaag om gedigte te kies wat, soos dit hier bo gestel word, by die “herfs van ’n kunstenaar se lewe” pas. So artikuleer die idee van die sterreheem as veilige tuiste in *Die sterrelaer*, die vraag “Wanneer sal ek dan ooit kan sê: ‘Ek het geleef?’” in *My lewe*, die versugting “[...] ek sing met op en neer geworstel my gou-vergane stemmingslied” in *Die leeurik*, die uitroep “So’s ek: ’n kindjie by die see; alleen behep met grootheidswaan dat ek dit leeg kan skep!” in *Raaisels*, of die wens “Nagrus, moeder! Kom en kus my, sus my, gun die liewe rus my, wieg my tot ek weg is – wêg!” in *Berceuse*, die sentimente van iemand wat met ’n gevoel van uitputting op sy lewe terugkyk en daarvan probeer sin maak.

Die siklus is te lank en kompleks om hier volledig ontleed of beskryf te word, dus volstaan ek met enkele opmerkings. Die werk begin met 'n Inleiding van twee bladsye, waarin twee temas voorgestel word (maat 1 tot 3 in die altviool en vanaf maat 3 in die tjello, sowel as maat 7 tot 10 in die fluit) en wat later in die werk verdere ontwikkeling ondergaan, spesifiek in die Tussenspel. Op hierdie stadium verskyn hulle soos los brokkies teen 'n agtergrond van aangehoue akkoorde in die drie hoër strykers en 'n ostanatofiguur in die tjello wat uit die eerste tema afgelei is. Die intervalsamestelling van die temas en akkoorde dui op 'n voorliefde vir kwarte en sekundes en toon 'n afkeer van die ryk en welluidende drie-, vier- en vyfkanke van Fagan se vroeër twee stylfases ten gunste van onbeskaamde en onbelemmerde dissonansie.

Notevoorbeeld 13

Gideon Fagan: *My lewe – Inleiding* (Manuskrip; aangehaal met toestemming van Suzette Lombard, SAUK Musiekbiblioteek), bladsy 1, mate 1–10

Die eerste lied, *Die sterrelaer*, word gekenmerk deur 'n vokale party wat die teks byna resitatiefagtig deklameer teen lang aangehoue dissonante akkoorde in die begeleidende instrumente, wat seker in verband staan met die uitgestrektheid van die nagtelike hemel. Herhalende toonhoogtes en tragsgewys dalende stemleiding is die belangrikste kenmerke van die melodiese profiel. Hierdie strak toonsetting van 'n teks wat hom andersins sou leen tot allerhande toonskilderende effekte in sowel die stemparty as die instrumente, toon hoe ver verwyder die komponis op hierdie stadium van die weelderige en welluidende toonspraak van sy vorige liederes was.

Notevoorbeeld 14

Gideon Fagan: *My lewe – Die sterrelaer* (Manuskrip; aangehaal met toestemming van Suzette Lombard, SAUK Musiekbiblioteek), bladsy 3, mate 1–7

Dit is insiggewend dat Fagan, soos reeds genoem, die titel van die tweede gedig *Die lewe* na *My lewe* verander het en sodoende 'n meer persoonlike strekking aan die lied gee. Dat hy hierdie bewoording dan ook as titel vir die hele siklus kies, onderstreep dié belang nog verder. Die wasigheid waarmee die lied begin (sien in Notevoorbeeld 15 die ostinato in die klavierparty en die fragmentariese figure in die altviool, mate 1 en 2, saam met die gewysigde aanhaling in die eerste viool, maat 4, van die openingsmotief van die Inleiding) om saam te val met die woorde “Wat agter is, is net 'n droom uit neweldrade fyn geweef” maak geleidelik plek vir die *fortissimo* uitroep in 'n ekstreem hoë stemregister: “Wanneer sal ek dan ooit kan sê: ‘Ek het geleef?’”.

Notevoorbeeld 15

Gideon Fagan: *My lewe – My lewe* (Manuskrip; aangehaal met toestemming van Suzette Lombard, SAUK Musiekbiblioteek), bladsye 6 en 7, mate 1–6

Dit is vir my nie heeltemal duidelik wat Fagan se doel met die insluiting van *Die krisis* as derde lied van die siklus was nie. Dit gaan hier om 'n beskrywing van hoe daar in 'n smid se werkwinkel 'n “onverbreekbare eenheidsketting” gesmee word. Dit is 'n teks wat hom by uitstek leen tot toonskildering, en Fagan se musiek stel in hierdie opsig geensins teleur nie. Die kort afgebroke, dissonante dalende en stygende akkoordreekse in 'n hoë klavierregister en die dissonante gebroke akkoorde – gemerk as *forte*, *marcato* en *staccato* – oor 'n wye register in die strykers in Notevoorbeeld 16 roep beelde soos “aambeeldsang en hamerslag” en 'n “wilde vonkvuur” wat “knetter” voor die luisteraar se geestesoog en -oor op.

Notevoorbeeld 16

Gideon Fagan: *My lewe – Die krisis* (Manuskrip; aangehaal met toestemming van Suzette Lombard, SAUK Musiekbiblioteek), bladsye 9 tot 10, mate 1–13

Die resultaat van die werk in die smidswinkel is die smee van ’n volk met ’n “saamgebondenheid” soos dié van ’n “onverbreekbare eenheidsketting”. Op die oog af sou hierdie beelde as tekens van nasionalistiese sentimente aan die kant van beide Totius en Fagan vertolk kon word. Dalk met reg. Maar die opskrif *Die krisis* en woorde soos “lout’ringspore”, “gebeuk deur hamerslag” en veral die slotfrase “so word ’n volk deur vuur herborne” – eerder as “gebore” – laat dalk ook ’n alternatiewe interpretasie toe, naamlik die loutering wat ’n volk in ’n tyd van uiterste krisis moet ondergaan. Laasgenoemde interpretasie sou meer in pas wees met die algemene strekking van Fagan se liedsiklus en die laatstyl waarvan dit ’n produk is. Dalk kan die visioen van vrede en eenheid van ’n Suid-Afrikaanse volk oor alle rassegrense heen wat Fagan in sy oratorium *Êén Vaderland* van slegs enkele jare later voorhou verdere lig op die vraag werp. Ek laat dit maar daar.

Soos reeds genoem, word dele III en IV deur ’n lang Tussenspel onderbreek. Op sy beurt verdeel die Tussenspel in twee min of meer ewe lang dele, waarvan die eerste ’n *molto andante* en die tweede ’n fuga in die wye sin van die woord is. Die eerste deel sluit tematies ten nouste by die Inleiding van die werk aan. Dit is asof die motiewe en temas wat dáár taamlik los van mekaar aangebied is, nou gekonsolideer en in ’n hechter vorm geplaas word. So word die motief waarmee die altviool begin (maat 1; sien Notevoorbeeld 13) en die wisseltoonmotief waarmee die fluit in maat 7 intree nou tot ’n nege mate lange deurgestruktureerde tema verbind wat die effek van ’n konvensionele voor- en nasin het.

Die instrumente speel oorwegend *p* en *pp*. Die atmosfeer van hierdie deel kan dalk as dromerig beskryf word. Notevoorbeeld 17 toon hoe die genoemde fluittema aangekondig en

'n maat later deur die klarinet eers 'n kwint laer en dan in die oktaaf nageboots word. Die dromerig-swevende karakter van hierdie klanke word deur 'n lang aangehoue negende-akkoord in die strykers beklemtoon. Wanneer die altviool die eerste frase van hierdie tema naboots en dan as 'n ostinato herhaal, verander die aangehoue akkoord na 'n flageolet-klank in die tjello. Die twee viole boots slegs die tweede frase van die tema met sy kenmerkende wisseltoonfiguur na.

Notevoorbeeld 17

Gideon Fagan: *My lewe – Tussenspel* (Manuskrip; aangehaal met toestemming van Suzette Lombard, SAUK Musiekbiblioteek), bladsye 15 en 16, mate 1–11

Die knap kontrapuntale skryfwyse wat in die hele eerste deel van *Tussenspel* aanwesig is, word in die tweede deel oortref deur 'n meesterlike fuga in 'n heelwat vinniger tempo en geleidelik stygende dinamiese intensiteit. Notevoorbeeld 18 verskaf 'n kort blik op die eksposisie van hierdie fuga. Die tema word in 'n basregister (op die lae D) in die tjello aangekondig en twee mate later deur die tweede viool in die kwint (A) nageboots. Intussen speel die eerste viool 'n chromaties dalende lyn as kontrapunt. Die tjello neem hierdie teenstem op nadat sy tema tot 'n einde gekom het. Die derde intrede van die tema in die altviool (maat 4⁴ van die Notevoorbeeld) begin wel op die verwagte D, maar word op verrassende wyse in omkering aangebied. Met die inval van die tema in die eerste viool op D (maat 64 van die Notevoorbeeld) word die konvensionele orde van die eksposisie weer herstel.

Notevoorbeeld 18

Gideon Fagan: *My lewe – Tussenspel* (Manuskrip; aangehaal met toestemming van Suzette Lombard, SAUK Musiekbiblioteek), bladsye 21 en 22, mate 61–68

Tot aan die einde van *Tussenspel*, ongeveer 8 bladsye later, word die tema dan op verbeeldingryke wyse ontplooi. Hierdie fuga tel sekerlik as die omvangrykste en treffendste voorbeeld van dié genre in Fagan se hele oeuvre. Of die streng kontrapuntale skryfwyse wat beide dele van *Tussenspel* kenmerk pas by die soort styltegniek wat ook tipierend is van ander komponiste se laatstyl, is 'n vraag wat hier wel vermelding verdien maar nie verder bespreek hoef te word nie, omdat *Tussenspel* nie dieselfde mate van strakheid openbaar as bv. Beethoven se laat strykkwartette nie.

Die lewerik is 'n gewilde motief in Afrikaanse poësie. By Eugène Marais verskyn dit as *Woestyn-lewerikie* en by Gideon Fagan se broer, H.A. Fagan, kom dit in die gedig *Sing jou lied* voor. Totius het sy hand ook aan hierdie onderwerp gewaag en 'n treffende gedig oor 'n leeurik geskryf wat op 'n “dag van storm” probeer om die hoogtes in te styg, die ongunstige weersomstandighede ten spyt: “Hier waar die wind waai uit die Noorde, sodat hy worstel op en neer, en waar sy hoë lied vervlugtig as 't wegwaai in die troeble sfeer.” Die lewerik word in hierdie gedigte dan 'n voorbeeld vir die digter om donker gemoedstemminge, teenspoed of gevare te oorkom en self soos so 'n voël hoog op te styg en te sing. Laasgenoemde idee bied aan komponiste aanloklike materiaal vir toonsetting.²⁵ So het Arnold van Wyk een van sy bekendste liedere op Marais se gedig gebaseer, terwyl Gideon Fagan besondere aanklank by Totius se gedig gevind het. Die onderwerp leen hom tot toonskildering en Fagan maak ruimskoots van die fluit en piccolo se klank gebruik om die sang van die voël na te boots. Weens die lengte van *Die leeurik* volstaan ek met slegs 'n verwysing na die laaste deel van die lied by die woorde:

Ja, sing maar sanger van die hoogte, hier is jou maat wat ook probeer, wat ook wil styg
by somb're lugte wanneer die stormslog hom wil keer. Ek sing ook bo 'n vlaktewêreld,
bo 'n matelose veldverdriet; ek sing met op en neer geworstel my gou-vergane stem-
mingslied.

Hierdie laaste reëls van die gedig het die komponis tot 'n besonder verbeeldingryke en aangrypende toonsetting geïnspireer. Notevoorbeeld 19 toon nie net hoe die stemparty die teks met 'n geleidelik dalende lyn deklameer nie, maar ook hoe dit weerklink vind in die meestal chromaties dalende en met allerhande trillers versierde lyn van die fluit. Bo 'n onrustige pedaalpunt op F# in die tjello speel die twee viole chromatiese lyne in teenbeweging tot mekaar, seker om die “op en neer geworstel” van die digter/komponis te suggereer.

Notevoorbeeld 19

Gideon Fagan: *My lewe – Die leeurik* (Manuskrip; aangehaal met toestemming van Suzette Lombard, SAUK Musiekbiblioteek), bladsye 40 tot 42, mate 87–96

²⁵ Mikhail Glinka en Ralph Vaughan Williams is komponiste wat treffende instrumentale musiek oor hierdie motief gekomponeer het.

Onnodig om te sê dat hierdie verdrietige of selfs wanhopige lied treffend bydra tot die algehele gemoedstemming van die siklus.

Raaisels is die kortste lied in die siklus. Dit bevat egter 'n taamlik lang inleiding, kennelik om die stemming vanaf 'n lewerik in die stormvlaktes na 'n strandtoneel te verskuif waar 'n jong kind in die sand speel. Op 'n tweede betekenisvlak is dit 'n beeld van die digter/komponis self: “So 's ek: 'n kindjie by die see; alleen behep met grootheidswaan dat ek dit leeg kan skep!” Die betekenis van hierdie woorde, wat deur die solis soos in 'n resitatief voorgedra word, spreek vanself. Die instrumentale begeleiding (sien Notevoorbeeld 20) kan seker met die deining van die see in verband gebring word: In die drie hoë strykers is dit dissonante parallelle akkoorde wat meestal in chromatiese trappe op en af beweeg bokant 'n volgehoue pedaalpunt in die tjello, terwyl die fluit en klarinet 'n stadige, kontrasterende melodie speel. Of daar outobiografiese betekenis in die keuse van hierdie gedig verborge is, kan nie uitgesluit word nie, maar hoef nie verder bespreek te word nie.

Notevoorbeeld 20

Gideon Fagan: *My lewe – Raaisels* (Manuskrip; aangehaal met toestemming van Suzette Lombard, SAUK Musiekbiblioteek), bladsye 43 en 44, mate 16–20

Die laaste deel van die siklus is 'n toonsetting van Totius se gedig *As die dag my klaar gekwel het*. Die gedig se strekking is hoe die nagrus die digter/komponis “ontbonde” laat voel van al die “kwellings” van die dag en eindig met die (dalk effens soetsappige) versugting: “Nagrus, moeder! Kom en kus my, sus my, gun die liewe rus my, wieg my tot ek weg is – wêg!”

Uit 'n musikale oogpunt is dit noemenswaardig dat die toonsetting van die laaste strofe “Ek voel my soos 'n eenjaarkindjie” tematiese materiaal bevat wat sy oorsprong in die Inleiding tot die siklus het (sien Notevoorbeeld 13), in die Tussenspel weer aangehaal word en uiteindelik die werk hier op gepaste wyse afrond: Die fluittema verskyn weer bo die ostinato in die altviool terwyl die ander strykers in stadige akkoorde bestaande uit opeengestapelde kwarte beweeg.

Notevoorbeeld 21

Gideon Fagan: *My lewe – Berceuse* (Manuskrip; aangehaal met toestemming van Suzette Lombard, SAUK Musiekbiblioteek), bladsye 48 en 49, gaan na tot bl 49, maat 1

Hierdie motiewe rafel geleidelik die een na die ander uit totdat by die sanger se woorde “[...] weg is – wèg” net nog die ostinato in die altviool oor is – ’n verbeeldingryke ingewing om ’n meesterlike werk mee af te sluit.

Notevoorbeeld 22

Gideon Fagan: *My lewe – Berceuse* (Manuskrip; aangehaal met toestemming van Suzette Lombard, SAUK Musiekbiblioteek), bladsy 50, mate 50–54

In die verband van die siklus as geheel wonder ’n mens of die nagrus waarna die digter uitsien dalk op ’n tweede betekenisvlak doodsversugtinge inhou. Met verwysing na ’n kunstenaar/komponis se laatstyl sou so ’n versugting dalk selfs te wagte wees. Fagan se verandering van Totius se titel na *Berceuse* spreek egter daarteen, sowel as ’n reël in die gedig soos “Dag! ou dag wat weer daarheen is, ek is bly dat ek alleen is tot ons môre weer ontmoet”. Die strekking van die siklus as geheel is dan miskien eerder een van rus en berusting ná refleksie op ’n moeisame lewe wat verby is. Die uitgebreide Tussenspel dra op betekenisvolle wyse juis tot die kontemplatiewe karakter van die werk by. Gegewe die titel *My lewe*, kan die siklus dan miskien selfs as ’n werk met outobiografiese trekke vertolk word. Ook dít sou pas by die kategorie laatstyl.

As daar vroeër beweer is dat Fagan homself met sy laaste werke as een van die mees vooraanstaande Suid-Afrikaanse komponiste gevestig het dan berus hierdie bewering hoofsaaklik op die resepsie van sy *Karoo-simfonie*, wat in die laaste jare verskeie opvoerings beleef het en waarvan selfs ’n CD-opname gemaak is. Sy ander laatwerke wag nog op soortgelyke opname in die kanon van Suid-Afrikaanse kunsmusiek in die Europese tradisie ten spyte van die toekennings wat sommiges daarvan ontvang het. Solank al hierdie werke egter slegs in manuskripvorm bestaan, is die kans dat dit gebeur nie gunstig nie. Dit geld veral ook vir *My lewe*: Publikasie en nuwe uitvoerings van hierdie werk sal beslis gunstig ontvang word en tot die groeiende herlewering van ’n merkwaardige Suid-Afrikaanse komponis se musiek bydra.

Lys van liedere deur Gideon Fagan (deels volgens Malan 1982:41)

Vir solostem en klavier

'n Toonsetting van C.J. Langenhoven se gedig *Die stem van Suid-Afrika*, wat volgens Jan Bouws (1957:50) uit die "twintiger jare" dateer, het die komponis teruggetrek (Lüdemann, 2023/2024:204, voetnoot 7 vir meer inligting.

I had a dove (Keats), 1929. Londen: Schott & Co. Afrikaanse vertaling deur die komponis: *Die duifie*. Nogmaals gepubliseer in Bender (1983:24-26). Fagan het 'n orkesverwerking hiervan gemaak.

Die nag (G. Fagan), 1929

Klein sonneskyn (A.G. Visser), 1930. Gepubliseer in Bender (1978:59-63). Fagan se orkesverwerking van hierdie lied is (deur homself?) vernietig.

Lied van die Wonderboom (A.G. Visser), 1930. Gepubliseer in Bender (1978:64-71). Fagan se orkesverwerking van hierdie lied is (deur homself?) vernietig.

Omdat die dood ... (A.G. Visser), 1930. Gepubliseer in Bender (1978:72-74). Fagan se orkesverwerking van hierdie lied is (deur homself?) vernietig.

Die Bergblommetjie (H.A. Fagan), 1935²⁶

She walks in beauty (Byron), 1935

Elegy (Byron), 1934/1937. Daar bestaan 'n orkesverwerking van hierdie lied.

Slampamperliedjie no. 2: Eis van die vonk (C.Louis Leipoldt), 1941. Die komponis het hierdie lied ook verwerk vir solostem en orkes.

Ek sal opstaan (W.E.G. Louw), 1972

Liedere met orkesbegeleiding

Wagter op die toring (H.A. Fagan), 1926

Slampamperliedjie no. 1: Wys my die plek (C. Louis Leipoldt), 1941. Die komponis het hierdie lied ook verwerk vir solostem en klavier en in hierdie weergawe het dit in die *FAK-Kunsliedbundel* (1984) verskyn.

Liedsiklus met begeleiding deur 'n kamermusiekensemble

My lewe (Totius), 1973

Verwerkings van liedere deur ander komponiste

58 verwerkings van liedere deur ander komponiste vir solostem of koor en orkes, of selfs slegs vir orkes. Die komponiste is: Johannes Fagan (Gideon se ouer broer), Con Lamprecht, Theo Wendt, Gerrit Bon, D.I.C. de Villiers, M.L. de Villiers, Arthur Ellis, Emiel Hullebroeck, P.J. Lemmer, Joyce Loots, S. le Roux Marais, Charles Francis Oxtoby, Sydney Richfield en J.P.J. Wierts.

²⁶ Dit verdien om vermeld te word dat hierdie teks deur H.A. Fagan nie 'n gedig is nie, maar 'n kort, weliswaar poëtiese, prosateks. Die vraag ontstaan of Gideon Fagan se werk dan wel 'n lied in die eng sin van die woord is.

VERWYSINGS

- Adorno, Theodor W. 1998. Beethoven. *The Philosophy of Music. Fragments and Texts*. Saamgestel deur Rolf Tiedemann en vertaal deur Edmund Jephcott. Stanford, California: Stanford University Press.
- Barnett, Robert. 2001. Bell, William Henry. In *The New Grove Dictionary of Music and Musicians*. Second Edition, vol. 3, red. Stanley Sadie. Londen: Macmillan, pp. 183-184.
- Bender, Anna. 1978. *Sing sag menig' lied ... 'n Versameling toonsettings van die verse van A.G. Visser*. Johannesburg: DALRO/SAMRO.
- Bender, Anna. 1980. *So Sing ook die Hart ... Getoonsette verse van C. Louis Leipoldt*. Johannesburg: DALRO/SAMRO.
- Bender, Anna. 1983. *Liefdeswee. 'n Keur van Afrikaanse kunsliedere*. Johannesburg: DALRO/SAMRO.
- Bouws, Jan. 1957. *Suid-Afrikaanse komponiste van vandag en gister*. Kaapstad: A.A. Balkema.
- Bouws, Jan. 1961. *Woord en wys van die Afrikaanse lied*. Kaapstad-Pretoria: HAUM.
- Du Toit, J.D. (Totius). 1962. *Versamelde werke van J.D. du Toit. Deel VIII*. Johannesburg: Dagbreek-Boekhandel.
- FAK-Kunsliedbundel. 1984. Johannesburg: Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge.
- Giliomee, Hermann. 2003. *The Afrikaners. Biography of a People*. Kaapstad: Tafelberg.
- Griffiths, Paul. 1986. Delius, Frederick. In *Encyclopaedia of 20th-Century Music*, red. Paul Griffiths. Londen: Thames and Hudson, pp. 61-62.
- Grové, Izak. 2010. *'n Eeu van Afrikaanse Liedkuns*. CD-opname: Universiteit Stellenbosch.
- Grové, Izak. 2025. *Treurige wysies: Eugène N. Marais se "Winterdag" as vers en lied (1908–2024)*. *LitNet Akademies (Geesteswetenskappe)* 22(3).
- Holder, Alene en Lüdemann, Winfried. 2022. "Raak getref én tog onaangetas gelaat." Parodiërende toonsetting in Roelof Temmingh se *Met apologie*. *LitNet Akademies (Geesteswetenskappe)* 19(2).
- Hurd, Michael. 2001. Scott, Cyril. In *The New Grove Dictionary of Music and Musicians. Second Edition*, vol. 23, red. Stanley Sadie. Londen: Macmillan, pp. 1-2.
- Lüdemann, Winfried. 2003 *Uit die diepte van ons see: An archetypal interpretation of selected examples of Afrikaans patriotic music*. *South African Journal of Musicology*, vol. 23, pp. 13-41.
- Lüdemann, Winfried. 2017. Afrikaans en Musiek. Kantaantekeninge van iemand wat aan die kant teken. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 57(2-2), pp. 581-595.
- Lüdemann, Winfried. 2022. Perspectives on music and evolution. *HTS Teologiese Studies/Theological Studies* 78(2), pp. 1-13.
- Lüdemann, Winfried. 2023/2024. Gideon Fagan's Late Style: *The Suite for Strings* (1974). *South African Music Studies (SAMUS)*, 43/44, pp. 181-209.
- Malan, Jacques P. 1980. Bouws, Jan. In *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie Deel I*. Kaapstad: Oxford University Press, pp. 222-223.
- Malan, Jacques P. 1982. Fagan, Gideon. In *Suid-Afrikaanse musiekensiklopedie Deel II*. Kaapstad: Oxford University Press, pp. 39-42.
- Oosthuizen, Magdalena. 2014. *Arnold van Wyk as liedkomponis: 'n Ontsluiting van die liedere in die Arnold van Wyk-versameling by die Universiteit Stellenbosch*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- Oosthuizen, Magdalena en Lüdemann, Winfried. 2022. Arnold van Wyk (1916–1983) se *Carmine Petronii*. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 62(3), pp. 568-587.
- Pasler, Jann. 2001. Impressionism. In *The New Grove Dictionary of Music and Musicians*. Second Edition, vol. 12, red. Stanley Sadie. Londen: Macmillan, pp. 90-94.
- Potgieter, Johann Hendrik. 1967. *'n Analitiese oorsig van die Afrikaanse kunslied met klem op die werke van Nepgen, Gerstman, Van Wyk en du Plessis*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Pretoria: Universiteit van Pretoria.
- Spitzer, Michael. 2006. *Music as Philosophy. Adorno and Beethoven's Late Style*. Bloomington and Indianapolis: Indiana University Press.
- Van der Merwe, F.J. 1984. *'n Stylanalitiese studie van uitgesoekte sololiedere van Rosa Nepgen (geb. 1909)*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Van der Mescht, Heinrich. 1987. *Die liedere van Hubert du Plessis (gebore 1922)*. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.
- Van der Mescht, Heinrich. 2002. Hubert du Plessis se vreemde liefde / Vreemde Liefde. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 42(3), pp.157-166.
- Van der Mescht, Heinrich. 2006. Die ontstaansgeskiedenis van Hubert du Plessis se Engelse liedere. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 46(2), pp. 221-232.

Kaaps as verkragting van Standaardafrikaans: 'n Onderzoek na leserreaksie as kruiskulturele pragmatiese mislukking

Kaaps as violation of Standard Afrikaans: A consideration of reader response as cross-cultural pragmatic failure

TERRENCE R CARNEY

Departement Afrikaans en Algemene Literatuurwetenskap

Universiteit van Suid-Afrika (UNISA)

Pretoria

Suid-Afrika

E-pos: carnetr@unisa.ac.za

ORCID: <https://orcid.org/0000-0001-8922-5668>



Terrence Carney

TERRENCE R CARNEY is 'n NNS-gegradeerde medeprofessor in Afrikaanse taalkunde aan die Universiteit van Suid-Afrika. Hy is 'n aktiewe navorser op die gebied van regstaal en fokus meestal op betekenis en begrip binne regs-kontekste en forensiese taalkunde. Naas sy publikasies in regstydskrifte, publiseer hy die boek *Linguistics for Legal Interpretation* in 2023, wat die aandag op taalkundige wetsuitleg vestig. Hy is tans mederedakteur van die vaktydskrif *Language Matters*, 'n lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se Taalkommissie en 'n id van PAN-Sat se nasionale taal-liggaam vir Afrikaans.

TERRENCE R CARNEY is an NRF graded associate professor of Afrikaans linguistics at the University of South Africa. He is an active researcher of language and law and focuses mostly on meaning and comprehension within legal contexts and forensic linguistics. In addition to his publications in law journals, he published the book *Linguistics for Legal Interpretation* in 2023, which draws attention to the linguistics of statutory interpretation. He is currently associate editor of the journal *Language Matters*, a member of the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns' language commission, and a member of PanSALB's national language body for Afrikaans.

ABSTRACT

Kaaps as violation of Standard Afrikaans: A consideration of reader response as cross-cultural pragmatic failure

This article deals with a reader's reaction to the use of Kaaps in the mainstream newspaper, Rapport, and the two replies that address the reader's comment. The investigation takes as its starting point and context a contribution by Chase Rhys and the subsequent reply by Sisca Julius and Marius Swart regarding the rightful place and inclusive use of Afrikaans varieties

Datums:

Ontvang: 2025-12-04

Goedgekeur: 2026-07-13

Gepubliseer: September 2026

such as Kaaps, especially in Rapport. In Rhys's opinion piece of 27 April 2025, he responds to a reader's comment about his use of Kaaps in a previous contribution. The reader's words read: "I wish I could file a rape charge against you because you rape our language" (Rhys 2025). This is not the first time that readers have expressed their dismay about the presence of Kaaps in Rapport. Although most reader letters from 2014 onwards dealt with the content of Nathan Trantraal's "Sypaadjes" column, a few have expressed their dismay about his use of Kaaps. Similar to the reader reaction to Rhys's contribution, one of "Sypaadjes"'s earliest commentators wrote: "Why should Afrikaans be raped and vilified? Or is it not meant to be Afrikaans? And what is it doing in an Afrikaans newspaper?" (Rapport 13 April 2014). The lexeme rape is obviously mentioned in both cases. According to Rhys (2025), rape "regularly appears in comments under other writers' pieces that are also written in Kaaps." On 25 May 2025, Rapport published a reply by Julius and Swart, in which they further touched on the discourse about the almost dogmatic policing of Standard Afrikaans and the resulting exclusion of non-standard varieties. The issue of "rape" is similarly present here. Both Rhys (2025) and Julius and Swart (2025) are disapproving of the use of rape within the context of language policing. Rhys (2025) tries to indicate its ridiculousness by contrasting his use of Kaaps with rape:

We live in a country where more than 42 000 rapes were reported in just one year; that's 116 per day, or one every 12 minutes, yet I am the threat, because I sometimes swap "ui" with "y".

Julius and Swart (2025) link their reply to the "disturbing trivialisation of gender violence" and say:

Because you see, if you don't speak "our language" as "we" speak it, you are simply a language rapist.

The lexeme rape is also used here as a speech act. When a speaker says "you rape Afrikaans", it is explicitly an expressive (a disapproving attitude towards the "offender"), and implicitly a directive (an instruction to stop using Kaaps). The speaker of such an utterance clearly thinks that he or she has the authority to command the interlocutor. The speech act therefore exposes the language attitude. As a language attitude, rape communicates a clear message: to deviate from Standard Afrikaans is criminal. The counter-reaction, however, is equally clear: the selection of rape as an expressive value judgment about uses of Afrikaans (in general) is taboo. The interaction between the two poles reflects a conspicuous linguistic power struggle.

Wilson and Stapleton (2010:49-50) argue that the relationship between authority and power is reversed and that power should rather be seen as the potential result of authority. It is because authority is vested in someone or something that that (legal) person can exercise power. This also applies to readers who place authority in themselves due to prescriptive practices. Martín Rojo (2016:90) indicates that power relations can occur through "language normalization". This involves, on the one hand, the approval of speakers of prescriptive language and, on the other hand, the disapproval of speakers of non-standard language; hence an accusation of language rape in the case of Kaaps. The figurative use of rape intensifies the expressive power of the reader's message and functions as a way to dominate the conversation (Dillard 2014:183-4). Where power is imposed in discourse, the opportunity to offer resistance also arises (Martín Rojo 2022:108). In turn, by censoring the figurative use as taboo, some interlocutors try to counteract language normalization.

Wilson and Stapleton (2010:49-50; 64) define authority within a pragmatic context as the legitimization of particular linguistic practices in social life; this legitimization is achieved, among other things, through interaction at a sociocultural level and is often the result of social negotiation. The negotiation is not necessarily peaceful or on equal terms. One of the most striking ways in which authority is legitimized in language communities is through prescriptive language behaviour and the ideological language attitudes that determine which language forms may be used by speakers in particular contexts (Wilson & Stapleton 2010:62).

The foregoing raises questions about (among other things) the pragmatic authority of the Rapport reader and the success of their speech act. The purpose of this contribution is therefore twofold. Firstly, to try and explain why the Rapport reader (and others who share the same sentiment) seemingly have the authority to declare a variety like Kaaps as language rape/ language violation. Secondly, to try and determine whether the Rapport reader's speech act is at all successful. Due to the socio-pragmatic nature of the investigation, the objectives of the present contribution fall under a constructivist approach. According to social constructivism, people try to make sense of the world in which they live; meaning is socially constructed and a result of interaction and negotiation (Creswell & Creswell 2018:8). Those who work within constructivism attempt to understand and explain the constructed meanings (Ulz 2023). This is also a descriptive approach where a particular situation is evaluated in order to provide an explanation; such an approach regularly focuses on the socio-cultural and contextual influences on a given phenomenon (Walliman 2026:9-13). By exploring the two identified focal points, an attempt is made to understand the socio-pragmatic reasons why the Rapport reader felt compelled to criticize the use of Kaaps.

To anchor the objectives, the article draws on Thomas's (1983) seminal theory of cross-cultural pragmatic failure. Thomas (1983:92) defines pragmatic competence as the ability to use language effectively to achieve a specific goal. She further defines pragmatic failure as follows:

[...] I reserve the term exclusively for misunderstandings which arise, not from any inability on the part of H to understand the intended sense/reference of the speaker's words in the context in which they are uttered, but from the inability to recognize the force of the speaker's utterance when the speaker intended this particular hearer should recognize it (Thomas 1983:94).

In other words, pragmatic failure occurs when the addressee (sometimes abbreviated as H) interprets the force of the speaker's utterance differently from what the speaker intended. The conclusion is that a conditional (prescriptive) use of Afrikaans can only succeed if the illocutionary force of the utterance has the intended effect.

Both objectives of the article are directly related to speech acts and prescriptivism as expressions of authority. Therefore, the contribution explores speech acts and prescriptivism as expressions of authority.

KEYWORDS: Afrikaans, Kaaps, language and authority, language variety, pragmatic failure, prescriptive language, sociopragmatics, speech acts, *verkrag* (rape)

TREFWOORDE: Afrikaans, Kaaps, taal en gesag, taalvariëteite, pragmatiese mislukking, preskriptiewe taal, sosiopragmatiek, taalhandelinge, *verkrag*

OPSOMMING

Hierdie artikel handel oor 'n leser se reaksie op die gebruik van Kaaps in die hoofstroomkoerant, *Rapport*, en die twee replieke wat die leser se kommentaar beredeneer. Die ondersoek neem as vertrekpunt en konteks 'n bydrae deur Chase Rhys en die daaropvolgende repliek deur Sisca Julius en Marius Swart rakende die regmatige plek en inklusiewe gebruik van Afrikaansvariëteite soos Kaaps, veral in *Rapport*. 'n Leser se kommentaar op Rhys (2025) se bydrae staan sentraal: “Ek wens ek kon 'n klag van verkragting teen jou lê omdat jy ons taal verkrag”. Die aanvanklike gebruik van *verkrag* kommunikeer 'n duidelike boodskap: om van Standaardafrikaans af te wyk, is misdadig. Die teenreaksie is egter ewe duidelik: die seleksie van *verkrag* as ekspressiewe waarde-oordeel oor gebruike van Afrikaans (in die breë) is taboe. Omdat *verkrag* figuurlik gebruik word, val dit binne die terrein van taalhandelinge. Wanneer 'n spreker sê “jy verkrag Afrikaans”, is dit eksplisiet 'n ekspressief ('n afkeurende houding teenoor die “oortreder”), en implisiet 'n direktief ('n instruksie om die gebruik van Kaaps te staak). Die taalhandeling ontbloot dus die taalhouding. Die *Rapport* leser se aantygings van taalverkragting laat egter vrae ontstaan, onder meer waarom die leser gesag het om Kaaps op só 'n wyse te kritiseer, en of die gesag deur middel van taalhandeling die nodige perlokusionêre uitwerking het. Die feit dat die twee replieke weerstand bied, is 'n aanduiding dat 'n pragmatiese mislukking moontlik plaasgevind het. Volgens Thomas (1983) vind pragmatiese mislukking per geleentheid plaas wanneer die aangesprokene die seggingskrag van die spreker se uiting anders interpreteer as wat die spreker dit bedoel het. Om te peil of pragmatiese mislukking plaasgevind het, fokus die onderhawige studie op taalhandelinge en preskriptivisme as maniere waarop gesag in gewone sprekers gesetel word.

1. Inleiding

Hierdie artikel handel oor 'n leser se reaksie op die gebruik van Kaaps in die hoofstroomkoerant, *Rapport*, en die twee replieke wat die leser se kommentaar beredeneer. Die ondersoek neem as vertrekpunt en konteks 'n bydrae deur Chase Rhys en die daaropvolgende repliek deur Sisca Julius en Marius Swart rakende die regmatige plek en inklusiewe gebruik van Afrikaansvariëteite soos Kaaps, veral in *Rapport*. In Rhys se meningstuk van 27 April 2025, reageer hy op 'n leser se kommentaar oor sy gebruik van Kaaps in 'n voorafgaande bydrae. Die leser se woorde lui: “Ek wens ek kon 'n klag van verkragting teen jou lê omdat jy ons taal verkrag” (Rhys 2025). Dit is nie die eerste keer wat lesers hul ontsteltenis oor die aanwesigheid van Kaaps in *Rapport* bekendmaak nie. Hoewel die meeste lesersbriewe vanaf 2014 oor die inhoud van Nathan Trantraal se “Sypaadjes”-rubriek gegaan het, het enkeles hul wel oor sy Kaaps uitgedruk. Leserreaksies wissel tussen verdedigings:

- “Ons geniet dit net soos hy dit skryf” (*Rapport* 24 Mei 2015, p. 10);
- “Nathan Trantraal se taal [is] [...] deel van sy seggenskrag en trefkrag” (*Rapport* 31 Mei 2015, p. 10),
- “Leef X in 'n seepborrel-fantasiewêreld waarin 'n soort X-Afrikaans die enigste toelaatbare variant van die taal mag wees?” (*Rapport* 30 Oktober 2016, p. 10);

en kritiek:

- “ons praat nie almal so nie” (*Rapport* 14 Junie 2015, p. 10);
- “kamtige Kaaps” (*Rapport* 17 Mei 2015, p. 10);
- “die taal irriteer my” (*Rapport* 24 Mei 2015, p. 10).

Trantraal se Kaaps word selfs (onverwags?) gekritiseer vir die oormatige insluiting van Engelse woorde, en dat dié Engelse woorde nie na Kaaps getransliterer is nie (*Rapport* 12 Maart 2017, p. 10). Soortgelyk aan die leserreaksie op Rhys se bydrae, het een van “Sypaadjies” se vroegste kommentators geskryf: “Waarom moet Afrikaans verkrag en verguis word? Of is dit nie bedoel om Afrikaans te wees nie? En wat soek dit dán in ’n Afrikaanse koerant?” (*Rapport* 13 April 2014, p. 10).¹ Ooglopend kom die lekseem *verkrag* in beide gevalle ter sprake. Volgens Rhys (2025) verskyn *verkrag* “gereeld in kommentare onder ander skrywers se stukke wat ook in Kaaps geskryf is.” Op 25 Mei 2025 plaas *Rapport* ’n repliek deur Julius en Swart, waarin hulle die diskoers omtrent die byna dogmatiese polisiëring van Standaardafrikaans en die gevolglike uitsluiting van niestandaardvariëteite verder aanraak. Die kwessie van “verkragting” is insgelyks hiër teenwoordig. Sowel Rhys (2025) as Julius en Swart (2025) is afkeurend van die gebruik van *verkrag* binne die konteks van taalpolisiëring. Rhys (2025) probeer die belaglikheid daarvan aandui deur sy gebruik van Kaaps met verkragting te kontrasteer:

Ons leef in ’n land waar meer as 42 000 verkragtings in net een jaar aangemeld is; dit is 116 per dag, of een elke 12 minute, maar tog is ek glo die gevaar, oor ek soms “ui” met “y” ruil.

Julius en Swart (2025) haak hul repliek by die “ontstellende trivialisering van die gendergeweld” aan en sê:

Want sien, praat jy nie “ons taal” soos “ons” dit praat nie, is jy nou sommer ’n taalverkragter.

Die lekseem *verkrag* word hier as taalhandeling aangewend. Wanneer ’n spreker sê “jy verkrag Afrikaans”, is dit eksplisiet ’n ekspressief (’n afkeurende houding teenoor die “oortreder”), en implisiet ’n direkatief (’n instruksie om die gebruik van Kaaps te staak). Die spreker van só ’n uiting dink klaarblyklik dat hy of sy die gesag het om die gespreksgenoot te gebied. Die taalhandeling ontbloot dus die taalhouding. As taalhouding kommunikeer *verkrag* ’n duidelike boodskap: om van Standaardafrikaans af te wyk, is misdadig. Die teenreaksie is egter ewe duidelik: die seleksie van *verkrag* as ekspressiewe waarde-oordeel oor gebruike van Afrikaans (in die breë) is taboe. Die interaksie tussen die twee pole reflekteer ’n opsigtelike taalmagstryd.

Wilson en Stapleton (2010:49-50) argumenteer dat die verhouding tussen gesag en mag omgekeer is en dat mag eerder as die potensiële resultaat van gesag beskou moet word. Dit is omdat gesag in iemand of iets gesetel is dat daardie (regs)persoon mag kan uitoefen. Dit geld eweneens lesers wat die gesag in hulself setel weens preskriptiewe praktyke. Martín Rojo (2016:90) dui aan dat magsverhoudinge deur “taalnormalisering” kan plaasvind. Dit behels enersyds die goedkeur van sprekers van preskriptiewe taal en andersyds die afkeur van sprekers van niestandaardtaal; derhalwe ’n beskuldiging van taalverkragting in die geval van Kaaps.

¹ ’n Alternatiewe manier om na lesers se negatiewe kommentaar te kyk, is deur die lens van uitsluiting (Kulkarni & Sommer 2015). Dit is moontlik dat sommige lesers aanvanklik die teks in Kaaps aandurf en weens prosesseringsuitdagings wat deur die leksis veroorsaak word, ervaar die leser vervreemding en gevolglike uitsluiting. Die vermeende gevoel van uitsluiting (en selfs verwerping) kan tot die uiting van negatiewe emosies lei (soos om ’n aanval te loods). Dit sluit aan by die konsep van gebrekkige akkommodasie, soos deur die akkommodasieteorie voorgedra word (Coupland 2010:25). Een aspek daarvan is dat die sender nie noodwendig die interpreteerbaarheid van sy of haar boodskap aanpas om (al) die ontvanger(s) te akkommodeer nie, wat aanleiding kan gee tot sommige ontvangers se gevoel van uitsluiting en minderwaardigheid. Dit kan tipies gebeur waar bepaalde ontvangers van die boodskap (1) klaarblyklik nie die aangesprokene is nie, en (2) meestal weens sosiale magstrukture geakkommodeer voel.

Die figuurlike gebruik van *verkrag* intensiveer die seggingskrag van die leser se boodskap en funksioneer as 'n manier om die gesprek te domineer (Dillard 2014:183-4). Waar mag in diskoers afgedwing word, ontstaan die geleentheid om weerstand te bied (Martín Rojo 2022:108). Deur die figuurlike gebruik op sy beurt as taboe te sensureer, probeer sommige gespreksgenote taalnormalisering teen te werk.

Wilson en Stapleton (2010:49-50; 64) omskryf *gesag* binne pragmatiese konteks as die legitimasie van bepaalde taalkundige praktyke in die sosiale lewe; dié legitimasie kom onder meer tot stand deur interaksie op sosiokulturele vlak en is dikwels die resultaat van sosiale onderhandeling. Die onderhandeling is nie noodwendig vreedsaam of op gelyke voet nie. Een van die opvallendste maniere waarop *gesag* in taalgemeenskappe gelegitimeer word, is deur middel van preskriptiewe taalgedrag en die ideologiese taalhoudings wat bepaal welke taalvorme deur sprekers in bepaalde kontekste gebesig mag word (Wilson & Stapleton 2010:62).

Die voorafgaande laat vrae ontstaan oor (onder andere) die pragmatiese *gesag* van die *Rapport* leser en die geslaagdheid van hul taalhandeling as uiting van daardie *gesag*. Die doel van die bydrae is daarom tweeledig. Eerstens, om te probeer verduidelik waarom die *Rapport* leser (en ander wat dieselfde gevoelsuiting deel) oënskynlik die *gesag* het om 'n variëteit soos Kaaps as taalverkragting/taaloortreding te verklaar. Tweedens, om te probeer bepaal of die *Rapport* leser se *gesag* (in die vorm van taalhandeling) enigsins erken word. Benewens dié twee doelwitte, lewer die artikel ook 'n bydrae tot die bestaande debatte oor Standaardafrikaans en die verbandhoudende gesprekke oor variëteite soos Kaaps.

Weens die sosiopragmatiese aard van die ondersoek, ressorteer die doelwitte van die onderhawige bydrae onder 'n konstruktivistiese benadering. Volgens die sosiale konstruktivisme probeer mense om sin te maak van die wêreld waarin hulle leef; betekenis is sosiaal gekonstrueer en 'n resultaat van interaksie en onderhandeling (Creswell & Creswell 2018:8). Diegene wat binne die konstruktivisme werk, poog om die gekonstrueerde betekenis te verstaan en te verklaar (Ulz 2023). Dit handel verder om 'n deskriptiewe benadering waar 'n bepaalde situasie geëvalueer word ten einde 'n verduideliking te verskaf; só 'n benadering fokus reëlmatig op die sosiokulturele en kontekstuele invloede op 'n gegewe verskynsel (Walliman 2026:9-13). Deur die twee geïdentifiseerde fokuspeunte te verken, word daar getrag om die sosiopragmatiese redes te verstaan waarom die *Rapport* leser verplig gevoel het om die gebruik van Kaaps te kritiseer.

Om die doelwitte te anker, steun die artikel op Thomas (1983) se seminale teorie van kruiskulturele pragmatiese mislukking. Thomas (1983:92) definieer *pragmatiese bevoegdheid* as die vermoë om taal effektief te gebruik om 'n spesifieke doel te bereik. Sy gaan verder deur *pragmatiese mislukking* soos volg te omskryf:

[...] I reserve the term exclusively for misunderstandings which arise, not from any inability on the part of H to understand the intended sense/reference of the speaker's words in the context which they are uttered, but from the inability to recognize the force of the speaker's utterance when the speaker intended this particular hearer should recognize it (Thomas 1983:94).²

Met ander woorde, pragmatiese mislukking vind per geleentheid plaas wanneer die aangesprokene die seggingskrag van die spreker se uiting anders interpreteer as wat die spreker dit bedoel het. Die gevolgtrekking is dat 'n voorwaardelike (preskriptiewe) gebruik van Afrikaans net kan slaag indien die illokusionêre seggingskrag die bedoelde effek het.

² H staan vir aangesprokene; S staan vir spreker.

Beide doelwitte van die artikel hou direk verband met taalhandelinge en preskriptivisme as maniere waardeur gesag uitgedruk word. Derhalwe neem die bydrae die volgende makrostruktuur: Ten eerste word 'n uiteensetting van taalhandelinge en pragmatiese mislukking kortliks verskaf. Daarna word taalhandelinge as uitdrukking van gesag hanteer. Verder word preskriptivisme as uitdrukking van gesag bespreek, en laastens word 'n gevolgtrekking in die slot aangebied.

2. Taalhandelinge en sosiopragmatiese mislukking

Op 'n baie eenvoudige wyse beskryf Yule (2020:150) *pragmatiek* as die studie van “onsigbare betekenis”, sprekers lei betekenis af wat nie noodwendig eksplisiet geuiter of geskryf word nie. Om die bedoelde betekenis gepas af te lei, moet gespreksgenote aannames en agtergrondinligting deel. Daarom is konteks belangrik. Huang (2013:2) definieer *pragmatiek* redelik versigtig as die sistematiese studie van betekenis op grond van (of afhanklik van) die gebruik van taal. Meibauer et al (2015:212) is meer spesifiek en vermeld dat die pragmatiek verband hou met die uitleë van uitings wat konteksafhanklik is en waarvan die kommunikatiewe funksies van hierdie konteksgebonde uitings sentraal staan. Sowel Cruse (2015:363) as Fetzer (2011:23) plaas klem op die feit dat pragmatiek hoofsaaklik met kommunikatiewe handelinge gemoeid is asook die gepaste omstandighede wat die handeling moontlik en betekenisvol maak. Hoewel pragmatiek as dissipline baie ontwikkel het sedert Leech (1983) probeer het om die veld vir taalwetenskaplike doeleindes te omskryf, bly sy perspektief nog steeds relevant: hy beskou dit as die studie van betekenis in verhouding tot gespreksituasies (Leech 1983:6). Waar die semantiek waarskynlik wil weet “wat beteken X?”, wil die pragmatiek weet “wat het jy met X bedoel?” (Leech 1983:6). Vandaar die onderskeid deur onder meer pragmatici tussen die sinsbetekenis en die sprekerbetekenis of uitingsbetekenis. Dit handel dan spesifiek om die betekenis van 'n uiting en die krag daarvan (Austin 1962:73, 120). Die krag van 'n uiting (of betekeniswaarde, aldus Van Jaarsveld (1985:76)), stel 'n spreker se kommunikatiewe bedoeling voor (Thomas 1995:18). Kommunikasie is doelgerig en die spreker het 'n bepaalde intensie wanneer hy of sy praat (Leech 1983:13-15; Gibbs 2014:350 e.v.).

As deel van sy retoriese model, verduidelik Leech (1983:15) dat 'n spreker taal gebruik om 'n bepaalde uitwerking by die aangesprokene teweeg te bring. Dit is sigbaar in die kommentators se kritiek oor die insluiting van Kaaps in byvoorbeeld *Rapport*.³ Die kommentators wil as senders van 'n boodskap 'n bepaalde uitwerking bewerkstellig. Deur *verkras* as waarde-oordeel en kritiekinstrument te gebruik, wil die kommentators soortgelyke gedrag (die insluiting van variëteite soos Kaaps) in die toekoms verhoed. Die doelgerigtheid van taal en die effek wat dit binne sosiale konteks kan hê, val terug op die handelingsaspek van taal.

Taalhandelinge ontbloom die wisselwerking tussen wat 'n spreker sê of skryf en wat daardie spreker bedoel en beoog. Direkte taalhandelinge word soms deur performatiewe werkwoorde gekenmerk, byvoorbeeld *verklaar*, *belowe*, *beveel* en *waarsku*. Hierdie woorde dra tot die

³ Dit is sigbaar in die vroeë kommentaar op Trantraal se rubriek. Een leser meen 'n spreker van Kaaps is “onopgevoed” en kan “skaars” lees; die leser bevraagteken ook of Trantraal se skryfstyl 'n “erkende landstaal” is (*Rapport* 23 Oktober 2016, p. 10). Nog 'n leser verwys na Kaaps as 'n praattaal en nie 'n “erkende skryftaal” nie (*Rapport* 13 September 2015, p. 10). Beide gevalle spreek van aanvaarbare/toelaatbare taalgedrag en -norme (deur sowel Trantraal as *Rapport*), en sosiale afstand tussen partye.

eksplisiete illokusionêre seggingskrag van 'n uiting by. Deur die performatiewe werkwoord te uiter, word die handeling verrig (Cruse 2015:365-366, Van Niekerk & Olivier 2014:290-291). By direkte taalhandelinge is daar 'n duidelike ooreenstemming tussen die grammatikale vorm en die illokusionêre seggingskrag (Huang 2013:110). Dit wil sê, 'n stelsin kommunikeer 'n stelling en 'n bevelsin kommunikeer 'n bevel. Vir die taalhandeling om te slaag, moet die situasie egter aan gepastheidsvoorwaardes voldoen. Die spreker wat die taalhandeling uitvoer, moet onder meer bevoeg wees. 'n Regter mag iemand vonnis, want hy of sy het die toegewysde gesag; Jan Publiek het nie daardie gesag nie en kan daarom nie 'n vonnis vel nie, selfs wanneer hy die woorde "ek vonnis jou tot een jaar gevangenis" uiter. Nie alle woorde kwalifiseer as performatiewe werkwoorde nie. Die woord *eet* rig nie enige taalhandeling uit nie. 'n Persoon is in staat om te eet sonder om die woord *eet* te uiter. Soortgelyk is die woord *verkrag* nie 'n taalhandelingswerkwoord nie – die daad word nie gepleeg deur die woord te uiter nie.

Die figuurlike gebruik van *verkrag* kan as 'n indirekte taalhandeling beskou word. Indirekte taalhandelinge kom voor wanneer die grammatikale vorm (die sinstipe) nie met die illokusionêre seggingskrag ooreenstem nie (Huang 2013:110). Byvoorbeeld, die spreker maak 'n stelling, maar kommunikeer eintlik 'n versoek. Rhys (2025) se kommentator maak 'n stelling ("jy verkrag ons taal"), maar kommunikeer 'n direkte (óf 'n versoek/bevel) om die gedrag te staak.

Omdat dit om gespreksituasies gaan, is dit van belang om die sosiale konteks van 'n uiting of gespreksituasie in die besonder te erken. Die spreker se gebruik van taal kan nie van sy of haar sosiokulturele omstandighede geskei word nie (Marmaridou 2011:79). Of, soos Mey (2015:139) dit stel, "human social formations cannot be imagined without the use of language [...]." Die bewustheid van die sosiokulturele aspek binne pragmatiek noop die onderskeid tussen pragmalinguistiek enersyds en sosiopragmatiek andersyds. Dié onderskeid is aanvanklik deur Leech (1983:10-11) gemaak, sonder om die konsepte in besonder uit te brei. Volgens hom dui pragmalinguistiek die koppelvlak tussen pragmatiek en taal (grammatika) aan, en sosiopragmatiek die koppelvlak tussen pragmatiek en sosiologie. Marmaridou (2011:77) is meer spesifiek:

[...] sociopragmatics relates pragmatic meaning to an assessment of participants' social distance, the language community's social rules and appropriateness norms, discourse practices, and accepted behaviours.

Die sosiopragmatiek fokus veral op gebruike en waardes, kontekstuele veranderlikes soos sosiale mag en afstand, en die reikwydte van die oplegging (Cutting & Fordyce 2021:73). Misverstande kan ontstaan wanneer onderskeie kulturele waardes bots of die bedoelde intensie van 'n uiting nie slaag nie (Gibbs 2014:352-353). Soos Cutting en Fordyce (2021:73) aandui, het studies oor kruiskulturele pragmatiek in die tagtigerjare begin en gedy nog steeds (kyk byvoorbeeld Al-Saidi & Rashid (2016); Gündüz (2016); Mendes de Oliveira (2017); Stukan (2018); Lu (2019); Shleykina (2020) en Ding (2022)). Thomas (1983) se teorie omtrent kruiskulturele pragmatiese mislukking staan gewoonlik sentraal en bly daarom relevant. Thomas (1983:91) beperk nie die term *kruiskultureel* tot interaksies tussen mense van verskillende kulture nie, maar pas die term toe op kommunikasie tussen enige twee sprekers wat nie taalkundige of kulturele agtergrond (in enige domein) deel nie. Die term sluit die verskil in taalvariëteit in. Vervolgens, omdat beide Rhys (2025) en sy kommentator Afrikaanssprekend is, beteken dit klaarblyklik nie dat die taalstyl en register, of die kulturele agtergrond dieselfde is nie, ten spyte van moontlike raakpunte. Die verskil in taalkulturele agtergrond skep dus 'n geleentheid vir pragmatiese mislukking om plaas te vind. Vir Thomas

(1983:94) vind 'n mislukking plaas wanneer die aangesprokene die spreker se bedoelde seggingskrag anders waarneem as wat die spreker beoog het. Sy voorsien vier voorbeelde wat tipes mislukking illustreer:

1. die aangesprokene se waarneming van die spreker se woorde is sterker as wat die spreker dit bedoel het;
2. die aangesprokene neem die uiting as 'n taalhandeling waar wat die spreker nie beoog het nie;
3. die aangesprokene neem die spreker se uiting as ambivalent waar terwyl die spreker nie ambivalent probeer wees het nie, en
4. die spreker verwag dat die aangesprokene die seggingskrag kan aflei op grond van 'n verwagte gedeelte kennis wat beide partye inderwaarheid nie deel nie.

Myns insiens kan 'n vyfde aspek bygevoeg word, naamlik die gepastheidsvoorwaarde van gesag:

5. die aangesprokene herken of erken nie die spreker se gesag nie.

Die vyfde punt hier bo sluit aan by Searle (1979:4-6) se twaalf dimensies van illokusionêre handelinge, spesifiek die psigologiese stand van die spreker, die sterkte van die seggingskrag (wat deel van Thomas se eerste punt vorm), die status van die spreker en aangesprokene, en die manier waarop die uiting tot die spreker en aangesprokene se belange spreek.

Deur middel van 'n aantal taalhandelinge soos dreigemente, beloftes en apologie, kommunikeer die spreker gelyktydig 'n houding (selfs wanneer die houding onopreg is) (Searle 1979:4). Die sterkte waarmee 'n taalhandeling uitgevoer word, hou met woordkeuse verband (kyk Van Niekerk en Olivier (2014:296-297) en Van Eeden (1982:255-257) met betrekking tot affek). Die spreker selekteer sekere woorde om 'n uiting se seggingskrag harder of sagter te stel: "Ek stel voor ons kuier by Burgerpaleis" teenoor "Ek dring aan ons kuier by Burgerpaleis". Die status van beide die spreker en aangesprokene bepaal verder of die handeling suksesvol is. 'n Professor kan sy/haar eerstejaars vra of hulle hul leeswerk afgehandel het, maar die eerstejaars het nie die gesag om die professor direk na die afhandeling van sy/haar leestaak uit te vra nie. Laasgenoemde sal waarskynlik as onvanpas oorkom. Die konteks bepaal grootliks of die partye die nodige gesag het om die taalhandeling uit te voer (kyk afdeling 3). Laastens hang dit af of die taalhandeling tot die belange van die spreker of die aangesprokene spreek. Wanneer 'n spreker met hom- of haarself spog, gaan dit oor die spreker se belange, terwyl 'n kompliment aan die aangesprokene laasgenoemde se belange raak. Dié vier dimensies werk in op die gesag van die spreker. As die spreker se gesag nie deur die aangesprokene herken of erken word nie, is pragmatiese mislukking ewe waarskynlik.

3. Gesag deur taalhandelinge

Gesag manifesteer, onder meer, op twee pragmatiese vlakke:

- 'n spreker voer gesag uit deur middel van 'n taalhandeling; en
- 'n spreker moet die nodige gesag hê om 'n taalhandeling uit te voer.

Russel (2024:110-111) herinner ons weer eens dat kommunikasie doelgerig is en dat die spreker 'n bepaalde uitwerking in gedagte het. In dié opsig is die illokusie dit wat die spreker met sy of haar uiting wil bereik. Maar volgens Russel (2024:111) behels die illokusie meer as dit; die illokusie verander 'n staat of status: Wanneer 'n amptenaar soos 'n huweliksbevestiging die

woorde “hiermee verklaar ek julle getroud” uiter, verander ’n bruilofspaatjie se status van ongetroud/verloof na getroud. Die uiting (en spesifiek die performatiewe werkwoord *verklaar*) dra by tot die statusverandering. Wanneer ’n voorsittende beampte ’n vonnis in sy/haar hofuitspraak uitreik (“ek beveel die beskuldige/eiser om...”), verander ’n persoon se status met betrekking tot ’n eis of aanklag – die beskuldige is moontlik ’n paar rand armer, of het voortaan ’n kriminele rekord (wat nie noodwendig die geval was vóór die hofsak nie). Die perlokusie is self nie bloot die resultaat van ’n taalhandeling nie, maar sit ’n reeks gebeure aan die gang wat tot die statusverandering aanleiding gee (Russel 2024:111). Die bedoelde en die werklike perlokusie is soms wanbelyn. Dit wil sê, die taalhandeling kan by tye misluk omdat die aangesprokene nie die bedoelde perlokusie verstaan nie, of aspris ignoreer (Archer et al 2012:37; Van Niekerk en Olivier 2014:284-285; Gibbs 2014:353-354). Byvoorbeeld, ’n aangesprokene kan ’n uiting as ’n dreigement ervaar wanneer die spreker dit nie so bedoel het nie (kyk Thomas se tweede punt). Hoewel die aantying van taalverkragting ’n bedoelde perlokusie kan hê om die gebruik van Kaaps in hoofstroommedia te staak, is die werklike perlokusie in hierdie geval eerder ’n teenreaksie.

Vir Freeden (2013:279) lê mag juis in taal opgesluit: die vermoë om taal as instrument te gebruik om bepaalde uitwerkings te kanaliseer. Die spreker het mag deur taal doelgerig te gebruik om die wyse waarop mense dink en optree te beïnvloed, die wyse waarop ’n spreker emosies in die teikengehoor stimuleer (Freeden 2013:281, 295). Magsverhoudinge ontstaan as gevolg van die taalhandeling self. Wanneer een persoon ’n bevel gee, neem hy of sy reeds ’n meerderwaardige posisie in, en daardie posisie word deur die konteks bekragtig (wat sosio-ekonomiese status en opleidingsagtergrond insluit). Wanneer ’n spreker ’n belofte maak, neem hy of sy beheer oor ’n toekomstige situasie; wanneer ’n klag gelê word, probeer die spreker ’n situasie daadwerklik te verander (of ten minste ’n proses van verandering te begin). Die spreker neem dus telkens beheer en dwing sy of haar agentskap af.

Met betrekking tot die betrokke onderwerp staan twee soorte illokusionêre taalhandelinge sentraal: teenswoordige aktiwiteite en toekomsgerigte aktiwiteite. By teenswoordige aktiwiteite is opinies en klagtes belangrik. Opinies kommunikeer ’n spreker se oordeel rakende ’n bepaalde aspek wat hy of sy as die waarheid beskou; wanneer die aangesprokene daarvan verskil, ontstaan ’n argument (Edmondson, House & Kádár 2023:44, 173). Dit is in die spreker se belang om die aangesprokene van “die waarheid” te probeer oortuig – daarin lê die noodsaaklikheid om gesag. Met ’n klagte kommunikeer ’n spreker sy of haar negatiewe gevoelens rakende die aangesprokene se optrede; die spreker beskou die aangesprokene se gedrag as sleg en daag daardeur die aangesprokene se sosiale en morele bevoegdheid uit (Edmondson, House & Kádár 2023:39, 143). Die implikasie van ’n klagte is dat die aangesprokene sy of haar gedrag aanpas of ’n regstelling maak (Edmondson, House & Kádár 2023:143). Om ’n gewenste regstelling te inspireer, moet ’n spreker se gesag deur die aangesprokene herken en erken word. Hoewel klagtes ’n teenswoordige stand van sake kommunikeer, gee dit aanleiding tot toekomsgerigte aktiwiteite in die vorm van versoeke, be vele, instruksies, dreigemente en waarskuwings. Laasgenoemde twee taalhandelinge is wel toekomsgerig maar daarop gemik om toekomstige aktiwiteite te ontmoedig (Edmondson, House & Kádár 2023:41). Hou in gedagte dat versoeke gewoonlik die spreker se belange verteenwoordig en nie dié van ’n aangesprokene nie (Edmondson, House & Kádár 2023:42). In die geval van Rhys se rubriek is dit duidelik dat die leser se reaksie gelyktydig ’n opinie en ’n klagte is waardeur die leser afkeur kommunikeer. As indirekte taalhandeling kommunikeer die leser sowel ’n versoek as ’n soort pleidooi om soortgelyke gedrag (die gebruik van Kaaps in hoofstroommedia) te halt.

Soos vroeër vermeld, moet 'n spreker in sommige situasies oor die bevoegdheid beskik om 'n spesifieke taalhandeling te mag uitvoer. Byvoorbeeld, die persoon wat huwelike bevestig, ontvang die nodige outoriteit van die staat deur middel van wetgewing. Die gesag van die huweliksbevestiger word verder deur middel van kodifisering versterk. Hy of sy gebruik huweliksformuliers wat deur die staat en/of die plek van aanbidding en/of tradisie daargestel is. Die bevestiger is voorts verantwoordelik vir die amptelike registrasie van die huwelik. Die meegaande administrasie bou dus voort aan die amptelikheid van die bevestiger se hoedanigheid en rol. Gesag kan op ander maniere manifesteer. Wilson en Stapleton (2010:54) dui byvoorbeeld aan hoe die gesag van mediese praktisyns in hul kennis en kundigheid opgesluit is. Die persepsie van “kennis as gesag” kan daartoe lei dat pasiënte nie 'n dokter se besluite of optredes in twyfel sal trek of uitdaag nie.

Vir gewone sprekers wat taalhandelinge in daaglikse situasies uitoefen, is die gesag in die spreker opgesluit. Dié gesag word op verskillende maniere verkry en toegepas. Enkele voorbeelde sluit in:

- leksikale keuses, en
- identiteitsmarkering.

Dié twee aspekte werk dikwels saam om gesag in 'n spreker te vestig (kyk nogmaals Searle se dimensies van illokusionêre taalhandelinge). 'n Spreker gee sy of haar houding en gesag te kenne deur middel van noukeurige (én onbewuste) woordseleksie. Soos reeds genoem, bepaal die leksikale keuse beide die beoogde trefkrag van die uiting en die taalhandeling. Woordkeuse is goeie aanduiders van direktheid en emosie. Deur taboe woorde of uitdrukkinge en intensiverders te gebruik en deur die spreker se perspektief ten koste van die aangesprokene te verwoord, oefen 'n spreker gesag uit (Edmondson, House & Kádár 2023:100-101). Die uiting van Rhys se kommentator (“Ek wens ek kon 'n klag van verkragting teen jou lê omdat jy ons taal verkrag”) en spesifiek die gebruik van *verkrag* dien as 'n goeie voorbeeld hiervan. Die uiting is nie alleen direk nie, maar ook emosioneel gelaai (of “heated” soos Edmondson, House en Kádár dit stel). Dit is sonder twyfel die kommentator se bedoeling om kragdadig oor te kom.

Taal bied verder 'n wyse waarmee 'n spreker sy of haar (sosiale) identiteit merk. Dit geskied dikwels in die vorm van woordkeuse en prosodie. Só dui sprekers aan met wie hulle verskil of met watter groepe hulle geassosieer wil word (Cameron 2012:15). Byvoorbeeld, gevalle is aangeteken van vroue in meestal mansgeoriënteerde beroepe wat sogenaamde “manlike” spraakstyle aanneem om beter raakgesien en ernstiger opgeneem te word (Wilson & Stapleton 2010:61). Dieselfde soort strategie is sigbaar in ander domeine soos korrektiewe dienste, waar tronkbewaarders taboe taal (soos vloek) onder mekaar en met gevangenes aanwend in 'n poging om gesag te bestuur en uit te oefen. Sprekers pas dus pragmatiese strategieë toe om gesag in hulself te setel, te behou en uit te oefen. Deur die gebruik van Kaaps as taalverkragting te verwoord, stel die *Rapport* leser hom- of haarself enersyds as taalwagter aan en andersyds ontbloot die leser sy of haar houding teenoor Kaaps (en moontlik die gebruikers van Kaaps). Daardeur kommunikeer die leser 'n duidelike assosiasie met diegene wat Afrikaans “korrek” praat en “eerbiedig”.

4. Gesag deur preskriptivisme

Preskriptiewe taal behels die voorskrytelike gebruik van taal, meestal grammatika, en 'n voorkeur vir die standaardtaalvorm. “Grammatika” word hier in 'n baie breë sin beskou,

naamlik die morfosintaktiese reëls van 'n taal asook leestekengebruik en uitspraak (Curzan 2014:23; Cameron 2023:20). Preskriptivisme kom neer op sogenaamde korrekte taalgebruik en dui aan wat binne 'n taal toelaatbaar is. Dit gaan oor (idees van) sogenaamde “goeie” of “suiwer” taal en wat sprekers as die waarheid omtrent aanvaarbare taal beskou (Mooney & Evans 2023:9, 11; Russel 2024:84); Milroy en Milroy (2012:19, 34) verwys daarna as die ideologie van standaardisering – 'n stel norme wat bepaal dat taal op 'n “korrekte” manier gebesig word. Dié ideologie het konformerings ten doel; die standaardtaal moet konstant verbeter word sonder om drasties te verander (Milroy & Milroy 2012:36; Ebner 2017:127). Dit impliseer dat die standaardvariëteit meestal vas en onveranderlik is. Dié voorskriftelikheid skep en onderhou gesag. Taalgesag is institusioneel van aard en herinner aan Gramsci se indeling van die burgerlike samelewing aan die een kant, en die politieke samelewing aan die ander (Bates 1975:353; Cameron 2023:20). Beide strome werk saam om hegemonie daar te stel en in stand te hou. Die strukture wat meewerk om preskriptiewe taal van bo na onder op sprekers af te dwing, sluit in skole, kerke, uitgewers, gedrukte en sosiale media asook staatsorgane soos howe. 'n Voorkeur vir die standaardtaalvorm word verder deur middel van kodifisering gehandhaaf – spesifiek die uitgee en gebruik van woordeboeke, taalhandboeke en die riglyne van taalkommissies soos die *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (Milroy & Milroy 2012:19, 37; Curzan 2014:16; Bosman, Taljard & Prinsloo 2017:291-293, 295). Selfs rekenaarprogrammatuur wat deesdae as vanselfsprekend aanvaar word, is preskriptiwisties (Curzan 2014:64 e.v.). Dink byvoorbeeld aan spel- en grammatikapakette vir woordverwerkers, soos *Afrikaanse Skryfgoed*. Tradisies, gewoontes en rituele maak 'n verdere deel uit van taalgesag. Gepaste en gewenste taalgebruik word van kindsbeen in skole en huise by sprekers tuisgebring; sprekers word geleer om “swak” taalgebruik te vermy, om woorde in woordeboeke na te slaan en om taalreëls na te kom. Taalnorme en waardes stem mettertyd met kulturele norme en waardes ooreen en beide word geïnternaliseer (Cameron 2012:13-14; Russel 2024:64 e.v.), tot só 'n mate dat talle sprekers van nature genoop voel om slegte taalgebruik uit te wys en te korrigeer.

'n Belangrike taalhouding wat preskriptiewe gedrag onder sprekers help verklaar, is die gedagte dat taal alewig op 'n afwaartse trant verkeer en dienooreenkomstig deur gesaghebbende figure en instansies op die regte koers gebring moet word (Milroy & Milroy 2012:22; Curzan 2014:36-37; Mooney & Evans 2023:11). Dit gee onder meer aanleiding tot 'n mate van morele paniek, 'n situasie waar 'n probleem oordryf word en lede van die publiek se reaksie disproportioneel tot die werklike aard van die kwessie vertoon (Cameron 2012:82). Die probleem in hierdie geval is die kamtige agteruitgang van taalvermoë (wat die toepassing van taalreëls insluit). Oftewel, swak grammatika gee aanleiding tot morele agteruitgang; goeie taalbeheersing is sinoniem met respek en inbors (Cameron 2012:25, 94; Ebner 2017:131-132). Soos Cameron (2012:95) dit stel:

A panic about grammar is therefore interpretable as the metaphorical expression of persistent conservative fears that we are losing the values that underpin civilization and sliding into chaos.

Cameron (2012:96) gaan verder deur te suggereer dat die onderrig van sogenaamde korrekte taal deel uitmaak van 'n groter stryd teen “duister sosiale magte”, spesifiek die teenwerking van anargie, in die besonder enige ongewensde gedrag van die werkersklas. Waar 'n agteruitgang vermoed of bespeur word, tree sommige figure na vore om die taal (en die samelewing) van taal- en morele verval te red (Milroy & Milroy 2012:26). Dit verklaar moontlik die kommentator se reaksie op Rhys se gebruik van Kaaps: 'n vrees van 'n (onsigbare)

werkersklas wat die morele bestaan van die kommentator bedreig en wat die leser tot aksie dwing.⁴ Vir die taalpolisiebeamptes is daar gewoonlik slegs een aanvaarbare vorm en dié stem gewoonlik met die standaardvariëteit ooreen. Soos Milroy en Milroy (2012:27-28) aandui, is dit belangrik om te besef dat dié soort polisiëring meestal sosiaal van aard is en selde op taalkundige grondslag berus. Dit kom hoofsaaklik op 'n waardeoordeel neer (Cameron 2012:100; Ebner 2017:131).

Preskriptivisme is boonop konserwatief, elitisties en outoritêr; dit het ten doel om taalgebruik en -gedrag te reguleer (en te beheer) (Curzan 2014:16-17, 24). Standaardisering is 'n belangrike resultaat van preskriptivisme. Dit behels nie net die skep van 'n algemeen verstaanbare (geskrewe) variëteit nie, maar dit gaan eweveel om die regulering en bevordering van die variëteit op alle formele domeine. Die implikasie is dat kennis van die standaardvariëteit vereis word om sosiaal, opvoedkundig en ekonomies suksesvol te wees (Mooney & Evans 2023:11, 14; Russel 2024:64-65; Ebner 2017:135). Dit skep nie bloot die indruk dat die standaardtaalvorm belangriker is as enige ander verwante taalvariëteit nie, dit is vir talle sprekers ook die realiteit (Curzan 2014:26). In die geval van Afrikaans geniet Standaardafrikaans 'n hoër status as Kaaps weens die kapasiteit en gebruik daarvan in verskillende standaard- en formele domeine en weens die standaardiseringsgeskiedenis en beskikbare ontwikkelde hulpbronne (Cameron 2012:99). Diegene wat dus Standaardafrikaans “verkeerd” gebruik of daarvan “afwyk” deur ander variëteite binne bepaalde domeine te gebruik (soos die hoofstroomgedrukte media), word as “verkeerd” en “sleg” beskou. Soos Curzan (2014:30) aandui, gaan dit nie alleenlik oor 'n standaardtaalvorm nie, dit gaan oor die taal self. Dit wil sê, Standaardafrikaans is Afrikaans (en andersom). Taalgesag is dus nie beperk tot instansies en die outoriteit wat deur middel van kodifisering tot stand kom nie; gewone mense beskou hulself as gesaghebbend op grond van die feit dat hulle sprekers van die taal is. Hul gesag lê opgesluit in hul opvoeding en hul dienooreenkomstige status as bedrewe taalbeheersers en oënsynlike kenner van relevante taalreëls. Derhalwe voel talle sprekers geregtig om “die taal” teen agteruitgang te polisieer en te verdedig. Daarmee saam hou dié taalwagters die morele standaarde van die sprekersgemeenskap (kwansuis) in stand.

5. Slot

Die betrokke leser van Rhys maak 'n aantyging van verkragting op grond van die gesag wat in hom of haar gevestig is. Daardie gesag kom op verskillende maniere tot stand: eerstens as spreker van Standaardafrikaans en meer spesifiek as 'n spreker wat oënsynlik taalreëls toepas en vereis. Die status as bedrewe spreker van Standaardafrikaans word institusioneel geskep met behulp van woordeboeke, taalhandboeke, spelriglyne, en dies meer. Taalreëls sluit in die vermoë om tussen taalstyle te wissel soos daar van sprekers in hoë en lae taaldomeine vereis word. Dalk word die leser se gesag selfs versterk deur status verwant aan sy of haar beroep en ouderdom.

Die leser dwing gesag af deur veral woordkeuse en indirekte taalhandelinge (assertiewe, ekspressiewe, direktiewe). Die lekseem *verkrag* dien nie bloot as intensiveerder nie, maar dit is gelyktydig die woord wat klagte en opinie as taalhandelinge oproep. *Verkrag* kommunikeer die leser se afkeur aan swak taal, 'n beskuldiging van taalverwatering én 'n vermaning om toekomstige slegte gedrag (naamlik Kaaps) te staak.

⁴ Daar is 'n moontlikheid dat, indien die leser wit is, hul waargenome gesag aan hul ras gekoppel kan word. Die afkeur van Kaaps kan daarom moontlik rasgedrewe wees. In só 'n geval polisieer die leser 'n kwansuise morele verval en die (bruin) werkersklas se rol in daardie agteruitgang.

Wat van die replieke? Deur *verkrag* te sensureer, kommunikeer Rhys en Julius en Swart opinies (’n waarheid omtrent die teenswoordige gespreksituasie) asook ’n klagte (met die suggestie dat sommige lesers soos dié van Rhys hul afkeurende gedrag moet staak), en hulle kommunikeer daardeur ten minste ’n indirekte versoek om meer tegemoetkomend te moet wees. Klaarblyklik maak albei partye van dieselfde strategieë gebruik.

Gemeet aan Thomas (1983) se bygewerkte kriteria vir kruiskulturele pragmatiese mislukking, blyk dit dat ’n mislukking plaasvind op grond van die laaste twee punte. Na aanleiding van beide Rhys en Julius en Swart se replieke, het dié outeurs nie die leser se reaksie sterker ervaar as wat die leser dit bedoel het nie. Die gebruik van *verkrag* bevestig dat die leser sterk en hard wou oorkom. Dit is boonop onwaarskynlik dat die repliekskrywers die leser se bedoelde taalhandeling verkeerd verstaan het – die leser se afkeur is assertief van aard en word direk as ’n wens en ’n verklaring gekommunikeer. Dat die leser die gebruik van Kaaps in hoofstroommedia teenstaan, is op geen wyse onverstaanbaar verwoord nie. Die feit dat sowel Rhys as Julius en Swart verplig gevoel het om repliek te lewer, is genoeg bewyse dat die leser se beoogde taalhandeling deur die repliekskrywers begryp is. Daarom is daar nie enige onsekerheid oor die leser se reaksie nie. Op grond van Thomas (1983) se eerste drie kriteria slaag die leser se kommunikasie op sosiopragmatiese vlak. Kruiskulturele pragmatiese mislukking tree wel in.

Die laaste twee kriteria bepaal

- dat H die bedoeling van S se uiting sal verstaan omdat S en H ’n gemeenskaplike agtergrond deel, maar inderwaarheid is daar min of geen gemeenskaplike agtergrond, en
- dat H nie S se gesag herken of erken nie.

Dit is heeltemal moontlik dat die betrokke leser begrip van Kaapssprekers verwag. Die beskuldiging van taalverkragting impliseer dat Rhys en ander skrywers van Kaaps weet wat preskriptiewe taalreëls behels, want die veronderstelling is dat almal wat Afrikaansonderrig ontvang het, sal weet dat Standaardafrikaans vir bepaalde funksies en domeine gereserveer is (kyk Ebner 2017:131). Die gebruik van variëteite soos Kaaps in hoofstroommedia is onaanvaarbaar. Dit is die gemeenskaplike agtergrond waarop die leser staatmaak, en om dié rede moet die leser se ongelukkigheid vir Rhys en ander sin maak. Máár, dit is nie vanselfsprekend nie. Sprekers van niestandaardvariëteite beskou nie noodwendig Standaardafrikaans as die enigste toelaatbare variëteit in spesifieke domeine nie. ’n Gedeelde agtergrond is dus nie ’n gegewe nie en aan die hand van die twee replieke is dit duidelik dat ’n gemeenskaplike ooreenkoms oor toelaatbaar formele en informele taalruimtes nie meer bestaan nie.

Die feit dat Rhys en Julius en Swart op die leser se kommentaar repliek gelewer het, is genoeg aanduiding dat hulle nie die leser se gesag herken of erken het nie. Die leser se gesag word nie alleen in twyfel getrek nie, maar die gebruik van *verkrag* word uitgedaag en gesensureer. Deur die woordgebruik binne hierdie konteks taboe te verklaar, word die leser se aanwending van die lekseem ondermyn. Trouens, met die konstruksie “ek wens ek kon” ondermyn die leser sy of haar eie gesag, want daardeur kommunikeer die leser ’n onvermoë.

Die gesprekswisseling misluk op sosiopragmatiese vlak; die leser se kommentaar het nie die gewenste effek nie.⁵ Die gebruik van *verkrag* as kommunikasie- en taalhandelingsinstrument is wel tekenend van koöperatiewe samewerking (maar nie eenstemmigheid nie), want sterk gevoelens aan beide kante van die gesprek is gekommunikeer deur beide spreker en hoorder en deur die lekseem met bepaalde illokusionêre krag en bedoelde perlokusionêre reaksie aan te wend.

BIBLIOGRAFIE

- Al-Saidi, A. & Rashid, S. 2016. Investigating socio-pragmatic failure in cross-cultural translation: A theoretical perspective. *Arab World English Journal*, 4:113-126.
- Archer, D., Aijmer, K. & Wichmann, A. 2012. *Pragmatics. An advanced resource book for students*. London: Routledge.
- Austin, J.L. 1962. *How to do things with words*. London: Oxford University Press.
- Bates, T.R. 1975. Gramsci and the theory of hegemony. *Journal of the History of Ideas*, 36(2):351-366.
- Bosman, N., Taljard, E. & Prinsloo, D. 2017. Honderd jaar Afrikaanse Woordelys en Spelreëls – 'n Oorsig en waardering. Deel 1: Die woordelys. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(2):285-301.
- Cameron, D. 2012. *Verbal hygiene*. London: Routledge.
- Cameron, D. 2023. Verbal hygiene. In Beal, J.C., Lukač, M. & Straaijer, R. (eds) *The Routledge handbook of linguistic prescriptivism*. New York: Routledge, pp. 17-30.
- Coupland, N. 2010. Accommodation theory. In Jaspers, J., Östman, J. & Verschueren, J. (eds) *Society and language use*. Amsterdam: John Benjamins Publishing, pp. 21-27.
- Creswell, J.W. & Creswell, J.D. 2018. *Research design. Qualitative, quantitative and mixed methods approaches*. London: Sage.
- Cruse, A. 2015. *Meaning in language. An introduction to semantics and pragmatics*. Oxford: Oxford University Press.
- Curzan, A. 2014. *Fixing English. Prescriptivism and language history*. London: Cambridge University Press.
- Cutting, J. & Fordyce, K. 2021. *Pragmatics. A resource book for students*. London: Routledge.
- Dillard, J.P. 2014. Language, style, and persuasion. In Holtgraves, T.M. (ed) *The Oxford handbook of language and social psychology*. Oxford: Oxford University Press, pp. 177-187.
- Ding, L. 2022. Analysis of pragmatic failure and strategies in cross-cultural communication. *International Journal of Linguistics, Literature and Translation*, 5(5):72-77.
- Ebner, C. 2017. "Sloppy speech is like sloppy dress". Folk attitudes towards nonstandard British English. In Bassiouney, R. (ed) *Identity and dialect performance*. London: Routledge, pp. 125-139.
- Edmondson, W.J., House, J. & Kádár, D.Z. 2023. *Expressions, speech acts and discourse. A pedagogic international grammar of English*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Fetzer, A. 2011. Pragmatics as a linguistic concept. In Bublitz, W. & Norrick, N.R. (eds) *Foundations of pragmatics*. Berlin: De Gruyter, pp. 23-50.
- Freeden, M. 2013. *The political theory of political thinking. The anatomy of practice*. Oxford: Oxford University Press.
- Gibbs, R.W. 2014. Intentions in meaningful experiences of language. In Holtgraves, T.M. (ed) *The Oxford handbook of language and social psychology*. Oxford: Oxford University Press, pp. 348-364.
- Gündüz, N. 2016. Sociopragmatic elements and possible failure in EFL teaching. *Dil Dergisi*, 167(1):49-65.
- Huang, Y. 2013. *Pragmatics*. Oxford: Oxford University Press.

⁵ 'n Mens sou kon argumenteer dat die leser se kommentaar en (indirekte) taalhandelinge gedeeltelik geslaagd is. Die repliekskrywers het die leser se uiting wel aangevat en die ruimte vir Kaaps beredeneer, maar hulle het dit nog steeds in Standaardafrikaans gedoen. Die keuse vir Standaardafrikaans is uiteraard strategies, want die replieke is op die betrokke leser en soortgelyke sprekers afgestem. As die replieke egter in 'n niestandaardvariëteit verskyn het, sou die betrokke leser volkome ondermyn gewees het.

- Julius, S. & Swart, M. 2025. "Jou 'fênsie' Afrikaans maak jou nie beter as ander nie", *Rapport*, 25 Mei 2025. <https://netwerk24.com> [10-08-2025].
- Kulkarni, M. & Sommer, K. 2015. Language-based exclusion and prosocial behaviors in organizations. *Human Resource Management*, 54(4):637-652.
- Leech, G.N. 1983. *Principles of pragmatics*. London: Routledge.
- Lu, L. 2019. Pragmatic failure in interpretation and the development of students' pragmatic competence in interpreting. *English Language Teaching*, 12(3):37-45.
- Marmaridou, S. 2011. Pragmalinguistics and sociopragmatics. In Bublitz, W. & Norrick, N.R. (eds) *Foundations of pragmatics*. Berlin: De Gruyter, pp. 77-106.
- Martín Rojo, L. 2016. Language and power. In García, O., Flores, N. & Spotti, M. (eds) *The Oxford handbook of language and society*. Oxford: Oxford University Press, pp. 77-102.
- Martín Rojo, L. 2022. Power and the role of language. In Brisard, F., D'hondt, S., Gras, P. & Vanderbroucke, M. (eds) *Handbook of pragmatics*. Volume 25. Amsterdam: John Benjamins, pp. 107-128.
- Meibauer, J., Demske, U., Geilfuß-Wolfgang, J., Pafel, J., Ramers, K.H., Rothweiler, M. & Steinbach, M. 2015. *Einführung in die germanistische Linguistik*. Stuttgart: JB Metzler.
- Mendes de Oliveira, M. 2017. Sociopragmatic failure revisited: the case of intercultural communication between Brazilians and Americans. *Revista Brasileira de Linguística Aplicada*, 17(20). <https://doi.org/10.1590/1984-6398201610955> [04-03-2026].
- Mey, J. 2015. The sociological foundations of pragmatics. In Huang, Y. (ed) *The Oxford handbook of pragmatics*. Oxford: Oxford University Press, pp. 132-152.
- Milroy, J. & Milroy, L. 2012. *Authority in language: Investigating standard English*. Oxford: Taylor & Francis.
- Mooney, A. & Evans, B. 2023. *Language, society and power*. London: Routledge.
- Rapport*. 2014. "Kry tyd reg voor jy 'n krater van jou maak", 13 April, p.10.
- Rapport*. 2015. "'Kaaps' irriteer my", 17 Mei, p.10.
- Rapport*. 2015. "Jou ma se dictionary!", 24 Mei, p.10.
- Rapport*. 2015. "Is Nathan mal of absoluut geniaal", 31 Mei, p.10.
- Rapport*. 2015. "Ons praat'ie ammel so nie", 14 Junie, p.10.
- Rapport*. 2015. "Trantraal-taal vir praat, nie skryf", 13 September, p.10.
- Rapport*. 2016. "Ruiters en skoppe", 23 Oktober, p.10.
- Rapport*. 2016. "Nathan is jou een voor, Chris", 30 Oktober, p.10.
- Rapport*. 2017. "Leraars let ook nie op suiwer taal", 12 Maart, p.10.
- Rhys, C. 2025. "Dink weer as jy dink jy help Afrikaans só", *Rapport*, 27 April 2025. <https://netwerk24.com> [10-08-2025].
- Russel, E.L. 2024. *Fighting words! A critical approach to linguistic transgression*. New York: Routledge.
- Searle, J.R. 1979. *Expression and meaning. Studies in the theory of speech acts*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Shleykina, G. 2020. Pragmatic failure revisited: Jaworski's (1994) study in a new light. *Eurasian Journal of Applied Linguistics*, 7(1):303-315.
- Thomas, J. 1983. Cross-cultural pragmatic failure. *Applied Linguistics*, 4(2):91-112.
- Thomas, J. 1995. *Meaning in interaction. An introduction to pragmatics*. London: Routledge.
- Utz, J. 2023. What is a Research Paradigm? Types of Research Paradigms with Examples. *Researcher: Life*. <https://researcher.life/blog/article/what-is-a-research-paradigm-types-examples/> [03-03-2026].
- Van Eeden, L.P. 1982. Die effek van affek. Die funksionering van affek in 'n aantal koerantberigte. In Van Jaarsveld, G.J (red) *Wat sê jy? Studies oor taalhandelinge in Afrikaans*. Johannesburg: McGraw-Hill, pp. 253-276.
- Van Jaarsveld, G.J. 1985. *Semantiek*. Pretoria: Academica.
- Van Niekerk, A. & Olivier, J. 2014. Pragmatiek. In Carstens, W.A.M. & Bosman, N. (reds) *Kontemporêre Afrikaanse taalkunde*. Pretoria: Van Schaik, pp. 275-309.
- Walliman, N. 2026. *Research methods. The basics*. London: Routledge.
- Wilson, J. & Stapleton, K. 2010. Authority. In Jaspers, J., Östman, J. & Verschueren, J. (eds) *Society and language use*. Amsterdam: John Benjamins Publishing, pp. 49-70.
- Yule, G. 2020. *The study of language*. Cambridge: Cambridge University Press.

'n Kulturele en psigolinguistiese perspektief op wêreldbeskouing aan die hand van advertensies (in Afrikaanse media) sedert 1916

A cultural and psycholinguistic perspective on worldview based on advertising communication (Afrikaans media) since 1916

ANGELIQUE VAN NIEKERK

Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans

Universiteit van die Vrystaat

Suid-Afrika

Epos: vnika@ufs.ac.za

ORCID: <https://orcid.org/0000-0002-8233-2441>



Angelique
van Niekerk

ANGELIQUE VAN NIEKERK is 'n professor in die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans, aan die Universiteit van die Vrystaat.

Haar belangstelling in Vreemdetaalonderrig, spesifiek Afrikaans en ook Nederlands, stuur drie geakkrediteerde formele kortleerprogramme vir onderskeidelik Afrikaans en Nederlands as vreemdetaal aan die UV van stapel.

Haar navorsingsfokus val op Toegepaste Linguistiek binne die dissiplinêre velde Semantiek, Pragmatiek, Diskoersanalise en op die talige aard van advertensie kommunikasie in die besonder. Sy lewer talle geakkrediteerde publikasies binne veral die Afrikaanse taalkunde, Vreemdetaalonderrig sowel as Toegepaste Linguistiek en kommunikasiewetenskappe (in Afrikaans en Engels) soos wat haar *Google Scholar* profiel ook toon.

Sy het in verskillende dissiplines binne Geesteswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat onderrig gegee, naamlik Kommunikasiewetenskappe, Taalpraktyk, en Vreemdetaalverwerwing en Afrikaans en Nederlands.

Sy het in 2023 'n C-NRF-gradering ontvang.

ANGELIQUE VAN NIEKERK is a professor in the Department of Afrikaans and Dutch, German, and French at the University of the Free State.

Her interest in foreign language teaching, specifically Afrikaans and Dutch, led to the launch of three accredited short learning programs for Afrikaans and Dutch as foreign languages at the UFS.

Her research focus is on applied linguistic research within the disciplines Semantics, Pragmatics, and Discourse analysis, as well as the linguistic nature of Advertising Communication. She has published many peer-reviewed papers in Afrikaans Linguistics, Foreign Language Teaching, and Applied Linguistics and Communication Sciences (in Afrikaans and English), as evidenced by her *Google Scholar* profile.

She taught modules within different disciplines in the Humanities, namely Communication Sciences, Language practice, Language acquisition in Afrikaans and Dutch.

She received a C-NRF rating in 2023.

Datums:

Ontvang: 2026-03-12

Goedgekeur: 2026-08-12

Gepubliseer: September 2026

ABSTRACT***A cultural and psycholinguistic perspective on worldview based on advertising communication (Afrikaans media) since 1916***

The nature of cultural transmission (from Afrikaans speakers and to Afrikaans speakers), as one of the four functions of mass communication, is the focus of the investigation, based on selected datasets of Afrikaans-language advertisements (compare also Steinberg and Angelopulo 2015:218-219).

Between the periods 1916–1949 and 1994–2024, the selected dataset shows notable changes regarding the following nine sociolinguistic and psycholinguistic aspects: 1. gender roles and social status; 2. the nature and type of emphasis on physical appearance; 3. language pride and the accent on the value of books; 4. the cultural milieu; 5. occupation, work, and study; 6. the South African market and local context; 7. the farming community and connection to land; 8. communication practices; 9. financial practices.

This study focuses on the nature and extent of these shifts within the identified categories (dataset). The data analysis serves as an example of the presumed change in thinking and change in identity within the specific (intended) target market, namely Huisgenoot readers.

In addition to the changes/shifts over 100 years in Huisgenoot, more recent data from a variety of nine Afrikaans-language magazines (May 2025), as well as printed Afrikaans advertisements in the Pendoring archive since 2020, demonstrate how advertising language contributes to the formation of a particular shared frame of reference (positioning the audience) and what is therefore regarded today as common ground. The following insights emerge from the data analysis aimed at addressing objective 2 of the study. Since 2020, the Afrikaans media market is indicative of: a) multi-identities and inclusivity; b) interactivity; c) recognition of one's own origins and cultural distinctiveness; d) social awareness; and e) the rejection of pretension or former social codes (as depicted, among others, in older Huisgenoot advertisements up to 1949).

Hofstede's (2005) well-known distinction, echoed by many others, between collectivist societies (associative and implication-driven communication) and individualist societies (a rational, informative approach to communication) appears to apply less rigidly in the heterogeneous South African context, except in the case of culture-specific products and services (literature, music, etcetera). In place of this distinction, there is a growing social awareness and visible multi-identity. This aligns with Koeman's (2007) critique of the simplified distinction and his addition – alongside collectivism and individualism – of universals (understanding, appreciation, tolerance, and protection of the well-being of all people and of nature) and security (safety, harmony, and stability of society, relationships, and the self).

Recent datasets, including advertisements from nine different Afrikaans magazines (May 2025), indicate the importance of social issues – those with which the recipient identifies (your “good cause”). This likely also relates to the challenges faced by Generation Z in entering the economic market/sector, where brand awareness and commodities play an increasingly smaller role in terms of positioning.

Overall, two insights can be highlighted from the recent dataset since 2020:

- *Language is a “thing,” that is, an issue, in a heterogeneous and inclusive society; a marker of inclusivity – or not.*
- *Social awareness requires your attention and energy (time and/or money).*

In line with, among others, Piller (2001, 2003), examples in the dataset (since 2020) that point to globalisation do not refer merely to the use of, for example, English for the sake of

internationalisation (translation/interpretation), but rather to globalisation and heterogeneity, which involve the inclusion and use of multiple languages (and their relevant associative linguistic power).

Contemporary social identity is therefore hybrid and complex, and the media play a decisive role in its construction. The media – and specifically advertising – in the primary dataset (Huisgenoot 1916–2025, the May 2025 editions of nine Afrikaans magazines, and the Pendergast advertising archives) reveal a sliding scale of shifts from: A) political citizenship to B) economic citizenship (brand awareness), and finally C) multi-identities (more than race or race-unmarked) and more than one language, and other than only English.

KEY WORDS: advertising language, Afrikaans, sociolinguistics, psycholinguistic change, marketing language, applied linguistics, generation theory, multi-identity

TREFWOORDE: advertensietaal, Afrikaans, bemarkingstaal, sosiolinguistiek, psigolinguistiese verskuiwing, toegepaste taalkunde, generasieteorie, multi-identiteite

OPSOMMING

Die aard van kulturele oordrag (van Afrikaanssprekendes en aan Afrikaanssprekendes) as een van die vier funksies van massakommunikasie is die fokus van die ondersoek aan die hand van Afrikaanstalige advertensies. (Vergelyk ook Steinberg en Angelopulo (2015:218-219).)

Tussen die tydvak 1916–1949 en 1994–2024 het die gekose dataset veral veranderinge getoon wat die volgende nege sosiolinguistiese en psigolinguistiese aspekte betref: 1. geslagsrolle en sosiale aansien (status); 2. die aard en tipe klem op fisieke voorkoms; 3. taaltrots en die klem op die waarde van boeke; 4. kulturele (leef) wêreld; 5. beroep, werk en studie; 6. die Suid Afrikaanse mark en die plaaslike konteks; 7. boerderygemeenskap en grondverbondenheid; 8. kommunikasiepraktyk; 9. finansiële praktyk.

Naas die genoemde veranderinge/verskuiwing oor 100 jaar in die *Huisgenoot*, word daar aan die hand van resente data in 'n verskeidenheid (nege) Afrikaanstalige tydskrifte (Mei 2025-uitgawes), asook gedrukte Afrikaanstalige advertensies in die Pendergast-argief sedert 2020, gewys hoe advertensietaal vorming gee aan 'n bepaalde gedeelte denkraamwerk ("positioning the audience"). Die volgende insigte blyk uit die data-analise gerig op doelwit 2 van die ondersoek. Die Afrikaanstalige mediamark (sedert 2020) is tekenend van: a) multi-identiteite en inklusiwiteit; b) interaktiwiteit; c) erkentlikheid aan die (eie) herkoms en kultuureie; d) sosiale bewustheid en e) die negering van pretensie, oftewel eertydse sosiale kodes.

1. Inleiding

Die behoefte om jou medemens te oordeel is bemagtigend en die opsies is legio, ook binne die genre van advertensies is daar 'n magdom taalinstrumente waarmee die doelwit bereik kan word.

Piller (2001:182) verwys na Spitulnik (1998:164) se uitspraak dat alle talige praktyk ideologiese implikasie inhou wanneer sy die term *linguistiese kapitaal* gebruik. (Vergelyk in dié verband ook Bourdieu (1991).) Die verband tussen taal, mag en ideologie in die advertensiewese is deur baie geleerdes wat belangstel in kritiese diskoersanalise ondersoek. (Vergelyk in dié verband ook Fairclough (1989:199-211; 1992:113-117).)

In hierdie artikel gaan daar pertinent na, eerstens, die talige en taalverwante praktyk (interne norme van die taalsisteem), dus taal as instrument, en tweedens na die vorming van denkraamwerke op basis van talige en taalverwante keuses aandag gegee word. Die ondersoek fokus op Afrikaanstalige advertensies as 'n vorm van diskoers.

Wanneer daar oor denkraamwerk of wêreldbeskouing gepraat word, is verwysing na die teoretiese konstruk *skema* ook ter sake. Danesi (2015:2) verwoord die verband tussen kommunikasie, skema en diskoers soos volg:

A conversation is thus a specific manifestation of discourse, which is governed by larger social frames of reference, playing on social variables (class, gender, and so on) and shared belief systems. The term discourse refers to the unconscious enactment of these frames. This is why one can talk about “academic discourse” or “sports discourse”, in reference to the kinds of language used by certain people or groups to reveal shared values, worldviews, beliefs, biases, and so on.

Die sosioloë Baumann en Ho (2014:153) wys in hul ondersoek na rasidentiteit daarop dat kulturele skemas sosiaal gekonstrueer word deur kennis, oortuigings en waardes te “sirkuleer” soos wat dit ook die geval is in advertensiedata. Mense leer die skemas nie net aan in hul kontak met ander mense nie, maar ook uit dit wat in die media gekommunikeer word óór hul en ván hul. Soos Goffman (1981) en talle ander teoretici binne die Geesteswetenskappe, huldig Baumann en Ho (2014:154) die mening dat advertensies 'n uitstekende bron van empiriese data is om meer te weet oor die vorming en instandhouding van kulturele skemas.

Die basiese talige aard van advertensie kommunikasie is retories (oorredend) van aard. Soos in die geval van poësie en kuns het advertensie kommunikasie ten doel om betekenis te suggereer deur metafoor, analogie, ironie, ensovoorts (Danesi 2015:2, 5).

Chen (2010:136) verduidelik dat advertensie kommunikasie die prosesse genaamd kulturarisering en hibridisering omvat waarin kultuur en ekonomie geïntegreer is en dié prosesse is afhanklik van die deelname van mense as individue (gespreksgenote vanuit die Pragmatiek/Diskoersanalise). Die proses van enkodering en vormgewing aan die kant van die spreker (handelsmerkeienaar of taalpraktisyn) en dekodeering aan die kant van die ontvanger (teikenmark) vereis 'n proses van simboliese uitruiling van betekenis ingebed in die talige en taalverwante tekens (vergelyk ook McFall (2004)).

Buthiaux wys in 2000 al daarop hoe die vermoë om komplekse grammatikale struktuur (sintaksis) te manipuleer verband hou met die kompleksiteit van sosiale verhoudinge en status. In die rede/ondersoek word daar gewys op hoe die spel met byvoorbeeld woordstruktuur (morfologie) en sinstruktuur (sintaksis) 'n manier is om die teikenmark te vleï as hul kan meedoen aan die intellektuele spel. Hierdie manipulering van die taalsisteem om uit te staan, kreatief te wees en te oortuig, is die fokus van aandag wat doelwit 1 betref.

Bruthiaux (2000:297) eggo een van die inherente genre-kenmerke van advertensies as hy beknoptheid uitlig – minder (taal en taalverwante tekens) is (dra) meer (betekenis/implikasie). Volgens hom vereis begrip spesifieke sosiokognitiewe en kommunikatiewe meganismes waarmee aandag getrek kan word en waarmee daar 'n (intellektuele) uitdaging (wat aandag vra) geskep kan word.

Die individuele taalgebruiker is dus só beskou ook 'n “adverteerder” wat met ander taalgebruikers kompeteer om aandag te vra vir hulself of hul “saak”, om status van die ontvanger te ontvang en om van die verworwe status wat hul ontvang, oor te dra aan diegene (sake) waarmee hul assosieer. Vanuit 'n evolusionêre perspektief oordeel Dessalles dat taal in breë trekke 'n “advertising device” is (Dessalles 1998:142).

Die vertrekpunte is dat taal 'n instrument is en dat sender en ontvanger beide die kodes van die instrument moet begryp as hul mekaar wil verstaan. Danesi (2015:1) beaam dat die bestudering van advertensiekommunikasie die afgelope 100 jaar vanuit vele dissiplinêre hoeke ondersoek is, insluitend Semiotiek, Linguistiek, Sosiologie, Sielkunde, Antropologie, ensovoorts.

Die veld van toegepaste taalkunde (advertensiegenre) is nie nuut nie, maar die fokus en aard van die aspekte wat talig en psigolinguisties ondersoek word, pas noodwendig aan by dit wat in die wêreld en die ontvangers (en sprekers) van die advertensieboodskappe se lewe gebeur. Kommunikasie geskied nie in 'n vakuum nie. Piller (2003) lys byna 20 jaar gelede al die ondersoekers wat op die spesifieke talige aspekte van advertensietaal fokus:

Advertising language has long been of interest to linguists, as is apparent from the number of textbooks in the field (e.g., Cook, 2001; Goddard, 1998; Hermerén, 1999; Myers, 1994, 1998; Vestergaard and Schröder, 1985). These titles make a broad range of more specialized studies of specific aspects of the language of advertising accessible to a broader audience. Specific aspects that have been explored include, but are by no means limited to, formal aspects (e.g. Bruthiaux, 1996; Rush, 1998; Van Niekerk, 1999); stylistics (e.g., Gieszinger, 2001; Grunig, 1990); pragmatics (e.g., Schmidt, Shimura, Wang, and Jeong, 1995; Short, and Hu, 1997; Simpson, 2001; Tanaka, 1994); text-image relationships (e.g., Forceville, 1996; Gardner and Luchtenberg, 2000; Kress and van Leeuwen, 1996); and the communication of ideologies (e.g., Berger, 2000; Jhally, 1987; O'Barr, 1994).

Koeman (2007:245-246) wys daarop dat, aangesien advertensies 'n vorm van sosiale kommunikasie is, handelsmerkeienaars (adverteerders) net met hul bedoelde mark kan "kontak" maak deur dit op só 'n wyse te kommunikeer en/of te verwys na dit wat aan die bepaalde ontvangers bekend is. Dit is dus nodig om te begryp wat belangrik is vir beide die kommunikeerder (S; handelsmerk) en die ontvanger (H; teikenmark).

Soms is daar selfs byna 'n onmiddellike reaksie (perlokusie) soos wanneer iets op die advertensieblad/pamflet afgekrap of geskandeer moet word, of daar aan iets geruik of geproe moet word in die geval van insluiting van 'n toetsvoorbeeld (parfuum, room, speserye, ensovoorts).

Alhoewel daar aanvaar kan word dat die media 'n beeld op die samelewing bied, is hierdie spieël deels/soms verwarpe omdat daar meestal op stereotipiese beelde gefokus word (Koeman 2007:231).

Begrip (anders as inkoop/onderskrywing) van die volgende taalkeuses en (stereotipe) taalassosiasies en selfs "mock", ofte wel skynvoorstellings, van 'n taal is byvoorbeeld ter sake om die bedoelde stereoptipes te aktiveer. Vergelyk in dié verband ook Conradie en Van Niekerk (2015).

2. Doelwitte

Hierdie ondersoek hoop om oorhoofs:

- breë insig te verskaf in die aard van die sosiolinguistiese en psigolinguistiese veranderinge soos gereflekteer binne die Afrikaanse medialandskap en soos wat dit gereflekteer word in twee gekose tydvakke in die *Huisgenoot*; 1916–1949 en 1994–2024; en
- die representasie van 'n kontemporêre denkraamwerk binne 'n bepaalde taalgemeenskap (generasie/taal/ras, ensovoorts) tussen 2020 en 2025 te reflekteer soos uitgebeeld

in al die advertensies uit die Pendering-reklame-argief sedert 2020 en al die advertensies in nege verskillende Afrikaanstalige tydskrifte. Die voorbeelde is ingesamel uit die Mei 2025-uitgawe van die tydskrifte, *Huisgenoot*, *Bruis*, *Baba & Kleuter*, *Die tuinier*, *Juig*, *Kuier*, *Sarie*, *Tuis*, en *Weg*.

3. Relevansie van die ondersoek

Om 'n verhouding te bou met 'n bepaalde segment (bepaalde ontvanger) moet enige spreker (handelsmerkeienaar, ensovoorts) die mark en hul sentimente ken om effektiewer te kan kommunikeer en dus 'n bepaalde kommunikatiewe doelwit te bereik.

Kubro en Suyitno (2019:303) wys in hul slot-argument ook op dieselfde soort relevansie van ondersoek wat bemagtiging van studente betref, maar daarmee saam ook op die rol van die tipe ondersoek tot 'n spesifieke taal se ontwikkeling (selfs/ook op woordeskatvlak). Die voetspoor van Afrikaans in die massamedia het beslis 'n bydraende rol gespeel in die ontwikkelde status van die taal en die viering van Afrikaans se 100-jarige erkenning as amptelike taal in Mei 2025.

Soos sprekers meestal self aan die bas ervaar het, is daar ook in die advertensiewêreld talle voorbeelde van boodskappe wat misluk het en/of totaal die teenoorgestelde uitkoms gehad het omdat daar nie genoegsaam gelet of voorberei is op die implikasies van die talige en taalverwante keuses nie.

Ongeletterdheid op die vlak van kommunikasie (talig en visueel) dra soms by tot die intellektuele “divide” en selfs tot groot finansiële koste. Martin (2005:38-42) verwys na talle voorbeelde van woordkeuse en slagspreuke, name wat globaal onbegryplike/belaglike en aanstootlike boodskappe oorgedra het tot noodwendig groot finansiële- en beeldkoste: “Pepsi’s Chinese translation for the slogan ‘Come alive with the Pepsi Generation’ was interpreted in China as ‘Pepsi brings your ancestors back from the grave.’” (Martin 2005:39).

Bruthiaux (2000:299) wys daarop dat beide die sender en die ontvanger die kodes moet kan lees. Taal is 'n manier om alliansies te vorm en in stand te hou – daarom is dit relevant! Bruthiaux (2000:308). Individuele taalgebruikers kan ook beskou word as adverteerders wat meeding om aandag en status (Bruthiaux 2000:309).

4. Advertensies as data

In terme van 'n basiese kommunikasiemodel is die sender (spreker) en ontvanger altyd die vertrekpunt in terme van die manier (talige verpakking) waarop inhoud aangebied word om die bepaalde kommunikatiewe doelwit te bereik. Elke kommunikeerder wil iets bereik en dit sluit die lynbestuurder se gesprek met die werknemer of die huisagent se gesprek met 'n moontlike koper in. Die handelsmerkeienaar (besigheid/diens) se taalhandeling kan meestal opgesom word as: Doen X, want dan wen jy Y. (Meer volledig kan *doen* byvoorbeeld vervang word met onderskeidelik *koop* of *gebruik* of *ondersteun* of *betaal*; terwyl Y, dit wat jy “wen”, vervang kan word met onderskeidelik *status* of *sosiale en psigiese tevredenheid* of *goedkeuring van jou generasiegenote* of *mooier hare* of 'n *opwindende ervaring*.)

Die volgende genre-kenmerke van advertensiekommunikasie is steeds geldig soos blyk uit die talle verwysings na die werk van Greg Myers deur ook resenter outeurs:

1. Texts are made up of patterns of textual choices.
2. Linguistic features in one text are interpreted in relation to those in other texts.
3. Advertisements are stereotypical acts of communication – a genre.

4. Ads construct positions for the audience.
5. Audiences reconstruct ads in diverse ways.
6. Advertisements offer a relationship between the advertiser and audience based on the associations of meanings with commodities (Myers 1994:10).

Dyer (1982) se welbekende verband tussen identiteit en verbruikerskommoditeite lui soos volg:

Advertising helps us to make sense of things. It validates consumer commodities and a consumer life-style by associating goods with personal and social meanings and those aspirations and needs which are not fulfilled in real life. We come to think that consuming commodities will give us our identities. (Dyer 1982:185)

Raymond Williams (1980:184) beskou advertensies as bepalend in die vorming van identiteit en hy beskryf advertensies as “the official art of modern capitalist society”. Hy wys tereg daarop dat dit nie uitsluitlik gaan om materialisme nie, maar om die droom (“magic”) wat ons net kan bereik as ons inkoop op die sosiale waardes aan ons voorgehou deur die sender/spreker (handelsmerk). Dyer (1982:2) gaan nog verder as hy meld dat hierdie manipulering en vorming van waardes en houdings deur adverteerders (handelsmerkeienaars) iets is wat tradisioneel slegs deur religie vervul is.

Piller (2001:155, 156) wys, soos Conradie en Van Niekerk (2015) ook genoem het, op die rol van taalkeuses in die vorming van identiteit waar die gebruik van bepaalde taalassosiasies gemerk word deur gesofistikeerdheid, opvoeding (Engels), tegnologiese kundigheid (Japannees), romanse en styl (Frans), ensovoorts.

Naas die bedoelde talige en taalverwante intensies is daar onbedoelde taalfoute wat toenemend sigbaar in advertensietaal is en dit val buite die ondersoek. Dit sluit byvoorbeeld in die spelling van onderskeidelik “brein mis” (brain fog) en “stedlike”, en die foutiewe woordkeuse “vermaklik”.



Figuur 1: Solal, 2025-voorbeeld.



Figuur 2: Kirchhoffs, 2025-voorbeeld.

4.1 Dataseleksie

Twee datastelle is ter sake. Wat doelwit 1 betref, is advertensies binne bepaalde soeknoemers uit *Huisgenoot* ingesamel vir twee tydvakke: 1916 tot 1949 en 1994 tot 2024. Die *Huisgenoot* is die oudste en grootste Afrikaanstalige tydskrif. Besonderhede oor die *Huisgenoot* (as bron) is reeds vermeld in Froneman (2004) en Van Niekerk (2025).

Wat betref doelwit 1, het dataseleksie die keuse van die eerste uitgawe van *Huisgenoot* met 5-jaar-intervalle behels. Die Universiteit van die Vrystaat (UV/UFS) in Bloemfontein huisves 'n volledige versameling van die *Huisgenoot*-tydskrif sedert die eerste uitgawe.

Hieruit is die datastel ter wille van haalbaarheid ewekansig verklein aan die hand van bepaalde soeknoemers¹ om ontwikkelingspatrone te probeer naspoor tussen die tweede tydvak (sewe tydskrifte: 2024, 2019, 2014, 2009, 2004, 1999 en 1994) en die eerste tydvak (sewe tydskrifte: 1949, 1944, 1939, 1934, 1929, 1924 en 1916; 1916 is ingesluit, want dit was die eerste uitgawe).

(Daar het in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* van Maart 2025 'n artikel oor die talige veranderinge in die genoemde twee tydvakke deur Van Niekerk verskyn.) Wat dié ondersoek betref, is alle advertensies wat (a) produkte, dienste of aktiwiteite gerig op taal en kultuur bemark en/of (b) verwysings na taal en kultuur insluit, maar iets anders adverteer (byvoorbeeld skoene, sigarette, ensovoorts) binne die genoemde 5-jaar-intervalle, nagespoor vir insluiting in die oorhoofse datastel. Die volgende soeknoemers is gebruik: kultuurspesifieke stokperdjies en ontspanningsaktiwiteite (volkspelebyeenkomste, dansuitvoerings, toneelopvoerings, kunstefeeste, akteurs en kunstenaars); woordeboeke; uitgewers; mediahuise; boeke/skrywers; musiek (opvoerings en instrumente); opvoedkundige instellings (skole en kolleges); klere en bykomstighede (mode); godsdiens (Bybel); enige taalspesifieke verwysings/inspelings (spreekwoorde en idiomatiese uitdrukkings); kos (resepte, kostradisies en produkte soos koffie en melktert) en kulturele praktyke (troues, verlowings en begrafnisse).

Wat doelwit 2 en die ter sake datastel betref, is alle advertensies in nege verskillende Afrikaanstalige tydskrifte vir een bepaalde maand (Mei 2025) ingesamel asook alle gedrukte Afrikaanse advertensies uit die Pendoring-reklame-argief sedert 2020. (Dié verskeidenheid Afrikaanse tydskrifte en die Pendoring-argief het noodwendig nie bestaan in 1916 nie.) Die datastel gerig op doelwit 2 was noodwendig aansienlik kleiner, nie net weens die aantal jare wat die tydvak bestryk nie, maar ook omdat die aantal advertensies beduidend minder is in 2025 as byvoorbeeld in die vroeë negentigerjare voordat sosiale mediabemarking as bemarkingopsie dus ook bestaan het.

4.2 Metodologie

Naas die vereistes van ewekansigheid en geldigheid wat data-insameling betref, is kognitiewe spel bepalend vir die data-analise. Die intellektuele spel, oftewel kognitiewe uitdaging, vlei die dekodeerder (ontvanger) van die boodskap, want dit bevorder onthou van die boodskap (handelsmerk).

Die volgende uitgangspunte het gegeld in die analise van die data ter bereiking van onderskeidelik die eerste doelwit (identifisering van sosiale en psigolinguistiese verskuiwing) en die tweede doelwit (wêreldbeskouing binne die generasieteorie).

¹ Die term *soeknoemer* verwys na die aspekte waarvoor data gesellekteer is om ingesluit te word vir die kategorisering en opname in die addendum, byvoorbeeld verwysings na taal, kunstenaars, boeke, ensovoorts.

'n Suksesvolle ooredende boodskap het aldus die metodologiese uitgangspunt van toepassing ten doel om:

- **aandag** te trek vir sy boodskap (naam) en daarnaas;
- **identiteit** ("image") vir die handelsmerk, byvoorbeeld *Koer* (maatsoekplatform, Universiteit, ensovoorts), te **vorm**; en
- 'n **kognitiewe uitdaging** te **skep** ter wille van herkenning en onthou.

5. Teoretiese invalshoek

Sprekers (handelsmerkeienaars/taalpraktisyns) se kennis van die talige tekens inherent vertrou aan hul ontvangers (teikenmarkte) stel hul in 'n bemagtigende posisie waarin die verwagte reaksie van die ontvanger (perlokusie) en die werklike reaksie van die ontvanger (perlokusie) dieselfde is soos wat ideale en basiese kommunikasiemodelle ook kondoneer.

Rababah (2023:214) se ondersoek oor die rol van taalhandelinge ("speech acts") in Jordaniese advertensies gee pertinent aandag aan die talige instrumente wat hy "retoriese aspekte" noem, met die doel om te wys dat advertensies wat resoneer met die waardes, oortuiging en gedeelde kennis van die ontvanger (teikenmark) emosionele konneksie met die ontvanger kan bou en dus handelsmerklojaliteit kan skep. Dit hou verband met doelwit 2 van die ondersoek. Die aspekte word bespreek in die bevindinge (gestel in doelwit 2) aan die aard van die veronderstelde gedeelde kennis ten einde sin te maak van die bedoelde en geïmpliseerde bemarkingsboodskap binne 'n bepaalde generasie se wêreldbeskouing. (Vergelyk ook Kotler en Armstrong (2018) in dié verband.)

5.1 Basiese teoretiese vertrekpunte

Met die oog op die bereiking van die genoemde twee doelwitte is die volgende vertrekpunte ter sake vir die res van die ondersoek.

5.1.1 Die omvattende linguistiese feit ("total linguistic fact", vergelyk ook Silverstein 1985:220)

Die ondersoek na taal is dialekties van aard en berus op onstabiele wedersydse uitruil van betekenis binne 'n bepaalde kontekstualisering van belang vir menslike kommunikasie (begrip), en word ten slotte gemedieer deur kulturele ideologie.

5.1.2 Normatiewe teenhanger ("normativity")

Normatiwiteit in (advertensie)taal moet binne die konteks van variasie van tekens en variasie in betekenis interpreteer word; die normatiewe verwagting is wel nuttig as teenhanger om vernuwing/verandering en innovering te kan opmerk.

5.1.3 Super-diversiteit ("super-diversity")

Super-diversiteit in terme van representasie en kommunikasie in 'n globale en diverse wêreld het ook op metodologiese vlak toenemend moontlikhede om groter datastelle oor -grense (etniese, talige, generasie, lands, nasie) heen te benut.

5.2 Toegepaste teoretiese vertrekpunte

Daar is reeds gemeld dat die bestudering van advertensie kommunikasie vanuit verskillende dissiplines ondersoek word sedert die 1920's. Tot in die negentigerjare is daar vanuit die linguistiek veral op grammatika gefokus in sodanige taalondersoeke. Die opkoms van diskoersanalise en kritiese diskoersanalise (*Critical Discourse Analysis; CDA*) ongeveer 30 jaar gelede was 'n reaksie teen 'n uitsluitlik grammatikale ondersoek om te toon hoe mense nie net gebruik maak van die formele taalsisteem (mikrovlak) om te kommunikeer nie, maar ook hoe die vorm en verandering aan die taalsisteem bydra tot ons begrip van kommunikasie en in dié geval spesifiek advertensiediskoers.

Koeman (2007) se ondersoek na die juiste benadering van bepaalde etniese minderhede (of in die Suid-Afrikaanse konteks: onontginde minderhede) bou voort op die reeds bekende onderskeid tussen individualistiese en kollektivistiese kulture. Sy wys tereg daarop dat immigrante ook in die Amerikaanse konteks en die konteks van Nederland en België nie as homogene groep kommunikatief benader kan word nie, maar dat 'n geldige ("fair") representasie met ter sake verwysing na die waardesisteme vir dié mark nodig is vir die verrekening van multikulturaliteit as deel van bemarkingskommunikasie (kommunikasie in die algemeen). Dieselfde (ras) veelkantigheid binne die Afrikaanssprekende gemeenskap en (taal)veelkantigheid binne die Suid-Afrikaanse gemeenskap is ter sake soos blyk uit die data van Statistiek SA.

TABEL 1: Taalverspreiding in Suid-Afrika tot in 2022

Language	Census year			
	1996	2001	2011	2022
Afrikaans	14,5	13,4	13,5	10,6
English	8,7	8,3	9,7	8,7
IsiNdebele	1,5	1,6	2,1	1,7
IsiXhosa	17,9	17,6	16,0	16,3
IsiZulu	22,8	23,8	22,7	24,4
Sepedi	9,2	9,4	9,0	10,0
Sesotho	7,7	7,9	7,6	7,8
Setswana	8,2	8,2	8,0	8,3
Sign language	-	-	0,5	0,02
SiSwati	2,5	2,7	2,5	2,8
Tshivenda	2,2	2,3	2,4	2,5
Xitsonga	4,4	4,4	4,5	4,7
Other	0,6	0,5	1,6	2,1
Total	100,0	100,0	100,0	100,0

Note: Excludes population aged younger than 1. Sign language data not available for 1996 and 2001.

(Department: Statistics South Africa, Republic of South Africa 2026)

Gevorgyan en Manucharova (2015) se omvangryke studie en deeglike kwantitatiewe analises met vier populasies (Chinees, Amerikaans, Chinees-Amerikaans en Chinees-Maleis) binne *Communication Accomodation Theory (CAT)* is besonder insiggewend. Dié ondersoek verreken ook veranderlikes soos produk-appel (emosioneel versus rasioneel), hoë en lae risiko-produkte, individualistiese en kollektivistiese kulture, ensovoorts.

Wat is die waarde agter kulturele eenstemmige of -kongruente ("congruent") boodskappe en/of boodskappe wat 'n kognitiewe uitdaging stel? Dit gaan om die balanspunt tussen die

onthou van die boodskap (“recall”) en die ontvanger se houding jeens die handelsmerk (“attitude”). Idealerweise is die balanspunt tussen kulturele kongruensie en iets kognitief-blywends. Aldus Gevorgyan en Manucharova (2015:211-213):

On one hand, the results showed that culturally congruent appeals enhanced the attitudinal outcomes both for the ad and for the brand, as predicted by the communication accommodation theory. On the other hand, culturally congruent appeals diminished the cognitive effects of advertising.

Dit gaan dus hier om die onthou van die boodskap en/of advertensie teenoor kulturele kongruensie.

6. Sosiolinguistiese en psigolinguistiese aspekte van verandering

In die lig van gestelde doelwit 1, is Steinberg en Angelopulo (2015:218-219) se funksionele benadering tot massakommunikasie wat op die sosiale gevolge van massakommunikasie fokus, ter sake. Daar word vier basiese funksies van massakommunikasie onderskei: toesig oor die omgewing, korrelasie van diverse sosiale elemente, sosialisering en kulturele oordrag, en vermaak. Die aard van kulturele oordrag (van Afrikaanssprekendes en aan Afrikaanssprekendes) is dus ter sake in die datastel uit die *Huisgenoot*.

Na aanleiding van Van Niekerk (2025) word hier uiteindelik volstaan met nege kategorieë verskuiwings. In die inhoudsanalise van die advertensies uit die genoemde twee tydvakke (1916–1949 en 1994–2024) in die *Huisgenoot* blyk die volgende sosiolinguistiese en psigolinguistiese temas wat aan die hand van voorbeelde toegelig sal word:

1. geslagsrolle en sosiale aansien; rol en status van vroue en kinders
2. die aard en tipe klem op voorkoms (geslagtelikheid, norme vir vroue teenoor mans en die rol van trots)
3. beroepsopsies en werk; studierigtings en onderrig (musiek, horlosiemakery, tiksters, boere, predikante)
4. verbondenheid aan die (eie) land en eie nasie, mense; erkenning en ondersteuning van plaaslike produkte of ’n plaaslike mark teenoor ’n globale mark
5. inherente taaltrots en die belang van boeke
6. kulturele wêreld en leefwêreld in die algemeen (musiek, drank, sigarette en rook, lyfstraf, troues, geboortes, oorlog, godsdiens)
7. die aansien en rol van boere asook boere en grondverbondenheid
8. verandering in kommunikasiepraktyk (poskaart/verlowingaankondiging, telefoon, posbus, kennisgewings in koerant, ensovoorts)
9. finansiële praktyk (kontant by aflewering (KBA), posaanvraag van ’n katalogus, klem op prys, kwaliteit en handelsmerk/produkstatus)

Daar sal vervolgens, aan die hand van voorbeelde, op die aard van die sosiale en psigologiese verskuiwing in die geïdentifiseerde bogenoemde nege kategorieë aandag gegee word ter bereiking van die gestelde doelwit 1.

Eksterne sosiolinguistiese redes buite die taalsisteem en interne psigologiese redes binne die taalsisteem (die denke van die taalgebruikers) is die fokus in die aanbieding van die empiriese data gerig op die bereiking van doelwit 1.

6.1 Analises gerig op die bereiking van doelwit 1

6.1.1 Verandering van geslagsrolle

Opmerklik is die woordkeuses en die aard van vroulikheid in tydvak 1: “bloeytdperk van vroulikheid” en “gereed met ’n kleurbaadjie vir haar skouers”. Die uitlokkende speelse dierlikheid en die uitnodiging om as vrou jou sekslewe op te kikker staan in kontras met die aard van vroulikheid in tydvak 1.



Figuur 3: Tydvak 1: 1944-voorbeeld en 1949-voorbeeld.



Figuur 4: Tydvak 2: 1999-voorbeeld en 2004-voorbeeld.

6.1.2 Fisieke voorkoms

Die toenemende klem op fisieke voorkoms tot vroeg in die 2000's val op, ook wat mans betref. Dit staan in skrilte kontras met die geslagsrolstereotipes van veral tydvak 1. Mans word in 1939 voorgestel as diegene “wat vroue bewonder”, in 1944 is mans “deftig” en in 2004 “byderwets”.



Wen stylvolle sonbrille

AVID BECKHAM is nie net 'n briljante sokkerster nie, maar ook 'n modeloon vir miljoene mense wêreldwyd. Dis hoekom Police-sonbrille hom gekies het as hul internasionale gesig vir die jaar en 'n stylvolle nuwe Beckham 2004-versameling bekendgestel het.

Police is bekend vir hul stylvolle produkte, en uitgesoekte ontwerpe van hul unieke sonbrille is nou beskikbaar met lense wat nie kan breek nie en 'n lewenslange waarborg het.

Die NXT-lense is aanvanklik vir militêre gebruik vervaardig uit 'n ligte, koelwaste materiaal wat lank hou en die maksimum beskerming bied.

Om moontlik een van die pryse te wen, moet die blokraaisel korrek voltooi word. Die insenders van die eerste agt korrekte inskrywings wat ons oopmaak, wen die pryse. Geregistreerde

poststukke word nie aanvaar nie.

Geen werknemers of hul gesinne van Media24, Police of hul reklamemaatskappye mag deelneem nie. Die pryse is nie oordraagbaar nie en kan nie vir kontant geruil word nie. Die borg is verantwoordelik vir die lewering daarvan.

Stuur die voltooië blokraaisel aan Police-wedstryd, Huisgenoot, Posbus 786222, Sandton 2146. Die sluitingsdatum is 21 Januarie 2004. □

'n Byderwetsse Police-sonbril van R1500 – dis ons prys vir agt lesers

Figuur 5: Tydvak 1: 1939-voorbeeld en 1944-voorbeeld; tydvak 2: 2004-voorbeeld.

6.1.3 Opleiding en kwalifikasie

Die tipe opleidingopsies, aard van opleiding en posisies spesifiek vir vroue teenoor mans (vergelyk weer kategorie 1) val op in tydvak 1 teenoor tydvak 2. In 1929 word “onderwyseresse” gesoek; klem word geplaas op “Christelike karaktervorming” asook “Afrikaneromgewing”. In tydvak 2 kom nuwer dinge soos “kompetisies” en “rekenaars” (1999) en nuwe loopbane soos “privaatspeurder” (2004) na vore.



Figuur 6: Tydvak 1: 1929-voorbeeld en 1999-voorbeeld; tydvak 2: 2004-voorbeeld.

6.1.4 Nasie en volk

Die beklemtoning op “prys” en “land”, “nasie” en “volk” val eiesoortig anders op in tydvak 1 se voorbeelde uit 1934 en 1954 teenoor die tydgees van 1989: “minderbevoorregte” “mensie” van bepaalde rasafkoms en die denkraamwerk van 2025 (deel van doelwit 2 se bevindinge in paragraaf 7).

6.1.5 Taaltrots en boeke

Die advertering van boeke, gegooi oor die boeg van kinderopvoeding en taaltrots (1934, 1944), is tekenend van ’n eiesoortige tydgees en van Afrikaans se status as amptelike taal ook aan Suid-Afrikaanse universiteite in die jaar 2009: “Wat is ’n huis sonder ’n HAT?” (2009-voorbeeld) met die inspelings op die uitdrukking: “Wat is ’n huis sonder ’n moeder?”



Figuur 7: Tydvak 1: 1934-voorbeeld en 1954-voorbeeld; tydvak 2: 1989-voorbeeld.



Figuur 8: Tydvak 1: 1934-voorbeeld en 1949-voorbeeld; tydvak 2: 2009-voorbeeld.

6.1.6 Lewenstyl en kultuur

Die gelykstelling van Suid-Afrikaner met *Afrikaanssprekend* (1939), die Voortrekker Eeufesetiket (1939) en die integrale deel van musiekinstrumente in die leefstyl van die gewone (Afrikaanse burger in tydvak 1) is tekenend andersoortig as die beeld in die huidige tydsgewrig (gerig op die bereiking van doelwit 2). Dieselfde andersoortige leefstyl word opgeteken met die verwysing na vakansies te wen (1999) en flieks op Sondagaande (op televisie), voordat fliek sommer op jou selfoon via stromingdienste soos *Netflix* en kanale soos *DSTV*, *Showmax*, ensovoorts bestaan het.



Figuur 9: Tydvak 1: 1929-voorbeeld en 1939-voorbeeld.



Figuur 10: Tydvak 2: 1999-voorbeeld en 2004-voorbeeld.

6.1.7 Boere en grondverbondenheid

In tydvak 1 word boere sinonimies met grond uitgebeeld en hul dra bepaalde klere geskik vir fisieke omstandighede. In tydvak 2 is daar opmerklik minder advertensies net gerig op die segment *boere*, maar sedert 21 Mei 1919 het onder andere die *Landbouweekblad*-tydskrif met dié segment gekommunikeer. Boerdery is nou 'n gekose leefstyl en kuns.

Tydvak 2: Die 2009-voorbeeld sluit ook aan by die vorige kategorie, verskuiwing in geslagsrolle, want die boere soek nou vroue/huweliksmaats op televisie, want dis skynbaar nie meer so "maklik" om 'n pasmaat te vind nie. Aan die ander kant word die tradisionele geslagsrol van vroue tekenend van tydvak 1 bevestig met die program waarin die boere moet kies uit die "meisies" wat hul self beskikbaar stel om die gekose "losprys" te wees. Die *Agricol*-landbouadvertensie stel boerdery as kuns voor in terme van beide die taalgebruik ("meesterstuk") en die visuele uitleg (geraamde kuns).



Figuur 11: Tydvak 1: 1924-voorbeeld en 1944-voorbeeld; tydvak 2: 2009-voorbeeld.



Figuur 12: Agricol-gewas, 2022-voorbeeld.

6.1.8 Kommunikasiepraktyk

In die voorbeelde in tydvak 1 is woorde soos “briewe en posseëls” ingesluit, asook “betroubare radio”, “gramradio” en die vraag: “Het u Elektrisiteit?” Dit staan in skrilte kontras met tydvak 2 waarin mense aangemoedig word om vanaf hul huise te werk en bepaalde tuisrekenaarprogramme en geheuekapasiteit van rekenaars (nou al lagwekkend verouderd in 2025) word bemark.



Figuur 13: Tydvak 1: 1954-voorbeelde.



Figuur 14: Tydvak 2: 1999-voorbeeld en 2004-voorbeeld.

6.1.9 Finansies en kommoditeite

Die omgang met geld is eiesoortig anders in 2025 as die tydvakke van figuur 15. Die versoek om leë blikke terug te gee (1944; oorlogtye en skaarste), die bemarkingsopsie om klere op sig huis toe te neem (1949), finansiële bemagtiging van (bevoorregte) kinders (1994), en skuldberading (2014) staan in stille kontras met die voorbeelde in figuur 16 waarin (te min, of vermorsing van) geld ’n kleiner prominensie (“currency”) geniet as sosiale bewustheid (red die natuur, wees gender-sensitief, ensovoorts).



Figuur 15: Tydvak 1: 1944-voorbeeld en 1949-voorbeeld.



Figuur 16: Tydvak 2: 1994-voorbeeld en 2004-voorbeeld.

6.2 Bevindinge gerig op doelwit 1

Ten slotte kan die bevinding gerig op doelwit 1 soos volg saamgevat word: Uit tydvak 1 (1916–1949) van die *Huisgenoot* se advertensies blyk dit dat lyfstraf vir kinders normaal was; beroepe soos boer, opvoedkundige en predikant (vir mans) algemeen was en dat bepaalde beroepe en stokperdjies vir vroue bedoel was; die ouerskaptaak die uitsluitlike rol van die vrou was; rook (tot in 1994) en alkohol (vir mans) die norm was. Daarteenoor is dit duidelik in tydvak 2 (1994–2024) dat mense van kleur toenemend 'n sigbare mark word; rook (van tabak) in 'n mindere mate sosiaal gekondoneer of bevorder word; vroue professionele loopbane kan volg en kommunikasie (bekendmaking van inligting aan 'n groter publiek) op ander maniere as via briewe, die koerant, ensovoorts geskied.

Ander algemene opvallende sosiale en psigologiese tendense sluit in:

- Die beklemtoning van waarde vir geld (vir produkte en dienste) in die data in tydvak 1 (1916–1949) teenoor die klem op die gemak en eiewaarde (selfaktualisering) van die (teikenmark) ontvanger in die data in tydvak 2 (sedert 1994) is opvallend.
- Die toenemende insluiting en sigbaarheid van mense van kleur en die Afrikatale, in terme van taalvermenging, in tydperk 2 (sedert 1994) val op.
- Die formele, afstandelike en uiters hoflike maniere van kommunikasie in tydvak 1 (aanspreekvorme, voornaamwoordgebruik en hoflikheidsmerkers) teenoor die intieme en informele maniere van kommunikasie in tydvak 2 staan uit as dit ook gelees word met die voorbeelde in die laaste fase, spesifiek sedert 2020 (vergelyk weer die voorbeelde ingesluit).
- Die kontinue groei in woordeskatontwikkeling op basis van behoefte (“need”) dwarsdeur die datastel (1916–2025) bevestig Afrikaans se status as lewende taal ten spyte van ’n onsensitiwiteit vir talige korrektheid of korrekte spelling (figuur 1 en 2).
- Die toenemende talige kreatiwiteit; ook gerig op die beeld van die handelsmerk wanneer tydvak 2 (sedert 1994) met tydperk 1 (tot 1949) vergelyk word, is duidelik wanneer daar byvoorbeeld na die sintaksis in die *Castle*-advertensies (figuur 23) of die woordvorming in die *Zoo*-advertensies (figuur 17) gekyk word.
- Die normaalverspreiding van rook en sigarette as deel van die alledaagse lewe, vernameelik vir mans tot veral in 1994 en toenemend minder veral sedert voorbeelde vanaf 1999, is opvallend in die geselekteerde datastel.
- Emotiewe taalgebruik en oormatige adjektiefgebruik in tydvak 1 (tot 1949) in advertensies gerig op vroue en ’n veranderende houding teenoor (geslagsrolle) vroue in advertensies in tydvak 2 in vergelyking met tydvak 1.

Genderondersoek per se het egter buite die fokus van die bepaalde analyses geval en is al deur ander navorsers ondersoek, ook met (ander) data uit die *Huisgenoot*. Die advertensie uit die 1934-*Huisgenoot* met die silhoeëtte van ’n skraal vrou in die voorgrond en die opskrif “U kan veertig wees, maar waarom sou u vet wees?” illustreer die tydgees duidelik: die belang van fisieke voorkoms, die (mindere) posisie van die vrou en hoflike taalgebruik.

7. Teenswoordige wêreldbeskouing en die generasieteorie

In terme van doelwit 2 sal daar (teen die agtergrond van die generasieteorie) patroonmatighede in die denkraamwerk, vergestalt in die Afrikaanstalige advertensies sedert veral 2020, empiries uitgelig word.

Naas dit wat inhoudelik (talige betekenis) gekommunikeer word, is die taal waarin bepaalde aspekte van die boodskap of die boodskap in geheel oorgedra word, bepalend in die vorming van ’n wêreldbeskouing (dikwels ook iets abstraks). Binne die Suid-Afrikaanse konteks sinjaleer die plasing van die taalkeuse (byvoorbeeld die gebruik van Engels in opskrifte, slagspreuke en teenoor ander mindere plekke in die teks) die outoriteit, geloofwaardigheid en formaliteit wat aan dié taalkeuse toegeskryf word.

Ontvangers moet begrip hê vir ’n bepaalde denkraamwerk (nie noodwendig saamstem nie) om sin te maak van die geïmpliseerde boodskappe, byvoorbeeld waarop word veronderstel sal die teikenmark inkoop/weet van Zoeloe-mans om ’n positiewe bemarkingsboodskap te kan aflei? Die advertensie-opskrif lui: “Ubisi olwabab’thakathaka. unawo amasi? Translation: Milk is for sissies. Got amasi?”



Figuur 17: Inkomazi, *Pendoring*, 2020-voorbeeld.

Koeman (2007:225) wys in haar ondersoek met onder andere Chinese, Turkse, Amerikaanse, Vlaamse en Nederlandse respondente daarop dat kulturele ondersoek dit duidelik maak dat massamedia 'n potensiële sterk impak het op hoe ons onself en ander sien en hoe ons optree in bepaalde kontekste. Die media kommunikeer nie net dominante waardes, ideologie of verandering nie, maar vorm ook kultuur. Sonder om hier op besonderhede in te gaan, is dit ter aanvang nodig om die onderskeid tussen *kollektivistiese* en *individualistiese* te bevestig. Laasgenoemde toon 'n voorkeur na direkte kommunikasie gerig op funksionele waarde en rasionaliteit. Kollektivistiese kulture, daarenteen, het 'n voorkeur vir indirekte kommunikasie gerig op assosiasie en subjektiwiteit van interpretasie. (Vir meer besonderhede oor die onderskeid raadpleeg onder andere Hofstede en Hofstede (2005).)

'n Ander welbekende oorhoofse kulturele onderskeid waarna Chen (2010:135) verwys, is die onderskeid tussen modernistiese waardes (tipies van gemeenskappe waarin onsekerheid die botoon voer en oorlewing voorop staan) teenoor postmodernistiese waardes in gemeenskappe waar sekerheid ingebou is en waarin ruimte vir selfaktualisering voorop staan. Eersgenoemde word gekenmerk deur ekonomiese determinisme, rasionaliteit, materialisme, konformiteit en respek vir outoriteit terwyl laasgenoemde gekenmerk word deur individualiteit, egalitarisme, interpersoonlike vertroue, toleransie vir diversiteit en selftransendering. Die twee waardesisteme verklaar deels waarom daar binne een gemeenskap meerdere kohorte gelyktydig kan bestaan en die spreker (handelsmerkeienaar of taalpraktisyn) moet vooraf verreken met wie (spesifiek) daar gekommunikeer wil word.

Waardes van 'n gemeenskap kan bepaal word uit onder andere advertensiekommunikasie en binne die sosiale wetenskappe is daar grootliks eenstemmigheid oor wat waardes ("values") is, naamlik diepgewortelde abstrakte motiverings wat gedrag rig en regverdig, en houdings, norme en opinies verklaar (Koeman 2007:227).

Chen (2010:132, 133) beskou advertensies as 'n kulturele produk en belangrike vormgewer om generasionele identiteit te vorm, handhaaf, herstel en te verander. Chen se 2010-ondersoek is geskoei op die generasie- en die generasiekohort-teorie ("generation cohort theory") waarin

dit duidelik blyk dat mense ongeveer gebore in dieselfde tydvak dominante kenmerke (aspekte) van die tydgees in hul vormingstyd oorneem wat 'n impak het op a) hul kommunikatiewe praktyk (simbole) en b) hul bepaalde identiteit (aspirasies, gevoelens en oordeel). Daarom is dit ter sake om die gedeelde wêreld van jou ontvanger te ken as jy 'n boodskap wil oordra wat aandag trek en begryplik is, asook die ontvanger sal oortuig van inkoop in die “posisie” (denkraamwerk) wat jy as spreker (handelsmerkeienaar of taalpraktisyn) wil oordra (doelwit 2). Vormende gebeure in 'n bepaalde groep ontvangers (teikenmark, in die geval van advertensies) se geskiedenis is bepalend vir hul gedagtegang en dit word byvoorbeeld gereflekteer in dinge soos die goed waaroor hul nostalgies is, dit wat hul as kontroversieel sal beskou, of as intertekstuele verwysing erken, of eien as identiteit, ensovoorts. Die aspekte, nostalgie, kontroversie, intertekstualiteit en sosiale identiteit is deur verskeie ondersoekers aan die hand van advertensietaal ondersoek. Die voorbeeld van die *Zoo*-koekie uit die 2020-dataset in die Pendoring-argief kan benut word om sowel nostalgie en intertekstualiteit as sosiale identiteit toe te lig. Die bedoelde ontvanger moet onder andere die koekies uit hul eie kinderdae kan onthou om hoegenaamd hieroor nostalgies te kan voel en die verwysing na verskillende (twee van meerdere) tipes/klassifikasies van mense/persoonlikheidstipes ken om van die ondergeleksikalisierde boodskap sin te maak; diegene meer versigtig van aard wat die kat uit die boom kyk (om-die-kant-bang-jan) en diegene meer doelgerig en bang vir niks (op-een-slag-spoedvraat).



Figuur 18: Pendoring, 2020-voorbeeld.

Die omvattende bydrae van Mikhail Bakhtin (1981) verskaf 'n verhelderende insig in die verband tussen die identiteit en taalkeuse. Dit skakel direk met wat die advertensiekundige Greg Myers in sy boek, *Words in ads* (1994) kommunikeer dat die massamedia en spesifiek advertensies 'n posisie vir die teikenmark gee (hoe jy hieroor behoort te dink). Dit is in ooreenstemming met Piller (2001:154) wat in haar studie oor die gebruik van Duits en Engels in advertensies gerig op die Duitssprekende mark, wys op die rol van talige instrumente waarmee implikasie, veronderstelde logika en superioriteit geskep kan word en dus 'n posisie (ingesteldheid van denke) vir die teikenmark geskep word.

Hoe word daar gedink oor kombuisontwerp, aldus die handelsmerk *EasyLife Kitchens*?




Figuur 19: Easylife Kitchens, 2025-voorbeeld.

Hoe word daar gedink (gespot ook) oor studente se eetgewoontes en finansies, aldus *Robertsons Spices*?



Figuur 20: Pendoring, 2020-voorbeeld.

Hoe word daar gedink oor verblyf en eiendom, aldus *Craft Homes*-ontwikkelaar?



Figuur 21: Craft Homes, Pendoring, 2021-voorbeelde.

Hoe word daar gedink oor mengeldrankies en sosiale kuiers, aldus die *Bos*-handelsmerk?



Figuur 22: Pendoring, 2020-voorbeeld.

Hoe word daar gedink oor boerdery, aldus *Virseker* (versekeringsmakelaar)?



Figuur 23: Pendoring, 2020-voorbeeld.

7.1 Bevindinge

Oorhoofs kan twee insigte uitgelig word uit die resente datastel sedert 2020 gerig op die bereiking van doelwit 2:

- Taal is 'n “ding”, oftewel 'n kwessie, in 'n heterogene en inklusiewe samelewing; 'n merker van inklusiwiteit, al dan nie.
- Sosiale bewustheid verg jou aandag en energie (tyd en/of geld).

In aansluiting by onder andere Piller (2001, 2003) wys die voorbeelde gerig op globalisering in die datastel (sedert 2020) nie slegs op die gebruik van byvoorbeeld Engels ter wille van internasionalisering (vertaling/talking) nie, maar dit dui op heterogeniteit wat die insluiting en gebruik van meerdere tale (en hul tersaaklike taalassosiatiewe krag) behels.

Kontemporêre sosiale identiteit is dus hibried en kompleks en die media speel 'n bepalende rol in die konstruksie daarvan. Die media, en spesifiek advertensies, in die datastelle (*Huisgenoot* 1916–2025, nege Afrikaanse tydskrifte se Mei 2025-uitgawe en die argiewe van Pendoring-reklame-kompetisie) bevestig 'n glyskaal van verskuiwing van:

- A) **politieke burgerskap** (gekenmerk aan nasionale burgerskap en identiteit van die bepaalde maghebbers) na
- B) **ekonomiese burgerskap** (handelsmerkbewustheid) gebaseer op deelname aan 'n globale verbruikersmark (gekenmerk aan materiële identiteit insluitend ook 'n verskuiwing na, en veral, Engels) en ten slotte
- C) die opkoms (sedert veral 2020) van 'n derde golf: gekenmerk deur hibriede tekens en kommunikasie tekenend van **multi-identiteite** (meer as ras of ras-ongemerkt, en meer as een taal en anders as slegs Engels).

Die volgende voorbeeld van *Castle*-bier illustreer oorhoofs baie goed die hibriede en multi-identiteitsaard in 'n wêreld waarin slagters en veganiste of chirurge en sangomas mekaar figuurlik omarm. Die uitspraak sal toegelig word met voorbeelde, almal uit Afrikaanstalige tydskrifte van Mei 2025:



Figuur 24: *Pendoring, 2019-voorbeeld.*

Die voorgestelde naam, *multi-identiteit*, is gebaseer op sosiale bewustheid (sosiale assosiasie) soos blyk uit die aard van die mees resente voorbeelde in die tweede datastel uit die Pendoring-argief sedert 2020 en alle advertensies uit nege verskillende (titels) Afrikaanstalige tydskrifte in Mei 2025.

Die individuele taalgebruiker is dus (ook evolusionêr) 'n "adverteerder" wat met ander taalgebruikers kompeteer om aandag te vra vir hulself of hul "saak", om status van die ontvanger te ontvang en om van die verworwe status wat hul ontvang, oor te dra aan diegene (sake) waarmee hul assosieer.

Hierdie verskuiwings in die aard van advertensie kommunikasie moet ook gelees of verklaar word teen die agtergrond van generasiekenmerke verbandhoudend met ekonomiese tendense. Die volgende figuur som die generasie benaminge op:

TABEL 2: Blokoorsig van generasie beskrywings en geboortejaar

Generation	Birth Years
The Greatest Generation (GI Generation)	Born 1901–1927
The Silent Generation	Born 1928–1945
Baby Boom Generation	Born 1946–1964
Generation X	Born 1965–1980
Millennial Generation or Generation Y	Born 1981–1996
Generation Z or iGen	Born 1997–2010
Generation Alpha	Born 2010–2024
Generation Beta	Born 2025–2039

(Cottrell 2025)

In terme van die generasieteorie is die insigte vanuit die finansiële sektor verhelderend om tendense wat betref bemerkingsappëlle te identifiseer ter bereiking van die tweede gestelde doelwit.

In South Africa, African nationalism and white Afrikaner nationalism was developed and evolved over time. It had to deal with the fact that it was faced with a heterogeneous and a racially divided society. Meanwhile, Generation Z (born between 1997 and 2012) is emerging as South Africa’s most financially optimistic demographic ... As many as 165 000 Millennials are dedicating more than 50% of their monthly income to servicing debt, according to records from VeriCred Credit Bureau, a registered South African credit bureau. Generation X users (those born between 1965 and 1980), while facing similar levels of credit risk, South Africa’s generational credit divide: Millennials in debt distress, Gen X wary of help, Gen Z building smart habits (South African History Online 2011).

Die jonger generasie Z, nuwe toetreders tot die finansiële mark, sien geld as deel van ’n groter prentjie (selfsorgroetine).

Unlike previous generations that focused on wealth accumulation as a primary goal, Gen Z and Zennials prioritize financial wellness as part of their broader self-care routines. This shift is driven by rising costs of living, mounting debt, and an evolving perspective on financial stability (Brigham 2025).

Een van die redes vir die verskuiwing (ook in die verwysings en appèlle in advertensies) na sosiale bewustheid en weg van materiële identiteit van die genoemde generasie Z is die beskrywing vanuit die ekonomiese sektor dat hul handelsnaam agnosties is en dat hul gedefinieer word deur hul ondersteuning vir diversiteit en aktivisme. Generasie Z is, aldus Goldman Sachs (in Williams 2015), 'n krag om te verreken in die verbruikersmark. Hulle is gebore tussen die middelnegentigs en die vroeë 2010's. Hul unieke waardes, digitale funksionering, sosiale bewustheid en behoefte na outentisiteit is besig om die landskap van verbruikersgedrag fundamenteel te wysig. Bemerkers en handelsmerkeienaars word dus gedwing om kommunikasiestrategieë aan te pas om in te speel op die paradigma van verbruik wat gemotiveer word deur sosiale verantwoordelikheid, digitale geletterdheid en 'n behoefte aan werklike konneksie.

Dit kan gesien word in die manier waarop daar met en deur hulle gekommunikeer word in die volgende voorbeelde ter illustrasie van die bevindinge: onmiddellike digitale toegang tot inligting vir mense met multi-identiteite is ter sake:

Authenticity and Brand Trust: For Gen Z, authenticity is not just a buzzword; it's a fundamental expectation in their interactions with brands. Unlike previous generations, Gen Z has grown up in an era of information overload, making them highly skeptical of traditional advertising methods. They seek out brands that demonstrate genuine values and transparent practices. [...] Gen Z's purchasing decisions are heavily influenced by a brand's commitment to social responsibility and ethical practices. This generation is acutely aware of global issues and expects companies to take a stand on important social and environmental matters (Ward 2025).

Hier kan gedink word aan name soos: Millie Bobby Brown (Britse aktrise, gebore in 2004 en in 2018 vereer met die United Nations Children's Fund (UNICEF) as hul "goodwill ambassador"), bekend vir veldtogte wat sy ondersteun en geloods het wat verband hou met boeliegedrag en diereregte, of Greta Thunberg (gebore in 2003). Dié Sweedse omgewingsaktivis is veral bekend vir haar aktivisme rondom klimaatsverandering. James Stephen "Jimmy" Donaldson is gebore in 1998 en is aanlyn bekend onder sy alias *MrBeast* as Amerikaanse YouTuber, mediapersoonlikheid en besigheidsman met indrukwekkende filantropiese projekte regoor die wêreld, ingesluit Afrika (Wikipedia 2026).

Dié generasie (nuwe toetreders tot die ekonomiese sektor/werkmag) is baie bewus van sosiale kwessies en aktivisties van aard in vergelyking met hul voorgangers.

Gen Z are more aware of social justice and political issues than many of their older generations were at the same age, largely due to their heavy social media use. Studies have shown that Gen Z possesses a great deal of emotional intelligence compared to older generations and is more likely to partake in activism (Sager 2025).

In terme van die Suid-Afrikaanse konteks is dit interessant om te weet dat 71% van generasie Z-respondente wat deelgeneem het aan die *Edelman Special Report* (ondersoek waarin 28 lande en 36 000 respondente deelgeneem het) in 2022 meld dat hul handelsmerke ondersteun wat gemeenskapskwessies ondersteun, soos klimaatsverandering, armoede, rassisme, geslagsgelykheid, ensovoorts. 78% van respondente wat gereeld aanlyn inligting pos, meld in die verslag dat hul dinge deel om sosiale verandering te bewerkstellig. Dit is 'n hoër telling as enige ander mark wat ondersoek is (Edelman 2022).

Die bevindinge gerig op doelwit 2 kan soos volg saamgevat word: Multitaligheid en inklusiwiteit loop hand aan hand met die welbekende uitspraak in die advertensiewêreld: “Think global, but act local”, ook in die toekoms. In die woorde van Martin (2005:45): “[...] hence the importance of hiring a local team with in-depth knowledge of the culture when adapting a global campaign for a specific foreign market.”

Koeman (2007:242) meld dat die manier waarop representasie opgeteken word verband hou met die aanwesigheid van merkers van etnisiteit, kulturele kenmerke (klere, aksent, naam, ensovoorts) en taalgebruik. Die merkers is nie eksak nie en boonop skyn daar ’n tendens van gemerkte diversiteit te wees wat in vele opsigte wegleun van spesifiek etnisiteit in Afrikaanstalige advertensies. Voorstellings van die teikenmark is óf besonder inklusief (divers), óf “(etnies) vaag”, sodat geslag, maar veral etniese herkoms, nie eenduidig aangedui word nie.

Die welbekende onderskeid van Hofstede (2005) en vele ander tussen kollektivistiese samelewings (assosiatiewe en implikasiegedrewe kommunikasie) en individualistiese samelewings (rasionele informatiewe aanpak in kommunikasie) blyk moontlik minder streng te geld in die heterogene Suid-Afrikaanse konteks, behalwe vir kultuurspesifieke produkte en dienste (literatuur, musiek, ensovoorts). In die plek van die onderskeid is daar ’n groeiende sosiale bewustheid en sigbare multi-identiteit. Dit sluit aan by Koeman (2007) se kritiek teen die vereenvoudigde onderskeid en gevolglike toevoeging (naas kollektivisties en individualisties) van universaliala (begrip, waardering, verdraagsaamheid en beskerming vir die welstand van alle mense en vir die natuur) en sekuriteit (veiligheid, harmonie en stabiliteit van die samelewing, van verhoudings en van die self).

Resenter datastelle, ook advertensies uit die nege verskillende Afrikaanse tydskrifte (Mei 2025), blyk voorlopig die belang te toon van sosiale kwessies, dit waarmee die ontvanger identifiseer (jou “good cause”). Waarskynlik hou dit ook verband met die uitdaging van generasie Z om toe te tree tot die ekonomiese mark/sector waarin kommoditeite ’n al mindere rol speel in terme van posisionering.

Die bevindinge (gerig op doelwit 2) word vervolgens met een tipiese voorbeeld per kategorie (insig) uit die datastel (sedert 2020) toegelig:

A) Multi-identiteite (multitalig, multirassig) en inklusief

Afrikaanse advertensies is tekenend van verskillende identiteite wat taal en ras betref ten einde ’n inklusiewe samelewing voor te stel. Dit impliseer dat daar teenswoordig in ’n Engelstalige tydskrif advertensies in die Afrikatale verskyn (*Nedbank*-advertensie) en in Afrikaanstalige tydskrifte byvoorbeeld ’n volledige Engelstalige advertensie (*Bio Oil*, skoonheidsproduk) verskyn.

Mense in advertensies beeld toenemend verskillende kulturele groepe uit of kan byna as “ras-neutraal” of “ras-ongemerkt” aangedui word om niemand in die Afrikaanssprekende mark uit te sluit nie.

B) Interaktief vanaf jou “rusbank”

In beide voorbeelde van *Koer* en *Outdoor Warehouse* word die teikenmark uitgenooi om, vanaf die gemak van hul figuurlike stoel, ’n maat te vind (aanlyn toepassing) of kampeer-toerusting by hul naaste winkel te vind via die QR-kode.



Figuur 25: Simply Bee-heuning en Cuddlers-doeke, 2025-voorbeelde.



Figuur 26: Koer-maatsoekplatform, Pendoring, 2020-voorbeeld; Outdoor Warehouse, 2025-voorbeeld.

C) Erken jou (eie) herkoms, “roots”, kultureie (talige herkoms en taalspel ingesluit)
 In die *KykNet*-voorbeelde moet jy juis Afrikaans magtig wees om die boodskap oënskynlik in Engels te kan ontrafel. Die *Ina Paarman's Kitchen*-voorbeeld bevat 'n direkte oproepaksie om die teikenmark aan te moedig om tuis te kook (huiskos) via die inspelings op die Afrikaanse idioom: “Elke pot het sy deksel” (elke (unieke) mens het 'n bepaalde (unieke) pasmaat wat net by dié persoon pas).



Figuur 27: Pendoring, 2020-voorbeelde.



Figuur 28: Ina Paarman's Kitchen, 2025-voorbeeld.

D) Sosiaal bewus (natuur en minderbevoorregtes)

Vele advertensies in die gekose datastel (Pendoring-argief sedert 2020 en alle advertensies in nege Afrikaanse tydskrifte se eerste uitgawe in Mei 2025) sluit verwysings na die omgewing, die natuur en die medemens (dus sosiale aktivisme) in, ongeag die (onverwante) produk/diens se aard.



Figuur 29: Woodoc, 2025-voorbeeld; Salvation Army (organisasie sonder winsbejag, Pendoring, 2020-voorbeeld.

E) Dis hoe ons is/leef/doen/praat/skryf – sonder pretensie

Dit is opmerklik dat die norme van sosiale fatsoenlikheid en hoflikheid tipies van die ouer Afrikaanse voorbeelde in die *Huisgenoot* (tydvak 1: 1916–1949, ingesluit in die ondersoek) ander formele kodes van praat en skryf uitbeeld as wat die geval is in die onderstaande twee voorbeelde waarin vloekwoorde (“fok”) en spreektaalvorme (“ommi” in plaas van “om die”, en uitroepe soos “yoh” in plaas van byvoorbeeld die meer gedateerde en formele “sjoe”) ingesluit is:



Figuur 30: Robertsons Spices, Pendoring, 2020-voorbeeld; FlySafair, Pendoring, 2020-voorbeeld.²

² Dieselfde advertensie verskyn in meer as een medium en op meer as een platform en die bron onder elke figuur aangedui, is dus maar een van die plekke waar ’n bepaalde advertensie wel verskyn het.

8. Toekomstige navorsing

Studies in Nederland en Vlaandere (Koeman (2007)) is rigtingaanduidend vir ook toekomstige navorsing in die Suid-Afrikaanse konteks wat betref multi-identiteite, minderhede en representasie. Die verskil in die aard en omvang van representasie in die Suid-Afrikaanse (Afrikaanse en Engelse) data in die globale tydvak van die ondersoek 1994–2025, is insig-gewend en tekenend van 'n verandering in denkraamwerk.

Die kritiek dat advertensies 'n vorm van sosiale besoedeling is, word goed gekontekstuali-seer deur die volgende aanhaling van Danesi: “Moreover, advertising is not in itself disruptive of the value systems of the cultural mainstream; rather, it reflects trends already present in it, or else it co-opts them and recycles them back to society.” (Danesi 2015:10).

Advertensies is dalk gewoon 'n (winkel)spieël in die winkel se aantrekhouk (wat anders lyk in die werklikheid, of kleren wat anders pas as aan die model), maar die voorveronderstellings (veronderstelde denke van die mark) is wel iets wat die Afrikaanssprekende ontvanger reeds moet weet en/of herken, al word dit moontlik nou in 'n vernuwend (ander) talige formaat (advertensie) heraanbeleid. Vergelyk in dié verband die *via*-televisiekanaaladvertensies in 2025. Dieselfde advertensie het in verskillende tydskrifte verskyn.



Figuur 31: Via-TV-kanaal, 2025-voorbeeld.

Erkenning

Erkenning word verleen aan Marita Oosthuizen, projekassistent vir die hulp met die dataskandering en kategorisering en ook aan Corné Richter vir die finale versorging.

BIBLIOGRAFIE

- Bakhtin, M.M. 1981. *The dialogic imagination*. Austin and London: University of Texas Press.
- Baumann, S. and Ho, L. 2014. Cultural schemas for racial identity in Canadian television advertising. *Canadian Review of Sociology*, 51(2):152-169.
- Bourdieu, P. 1991. *Language and symbolic power*. Cambridge: Polity Press.

- Brigham, T. 2025. The new money mindset: Gen Z is treating finances like self-care. *Forbes*. <https://www.forbes.com/sites/tessbrigham/2025/02/18/the-new-money-mindset-gen-z-is-treating-finances-like-self-care/> [9 Desember 2025].
- Bruthiaux, P. 2000. In a nutshell: Persuasion in the spatially constrained language of advertising. *Language & Communication*, 20:297-310.
- Chen, H. 2010. Advertising and generational identity: A theoretical model. *American Academy of Advertising – Conference proceedings*, 132-140.
- Conradie, M. and Van Niekerk, A. 2015. The use of linguistic tokenism to secure brand loyalty: Code-switching practices in South African print advertising. *Language Matters*, 46(1):117-138.
- Cottrell, S. 2025. A year-by-year guide to the different generations. *Parents*. <https://www.parents.com/parenting/better-parenting/style/generation-names-and-years-a-cheat-sheet-for-parents/> [1 Desember 2025].
- Danesi, M. 2015. In Tracy, Ilie and Sandel (eds). *The international encyclopedia of language and social interaction*. First edition. Hoboken: John Wiley and Sons Incorporated, pp. 1-10.
- Dessalles, J.L. 1998. In Hurford, Studdert-Kennedy and Knight (eds). *Approaches to the evolution of language: social and cognitive bases*. Cambridge: Cambridge University Press, pp. 130-147.
- Dyer, G. 1982. *Advertising as communication*. London: Methuen.
- Edelman. 2022. Edelman Special Report: South African Gen Zs are becoming a central influence in political and social change. <https://www.edelman.com/africa/research/edelman-special-report-south-african-gen-zs-are-becoming-central-influence-political-and-social> [9 Desember 2025].
- Fairclough, N. 1989. *Language and power*. London: Longman.
- Fairclough, N. 1992. *Discourse and social change*. Cambridge: Polity Press.
- Froneman, J. 2004. Dominant motives in the transformation of *Huisgenoot*, 1916–2003. *Ecquid Novi: African Journalism Studies*, 25(1):61-79.
- Gevorgyan, G. and Manucharova, N. 2015. The effects of cultural appeal, product involvement, and ethnic identity on attitudes and recall in online advertising. *Chinese Journal of Communication*, 8(2):196-220.
- Goffman, E. 1981. *Forms of talk*. Oxford: Blackwell.
- Hofstede, G. en Hofstede, G.J. 2005. *Allemaal andersdenkenden: Omgaan met cultuurverschillen*. Amsterdam: Contact.
- Koeman, J.M. 2007. Cultural values in commercials: Reaching and representing the multicultural market? *Communications*, 32:223-253.
- Kotler, P. and Armstrong, G. 2018. *Principles of marketing*. London: Pearson Education.
- Kubro, R.A. and Suyitno, I. 2019. Persuasive language in advertisement discourses (business advertorial analysis). *Journal of Intensive Studies on Language, Literature, Art, and Culture*, 3(2):296-304.
- Martin, E. 2005. *Marketing identities through language: English and global imagery in French advertising*. London: Palgrave Macmillan.
- McFall, L. 2004. *Advertising: A cultural economy*. London: Sage.
- Myers, G. 1994. *Words in ads*. London: Arnold.
- Pendoring. 2025. Pendoring-reklame. <https://www.pendoring.co.za/> [5 Januarie 2025].
- Piller, I. 2001. Identity constructions in multilingual advertising. *Language in Society*, 30(2):153-186.
- Piller, I. 2003. Advertising as a site of language contact. *Annual Review of Applied Linguistics*, 23:170-183.
- Rababah, L. 2023. Examining speech acts in Jordanian advertising. *Journal of Ethnic and Cultural Studies*, 10(5):212-223.
- Sager, J. 2025. What generation am I? Find your generation's name and years. *Parade*. <https://parade.com/1113130/jessicasager/generation-names-and-years/> [11 Desember 2025].
- Silverstein, M. 1985. In Mertz and Parmentier. *Semiotic mediation – sociocultural and psychological perspectives*. Cambridge, Massachusetts: Academic Press, pp. 219-259.
- South African History Online. 2011. African Nationalism. <https://sahistory.org.za/article/african-nationalism> [15 Desember 2025].
- Spitulnik, D. 1998. In Schieffelin, Woolard and Kroskrity (eds). *Language ideologies: practice and theory*. Oxford: Oxford University Press, pp. 163-188.
- Statistics South Africa. 2025. Census 2022. <https://census.statssa.gov.za/> [5 Januarie 2026].

- Steinberg, S. and Angelopulo, G. (eds). 2015. *Introduction to Communication Studies for Southern African students*. Second edition. Cape Town: Juta & Company.
- Van Niekerk, A. 2025. 'n Historiese oorsig van die deurlopende taalontwikkeling in Afrikaans sedert 1916 in *Huisgenoot. Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 65(1):152-187.
- Ward, M. 2025. How Gen Z's values are redefining consumer behavior. *The Gen Z reckoning*. <https://genzreckoning.com/how-gen-zs-values-are-redefining-consumer-behavior/> [2 Desember 2025].
- Wikipedia. 2026. MrBeast. <https://www.youtube.com/@MrBeast> [5 Augustus 2026].
- Williams, G. 2015. Generation Z to eclipse millennials as economic force, says Goldman Sachs. *Today Online*. <https://www.today.com/money/generation-z-eclipse-millennials-economic-force-says-goldman-sachs-t59436> [12 Desember 2025].
- Williams, R. 1980. *Problems in materialism and culture*. London: Verso Books.

Belangstellendes kan die outeur kontak vir toegang tot die geskandeerde datastel uit (Die) Huisgenoot.

Oorsig van enkele opvallendhede in die *Huisgenoot* in die gegewe datastel gerig op doelwit 1.

Eerste fase

Huisgenoot, 16 Mei 1916 (eerste uitgawe):

- *De Huisgenoot*
- Hoofsaaklik Nederlands.
- Slegs beide kante van die voor- en agterblad is in kleur. Die res van die tydskrif is swart en wit.
- Twee voorblaaie, maar die tweede voorblad is in swart en wit.
- Eerste keer kleur:
- 1916–1954: Die voorblad is telkens in kleur gedruk en hier en daar verskyn ’n advertensie met ’n enkele kleur, byvoorbeeld *DE BURGER* (1916).



(1916)

Huisgenoot, 11 Januarie 1924:

- Die Huisgenoot
- Weeklikse uitgawes.
- Baie meer Afrikaans as Nederlands.
- Twee voorblaaie – ’n bylaag aan die begin van die tydskrif met net advertensies, daarna volg die tweede voorblad en dan die artikels. Daar is wel meer advertensies tussen die artikels.
- Eerste keer kinders in die datastel van advertensies ingesluit.
- 1924 – eerste getekende dogtertjie in *California Syrup of Figs* en daarna dikwels tekeninge/sketse met ook kinders ingesluit.



(1924)

Huisgenoot, 4 Januarie 1929:

- Eerste met ook geklassifiseerde advertensies.
- Weeklikse uitgawes.
- Aansienlik meer advertensies in hierdie uitgawe as die voriges.
- Dunner en geel tipe bladsye, amper soos koerantpapier.
- Slegs een voorblad.
- Advertensies verskyn ook volledig in 'n ander skrif- of lettertipe.
- Baie van die advertensies sinspeel op "trotse burgerskap":
 - Globe-stoele: "Vervaardig in Suid-Afrika deur Suid-Afrikaners van Suid-Afrikaanse grondstowwe".
 - The Castle Rabbitry: "Die Grootste Konyngoedery in die Unie".

Huisgenoot, 5 Januarie 1934:

- Weeklikse uitgawes.
- 'n Hele blad is toegeken aan die advertering van geneesmiddels soortgelyk aan die geklassifiseerde advertensies se bladsy-uitleg.
- Daar is 'n blad getiteld: "Spesiale kopieë oor die pos".

Opmerking:

- Hierdie uitgawe het 'n paar advertensies wat die gewig en postuur van vrouens aanspreek:
 - Madam X se verslankingsgordel.
 - Gossard vir mooi *posture*.
- 1934 – die eerste swart-en-wit foto van 'n baba word in 'n advertensie (uit die datastel) ingesluit.

Huisgenoot, 6 Januarie 1939:

- Weeklikse uitgawes.
- Steeds geklassifiseerde advertensies en 'n blad gereserveer vir die advertering van geneesmiddels.

Opmerking:

- Steeds baie direkte verwysings na vrouens en hulle gewig:
 - Enjola: “Lelike vet spoedig vervang deur bekoorlike rondings”.
 - Kleinert’s: “U moet slanker wees om nuwe modelle te kan dra” (modes).
 - Dr. Williams se Pink Pills: “Eens so maer en skraal – kyk nou na my!”.

Laaste fase:

1959–1969: Beide kante van die voor- en agterblad is in volkleur, die res bly swart-en-wit.

REMBRANDT (1959)

(1959)

- 1974–1994: Volkleur advertensies kom op lukrake plekke voor, maar daar is nog swart-en-wit advertensies teenwoordig.
- 1989 – Eerste kleurfoto’s van kinders word in advertensies gebruik. *JP van der Walt BOEKKLUBS*



- Eerste keer mense van kleur in advertensies (uit die datastel) ingesluit in 1989, maar ook toenemend sedert die 1994-uitgawe:

Jy kan 'n brug na hierdie mensie bou.



Hier's jou kans om blywende vriendskapsbande in Suid-Afrika te smee.

Nie te ver van jou omgewing af nie, ly kinders gebrek as gevolg van ontbereikende onderrig, siekte, ondervoeding en werkloosheid. Jy kan jou arms uitstrek en 'n minderbevoorregte kindjie help deur Wêreldvisie se Kindersorgborgskap.

Stuur hierdie koepoon terug vir meer besonderhede en begin só 'n brug na die toekoms bou.

**WÊRELDVISIE
KINDERSORG**

ONS MAAK MENSE LOS VAN LIEFDADIGHEID.

Aan: Wêreldvisie-Kindersorgborgskap,
Posbus 1101, Florida 1710. Tel. (011) 674-2043

Ek wil weet hoe ek 'n behoeftige kind se toekoms kan verseker.

Nooms: (Mnr/Mev/Mes) _____

Adres: _____

Kode: _____

Tel: (Huis) _____ (Werk) _____

NUWE TOLVRY-NOMMER: SKAKEL 0100794

(1989)

Huisgenoot, 6 Januarie 1994:

Dit is die eerste keer dat 'n lotery met boerpotte geadverteer word (in 1989 se uitgawe was daar 'n artikel en stembriefie oor of die lotery toegelaat moet word).

Mense van kleur, verteenwoordigend van die Afrikaanse gemeenskap word toenemend ingesluit in advertensies alhoewel die verhouding nie die rasdemografie (statisties) weerspieël nie.

Huisgenoot, 9 Januarie 2014:

- Die insluiting van 'n koopgids (soos vroeër se geklassifiseerde en koop-oor-die-pos-advertensies) val op.
- Heelwat fokus op beroemde persone en TV-sterre, maar met toenemende klem op plaaslike Suid-Afrikaanse bekendes en sterre.

Huisgenoot, 3 Januarie 2019:

- Die tiener- en kinderafdeling het 'n aparte voorblad in die middel van die tydskrif.

‘Een trerag benotheid’ – Spellingvariasie in persoonlike dokumente uit die Anglo-Boereoorlog

‘een trerag benotheid’ – Spelling variation in personal documents from the Anglo Boer War

JOHANITA KIRSTEN

Departement Geesteswetenskappe,

Noordwes-Universiteit,

Suid-Afrika

E-pos: Johanita.Kirsten@nwu.ac.za

ORCID: <https://orcid.org/0000-0002-0541-5964>



Johanita Kirsten

JOHANITA KIRSTEN is ’n medeprofessor en die subprogramleier vir Linguistiek in die navorsingsfokusarea *Language and Literature in Complex Settings* aan die Noordwes-Universiteit. Sy was ook die hoofredakteur van die vaktydskrif *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*. Sy het tans twee hoofnavorsingsbelangstellings. Haar boek *Written Afrikaans since Standardization: A Century of Change* (2019) en ander publikasies beskryf onlangse en voortdurende verandering in Afrikaans aan die hand van korpuslinguistiese metodes, asook die effek van taalkontak. Andersins fokus haar werk op metafore in taalgebruik en die verskillende rolle wat dit speel, die kulturele en ideologiese perspektiewe wat dit weergee, en hoe dit gebruik word om sekere inligting te verbloem en ook te benadruk.

JOHANITA KIRSTEN is an associate professor and leader of the sub-programme for Linguistics in the research focus area *Language and Literature in Complex Settings* at the North-West University. She was also the editor-in-chief of the journal *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*. Currently she is interested in two areas of research. Her book *Written Afrikaans since Standardization: A Century of Change* (2019) and other publications describe recent and ongoing change in Afrikaans using corpus linguistic methods, as well as the effects of language contact. Otherwise, her work focuses on metaphors in language use and the different roles they play, the cultural and ideological perspectives they provide, and how they are used to conceal as well as emphasise information.

Datums:

Ontvang: 2026-02-05

Goedgekeur: 2026-08-29

Gepubliseer: September 2026

ABSTRACT**‘een trerag benotheid’ – Spelling variation in personal documents from the Anglo Boer War**

In this article, Afrikaans spelling variation in a diary and letters from the Anglo Boer War is investigated. At the time of the Anglo Boer War, Afrikaans had not yet been standardised, and the literacy levels of the general public were not particularly high. It is to be expected, then, that there would be variation in the written language of letters and diaries during this time. Studying the patterns of spelling variation reveal not only the types of struggles writers had with spelling, but also some information about the spoken language and pronunciation at the time. The investigation is done with corpus linguistic methods, including one corpus consisting of a diary, and one corpus consisting of letters from different people and contexts, all written during and shortly after the Anglo Boer War.

Several different types of spelling variation are investigated and described. The usage patterns in the diary are contrasted with those in the letter corpus, which enables further perspectives on individual variation compared to general patterns of variation. The diary data illustrate the extent to which one writer can vary in their own writing, especially with only a basic level of literacy and a context where consistent spelling was not a priority or even considered at all. The patterns of variation in the diary cannot, however, be generalised, which is why the data from the letters – written by many different people from different contexts – are so important to get a more general perspective on spelling variation at the time.

The patterns of variation found in the data can be divided into two broad categories. On the one hand there is variation that reflects spoken language and pronunciation. One prominent case is derounding, and writing rounded vowels and diphthongs as non-rounded, as well as hypercorrection, where non-rounded vowels and diphthongs are written as rounded. This indicates that derounding rounded vowels and diphthongs was already present in speech to the extent that writers could not always rely on pronunciation to determine which variant should be used. Another frequently occurring phenomenon regards consonants at the end of words – where consonants are written as voiced but pronounced as voiceless at the end of words. In the data, these cases are often written as voiceless, or sometimes hypercorrection happens and voiceless consonants at the end of words are written as voiced.

The second category of variation regards spelling rules and conventions, rather than spoken language. It shows that either many people were not literate enough to learn these rules or conventions, or the rules were not yet widely accepted or established in the speech community. One aspect of spelling that was particularly affected by this concerns vowels and diphthongs that are spelled with two letters – long and short vowels were written inconsistently with single or double letters, and vowels and diphthongs written with two different letters were switched around or one of the letters was exchanged for another, or both.

KEY WORDS: Afrikaans, historical written language, language variation, spelling conventions, spelling norms, spelling variation, spelling, variation, writing conventions, written language

TREFWOORDE: Afrikaans, historiese skryftaal, skryfkonvensies, skryftaal, spelling, spellingkonvensies, spellingnorme, spellingvariasie, taalvariasie, variasie

OPSOMMING

In hierdie artikel word spellingvariasie in 'n dagboek en briewe uit die Anglo-Boereoorlog aan die hand van korpuslinguistiese metodes ondersoek. Verskeie tipes spellingvariasie word in ag geneem en beskryf. Deur die gebruikspatrone in die dagboek te kontrasteer met dié in die briewe, word lig gewerp op die mate waartoe een spesifieke skrywer se spelling varieer, teenoor meer algemene patrone wat deur verskillende skrywers gebruik word. Die patrone wat gevind is in terme van frekwente tipes spellingvariasie, kan in twee breë kategorieë ingedeel word: variasie wat uitspraakverskynsels reflekteer, soos ontronding en finalekonsonant-ontstemming, en variasie wat gewoon aandui dat spellingkonvensies onvas en onseker was, en/of dat baie skrywers se geletterdheid beperk was.

1. Inleiding

In hierdie artikel word spellingvariasie in 'n dagboek en briewe uit die Anglo-Boereoorlog ondersoek en beskryf. Ter inleiding word daar agtergrond oor die Anglo-Boereoorlog verskaf, asook oor geletterdheid in daardie tyd.

1.1 *Anglo-Boereoorlog*

Tydens die eeuwending van die 19de na die 20ste eeu was 'n groot deel van wat vandag bekendstaan as Suid-Afrika gewikkel in 'n oorlog tussen die Britse Ryk en die Boererepublieke (die ZAR oftewel Transvaal en die Oranje-Vrystaat). Die goudmynbedryf aan die Witwatersrand, deel van Transvaal, was 'n brandpunt in die ontstaan van die oorlog (Worden, 2012:30), met die Britte wat meer direkte toegang tot die myne wou bekom (Giliomee & Mbenga, 2007:209). Die president van Transvaal, Paul Kruger, het amptelik oorlog verklaar teen die Britte in Oktober 1899, met die ondersteuning van die Vrystaat as bondgenoot (Ross, 2009:78).

Die opponerende partye – die Britte en die Boere – het gehoop dat die oorlog nie lank sal aanhou nie, maar dit het vir amper drie jaar voortgeduur en oor 'n groot area gestrek (Worden, 2012:34). In 'n poging om die guerrillakommando's se moed later in die oorlog te breek, het die Britte 'n tweeledige strategie gevolg: eerstens die verskroeiende-aardebeleid toe plase afgebrand en vee weggeneem of geslag is; en tweedens die konsentrasiekampe waarheen families en ander plaasbewoners en -werkers weggevoer is (Jewell, 2003:1; Worden, 2012:34). Hoewel die strategieë aanvanklik die kommando's aangespoor het, is hulle uiteindelik geforseer om oor te gee en die Vredesverdrag van Vereeniging in Mei 1902 te onderteken (Worden, 2012:34).

In die konsentrasiekampe het die vroue, kinders, siekes en bejaardes in tente of hutte geleef, en lateraan in sommige kampe in slaapsaalstrukture van sink. Die kampe was veronderstel om volgens militêre riglyne bestuur te word, net met kleiner rantsoene, en kampbewoners is van min klere en mediese sorg voorsien (Jewell, 2003:2; Pretorius & Krige, 2011:73). Kampe het tipies 'n tekort aan hulpbronne soos tente, kos, water en hout gehad, en die personeel het dikwels gesukkel as gevolg van 'n gebrek aan opleiding in en/of ervaring met kampbestuur (Pretorius & Krige, 2011:75).

Die Bethulie-kamp, wat spesifiek van belang is vir hierdie artikel, was een van die grootste kampe met die swakste kondisies en huisvesting vanuit die staanspoor (Pretorius & Krige, 2011:75-76). Die dorp Bethulie is in die suidelike Vrystaat geleë, naby die Oranjerivier wat aan die Oos-Kaap grens, ongeveer 50 km oos van die Gariepdam. Die Bethulie-kamp was naby aan die dorp Bethulie. Later tydens die oorlog, in Januarie 1902, het die toestande in die kamp tot 'n mate verbeter met 'n nuwe kampbestuurder.

Die dagboek wat een van die hoofdatabronne vir hierdie artikel is, is meestal in die Bethulie-kamp geskryf, en die ander databron is 'n korpus wat bestaan uit briewe wat deur baie verskillende mense in verskillende rolle en plekke deur die loop van die oorlog en kort daarna geskryf is. Soos wat dikwels die geval was in oorlogstyd wanneer geliefdes van mekaar geskei is, is baie briewe in hierdie tyd geskryf; ook heelwat meer Boerevroue het briewe en dagboeke geskryf as andersins (Van Heyningen, 1999:24). Hierdie geskrifte is dikwels deur families bewaar en/of aan museums of argiewe geskenk deur die loop van die twintigste eeu. Dieselfde geld vir oorlogsdagboeke, soos een wat geskryf is deur die kampverpleegster Sarie Roos (Pretorius & Krige, 2011), asook die kampbewoner Rensche van der Walt (sien 3.1 vir meer besonderhede). Briewe en dagboeke uit hierdie konteks verskaf waardevolle data, veral gegewe die vlakke van geletterdheid en die algemene taalgebruik in daardie tyd.

1.2 *Geletterdheid en taalgebruik*

Die algemene spreektaal op kommando ten tye van die Anglo-Boereoorlog was wat vandag bekendstaan as Afrikaans (Pretorius, 2000:47), wat daardie tyd Kaaps-Nederlands of gewoon 'Hollands' genoem is. Om vas te stel wat die skryftaal op daardie stadium was, is wel meer kompleks. 'n Groot proporsie van die burgers het waarskynlik in Nederlands probeer skryf, maar hulle beperkte geletterdheid het hulle vermoë om in Nederlands te skryf belemmer (Nel, 2016:67; Pretorius, 2000:53). Dit het daartoe gelei dat die meerderheid briewe en dagboeke uit die oorlog se taalgebruik iewers tussen Nederlands en Afrikaans lê (Pretorius, 2000:52). Op daardie stadium was daar ook nog nie vaste skryfnorme vir hierdie taal nie, want die vereenvoudigde Nederlandse spelling is nog nie ingevoer nie, en die kodifisering van Afrikaans was nog beperk. Verder het skrywers op daardie stadium nie waarde daaraan geheg om konsekwent te skryf nie, en dit is nog nie soveel gestigmatiseer soos later nie (Deumert, 2007:232).

Verskeie faktore het daartoe bygedra dat 'n groot proporsie van die strydende burgers en die vroue en kinders in die Boererepublieke slegs oor basiese geletterdheid beskik het toe die oorlog uitbreek het (Nel, 2016:70). Kerklidmaatskap het slegs basiese akademiese vaardighede vereis, en oor die algemeen is daar min waarde geheg aan langtermyn formele onderwys – dit, onder andere, het gelei tot beperkte openbare onderwys in die Boererepublieke (Nel, 2016:18). Daar was natuurlik burgers met gevorderde geletterdheid en byvoorbeeld naskoolse opleiding, maar dit was die uitsondering (Nel, 2016:69).

2. **Probleemstelling**

Dit is welbekend dat geskrewe taal nie gewoon 'n alternatiewe voorstelling van gesproke taal is nie, maar 'n styl op sigself met onderskeidende kenmerke (Weerman *et al.*, 2013:356). Veral indien 'n taal oor 'n standaardvariëteit beskik, is die verwagting dat daar merkbare verskille tussen die geskrewe en gesproke taal is.

Ten tyde van die Anglo-Boereoorlog was Standaardafrikaans egter nog nie gevestig nie, en die algemene Afrikaanssprekende publiek in die Boererepublieke het tipies slegs baie basiese onderrig ontvang en het dus net basiese geletterdheid verwerf. Dit skep die moontlikheid dat die skryftaal en die spreektaal nie só ver van mekaar verwyderd was soos in baie ander omstandighede nie. Omdat die spellingsisteem spesifiek nog nie ontwikkel is nie, en konsekwente spelling nie noodwendig van besondere belang was nie, kan dit selfs beteken dat die skryftaal van die tyd sekere kenmerke van die spreektaal kan verklap. Bestaande studies oor

Afrikaanse taalgebruik vóórdat standaardisering momentum ontwikkel het in die 1910's, fokus tipies op grammatikale verskynsels en taalverandering eerder as op spellingvariasie en skryfwyses.

In hierdie artikel word spellingvariasie in 'n dagboek en briewe uit die Anglo-Boereoorlog ondersoek om (a) die spellingvariasie en spellingkonvensies te beskryf as deel van die repertoire van Afrikaans voor standaardisering, maar ook om (b) vas te stel of enige verdere inligting oor gesproke Afrikaans daaruit geleer kan word, om in daardie opsig ook die repertoire van Afrikaans voor standaardisering te beskryf.

3. Metodologie

Hierdie studie volg 'n empiriese benadering waar ondersoek ingestel word na verskillende veranderlikes. 'n Soortgelyke ontwerp word gebruik as Ávila-Ledesma en Amadro-Moreno (2023), naamlik 'n gevallestudie met 'n gemengdemetode-benadering in 'n historiese sosiolinguistiese raamwerk en met 'n korpuslinguistiese metode. Die een fokus is die gevallestudie van Rensche van der Walt se oorlogsdagboek, en die ander fokus is 'n briewekorpus waarteen die dagboek gekontekstualiseer word. Hiermee word 'n gemengdemetode-benadering gevolg met 'n onderwerp wat dikwels slegs met kwalitatiewe metodes ondersoek word.

Die kwantitatiewe analises is gedoen aan die hand van die korpussagteware WordSmith Tools (Scott, 2022) waarmee data vir analise onttrek is, en die analises is verder in Microsoft Excel gevoer. Eerstens is 'n woordelys van elke korpus na Excel uitgevoer. Elke potensieel ongewoon gespelde woord is met die hand gemerk, waarna die gemerkte woorde se konkordansies uit die korpora onttrek is en weer na Excel uitgevoer is. Elke konkordansie is daarna handmatig gekontroleer in sinkonteks, en die gevalle van ongewone spelling is gekodeer volgens die tipe spellingvariasie. Uiteindelik is basiese beskrywende statistiek in Excel bereken.

3.1 Dagboekkorpus

Die skrywer van die dagboek is Rensche van der Walt, gebore 29 Junie 1878 in Reddersburg in die destydse Republiek van die Oranje-Vrystaat. Sy was die middelkind van nege wat almal die Gereformeerde skool in Reddersburg bygewoon het (Hamman, 1965:ix). Dit is onduidelik hoe lank die Van der Walt-kindere skoolgegaan het, maar die norm vir klein dorpie en plaasgemeenskappe destyds was om slegs laerskool by te woon. Rensche is nooit getroud nie en het nooit kinders gehad nie, maar het by haar uitgebreide familie (veral niggies en nefies) betrokke gebly (Hamman, 1965:ix).

Rensche het die dagboek deur die loop van die Anglo-Boereoorlog geskryf, waarin sy haar wedervaringe met die Britse soldate en die konsentrasiekampe (veral Bethulie) beskryf. Die eerste inskrywing begin met die familie se eerste ervaring van Britse soldate op die familieplaas, en die inskrywings duur tot verskeie maande ná die oorlog toe die familie herenig is. Sy het die dagboek bewaar tot haar dood, waarna dit na haar suster gegaan het. Haar susterskind, Kezia Hamman, het die dagboek getranskriebeer en na moderne Afrikaans vertaal, en albei weergawes in 'n boek in 1965 gepubliseer. Daarna is die oorspronklike dagboek aan die Oorlogsmuseum in Bloemfontein geskenk (Hamman, 1965:x). Die korpus is op hierdie boek gebaseer, wat ek gebruik het om die oorspronklike weergawe in elektroniese formaat oor te tik.

Die korpus bestaan uit 24 265 woorde, met 2 829 unieke woorde. Dit is redelik klein, selfs vir 'n historiese korpus, wat deels is waarom 'n gemengdemetode-benadering gebruik word.

3.2 Briewekorpus

Die briewe waaruit die briewekorpus saamgestel is, is deur verskillende mense gedurende en kort ná die oorlog geskryf. Dit bestaan uit 105 922 woorde, met 9 814 unieke woorde. Die briewe is tussen vriende en familie geskryf, in kontekste wat konsentrasiekampe en gevangenis insluit, sowel as mense te velde en wat tuis gebly het (Nel, 2016:120). Al die briewe is deur burgers van die Boererepublieke en die Kaapkolonie geskryf (Nel 2016:120). Die meeste skrywers het slegs basiese onderrig ontvang, en toon beperkte geletterdheid, maar was tog daartoe in staat om sinvol in briewe te kommunikeer (Nel, 2016:120). Op daardie stadium was daar nog geen geskrewe standaard vir Afrikaans nie, en mense se beperkte geletterdheid is tipies aan die hand van Nederlands verwerf. Dit dra alles by tot die mate van variasie in die taalgebruik en skryfwyse wat in die korpus gevind kan word.

Die korpus is saamgestel deur Nel (2016) vir haar MA-verhandeling en aan my beskikbaar gestel. Kopieë van die briewe is verkry van die Oorlogsmuseum en NALN in Bloemfontein, sowel as die Nasionale Argiewe in Pretoria (Nel, 2016:121). Wanneer 'n spesifieke skrywer 'n groot aantal briewe geskryf het, is nie al daardie skrywer se briewe ingesluit nie sodat die korpus gebalanseerd tussen verskillende skrywers sal bly. Die briewe is elektronies getranskriebeer, en die oorspronklike taalgebruik en inhoud is sover as moontlik behou (Nel, 2016:121).

Nel se verhandeling (2016) fokus op die gebruik van gesondheidsformules as 'n instrument wat deur die skrywers van die briewe gebruik is. Ek het die korpus in Word-formaat ontvang, waarna ek al die formattering verwyder het sonder om die inhoud te beïnvloed, asook adresse en enige meta-data van die dokumente verwyder het. Die briewe is daarna na 'n txt-lêer vir korpusanalise gekopieer.

4. Bevindinge

Aangesien uitspraakverskynsels uiteindelik ook betrek word, is die tipes spellingvariasie gerieflikheidshalwe verdeel tussen (a) vokale en diftonge, en (b) konsonante. Die dagboek-korpus word ook telkens met die briewekorpus vergelyk om 'n blik op individuele variasie teenoor algemene variasie te kry. Die frekwensie word eerstens gerapporteer as genormaliseerde frekwensie – gevalle per 10 000 woorde. Daar word ook met tye aandag geskenk aan die hoeveelheid verskillende lemmas of woorde wat by 'n verskynsel betrokke is; indien spesifieke woorde sigself verleen tot 'n sekere verskynsel, en daardie woorde het 'n hoë frekwensie, kan dit misleidend wees indien slegs die frekwensie van die verskynsel in ag geneem word.

4.1 Vokale en diftonge

Sekere spellingverskynsels is buite rekening gelaat omdat dit te veel deur Nederlandse spellingkonvensies beïnvloed is, soos die gebruik van dubbel-“e” in oop lettergrepe en die onderskeid tussen “ij” en “y”, sonder om 'n moontlike verskil in uitspraak óf die vestiging van 'n Afrikaanse spellingkonvensie aan te dui.

Die variasie wat vokale en diftonge betrek, is in die volgende kategorieë verdeel:

- Vokale in tweelettervokale omgeruil, soos “breif” vir “brief”;
- Ongewone kombinasies van vokale, tweelettervokale of -diftonge, soos “joi” vir “jou”;
- Omruiling van “ei” en “y”, soos “beina” vir “byna” en “klyn” vir “klein”;

- Enkelvokaal in plaas van 'n dubbelvokaal, soos “mekar” vir “mekaar”;
- Dubbelvokaal in plaas van 'n enkelvokaal, soos “jaare” vir “jare”;
- Alternatiewe vokaal, soos “krug” vir “kryg”;
- 'n Vokaal bygevoeg, soos “warem” vir “warm”;
- 'n Vokaal weggelaat, soos “kuir” vir “kuier”;
- Vokaalreduksie, soos “vendag” vir “vandag”;
- Vokaalverlaging, soos “tanta” vir “tante”;
- Ontronding van ronde vokale, soos “deer” vir “deur”;
- Ronding van nie-ronde vokale, soos “zut” vir “zit” (sit).

Elk van hierdie kategorieë word vervolgens bespreek aan die hand van korpusvoorbeelde en genormaliseerde frekwensies.

Daar is heelwat variasie wat vokale en diftonge betrek wat met twee letters gespel word. Die twee letters is soms omgeruil (1 en 2), of een van die letters is met 'n ander vervang (3–5). Met laasgenoemde verskynsel is die letters *u*, *i* en *e* meestal betrek en met mekaar vervang. Dan is daar die diftong wat as “ei” en as “y” geskryf word, wat nie 'n verskil in uitspraak aandui nie en slegs onderskei word op grond van spellingkonvensies, selfs vroeg in die 20ste eeu (Smith, 1910:306). Hierdie twee skryfwyses word in die data tot 'n mate as wisselvorme gebruik (6 en 7).

1. haar zuen is in die felt (briewekorpus)
haar seun is in die veld
2. de dood wink eider uir (dagboekkorpus)
die dood wink ieder uur
3. ik groit u alen nog maals met tien zoinnen (briewekorpus)
ek groet u almal nogmaals met tien soene
4. 19 Meu was toen Zondag. (dagboekkorpus)
19 Mei was toe Sondag
5. ons krij nou meer vuirmaak goet (briewekorpus)
ons kry nou meer vuurmaakgoed
6. Om 3 uir kom de tryn. (dagboekkorpus)
Om 3-uur kom die trein.
7. mein lieven zoon (briewekorpus)
my liewe seun

Die frekwensie van die bogenoemde spellingverskynsels word in Tabel 1 weergegee. Eersgenoemde verskynsel is die enigste wat meer voorkom in die briewekorpus as in die dagboekkorpus. Slegs 32 lemmas verteenwoordig die 117 gebruiksevalle, met spesifieke lemmas wat herhaaldelik gebruik word, insluitend “brief”, “die”, “iets”, “hier”, “liewe” en “niet” waarin “ie” telkens as “ei” geskryf is. Die meerderheid gevalle van hierdie verskynsel betrek “ie” wat as “ei” geskryf is, hoewel “ei” as “ie” merkbaar is in die briewekorpus, en enkele ander kombinasies ook voorkom (sien voorbeeld 1). Dit lyk dus na 'n verskynsel wat in baie spesifieke omstandighede voorkom, en wat moontlik aan onvaste skryfkonvensies en lae geletterdheid toegeskryf kan word.

Die volgende verskynsel behels die ongewone kombinasies van vokale om tweeletter-vokale of -diftonge te skryf. Uit die tabel is dit duidelik 'n baie frekwente verskynsel in die dagboek, terwyl dit heelwat minder in die briewe figureer. Verder bevat die 135 gebruiksevalle slegs 31 verskillende lemmas, wat aandui dat 'n klein hoeveelheid woorde herhaaldelik op hierdie manier geskryf word, veral “uur”, maar ook “Mei”, “(ge)stuur” en “behoud”. Dit wys

dat die skrywer van die dagboek 'n aantal woorde op hierdie manier geskryf het, en terwyl dit ook voorkom in die briewe, was dit waarskynlik nie 'n wydverspreide, frekwente gebruik nie. Wat dit tog suggereer, is dat die skryfwyse van sekere vokale en diftonge nog onvas op daardie stadium was.

Die omruiling van “ei” en “y” se frekwensie in die briewekorpus is soortgelyk aan die ongewone kombinasie van vokale, en hoewel dit meer frekvent is in die dagboekkorpus, is dit baie minder frekvent as die vorige verskynsel (ongewone kombinasie van vokale). In die dagboek word slegs 'n handvol woorde op hierdie manier geskryf, vernameam “trein” en “vleis”. Hoewel die gebruiksfrekwensie in die briewe laer is, betrek dit heelwat meer woorde, wat aandui dat die onderskeid tussen die skryfwyses onduidelik was, en daar nog nie 'n vaste norm in daardie tyd gevestig is nie.

TABEL 1: Vokaalvariasie (tweelettervokale) frekwensie per 10 000 woorde

	dagboekkorpus	briewekorpus
omruiling tweelettervokale	4	11
ongewone kombinasie	56	8
“ei” en “y” omgeruil	14	8

Nog 'n spellingkonvensie wat ter sake is, is dat lang vokale in oop lettergrepe as 'n enkelvokaal geskryf word (met 'n enkelkonsonant wat daarop volg), terwyl 'n lang vokaal in 'n geslote lettergreep as dubbelvokaal geskryf word (gevolg deur 'n dubbekonsonant as daar nog lettergrepe volg) en kort vokale as enkelvokale geskryf word. Dit was beslis nog 'n onvastheid in die spelling op daardie stadium, want dit is ná die oorlog in 'n skryfstukkie in die *Unie* in 1906 aangeraak (Buitenrust, 1906). In die data word lang en kort vokale op verskillende maniere geskryf, en die onderskeid kan dikwels slegs op grond van konteks bepaal word eerder as spelling. In voorbeelde (8) en (9), byvoorbeeld, word lang vokale in geslote lettergrepe met slegs een vokaalletter geskryf. In voorbeelde (10) tot (12), daarenteen, word lang vokale in oop lettergrepe met 'n dubbele vokaalletter geskryf waar dit nie nodig is nie. In (12) is daar ook 'n voorbeeld van 'n kort vokaal wat met 'n dubbele vokaalletter geskryf word: “dag” as “daag”.

8. Fanie die was ziek en in Hospital. (briewekorpus)
Fanie die was siek en in hospitaal.
9. en mandag en woensdag en donnder dag Bud uir (dagboekkorpus)
en Maandag- en Woensdag- en Donderdag biduur
10. ik be swijk in bars uit in traanen soo mee nig maal (briewekorpus)
ek beswyk en bars uit in trane so menigmaal
11. O, Daar gaat ons met de ezelsbokwaa. (dagboekkorpus)
O, daar gaan ons met die eselsbokwa.
12. wy zyn die heele daag nukkerig als ons nie by perskes staan (briewekorpus)
ons is die hele daag nukkerig as ons nie by perskes staan

Dit blyk in Tabel 2 dat, hoewel enkelvokaalletters enigsins gebruik word waar dubbelvokaalletters meer gepas sou wees, dit nie in een van die twee korpora 'n frekwente verskynsel is nie. Die onvanpaste gebruik van dubbelvokaalletters is egter heelwat meer frekvent in beide

korpora. In die briewekorpus is dit die mees frekwente verskynsel tussen al dié wat ondersoek word. Dit lyk wel of spesifieke woorde veral betrek word, met 6 van die 152 verskillende lemmas wat meer as twintig keer elk gebruik word, en twee wat rondom 70 keer gebruik word (*hooren en groote*) uit die 597 gebruiksevalle. In die dagboekkorpus is die onvanpaste gebruik van dubbelvokaalletters selfs meer frekvent as in die briewekorpus, maar nie soveel soos ander verskynsels in dieselfde korpus nie. Dit word ook gebruik met meer lemmas teenoor die gebruiksevalle gevind in die dagboekkorpus, wat aandui dat die skrywer hierdie gebruik waarskynlik nie soseer aan spesifieke woorde koppel nie.

TABEL 2: Vokaalvariasie (lang en kort vokale) frekwensie per 10 000 woorde

	dagboekkorpus	briewekorpus
onvanpaste enkelvokaalletter	2	5
onvanpaste dubbelvokaalletter	64	56
alternatiewe vokaalletter	69	55

Daar is verder die verskynsel dat sekere vokale gewoon anders geskryf word of met ander vervang word. In (13) en (14) word dit byvoorbeeld met andersklinkende vokale vervang, terwyl die klanke van sekere vokale in die onderstreepte woorde in (15) en (16) met daardie letters voorgestel kan word in beginsel, maar dit tipies nie in daardie konteks so gebruik word nie. Vokale met ongewone skryftekens (17–18) word ook hierby ingesluit, aangesien dit steeds anders geskryf word, en skryftekens uitspraak beïnvloed. Die vokaal wat tipies hierby betrek word, is “u”, en die deelteken word meestal gebruik, maar ander vokale en skryftekens figureer tog (bv. 18).

13. De paardruiters bleven achter om den vand bezig te houden (briewekorpus)
die perderuiters bly agter om die vyand besig te hou
14. de jongste zoonje die ook deedelyk ziek was. (dagboekkorpus)
die jongste seuntjie wat ook dodelik siek was.
15. ik is banja moeg en wil 'n bitj gaan slaap. (briewekorpus)
ek is baie moeg en wil 'n bietjie gaan slaap
16. Det wil ons niet doen. (dagboekkorpus)
Dit wil ons nie doen.
17. ik stuur aan u een petret (briewekorpus)
ek stuur aan u een portret
18. Dus zal ik zeggen totweêrziens (briewekorpus)
Dus sal ek sê tot weersiens

Die gebruik van alternatiewe vokale of skryfwyses is in albei korpora die tweede mees frekwente verskynsel, hoewel dit meer frekvent is in die dagboekkorpus as die briewekorpus. Dit is 'n verskynsel wat in redelik baie lemmas voorkom, en dit suggereer dat spellingnorme gewoon nog onvas was. Lae vlakke van geletterdheid lei ook hiertoe, waar spellingnorme moontlik gevestig kan wees, maar skrywers nie goed daarmee vertrou is nie. Albei hierdie faktore dra waarskynlik by tot die algemene spellingvariasie in die data en die gebruik van alternatiewe vokale en onnodige skryftekens spesifiek.

’n Volgende verskynsel wat uitspraak tot ’n meerdere of mindere mate betrek, is die byvoeging of weglating van vokale, wat in beginsel ’n lettergreep (of sillabe in terme van uitspraak) tot die woord kan voeg (19–20) of daaruit haal (21–22).

- 19. dan kryg ons 16 of 14 perzekes voor sexpens (dagboekkorpus)
dan kry ons 16 of 14 perskes vir sikspens
- 20. de veir en vertig ste seng pesalm es maar gedurug in myn gehegen (briewekorpus)
die vier-en-veertigste sing-psalm is maar gedurig in my geheue
- 21. de nedriggen geef hy genade. (dagboekkorpus)
die nederiges gee hy genade.
- 22. Ik hoop daarm dit zal nou beter gaan. (briewekorpus)
Ek hoop darem dit sal nou beter gaan.

Tabel 3 wys dat hierdie verskynsels in albei korpora enigsins figureer, maar nie besonder frekwent is in enige van die twee nie. Dit is ook moeilik om vas te stel of sekere gevalle gebaseer is op uitspraak of sogenaamde foute, veral omdat heelwat verskillende lemmas betrek word.

TABEL 3: Vokaalvariasie (weglating en byvoeging) frekwensie per 10 000 woorde

	dagboekkorpus	briewekorpus
vokaalbyvoeging	2	2
vokaalweglating	2	3

Die oorblywende vokaalverskynsels betrek almal uitspraak en uitspraakvariasie. Eerstens is daar spelling wat vokaalreduksie voorstel – die reduksie van ’n vol vokaal tot die neutrale schwa-vokaal (23–24). Dan word vokaalverlaging ook voorgestel, waar neutrale vokale tot “a” verlaag word (25–26).

- 23. Op welk menier dit ook moog zyn. (dagboekkorpus)
Op welke manier dit ook mag wees.
- 24. zy is venaant een beetje beter (briewekorpus)
sy is vanaand ’n bietjie beter
- 25. dan zien ons net dit wort donkerrag (dagboekkorpus)
dan sien ons net dit word donkerig
- 26. ik verlang baja om u te zien (briewekorpus)
ek verlang baie om u te sien

Soos met baie ander verskynsels is die frekwensie van vokaalreduksie en vokaalverlaging laer in die briewekorpus as die dagboekkorpus (sien Tabel 4). Vokaalverlaging betrek ook net ’n handvol lemmas, en spesifiek die woord “baja/banja” maak ’n groot proporsie van die verskynsel uit. Terwyl vokaalverlaging ook relatief infrekwent is in die dagboekkorpus, kom vokaalreduksie heelwat meer voor, en met ’n redelike hoeveelheid lemmas.

TABEL 4: Vokaalvariasie (verandering) frekwensie per 10 000 woorde

	dagboekkorpus	briewekorpus
vokaalreduksie	27	7
vokaalverlaging	5	3
ontronding	183	4
ronding	28	3

Die laaste tipe variasie wat vokale betrek, is (die skriftelike weergawe van) die ontronding van ronde vokale, en die (hiperkorrekte) ronding van nie-ronde vokale. Die nie-ronde uitspraak van ronde vokale in Afrikaans is reeds as algemeen in 1930 (Anoniem, 1930:268) beskryf. Ontronding is sistematies beskryf deur Wissing (1994 en 2011) en word telkens aangedui as 'n ver gevorderde, wydverspreide verskynsel in algemene en selfs Standaardafrikaanse uitspraak. Dit suggereer dat, soos wat vandag ook die geval is, skrywers nie noodwendig op uitspraak staat kon maak om die spelling van die vokaal of diftong af te lei nie, maar gewoon die onderskeie spellingwyses van verskillende woorde moes aanleer. Voorbeeld (27) en (28) bevat gevalle van ontronding, en (29–30) hiperkorrekte ronding.

27. Wach jele beert kom aan. (dagboekkorpus)
Wag julle beurt kom aan.
28. maar ons het geen rytjig (briewekorpus)
maar ons het geen rytuig
29. Die dag regen dut deer. (dagboekkorpus)
Die dag reën dit deur.
30. en ik niet veul van een penman is (briewekorpus)
en ek nie veel van 'n penman is

Ontronding en hiperkorrekte ronding het weereens 'n lae frekwensie in die briewekorpus, maar ronding het 'n hoë frekwensie in die dagboekkorpus, en ontronding is loshande die mees frekwente verskynsel van almal in die dagboekkorpus. Dis belangrik om uit te wys dat amper 'n kwart van die gebruike uit “hele” vir “hulle” en “jele” vir “julle” bestaan – tog, selfs as dit buite rekening gelaat word, is die frekwensie steeds die hoogste van al die verskynsels. Aan die een kant wys dit dat ontronding 'n kenmerk van die dagboek se skryfwyse is, maar die briewekorpus se lae frekwensie dui aan dit (die skryfwyse) was nie noodwendig 'n wydverspreide verskynsel nie. Aan die ander kant kom dit tog voor in die briewekorpus, saam met hiperkorrekte ronding van nie-ronde vokale, wat aandui dat ontronding tog voorgekom het in die algemene spreektaal tot die mate dat die onderskeid tussen ronde en nie-ronde vokale soms onduidelik was.

Vervolgens word die verskynsels wat konsonante betrek, beskryf, om 'n meer volledige prentjie te skets van die spellingvariasie ten tyde van die Anglo-Boereoorlog.

4.2 Konsonante

Die variasie wat konsonante betrek, is in die volgende kategorieë verdeel:

- Dubbelkonsonant in plaas van 'n enkelkonsonant, soos “dinkkken” vir “dinken”;
- Enkelkonsonant in plaas van 'n dubbelkonsonant, soos “nomer” vir “nommer”;
- Konsonant bygevoeg, soos “mooie” vir “mooie”;
- Konsonant weggelaat, soos “eder” vir “eerder”;
- Alternatiewe konsonant, soos “Optober” vir “Oktober”;
- Assimilasie, soos “hoener” vir “hoender”;
- Klankverspringing, soos “perbeer” vir “probeer”;
- Omruiling van “f” en “v”, soos “vamilie” vir “familie” en “fraag” vir “vraag”;
- Finalekonsonantontstemming, soos “bort” vir “bord”;
- Finale konsonant stemhebbend in plaas van stemloos, soos “tend” vir “tent”;
- Ander gevalle wat stemhebbendheid betrek, soos “vreegte” vir “vreugde”.

Soos in die vorige afdeling, volg beskrywende analyses van elk van die bogenoemde kategorieë, vergesel van korpusvoorbeelde en genormaliseerde frekwensies.

Daar is reeds in die vorige afdeling verwys na die spelling van lang en kort vokale in oop en geslote lettergrepe – dit betrek egter ook konsonante, nie slegs vokale nie. Soms is konsonante verdubbel waar dit nie nodig is nie (31–32), en soms is een konsonant gebruik waar twee benodig word om die uitspraak akkuraat voor te stel (33–34). Nie alle gevalle betrek noodwendig die uitspraak van vokale nie, soos bv. (32), maar in baie gevalle geld dit tog.

31. Onze dagen gaat nog maar altoos op die ougewoonne wyze voor. (dagboekkorpus)
Ons dae gaan nog maar altoos op die ougewone wyse voort.
32. geef de beste groette aan al myn zusters (briewekorpus)
gee die beste groete aan al my susters
33. Maar zien, hoe jamer toen my tent nomer afgelees wort (dagboekkorpus)
Maar sien, hoe jammer toe my tentnommer afgelees word
34. Onze rozen is al in volen bloei. (briewekorpus)
Ons rose is al in volle bloei.

Die frekwensies in Tabel 5 dui aan dat albei verskynsels heelwat meer in die dagboekkorpus voorkom as in die briewekorpus, en dat onvanpaste enkelkonsonante meer gebruik is as onvanpaste dubbelkonsonante. Die gebruik van onvanpaste enkelkonsonante het 'n besonder hoë frekwensie in die dagboekkorpus, maar by nadere ondersoek blyk dit dat enkele hoëfrekwensiewoorde vir 'n groot deel van daardie gebruike verantwoordelik is: die voornaamwoord “hulle”, wat gereeld gebruik word in die dagboek, word meestal as “hele” geskryf, en “julle”, met 'n effens laer frekwensie, word as “jele” geskryf. Hierdie twee woorde maak 82% van die verskynsel uit, wat die gebruiksfrekwensie se betekenis drasties verander. Indien hierdie twee woorde buite rekening gelaat word, is die genormaliseerde frekwensie van onvanpaste enkelkonsonante in die dagboekkorpus nege, dieselfde as dié van die briewekorpus. Nietemin suggereer die patrone dat genoeg mense onseker was oor die gebruik van dubbel- en enkelkonsonante (saam met dubbel- en enkelvokale) dat dit duidelik in die data voorkom.

TABEL 5: Konsonantvariasie (enkel en dubbel) frekwensie per 10 000 woorde

	dagboekkorpus	briewekorpus
onvanpaste dubbelkonsonant	21	7
onvanpaste enkelkonsonant	51	9

Soos met die vokale is daar ook gevalle waar konsonante bygevoeg word (35–36), weggelaat word (37–38), of ander konsonante gebruik word (39–40).

35. Daar moes ons zit tot de troksze kom waar ons moet in. (dagboekkorpus)
Daar moes ons sit tot die trokke kom waar ons moet in.
36. Groed al de vanmielie voor my. (briewekorpus)
Groet al die familie vir my.
37. Dit was een petret dien Jan Olivier aan zyn vrouw stuur (dagboekkorpus)
Dit was 'n portret wat Jan Olivier aan sy vrou stuur
38. toen is Nicolaas zijn ouste dochter dood (briewekorpus)
toe is Nicolaas se oudste dogter dood
39. De baan waar de kinder moet harkloop wort en order gestel. (dagboekkorpus)
Die baan waar die kinders moet hardloop word in orde gestel.
40. dat de koorin miet op droogen zoude (briewekorpus)
dat die koring nie opdroog sou

In albei korpora is konsonantweglating meer frekwent as konsonantbyvoeging, maar in die briewekorpus is die verskil nie groot nie (Tabel 6). Die gebruik van alternatiewe konsonantletters het 'n besonder lae frekwensie in die briewekorpus, terwyl die dagboekkorpus meer gevalle daarvan bevat as van konsonantbyvoeging. Hoewel konsonantweglatings 'n relatief hoë frekwensie het in die dagboekkorpus, is daar 'n spesifieke woord wat vir 'n redelike hoeveelheid gebruik gevalle verantwoordelik is: “kommandant” word as “comedant” en “commedant” geskryf, en dit maak amper die helfte van die gevalle uit. Indien dit buite rekening gelaat word, is die frekwensie heelwat nader aan dié van die briewekorpus, wat waarskynlik meer verteenwoordigend is van die algemene taalgebruik.

TABEL 6: Konsonantvariasie (byvoeging en weglating) frekwensie per 10 000 woorde

	dagboekkorpus	briewekorpus
konsonantbyvoeging	7	6
konsonantweglating	16	7
alternatiewe konsonantletter	11	3

Die volgende twee tipes spellingvariasie het albei met uitspraak te doen: assimilasie (41), en klankverspringing (42–43). Die omruiling van “v” en “f” (44–45) betrek verskille in uitspraak in die Nederlandse konteks, maar nie in hedendaagse Afrikaans nie.

41. Afrikaners ze kenners (dagboekkorpus)
Afrikaners se kinders

42. moet je een primit hebben (briewekorpus)
moet jy 'n permit hê
43. Reest vroeg in de morgen (dagboekkorpus)
Reeds vroeg in die môre
44. Koffie Suiker en Fruchten zijn al wat ons ont breekt (briewekorpus)
Koffie, suiker en vrugte is al wat ons ontbreek
45. By de anderkant zit een man by een tavelkie. (dagboekkorpus)
By die ander kant sit 'n man by 'n tafeltjie.

Uit Tabel 7 is dit duidelik dat assimilasië en klankverspringing slegs sporadies voorkom. Daar is geen gevalle van assimilasië in die briewekorpus gevind nie, en klankverspringing het die laagste frekwensie van al die verskynsels in die briewekorpus. Die dagboekkorpus bevat 'n handvol gevalle van assimilasië, en 'n bietjie meer gevalle van klankverspringing. Dit dui wel aan dat die twee verskynsels óf nie algemeen in die spreektaal was nie, óf nie tipies in die skryftaal voorgestel is nie. Die omruiling van “v” en “f” is effens meer frekvent in beide korpora, wat suggereer dat die verskil in uitspraak wat in Nederlands voorkom, sodanig verminder of selfs weggeval het in die algemene spreektaal dat skrywers wat nie vertrouwd was met spellingkonvensies nie, gesukkel het om die onderskeid te tref op grond van uitspraak.

TABEL 7: Konsonantvariasie (byvoeging en weglating) frekwensie per 10 000 woorde

	dagboekkorpus	briewekorpus
assimilasië	2	0
klankverspringing	4	1
“v” en “f” omgeruil	10	10

Die laaste kategorie van konsonantvariasie handel oor die stemhebbendheid en stemloosheid van konsonante. In Afrikaans is daar die fonologiese verskynsel finalekonsonantontstemming, waar 'n konsonant in ander kontekste as stemhebbend uitgespreek word, maar aan die einde van 'n woord stemloos word (ook genoem in Smith, 1910). 'n Voorbeeld hiervan is “hand/e”, waar die “d” in “hande” stemhebbend is, maar stemloos in “hand”. In hierdie gevalle behou die spellingwyse die stemhebbende konsonant. In die data is daar heelwat gevalle waar sulke woorde se skryfwyse meer getrou aan die uitspraak is, en met stemlose variante van die konsonante geskryf word (46–47 en 51). Aan die ander kant is daar weer (waarskynlik hiperkorrekte) gevalle waar ongekwalfiseerd stemlose slotkonsonante vervang word met die stemhebbende ekwivalent (48–49). Laastens word die stemhebbendheid al dan nie van konsonante elders in woorde ook anders weergegee in die data (50–51).

46. zy is venaant een beetje beter (briewekorpus)
sy is vanaand 'n bietjie beter
47. Wy wachten op elken maant naar vrede. (dagboekkorpus)
Ons wag op elke maand na vrede.
48. Groed al de vanmielie voor my. (briewekorpus)
Groet al die familie vir my.
49. Maar eindelyk Breek ook ons beerd aan (dagboekkorpus)
Maar eindelijk breek ook ons beurt aan

50. gy zegt niet van welk dadum myn brief was (briewekorpus)
jy sê nie van watter datum my brief was
51. toen was het of ik een groot schilt te petalen heef (dagboekkorpus)
toe was dit of ek 'n groot skuld te betaal het

Die frekwensies in Tabel 8 dui aan dat die skryfwyse van stemhebbende en stemlose konsonante variasie getoon het, veral aan die einde van woorde. Hoewel hiperkorrekte gevalle van stemlose konsonante wat as stemhebbend voorgestel word in die data voorkom, is die fonetiese spelling van finalekonsonantontstemming die mees frekwente verskynsel wat konsonante betrek in albei korpora. Die frekwensie van die omruiling van stemhebbende en stemlose konsonante in ander kontekste is redelik laag, maar suggereer tog dat skrywers onseker was oor die voorstelling van die betrokke konsonante in geskrewe taal, moontlik op grond van die effek van finalekonsonantontstemming.

TABEL 8: Konsonantvariasie (stemhebbendheid) frekwensie per 10 000 woorde

	dagboekkorpus	briewekorpus
finalekonsonantontstemming	148	29
stemhebbende slotkonsonant	2	7
ander konsonant stemhebbendheid	4	2

Terwyl die konsonantverskynsels oor die algemeen 'n effens laer frekwensie as die vokaalverskynsels het, is daar tog 'n mate van oorvleueling tussen die twee groepe verskynsels, veral met betrekking tot oop en geslote lettergrepe met lang en kort vokale.

5. Bespreking

Die dagboekkorpus bevat heelwat aanduidings van skryfgewoontes wat eie is aan hierdie spesifieke skrywer in vergelyking met die briewekorpus. Daar is 'n groot hoeveelheid woorde met finalekonsonantontstemming wat volgens uitspraak gespel is, eerder as volgens konvensie. Hoewel die patroon ook in die briewekorpus voorkom, staan die frekwensie daarvan met betrekking tot die dagboek uit. Ontronde spelling van ronde vokale is besonder opvallend in die dagboek, terwyl dit met heelwat laer frekwensie in die briewe voorkom. Hiperkorrekte ronde spelling van nie-ronde vokale kom ook meer voor in die dagboek as in die briewe. Verder word vokaalreduksie ook heelwat meer in die dagboek se spellingpatrone voorgestel as in die briewe, en assimilasie word enigsins voorgestel in die dagboek se geskrewe taal terwyl dit nie in die briewe opgemerk is nie.

Bogenoemde gebruikspatrone suggereer dat die skrywer van die dagboek sterk gesteun het op uitspraak in haar geskrewe taalgebruik. Dit is nie onverwags nie, aangesien sy beperkte formele skoolopleiding gehad het, waar skryfkonvensies wat van uitspraak afwyk, ingeoef kon word. Die ongewone vokaalkombinasies wat in die dagboek voorkom, sowel as die mate waartoe dieselfde woord op verskillende maniere gespel word in die loop van die dagboek¹,

¹ Hierdie spesifieke patroon is opgemerk tydens die oorspronklike dataverwerking, en bevestig met die bestudering van die korpus se woordelys vir die onttrekking van woorde met spellingvariasie.

dui aan dat “korrekte” of selfs konsekwente spelling en skryfwyses nie ’n prioriteit was tydens die skryf van die dagboek nie.

In die briewekorpus figureer daar verskynsels wat aansluit by dié van die dagboek – fonetiese spelling van finalekonsonantontstemming kom met ’n redelike frekwensie voor, die omruiling van “v” en “f” het dieselfde genormaliseerde frekwensie, en daar is ’n redelike hoë frekwensie van die onvanpaste gebruik van dubbelvokale en die gebruik van alternatiewe vokale in albei databronne. Een verskynsel wat ’n hoër frekwensie in die briewe het as in die dagboek, is die omruiling van die twee letters van vokale wat met twee letters voorgestel word, wat meestal voorkom in ’n spesifieke groepie algemeen gebruikte woorde. Dit sluit wel aan by die ander verskynsels wat vokale wat met twee letters geskryf word, betrek.

6. Gevolgtrekking

Daar is twee belangrike afleidings wat uit die voorafgaande analises en bespreking gemaak kan word. Die eerste fokus op skryfkonvensies: Hoewel dit algemeen aanvaar word dat skryfkonvensies en spellingnorme van Afrikaans op daardie stadium nog baie onvas was, wys die analises uit dat dit veral van toepassing is op vokale wat met meer as een letter voorgestel (kan) word. Daar was duidelik nog baie onsekerheid oor die voorstelling van lang en kort vokale in oop en geslote lettergrepe, waar skrywers dikwels eerder lang vokale met dubbelvokaalletters voorgestel het, ook in oop lettergrepe waar dit onnodig is. Ander vokale en diftonge wat met twee (tipies verskillende) letters voorgestel word, soos “oe” en “ie” en “ei” en “ui”, het ook sekere uitdagings gebied in terme van watter spesifieke letters gebruik moet word, en in terme van die volgorde van die letters. Hierdie onsekerhede kan tot ’n redelike mate gewoon toegeskryf word aan die beperkte vlakke van geletterdheid van baie briefskrywers en die dagboekskrywer, maar dit wys ook watter spellingkonvensies die algemene publiek veral benodig het tydens die standaardisering van Afrikaanse spelling.

Die tweede afleiding betrek uitspraak in die algemene spreektaal. Hoewel geskrewe taal nooit bloot as ’n akkurate voorstelling van gesproke taal geneem kan word nie, kan dit tog aanduidings gee van sekere uitspraakpatrone. Die een uitspraakverskynsel wat blyk uit die data, is dat die verskil tussen “v” en “f” verminder het en moontlik, ten minste vir sekere sprekers, heeltemal opgehef is. Verder bevestig dit finalekonsonantontstemming, wat ook in Nederlands voorkom. Laastens suggereer dit dat die ontronding van ronde vokale al sodanig moes plaasgevind het dat skrywers nie altyd op uitspraak kon staatmaak om die skryfwyse van ’n woord uit te pluus nie – veral die hiperkorrekte ronding van nie-ronde vokale versterk hierdie afleiding. Terwyl Wissing (1994, 2011) dit as wydverspreid en steeds voortdurend beskryf in die onlangse spreektaal, wys dit dat hierdie fonologiese proses al ’n lang pad in gesproke Afrikaans kom.

Daar is ’n spesifieke tekortkoming van hierdie studie wat metodologie betref: Die ideale werkswyse vir die beskrywing van hierdie tipe spellingvariasie sou wees om die alternatiewe skryfwyses in verhouding tot die aanvaarde skryfwyses aan te dui, eerder as om bloot die frekwensies te gee. Prakties gesproke is dit egter ’n besondere uitdaging – elke konteks waarin ’n spesifieke verskynsel kán voorkom, moet geïdentifiseer en onttrek word. Om bloot al die ander weergawes van elke woord wat geanaliseer word, te onttrek, is onvoldoende. In baie gevalle is daar heelwat woorde waarin die verskynsel in beginsel kan voorkom, maar nie in die data teenwoordig is nie, en al die “korrek” gespelde weergawes van daardie woorde word dan uitgelaat. Dit sou dus ’n skeefgetrekte prentjie van die verhouding tussen alternatiewe spellings en aanvaarde spellings gee. Die alternatief sou wees om die data woord vir woord

te bestudeer, telkens met die oog op die hele lys verskynsels, wat nie net baie tydsaam sou wees nie, maar ook baie geleenthede skep vir oordeelsfoute om in te sluip.

Aangesien die doel van hierdie artikel nie is om 'n volledige, sistematiese beskrywing van spellingvariasie te gee nie, is daar volstaan met die gebruik van genormaliseerde frekwensies. Die patrone wat daaruit blyk, ten spyte van data met besondere variasie, verskaf tog sodanige empiriese gegewens dat sekere afleidings daaruit gemaak kan word wat nie in ander navorsing gevind is nie.

BRONNELYS

- Anoniem. 1930. Is die Afrikaanse spelling foneties? *Unie*, 24(9):266-268.
- Ávila-Ledesma, NE. & Amadro-Moreno, CP. 2023. 'The seas was like mountains': Intra-writer variation and social mobility in Irish emigrant letters. *Journal of Historical Sociolinguistics*, 9(2):243-261. <https://doi.org/10.1515/jhsl-2022-0042>
- Buitenrust HF. 1906. Vereenvoudigde Spelling in Open Lettergrepen. *Unie*, 2(4):110-111.
- Deumert, A. 2004. *Language Standardization and Language Change. The dynamics of Cape Dutch*. Amsterdam: John Benjamins.
- Giliomee, H. & Mbenga, BK. 2007. *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika*. Cape Town: Tafelberg.
- Hamman, K. 1965. *Dagboek van 'n Bethulie-kampdogter*. Kezia Hamman.
- Jewell, JR. 2003. Using barbaric methods in South Africa: The British concentration camp policy during the Anglo-Boer War. *Scientia Militaria*, 31(1):1-18. <https://doi.org/10.5787/31-1-140>
- Nel, A. 2016. *Ons is nog alen Vres door Den Zegen Des Heeren. Gesondheidsformules in Afrikaans-Nederlandse persoonlike briewe uit die Anglo-Boereoorlog*. Vanderbijlpark: Noordwes-Universiteit MA-verhandeling. <http://hdl.handle.net/10394/24873>
- Pretorius, E. & Krige, D. 2011. Die dagboek van 'n Boeremeisie in diens van die vyand – siekte en sorg in die Bethulie-kamp. *Journal for Contemporary History*, 36(2):70-89. <https://hdl.handle.net/10520/EJC28551>
- Pretorius, F. 2000. Afrikaans as spreek- en skryftaal op kommando tydens die Anglo-Boereoorlog. *Tydskrif vir Letterkunde*, 38(3/4):47-54. <https://letterkunde.africa/issue/view/509>
- Ross, R. 2009. *A Concise History of South Africa*, 2nd ed. Cape Town: Cambridge University Press.
- Scott, M. 2022. *WordSmith Tools version 8*. Stroud: Lexical Analysis Software.
- Smith, JJ. 1910. Twee punte in die Afrikaanse spelling. *Die Brandwag*, 1(10):305-308.
- Van Heyningen, E. 1999. The voices of Women in the South African War. *South African Historical Journal*, 41(1):22-43. <https://doi.org/10.1080/02582479908671882>
- Weerman, F., Olson, M. & Cloutier, RA. 2013. Synchronic variation and loss of case: Formal and informal language in a Dutch corpus of 17th-century Amsterdam texts. *Diachronica*, 30(3):353-381. <https://doi.org/10.1075/dia.30.3.03wee>
- Wissing, DP. 1994. Ontroding in wit en bruin Afrikaans. *Literator*, 15(2):121-143. <https://doi.org/10.4102/lit.v15i2.667>
- Wissing, DP. 2011. Ontroding in Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51(1):1-20. <https://hdl.handle.net/10520/EJC20221>
- Worden, N. 2012. *The Making of Modern South Africa: Conquest, Apartheid, Democracy*, 5th ed. Hoboken: John Wiley.

Goed, sleg of bloot onbruikbaar? Suid-Afrikaanse medisyneverbruikers se medisynebrosjureleesgedrag in sowel die openbare as privaat gesondheidssubsektor – 'n verkennende studie

Good, bad or simply unusable? South African PIL-user behaviour in the public and private health subsectors – an explorative study

GEORGE F DE BRUIN

Departement Tale, Kultuurstudies en Toegepaste Linguistiek, Fakulteit Geesteswetenskappe, Universiteit van Johannesburg, Suid-Afrika
E-pos: georgefdebruin@gmail.com
ORCID: <https://orcid.org/0000-0003-2756-0051>



George de Bruin



Eleanor Cornelius

ELEANOR CORNELIUS

Departement Tale, Kultuurstudies en Toegepaste Linguistiek, Fakulteit Geesteswetenskappe, Universiteit van Johannesburg, Suid-Afrika
E-pos: eleanorc@uj.ac.za
ORCID: <https://orcid.org/0000-0003-4921-5662>

GEORGE DE BRUIN is 'n voltydse taalpraktisyn wat hom ook in die akademie bevind. Hy het in 2025 'n PhD in Toegepaste Linguistiek aan die Universiteit van Johannesburg verwerf; sy tesis handel oor gewonetaalgebruik in verbruikersdokumente in die gesondheidsorg, met 'n fokus op medisynebrosjures. Sy MA-verhandeling is in 2019 deur die Suid-Afrikaanse Vertalersinstituut as die beste MA-verhandeling vir die jaar aangewys. De Bruin pas sy taalkennis en -ervaring op verskeie velde toe. Hy is lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns se Taalkommissie, asook van die International Community Translation Research Group. George publiseer in ewekniebeoordeelde akademiese joernale en boeke.

GEORGE DE BRUIN is a full-time language practitioner who is also active in academia. He obtained a PhD in Applied Linguistics from the University of Johannesburg; his thesis deals with plain language use in consumer documents in the healthcare industry, with a focus on patient information leaflets. The South African Translators' Institute named his MA dissertation in 2019 as the best master's dissertation for the year. De Bruin applies his linguistic knowledge and experience in various fields. He is a member of the (Afrikaans) Language Commission of the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (lit. South African Academy for Science and Arts), as well as the International Community Translation Research Group. George publishes in peer-reviewed academic journals and books.

Datums:

Ontvang: 2026-06-18

Goedgekeur: 2026-08-10

Gepubliseer: September 2026

ELEANOR CORNELIUS is 'n professor in die Departement Tale, Kultuurstudies en Toegepaste Linguistiek by die Universiteit van Johannesburg. Sy is tans die ondervoorsitter van die streek-sentrum van die Internasionale Federasie van Vertalers vir Afrika. Eleanor is alom bekend vir haar baanbrekerswerk op die terrein van gewone taal en het in 2020 'n bekroonde boek, *Gewone Taal: 'n oorsig*, oor dié onderwerp geskryf. Hierbenewens het sy ook 'n aantal artikels in plaaslike en internasionale gekeurde vakjoernale gepubliseer en hoofstukke in boeke bygedra. Haar ander navorsingsbelangstellings sluit in vertaling, met 'n spesifieke fokus op regsvertaling, en tolking. Sy is 'n SAVI-geakkrediteerde simultane tolk in die taalkombinasie Engels-Afrikaans/Afrikaans-Engels.

ELEANOR CORNELIUS is a professor in the Department of Languages, Cultural Studies and Applied Linguistics at the University of Johannesburg. She currently serves as the vice-chairperson of the regional centre of the International Federation of Translators for Africa. Eleanor is widely known for her pioneering work in the field of plain language and wrote an award-winning book, *Gewone taal: 'n oorsig* (lit. Plain language: an overview) in 2020. In addition, she has also published several articles in local and international peer-reviewed journals and contributed chapters in books. Other research interests include translation, with a specific focus on legal translation, and interpreting. She is a SATI accredited simultaneous interpreting in the language combination English-Afrikaans/Afrikaans-English.

ABSTRACT

Good, bad or simply unusable? South African PIL-user behaviour in the public and private health subsectors – an explorative study

Medicine brochures (or patient information leaflets (PILs), as they are referred to in applicable legislation) play an indispensable informational function in helping medicine consumers make informed decisions about the medicines they take. A severe shortage of healthcare professionals in the public healthcare subsector (and probably also in the private healthcare sector) implies that healthcare professionals such as doctors and pharmacists have very little time to explain to their patients how to use their medicine correctly and effectively. In contrast to these fleeting consultations, PILs offer medicine consumers a more permanent source of information: Medicine consumers can consult the PIL again at a later stage. However, very limited information is available to determine whether South African medicine consumers do indeed consult PILs – and if not, why this is the case. We therefore conducted an exploratory study into PIL-user behaviour. The research questions are: 1) To what extent do medicine consumers use PILs? 2) If the frequency of their use is low, how can it be increased? 3) What information do PIL users prefer in PILs? To answer these questions, we first discuss three important aspects that directly influence PIL-user behaviour: 1) research on the use of plain language in the healthcare industry internationally as well as locally, and how this may influence PIL-user behaviour positively; 2) the South African healthcare sector, which is divided mainly according to financial borders between the public and the private healthcare subsectors, and how the different needs of each group may influence their PIL-user behaviour; 3) South African legislation that governs PILs, which includes the Medicines and Related Substances Act 101 of 1965, as well as regulations that were published in terms of this legislation. An exploratory study into PIL-user behaviour was therefore conducted against the backdrop of these three important aspects. Respondents were divided into two groups (those who had access to private healthcare in the form of medical schemes, and those who were dependent on public healthcare services) and information was collected through interview schedules. We investigated whether or not medicine consumers consulted PILs, as well as the reasons why medicine consumers

preferred (or did not prefer) to read PILs. Respondents who indicated that they do not prefer to read PILs were asked why this was the case. Conversely, respondents who indicated that they did read PILs were asked to provide reasons for reading PILs. We also determined the extent to which medicine consumers found these brochures readable and understandable; and what information respondents preferred to be included in PILs. The need for PILs in plain language and in consumers' strongest language (L1) was also determined. The results indicate a very low frequency of use due to a number of reasons. Chief among these are the small fonts that are used in PILs, as well as problematic linguistic constructions at word and sentence level, for example complex words, and unfamiliar or vague terminology. Respondents also complained about long sentences that contain dense information. Further complaints include problematic document design elements (apart from illegible small fonts), such as difficult navigability due to unclear or difficult to identify headings. Respondents complained that such poor document design prohibited them from finding the information that they need. Key findings include that very few respondents read PILs, and that there is a sincere need for PILs in plain language as well as in consumers' L1s to influence PIL-user behaviour positively.

KEYWORDS: accessibility; comprehensibility; difficult terminology; document design; health literacy; L1; L2; medicine users; morphological complexity; navigability; PIL; PIL-user behaviour; plain language; private healthcare; public healthcare; readability; reading frequency; structure; use frequency

TREFWOORDE: begryplikheid; dokumentontwerp; gebruiksfrekwensie; gesondheidsgeletterdheid; gewone taal; leesbaarheid; leesfrekwensie; medisynebrochureleesgedrag; medisynebrojures; medisyneverbruikers; moeilike terminologie; morfologiese kompleksiteit; navigeerbaarheid; openbare gesondheidsorg; privaat gesondheidsorg; struktuur; T1; T2; toeganklikheid

OPSOMMING

Medisynebrojures (of *patient information leaflets*, soos wat daarna in toepaslike wetgewing verwys word) speel 'n onmisbare informatiewe funksie om medisyneverbruikers te help om weloorwoë besluite te neem oor die medisyne wat hulle neem. In teenstelling met vlietende konsultasies met dokters of aptekers, bied medisynebrojures ook aan medisyneverbruikers 'n permanenter bron van inligting: Medisyneverbruikers kan op 'n later stadium weer die brosjure raadpleeg. Daar is egter baie beperkte inligting beskikbaar om vas te stel of Suid-Afrikaanse medisyneverbruikers inderdaad medisynebrojures raadpleeg – en indien nie, waarom dit dan die geval is. Teen die agtergrond van Suid-Afrika se tweeledige gesondheidsorgsektor (openbaar en privaat) en die toepaslike wetgewing wat medisynebrojures beheer, is 'n verkennende studie na medisyneverbruikers se medisynebrochureleesgedrag uitgevoer. Die navorsingsvrae is: 1) Tot watter mate gebruik medisyneverbruikers medisynebrojures? Indien die gebruik daarvan laag is, hoe kan die gebruiksfrekwensie daarvan verhoog word? 3) Watter inligting verkies medisyneverbruikers in medisynebrojures? Respondente is in twee groepe verdeel (dié wat privaat, en dié wat openbare gesondheidsorgdienste gebruik) en inligting deur middel van onderhoudskedules ingesamel. Die vrae is meestal kwalitatief van aard, maar twee daarvan was kwantitatief. Die volgende is ondersoek: of medisyneverbruikers wel die medisynebrochure raadpleeg, al dan nie; die redes waarom medisyneverbruikers verkies om die meegaande brosjure te lees al dan nie; tot watter mate medisyneverbruikers dié brojures

leesbaar en begryplik vind; en watter inligting respondente verkies om in medisynebroshjures ingesluit te word. Die behoefte aan medisynebroshjures in gewone taal en in verbruikers se sterkste taal (T1) is ook bepaal. Die resultate dui op 'n baie lae gebruiksfrekwensie as gevolg van problematiese linguistiese konstruksies op woord- en sinsvlak, byvoorbeeld komplekse woorde, onbekende of vae terminologie, en lang sinne wat digte inligting bevat. Klagtes sluit ook problematiese dokumentontwerp in, naamlik onleesbaar klein lettertipes en moeilike navigeerbaarheid weens onduidelike of moeilik identifiseerbare opskrifte. Belangrike bevindings sluit in dat daar 'n opregte behoefte bestaan aan medisynebroshjures in gewone taal asook in verbruikers se T1's.

1. Inleiding

Daar kan aangevoer word dat medisyneverbruikers meestal op twee bronne staatmaak om ingeligte besluite te neem oor hul gesondheidsorg en die medisyne wat hulle gebruik. Die eerste bron is die gesondheidsorgverskaffer, wat óf die gesondheidsorgverskaffer is wat hulle behandel óf die apteker wat hul medisyne aan hulle uitreik. Die tweede bron is inligting oor die medisyne self, waarvan die gedrukte medisynebroshjure waarskynlik die bekendste is. Hoewel konsultasies met gesondheidsorgverskaffers die ideale geleentheid vir pasiënte bied om inligting oor hul medisyne te bekom, is daar sekere faktore wat die suksesvolle oordrag van dié inligting kan belemmer, soos Ehlers (2000:19) en Koo, Krass en Aslani (2003:260) reeds uitgewys het. Sulke faktore sluit in beperkte konsultasietye; die emosionele toestand van die pasiënt, wat 'n negatiewe impak op hul konsentrasie kan hê; of swak herinnering later wanneer die pasiënt tuis is. Hierdie waarneming word bevestig in 'n studie deur Cheung (2017) dat gemarginaliseerde mense heel waarskynlik meer angs ervaar, wat bydra tot 'n selfs hoër kognitiewe las in vergelyking met mense wat nie gemarginaliseer is nie. Dit dui daarop dat gemarginaliseerde mense minder werkgeheue tot hul beskikking het om lees- en leertake uit te voer (2017:449). Hoewel Cheung se waarnemings verwys na die kognitiewe take van lees en leer, is dit baie waarskynlik dat angs ook die luistertaak tydens 'n dokters- of aptekers-konsultasie kan beïnvloed. Baie min in die gesondheidsorgsektor het verander sedert Ehlers, en Koo e.a. hul navorsing gepubliseer het. Soos ons in dié artikel aantoon, is die Suid-Afrikaanse gesondheidsorgsektor as geheel steeds onder geweldige druk. Die mees dwingende bewys is die feit dat daar slegs 8,09 dokters per 10 000 Suid-Afrikaners is (Cowling 2024).

Dit is inderdaad in hierdie opsig waar medisynebroshjures 'n belangrike ondersteunende rol tot die konsultasie self kan speel. Medisynebroshjures kan die veilige, doeltreffende gebruik van medisyne verseker, terwyl pasiënte ingeligte verbruikers kan word wat weet hoe om hul mediese toestand te behandel (Young, Tordoff en Smith 2016:1186). Hieruit volg dat medisynebroshjures kragtige hulpbronne kan wees om medisyneverbruikers sowel in te lig as te bemagtig. Boonop, en in teenstelling met heel waarskynlik vlietende konsultasies met dokters of aptekers, bied medisynebroshjures 'n permanenter bron van inligting: Dit kan gebêre en later weer geraadpleeg word – iets wat uiteraard dikwels moeilik is met die mondelinge inligting wat van die apteker of dokter verkry word.

Daar is egter beperkte inligting oor of Suid-Afrikaanse medisyneverbruikers inderdaad medisynebroshjures raadpleeg, of oor hul houdings jeens hierdie dokumente. Met ander woorde, lees verbruikers die medisynebroshjure van bo na onder, of is daar sekere afdelings wat belangriker vir verbruikers is? Wat is die redes waarom medisyneverbruikers medisynebroshjures gebruik (of nie gebruik nie)? Krige en De Wet (2009) het só 'n studie in 2009 onderneem om sommige van dié vrae te ondersoek. Hoewel hul studie omvattend is, dek die studie nie sekere

aspekte van medisyneverbruikers se medisynebrosjureleesgedrag nie. Hulle maak byvoorbeeld geen onderskeid tussen medisyneverbruikers wat afhanklik is van openbare gesondheidsorg en verbruikers wat toegang tot privaat gesondheidsorg het nie. Hulle verwys ook nie na die leesfrekwensie of verskaf moontlike redes waarom verbruikers medisynebrosjures lees (of nie lees nie). Ons navorsing is dus onderneem om medisyneverbruikers se medisynebrosjureleesgedrag van twee afsonderlike teikengroepe te bepaal, naamlik medisyneverbruikers wat afhanklik is van openbare gesondheidsorg, en medisyneverbruikers wat op private gesondheidsorg staatmaak. Die navorsingsresultate en gevolgtrekkings kan gebruik word om te bepaal watter inligting medisyneverbruikers as nuttig in medisynebrosjures beskou. Daar is ook ander belangrike faktore wat bydra tot die bruikbaarheid van medisynebrosjures, insluitend of medisyneverbruikers die inligting in medisynebrosjures wel kan vind, verstaan én gebruik. Soos ons in hierdie artikel sal demonstreer, is dit nie die geval met Suid-Afrikaanse medisynebrosjures nie.

Dié artikel bestaan uit vier hoofafdelings. In die eerste afdeling bespreek ons navorsing oor die gebruik van gewone taal in gesondheidsorgtekste in 'n internasionale en daarna 'n Suid-Afrikaanse konteks. Ons verskaf 'n oorsig van Suid-Afrika se gesondheidsorgsektor in die tweede afdeling, onder meer weens die onderskeid wat ons in hierdie artikel tussen die openbare en privaat gesondheidsorgsektor tref. In die derde afdeling bespreek ons kortliks huidige medisynewetgewing, met spesifieke fokus op wetgewing wat medisynebrosjures beheer wat betref die inligting wat in medisynebrosjures bevat moet word. Hierdie bespreking is nodig om moontlike wanbelyning uit te wys tussen wat wetgewing vereis en wat farmaseutiese maatskappye in medisynebrosjures voorsien. Dit bied ook 'n agtergrond waarteen die behoeftes van medisynebrosjurelesers aangebied kan word (dus die medisyneverbruiker). Ons bied die resultate van die navorsing oor medisyneverbruikers se medisynebrosjureleesgedrag in die laaste afdeling aan.

2. Gewone taal in gesondheidsorg

Lesers in Engelssprekende lande verkies oor die algemeen gewone taal in gesondheidsorginligting. Sudore, Landefeld, Barnes e.a. (2007:170) het bevind dat 73% van hul respondente 'n hersiene dokument met gesondheidsorgaanwysings bo die oorspronklike weergawe verkies het. Otal, Wizowski, Pemberton e.a. (2012) berig dat ouers by 'n kinderhospitaal hersiene gewonetaalinligtingsmateriaal verkies het, al het slegs 'n skamele 27% van hul respondente 'n lae gesondheidsgeletterdheid getoon. Daar is ook bewyse dat beter begrip as gevolg van gewone taal vrese verlig wat pasiënte mag hê. Shone, Conn, Sanders e.a. (2009:372) het bevind dat ouers met lae gesondheidsgeletterdheid dikwels dink hul kinders is sieker as wat hulle werklik is. Hulle het tot die gevolgtrekking gekom dat beter begrip van gesondheidsorgtekste help om sulke vrese te verlig. Daar is verskeie ander studies wat bevind het dat gewone taal begrip verhoog – sien byvoorbeeld Wolf, Davids, Bass e.a. (2010); Pander Maat en Lentz (2010); Pieterse, Jager, Smets e.a. (2012); en Wolf, Bailey, Serper e.a. (2014). Pieterse e.a. (2012:1189) het bevind dat respondente wat 'n hersiene gewonetaalweergawe van 'n onkologieverwante teks ontvang het, dit makliker begryplik gevind het in vergelyking met respondente wat die oorspronklike teks ontvang het. Wolf, Bailey e.a. (2014) het getoon dat begrip verbeter het toe hulle gewonetaalbeginsels op mediese tekste toegepas het. Dit is ook belangrik om daarop te let dat beter begrip tot beter medisyneakoming lei, d.w.s. wanneer pasiënte met hul gesondheidsorgverskaffer konsulteer en die dosis neem soos wat hul gesondheidsorgverskaffer dit aan hulle voorgeskryf het. Young e.a. (2017:1186) het getoon

dat pasiënte beter by die korrekte medisyneaanwysings hou as hulle bemagtig voel om in beheer van hul gesondheidsorgbesluite te wees. Dié bemagtiging spruit uit beter begrip van inligting oor die medisyne. Nakoming verbeter verder wanneer pasiënte voldoende ingelig is oor die medisyne wat hulle neem. Wanneer onderwysvlak (akademiese kwalifikasie) ter sprake kom, het Clouston, Manganello en Richards (2017:496) bevind dat uit hul 2 122 respondente sowat 24,4% met universiteitsgrade “lae” gesondheidsgeletterdheid toon, en 35,4% met beroepsopleiding “swak” gesondheidsgeletterdheid. Hieruit kan daar afgelei word dat tersiëre opleiding nie noodwendig beteken dat dié lesers medisynebrosjures met begrip sal kan lees nie.

Navorsing wat in Suid-Afrika onderneem is, dui meestal op soortgelyke gevolgtrekkings. Aan die begin van die millennium het Ehlers (2000:19) reeds opgemerk dat Suid-Afrikaanse medisynebrosjures nie daarin slaag om ’n spesifieke teikengehoor aan te spreek nie, moeilike terminologie bevat en in klein, byna onleesbare lettertipes gedruk word. In dieselfde jaar het Lourens (2000:70-71) ’n nuwe, logiese struktuur vir medisynebrosjures voorgestel wat meer met die behoeftes van die leser bely is. Krige en De Wet (2009:229) het berig dat respondente vereenvoudigde taal in Suid-Afrikaanse medisynebrosjures verkies en gekla het oor te klein lettergroottes, te veel inligting en inhoud wat nie “opvallend” (Engels: *eye-catching*) was nie (2009:228). In ’n ander studie met 25 respondente het Schöbel (2018) gevind dat Suid-Afrikaanse medisynebrosjures moeilik is om te begryp wanneer die leser nie ’n tersiëre opleidingsvlak het nie (anders as wat Clouston e.a. (2017) met hul groter respondentegroep bevind het); sinslengte en terminologie is as die grootste struikelblokke geïdentifiseer (Schöbel 2018:124-125). Sy stel dus voor dat moeilike terminologie in gewone taal uitgedruk moet word (2018:126). De Bruin se eie navorsing (2024:136-149) dui daarop dat medisynebrosjurelesers veral kla oor moeilike terminologie, verwarrende doseringsaanwysings, lang sinne met te veel inligting, en swak dokumentontwerp.

In die volgende afdeling fokus ons op die Suid-Afrikaanse gesondheidsorgsektor. ’n Deeglike begrip van dié sektor is onontbeerlik om die navorsingsresultate later in die artikel te kan gebryp.

3. ’n Oorsig van Suid-Afrika se gesondheidsorgsektor

Die Suid-Afrikaanse gesondheidsorgsektor word gekenmerk deur twee afsonderlike en duidelik verskillende subsektore, naamlik privaat gesondheidsorg (vir diegene wat dit kan bekostig) en openbare gesondheidsorg (vir diegene wat nie private gesondheidsorg kan bekostig nie). Volgens Statistieke Suid-Afrika (Stats SA) se 2025 *General household survey* kan 84,5% van Suid-Afrikaners (met ander woorde meer as 8 uit 10) nie privaat gesondheidsorgversekering bekostig nie (Stats SA 2026:21). Boonop kies 66,8% van Suid-Afrikaners openbare klinieke as hul eerste kontakpunt vir hul gesondheidsorgbehoefte; 6,2% kies openbare hospitale, terwyl 0,3% ander openbare fasiliteite kies (Stats SA 2026:20). Aan die ander kant besoek 20% van Suid-Afrikaners privaat dokters (daar moet onthou word dat mense sonder private gesondheidsorg natuurlik ook privaat dokters kan besoek), terwyl 2,5% privaat hospitale en 1,9% privaat klinieke as hul eerste kontakpunt kies wanneer hulle gesondheidsorgdienste benodig (Stats SA 2026:20).

Daar bestaan ’n enorme wanbalans in gesondheidsorgbesteding tussen die openbare en privaat gesondheidsorgsubsektore. Volgens die Raad op Mediese Skemas (2024:13) het mediese skemas R259,3 miljard in 2024 aan privaat gesondheidsorg bestee (geen nuwer jaarverslae is tans beskikbaar nie). Aan die ander kant het Suid-Afrika se Nasionale Tesourie (2026:6)

R310,4 miljard in die April 2026 / Maart 2027-begrotingsjaar vir openbare gesondheidsorguitgawes begroot. Uit hierdie syfers kan 'n mens aflei dat sowat 15% van Suid-Afrikaners in 2024 toegang gehad het tot gesondheidsorgdienste ter waarde van byna R259,3 miljard, terwyl die ander 85% tans slegs toegang het tot R310,4 miljard.

Menige ander uitdaging staar openbare gesondheidsorg in Suid-Afrika in die gesig, insluitend die ongelyke verspreiding van gesondheidsorgpersoneel tussen die openbare en privaat gesondheidsorgsubsektore (Barron en Padarath 2017:4) en lang wagtye vir konsultasies met gesondheidsorgpersoneel (Maphumulo en Bhengu 2019:par. 4). Daarbenewens is 19,8% van poste in die openbare gesondheidsorgsubsektor vakant (Departement van Gesondheid 2024:69). Hierdie syfers dui op 'n onderbemande openbare gesondheidsorgsubsektor wat onder geweldige druk verkeer. Dit is vanselfsprekend dat Suid-Afrika se hoë werkloosheid en armoede die druk op die openbare gesondheidsorgsubsektor vererger.

Bogenoemde inligting dui daarop dat dokters en aptekers in die openbare gesondheidsorgsubsektor waarskynlik nie veel tyd het om hul pasiënte doeltreffend in te lig oor die medisyne wat hulle voorskryf of resepteer nie. Dié probleem kom heel waarskynlik (hoewel sekerlik tot mindere mate) ook in die privaat gesondheidsorgsubsektor voor, veral as Suid-Afrika se algemene pasiënt-dokter-verhouding van 8,09 dokters per 10 000 Suid-Afrikaners (Cowling 2024) in ag geneem word. Daar kan dus afgelei word dat medisynebrosjures steeds die belangrikste gesaghebbende inligtingsbron bly vir medisyneverbruikers wat meer inligting oor hul medisyne wil hê.

Medisynebrosjures word tans geregleer deur wetgewing, wat ook riglyne en ander dokumente insluit en waaraan daar gehoor gegee moet word wanneer medisynebrosjures saamgestel word. Dit is die fokus van die volgende afdeling.

4. 'n Oorsig van Suid-Afrikaanse medisynewetgewing

4.1 Die Wet op Medisyne en Verwante Stowwe 101 van 1965

Medisyne en verwante stowwe (en dus medisynebrosjures) word geregleer deur die Wet op Medisyne en Verwante Stowwe 101 van 1965 (die WMVS). Soos die jaartal aandui, is hierdie wet tydens die apartheidsera uitgevaardig. Daar was inderdaad 'n poging om hierdie 70 jaar oue wet te vervang met die Wet op die Reguleringsowerheid vir Suid-Afrikaanse Medisyne en Mediese Toestelle 132 van 1998, wat op 1 April 1999 in werking getree het. As gevolg van 'n "administratiewe oorsig" (Sprenger 2000/2012:13) is die regulasies wat veronderstel was om die nuwe Wet te ondersteun egter saam met die 1965-wet herroep. Hierdie stap het ook die skedulering en klassifikasie van medisyne ongeldig gemaak, wat in die aanhangsels tot die 1965-wet ingesluit was. Dit het beteken dat daar geen skedules bestaan het om medisyne te kategoriseer in terme van beheer, veiligheid en doeltreffendheid nie. Gevolglik is die 1998-wet inderhaas herroep en die 1965-wet herstel. Sedertdien reguleer die WMVS steeds medisyne en verwante stowwe, hoewel die WMVS sedertdien 'n aantal kere gewysig is.

Ingevolge artikel 2 van die WMVS is die Medisynebeheerraad (MBR) gestig om onder meer regulasies ingevolge artikel 35 van die WMVS te publiseer om medisyne in Suid-Afrika te reguleer. Die MBR is in Februarie 2018 vervang deur die Suid-Afrikaanse Reguleringsowerheid vir Gesondheidsprodukte (SAROGP) – sien Keyter, Banoo, Salek e.a. (2018:2). Artikel 35(ix) van die WMVS verwys spesifiek na regulasies wat die minister van Gesondheid moet publiseer en wat onder meer inligting reguleer wat elke medisyne-item moet vergesel wat verkoop word (aangehaal uit die Engels):

(ix) prescribing the particulars in regard to the use thereof which shall be furnished with any medicine, Scheduled substance, medical device or IVD sold, and the manner in which such particulars shall be furnished;

4.2 Die 2017-regulasies

Die mees onlangse regulasies is in 2017 ingevolge die WMVS gepubliseer (Departement van Gesondheid 2017), en volgens hierdie regulasies moet twee dokumente elke medisyne-item vergesel:

1. **Professionele inligting vir medisyne vir menslike gebruik** (regulasie 11) – Hierdie dokument kan óf as gedrukte weergawe by die verpakking gevoeg word, óf elektronies beskikbaar gestel word (mits die wyse waarop dié inligting verkry kan word in die medisynebrosjure verduidelik word).
2. **Pasiëntinligtingspamflet** (of dan, *medisynebrosjure* vir die doel van hierdie artikel) (regulasie 12) – Die medisynebrosjure moet gedruk wees, in Engels en een ander amptelike taal wees, en moet spesifieke inligting bevat (regulasies 12(2)(a)–(m)):
 - (a) skeduleringsstatus
 - (b) eiendomsnaam en doseringsvorm
 - (c) samestelling
 - (d) aanduidings en gebruik
 - (e) teenaanduidings, voorsorgmaatreëls, waarskuwings, interaksies en algemene verklaring oor swangerskap en borsvoeding
 - (f) dosis en aanwysings, en algemene verklaring oor die deel van medisyne en oordosering
 - (g) nuwe-effekte, en algemene verklaring oor nuwe-effekte
 - (h) berging en weggooi van medisyne, en algemene verklaring om medisyne buite bereik van kinders te hou
 - (i) aanbieding (aantal, volume en massa per verpakte eenheid, en verpakking)
 - (j) identifikasie en beskrywing
 - (k) registrasie- en aansoekernommer
 - (l) besonderhede van sertifikaathouer en aansoeker
 - (m) datum van die onlangse weergawe van die brosjure.

Weens historiese redes word die meeste medisynebrosjures in Engels en Afrikaans gedruk (as die enigste amptelike tale in apartheid-Suid-Afrika). Hierdie konvensie sluit prakies gesproke tussen 91,3% (in die geval van mense wat nie Engels as T1 praat nie) en 89,4% (in die geval van mense wat nie Afrikaans as T1 praat nie) van Suid-Afrikaners uit (Stats SA 2023:22). Omgekeerd gee die verskaffing van medisynebrosjures uitsluitlik in Afrikaans en Engels slegs 19,3% van Suid-Afrikaners toegang tot die inligting in medisynebrosjures in hul T1.

Regulasie 12 swyg oor die gebruik van gewone taal in medisynebrosjures. Hierdie belangrike inligting, wat wel ingesluit behoort te word in 'n afdeling wat die medisynebrosjure in detail beskryf, kan egter gevind word in afdeling 1 (*Definisies*) van die Regulasies (beklemtoning bygevoeg):

“patient information leaflet” means the information pertaining to a medicine as provided for in regulation 12, **written in a manner which is easily understandable by the patient;**

Hoewel nóg die WMVS nóg die 2017-regulasies gewone taal noem of dit op dieselfde gedetailleerde wyse definieer as byvoorbeeld die Wet op Verbruikersberkering 68 van 2008,

verskaf die bogenoemde definisie bewyse dat die opstellers van die regulasies wel die gebruik van gewone taal in medisynebrosjures voorsien het. Farmaseutiese maatskappye word dus deur hierdie definisie verplig om medisynebrosjures te verskaf wat in gewone taal is.

4.3 Die riglyn van 2024

Die SAROGP (2024) het in Mei 2024 'n bykomende riglyn (enkelvoud) gepubliseer (*Guideline for patient information leaflet for human medicines (categories A and D)*) wat van toepassing is op medisynebrosjures, insluitend 'n voorgestelde modelbrosjure (2024:7-19) waarvolgens alle nuwe medisynebrosjures geskryf moet word. Die struktuur van die modelmedisynebrosjure bestaan uit ses hoofafdelings, wat hier opgesom word:

1. Naam en farmakoterapeutiese klassifikasie
2. Voor die neem van die medisyne: teenaanduidings; waarskuwings en voorsorgmaatreëls (ook vir kinders en adolessente); interaksies met ander medisyne sowel as met voedsel; swangerskap en borsvoeding; gebruik van die medisyne terwyl jy bestuur of swaar masjinerie gebruik; lys van hulpstowwe
3. Tydens die neem van die medisyne: instruksies oor hoe om die medisyne te neem; dosis; oordosis; vergeet van 'n dosis; hoe om op te hou om die medisyne te gebruik
4. Moontlike nuwe-effekte en die aanmelding van nuwe-effekte
5. Berging- en weggooi-instruksies
6. Ander inligting: bestanddele; aanbieding; PIL-weergawe; registrasiesertifikaathouer en aansoekerinligting

Nes in die geval van die WMVS en die 2017-riglyne verwys die riglyn nie na gewone taal of definieer dit nie. Daar is egter enkele verwysings na wat as gewone taal beskou kan word:

1. Die primêre doel van die riglyn is om te verseker die medisynebrosjure is “in clear and intelligible terms for the patient and is clearly legible” (2024:4). Ander voorbeelde wat met verwysing na (gewone) taal gebruik word, sluit in “readily intelligible” (bl. 6), “consumer[-]intelligible language” (bl. 6) en “patient-intelligible language” (bl. 10).
2. Opskrifte moet verkieslik beperk word tot hoogstens twee vlakke, d.w.s. opskrif en subopskrif (2024:6).
3. Die aktiewe sinkonstruksie moet gebruik word (2024:6), hoewel die riglyn noem dat “this guidance” dalk onvanpas is vir sommige tale of medisyne.
4. Piktogramme mag gebruik word “[to] make the message clearer” (2024:6).

Die gebruik van die woord *guideline* (enkelvoud) in die titel veroorsaak verwarring. Dit is onduidelik of die *Guideline* verwys na riglyne (in die meervoud, en in teenstelling met reëls of regulasies), en in watter mate hierdie riglyne inderdaad afdwingbaar is. Hierdie verwarring word vererger deur die gebruik van taalkundige konstruksies wat dui op keuse eerder as vereiste (bv. “should be” pleks van “must be”), of stellings soos (ons eie beklemtoning): “[a]pplicants are **requested** to follow the format stipulated in this guideline” (bl. 4); and “[a]pplicants are **requested** to follow the format stipulated in this section” (bl. 7). Dit is ook verwarrend dat die aktiewe bestanddele in die laaste afdeling (ander inligting) ingesluit moet word en nie in die afdeling oor voor die neem van die medisyne nie (dit is waar die bindmiddels (Engels: *excipients*) – of onaktiewe bestanddele – gelys word). Soos De Bruin (2024:93-4) uitwys, is die plasing van hierdie inligting aan die einde van die medisynebrosjure nie optimaal nie: Dié inligting is van kritieke belang vir medisyneverbruikers om te besluit of hulle die medisyne wil neem of nie.

Die vorige twee afdelings het aan die leser belangrike inligting verskaf wat onontbeerlik is wanneer die resultate van ons verkennende studie in die volgende afdeling bespreek word.

5. Navorsing oor medisyneverbruikers se medisynebrosjureleesgedrag

Die eerste twee afdelings was daarop gemik om agtergrond te verskaf waarteen ons ons navorsing oor medisyneverbruikers se medisynebrosjureleesgedrag aanbied, wat die derde afdeling van hierdie artikel is. In die eerste afdeling het ons 'n beskrywing van Suid-Afrika se gesondheidsorgsektor gegee, wat toon dat daar twee uiters uiteenlopende subsektore is wat langs finansiële lyne verdeel word: die privaat en die openbare gesondheidsorgsubsektor. In die tweede afdeling het ons wetgewing ondersoek wat medisynebrosjures rig en bepaal watter inligting in medisynebrosjures ingesluit moet word.

Die doel van ons navorsing was om die medisynebrosjureleesgedrag van medisyneverbruikers te bestudeer en te beskryf, d.w.s. of en in watter mate hulle medisynebrosjures gebruik, asook die redes vir die (nie)gebruik van medisynebrosjures. Dit is belangrik om daarop te let dat medisyneverbruikers se medisynebrosjureleesgedrag kan verskil tussen mense wat afhanklik is van openbare gesondheidsorg en diegene wat private gesondheidsorg kan bekostig. Gevolglik weerspieël die navorsing en die respondente wat aan die studie deelgeneem het hierdie onderskeid.

5.1 Metodologie

Die veldwerk is in 2022 as deel van De Bruin (2024) se doktorsale navorsing uitgevoer te midde van Suid-Afrika se Covid-19-inentingsveldtog. Respondente van groep A ($n=15$) is by 'n openbare kliniek in die noorde van Pretoria gewerf (staatsbefondsde inentings), terwyl respondente van groep B ($n=15$) by 'n privaat apteek in Pretoria-Oos gewerf is (inentings waarvoor daar privaat of deur mediese skemas betaal is). Nadat formaliteite soos ingeligte toestemming gefinaliseer is, is onderhoude met elke respondent gevoer. As gevolg van sosiale distansiering weens die Covid-19-regulasies wat destyds van krag was, is elke onderhoud gevoer deur middel van 'n onderhoudskedule met meervuldige keuse-antwoorde waaruit respondente hul toepaslike keuses kon aandui.

Daar was twee vrae waar respondente hul eie antwoorde kon verskaf, wat deur die navorser neergeskryf is, aangesien respondente se antwoorde weens praktiese redes nie met klanktoerusting opgeneem is nie. Alle antwoorde op hierdie vrae is volgens temas gegroepeer vir verdere ontleding. Die enigste insluitingskriteria was dat respondente 1) Suid-Afrikaanse burgers moes wees, 2) ouer as 18 jaar moes wees, en 3) ten minste graad 7 behaal het (dit is die ouderdom wat deur Stats SA (2026:18-9) gebruik word om funksionele geletterdheid te bepaal). Daar is besluit om geen boonste beperking op onderwysvlak te plaas nie, met verwysing na Clouston e.a. (2017) se omvattende navorsing.

5.2 Demografiese inligting

Ons verskaf 'n oorsig van die geslag, ouderdomsverspreiding, onderwysvlak en taalprofiel in tabel 1 hieronder, volgens die twee respondentgroepe. Die tabel bevat ook respondente se sterkste (T1) en tweede sterkste taal (T2).

TABEL 1: Demografiese inligting van respondente

		Groep A (n=15)		Groep B (n=15)		Totaal (n=30)
Geslagsverspreiding	Manlik	6		7		13
	Vroulik	9		8		17
	Ander	0		0		0
Ouderdom-verspreiding	18–20 jaar	0		3		3
	21–30 jaar	2		4		6
	31–40 jaar	6		2		8
	41–50 jaar	4		5		9
	51–60 jaar	3		0		3
	60+ jaar	0		1		1
Hoogste onderwysvlak	Graad 10	5		0		5
	Graad 11	5		0		5
	Graad 12 of soortgelyk	4		5		9
	Diploma of Nasionale Sertifikaat	1		4		5
	Voorgaads	0		4		4
	Nagraads	0		2		2
Taalverspreiding		T1	T2	T1	T2	
	Afrikaans	2	2	11	7	
	Engels	0	3	1	7	
	Ndebele	1	0	1	0	
	Noord-Sotho	4	4	1	1	
	Shona	1	0	0	0	
	Suid-Sotho	1	1	1	0	
	Tswana	1	1	0	0	
	Tsonga	1	0	0	0	
	Xhosa	2	1	0	0	
	Zoeloe	2	3	0	0	

In groep A ($n=15$) was 6 respondente manlik en 9 vroulik; in groep B ($n=15$) was 7 respondente manlik en 8 vroulik. Alhoewel respondente ook “ander” benewens “manlik” of “vroulik” kon aandui, het geeneen hierdie opsie gekies nie. In totaal was 43,3% van alle respondente ($n=30$) manlik en 56,7% vroulik. Dit korreleer min of meer met die geslagsverspreiding vir Suid-Afrika se nasionale bevolking volgens die 2022-sensus, naamlik 48,5% manlik en 51,5% vroulik (Stats SA 2023:3).

Die meeste respondente was tussen 20 en 60 jaar oud: 15 respondente van groep A (d.w.s. 100%) en 11 (d.w.s. 73,3%) van groep B. Dit het 86,7% van alle respondente uitgemaak. Die feit dat hierdie persentasie nie ooreenstem met dié van Suid-Afrika se totale bevolking nie (55% vir dieselfde ouderdomsgroep) (Stats SA 2023:10) kan toegeskryf word aan die feit dat slegs die ouderdomsgroep 30 tot 50 jaar toegelaat is om hul Covid-19-inentings te kry toe die navorsing uitgevoer is.

Respondente moes ook hul hoogste akademiese prestasie aandui om te bepaal of hulle voldoen aan die insluitingskriteria van ten minste graad 7. Volgens Stats SA (2026:18-9) se definisie van funksionele geletterdheid word enige persoon wat graad 7 voltooi het as funksioneel geletterd beskou. Soos in tabel 1 gesien kan word, het alle respondente aan hierdie vereiste voldoen. Trouens, die laagste aangetekende akademiese prestasie is graad 10 (5 respondente in elke groep). Tien respondente (d.w.s. 33,3% van alle respondente) het naskoolse kwalifikasies. Dié syfer is hoër as die 23,3% van alle Suid-Afrikane met naskoolse kwalifikasies (Stats SA 2026:18). Dié afwyking kan daaraan toegeskryf word dat 9 van die 10 respondente uit groep B kom. Dié respondente maak van privaat gesondheidsorg gebruik, waaruit daar afgelei kan word dat hulle hoër salarisse verdien, wat gewoonlik met hoër onderwysvlakke gepaardgaan.

Daar is ’n merkwaardige verskil tussen die tale wat respondente van elke groep as hul T1 en T2 aangedui het. Die belangrikste verskil is dat Afrikaans deur die meerderheid van groep B-respondente (11, of 73,3%) as hul T1 aangedui is. Aan die ander kant het slegs 2 respondente (13,3%) in groep A Afrikaans as hul T1 aangedui. In groep B het Noord-Sotho oorheers met 4 respondente (d.w.s. 26,7%) wat dit as hul T1 aangedui het, gevolg deur Afrikaans, Zoeloe en Xhosa (2 respondente elk, of 13,3%). Dit is noemenswaardig dat geen respondent van groep A Engels as hul T1 aangedui het nie. Noord-Sotho is ook die grootste T2 onder groep A-respondente, gevolg deur Engels en Zoeloe (3 respondente elk, of 20%).

Onder groep B-respondente is Afrikaans en Engels die grootste T2’s, met 7 (46,7%) respondente elk. Die oorheersing van Afrikaans in groep B kan toegeskryf word aan die feit dat die navorsing in ’n Afrikaans gedomineerde voorstad in Pretoria uitgevoer is. Aan die ander kant kan die uiteenlopende taaldiversiteit onder groep A-respondente moontlik toegeskryf word aan die feit dat respondente by ’n openbare kliniek gewerf is. Dit is belangrik om daarop te let dat syfers met betrekking tot taal nie met Suid-Afrika se nasionale syfers vergelyk kan word nie, aangesien respondente in die Tshwane-metro gewerf is. Die plaaslike tale in hierdie metro verskil aansienlik van dié van die land as geheel.


5.2 Bevindinge: Medisyneverbruikers se medisynebrosjureleesgedrag

Die tweede deel van die onderhoudskedule het gefokus op die respondente se medisynebrosjureleesgedrag. Gedrag sluit in die frekwensie waarmee hulle medisynebrosjures lees en die redes hiervoor, asook die inligting wat hulle verkies om in die brosjure te verskyn. Respondente is ook gevra of hulle medisynebrosjures moeilik vind om te lees en om redes vir hul antwoord te verskaf. Laastens is respondente gevra of hulle medisynebrosjures sou verkies wat makliker

is om te lees en te verstaan, en of hulle medisynebrosjures in hul T1 sou verkies. In beide gevalle moes hulle redes vir hul antwoorde verskaf.

5.2.1 Leesfrekwensie

Byna twee derdes (18, of 60%) van alle respondente ($n=30$) het aangedui dat hulle **nooit nie** (9, of 30%) of **selde** (9, van 30%) medisynebrosjures lees. Sewe van hulle was uit groep A en 11 uit groep B. Aan die ander kant het slegs 9 (d.w.s. 30%) van die respondente van beide groepe aangedui dat hulle **altyd** medisynebrosjures lees: 5 (33,3%) uit groep A en 4 (26,7%) uit groep B. Drie respondente (20%) uit groep A het aangedui dat hulle gereeld medisynebrosjures lees, terwyl geen respondent uit groep B aangedui het dat hulle gereeld medisynebrosjures lees nie. Oor die algemeen het groep A-respondente 'n groter neiging getoon om medisynebrosjures te lees, aangesien 8 respondente (66,7%) uit hierdie groep gesê het dat hulle **altyd** of **gereeld** medisynebrosjures lees. In teenstelling hiermee het geen respondente van groep B aangedui dat hulle gereeld medisynebrosjures lees nie, terwyl slegs 4 respondente uit (26,7%) aangedui het dat hulle **altyd** medisynebrosjures lees. Dié syfers word in figuur 1 opgesom.



Figuur 1: Brosjureleesfrekwensie

5.2.2 Redes waarom medisynebrosjures gelees word

Respondente wat aangedui het dat hulle **altyd** medisynebrosjures lees, is daarna gevra om redes te verskaf waarom hulle dit doen. Hulle kon meer as een rede gee, en elke rede is afsonderlik aangeteken. Die redes wat hulle verskaf het, word in tabel 2 opgesom.

Die hoër leesfrekwensie onder verbruikers van openbare gesondheidsorg (groep A) kan dui op 'n begeerte na inligting, veral as daar in ag geneem word dat oorwerkte gesondheidsorgverskaffers in die openbare gesondheidsorgsubsektor min tyd het om aspekte van medisynegebruik so omvattend aan hul pasiënte te verduidelik as wat die pasiënt moontlik benodig. Hierdie waarneming word weerspieël deur die redes wat groep A-respondente gee vir die lees van medisynebrosjures: Elke rede hou verband met 'n behoefte aan inligting – veral oor oordosering (5 respondente, of 33,3%) en korrekte gebruik (3, of 20%). Dit is noemens-

TABEL 2: Belangrikste redes waarom medisynebroshjures geles word

	Groep A (n=15)	Groep B (n=15)	Totaal (n=30)
Ek wil dit korrekte gebruik.	3	0	3
Ek wil die korrekte dosis weet.	2	0	2
Ek wil die newe-effekte weet.	0	2	2
Ek is op soek na inligting.	2	3	5
Ek wil oor interaksies weet.	0	1	1
Ek is bang vir oordosering.	5	0	5

waardig dat groep A-respondente medisynebroshjures lees vir inligting wat van toepassing is **tydens die neem van die medisyn**, soos korrekte dosis en gebruik, terwyl groep B-respondente medisynebroshjures lees vir wat inligting wat van toepassing is **nadat die medisyn geneem** is, soos newe-effekte en interaksies.

5.2.3 Redes waarom medisynebroshjures nie geles word nie

Respondente wat medisynebroshjures **nie lees nie**, is ook gevra om redes te verskaf waarom hulle dit nie lees nie. Hulle kon meer as een rede verskaf, en alle redes is aangeteken wat gegee is. Die redes wat respondente verskaf het waarom hulle nie medisynebroshjures lees nie, ondersteun die bogenoemde waarneming dat groep A-respondente inligting wil hê. Respondente se redes waarom hulle nie medisynebroshjures lees nie, word in tabel 3 opgesom. Redes word verdeel tussen broshjureverwante redes (redes wat direk met die broshjure self verband hou) en niebroshjureverwante redes (redes wat nie direk met die broshjure verband hou nie).

Groep A-respondente het meer uiteenlopende broshjureverwante redes verskaf waarom hulle nie medisynebroshjures lees nie: Medisynebroshjures is te moeilik (3 respondente, of 20%) of word in 'n te klein lettergrootte gedruk (3 respondente, of 20%). Nog 'n rede sluit in die bombastiese taalgebruik van medisynebroshjures (2 respondente, of 13,3%). Vreemd genoeg het 2 respondente (13,3%) gevoel dat medisynebroshjures te veel inligting bevat. Dit mag dalk strydig wees met die vorige opmerking dat groep A-respondente moontlik inligting verlang; hierdie 2 respondente verteenwoordig egter 'n baie klein minderheid. Hul kommentaar kan moontlik ook dui op **te digte** eerder as **te veel** inligting, hoewel dit op hierdie stadium blote spekulasie sou wees. Wat ook al die 2 respondente se redes mag wees, die oorgrote meerderheid van groep A-respondente toon duidelik 'n behoefte aan inligting (sien ook tabel 2). Aan die ander kant het groep B-respondente gekla dat medisynebroshjures te veel inligting aanbied (7 respondente, of 46,7%) of te klein gedruk is (2 respondente, of 13,3%).

'n Ander patroon kom na vore wat betref redes wat **nié** met die medisynebroshjure self te doen het nie. Afsien van 'n klein minderheid (2, of 13,3%) van groep A-respondente wat genoem het dat hulle nie medisynebroshjures lees nie omdat hulle hul inligting van 'n dokter of apteker kry, verskaf groep A-respondente geen ander broshjureverwante rede waarom hulle nie medisynebroshjures lees nie. Omgekeerd lees 6 groep B-respondente nie medisynebroshjures nie, omdat hulle hul dokter of apteker vir inligting oor hul medisyn raadpleeg. Hierdie patroon

TABEL 3: Brosjurerewante en niebrosjurerewante redes waarom medisynebrosjures nie gelees word nie

	Groep A (n=15)	Groep B (n=15)	Totaal (n=30)
Redes verwant aan medisynebrosjures			
Dit is te klein gedruk.	3	2	5
Dit praat neer (“bombasties”).	2	0	2
Dit is te moeilik.	3	0	3
Dit bevat te veel inligting.	2	7	9
Dit is tydrowend.	1	0	1
Redes nie aan medisynebrosjures verwant nie			
Die dokter/apteker verduidelik die medisyne aan my.	2	6	8
Ek ken die medisyne wat ek neem.	0	1	1
Ander vertel my hoe ek die medisyne moet neem.	0	1	1
Ek neem nie “buitengewone” medisyne nie.	0	1	1
Dit is maklik(er) om dit te google.	0	1	1

kan moontlik toegeskryf word aan die ongelyke verspreiding van gesondheidsorgpersoneel in die privaat en openbare gesondheidsorgsubsektor (sien Barron en Padarath 2017:4).

Daar is veel meer brosjurerewante klagtes (20) waarom die meeste respondente nie medisynebrosjures lees nie, as klagtes wat nie met die brosjures verwant hou nie (12). Dit is ’n ernstige aanklag teen medisynebrosjures. Hierdie bevinding word weerspieël in die redes wat respondente gegee het waarom hulle medisynebrosjures moeilik en onaantreklik vind om te lees. Dit word in die volgende afdeling bespreek.

5.2.4 Leesbaarheid en begrypikheid van medisynebrosjures

Afgesien van een groep A-respondent, verkies al die ander respondente (29, of 96,7%) medisynebrosjures wat makliker is om te lees en te begryp. Die respondent wat nie ’n makliker leesbare PIL verkies het nie, het gesê dat hy nie medisynebrosjures lees nie, en dat sy gedrag nie sou verander nie, selfs al was medisynebrosjures makliker om te lees en te begryp.

Toe respondente gevra is waarom hulle gevoel het dat medisynebrosjures moeilik is om te lees en te begryp, het hulle redes verskaf wat almal met behulp van intervensies in gewone taal sowel as die gebruik van meer amptelike tale opgelos kan word. Hierdie redes kan verdeel word in mikro- (op woord- en sinvlak) en makrotekstuele (dokumentontwerp) kwessies, soos opgesom in tabel 4.

TABEL 4: Redes waarom respondente nie medisynebrosjures lees nie – mikro- en makro-tekstuele kwessies

	Groep A (n=15)	Groep B (n=15)	Totaal (n=30)
Mikrotekstuele kwessies			
Dit is te klein gedruk.	11 (73,3%)	7 (46,7%)	18 (60,0%)
Dit bevat lang woorde.	2 (13,3%)	0 (0,0%)	2 (6,7%)
Dit bevat moeilike/tegniese woorde.	7 (46,7%)	6 (40,0%)	13 (43,4%)
Dit is nie in my eie taal nie.	2 (13,3%)	0 (0,0%)	2 (6,7%)
Dit praat neer op my.	2 (13,3%)	0 (0,0%)	2 (6,7%)
Die bevat onbekende woorde.	0 (0,0%)	1 (6,7%)	1 (3,3%)
Ek begryp dit nie.	4 (26,7%)	0 (0,0%)	4 (13,3%)
Makrotekstuele kwessies			
Dit is nie gebruikersvriendelik nie.	0 (0,0%)	1 (6,7%)	1 (3,3%)
Dit bevat te veel inligting.	4 (26,7%)	9 (60,0%)	13 (43,4%)
Dit is moeilik navigeerbaar (swak opskrifte).	0 (0,0%)	3 (20,0%)	3 (10,0%)

Die eerste belangrike kwessie wat respondente in medisynebrosjures geïdentifiseer het, is dat medisynebrosjures in te klein lettergroottes gedruk word. Die meerderheid van die totale respondente (18, of 60%) het hierdie mening gehuldig – hoewel meer respondente van groep A (11, of 73,3%) as van groep B (7, of 46,7%). Tweedens het respondente oor beide groepe heen moeilike woorde en tegniese terme as 'n probleem geïdentifiseer (13 respondente, of 43,3%), met byna dieselfde getal respondente van beide groepe wat oor hierdie kwessie gekla het. Te veel inligting was die derde geïdentifiseerde probleem, met altesaam 13 respondente (43,3%) wat gevoel het dat dit 'n tekortkoming in medisynebrosjures is. Daar moet egter op gelet word dat slegs 4 (26,7%) groep A-respondente oor hierdie probleem gekla het, terwyl 'n veel groter getal groep B-respondente (9, of 60%) oor te veel inligting gekla het. Dit bevestig weereens vroeëre bevindinge oor groep A-respondente se behoefte aan inligting. Wat verder duidelik is, is dat groep B-respondente meer gekla het oor ontwerp en uitleg (makrostrukturele kwessies) in medisynebrosjures in vergelyking met groep A-respondente, wat meer bekommerd was oor probleme op woord- en sinsvlak (mikrostrukturele kwessies).

Dit is 'n tweede belangrike aanklag teen medisynebrosjures: Respondente het dit moeilik gevind om medisynebrosjures te lees en te begryp, al is dit om verskillende redes.

5.2.5 Voorkeurinligting in medisynebrosjures

Soos aangedui afdeling 3 van hierdie artikel ("n Oorsig van Suid-Afrikaanse medisynewetgewing"), moet sekere inligting in 'n medisynebrosjure ingesluit word, skynbaar in 'n voorgeskrewe volgorde. Omdat byna 'n derde (30%) van die respondente egter gekla het dat

medisynebrosjures te veel inligting bevat, is respondente gevra watter inligting in die brosjure vir hulle belangrik is. Respondente moes per inligtingsgroep (bv. “dosis”, “aanduidings”, “teenaanduidings”, ens.) aandui of daardie inligting **altyd**, **soms** of **nooit** vir hulle belangrik is nie.

Om die relatiewe belangrikheid van ’n inligtingsgroep te bepaal, het De Bruin ’n selfontwerpte medisynebrosjures-inligtingsindeks of MII (2025:102) toegepas. Volgens hierdie indeks is twee punte vir elke **altyd**-antwoord en een punt vir elke **soms**-antwoord toegeken, terwyl twee punte vir elke **nooit**-antwoord afgetrek is. Elke inligtingsgroep kon dus ’n maksimum van 30 punte en ’n minimum van -30 punte op die MII behaal. Hoe hoër die MII, hoe belangriker die inligting; omgekeerd, hoe laer die MII, hoe onbelangriker die inligting. Vir die totale gemiddelde is die twee MII’s van elke respondentgroep bymekaar getel en die som deur twee gedeel, wat ’n derde MII van tussen 30 en -30 gee. Die MII vir elke inligtingsgroep word in tabel 5 weergegee vir sowel elke respondentgroep as vir die twee groepe gekombineer. Die vyf inligtingsgroepe met die hoogste MII in elke groep word in **vetdruk** aangedui. Die inligting in tabel 5 word van hoog na laag volgens die gekombineerde MII aangebied.

Die dosis en gebruiksaanwysings is die belangrikste vir beide groep A- en groep B-respondente (MII=29 en 28, onderskeidelik). Vir groep A-respondente word dit gevolg deur die waarskuwings en spesiale voorsorgmaatreëls (MII=25), terwyl groep B-respondente newe-effekte as tweede belangrikste aangedui het (MII=24). Alhoewel die aanduiding die vierde belangrikste vir groep A-respondente en derde belangrikste vir groep B-respondente is, is die algehele MII vir hierdie inligtingsgroep tweede hoogste (MII=22,5). Dit is omdat ander

TABEL 5: Die MII vir inligting wat in ’n medisynebrosjures opgeneem moet word

	MII vir groep A	MII vir groep B	Gekombi- neerde MII
Dosis en gebruiksaanwysings	29	28	28,5
Aanduiding	22	23	22,5
Farmakologiese klassifikasie	24	17	21
Newe-effekte	16	24	20
Waarskuwings en spesiale voorsorgmaatreëls	25	22	19,5
Teenaanduidings	20	17	18,5
Oordosering	22	14	18
Interaksies	8	22	15
Samestelling	21	6	13,5
Bewaringsaanwysings	17	4	10,5
Swangerskap en borsvoeding	5	-6	-0,5
Identifikasie	16	-17	-0,5
Aanbieding	9	-17	-4

inligtingsgroepe wat belangriker is vir groep A (soos waarskuwings en spesiale voorsorgmaatreëls, en farmakologiese klassifikasie) minder belangrik is vir groep B-respondente; die algehele MII is dus laer. Dit is ook die geval met inligtingsgroepe wat belangriker is vir groep B-respondente in vergelyking met groep A-respondente, wat dus ook lei tot 'n laer MII (soos nuwe-effekte en interaksies).

Dit is duidelik dat inligting oor die **gebruik van die medisyne** (dus die dosis en aanwysings, aanduidings, en waarskuwings en voorsorgmaatreëls) belangrik is vir albei respondentgroepe. Aan die ander kant is inligting **wat nie met die gebruik van die medisyne verband hou nie** (dus die samestelling, bergingsinstruksies, identifikasie en aanbieding) baie minder belangrik en selfs oorbodig vir groep B-respondente. Ons moet op die bevinding wys dat inligting oor medisynegebruik tydens swangerskap of borsvoeding die onbelangrikste is vir respondente van groep A en die derde onbelangrikste vir respondente van groep B. Hierdie bevinding is onverwags, veral omdat 1) meer as die helfte van alle respondente (17 uit 30, of 56,7%) jonger as 40 jaar is, wat tipies die vrugbare ouderdom is, en 2) meer respondente vroulik is (17 uit 30, of 57,6%).

Ons moet ook daarop wys dat, hoewel 60% van groep B-respondente gekla het dat medisynebrosjures te veel inligting bevat (sien tabel 4), die resultate van die MII hierdie persepsie weerspreek. Groep B-respondente het slegs 3 van 13 inligtingsgroepe (d.w.s. 23% van alle groepe) as onbelangrike inligting ($MMI < 0$) geïdentifiseer: medisynegebruik tydens swangerskap of tydens borsvoeding ($MMI = -6$), identifikasie en aanbieding ($MMI = -17$ in beide gevalle). Hierdie inligting dui daarop dat die “te veel inligting”-klagte moontlik gerig is op inligting wat weinig met die gebruik van die medisyne self te doen het.

5.2.6 *Medisynebrosjures in gewone taal*

Respondente is ook gevra of hulle 'n medisynebrosjure sou verkies wat makliker is om te lees en te begryp. Hulle het oorweldigend (29 uit 30, of 96,7%) positief geantwoord. Dit lewer sterk bewyse dat respondente – ongeag hul ouderdom of opvoedkundige vlak – medisynebrosjures in gewone taal verkies. Slegs een respondent uit groep B was van mening dat hy nie 'n medisynebrosjure in 'n formaat sou verkies wat makliker is om te lees en te begryp nie. Hy het verduidelik dat hy verkies om op die internet oor medisyne na te lees – 'n medisynebrosjure wat makliker is om te lees en te begryp, sou hom dus glad nie bevoordeel nie.

5.2.7 *Medisynebrosjures in respondente se T1's*

Hoewel byna alle respondente aangedui het dat hulle medisynebrosjures in gewone taal sou verkies, is die voorkeur om medisynebrosjures in hul T1's te lees nie so sterk soos om dit in gewone taal te lees nie (hoewel steeds hoog). In die geval van groep A wou 12 (of 80%) respondente medisynebrosjures in hul T1 lê; vir groep B is hierdie syfer 11 (of 73,3%). Vyftien (of 50%) van die totaal van 30 respondente (7 uit groep A en 8 uit groep B) het aangedui dat dit hulle sal help om die medisynebrosjure beter te begryp. Ander redes sluit in dat dit hul eie taal is, sodat hulle dit dan self sal kan lees, of dat iemand anders wat dieselfde taal praat dit aan hulle kan verduidelik. Respondente kon meer as een rede gee, en elkeen is in die resultate ingesluit. Die redes vir die verkiesing van medisynebrosjures in hul T1 word in tabel 6 uiteengesit.

TABEL 6: Redes waarom sommige respondente medisynebrosjures in hul T1 verkies

	Groep A (n=15)	Groep B (n=15)
Ek begryp dit beter.	7	8
Dit is in my eie taal.	6	2
As dit in my eie taal is, kan my familie my help.	1	1
Engels is te moeilik.	1	0
Plattelandse (Engels: rural) mense kan nie Engels of Afrikaans lees nie.	1	0
Ek dit dan self lees.	1	2

Een groep A-responent het gesê dat mense in landelike gebiede meestal slegs hul eerste taal en 'n ander Afrikataal gebruik, wat beteken dat hulle glad nie toegang tot medisynebrosjures het nie (omdat dit tipies slegs in Engels of Afrikaans gepubliseer word – sien afdeling 3.2). Dit is ook belangrik om daarop te let dat sommige respondente (uit beide groepe) bemaagtig sou voel wanneer medisynebrosjures in hul eerste taal beskikbaar is (verbeterde begrip; hulle kan dit self lees, en hul families kan hulle help).

Die hoofredes wat respondente gegee het om **nie** 'n medisynebrosjure in hul eerste taal te verkies nie, word in tabel 7 aangebied.

Die meeste redes waarom respondente nie medisynebrosjures in hul eerste taal verkies nie, is gebaseer op die (vermeende) meerderwaardigheid van Engels. Vier respondente (2 uit elke groep) het aangedui dat hulle Engels verkies, terwyl nóg vier respondente uit groep B aangedui het dat Engels beter was in terme van terminologie. Nog 'n respondent uit groep B het genoem dat 'n medisynebrosjure in Suid-Sotho (sy T1) dit moeilik sou maak om die internet te raadpleeg om meer inligting te bekom, aangesien die terminologie in die medisynebrosjure in Suid-Sotho sou wees, wat moeilik sou wees om op die internet te vind. 'n Respondent uit

TABEL 7: Redes waarom sommige respondente nie medisynebrosjures in hul T1 verkies nie

	Groep A (n=15)	Groep B (n=15)
Ek verkies Engels.	2	2
Engels is beter wat terminologie betref.	0	4
Vertalings is nie altyd korrek nie.	0	1
Ek sal nie inligting op die internet in Suid-Sotho kan opsoek as die medisynebrosjure in Suid-Sotho geskryf is nie.	0	1
Ek hou nie van lees nie, en dit maak dus nie saak in watter taal die medisynebrosjure is nie.	1	0

groep A (wie se T1 Ndebele is) het aangevoer dat vertalings dikwels verkeerd is, wat nadelig sou wees in die geval van medisynebrojures (verkeerde inligting kan byvoorbeeld tot verkeerde gebruik lei – en selfs die dood).

6. Gevolgtrekkings

Die bevindinge beklemtoon dat die meeste respondente nie tevrede is met die huidige formaat van medisynebrojures nie, hoofsaaklik om die volgende redes:

1. Medisynebrojures bevat óf te min inligting (groep A-respondente) óf inligting wat irrelevant is vir die gebruik van die medisyne (groep B-respondente). Wat inligting betref, toon groep A-respondente 'n behoefte aan meer inligting, waarskynlik omdat hulle afhanklik is van 'n gesondheidsorgsubsektor wat nie die oordrag van kennis van gesondheidsorgverskaffer na pasiënt fasiliteer nie weens 'n oorbelaste en onderbemande werksmag. Aan die ander kant voel groep B-respondente dat medisynebrojures te veel inligting bevat, veral inligting wat nie verband hou met die gebruik van die medisyne self nie.
2. Medisynebrojures bevat lang, moeilike of onbekende woorde, frases en sinne. Dit is dus moeilik om te begryp.
3. Medisynebrojures word te klein gedruk.
4. Medisynebrojures het óf geen, óf onduidelike, óf ononderskeibare opskrifte, wat dit moeilik maak om te navigeer en dus nie gebruikersvriendelik is nie (hoofsaaklik groep B-respondente).
5. Medisynebrojures is nie beskikbaar in ander tale as Engels of Afrikaans nie.

Wat die inligting in medisynebrojures betref, is ons van mening dat die inligting self nie noodwendig die probleem is nie. Die probleem is eerder die **digtheid** van die inligting en die manier waarop dit aangebied word. Digte horisontale teks kan byvoorbeeld in vertikale lyste geplaas word om die inligting in kleiner betekeniseenhede aan te bied om leesbaarheid en begrip te vergemaklik. Dié mening sluit aan by die bevinding dat respondente gevoel het dat medisynebrojures wat makliker leesbaar en begryplik is 'n groter bydrae sou kon lewer om hulle meer gewillig te maak om medisynebrojures te lees.

Die meeste respondente het aangedui dat hulle medisynebrojures in hul eerste taal sou verkies. Daar is reeds goeie nuus vanuit die farmaseutiese wêreld self. Pharma Dynamics, 'n plaaslike farmaseutiese maatskappy in KwaZulu-Natal, het in Januarie 2024 'n aanvanklike uitgawe van 27 van hul medisynebrojures ook in Zoeloe beskikbaar gestel (Madwantsi 2024). Oplossings vir hierdie probleem berus op die benutting van tegnologie om medisynebrojures in meer Suid-Afrikaanse tale beskikbaar te stel sonder die inherente koste wat moontlik mag wees om medisynebrojures in meer as twee tale te druk.

Hoewel huidige medisynebrojures om 'n magdom redes (wat in hierdie artikel aangehaal word) in hul rol as instruktiewe mediese tekste faal, kan die rol van die medisynebrojures nie ontken word nie: Dit bied 'n handige, goedkoop platform om belangrike inligting oor te dra oor medisyne en hoe om hierdie medisyne veilig en doeltreffend te neem. Om hierdie belangrike rol te vervul, is dit egter nodig dat medisynebrojures verander. Duidelike gewonetaalriglyne en bewys gebaseerde, doeltreffende dokumentontwerp kan benut word om leesbaarheid, begryplikheid, bruikbaarheid en aanvaarbaarheid van medisynebrojures te verseker.

Daar is ook 'n dwingende noodsaaklikheid vir nuwe wetgewing om die gebruik van gewone taal in medisynebrojures sterker af te dwing. De Bruin stel 'n spesifieke definisie voor en beveel aan dat dié definisie opgeneem moet word in die regulasies wat die Minister van Gesondheid van tyd tot tyd by magte is om te publiseer:

'n Medisynebrosjure is in gewone taal as dit vir die beoogde leser sigbaar, leesbaar, begryplik, bruikbaar en aanvaarbaar is. Dit beteken die leser kan vind waarna hulle soek, begryp wat hulle lees en die inligting suksesvol gebruik.

Die medisynebrosjure moet dus

- woorde bevat wat die leser waarskynlik gaan ken en korrek gaan interpreteer
- grammatikaal goed gestruktureerde sinne bevat wat elk 'n enkele brokkie inligting bevat
- 'n koherente struktuur bevat wat ondersteun word deur beskrywende opskrifte om die leser te lei
- grafiese elemente waar moontlik en toepaslik bevat om konsepte of prosesse te verduidelik wat die leser moontlik moeilik kan begryp
- ontwerp wees volgens dokumentontwerpbeginsels wat die koherente struktuur van die teks ondersteun
- getoets wees onder 'n steekproef van die beoogde lesers, en gewysig word, indien nodig.

Dit vereis 'n gewonetaalpraktisyn met vaardighede in

- linguistiese aspekte (veral morfologie, sintaks, semantiek en pragmatiek) en ander linguistiekvakgebiede,
 - gewonetaalteorieë en -toepassings, en
 - dokumentontwerpbeginsels,
- en wat
- kennis het van die onderwerp of vakgebied waaroor die teks handel, of
 - toegang het tot 'n persoon/persone wat oor hierdie kennis beskik.

Sou hierdie definisie wél in wetgewing opgeneem word, behoort die toepassing daarvan 'n positiewe invloed te hê op die medisynebrosjureleesgedrag van medisyneverbruikers.

5. Beperkinge van die studie

'n Grootliks kwalitatiewe metodologie is gebruik omdat die data deur middel van persoonlike onderhoude ingesamel is. Hoewel 'n kwantitatiewe komponent in die studie oorweeg is, sou hierdie besluit 'n groter steekproefgrootte vereis het. Só 'n benadering sou dalk 'n baie gedetailleerde studie moontlik gemaak het oor die mate waartoe verskillende veranderlikes (bv. sosio-ekonomiese aanwysers soos ouderdom, geslag en onderwysvlak) byvoorbeeld medisyneverbruikers se medisynebrosjureleesgedrag kan beïnvloed. Sekere patrone mag moontlik op hierdie wyse na vore kom wat lig kan werp op die gebruik van gewone taal in 'n baie heterogene samelewing soos in Suid-Afrika. Omdat die studie bloot verkennend van aard was gegewe die omvang van De Bruin se doktorsale tesis, is 'n kwalitatiewe metodologie egter toegepas eerder as 'n omvattende kwantitatiewe studie na medisyneverbruikers se medisynebrosjureleesgedrag.

Daar moet ook in gedagte gehou word dat die navorsing gedoen is gedurende 'n tyd toe streng Covid-regulasies (soos fisiese afstandhouding en beperkte besoeke) van krag was, wat die werwing en onderhoudvoering van respondente sou vererger het. Hierdie studie bied egter 'n geleentheid vir verdere navorsing, veral as dit meer respondente behels en die studie meer kwantitatiewe komponente soos finansiële vermoë, geletterdheid, akademiese vlak en taaldiversiteit in ag geneem word.

BIBLIOGRAFIE

- Barron, P & Padarath, A. 2017. Twenty years of the South African Health Review. In Barron, P & Padarath, A. (reds.). *South African health review 2017*. <https://www.hst.org.za/publications/South%20African%20Health%20Reviews/HST%20SAHR%202017%20Web%20Version.pdf> [8 Junie 2026].
- Cheung, IW. 2017. Plain language to minimize cognitive load: A social justice perspective. *IEEE Transactions on Professional Communication*, 60(4):448-457.
- Clouston, SAP, Manganello, JA & Richards, M. 2017. A life approach to health literacy: The role of gender, educational attainment and lifetime cognitive capability. *Age and Aging*, 46:493-499. <https://doi.org/10.1093/ageing/afw229>.
- Cowling, N. 2024. *Medical doctors per 10,000 population in South Africa from 2016 to 2021*. <https://www.statista.com/statistics/1413514/medical-doctors-per-10-000-population-in-south-africa/> [26 Januarie 2025].
- De Bruin, G.F. 2024. Towards improved, patient-centred medicine information leaflets in South Africa through plain language. Doktorale tesis, Universiteit van Johannesburg. <https://ujcontent.uj.ac.za/esploro/outputs/doctoral/Towards-improved-patient-centred-medicine-information-leaflets/9955394607691> [30 Julie 2026].
- Department van Gesondheid. 2017. Medicines and Related Substances Act, 1965 – General Regulations. *Government Gazette* 41064:47-131.
- Departement van Gesondheid. 2024. *Annual report 2023/2024*. <https://www.health.gov.za/annual-reports/> [12 Julie 2024].
- Ehlers, D. 2000. Die konteks en gebruikersgerigtheid van medisynevolijette in Suid-Afrika. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 18(39):15-36. <https://doi.org/10.1080/10118063.2000.9724576>
- Keyter, A, Banoo, S, Salek, S & Walker, S. 2018. The South African regulatory system: Past, present, and future. *Frontiers in Pharmacology*, 9:1-13.
- Krige, D & De Wet, JC. 2009. Understanding South African patient information leaflets: Readability and cultural competence. In Lagerwerf, L, Boer, H & Wasserman, H. (Eds.) *Health communication in South Africa: Engaging with social and cultural diversity*. Pretoria: Unisa Uitgewers, bl. 217-237.
- Koo, MM, Krass, I & Aslani, P. 2003. Factors influencing consumer use of written drug information. *The Annals of Pharmacotherapy*, 37:259-267.
- Lourens, A. 2000. Medisynevolijette as instruktiewe tekste: Riglyne vir 'n kwaliteitsondersoek. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*, 18(39):55-74.
- Maphumulo, WT & Bhengu, BR. 2019. Challenges of quality improvement in the healthcare of South Africa post-apartheid: A critical review. *Curationis* 42:a1901.
- Madwantsi, V. 2024. *Medicine in your mother tongue: Pharma Dynamics' isiZulu leaflets redefine healthcare in South Africa*. IOL, 29 January. <https://www.iol.co.za/sunday-tribune/lifestyle/medicine-in-your-mother-tongue-pharma-dynamics-isizulu-leaflets-redefine-healthcare-in-south-africa-aff3d64f-b2f8-4e01-80f0-01c2c93ff174#:~:text=Lifestyle-,Medicine%20in%20your%20mother%20tongue%3A%20Pharma%20Dynamics%27%20isiZulu%20leaflets,redefine%20healthcare%20in%20South%20Africa&text=In%20a%20groundbreaking%20move%20by,medicines%20in%20their%20own%20language> [12 Julie 2024].
- Nasionale Tesourie. 2026. *Budget review 2026*. <https://www.treasury.gov.za> [6 Junie 2026].
- Otal, D, Wizowski, L, Pemberton, J, Nagel, K, Fitzgerald P & Walton, J.M. 2012. Parent health literacy and satisfaction with plain language educational materials in a pediatric surgery outpatient clinic: A pilot study. *Journal of Pediatric Surgery*, 47:964-969.
- Pander Maat, H & Lentz, L. 2010. Improving the usability of patient information leaflets. *Patient Education and Counseling*, 80(1):113-119.
- Pieterse, AH, Jager, NA, Smets EM, & Henselmans, I. 2012. Lay understanding of common medical terminology in oncology. *Psycho-Oncology*, 22(5):1186-1191.
- Raad op Mediese Skemas. 2024. *Industry report*. <https://www.medicalschemes.co.za> [6 Junie 2026].
- Schöbel, ZB. 2018. Legislation and patient information leaflets (PILs): Editing perspectives on South African and German common-cold medication PILs for children. MA-verhandelng, Stellenbosch Universiteit.

- Shone, LP, Conn, KM, Sanders, L, & Halterman, JS. 2009. The role of parent health literacy among urban children with persistent asthma. *Patient Education and Counseling*, 75(3):368-375.
- Sprenger, K. 2000/2012. South African regulatory legislation – an update. *International Journal of Pharmaceutical Medicine*, 14:13. Op 23 Desember 2012 geherpubliseer. <https://doi.org/10.2165/00124363-200002000-00008>.
- Statistieke Suid-Afrika. 2023. *Census 2022: Statistical release*. https://census.statssa.gov.za/assets/documents/2022/P03014_Census_2022_Statistical_Release.pdf [6 Junie 2026].
- Statistieke Suid-Afrika. 2026. *General household survey 2025*. <https://www.statssa.gov.za/publications/P0318/P03182025.pdf> [13 Junie 2024].
- Sudore, RL, Landefeld, CS, Barnes, DE, Lindquist, K, Williams, BA, Brody R & Schillinger, D. 2007. An advance directive redesigned to meet the literacy levels of most adults: A randomized trial. *Patient Education and Counseling*, 69(1-3):165-195.
- Suid-Afrikaanse Reguleringsowerheid vir Gesondheidsprodukte. 2024. *Guideline for patient information leaflets for human medicines (categories A and D)*. https://www.sahpra.org.za/wp-content/uploads/2022/01/SAHPGL-CEM-03_v8-Guideline-for-Patient-Information-Leaflet-for-Human-Medicines-Categories-A-D.pdf [6 Junie 2026].
- Wolf, MS, Bailey, SC, Serper, M, Smith, M, Davis, TC, Russel, AL, Manzoor, BS, Belter, L, Parker RM, & Lambert, B. 2014. Comparative effectiveness of patient-centered strategies to improve FDA medication guides. *Medical Care*, 52(9):781-789.
- Wolf, M.S., Davids, TC, Bass, PF, Curtis, LM, Lindquist, LA, Webb, JA, Bocchini, MV, Cooper Bailey, S & Parker, RM. 2010. Improving prescription drug warnings to promote patient comprehension. *Archives of Internal Medicine*, 170(1):50-6.
- Young, A., Tordoff, J & Smith, A. 2016. “What do patients want?” Tailoring medicine information to meet patients’ needs. *Research in Social and Administrative Pharmacy*, 13:1186-90.

‘Susans Nederlands’ (SN): Handige ongestandaardiseerde taal


Inleiding

Taal en Tongval is ’n tydskrif wat vanaf 1949 gepubliseer is en wat fokus op die studie van taalviariasie in Nederland en Vlaandere. In 2026 begin die Redakteur van die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Nerina Bosman, ’n nuwe rubriek met die tema, *Taal en Tongval*. Die eerste rubriek, deur Ernst Kotze fokus op die ontwikkeling van die standaardvorme van tale.

My bydrae belig die ander kant van ’n kontinuum. Dit fokus op die ontwikkelingsproses van ’n vorm van ongestandaardiseerde en dikwels korrupte Nederlands wat ek liefdevol “Susans Nederlands” (voortaan SN) noem. In hierdie bydrae beskryf ek eerstens kortliks my taalrepertoire, daarna fokus ek op die ontwikkeling van SN, en ten slotte probeer ek voorspel of SN ooit nader aan Standaard- tweedetaal-Nederlands sal ontwikkel.

Susan se taalrepertoire (sedert 2021)

Ek is ’n Afrikaans-Engelssprekende Suid-Afrikaan wat Afrikaans en Engels in alle domeine op ’n redelike hoë taalvaardigheidsvlak kan verstaan, lees, praat en skryf. Verder is daar ’n stukkie Nederlands (à la Blommaert) in my repertoire en nog kleiner stukkies Sesotho, Frans en Duits. ’n Taalportret van my eie repertoire wat ek in April 2021 geteken het gee ’n visuele beeld van my meertalige sisteem.



Figuur 1: Susan se taalportret in April 2021

As ek by die kleinste stukkies taal in my repertoire begin, is Frans en Duits in my buik. Ek het op hoërskool in Potchefstroom in Graad 8 en 9 Duits geneem en dit nie verder ontwikkel of gebruik totdat ek meer male in Duitsland vir studieperiodes was nie. Ek het in my eerste en tweede jaar op universiteit in Potchefstroom Frans geneem en dit daarna nooit weer werklik gebruik nie. Die vaardighede wat in hierdie twee klein stukkies taal oorgebly het in my repertoire, is om kos te bestel, wat ek as 'n redelik belangrike oorlewingsvaardigheid beskou, veral as mens 'n vreemdeling in 'n Duits- of Franssprekende land is. Daarom het ek die twee landsvlae gebruik en die tale in my buik geplaas. My kennis van Duits en Franse het alreeds baie vervaag en word algaande dowwer. Ek kan klein stukkies Duits verstaan in formele lesingkontekste, maar ek moet baie goed uitvind of wat ek dink ek verstaan het, korrek is. Van Frans het 'n herkenbare uitspraak oorgebly wat ek met groot moeite kan aktiveer.

My klein stukkie Sesotho is in my hande, want Sesotho is die dominante taal in my werkomgewing in Suid-Afrika in Vanderbijlpark. Ek het Sesotho nooit formeel in 'n klaskamersituasie geleer nie. Ek het stukkies daarvan opgetel van my studente en kollegas op die Noordwes-Universiteit se Vanderbijlparkcampus. As ek 'n kommunikasiebehoefte gehad het, soos dat ek aan my studente wou vra of hulle lekker geslaap het, het ek enige mens in my omgewing wat Sesotho kan praat genader en gevra om my te leer. "Leer" het beteken dat die student of kollega die sin wat ek moes leer hardop gesê en herhaal het. Ek het dit dan nagesê tot die student of dosent tevrede was dat ek dit nagenoeg reg doen. Daarna het ek die nuwe frase wat ek geleer het soveel as moontlik probeer gebruik. Soms het ek dit neergeskryf of op my foon in die notatoep ingetik. Ek maak my Sesotho groen, want dit is die taal wat ek die graagste wil laat groei; en ek sit dit in my hande, want in my Suid-Afrikaanse omgewing help Sesotho my om uit te reik na mense of kontak met mense te maak. My kennis van Sesotho is aan die vervaag, maar ek is gereeld genoeg in Vanderbijlpark dat ek dit tog stadig aan die prut hou. Om dié rede is die stukkie Sesotho ook "aanlyn" in my gedagtes – selfs in Nederland – en vind ek dat ek tog af en toe die frases wat ek ken en baie gebruik vir myself herhaal.

My Afrikaans en Engels is ewe groot (of so dink ek het ek dit bedoel op die taalportret) en dit bestryk dieselfde dele van my liggaam. Beide tale plaas ek op die menslike silhoeët wat met my kognitiewe prosesse te make het – ek plaas die twee tale in my kop/brein; dit vorm deel van die lewensbelangrike organe in my liggaam (waar ek die twee tale in my toraks plaas), en ook van dele van my liggaam wat ek met beweging vereenselwig (soos my arms en bene en voete). Daar is twee funksionele verskille in my plasing van Afrikaans en Engels op die silhoeët. Afrikaans plaas ek links in die toraks, en dui selfs 'n area aan met 'n hart. Afrikaans bly die taal waarin ek myself die maklikste uitdruk in die domeine en funksies wat die betekenisvolste is, soos die intieme domeine tuis. Afrikaans bly dus my geliefde taal, of my "beloved language" (soos Fishman dit stel). Engels is meer prominent in die perifere dele van my voete, wat aandui dat Engels my laat aanbeweeg of bemagtig om na meer plekke te gaan. Blou vir Afrikaans en rooi vir Engels het nie enige spesifieke betekenis vir my anders as dat ek dink dis prominente tale nie. Die argetipekleure vir sportspanne is die blou span teen die rooi span. Hierdie twee tale is dus prominent aanwesig in my repertoire en deel groot dele van die domeine en funksies waarin ek talig is. Beide hierdie tale bly aan die ontwikkel. Ek lees en skryf en praat en luister baie na hierdie twee tale.

My eerste ontmoeting met Nederlands was as Graad 11- of 12- leerling aan 'n hoërskool in Potchefstroom. Leerlinge het as deel van die Afrikaanskurrikulum in my jaar een Nederlandse boek gelees. Ons was baie gelukkig om *Koning van Katoren* van Jan Terlouw te kon lees. As ek terugdink, het die taal (Nederlands) my nie soveel geïnteresseer as die fantastiese verhaal nie; of, anders gestel, ek het genoeg van Nederlands verstaan dat die taal my nie verhoor.

het om die ongelooflike verhaal te verstaan nie. Miskien is iets van my houding teenoor Nederlands daar gevestig: die tale verskil, maar is verstaanbaar sonder veel moeite.

Ek het 'n lewenslange stryd om Nederlands te leer. Ek het sporadies tydens spandeer in Nederland of Vlaandere vandat ek 17 was. In al die tyd wat ek in die Lae Lande was, het ek nooit probeer om Nederlands te leer of praat of skryf nie. Ek kon dit natuurlik verstaan en lees. Maar ek het aktief besluit om dit nie te leer nie, want dit was onnodig. Afrikaans en Nederlands en Vlaams is tog onderling verstaanbaar. Ek het ook heeltemal suksesvol gedoen wat ek moes met Afrikaans in die Lae Lande. Ek het in 2010 vir die eerste keer begin om aktief Nederlands te probeer gebruik as ek praat. Grammatikaal kon ek van toe tot nou die taal nie konsekwent beheers nie. My strategie is om aan alle werkwoorde 'n *-en* te plak, en ek gebruik *de* deurgaans behalwe vir die een of twee woorde wat ek weet *het* moet wees. Veral die koppelwerkwoord *is* in Afrikaans gee my geweldige probleme. Ek oorveralgemeen *zijn* gewoon na alle persoonlike voornaamwoorde vanaf *hij/zij, ons, jullie, zij*. Die verlede tyd is 'n nagmerrie. Ek kan nie verby die idee kom dat Afrikaans die tydsaspek so mooi vereenvoudig het nie – en ek kan my nie indink dat ek dit nou weer moet kompleks maak nie. Dit voel of ek van 'n moderne stelling na 'n argaïese stelling gaan as ek probeer om die verlede tyd in Nederlands te gebruik.

Soos ons weet, is die klanke van 'n taal wat 'n mens aanleer verleidelik. Wat ek beslis op die een of ander manier suksesvol aangeleer het, is die Hollandse *r*. Ek het dit so goed aangeleer en vind dit so 'n lekker klank dat ek dit sommer in Afrikaans ook begin gebruik. Stel jou voor jy praat lekker Afrikaans en ewe skielik glip daar 'n Hollandse *r* aan die einde van *maar* in. My eerste gedagte is dan ook – doen tog gewoon normaal ... en dan glip die Hollandse *r* weer in. Die interaksie tussen die klanksisteme van Nederlands en Afrikaans is konstant aanwesig in my repertoire.

As ek Herdina en Jessner se *Dynamic Multilingual Model* (DMM) toepas om die ontwikkeling van my taalrepertoire op die oomblik te beskryf, veral met 'n fokus op die ontwikkeling van SN, dan is vergelyking [1] van toepassing. Vergelyking [1] verduidelik hoe 'n meertalige mens se algemene taal- inspanning (*general language effort* of GLE) bereken word, waar LME staan vir taalhandhawings- inspanning (*language management effort*), en LAE vir taalaanleerinspanning (*language acquisition effort*) staan.

$$GLE \approx LME + LAE \quad [1]$$

Met ander woorde, op hierdie oomblik in my lewe is die taalaanleerinspanning om Nederlands te gebruik en leer hoog. Vanuit 'n kompleksdinamiese sisteemperspektief soos in die DMM beskryf, sal die energie om die ander taalsisteme in my meertalige sisteem te handhaaf of te onderhou dus verminder, omdat meer energie opgeëis word in die gebruik en aanleer van SN. My Duits en Frans, en in 'n mindere mate my Sesotho, sal mettertyd verder vervaag, terwyl my Nederlands behoort te ontwikkel en my Afrikaans en Engels gehandhaaf behoort te word.

Ontwikkeling van SN

In die DMM bepaal die werklike kommunikasiebehoeftes (*effective communicative needs*) en die verwagte kommunikasiebehoeftes (*perceived communicative needs*) die algemene taalinspanning (GLE) in die meertalige sisteem. Werklike en verwagte kommunikasiebehoeftes word dus die aandrywers van die ontwikkeling van die dinamiese, komplekse meertalige sisteem.

As mens in ag neem dat ek van 2021 af vir langer tye in Nederland woon en van Junie 2025 af vir 'n deel van die week werk in Nederland, is dit duidelik dat my werklike kommunikasiebehoeftes om in Nederlands te kommunikeer hoër word. Met ander woorde, in die teoretiese kader van die DMM, sal my LAE toegespits wees op Nederlands en behoort hierdie sisteem as deel van my meertalige repertoire verder te ontwikkel. Die energie wat gebruik word om hierdie sisteem verder te ontwikkel behoort verder daartoe by te dra dat taalsisteme soos Sesotho, Duits en Frans nog verder kan vervaag in die tyd.

SN sal dus verder ontwikkel, maar nie noodwendig in die rigting van standaard- tweedetaal-Nederlands nie. As SN vir my die talige werk verrig wat ek in Nederland moet kan doen (soos inkopies doen, met bus- of treinkondukteurs gesels, op vergaderings kommunikeer met die Algemene Bestuur van die Stichting waar ek werk ensomeer), is ek onseker of SN noodwendig in die rigting van standaard- tweedetaal-Nederlands sal ontwikkel. Die interaksie van taalhoudings en verwagte kommunikasiebehoeftes sal 'n aanduiding kan wees dat SN meer in die rigting van standaard- tweedetaal-Nederlands sal ontwikkel. Twee tipes taalhoudings is hier ter sprake. My eie taalhouding is belangrik. As ek glo dat SN genoegsaam is om my talige werk in Nederland effektief en met min moeite te kan doen, sal ek nie geweldige motivering hê om in die rigting van standaard- tweedetaal- Nederlands te ontwikkel nie. Aan die ander kant, as Nederlanders met wie ek kommunikeer (veral in formele werkkontekste) nie SN goed begryp nie, of geïrriteerd is deur SN en ek bewus word daarvan, kan die verwagte kommunikasiebehoeftes van Nederlandse werksgenote 'n motivering wees om SN in die rigting van standaard- tweedetaal-Nederlands te ontwikkel. Ek toets nog die water oor die resepsie van SN onder Nederlandse werksgenote en kommunikasie met Nederlanders in meer formele kontekste. Ek kry twee tipes reaksies. Die Algemene Bestuur van die Stichting waarvoor ek werk vind SN op die oomblik nog sjarmant, dink ek. Maar, daar is ten minste een van my werksgenote wat ek weet SN nie goed begryp nie. Ek veg hard om nie met haar in Engels te werk nie, want haar Engels is nie noodwendig beter as my SN nie. Ek dink my kommunikasie met haar is 'n goeie drywer vir die ontwikkeling van SN nader aan standaard- tweedetaal-Nederlands.

Ten slotte

Hierdie refleksie op die ontwikkeling van SN in my taalrepertoire het my weer die waarde van Aronin se konsep “*dominant language constellations*”, laat verstaan. In my repertoire maak Afrikaans, Engels en Nederlands die grootste deel uit van my taalkonstellasie of repertoire; terwyl ek inderdaad à la Blommaert “*bits of languages*” het in Sesotho, Duits en Frans. Al hierdie talige sisteme is handig in my lewe en almal dra by om my in die moderne meertalige wêreld toe te laat om suksesvol genoeg te kommunikeer om die talige werk wat ek moet doen te kan doen.

Volgens die Nederlandse NT2-Staatseksamen wat ek op B2-vlak geslaag het, is ek 'n “*onafhankelike*” gebruiker van Nederlands en kan ek “*de hoofddlijnen van complexe teksten begrijpen, (...) duidelijke, gedetailleerde tekst produceren en (...)spontaan aan een gesprek deelnemen*”. Dit is ook hoe ek SN ervaar. Maar ek weet dat my werkwoordgebruik, verlede-tydgebruik en die gebruik van *de* en *het* dikwels nie korrek is nie. Tyd sal leer of die verwagte kommunikatiewe vaardighede wat ek in Nederlands nodig het my SN sal laat ontwikkel nader aan standaard- tweedetaal-Nederlands. Vir nou is my SN, wat vir seker nie 'n standaardvorm van tweedetaal-Nederlands is nie, baie handig en vir my genoeg.

VERWYSINGS

- Aronin, L. 2021. Dominant language constellations: Teaching and learning languages in a multilingual world. In: Raza, K., Coombe, C. A., & Reynolds, D. (Eds.). (2021). *Policy development in TESOL and multilingualism: Past, present and the way forward*. Singapore: Springer. pp. 287-300.
- Blommaert, J. & Backus, A. 2013. Superdiverse Repertoires and the Individual. In: De Saint-Georges, I. & Weber, J-J. (Eds.) *Multilingualism and Multimodality*. Sense Publishers: Rotterdam. pp. 11-32.
- Fishman, J. A. 1997. *In praise of the beloved language: A comparative view of positive ethnolinguistic consciousness*. (Vol. 76). Berlin: Walter de Gruyter.
- Herdina, P. & Jessner, U. 2002. *A Dynamic Model of Multilingualism: Perspective of change in Psycholinguistics*. Amsterdam: Multilingual Matters.
- Terlouw, J. C. 2004. *Koning van Katoren*. Rotterdam: Lemniscaat Publishers.

SUSAN COETZEE-VAN ROOY

Noordwes-Universiteit, Vanderbijlparkkampus

E-pos: susan.coetzevanrooy@nwu.ac.za

Orcid: <https://orcid.org/0000-0002-7345-5052>

Dietlof S. van Warmelo en zijn studie theologie

The study of theology by Dietlof S. van Warmelo

GJ (GERIT) SCHUTTE

Emeritus hoogleraar geschiedenis

Vrije Universiteit Amsterdam

Nederland

E-pos: gj.schuttte31@gmail.com



Gerrit Schutte

GJ (GERRIT) SCHUTTE is gespecialiseerd in de geschiedenis van het Nederlandse Protestantisme, de Verenigde Oostindische Compagnie en de betrekkingen tussen Nederland en Zuid-Afrika. Recente publicaties zijn 'Een missionaire Compagniesdominee: Albertus Struys, 1669–1678', in *Grondpaaie in Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis / Gravel Roads in South African Church History. A Tribute to dr. R.M. Britz* (Stellenbosch 2023, 57-76); 'Hendrik Swellengrebel Sr bepleit het recht op burgerschap van Utrecht. Met een 'oude' stamboom als ondersteunend bewijs', *De Nederlandsche Leeuw* CXLI, 4 (2024) 187-195; *De Emigranten aan de Oostkust van Afrika. Een verslag uit 1842 over de Voortrekkers in Natal* (Hilversum 2026).

GJ (GERRIT) SCHUTTE specializes in the history of Dutch Protestantism, the Dutch East India Company VOC and relations between the Netherlands and South Africa. His recent publications are 'Een missionaire Compagniesdominee: Albertus Struys, 1669–1678', in *Grondpaaie in Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis / Gravel Roads in South African Church History. A Tribute to dr. R.M. Britz* (Stellenbosch 2023, 57-76); "Hendrik Swellengrebel Sr bepleit het recht op burgerschap van Utrecht. Met een 'oude' stamboom als ondersteunend bewijs", *De Nederlandsche Leeuw* CXLI, 4 (2024) 187-195; *De Emigranten aan de Oostkust van Afrika. Een verslag uit 1842 over de Voortrekkers in Natal* (Hilversum 2026).

ABSTRACT

The study of theology by Dietlof S. van Warmelo

Dietlof S. van Warmelo (1872–1966) is well-known by his book Mijn Commando en Guerrilla Commando-leven (Amsterdam 1901; On Commando, London 1902). His father, Rev. N.J. van Warmelo, born in a Dutch family of ministers, went to South Africa in 1863 and became the Dutch Reformed Church minister in Zoutpansberg and Heidelberg. Dietlof was destined for the ministry from an early age and, after education in Heidelberg, Pretoria, Cape Town, and Gymnasium Amersfoort (Netherlands), became a student in theology at the University of Amsterdam in 1893 and, from 1894, at Utrecht.

His high school and university years in the Netherlands took place within the framework of the cooperation between the Transvaal Commission for Dutch Scholarships and the Amsterdam NZAV Foundation Studiefonds for South African Students. The Studiefonds, in particular its secretary, Prof. Dr. C.B. Spruyt, professor of Philosophy at the University of

Amsterdam, was in regular contact with him and his father, and after the late's death in 1892, his mother, Marie E.M. van Warmelo-Maré. Their correspondence, in the archives of the Studiefonds, shows that Dietlof began his studies with conviction but gradually failed. He quit after three years, apparently due to health problems, but in reality, because he lost faith in church theology.

KEYWORDS: Revd. N.J. van Warmelo, 19th Dutch reformed orthodoxy and liberalism; tradition, bible and science, natural theology; Dept of Theology University Utrecht, Studiefonds voor Zuid-Afrikaanse Studenten in Nederland; Marie E.M. van Warmelo-Maré, Dietlof S. van Warmelo

TREFWOORDEN: ds. N.J. van Warmelo, 19de eeuwse Hervormde orthodoxie en liberalisme; traditie, bijbel en natuurwetenschap, natural theology; Faculteit Theologie Universiteit Utrecht, Studiefonds voor Zuid-Afrikaanse Studenten in Nederland;, Marie E.M. van Warmelo-Maré, Dietlof S. van Warmelo.

SAMENVATTING

Dietlof S. van Warmelo (1872–1966) is bekend om zijn deelname aan de Anglo-Boeren Oorlog, beschreven in *Mijn Commando en Guerilla Commando-leven* (Amsterdam 1901, *On Commando*. London 1902). Hij was een zoon en de gedroomde opvolger van de in Nederland geboren en opgeleide ds. N.J. van Warmelo, predikant van de NHK in Transvaal. Hij ging school in Heidelberg Tvl, Pretoria en Kaapstad, vervolgens in Nederland op het Gymnasium te Amersfoort en studeerde theologie aan de Universiteiten van Amsterdam 1893 en Utrecht 1894-96. Die opleiding in Nederland was mogelijk door de samenwerking van het Transvaalse Beurzen Comité met het Amsterdamse Studiefonds voor Zuid-Afrikaanse studenten in Nederland. Prof. dr. C.B. Spruyt, hoogleraar wijsbegeerte te Amsterdam en secretaris van het Studiefonds, had regelmatig contact met Dietlof en zijn vader, en na overlijden van die vader in 1892 met zijn moeder, Marie E.M. van Warmelo-Maré. Hun briefwisseling, bewaard in het archief van het Studiefonds, toont dat Dietlof langzamerhand vast liep in zijn studie. Na drie jaar riep zijn moeder hem om gezondheidsproblemen terug naar Pretoria, die in feite echter uiting was van zijn verliezen van het geloof in de traditionele kerkelijke theologie.

1. Dietlof S. van Warmelo

In Zuid-Afrika is de naam van Dietlof van Warmelo aan velen bekend: *Mijn Commando en Guerilla Commandoleven door D.S. van Warmelo* was een van de eerste beschrijvingen van het leven van de Boerenstrijders in de Anglo-Boerenoorlog. En het verscheen nog terwijl de strijd nog voortging. Van Warmelo werd op 3 april 1901 bij Lichtenburg gevangen genomen en werd op 6 mei uit Durban naar India verscheept. Een paar maanden later zag hij kans in het kamp Ahmednager zijn belevenissen te beschrijven en vervolgens het manuscript onopgemerkt Nederland laten bereiken, waar het direct verscheen, met een Voorwoord van zijn neef Frederik van Eeden, Walden, 1 October 1901.¹

¹ D.S. van Warmelo, *Mijn Commando- en Guerilla-Commando leven* (Amsterdam, W. Versluys 1901, 217 pp.). Walden was Van Eedens kolonie onder Bussum. Van Eedens moeder was een zuster van N.J. van Warmelo. Van Eeden was dus een neef van Dietlof van Warmelo, niet een oom, zoals V. Kuitenbrouwer stelt in *War of Words. Dutch Pro-Boer Propaganda and the South*

Dietlof Siegfried van Warmelo was toen 29 jaar en ongehuwd – zijn boek werd opgedragen aan zijn moeder.² Onder zijn medestrijders stond hij bekend als ‘de student’. Hij had inderdaad een aantal jaren theologie in Amsterdam en Utrecht gestudeerd, maar had die studie niet voltooid, onderbrak haar en ging 1896 terug naar Zuid-Afrika, het heette om gezondheidsproblemen, ‘zijn hart was niet in orde’.³ Hij hielp zijn moeder, die op het landgoed ‘Harmony’ bij Pretoria woonde, en was ambtenaar toen de oorlog begon. Na de oorlog heeft hij de studie theologie niet weer opgenomen en werd tenslotte bibliothecaris van het departement van Landbouw.

2. N.G. van Warmelo

Dat Dietlof theologie ging studeren, was vanzelfsprekend. Hij was de oudste zoon⁴ van ds. N.G. van Warmelo (1835–1892), die uit een oude Nederlandse familie stamde die al generaties lang van vader op zoon predikanten leverde aan de Nederlands Hervormde kerk.⁵ Toen N.G. van Warmelo in 1858 afstudeerde kreeg hij echter nergens een beroep, hoeveel preken hij her en der ook uitsprak; er was die jaren een groot overschot aan proponenten. Omdat hij financieel afhankelijk was van zijn moeder, schepte hij zich eind augustus 1862 in op een boot met Kaapstad als bestemming. Hij hoopte daar predikant te kunnen worden. Maar ook daar kreeg hij geen beroep. Tenslotte kon hij een beroep van de gemeente Zoutpansberg in Transvaal aannemen, waar hij medio juli 1864 arriveerde met Josine van Vollenhoven, die hij eerst in Nederland had getrouwd. Zij overleed in januari 1865; april 1867 hertrouwde hij met Maria Magdalena Elisabeth Maré, een in Engelssprekende omgeving opgegroeide Voortrekkersdochter; haar vader, Dietlof Siegfried Maré, was een vooraanstaand man in Transvaal: ivoorjager, zakenman, landdrost. In 1868 verliet N.G. van Warmelo Zoutpansberg en werd predikant van Heidelberg. Daar werd op 4 augustus 1872 Dietlof Siegfried geboren.

3. Voorbereidend onderwijs

Om ooit theologie te gaan studeren volgde Dietlof na het lager onderwijs de Opleidingsschool van meester Wessel Louis te Pretoria, de toen enige middelbare school in Transvaal. Na enkele jaren werd hij leerling van de Normaal School te Kaapstad en in juni 1890 ging hij, 18 jaar oud, samen met zijn 16-jarige broer Willem, naar Nederland. Hun vader was lid van de Commissie der Hollandsche Studiebeurzen, waarvan de Superintendent van Onderwijs ds. S.J. du Toit voorzitter en Wessel Louis secretaris was. De Commissie werkte nauw samen met de in 1885 door de Nederlands-Zuid-Afrikaanse Vereniging (NZAV) te Amsterdam opgerichte Stichting Studiefonds voor Zuid-Afrikaanse Studenten, waarvan prof. dr. C.B. Spruyt secretaris was.⁶ Dat die twee jongens Van Warmelo naar Nederland gingen, moet Louis

African War 1899–1902 (Amsterdam 2012) 131; ten onrechte stelt hij ook dat Dietlof, ‘bij the time the war started had finished his education, returned and joined a Boer commando’, zoals hier onder duidelijk maakt.

² Marie M.E. van Wamelo-Maré (1850–1916), weduwe van ds. J.N. van Warmelo.

³ C. Beelaerts van Blokland 1897, aangehaald in G.J. Schutte, ‘Beste Cornelis! Brieven van Johnna van Warmelo en Mevr. Marie M.E. van Warmelo-Maré aan Jhr. Cornelus Beelaerts van Blokland’, *Tydskrif vir Geesteswetenskap* 63 (2023) 1012.

⁴ Een eerdere zoon, Gerhard, 1868 geboren, was 1870 overleden. Dietlofs jongere broers Willem en Frits studeerden in Delft (ingenieur) en Cambridge (rechten).

⁵ A.D. Pont, *Nicolaas Jacobus van Warmelo 1835–1892* (Utrecht 1951).

⁶ Prof. dr. C.B. Spruyt (1842–1901), wis- en natuurkundige, 1877 hoogleraar wijsbegeerte aan de Universiteit van Amsterdam.

verrast hebben, hij mopperde al jaren over het feit, dat Commissielid Van Warmelo zijn zoons geen Hollands maar Engelse onderwijs liet volgen. In april 1887 bijvoorbeeld had hij aan Spruyt geschreven: *‘Dat v. Warmelo zijn jongens niet naar Holl zendt ter opvoeding, doet ons veel kwaad’*.⁷ En ook: *Ds v. Warmelo is een type van een epicurist. Z. Ew. geniet het goede v.d. aarde, zorgt uitmuntend voor ego en verder “advienne que pourra”*. Een Holl. school in Heidelberg kon [volgens van Warmelo] nooit wortel schieten; een Eng. wel, deze wordt geregeld gehouden in de Holl. kerk v. Warmelo en Z.E. eigen kinderen moeten op de Eng. school gaan, niet op een Holl., omdat Z. Ew. zijn kinderen niet opvoedt voor de Z.A.R. maar voor Z. Afrika, dit is de machtspreuk van Z. Ew., waar achter hij altoos schuilt.⁸ Des te groter was de verbazing van Louis toen Van Warmelo hem op 17 juli 1890 kwam zeggen dat hij *Dietlof, 18 jr, gematriculeerd en bestemd v. Pred. v.d. Herv. K., en Willem, 16 jaar ... beide 5 jaar aan de Kaap bij Dr. van Oordt,*⁹ ... [had] bestemd voor Amsterdam, Dietlof op het gymnasium, Willem op H.B.School met bestemming ingenieur. Het is zulk een gewichtig besluit, van zoo groot belang voor onze zaak, wist Louis. Ik hoop met warmte, dat dit zal lukken, ... Dietlof is zeer ambitieus, W. wat minder, maar goede kop. Beide zijn lieve jongens, hebben lieve zachte leiding noodig. Lukt deze zaak, dan kan dit onze Holl. zaak ontzaggelijk helpen’.¹⁰

De jongens Van Warmelo gingen dus in het kader van de samenwerking tussen de Commissie in Pretoria en het Studiefonds in Amsterdam. Dat betekende dat het Studiefonds een soort voogdij en toezicht over de leerlingen uitoefende: het bepaalde hun huisvesting en schoolkeus, de voortgang van hun studie, hun zakgeld, bezigheden in hun vrije tijd (muzieklessen, sportclubs), vakanties. Het Studiefonds lette ook op de financiële zijde (gebaseerd op beurzen en ouderlijke bijdragen). Regelmatig verwachtte secretaris Spruyt rapportage van de pupillen, de gastouders, de school.

Dietlof en Willem kwamen vorige week hier aan, meldde schreef hun oom A. Knottenberg te Vlaardingen op 20 augustus 1890 aan Prof. Spruyt.¹¹ Die bewerkte, dat zij te Amersfoort konden wonen bij de HBS-leraar F. Wesseling en Dietlof leerling werd van het stedelijk Gymnasium en Willem van de HBS-afdeling – hij zou daarna naar Delft gaan. *Het bevalt ons hier heel goed*, schreef Dietlof op 11 september 1890 aan Spruyt: *Wij gaan ’s avonds te kwart over tien naar bed en staan ’s ochtends te 6 ure op, zoodat er geen gevaar is van ons te zullen overwerken. Willem is in de derde klasse gekomen Ik denk ik zal voor wiskunde toegelaten worden. Ik vind dat de Hollandse jongens veel meer weten dan de Kaapse. Maar hier heeft men ook zes uur school op een dag, terwijl wij maar vijf uur hadden en hier leest men zes uur Latijn en Grieksch per week, terwijl wij er maar drie keer per week leerden; en zaterdags gingen wij ook nooit naar school.*¹² Die achterstand verklaarde, dat hij in klas III geplaatst werd, met januari 1891 klas IV.¹³

⁷ Amsterdam, Zuid-Afrika Huis, Archief: Collectie 086 Studiefonds voor Zuid-Afrikaanse Studenten, inv. nr. 153, 21.4.1887 W. Louis aan C.B. Spruyt.

⁸ Studiefonds inv. 153, 8.4.1887 W. Louis aan C.B. Spruyt.

⁹ Dr. J.W.G. van Oordt (Utrecht 1826–1904 Kaapstad), classicus, docent, journalist.

¹⁰ Studiefonds inv.156, 18 juli 1890.

¹¹ Studiefonds inv. 114, 20.8.1890 A Knottenbelt, notaris, was gehuwd met een zuster van N.J. van Warmelo.

¹² Studiefonds inv. 114, 11.9.1890.

¹³ Studiefonds inv. 114, 21.12.1890.

4. Geloven en weten

Tevreden was ook Wesseling. Op Tweede Kerstdag 1890 rapporteerde hij aan Spruyt dat Dietlof en Willem *nog geen catechisatie volgen, tot er een gematigd orthodox predikant beroepen is, zij gaan wel naar de kerk bij dr. Graswinckel en Immink*.¹⁴ Het is onbekend, of die opmerking een reactie was op een brief van hun vader van 25 november 1890 aan prof. Spruyt: *dank van uw melding dat de Chr. Geref, predikant te Amersfoort J.J. de Visser waarschuwt voor dr. Graswinckel, bij wie mijn zoons catechisatie volgen: hij ontkent de Godheid van Christus, het persoonlijke bestaan van de H. Geest, de verzoening met God door het bloed van Christus. Tevens ds. Immink. U kent Transvaal, u weet dat een predikant met de van Graswinckel toegeschreven opvattingen beter in Holland kunnen blijven. Onbekend met de tegenwoordige richting van Graswinckel en Immink, ben ik niet bevoegd om in dat geschil te komen, en laat u toe je op te lossen*.¹⁵

Dit roept de vraag op: wat geloofde Dietlof van Warmelo zelf eigenlijk? Welke overtuigingen en opvattingen had hij van huis uit meegekregen? Zijn vader, Nederlands Hervormd predikant, stond niet in de smaak bij (zwarte) orthodoxe Hervormde gemeenten in Nederland en onder Doppers en methodistisch-Schotse Kapenaren evenmin.¹⁶ De vraag ‘Zijt gij bekeerd?’, hem tijdens het Kaapse Colloquium in 1862 voorgelegd, weigerde hij te beantwoorden: hij wilde alleen ondervraagd worden over zijn [theologische] kennis, het geloof dat bewezen en begrijpelijk is. Volgens zijn biograaf A.D. Pont wast hij ‘n links-orthodokse theoloog was, een gematig-liberaal’, die ‘ten opsigte van die sentrale waarhede van die Bybels-reformatoriese teologie nog behoudend was, alhoewel Scholten en Kuenen se begrippe natuurlik ’n rol in sy gedagtengang gespeel het’.¹⁷ Als lid van een traditionele, deftige domineesfamilie voelde hij zich thuis in het traditioneel goed protestants Holland, liberaal-conservatief en een beetje anti-Rooms en later geen vriend van dr. A. Kuyper. Hij zette zich tegen het methodistisch-gereformeerde streven van Frans Lion Cachet, maar ook tegen een band van de Verenigde N.H. en G. Kerk met de Kaapse kerk. Toen C.J. Joubert (Pretoria) in 1886 een dominee voor zijn Nederlands Hervormde gemeente zocht, moest hij ‘oud Hervormd zoals v.d. Hoff, Smits en van Warmelo [zijn], en tegen de Kaapsche kerk’.¹⁸ In lijn ermee was Van Warmelo’s opmerking, hoe ‘jammer dat zooveel Hollanders hier komen zonder eenige godsdienstige behoefte, godloochenars en daarbij een goddeloos leven leiden’ en daardoor een anti-Hollandse stemming opriep – die zelfs een rol speelde in de politiek en de verhouding tussen Piet Joubert en Paul Kruger.¹⁹

Ds. N.J. van Warmelo overleed, onverwacht, na een kort ziekbed (influenza, schreef W. Louis²⁰) op 21 april 1892. Hij had een dierbare wens: : *‘dat Dietlof als eerste Vaalpens predikant*

¹⁴ Studiefonds inv.114, 26.12.1890. D.P.M. Graswinckel was 1871–1901 predikant te Amersfoort, W.J. Immink 1876–1896. J.J. de Visser (1829–1919) was sinds 1856 predikant, 1879–1897 te Amersfoort.

¹⁵ Studiefonds inv. 114, 25.11.1890 Heidelberg, Tvl.

¹⁶ Aldus S.P. Engelbrecht, *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* (Kaapstad-Pretoria 1953 derde uitgawe) 178.

¹⁷ Pont, *Van Warmelo*, 29; zie ook S.P. Engelbrecht....

¹⁸ Studiefonds inv. 113, 12.4.1886 Pretoria, C.J. Joubert, ouderling, aan Jhr. Mr. G.J.Th. Beelaerts van Blokland.

¹⁹ Studiefonds inv. 115, 5.6.1891 N.J. van Warmelo aan C.B. Spruyt. Zie uitvoerig over de ‘Hollanderhaat’ in G.J. Schutte, *De Hollanders in Krugers republiek* (Pretoria 1968).

²⁰ Studiefonds inv. 159, 23.4.1892 W. Louis aan prof. dr. C.B. Spruyt. Het *Utrechts Prov. en Sted, Dagblad*, 23.5.1892 gaf het bericht van het overlijden van ds. N.J. van Warmelo, ontleend aan de

*hier [in Transvaal] gaat worden!*²¹ Zijn weduwe wist dat en deelde die wens. Toen Dietlof ging studeren, in 1893, schreef zij: *Dietlof wil verder studeren in Amsterdam, van mij goed, als hij maar 'hervormd predikant' wordt in de kerk die zijn vader meer dan 25 jaar diende.*²² Traditionele vormen, gebruiken en denkbbeelden – Dietlofs jongste zus Johanna ging naar de Presbyteriaanse diensten omdat de kerk van haar vader organisatorisch veranderde. Later omhelsden Johanna en haar moeder theosophie en spiritisme, een nieuwe vorm van hoger, wetenschappelijk geloven.²³

5. Studie

Het overlijden van zijn vader veranderde de studie-inzet van Dietlof niet. Hij was *een zeldzame uitzondering, bezat een ernst boven zijn jaren*, had Spruyt eens aan zijn vader geschreven.²⁴ Dietlof kende de wens van zijn vader en zag zijn toekomst in die vorm. Zijn aanvankelijke vrees, dat er geen geld voor de dure studie van hem en zijn broer in Holland zou zijn, bleek niet nodig en beiden studeerden goed door. Zomer 1892 mochten beide jongens zelfs een reisje naar Chicago maken, hun moeder schreef dat ze 'een buitenkansje' had.²⁵ Dietlof werkte hard voor zijn examen. *Eén drukke zaak is nu achter de rug*, schreef Wesseling: *zijn aanneming die ik eergisteravond met groote voldoening heb bijgewoond en die hem weken lang met grote ernst vervuld had. Morgen, Goede Vrijdag [3 april 1893], voormiddag met zijn bevestiging [door ds. H.J. ter Haar Romeny], gaan we dan aan het Avondmaal*.²⁶ In juli 1893 deed Dietlof eindexamen, Prof. Spruyt, een van de gecommitteerde examinatoren, schreef aan Mevrouw Van Warmelo: *ik heb 'met genoegen Dietlof een zeer verdoende examen [zien] afleggen. Zijn aanleg is voor diverse vakken middelmatig maar met plichtsbesef en stalen ijver brengt hem boven het bovengemiddelde*'.²⁷

Op 18 september 1893 schreef Dietlof zich in als inwoner te Amsterdam,²⁸ onderging de groentijd en begon met de studie. Misschien waren het de colleges of gesprekken met medestudenten, of hij gunde zich nu tijd om na te denken over langzamerhand opgekomen gevoelens en gedachten, maar na een tijdje stortte hij zijn hart uit bij prof. Spruyt. Die schreef aan mevrouw Van Warmelo: *Dietlof had in het voorjaar een periode waarin hij met schrik vooruit zag dat hij de opleiding voor predikant zou moeten opgeven, omdat hij, zooals hij zeide – hij niet meer gelooven kon dat alles, wat in den Bijbel staat, juist zoo geschied is, als het daar staat, terwijl hij ook de voorstelling van de Godheid hier en daar in het Oude Testament gegeven, zeer onchristelijk vind. Ik heb hem geraden zich niet deze zaak vooral niet te haasten en hem gewezen op het onvermijdelijk verschil in opvatting bij kinderen en eenvoudigen eenerzijds bij meer ontwikkelden anderzijds. Later heeft hij, waarschijnlijk door uw brieven, de overtuiging gekregen dat zijn vader, die zulk een zegenrijken arbeid in Transvaal verricht*

Volksstem (Pretoria), samen met een berichtje over de influenza in Pretoria.

²¹ Studiefonds inv. 157, 29.8.1891 W. Louis aan C.B. Spruyt.

²² Studiefonds inv. 117, 12.5.1893 Heidelberg, mevr. M. van Warmelo aan C.B. Spruyt..

²³ Schutte, 'Beste 'Cornelis', 1011, 1014-1015.

²⁴ Studiefonds inv. 115, 12.10.1891 Amsterdam, C .B. Spruyt aan N.J. van Warmelo.

²⁵ Studiefonds, inv. 117, 12.5.1893 Heidelberg, M. van Warmelo aan Prof. dr. C.B. Spruyt.

²⁶ Studiefonds, inv. 117, 30.3.1893 Amersfoort, F. Wesseling aan C.B. Spruyt [toevoeging]

²⁷ Studiefonds, inv. 118, 19.7.1893. Amsterdam, C.B. Spruyt aan mevr. Van Warmelo.

²⁸ Stadsarchief Amsterdam.

heeft, ook niet de Bijbelsche verhalen en de oudtestamentische voorstelling van God zoo letterlijk opnam als men hem te Kaapstad geleerd had te doen.²⁹

Omdat de Amsterdamse opleiding verder stond van het ambt van predikant in de Hervormde Kerk, schreef Dietlof zich met het tweede studiejaar in als student in Utrecht. Hij begon met verkennen van de nieuwe omgeving: *Ik ben bezig me inburgeren in Utrecht. Lid Corps, maar eet in het Haagsch Koffiehuis omdat het voor mij moeilijk voor mij is, mij aan te sluiten bij anderen, daar allen hun tafels reeds verleden jaar gevormd hebben, en ik wij daar niet bij wil indringen. Om kennis te maken met de studenten woon ik de meeste gemakkelikheden, zoals kroegjolen.... Colleges volgen doe ik trouw.*³⁰ Bij zijn inschrijving als student theologie in het Kerkelijk Album ontstond opeens een onverwacht probleem: in Amsterdam had die inschrijving geen probleem geweest, hij had gewoon betaald, f 100. Maar in Utrecht maakte prof. Tj. Cannegieter³¹ een probleem: bij de inschrijving moesten de studenten beloven zich na hun opleiding te verbinden aan de Evangeliebediening in de Nederlandsche Hervormde Kerk in het Vaderland. Maar Van Warmelo wilde na voltooiing van de studie naar Afrika; ook moest hij weer betalen, ook al had hij dat in Amsterdam al deed. Spruyt, door Dietlof geïnformeerd, nam vertrouwelijk contact op met Ds. M.A. Perk over wat hij *doctrinarisme van Cannegieter* noemde. Perk was Waals predikant te Amsterdam en voorzitter van de Synodale Commissie van de Ned. Hervormde Kerk.³² Hij adviseerde de kwestie officieel voor te leggen aan de Synodale Commissie.³³ Die besloot de dag voor Kerst 1894 dat de kerkelijke hoogleraren te Utrecht moeten begrijpen dat uit die bepaling over de ondertekening in het Kerkelijk Album 'geene wettelijke bepaling voortvloeit'.³⁴ Met andere woorden: wie in Utrecht studeert, is erna vrij buiten de NHK predikant te worden.

6. Moederlijke zorgen

Eind november 1894 schreef Mevrouw van Warmelo een brief aan Prof. Spruyt.³⁵ Zij begon met haar verontschuldiging, dat zij op zijn brief van augustus nog niet had gereageerd. Ze had geen tijd gehad, want ze was rondom de bevalling van haar dochter Line in Pretoria, daarna was dochter Johanna ziek en nu haar komende verhuizing, want: *I am leaving Heidelberg for good. It is a great undertaking and requires courage to leave a place where one has spent the best part of ones life.* In Pretoria had zij een huis gekocht. En toen de kern van haar schrijven: *What Dietlof intends to do later, I know not. His letters are sometimes so full of doubts and as you say, he is so honest; has such a strong sense of right and wrong, he will never preach what he does not believe – Whatever happens later. I shall not trouble myself about at present. When he has gone through his studies and comes home he can always take up something else to do should he feel himself unfit as a clergyman, he wil have had a good education, and for such, there are always places open and work to do.*

²⁹ Studiefonds inv. 119, 6.8.1894 Amsterdam, NZAV Spruyt aan Mevr. Van Warmelo-Maré. Dacht Spruyt dat N.J. van Warmelo in Kaapstad studeerde?

³⁰ Studiefonds, inv. 119, 12.10.1894 Utrecht, Dietlof van Warmelo aan Spruyt.

³¹ Hoogleraar geschiedenis van de NH Kerk en NHK kerkrecht te Utrecht, 1876–1918.

³² Studiefonds, inv. 119, 25.11.1894 Amsterdam, NZAV Spruyt aan M.A. Perk.

³³ Studiefonds inv. 119, 26.11.1894 Den Haag, M.A. Perk aan Spruyt; Studiefonds, 119, 3.12.1894 Amsterdam, Spruyt aan Synodale Commissie

³⁴ Studiefonds. inv. 119, 24.12.1894 's-Gravenhage, Algemene Synodale Commissie NHK aan Prof. dr. C.B Spruyt.

³⁵ Studiefonds, inv. 119, 25.11.1894 Heidelberg. Mevr. van Warmelo-Maré aan C.B. Spruyt.

De brieven van en over Dietlof in het archief van het Studiefonds uit 1895, een tiental, geven aan dat hij dat jaar tevreden de studie voortzette: *Utrecht bevalt me zeer goed. Hoe langer ik hier ben, hoe aangenamer vind ik. Doordat ik hier familie heb [oom en tante Tengbergen-van Warmelo] hoe aangenamer ik het vind.*³⁶ Wat de studie betrof: *Examens had Dietlof in dit tweede jaar van zijn studie niet te doen*, schreef Prof. Spruyt in augustus 1895 aan zijn moeder.³⁷ *Hij is eenigszins bezorgd geworden voor zijn gezondheid, en ik denk dat die bezorgdheid hem van overbodig blokken terug zou houden.* (wat hij wel voor zijn eindexamen Gymnasium deed, volgens Spruyt). Mevrouw Van Warmelo kende haar zoon beter en antwoordde: *It is a pity that Dietlof's health is not so good for hard study, so I thought it was wiser to allow him more time.*³⁸ Want echt goed ging het niet met Dietlof. Eind april 1895 al bekende hij dat hij een periode niet had kunnen studeren 'door sufheid in het hoofd' en wanneer ik trachtte mij daar over heen te zetten werd het al erger. Ook nu kan slechts een beetje studeren, regelmatig een tenniswedstrijdje spelen en één keertje Hilversum.³⁹ Wel organiseerde hij buiten de collegeperiodes uitstapjes en vakantietripjes samen met zijn broer Willem.⁴⁰ Ook maakte hij kennis met de toen bekende predikant dr. A.W. Bronsveld over de nog steeds niet geheel opgeloste kwestie van de betaling van het Kerkelijk Album.⁴¹

De Jameson Raid, eind december 1895, raakte de jongens Van Warmelo diep. Zal de strijd zich uitbreiden, schreef Willem, hoe veilig zal de familie in Pretoria zijn?⁴² Dietlof logeerde die dagen bij neef dr. F. W. van Eeden op Walden.⁴³ De neven hebben elkaar daar gestimuleerd tot pro-Boer enthousiasme en actie. Van Eeden schreef vurige brieven aan zijn Engelse vrienden en vriendinnen, en Dietlof zond, terwijl de details van de overgave van de invallers nog ontbraken, een ingezonden aan het *Algemeen Handelsblad* 'iets over de Transvaalsche wijze van oorlog voeren', dat op 16 januari 1896 afgedrukt werd.⁴⁴ Dat ingezonden was '*not bad and the subject is appropriate*', schreef zijn moeder aan Spruyt.⁴⁵ Dietlof zag er goed uit, maar *his head still troubled him*, zei Spoorwegbaas Middelberg haar, die Dietlof onlangs had ontmoet. *It may pass over; otherwise I fear it will interfere with the completion of his studies*, noteerde zij aarzelend op 23 februari 1896.⁴⁶

Twee weken later was die aarzeling voorbij. Ze schreef op 9 maart 1896 aan Spruyt: *'Dietlof's last letters have caused me so much anxiety on account of his health that I have decided to let him return to Transvaal, first for a year or so, if he is quite better and able to study again, and wishes to return to complete his education, he will return. This unnecessary trip will cost money, but on the other hand, he is spending money in Holland while he is doing almost nothing, and in the meantime losing his health. The change will perhaps set him completely up again. I only regret that he did not come a year ago. After his final exam his*

³⁶ Studiefonds, inv. 120, 25.2.1905 Utrecht, Dietlof van Warmelo aan (C.B. Spruyt).

³⁷ Studiefonds, inv. 120, 26.8.1895 Amsterdam, C.B. Spruyt aan mevr. Van Warmelo-Maré.

³⁸ Studiefonds, inv. 120, 15.9.1895 M. van Warmelo aan C.B. Spruyt.

³⁹ Studiefonds, inv. 120, 29.4.1985 Utrecht, Dietlof van Warmelo aan prof. Spruyt; één keertje Hilversum [een wedstrijd op 't Merkhuisje [dat jaar officieel opgericht]?].

⁴⁰ Studiefonds, inv. 119, 17.6.1895, 2.7.1895 en inv. 120, 10.9.1895, 9.10.1895.

⁴¹ Studiefonds, inv. 120, 6.12.95 D.S. van Warmelo aan C.B. Spruyt.

⁴² Studiefonds, inv. 121, 2.1.1896 F. Wesseling aan C.B. Spruyt.

⁴³ G.J. Schutte, 'De neuswijsheid van Frederik van Eeden', *Op de zolders van de Keizersgracht* (Amsterdam 2016) 24-27.

⁴⁴ *Alg. Handelsblad*, 16.1.1896 Eerste blad; het werd ondermeer overgenomen in de *Prov. Drentsche en Asser Courant*, 17.1.1896.

⁴⁵ Studiefonds, inv. 121, 23.2.1894 Pretoria, M. van Warmelo aan C.B. Spruyt.

⁴⁶ Studiefonds, inv. 121: 22.2.1896 Pretoria, 'HJarmony', M. van Warmelo-Maré aan Prof. Spruyt.

head troubled him in the same way and the trip to Chicago did hem much good so I must hope fort he best. It is a great disappointment, but we can do nothing in such a case. My brother in law [H.H. van Warmelo, Woudenberg] with give him the needfull funds. I shall write again soon. Dietlof will no doubt go at once to see you on the receipt of my letter'.

Naar huis

Dietlof ontving zijn moeders brief terwijl hij op vakantie in Dantzig was. Terug in Utrecht, kondigde hij Spruyt zijn afscheidsbezoek aan.⁴⁷ Het vertrek van Dietlof deed J.H. Gunning Wz, voorzitter van het Studiefonds, 'veel leed, hoopte dat de reis hem goed zal doen en hij later zijn studies zal kunnen hervatten'.⁴⁸ Dietlof was kennelijk opgelucht, hij regelde snel en efficient zijn vertrek. Op 2 mei 1896, al dagen op zee, schreef hij aan boord van de 'Hawarden Castle' aan Spruyt een hartelijke dankbrief. Opmerkelijk valt dit zinnetje er in op: 'Met de gezondheid gaat het uitstekend. Ik word niet meer zoo gauw moe'. Op 10 mei 1896 schreef hij Spruyt een briefkaart: 'gisteravond laat ben ik thuis gekomen. ... De moeder en de zuster waren opgebleven ofschoon ik om half twee aankwam'.

Drie maanden later stuurde Spruyt uit Amsterdam een brief aan mevr. Van Warmelo, eerst over financiële zaken, dan over Willem en daarna: 'Dietlof is nog niet goed, maar ik verwacht dat hij goed zal worden, zijn kwaal is m.i. tijdelijk – de inval van Jameson deed hem denken aan het vaderland, en zijn Afrikaansche versje werd bekend en de dagbladen achtervolgden hem om meer, en mensen die hem opzochten en iets van hem over Afrika wilden weten. Daarbij kwam nog de onzekerheid of hij wel welbespraakt genoeg zou blijken om als predikant te kunnen optreden, en die hem reeds vóór de gebeurtenissen van Jameson de dingen wat zwaar deed inzien, dat verklaarde voor mij zijne ongeschiktheid voor hersenarbeid volkomen ook zonder lichamelijke invloeden als de aandoeningen van het hart. Hopelijk dat hij hersteld, Ik kan hij m.i. een goede predikant worden, als zou het preken misschien wat lastig is'.⁴⁹

In diezelfde dagen beschreef ook Dietlof aan Spruyt zijn ervaringen in de vier maanden na zijn terugkeer. Allereerst de kennismaking met de man van zijn zus Line, Henry Cloete, die waarnemend vertegenwoordiger van Engeland in Pretoria was, 'een degelijk mensch in alle opzichten ... in zijn doen en laten een Engelschman dan een Boer, maar verder is hij in zijn gezindheid tamelijk Transvaalsch gezind. Ik heb een buitenkansje door zijn tijdelijke aanstelling want ik fungeer ongeveer als klerk van hem en maak vrij wat geld – meer dan 20 Pond tot nu door kopie- en vertaling werk. Soms ga ik naar een 'plaats' en dan gebeurt het wel eens dat mij gevraagd wordt van godsdienstoefening te houden, waar ik echter voor bedank. Ik houd veel van de Boeren en ga zelfs liever met hen om dan met de Europeanen die hier zijn. ... Ik zou gaarne mijn geheele leven hier willen slijten. Het boerenleven bevalt mij meer dan de studie. 't Is zo ongeveer zeker dat ik niet naar Nederland terug zal keeren. Maar voor Houtvester zou ik wel willen studeeren. Voorloopig echter maak ik mij over niets bezorgd'.⁵⁰ Hij vertelde ook nog, dat zijn jongere broer Frits die week naar Londen ging om tot advocaat te studeren: hij wilde niet in Nederland studeren, 'en bovendien is de studie daar te lang en te moeilijk voor ons'. Bedoelde hij met 'ons' ook hemzelf?

⁴⁷ Studiefonds, inv. 121, briefkaart 7.4.1896

⁴⁸ Studiefonds, inv. 121, 14.4.1896 J.H. Gunning Wz aan Spruyt.

⁴⁹ Studiefonds, inv. 121, 21.8.1896 Amsterdam, NZAV, Spruyt, Voorz. Studiefonds, aan Mevr. N.J. van Warmelo geb. Maré.

⁵⁰ Studiefonds. inv.121, 16.8.1896 Pretoria. Harmony, Dietlof S. van Warmelo aan Spruyt:

*'Dietlof is lowly getting better, schreef mevr. Van Warmelo begin december 1896 aan Spruyt. His heart does not trouble him so much and he does not get so easily tired as formerly. He went to an farm in the Waterberg district voor six weeks, and came home looking very well and stout. At present he is in the Cape accompany [Line, gevestigd op Alphen] What his plans for the future are, I cannot tell you. In any case he intends to return to Holland as soon as he is completely recovered. He has not yet tried his brain by studying, but he can read light-literature without getting congestion, this he could not to do on his arrival here. It is a deplorable state of affairs, but nothing can be done daresay. He will write to you when he has come to any decision. I do not want him to worry about the future, at present he must take life easy and with his education he needs never starve in Transvaal'.*⁵¹

Een half jaar later meldde Dietlof aan Spruyt, dat zijn moeder, zus Johanna en het gezin Cloete naar Londen zullen gaan, en zijn moeder en Johanna dan verder naar Holland. Hij bleef op Harmony, maar hij ging weer studeren, misschien nog een jaar in Nederland, daar ma dat wil en ik de studie voltooi.⁵² Die tijd van studie kwam niet, niet nadat zijn moeder en zus weer terug waren uit Europa, niet na de oorlog: Dietlof is thuis, hard bezig weer op Harmony, schreef zijn moeder in augustus 1907.

Dietlof werd dus nooit predikant, hoewel zijn ouders en ook hijzelf dat van jongs af als een vanzelfsprekendheid aannamen. De mogelijkheden en omstandigheden waren er, de praktische problemen oplosbaar. Hij was misschien geen intellectueel academisch hoogvlieger, maar hij bezat gezond verstand, doorzettingsvermogen en allerlei sociale eigenschappen die hem tot een goed predikant hadden kunnen maken, zoals ook Spruyt meende.⁵³ De gegevens over zijn hart-probleem lijken er op te wijzen, dat ze een psychische oorzaak hadden – zijn hart speelde niet op in de jaren van 1899–1902, zelfs niet bij gevechten, spanning, sobere voeding en hard bestaan, tenslotte gevangenschap. Zijn klachten over zijn hart en hoofdpijn kwamen niet op toen hij te hard werkte (blokte) voor zijn examen Gymnasium, maar pas toen hij ontdekte fundamentele elementen van Bijbel en kerkelijk-theologische uitgangspunten niet te kunnen geloven. Zoals zo velen in die jaren. Dietlof was geen rebel of opstandeling, maar de houding van zijn vader – die niet fundamenteel anders dacht – voldeed hem niet. Zijn moeder verwoordde het al: Dietlof was radicaal eerlijk, had een absolute visie op recht en kwaad, Misschien moet ook daarbij bedacht worden, dat in die dertig jaren tussen 1866 (toen zijn vader die oplossing aanvaardde) en 1896 veel veranderd was. Niet alleen waren de theologisch en kerkelijke tegenstellingen verscherpt, maar ook was de levensbeschouwing, gekenmerkt door traditie, vrome clichés, 'een zachten wandel en zedelijk peil',⁵⁴ geworden was tot een rationalistische intellectualisme en dan nog meer theosofie en spiritisme, de Natuur en natuurgeneeskunde, natuurlijke theologie. Dat was de wereld van zijn neef Frederik van Eeden, de dromer over de kleine Johannes en Windekind, en die van Dietlofs moeder en zus Johanna.⁵⁵ Dacht Dietlof van Warmelo echt heel anders? Ontsnapt aan de klassieke studie theologie, droomde hij in augustus 1896 over zijn toekomst: 'Het boerenleven bevalt mij meer dan de studie. 't Is zo ongeveer zeker dat ik niet naar Nederland terug zal keeren. Maar voor Houtvester zou ik wel willen studeeren'.⁵⁶

⁵¹ Studiefonds, inv. 121, 5.12.1896 Pretoria, Harmony, M. van Warmelo aan Prof. dr. C.B. Spruyt, Amsterdam.

⁵² Studiefonds, inv. 122, 8.5.1897 Pretoria, Dietlof van Warmelo aan prof. dr. C.B. Spruyt, Amsterdam,

⁵³ Hiervoor, bij nt 48.

⁵⁴ Van Warmelo, *Commando*, 197.

⁵⁵ Schutte, 'Beste Cornelis!'.
⁵⁶ Studiefonds. Inv. 121, 16.8.1896 Pretoria, Hamrmony, Dietlof van Warmelo aan prof. dr. C.B. Spruyt.

Voorskrifte aan skrywers

Die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* word gewy aan die publikasie van oorspronklike navorsings- en oorsigartikels in die teologie, die kunste en kulturele, sosiale, ekonomiese en opvoedkundige wetenskappe, sowel as aan boekbesprekings, kronieke en gedigte. Artikels of bydraes wat elders verskyn het, word nie vir publikasie oorweeg nie. Een eksemplaar van die uitgawe waarin 'n bydrae verskyn, word gratis aan die outeur verskaf. Indien 'n outeur meer eksemplare verlang, kan dit teen die heersende prys van die Akademiekantoor bestel word.

Die volgende **algemene voorskrifte** geld vir voorgelede manuskripte:

- Dien 'n **elektroniese kopie** in op die webwerf van die tydskrif: <https://www.tgwsak.co.za>. Manuskripte moet in dubbelspasiëring getik word in skrifgrootte Arial 12-punt met 'n 25 mm-linkerkantlyn.
- Die manuskripte moet **persgereed en taalversorg** wees. Skrywers moet skriftelik bewys lewer dat die artikel deur 'n **erkende taalversorger** geredigeer is. Vanaf **1 September 2026** geld die volgende voorskrif: Alle artikels sal NÁ KEURING EN HERSIENING na 'n professionele taalversorger, wat deur die redakteur geïdentifiseer word, gestuur word. Die faktuur van die taalversorger sal aan die skrywer(s) gestuur word. TGW hef geen bladgeld nie, maar onversorgde artikels sal nie geplaas word nie.
- Bydraes moet in Afrikaans of Nederlands geskryf wees en beperk wees tot tussen **8 000 en 10 000** woorde.
- Bydraes moet vergesel gaan van 'n kort *curriculum vitae* in Afrikaans en Engels (100-200 woorde) en 'n foto(s) van die outeur(s) in JPEG-formaat.
- Die bydrae moet vergesel gaan van 'n opsomming van **100-250** woorde in Afrikaans, Nederlands, Duits of Frans, plus 'n opsomming van **600-1 000** woorde in Engels. 'n Opsomming in 'n ander taal as Afrikaans moet 'n **vertaling van die titel** as opskrif hê.
- Outeurs moet 'n lys van **10-20 trefwoorde** in Afrikaans en Engels net ná die Engelse opsomming verskaf.
- **Illustrasies** of **grafika** moet van toepaslike onderskrifte voorsien wees en moet ten opsigte van grootte rekening hou met die formaat van die *Tydskrif*.

Opskrifte in die *Tydskrif* lyk soos volg:

1. **Hoofopskrifte** is in hoof- en kleinletters en vetdruk. Daar is 'n lynspasie tussen die hoofopskrif en die teks.
 - 1.1 Opskrifte is in hoof- en kleinletters en kursief; daar is 'n lynspasie tussen die opskrif en die teks.
 - 1.1.1 Subopskrifte is kursief; daar is 'n lynspasie tussen die opskrif en die teks.

Opskrifte kan soos bo genummer word indien 'n outeur dit verkies. Daar is geen punte ná opskrifte nie.

Opskrifte by tabelle lyk soos volg:

TABEL 2: Ekonomiese ontwikkeling volgens rassegroep

Onderskrifte by figure lyk soos volg:

Figuur 3: *Sistemiese interafhanklikhede in mensstrewes: Die waardestruktuur.*

Indien 'n opskrif of onderskrif 'n **subtitel** bevat, volg die subtitel ná 'n dubbelpunt en begin dit met 'n hoofletter, met inagneming van die gewone Afrikaanse patroon, byvoorbeeld die konvensie rakende die lidwoord 'n.

Plaas asseblief tabelle en figure op die regte plek in die teks.

Aanhalings en verwysings

- **Aanhalings** word nie kursief gedruk nie, ook nie as hulle in ander tale as Afrikaans is nie. Aanhalings wat langer as **drie reëls** is, word geïndenteer en nie tussen aanhalingstekens geplaas nie. Enige invoeging in 'n aanhaling staan tussen blokhakies. Raadpleeg die *Tydskrif* vir voorbeelde.
- **Afkortings** moet sover moontlik vermy word.
- **Literatuurverwysings** word volgens die verkorte Harvardmetode gedoen, met uitsondering van bepaalde vakgebiede.

Alle bibliografiese besonderhede word verstrek in die taal van die geraadpleegde bron, mits dit in die Romeinse alfabet is.

Voorbeelde:

- **Boek:** Olivier, DV. 1996. *Die nag van die vlieë*. Kaapstad: Blackwell.
- **Tydskrifartikel:** Van Wyk, B. 1993. Vesel voorkom hartsiektes. *SA Tydskrif vir Dieetkunde*, 19(3):56-59.
- **Hoofstuk in 'n boek:** Verhoef, G. 2012. 'n Ekonomiese geskiedenis van die 19de eeu. In Pretorius, F (red.). *Geskiedenis van Suid-Afrika: Van voortye tot nou*. Kaapstad: Tafelberg, pp. 201-217.
- **Internetbron:** Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

In Afrikaans:

- Mc Farlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Bronverwysings in die teks:

Volgens Swan (1996:45) ...
OF: ... (Swan, 1996:45) ...
OF: ... (Swan, 1996:45). [aan sinseinde]

Bladgeld

Geen bladgeld of koste vir die publikasie van artikels (APC's) in die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* is betaalbaar nie.

Outeursreg

Outeur(s) behou outeursreg in 'n artikel wat in die *Tydskrif* gepubliseer word.

Guidelines for authors

The *Journal of Humanities/Tydskrif vir Geesteswetenskappe* publishes original research and review articles in the subject fields of theology, languages, arts and culture, and social, economic and educational sciences, as well as book reviews, chronicles and poems. Articles or contributions published elsewhere will not be considered for publication in the *Journal*. An author will receive one complimentary copy of the edition in which his/her contribution appeared. More copies may be ordered from the publications office at the current price.

Submitted manuscripts should meet the following requirements:

- Submit an **electronic copy** to the journal's website: <https://www.tgwsak.co.za>. Manuscripts should be typed in double spacing in Arial 12 point, leaving a 25 mm left margin.
- Manuscripts have to be **edited and be ready for printing**. Authors have to submit proof in writing that their text has been language edited by a **recognised text editor/language practitioner**. From **1 September 2026** the following guideline applies:
All articles will be sent AFTER REVIEW AND REVISION to a professional language editor, identified by the editor-in-chief. The invoice from the language editor will be sent to the author(s). TGW does not charge a page fee, but unedited articles will not be published.
- Contributions should be submitted in Afrikaans or Dutch and be limited to **8 000-10 000** words.
- An abridged *curriculum vitae* in Afrikaans and English (100-200 words) and a photograph (JPEG format) of each author should be submitted along with the contribution.
- Manuscripts should be accompanied by an abstract of **100-250** words in Afrikaans, Dutch, German or French, plus an English abstract of **600-1 000** words. An abstract in a language other than Afrikaans should be headed by a **translation of the title**.
- The English abstract should be followed by a list of approximately **10-20 keywords** in English and Afrikaans.
- **Illustrations or graphics** should be provided with suitable captions placed below them, and their size should be appropriate for the format of the *Journal*.

Headings in the *Journal* are styled as follows:

1. **Main headings** are in upper and lower case, and bold. Leave a line space between the heading and the text.
 - 1.1 *Headings* are in upper and lower case and italics. Leave a line space between the heading and the text.
 - 1.1.1 *Subheadings* are in italics. Leave a line space between the heading and the text.

Headings may be numbered, if preferred. There are no full stops after headings.

Table headings are styled as follows:

TABLE 2: Economic development according to demographic groups

Captions of figures:

Figure 3: *Systemic interdependence: The value structure*

If a **subtitle** occurs in any heading or caption, it is preceded by a colon and begins with an upper-case letter.

All tables and figures are to be inserted at the correct place in the text.

Quotations and references

- **Quotations** are not italicised – not even when in a foreign language. Quotations that exceed **three lines** are indented and are not placed in quotation marks. Anything inserted in a quotation is placed in square brackets. See examples in the printed *Journal*.
- **Abbreviations** should be avoided as far as possible.
- **Bibliographic references** follow the abbreviated Harvard method, with some variation allowed for specific subjects.

All bibliographic details are given in the language of the source used, provided the source is in the Roman alphabet.

Examples:

- **Book:** Quirk, R. & Greenbaum, S. 1973. *A university grammar of English*. Essex, UK: Longman.
- **Article in a journal or magazine:** Paterson, A-M. 2013. Inspired by fellowship: How Poet's Corner in Westminster Abbey brought Burns lovers together. *The Scots Magazine*, 178(1):36-38.
- **Chapter in a book:** De Gruchy, JW. 1984. Jung and religion: A theological perspective. In Papadopoulos, RK & Saayman, GS. (eds). *Jung in modern perspective*. London: Ad Donker, pp. 193-203.
- **Internet source:**
Gries, HB. 1996. Experimental learning. *Education online*, 21(1). <http://www.edu.learning.html> [14 October 2004].

In Afrikaans:

- McFarlane, LR. 2004. Afrikaans en die media. *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*, <http://www.akademie.co.za> [14 Oktober 2004].

Citations in the text:

According to Swan (1996:45) ...
OR: ... (Swan, 1996:45) ...
OR: ... (Swan, 1996:45). [at the end of a sentence]

Page fees:

No Page Fees or APC's (Article Producing Costs) are payable by authors for publishing in the *Journal of Humanities*.

Copyright:

Copyright of articles published in the *Journal* vests in the author(s).



Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Doel van die SA Akademie

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns – oorspronklik *De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst* – is in 1909 gestig. Destyds was die doel om na die ontwikkeling van die Nederlandse (insluitende die Afrikaanse) taal, letterkunde, kuns, geskiedenis en oudheidkunde in Suid-Afrika om te sien en om leiding in hierdie sferes te gee. Vandag is die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 'n multidisiplinêre organisasie.

Missie en doelstellings van die SA Akademie

Die missie en algemene doelstellings van die Akademie is die bevordering van die wetenskap, die tegnologie en die literatuur in Afrikaans en die kunste, asook die bevordering van die gebruik en gehalte van Afrikaans, primêr binne Suid-Afrika. Voorts behels dit ook die lewering van diens aan die samelewing. Hierdie multidisiplinêre organisasie wat die belange van alle Suid-Afrikaners wil dien, streef na uitnemendheid, billikheid, hoë wetenskaplike, morele en demokratiese waardes.

Aktiwiteite van die SA Akademie

Binne die raamwerk van sy missie en doelstellings ondersoek die Akademie voortdurend aktuele sake van openbare belang, neem standpunt daaroor in, en tree ook meermale adviserend, fasiliterend en meningsvormend in sake van nasionale belang op deur direk by die verloop van gebeure betrokke te raak.

Tydskrif vir Geesteswetenskappe • Jaargang 66 Nummer 3 • September 2026

Tydskrif vir Geesteswetenskappe

Tijdschrift voor de Geesteswetenschappen
Zeitschrift für die Geisteswissenschaften
Journal of Humanities

Temanommer: Kunsmatige Intelligensie
Gasredakteurs: Tobie van Dyk en Anné Verhoef

This title is
now indexed
in Scopus

refine your research
SCOPUS

Sedert Maart 2009 geïndekseer in
die Social Sciences Citation Index

VOORBLADFOTO:
Engelenburghuis: Gister en vandag

Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns
The South African Academy for Science and Arts

Jaargang 66 | Volume 66 | SEPTEMBER 2026
Nummer 3 | Number 3

